U.O.V.
Bloemfontein
BIBLIOTEEK

UOVS-SASOL-BIBLIOTEEK 0233323
11105116080122000019

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

POLITIEKE WOELINGE IN NATAL 1910—1915

deur

A.J. van Wyk, MA (UOVS)

Akademiese proefskrif ter vervulling van die vereistes vir die graad D.Phil. in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Promotor: Prof. dr. J.J. Oberholster

Bloemfontein

1977

AC 965/7

Universiteit [illegible]-Vrystaat
BLOEMFONTEIN
03-05-1978
KLAS No. T320.9682 Wyk
No. 233323
BIBLIOTEEK

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD v

HOOFSTUK 1 : AGTERGROND EN UNIEWORDING

1. Inleiding 1
2. Boer, Brit en Swartman 6
3. Voorspel tot Uniewording 15
4. Eerste Premier en Unie 22

HOOFSTUK 2 : POLITIEKE PARTYE EN 'N VERKIESING

1. Inleiding 37
2. Die Afrikaners en Het Kongres 37
3. Verwarring onder die Engelse 43
4. Unionisteparty of Natalparty? 48
5. Die Verkiesingsveldtog 60
6. By die Stembus 81

HOOFSTUK 3 : IN DIE SMELTPOT

1. Inleiding 93
2. "Wolven in Schaapskleren" 93
3. "Verraad" en Vergelding 100
4. Die Unioniste in Natal 112
5. Stigting van die Suid-Afrikaanse Party 118
6. Arbeiders Wen Veld 135
7. Verdeeldheid en "Eenheid" 140

HOOFSTUK 4 : PARTYSTIGTING EN DIE KABINETSKRISIS

1. Inleiding 145
2. Stigting van die SAP in Natal 146
3. "Afrikaners" en "Vreemde Fortuinzoekers" 155
4. "Natal Did It" 168
5. Vertwyfeling en Verwarring 178

HOOFSTUK 5 : POLITIEK RONDOM HERTZOG -- 1913

1. Inleiding 185
2. Byna 'n Mosie van Wantroue 186
3. Die Federale Ideaal 199
4. Botha, Hertzog en die SAP 209
5. Die Natallers en die "Roomkongres" 228

HOOFSTUK 6 : ONRUS BRING 'N OMMEKEER

1. Inleiding 233
2. Die Arbeiders as Faktor 234
3. Politieke Windrigtings 243
4. "Our Soldier-Premier" 256

HOOFSTUK 7 : REBELLIE EN BRANDREBELLIE

1. Inleiding 266
2. Die Rebellie van 1914 267
3. 'n Oog om 'n Oog? 276
4. Die Brandrebellie van 1915 288
5. 'n Vergelyking en Reaksie 308

HOOFSTUK 8 : VAN REBELLIE TOT STEMBUS

1. Inleiding 314
2. Oorlog en Partypolitiek 315
3. Ontstaan van die Nasionale Party 323
4. Die Verkiesingstryd 342
5. Die Stryd in Umvoti 352
6. Die Stembus en Daarna 363

HOOFSTUK 9 : WIT NATAL TEENOOR DIE SWARTES

1. Inleiding 376
2. "White Supremacy" 377
3. Natal en die Indiërs 389
4. Natal en die Bantoes 401
5. Samevatting 416

SLOTOPMERKINGE 418

BRONNE 422

OPSOMMING 435

SUMMARY 437

I L L U S T R A S I E S

Kaart: Natal se 17 Parlementêre Kiesafdelings	na	xii
Natal stap Unie leierloos Binne: spotprent en foto's	na	33
Persoonlikhede in Partyverband: foto's	na	58
Natal se Eerste 17 Volksraadslede: foto's	na	88
"General Botha's Picture Gallery": spotprent	na	102
Hertzog en Hertzogisme: 2 spotprente	na	158
Woelinge om Hertzog - 1913: foto's	na	208
Arbeiders Wen in Durban 1914: spotprent, karikature	na	241
Twee Rebellies -- 'n Teenstelling: 2 spotprente	na	288
Natal se Eerste Nasionaliste: foto's	na	333
Nuwe LV's, Senatore e.a. Politici: foto's	na	365
Natal se Siening van Swartes: 4 spotprente	na	388

VOORWOORD

Engelsman en Afrikaner het in 1910 as ongelykes tot die nuwe Unie van Suid-Afrika toegetree. Die Engelsman, in sy wyer Britse verband en met die militêre triomf by Vereeniging nog vars in sy geheue, het homself as die meerdere geag, maar die politieke mag kortgekom om aan sy gevoel van meerderwaardigheid praktiese gestalte te gee. Sy frustrasie het in verbittering jeens die politieke heersers uiting gevind. Die Afrikaner daarenteen, kultureel-ekonomies in 'n bedeltoestand en steeds soekend na sy eie identiteit, het in sy politieke spierkrag 'n wapen gevind om die vernedering van Vereeniging uit te wis en homself in sy eie oë op te hef, dog die beleid van "vergewe en vergeet" het hom haas weerloos teenoor die meerderwaardige, dominerende Brit gemaak en 'n opstandsgees by hom wakker geroep.

Uit die wisselwerking van hul gesindhede soos dit in woord en daad omgesit is, is die stryd gebore wat algaande heftiger geword en die twee bevolkingsgroepe met soveel geweld uitmekaar gejaag het dat die kloof tussen hulle 'n driekwarteeu later nog nie oorbrug is nie.

Nêrens is hierdie stryd met groter venyn as in Brits-Natal gevoer nie, en die politieke woelinge daaromheen word hierin onder die soeklig geneem. Die rol van Natalse Engelsman en Afrikaner, afsonderlik en in volle wisselwerking, word die eerste keer volledig teen die breë agtergrond van die Suid-Afrikaanse politiek geteken. Slegs een keer tevore is naastenby 'n soortgelyke poging aangewend, naamlik deur A.H. Marais in sy Die Politieke Uitwerking van die Verhouding van die Afrikaanssprekende tot die Engelssprekende 1910 - 1915.[1] Hoewel hy, soos uit die titel blyk, die saak oor 'n veel wyer boeg behandel het, het hy Natal se rol in die politiek nie na behore uitgewerk nie -- in hoofsaak omdat hy nie 'n enkele spesifiek Natalse bron geraadpleeg het nie. Vandaar ook dat hy in sy lang Hoof= stuk VIII oor die verkiesing van 1915 skaars Natal se naam noem.

Natal het om verskeie redes prominent in hierdie verkiesing gestaan: vanweë sy skerp en verbitterde reaksie op die Rebellie van 1914; vanweë sy deelname aan die verwoestende anti-Duitse betogings van Mei 1915, die sogenaamde Brand= rebellie; vanweë die Groot Oorlog wat hom die eerste keer politiek saamgesnoer en 'n krag gemaak het; en, boweal, vanweë sy uitsetting van genl. J.B.M. Hertzog uit die Kabinet in 1912. Om laasgenoemde rede alleen was die oë van vele op die verkiesingstryd in Umvoti, waar sir George Leuchars in wesenlike gevaar verkeer het om deur adv. E.G. Jansen namens die Nasionale Party verslaan te word. Indien dit gebeur het, sou dit dwarsdeur Suid-Afrika weerklank gevind het, want dit sou

---

1. Ongepubliseerde D. Phil. -proefskrif, UOVS, Bloemfontein, 1972.

'n vaste voetstuk aan die so gehate "Hertzogisme" in Natal verseker het.

Genl. Hertzog is van voor Uniewording af as die paaiboelie in Natal voorgehou, grootliks as gevolg van sy tweetalige onderwysbeleid in die Oranjerivierkolonie. 'n Groot deel van die politieke stryd in Natal het inderdaad om die Afrikaner se taal gewentel, en omdat die taalstryd op sigself so 'n eenheid vorm, is dit aanvanklik by wyse van 'n vierde hoofstuk deurlopend onder die opskrif "Die Stryd om die Taal" behandel. Dit het egter die politieke chronologie dermate versteur en so 'n struikelblok in die gang van die verhaal gevorm, dat daardie hoofstuk in die ander verwerk is om sodoende duideliker by die politieke tema in te pas. Vanselfsprekend moes daar heelwat van die oorspronklike hoofstuk weggesny word en het die taalstryd soos dit stuk-stuk hierin opgeneem is, sy afgerondheid verloor.

Omdat die partypolitiek hom indertyd by wyse van 'n rassestryd tussen Engelsman en Afrikaner voltrek het, is hierdie ondersoek in hoofsaak tot die partypolitieke woelinge tussen Blankes beperk. Dit beteken hoegenaamd nie dat die Swartman politiek passief was en derhalwe geïgnoreer kon word nie. Inteendeel, hy het juis in hierdie tyd tot politieke ontwaking gekom, 'n tema waaroor daar voldoende stof vir 'n MA-verhandeling beskikbaar is. Swart nasionalisme is nie van resente geboorte nie. Partypolitiek gesproke het die Swartman egter buite die kryt gestaan en hoewel daar heftig oor hom geargumenteer is en hyself meegedoen het, het hy weinig, indien enige, invloed op die verloop van die stryd in die kryt uitgeoefen. Engelsman en Afrikaner het eenders gevoel oor die Swartman, en om daardie gesindheid duidelik na vore te bring, word dit afsonderlik in die laaste hoofstuk onder die opskrif "Wit Natal teenoor die Swartes" behandel.

Dokumentêre materiaal oor die woelinge in Natalse politiek in die wiegjare van Unie is uiters beperk en beroepe deur middel van die pers op lesers het weinig opgelewer. Enkele gapings oor persoonlikhede en gebeure kon gevul word uit besonderhede wat verkry is in onderhoude met mev. M.M. Jansen, eggenote van die laaste Goewerneur-generaal, dr. E.G. Jansen, en wyle sen. Alfred Friend van die plaas Strathcona, Vryheid. Die Natalse Argiefbewaarplek in Pietermaritzburg bevat geen dokumenteversamelings oor die politiek van die tydperk nie en geen provinsiale Hansard het indertyd oor die verrigtinge van die Provinsiale Raad verskyn nie, dog die notules daarvan is beskikbaar en kon geraadpleeg word.

Die enigste twee versamelings waarvan dele spesifiek oor die onderwerp handel, is die E.G. Jansenversameling en die Nasionale Party van Natalversameling in die Instituut vir Eietydse Geskiedenis, UOVS, Bloemfontein. Albei het uitsluitend

met Afrikanerpolitiek te doen en het soveel brakkolle dat daar nie 'n behoorlike verhaal uit saamgestel kan word nie. Daarom bevat F.J. van Heerden, wat hom in hoofsaak op hierdie twee versamelings verlaat het, se tien bladsye oor die stigting van die Nasionale Party in Natal in O. Geyser en A.H. Marais (reds.), Die Nasionale Party, I, Agtergrond, Ontstaan en Stigting,[2] heelwat foute, vaaghede en verkeerde afleidinge. Van groot nut by die rekonstruering van Natal se Afrikanerpolitiek tot en met die stigting van die Suid-Afrikaanse Party in November 1911 in Bloem= fontein, was E.G. Jansen se werkie, Die Natalse Boerekongres 1906 - 1911, waarvan daar min eksemplare in omloop is.

Van die insiggewendste dokumentêre materiaal is gevind waar dit nie verwag is nie, naamlik in die Archives of the Secretary to the Department of the Prime Minister (1910 - 1922) met die reekskode PM in die Sentrale Argiefbewaarplek, Pretoria, en veral in die onderafdeling daarvan onder die titel Semi-Official and Private Correspondence to Gen. Botha in his Capacity as Prime Minister, 'n ongeregistreerde afdeling waarvoor die afkorting OG saam met die reekskode PM hierin gebruik word, t.w. PM/OG, om dit behoorlik te onderskei. Die materiaal lê egter versprei in 'n groot aantal bande.

Weens die skaarste aan dokumentêre materiaal was die skrywer hiervan in hoofsaak op die tydgenootlike Natalse koerante aangewese. Dit het die vraag by hom laat ontstaan of die koerant as volwaardige historiese bron beskou kan word. Dit het daartoe gelei dat hy die saak ondersoek en die vraag positief beantwoord het in 'n voorlesing onder die opskrif "Openbare Mening, die Pers en die Historikus" voor lede van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika op 27 Julie 1976, agterna gepubliseer in Historia.[3] Die koerant is inderdaad 'n onmisbare bron vir die historikus en sonder volle benutting van die Natalse koerante, sou dit onmoontlik gewees het om hierdie onderwerp na behore te behartig.

Daar was vier Engelse dagblaaie, t.w. The Natal Witness en The Times of Natal, albei van Pietermaritzburg, The Natal Mercury en The Natal Advertiser, albei van Durban. Slegs die Times het doodgeloop, terwyl die Advertiser as The Natal Daily News voortleef. Die ander twee bestaan nog, maar die Witness, wat die eerste keer in 1847 verskyn het en die oudste blad in die land is, het tans nie 'n bedui= denis van die invloed wat dit indertyd gehad het nie. Benewens die vier dagblaaie

---

2. Vir die Instituut vir Eietydse Geskiedenis, UOVS, uitgegee deur Academica, Pretoria en Kaapstad, 1975, pp. 175 - 186.
3. J/g.21(2), Sept. 1976, pp. 100 - 120.

was daar verskeie Engelse dorpskoerante, waaronder die belangrikste, The Greytown Gazette, The Newcastle Advertiser and Northern Post en The Zululand Times, volledig geraadpleeg is. Al drie was netjiese "locals", met die Gazette die beste, bevat= tende breedvoerige besonderhede oor o.a. die driehoekige verkiesingstryd van 1915 tussen sir George Leuchars, adv. E.G. Jansen en W.A. (Bill) Deane. Veel van hierdie inligting is uniek.

Aan Afrikanerkant was daar die Hollandstalige De Afrikaner van Pietermaritzburg en die tweetalige Hollands-Engelse The Vryheid Herald, wat albei twee keer per week verskyn het.

Die Advertiser en Witness was in besit van Davis & Seuns en onder die redakteurskap van onderskeidelik Gustave Hallé en F. Horace Rose. Uit eersgenoemde se pen het in 1933 Mayfair to Maritzburg, reminiscences of eighty years verskyn, terwyl laasgenoemde die skrywer was van die pryswennende roman Golden Glory wat omstreeks 1910 die lig gesien het.

Onder Hallé se hand was die Advertiser giftig anti-Afrikaner en anti-Swart, maar voortvarend, met oggend- en aandpraatjies wat soms nie ooreengestem het nie. Rose, wat in 1903 redakteur van die Witness geword het en dit tot 1925 sou bly, was 'n surige oujongkêrel met die giftigste joernalistieke pen in gans Natal, indien nie in Suid-Afrika nie. Onder hom het die Witness soos 'n vergeldende engel onder almal ingevlieg wat na sy oordeel enigsins anti-Brits was en is hulle summier as verraaiers of rassehaters of albei gebrandmerk. Die redakteur het ook nie gehuiwer om woorde te verdraai, verwronge afleidinge te maak en valse gerugte te versprei nie, solank daar syns insiens vir hom en sy hoë Britse ideale voordeel uit te haal was. Reeds in 1910 het 'n leser geskryf: " ... your paper is a perfect paper, apart from the racialism it preaches, and the false rumours it spreads".[4]

Dit was maar een van vele soortgelyke beskuldigings deur briefskrywers, redakteurs van mededingende blaaie en politici, soos aangedui sal word. Op Kersdag 1912 het adv. Fred S. Tatham van Pietermaritzburg aan genl. Botha geskryf dat Davis sy redakteurs van die Witness en Advertiser opdrag gegee het om 'n matiger toon teenoor die Regering aan te slaan,[5] dog dit het geen sigbare uitwerking gehad nie. As daar een man was wat op 'n enorme skaal daartoe bygedra het om die onderlinge verhoudinge tussen Engelsman en Afrikaner te beduiwel en rassehaat aan te blaas, dan was dit Rose, wat juis so maklik andere vir rassehaters uitgekryt het. Vir

---

4. The Natal Witness, 3 Nov. 1910, brief deur F. Schroem.
5. PM/OG, F.S. Tatham -- genl. Botha, 25 Des. 1912.

die Afrikaner het hy nooit 'n goeie woord gehad nie, behalwe vir dié wat bereid was om hul Afrikanerskap vir 'n mantel van Britsheid te verruil. Sy verdoemende uitsprake oor die Bantoe, Indiër en Kleurling, vir wie hy selfs nog minder agting as vir die Afrikaner gehad het -- indien so iets moontlik was --, moet vandag spook by sy opvolgers by die Witness.

Die Mercury was in die algemeen veel gematigder en minder bitsig as die Witness, maar het hom ook by tye met vernietigende kritiek op sowel die Afrikaners as die Swartes uitgelaat en daarmee getoon dat rassehaat teen Afrikaner en Swartman by hom maar papierdik weggesteek was. Oor die redaksionele leiding van hierdie blad, wat van sy begin in 1852 in besit van die gesiene Robinsonfamilie van Natal was, is daar onduidelikheid. Volgens 'n brief wat in 1972 op navraag van die koerant se bibliotekaris, P. Warren, ontvang is, het die blad se redakteur Cawthra Woodhead in 1910 beswyk en is hy opgevolg deur ene Smith wat tot 1919 redakteur gebly het.[6] Volgens gegewens in die Mercury self was H. Ramsay Collins egter hoofredakteur en voorsitter van Robinson & Kie. Bpk. van 1903 tot sy afsterwe in 1912. Hy is opgevolg deur Alexander Milligan, 'n senuweelyer wat in Augustus 1913 oorlede is.[7] Dit is nie bekend wie hom opgevolg het nie.

Die Mercury het, vanweë sy gematigdheid, 'n groter aansien onder die leserspubliek gehad as die Witness, vir wie genl. Louis Botha geen liefde gehad het nie en wat nie onder die Natalse koerante was wat gereeld aan sy kantoor voorsien is nie.[8] Hoe sou Rose nie oor so 'n "boikot" te kere gegaan het as hy daarvan geweet het nie!

Die Times was tot 1912 anti-Regeringsgesind, maar op 'n gematigde wyse. Van Februarie 1912 het die blad 'n mondstuk van die Suid-Afrikaanse Party geword nadat dr. F.V. Engelenburg dit oorgeneem en Sydney H. Short redakteur geword het. Hoewel daar gepoog is om die eienaarskap van die blad dig te hou, het dit tog uitgelek en het die Witness sy lesers gewaarsku teen die "Hollander press organs".[9]

---

6. P. Warren -- A.J. van Wyk, 12 April 1972.
7. The Natal Mercury, 15 April 1912, grafskrif vir H. Ramsay Collins, wat die bynaam "Tramsay" Collins gehad het vanweë sy energieke propagering van 'n tremdiens tussen Punt en Toll Gate; ibid., 25 Aug. 1913, hoofartikel.
8. Vgl. PM 176/5/10, Sekr. van Premier -- H.B. Smith, 21 Junie 1910; PM 176/1/15, S.A.R.-Bookstall Transfer Form, 31 Des. 1915.
9. Sien o.a. The Natal Witness, 10 Okt. 1913, hoofartikel. Vir die Times se ontkenning dat dr. Engelenburg of Hollanders in beheer was, sien sy uitgawes van 11 April 1912, 30 Aug. 1912 en 28 Aug. 1912, hoofartikels.

Genl. Botha self het sy invloed gebruik om die belange van die blad te bevorder en van die voorste Natalse politici, almal Botha-ondersteuners, het agter die skerms finansieel of andersins steun aan die blad verleen, of, tot dr. Engelenburg se skade, nagelaat om hul volle gewig te trek. Onder diegene wat lojaal teenoor die blad was, was daar C.J. Smythe, Administrateur, sir George Leuchars en sir Thomas Watt, Kabinetslede, sir William Beaumont, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Party in Natal, sir Thomas Hyslop, voormalige koloniale politikus, en Frank U. Reynolds, LV vir Umzimkulu. Die blad het egter 'n opdraande stryd gevoer en was feitlik deurgaans in finansiële nood. In 'n stadium moes dr. Engelenburg 'n verband van R4 000 op sy private woning aangaan om die saak te probeer red en moes genl. Botha 'n soortgelyke bedrag aan dividende aan hom afstaan wat hy uit die Pretoriase drukkery Wallach Maatschappy sou verkry.[10]

Onder redakteur Short, wat eind 1915 nog in redaksionele bevel was en die Afrikaner se taal kon verstaan en sy siel kon peil, het die Times 'n lofwaardige poging aangewend om Engelsman en Afrikaner byeen te bring. Hy het Botha se konsiliasie gepredik, maar vanweë sy beperkte leserskring nie besondere invloed onder die Engelse uitgeoefen nie. In sy beriggewing en kommentaar openbaar hy egter 'n faset van die Natalse Engelse wat noodsaaklik is vir 'n behoorlike begrip van hul politieke doen en late.

Die vier genoemde Engelse dagblaaie bevat, benewens kommentaar, feitelike inligting oor politieke gebeure wat nêrens elders opgeteken is nie en waarsonder Natal se partypolitiek aan Engelse kant nie behoorlik geskryf kan word nie.

Van die drie Engelse dorpskoerante die volgende: Die Newcastle Advertiser is gedruk en uitgegee deur Frank Greaves, 'n Unionis wat vroeg tot die politiek toegetree het. Die Greytown Gazette was in besit van Ralph Moon wat dit in 1906 van Bambrick en Kie. gekoop het. Die Zululand Times is gedruk en uitgegee deur T.H. Parkins van Eshowe. Al drie was weekblaaie, propvol politieke inligting van 'n plaaslike aard.

Die twee koerante wat die Afrikanergemeenskap bedien het, De Afrikaner en die Vryheid Herald, het skerp afgesteek by die Engelse blaaie wat sowel voorkoms as gehalte betref. Albei kan, om die Engelse spotuitdrukking te gebruik, as "local

---

10. Vgl. PM/OG, (genl. Botha) -- sir Thomas Hyslop, 24 Julie 1913 (afskrif), W.H. Beaumont -- genl. Botha, 14 Sept. 1912, F.V. Engelenburg -- dr. Bok, 4 April 1913, (genl. Botha) -- dr. Engelenburg, 15 April 1913 (afskrif), W.H. Beaumont -- genl. Botha, 7 Sept. 1916; F.V. Engelenburgversameling, (F.V. Engelenburg) -- S.H. Short, 14 Des. 1912 (afskrif), (F.V. Engelenburg) -- genl. Botha, 4 Mei 1916 (afskrif).

rags" bestempel word; tog bevat hulle onmisbare inligting oor die politieke en algemene doen en late van die Natalse Afrikaners en is hulle onvervangbaar as historiese bronne. Daarom is dit te betreur dat De Afrikaner, waarvan daar, sover bekend, slegs een volledige stel beskikbaar is, en wel in die Natalse Argiefbewaarplek, in so 'n gehawende toestand is.

De Afrikaner het 'n geskiedenis wat terugreik tot in die tagtigerjare van die vorige eeu,[11] toe dit De Natal Afrikaner geheet het. Laasgenoemde het in 1904 doodgeloop, maar is tien dae later herbore as De Afrikaner, uitgegee deur De Afrikaner Drukkers- en Uitgevers Maatschappij Beperkt. Tussen 1910 en 1915 was H.J. Martens, sr., van Nottinghamweg, voorsitter van die direksie, met B.I. Vorster bestuurder. Die redakteurskap het snel gewissel. Eers was J.C. de Klerk in die stoel, toe dr. J. Vrolik, 'n eksentrieke Hollandse regsgeleerde, gevolg deur D.P. du Toit en toe weer dr. Vrolik, wat sy blad wispelturige politieke boksprongे laat uithaal het.

De Klerk en Du Toit het hulle op net so 'n besondere wyse in belang van die Afrikaners soos een van hul voorgangers, J.S.M. Rabie, beywer. Net soos hy, kon hulle egter nie volhou met wat vir alle praktiese doeleindes 'n verloorstryd was nie en het hulle padgegee. In sy afskeidsboodskap aan sy lesers het De Klerk byvoorbeeld verklaar dat hy hoë ideale gehad het, "doch de taak was mij te veel en de eisen op mijne krachten te groot, met het gevolg dat ik heden de pen nederleg en met een eerbiedige buiging van de lezers afscheid neem".[12]

De Afrikaner het 'n swaar stryd teen 'n lewenskragtige en oordonderende Engelse pers gevoer en het selfs onder sy klein groepie Afrikanerlesers 'n beperkte politieke invloed uitgeoefen, veral vanweë die feit dat hy in 'n kritieke stadium op die draad gesit het, soos aangedui sal word. Deur alkant toe te krap, het hy niemand tevrede gestel nie, en in 1916 het N. Levi, joernalis van De Volkstem, aan genl. Smuts geskryf: "De 'Afrikaner' ... valt sterk af en betekent heel weinig."[13]

Die blad is in sy betoog namens die Afrikaners bygestaan deur die nog gehawender Vryheid Herald. Dit het aanvanklik aan Alexander von Levetzow behoort wat joernalis en uitgewer was. In Maart 1910 het hy dit aan die here Otgaar en Evenhuis verkoop maar dit 'n jaar later van hulle teruggekoop. Die blad het 'n sukkelbestaan gevoer tot Oktober 1914 toe Von Levetzow geïnterneer is. Hoewel swak, bevat die Herald waardevolle inligting oor politieke gebeure in die kiesafdeling Vryheid.

---

11. A.J. van Wyk, "Die Afrikaanse Koerantwese in Natal", Neon 18, Aug. 1975, p. 97.
12. De Afrikaner, 29 Sept. 1910, hoofartikel.
13. Smuts Papers, Private 191, Vol. 14/L105, N.Levi -- genl. Smuts, 26 Junie 1916.

Die Natalse pers, veral aan Engelse kant, het 'n uiters belangrike rol gespeel in die vorming van openbare mening, dog ook in die misvorming daarvan. Haas elk van die vier dagblaaie het byvoorbeeld 'n afsonderlike party of groep se belange probeer bevorder en het veel bygedra tot die politieke verwildering wat daar tot en met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in Natal geheers het, hoewel die koerante die politici daarvoor geblameer het.

Terwyl die koerante almal in Natal te vinde is, lê die dokumente wat geraadpleeg is, versprei in bewaarplekke in Durban, Pretoria en Bloemfontein. Aan die personeel van hierdie bewaarplekke, hartlike dank vir hul vriendelike hulpvaardigheid, veral aan die Direkteur van Argiewe, mnr. Johan Preller, vir die oorplasing van materiaal van Natal af na Pretoria, en aan sy personeel van sowel die Transvaalse as die Sentrale Argiefbewaarplek in die Uniegebou vir hul besondere hulp en hul gasvry=heid om my lid van hul teeklub te laat word. Werk van onskatbare waarde word deur hierdie mense in stilte en dikwels onder moeilike omstandighede verrig; daarvoor verdien hulle die hoogste lof.

Aan my promotor, prof. J.J. Oberholster, 'n spesiale woord van dank vir sy op=beurende leiding en sy bereidwilligheid om, selfs na sy aftrede eind 1976, steeds met hierdie dissertasie opgesaal te bly. Aan die einde van 'n verbintenis wat in 1950 begin het, word aan hom 'n aangename en steeds vrugbare rustyd toegewens.

'n Hartlike dankwoord ook aan dr. D.C. McGill van Koffiefontein wie se liefde vir die geskiedenis in sy laat sewentigerjare nog net so sterk soos in die voor=afgaande halfeeu brand. Aan Ou Dok, wat geslagte leerlinge aan hierdie klein Vrystaatse dorpskool geïnspireer het, word dié dissertasie opgedra.

Laastens, dank aan my vriend J. St Elmo Pretorius van Durban vir sy aanmoediging, aan mej. E. Liebenberg van die Departement Aardrykskunde, Unisa, vir die kaart wat sy geteken het, en aan my vrou en drie seuns vir stille, dog onberekenbare bystand ondanks opofferinge, terwyl hierdie proefskrif in wording was.

A.J. van Wyk

November 1977

NATAL
SE 17 PARLEMENTÊRE KIESAFDELINGS IN 1910



Oorgeteken uit die Natal Witness van 3 September 1910

HOOFSTUK 1

AGTERGROND EN UNIEWORDING

1. Inleiding

Met die aanbreek van die jaar 1910 het Natal reeds sedert 1825 'n Britse tradisie opgebou, maar unifikasie het die gevaar ingehou dat hierdie tradisie in die nuwe Unie van Suid-Afrika deur die getalsterker Afrikanerstroom van die Kaap, die Vrystaat, Transvaal en Natal oorspoel sou word. Ten aanskoue van hierdie gevaar het Natal se Britte hulself al hoe meer as dié beskermers van Brits-imperiale belange gesien. As die ergste dan in die res van die land moes gebeur, het hulle geredeneer, dan moes Natal hom minstens handhaaf as "an Englishman's home", ofte wel, "the last out-post of the British Empire", soos wat hy vandag nog soms spottend genoem word. Britse sentiment het hulle dermate meegevoer dat daar nog in 1917 van hulle gesê sou word: "Ze zouden voor 'n bezemsteel stemmen, als de vlag eraan vast zat."[1]

Teenoor hierdie Britsheid van die Engelse was daar 'n totaal ander gevoel onder die klein en wyd verspreide groepie Afrikaners, vele van wie in Natal gebore is en wie se wortels met die Voortrek daar ingeplant is. Van hulle het Natal nie alleen as hul geboorteland beskou nie, maar in 'n breër verband ook as die wieg van die Afrikanernasie. Hul gevoel het aanklank gevind by wat pres. M.T. Steyn op Geloftedag 1911 op Vryheid gesê het. Om tienuur daardie oggend het hy 'n skare van 4 000 mans, vroue en kinders in 'n reusetent op die kerkplein herinner aan die heilige grond onder hul voete, "Deze geboorte plaats van onze natie besprenkeld met bloed." Twee jaar later het die Pietermaritzburgse koerant De Afrikaner, in 'n hoofartikel oor die beoogde oprigting van 'n monument ter ere van die Voortrekker-helde in Natal, verklaar dat dit in Pietermaritzburg was waar die onafhanklike gees van die voorvadere tot die eerste "staatsorganisatie" gelei het, en vervolg: "Niet in de Kaap, maar in Natal is de Afrikaner natie gesticht."[2]

Dit is oordrewe stellings en gesigspunte, maar met elemente van die waarheid en tipeer die groot teenstelling in die politiek van Natal na 1910. Aan die een kant was daar die vurige Brit, aan die ander kant die ewe vurige Afrikaner, met tussenin ywerige en minder ywerige ondersteuners van genl. Louis Botha se konsiliasiebeleid. Die vonk tussen die twee teenstellende pole is veroorsaak deur genl.

---

1. Smuts Papers, Private 192, Vol. 16/L59, N. Levi -- genl. Smuts, 22 Junie 1917. Sien ook The Natal Mercury, 16 Junie 1910, brief deur "A Britisher".
2. The Vryheid Herald, 22 Des. 1911, berig; De Afrikaner, 16 Okt. 1913, hoofartikel.

J.B.M. Hertzog as verpersoonliking van die vurige Afrikaner. Terwyl hy deur die een groep gebrandmerk is as 'n openbare gevaar, 'n hardekop, 'n politieke krank=sinnige, 'n rassehater, "a maggot-brained fanatic" en, les bes, die Antichris, is hy deur die ander groep in beskerming geneem en is sy aanvallers verdoem as "de kwaadstekers in ons maatschappelik en politiek leven ... die het rassegevoel steeds wakker houden ..."[3]

Die teenstelling in die gesigspunte van die twee taalgroepe is kort voor Uniedag op die voorblad van 'n Natalse koerant helder uitgespel aan die hand van onder=skeidelik 'n uitlating deur pres. Steyn as Afrikaner en een deur maj. P.A. Silburn, aartsimperialis van Durban. Sonder dat hulle daarvan bewus was, het die twee honderde myle van mekaar af oor rassehaat gepraat en dit in eenderse terme uitge=druk, maar met 'n totaal verskillende betekenis vir die twee taalgroepe. In Bloemfontein het pres. Steyn op die vyfde jaarkongres van die Orangia-Unie verklaar: "Indien rassehaat beteken liefde vir jou land, jou taal en tradisies, dan is hy 'n rassehater." In Durban het maj. Silburn skuldig gepleit aan rassehaat "to the extent that he was proud of, and would never deny, the race to which he belonged".[4]

Vir die een het dit om Afrikanerskap gegaan, vir die ander om Britse nasieskap -- twee onversoenbare gesigspunte, want wat die een taalgroep as reg en billik vir homself toegeëien het, het die ander aanstoot gegee. "Vote British", het die Witness verklaar, en jy begaan 'n misdaad; "Vote Dutch", en jy openbaar al die deugde van 'n patriot.[5] Die omgekeerde sou deur enige Afrikaner gesê kon word, en is ook by herhaling gesê, al was dit nie in dieselfde woorde nie. Die twee partye het mekaar van dieselfde misdaad beskuldig, maar die pot kon dikwels die ketel nie verwyt nie. Dan moet daar egter duidelik verstaan word dat, terwyl dit vir die Afrikaner om sy land gegaan het, dit by die Engelssprekende pro-imperiale ideale was wat die deurslag gegee het.

Van agterna besien, was genl. Botha se konsiliasiebeleid van die begin af gedoem. Hy wou die onversoenbares versoen en het dit probeer doen, soos E.G. Jansen later verklaar het, deur konsiliasie aan die Afrikaner te predik. Dit was 'n flater, het Jansen vervolg. Die mense wat tegemoet gekom moes word, was die Afrikaners wie

---

3. The Natal Witness, 7 en 8 April 1910, hoofartikels, 14 Aug. 1915, brief deur John Stanley; The Times of Natal, 20 April 1910, hoofartikel; De Afrikaner, 9 Junie 1910, hoofartikel.
4. The Natal Witness, 20 April 1910.
5. Ibid., 10 Okt. 1910, hoofartikel.

se onafhanklikheid hulle in 'n oorlog ontneem is. "Maar wat vind ons? Genl. Botha, 'n boer, preek konsiliasie aan die boere, en die engelse leiers en koerante is besig om die boere op allerhande maniere sleg te maak en te verkleineer: Hulle wat eintlik die mense moes wees wat moes werk om die boere te verzoen doet net die teenoorgestelde:"[6]

In 1910 het Jansen dit egter nie besef nie en was hy en vele ander nog ondersteuners van Botha se konsiliasiebeleid. So het 'n Engelse koerant van Natal reeds op Uniedag 1910 met lof van 'n bestaande Suid-Afrikaanse nasieskap gepraat en enig= iemand met 'n on-Suid-Afrikaanse gesindheid as 'n "uitlander" verdoem. Voorts het hy die volgende interessante stelling gemaak: "Nationalism, in the true sense of the word, will be the touchstone of citizenship, and the man, whether of British of Dutch extraction, who is a real South African and gives full measure of service and loyalty to his native or adopted land, is the man who is going to dominate affairs in the future, and rightly so."[7]

Die ironie van hierdie woorde sny diep. Dit adem nie alleen dieselfde gees as dié wat genl. Hertzog in 1912 by De Wildt sou uitspreek en waaroor Engelsman en Afrikaner verder uiteen sou spat en konsiliasie gedoem sou wees nie, maar voor= spel ook die uiteindelike oorwinning van 'n bodemvaste nasionalisme.

In 1910 was nasionalisme egter nog maar 'n vaag omlynde begrip vir die Afrikaner, terwyl die Engelsman in die algemeen en die Natalse Engelsman in die besonder hom nie kon vereenselwig met 'n nasionalisme wat anders as Brits was nie. Die Afrikaner se nasionale uitinge ten opsigte van sy taal en tradisies was nie slegs vir die Engelsman lastige onnodighede nie, maar het ook vir hom 'n politieke gevaar ingehou, en daarom het Engelstalige leiers en koerante reeds voor uniewording 'n etiket aan die verskillende politieke organisasies van die Afrikaner in die vier Britse kolonies gehang met die naam "Nationalist Party" daarop, hoewel daar geen sodanige landwye party bestaan het nie.

Die naam het vir hulle dieselfde betekenis gehad as "Hertzogisme", wat gestaan het vir alles wat as verkramp, Boers, anti-Brits en selfs agteraf by die Afrikaner beskou is. "Hertzogisme was die skeldnaam wat op berekende wyse deur sekere politici en koerante gebruik is om die Engelssprekende af te skrik deur hom

---

6. E.G. Jansenversameling, Lêer 274, stuk in E.G. Jansen se handskrif, ongedateer, p. 170. Sien ook De Afrikaner, 10 Aug. 1915, E.G. Jansen se ope brief.
7. The Times of Natal, 31 Mei 1910, hoofartikel.

subtiel aan "Krugerisme" te herinner -- "Krugerism, gilded and up-to-date ...", soos een koerantleser Afrikanerheerskappy van die Engelsman rondom uniewording weet te gesien het. Die term "Hertzogisme", geskep deur 'n jong Johannesburgse koerantman, het gou ingeslaan en vaste plek in die Engelstalige woordeskat gekry, soos blyk uit die menigvuldige kere dat dit neerhalend van die openbare verhoog af en in die briewekolomme en hoofartikels van koerante gebruik is. In die jaar van uniewording het 'n vroulike briefskrywer die volgende oproep teen Hertzogisme gedoen: "Oh, men of Britain -- glorious Britain -- I call on you to combine, and free your children from the execrable yoke of Hertzogism."[8] Hertzog is gesien as verteenwoordiger van die groot "Back Veld section", van wie daar in Natal 'n karikatuurbeeld bestaan het as onnosele stemvee wat hulle aan die neus laat lei en wat vanweë hul getalsterkte die geheime politieke krag van die Afrikaner gevorm het. Hertzog is gevrees as 'n man met kwade oogmerke wat, so is gesê, reeds voor uniewording meer as enigiemand anders in die land gedoen het om die vlam van rassehaat aan te blaas.[9]

Vir die Afrikaners daarenteen het Hertzogisme reeds voor die Botha-Hertzog-skeuring van 1912 'n totaal ander betekenis as vir hul Engelse landgenote gehad. "Privaat Tak Hertzogisme", was die naam wat 'n tak van die Suid-Afrikaanse Party in Dundee vroeg gekry en jare lank gedra het -- 'n erenaam, want vir vele Afrikaners het Hertzogisme gestaan vir die beskerming en behoud van dit wat hulle as hul eie beskou het.[10] Vroeg al het stemme opgegaan teen die gejammer oor Hertzogisme en is die aantygings dat juis die Afrikaners rassehaat aanwakker, as 'n "ijdel geklap" verwerp. Terselfdertyd is verklaar dat die vrome praatjies oor samewerking tussen die taalgroepe vervelig raak, "want weigeren wij om toe te geven aan de geest van bedwelming, van verbroedering en maken wij aanspraak op onze rechtmatige eisen als Afrikaners ... dan wordt ons verweten dat wij rassehaat aanvuren." Die Afrikaner begeer egter nie om rassehaat aan te wakker nie, maar maak net aanspraak op dit wat hom toekom.[11]

---

8. The Natal Witness, 7 Nov. 1910, brief deur "Englishwoman". Sien ook ibid., 8 Julie 1912, artikel deur H. Ryle Shaw; The Times of Natal, 10 Okt. 1912, hoofartikel; M.H. Kunneke, Hertzogisme: Genl. J.B.M. Hertzog in die Engelstalige Pers 1908 - 1914, pp. 19 - 20.
9. PM/OG, W. Beaumont -- genl. Botha, 23 Junie 1913; ibid., J. Baynes -- genl. Botha, 14 Sept. 1913; The Natal Witness, 15 Maart 1910, hoofartikel, 15 Nov. 1910, artikel deur "A British Dutchman".
10. Sien in dié verband van die briewe uit Natal aan genl. Hertzog in Hertzogversameling, Band 13, J. Vrolik, 15 en 24 Des. 1912, mej. N. Schoon, 20 Des. 1912, I.G. Horak, 21 Des. 1912, A. von Levetzow, 23 Des. 1912, C.T. Vermaak, Johs. C. Vermaak en P.R. Vermaak, 28 Des. 1912, ds. D. Rossouw, 29 Des. 1912, T. Becker, 14 Jan. 1913; asook PM 120/44/1,I, D.C. Uys en Johs. C. Vermaak -- genl. Botha, 15 Des. 1915.
11. De Afrikaner, 18 April 1910, hoofartikel.

Die dinge wat die Afrikaner vooropgestel het, het lynreg met die opvattinge van die Natalse Engelse gebots. In die onverbiddelike taalbeleid waarmee genl. Hertzog in 1908 in die Oranjerivierkolonie begin het, en sy latere poginge om tweetaligheid dwarsdeur die land uit te brei, het die Engelse tekens van dwang bespeur waarteen hulle, onder aanhitsing van hul koerante, in opstand gekom het. Hul Natals-Britse engheid van uitkyk, waarin hulle geslagte lank vasgevang sou sit, het verhinder dat hulle Natal as deel van 'n moontlike nie-Britse Suid-Afrika kon sien, of dat hulle anders as in terme van die Britse ryk, die Britse taal en tradisies kon dink. In so 'n denkpatroon kon daar nie plek vir die gelyk=beregtiging van 'n "vreemde" taal ingeruim word nie. Trouens, hulle het dit belaglik gevind dat daar mense kon wees wat, terwyl hulle die volste geleentheid gehad het om 'n wêreldtaal soos Engels hul eie te maak, voorkeur aan 'n swak ont=wikkelde taal soos die Hollands-Afrikaans van destyds gegee het - 'n kombuisdialek, weinig meer as "Hottentot-Dutch".

In hierdie geringskatting van die Afrikaner se taal het hulle hulself en Suid-Afrika 'n ondiens aangedoen. Adv. E.G. Jansen, wie se tuiste in Pietermaritzburg deur 'n vriendin uit Transvaal as "'n oasis (sic) tussen die Engelse" beskou is, het in 1915 aan die Natalse Engelse gesê dat hul anti-Afrikanergesindheid aan die wortel van die rasse-onmin in die land gelê het. Eers wanneer die Engelsman geleer het om die Afrikaner te verstaan, sy taal te praat en sy geskiedenis en aspirasies te respekteer, sou rassehaat volkome verdwyn, het hy voorspel. Sy woorde het 45 jaar later weerklank gevind in dié van Arthur Barlow, wat van die Engelse in die algemeen gesê het: " ... they cannot understand South African politics unless they understand the Afrikaner and his language".[12]

Omdat die Engelse weinig kennis van en respek vir die Afrikaner se taal gehad het, was hulle onmagtig om sy siel te verstaan. Tekenend hiervan was hul siening van Geloftedag. Terwyl die Afrikaners hierdie dag in ere gehou het, is daar aan Engelse kant gekla dat die gedwonge sluiting van die besighede op 16 Desember die Engelstaliges, wat buitendien g'n erg daaraan had om op hierdie dag fees te vier nie, finansieel laat skade ly het. Die inwyding van die Vrouemonument met die Geloftedagviering van 1913 is as 'n rasse-losbandigheid en 'n rasse-orgie bestempel om ou wonde oop te krap deur Britse onreg aan die groot klok te hang en Afrikanerverraad te verdoesel, terwyl die monument self as "a falsehood in sculpture" afgemaak is.[13]

---

12. M.M. Jansenversameling, Lêer 1, Lily du Toit -- mev. M.M. Jansen, 8 Okt. 1915; The Greytown Gazette, 27 Aug. 1915, berig; A. Barlow, That We May Tread Safely, p. 109.
13. The Natal Witness, 15 Des. 1911, 2 Nov. 1912, hoofartikels, 6 Des. 1913, berig; The Natal Mercury, 5 en 16 Des. 1913, hoofartikels.

'n Anti-Afrikanergesindheid was egter nie die enigste rede vir die Engelstaliges se opvatting van die inhoud van Geloftefeeste as uitinge van rassewaan nie, want verrigtinge by sulke geleenthede dwarsdeur die land was gewoonlik van so 'n volksgoldsdienstige aard dat die Engelstaliges daarvan uitgesluit gevoel het. Selfs 'n Afrikanervriend soos John X. Merriman het dié opvatting gedeel en gekla dat die Afrikaners op Geloftedag praat van "our people and our nation as if the English, still less the Natives, did not exist".[14]

Hierdie voorbeelde van tweespalt in Brits-Afrikaner-sieninge was maar die sigbare punte van wat soos 'n ysberg onder die oppervlak aan die beweeg was: die eeu-oue stryd tussen Boer en Brit, ofte wel, Afrikanernasionalisme teen Britse imperialisme. Met die gees van toenadering wat daar rondom die pogings tot samesluiting van die vier Britse kolonies bestaan het, is hierdie stryd ietwat besweer. Die liefdevolle "Konvensiegees", soos dit by herhaling genoem is, het egter spoedig verdamp, die ou twis is in die jaar van uniewording hervat en het algaande al hoe feller gewoed.

2. Boer, Brit en Swartman

Met sy toetrede tot die Unie op 31 Mei 1910 het Natal die minste Blankes van die vier provinsies gehad. Volgens die 1911-sensus was daar 98 114 Blankes in Natal teenoor die Kaap se 582 377, Transvaal se 420 562 en die Vrystaat se 175 189 -- 'n totale Blanke bevolking vir die Unie van 1 276 242. Uit 'n Unietotaal van 4 697 152 Swartes van alle rasse en ouderdomme het bykans 'n kwart, naamlik 1 095 929, hulle in Natal bevind, insluitend 133 420 Indiërs. Onder die tien digsbevolkte distrikte in die Unie was Durban bo-aan, gevolg deur Johannesburg en Pietermaritzburg, en teen 1916 het Natal 15 volwaardige munisipaliteite gehad met Durban en Pietermaritzburg die twee grootstes. Durban het toe 'n Blanke bevolking van naastenby 35 000 gehad en Pietermaritzburg 16 500. Die dorpe waar daar 'n aansienlike aantal Afrikaners gewoon het, was die volgende, met die totale Blanke bevolking tussen hakies: Dundee (1 140), Greytown (1 210), Ladysmith (2 283), Newcastle (1 300), Paulpietersburg (259), Utrecht (600) en Vryheid (1 150).[15]

---

14. P. Lewsen, Selections from the Correspondence of John X. Merriman 1905 - 1924, VRS 50, p. 288.
15. U.G. 32 - 1911; U.G. 32 - 1912; Official South African Municipal Year Book, 1916. Durban se Blanke bevolking van 35 000 is 'n benaderde syfer, want in die ... Municipal Year Book ..., pp. 147 en 309, word dit onderskeidelik as 34 540 en 37 000 aangedui.

Onderstaande tabel gee 'n goeie aanduiding van Natal se Blanke bevolking in verhouding tot dié van die Unie tussen 1911 en 1921.

Totale Blanke bevolking van Natal[16]

	1911	1918	1921
Natal	98 114	121 931	136 838
Durban en omstreke	34 880	48 413	57 095
Durban en Pmburg	49 617	66 938	75 093
Res van Natal	48 497	54 993	61 745
Unie	1 276 242	1 421 781	1 519 488
Landelik	617 956	654 932	671 980
Stedelik	658 286	766 849	847 508

Hieruit blyk dit duidelik dat die Blankes van Natal in 1911 byna presies gelykop tussen die groot stedelike kompleks Durban-Pietermaritzburg en die res van Natal verdeel was. Dit toon die belangrikheid van hierdie twee stede as politieke sentrums; dog in die algemene verkiesing van 1910 en weer in 1915 het Durban en Pietermaritzburg gesamentlik slegs 7 van die 17 parlementêre setels gehad. Dit was egter beter verteenwoordiging as onder die ou bedeling toe die oorwig aan setels in 'n groter mate op die platteland gelê het en daar keer op keer 'n boereregering aan bewind gekom het.[17]

Aangesien so 'n groot persentasie van Natal se Blankes in 'n stedelike gebied woonagtig was, wat uiteraard beter opleidingsgeriewe gehad het, is dit nie verbasend nie dat sy persentasie Blanke geletterdes hoër was as elders in die land. Die persentasie Blankes van die Unie wat kon lees en skryf was 75,93%, maar Natal s'n was aansienlik hoër, naamlik 81,59% teenoor die 76,19% van die Kaap, 75,41% van Transvaal en 73,16% van die Vrystaat. Wat die Swartes betref, was die posisie die omgekeerde, met Natal laagste op die lys. Slegs 3,11% van sy Bantoes was geletterd teenoor die 9,95% van die Vrystaat wat die hoogste was; en 9,96% van sy gemengde en Kleurlingrasse teenoor die 29,72% van Transvaal, wat die hoogste

---

16. Verslag van de Derde Census van de Unie-Bevolking, 3 Mei 1921, p. 282, Tabel CCLXXV.
17. Sien in dié verband Cd 5099, p. 19, "Appendix II". In 1908 het die kiesafdelings Durban-Stad en Pietermaritzburg-Stad met 'n gesamentlike aantal geregistreerde kiesers van 10 431 net 8 verteenwoordigers in die Natalse Parlement gehad teenoor die 35 van die orige 15 kiesafdelings met 'n kieserstal van slegs 15 033. Die vyf kleinste kiesafdelings, Umgeni, Alexandra-graafskap, Alfred-graafskap, Eshowe en Melmoth met 'n gesamentlike kieserstal van 2 130 het ook 8 verteenwoordigers gehad.

persentasie gehad het.[18]

Dit is onmoontlik om te bepaal presies hoeveel Afrikaners daar tussen 1910 en 1915 in Natal woonagtig was, want die sensus van 1911 het die bevolking van die Unie nie in taalgroepe verdeel nie. Die 1918-sensus het wel gepoog om 'n taal=groepverdeling te maak, maar die vraag oor die huistaal was in albei tale so dubbelsinnig bewoord dat dit tot verwarring gelei het, en gevolglik is die uitslag onbetroubaar, soos in die verslag van die 1921-sensus verklaar is. Boonop is daar, benewens 'n uiteenlopende ouderdomsverdeling, in sowel die 1918- as die 1921-verslag syfers verstrek van die aantal Blankes wat albei tale magtig was, maar is daar nie aangedui hoeveel van hulle se huistaal Afrikaans of Engels was nie. Laasgenoemde twee sensusse is dus van ewe weinig hulp by 'n bepaling van die aantal Afrikaners in Natal, maar omdat dit darem enigsins 'n aanduiding gee van Natal se taalgroepsamestelling, word die volgende tabel verstrek:

Amptelike tale gepraat deur Natal se Blankes, 7 jaar en ouer, 1918 en 1921[19]

	1918	1921
Beide tale	17 366	31 197
Engels	77 439	81 577
Hollands	5 298	3 786
Geen van beide	662	503
Ongespesifiseerd	2 437	109
	103 202	117 172

Vanweë die gebrekkige gegewens van die eerste drie sensusse kan die Afrikanertotaal slegs by benadering bepaal word aan die hand van die sieletal van die Hollands-Afrikaanse kerke. Volgens die 1911-sensus het 12,54% van Natal se totale aantal Blankes aan òf die Ned. Geref. òf die Ned. Herv. of Geref. Kerk behoort. Hoewel hierdie persentasie nie uit die syfers herlei kan word wat in die verslag verstrek word nie, word dit vir hierdie doeleindes as eg aanvaar ten einde die aantal Afrikaners in Natal te bepaal, naamlik $\frac{12,54}{100} \times \frac{98\ 114}{1} = 12\ 303,496$, of 12 304 tot die naaste.[20]

Aangesien dit 'n staats- en nie 'n kerksensus was nie, moet hierdie getal die

---

18. U.G. 32 - 1912, p. x1.
19. Verslag van de Derde Census van de Unie-Bevolking, 3 Mei 1921, pp. 193, 194 en Tabel CLIX.
20. Vgl. U.G. 32e -- 1912 en U.G. 32i -- 1912.

aantal Afrikaners insluit wat aan die gemeentes Utrecht, Vryheid en Paulpietersburg behoort het en wat kerklik nog by Transvaal ingeskakel was. Hierdie gemeentes het binne die distrikte geval wat vroeër deel van die Suid-Afrikaanse Republiek was, maar na die Tweede Vryheidsoorlog by Natal ingelyf is.[21]

By die 12 304 moet 'n aantal getel word wat, weens die afwesigheid van 'n Afrikaanse kerk in hul midde, nie aan 'n gemeente behoort het nie of wat miskien by 'n Engelse of die Lutherse Kerk ingeskakel was, asook 'n aantal wat moontlik kerklos geraak het. Sou hulle op altesame 696 gestel word, bring dit die totaal op 13 000 te staan, van wie goed die helfte kinders moet gewees het. Die oorblywende 6 500 was nagenoeg gelykop tussen mans en vroue verdeel.[22]

Aangesien die vroue, soos dié elders in die land, eers in 1930 die stemreg sou kry, het die politieke krag van Natal se Afrikaners in 1910 dus by die sowat 3 250 mans berus. Hiermee as maatstaf het die Afrikaners in die algemene verkiesing van 1910 10,8% van die 29 940 geregistreerde kiesers uitgemaak. Daar moet egter in ag geneem word dat Natal indertyd die enigste provinsie was waar daar 'n meervoudige stem bestaan het en waar een kieser twee en selfs meer stemme kon uitbring; met ander woorde, die Afrikaners het potensieel 'n sterker stemkrag gehad as hul getal van 3 250.[23] Op hierdie meervoudige stem word later uitgebrei.

Die Afrikaners was veral in die noordelike kiesafdelings gekonsentreer, waar hulle 'n politieke faktor was, maar in die stedelike Durban-Pietermaritzburg-kompleks was daar maar min van hulle. Die eerste N.G. gemeente is weliswaar al in 1839 in Pietermaritzburg gestig, maar teen 1910 was daar hoogstens 'n paar honderd Afrikaners, groot en klein, in en om die stad woonagtig. In Durban, waar " ... we arme verloren schapen maar zo op ons eigen houtje aangaan te midden van al het vreemde voor de Afrikaner zo zonder volk, zonder taal, zonder kerk", was daar maar 45 gesinne met 'n sieletal van sowat 150. In dieselfde jaar is daar onder leiding van Johannes C. du Plessis begin om die Durbanse Afrikaners kerklik-kultureel saam te snoer binne hul "Durban Hollandse Christelike Vereniging" en "Durban Hollandse Debatvereniging". Gesellige saamtrekke, konserte en eredienste is gehou wat alles daarop uitgeloop het dat Durban op 17 Augustus 1913 sy eerste N.G. gemeente gekry het. Hierdie roering onder die Durbaniete het De Afrikaner reeds op 18 Julie 1912 laat jubel: "De dageraad van onze taal is te Durban

---

21. C. Zinn, Ons Kerk Album van Hollandsche Kerken en Leeraren, pp. 212 - 213, 227 en 246; E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906 - 1911, p. 1.
22. Sien U.G. 32i -- 1912, pp. 1398 - 1399.
23. Vgl. Cd 5099, p. 10, "Appendix II"; Report of the Delimitation Commission under the South Africa Act, 1909, p. 6, para. 10; The Natal Witness, 2 Sept. 1910, kiesafdelings, kandidate en kieserstal.

aangebroken."[24]

Die ontwaking van die Afrikaners was deels 'n uitvloeisel van die kulturele bedrywighede waarmee E.G. Jansen en andere reeds voor 1910 in Natal begin het en wat hom later sy aanstaande bruid, mej. Mabel M. Pellissier, laat ontmoet het. Met sy medewerking is daar naamlik debatsverenigings op verskeie, selfs obskure, plekkies gestig en is dié in 1910 almal binne "De Unie van Natalse Debatsverenigingen" saamgesnoer, wat egter later doodgeloop het.[25]

Die kerklik-kulturele bedrywighede van die Natalse Afrikaners waarby Jansen en andere gemoeid was, het ingesluit die terugkoop en opknapping van die ou Geloftekerkie, 'n veldtog om 'n gedenkteken ter ere van die Voortrekkerhelde op te rig, geldinsameling vir die Hertzogfonds, taalhandhawing en die stigting van "De Natal Onderwijzers-Unie".[26] Hand aan hand hiermee het geloop hul politieke reorganisasie wat daartoe gelei het dat hulle die eerste taalgroep in Natal was wat politiek aan die beweeg gekom het, maar hieroor later meer.

Erkenning vir wat die Afrikaners besig was om te doen, het nie uitgebly nie. Oubaas Ignatius Marthinus van Rooyen (Oom Naas) van die plaas Misgunst, Greytown, is tot president van die Royal Natal Agricultural Union verkies, maar is kort daarna deur sy perd doodgeskop. Jansen, volle lid van "De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Lettere en Kuns" sedert sy stigting, is tot verteenwoordiger van die Afrikaners in die Raad van die Natalse Universiteitskollege benoem. Pres. M.T. Steyn het die Natallers as feesredenaar op die Geloftedagviering op Vryheid in 1911 vereer. Die Akademie het sy vierde jaarvergadering in Pietermaritzburg gehou en De Afrikaner het dit 'n verkwikking gevind "om in onze door en door verengelste omgeving onze moedertaal van de lippen van zo voorname bezoekers te horen". By hierdie geleentheid is 'n versoek van genl. Hertzog oorweeg wat tot die stigting van die Hertzogprys vir letterkunde sou lei.[27]

---

24. Sien ook De Afrikaner, 26 Mei, 6 Junie en 18 Aug. 1910, 18 Mei en 2 Nov. 1911, 1 Feb. en 25 Julie 1912, 8 en 29 Mei en 3 Nov. 1913, 22 Mei en 14 Julie 1914, waaronder 'n brief deur J.C. du Plessis, verskeie berigte en die notules van die 39e, 40e en 43e Algemene Kerkvergadering.
25. Bandonderhoud deur skrywer met mev. M.M. Jansen, 9 Okt. 1975; A.J. van Wyk, "E.G. Jansen en die Verkiesing van 1915", Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, Nr. 6, Nov. 1974, p. 74; G.S. Nienaber, Honderd Jaar Hollands in Natal (tot 1928), pp. 121 - 128; De Afrikaner, 22 Feb. 1912, 16 Jan. 1914, berigte, en 14 Julie 1914, brief deur E.G. Jansen.
26. De Afrikaner, 14 Aug., 6, 9 en 16 Okt. 1913 en 2 Junie 1914, berigte. Sien ook Van Wyk, "Die Afrikaanse Koerantwese in Natal", Neon 18, Aug. 1975, p. 97 en voetnoot 18; Van Wyk, "Die Eerste NOU -- in die Smeltkroes van 1910", NOU-Blad, 6(1), Maart 1975, pp. 59 - 66.
27. De Afrikaner, 28 Feb. 1910, 1 Mei, 8 Junie en 18 Des. 1911, 19 Junie en 7 Julie 1913, berigte en hoofartikel; GG 853/25/58, A.E. Hasden -- Priv. Sekr. Goewerneur-generaal, 28 Des. 1911, en bylaes.

Uit hierdie bedrywighede moenie afgelei word dat die Natalse Afrikaners hulle begeesterd en eendragtiglik om die bevordering van die Afrikanersaak op kerklik-kulturele en politieke gebied beywer het nie. Daar was ook vele weifelaars en andere wat louwarm was vanweë genl. Botha se konsiliasiebeleid, of bloot vanweë 'n slap gees. So het A.P. de Villiers van Vryheid in 1912 'n satire die lig laat sien waarin daar hard gepraat is met die mense wat die Afrikanersaak verwaarloos en uitspattig gelewe het. Dansplekke en bioskope is vol, het hy verklaar, want soos in die Ou Testamentiese tyd is "de Kinderen Israels van ouds om een gouden kalf (een geliefe koosd Unie) te aanbidden"; kom jy egter in die kerk, is daar slegs 20 mense, terwyl daar op Vryheid alleen sowat 200 lidmate is. Voorts is dit opvallend dat dit met pres. Steyn se besoek van 1911 die eerste keer in die geskiedenis van Vryheid was dat die inwoners van dorp en distrik as een gemeenskap byeengekom het om Geloftedag te vier. Selfs op hierdie dorp, in die hartjie van Voortrekkerland en ten spyte van die funksies en konserte van die debatsvere=niging, was daar 'n lewendige verengelsing aan die gang. "Alles gaat Engels en neemt onze Afrikaanse Taal hier nog steeds de twede plaats in," is gekla. D.P. du Toit, redakteur van De Afrikaner, skryf in 1915 in sy afskeidswoord tot sy lesers voordat hy as subredakteur na De Burger in Kaapstad vertrek, dat daar iets in Pietermaritzburg is wat hom wroeg: daar is 'n Hollandse kerk en 'n Hollandse Jongeliedevereniging, maar op pad daarheen en selfs in die kerk en die vereniging word daar Engels met mekaar gepraat.[28]

Daar was nietemin lewe onder vele van Natal se Afrikaners, en die feit dat daar 'n Afrikanerregering aan bewind was, het hulle -- konsiliasie ten spyt -- nuwe moed gegee, want onder die ou bedeling het hulle 'n verloorstryd gevoer. Wat op 26 Januarie 1910 in die Natalse Wetgewende Vergadering gebeur het, was dus nie slegs 'n mylpaal in die ontwikkeling van die Afrikaanse taal nie, maar ook tekenend vir die nuwe gees wat aan't werk was. Met die aandsessie op daardie dag het die heer B. Ernst A. Rabe, lid vir Vryheid, vele wenkbroue laat lig deur in die komiteestadium van die Wetsontwerp op Veedippe die eerste Hollandse toespraak in die Raad af te steek. De Afrikaner se verslag daarvan word volledig aangehaal:

> "De heer Rabe sprak in't Hollands.
>
> "De heer Smythe vroeg of het lid niet uit de orde was. De Voorzitter zeide de heer Rabe was uit de orde.
>
> "De heer Johnstone zeide dat Hollands toegelaten werd krachtens een resolutie in 1895 aangenomen.

---

28. The Vryheid Herald, 20 Des. 1912, satire in dialoog deur A.P. de Villiers; ibid., 8 Des. 1911, hoofartikel; De Afrikaner, 20 Maart 1911 en 25 Junie 1915, berig en hoofartikel.

"De heer Rabie (sic) vroeg of hij kon voortgaan. Hij zeide dat zijn enigste rede is om de waardigheid en eer van het Hollands te handhaven.

"De Eerste Minister zeide dat hij zich de resolutie herinnert.

"Verlof werd toen toegestaan.

"De hr Rabe sprak toen op welsprekende wijze (ja, want die tong was toe mooi los. D.D.) van de gelijke taalrechten, en hij zeide dat het door de Unie de schitterendste paarl in de Britse Kroon zal wezen. Hij herhaalde toen in't Engels wat hij omtrent de Bill gezegd heeft."

In dieselfde uitgawe het De Afrikaner die heer Rabe groot lof toegeswaai en die hoop uitgespreek dat daar in die toekoms meer manne sou wees wat hulle nie sou skaam nie om "die lieflike melodiese taal in het Natalse Parlement te doen weer=galmen". Met hierdie sienswyse het N.G.C. Scheepers van Weltevrede, Ingogo-spoor, hartgrondig saamgestem, want dit het vir almal gegaan "niet om deze en gene redenen, maar om het heilig recht dat die taal toekomt".[29]

Hierdie roeringe in Afrikanergeledere het geen byval by die Engelse gevind nie, want vir hulle was dit bewyse dat Hertzogisme besig was om sy kop ook in Natal uit te steek. Hertzog was teen hierdie tyd reeds 'n gebrandmerkte vanweë sy Vrystaatse tweetaligheidsbeleid wat oplaaiende teenstand van sekere ouers, onder=wysers en skoolinspekteurs in die Vrystaat ontlok en op die ou end daartoe gelei het dat drie inspekteurs ontslaan is en die Superintendent van Onderwys, Hugh Gunn, bedank het.

Natalse koerante het groot prominensie aan die Vrystaatse taalstryd verleen en dit as 'n "monsteragtige" daad beskou dat Hollands in 'n Britse kolonie op Engelstalige leerlinge afgedwing word. Hertzog is as aartsrassehater verdoem, wie se poginge om die dialek van 'n provinsie in Engelse kele af te druk, slegs beveg kon word deur wat bestempel is as "The Fight for Liberty". Natal is as bedreig beskou en gevoelens het, onder persaanstigting, algaande so hoog geloop dat dit met die toestand voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog vergelyk is.[30]

Dit was in hierdie gees dat die ontwaking onder die Natalse Afrikaners gadegeslaan en as die begin van 'n rassestryd gesien is. Dit kon nie geduld word nie, want, het die Engelse geroem, onder die ou bedeling was daar geen rassetweedrag in Natal nie. Hierin het hulle gelyk gehad, maar nagelaat om te erken dat hulle in koloniale Natal 'n vry sê gehad het. Natal was toe Brits na letter en gees en wat die Afrikaners by wyse van toegif ontvang het, is gegee omdat hulle geen

---

29. De Afrikaner, 31 Jan. en 10 Feb. 1910, berigte en brief.
30. The Natal Witness, 7 Feb., 5, 26 en 28 April 1910, hoofartikels, 11 April 1910, aanhaling uit The Natal Advertiser; The Natal Mercury, 5 Feb., 23 Maart en 1 April 1910, hoofartikels; 9 Mei 1910, brief deur "Alpha"; The Times of Natal, 20 April 1910, hoofartikel; The Natal Advertiser, 6 April 1910, hoofartikel.

bedreiging vir Natal se Britsheid ingehou het nie. In die nuwe Unie het die Natalse Afrikaners nie langer alleen gestaan nie en het die Engelse hulle as 'n gevaar gesien. Vandaar dat 'n beleid wat nie eens naastenby die omgekeerde van die ou Natalse beleid was nie, as rassisties verdoem is. Die skoen was aan die ander voet en het gedruk -- sommer gou ook.

Toe die Afrikaanse ouers van die Vryheidse staatskool byvoorbeeld in April 1910 getrag het om gelyke verteenwoordiging in die Skooladvieskommissie te verkry ten einde te waak oor "onze taal" wat "ten ene male verwaarloosd" is, is dit as 'n gruwel beskou. Hoewel daar 110 Afrikaans- en 106 Engelstalige leerlinge aan die skool was, het eerw. Hewitt van die Presbiteriaanse Kerk op Vryheid die optrede deur die Afrikaanse ouers as rassehatig verdoem en is ds. E.C. Anderssen van die N.G. gemeente op die dorp op 'n ouervergadering versoek om Engels te praat sodat almal hom kon verstaan. Die hele aangeleentheid is deur die Engelse as verregaande beskou en die Witness wou onder die opskrif "A Challenge to Natal", weet: "Do our Dutch fellow citizens of Vryheid desire to see the methods of Hertzog and his satellites introduced in Natal, with all the discord, misery and ill-feeling that is bound to follow in their train."[31]

Dit is tekenend vir die gees waarin Uniedag genader is. Die Engelse se vrees vir Afrikaneroorheersing, of liewer, hul vrees dat hulle hul heersersposisie sou verloor, het toenemende teenstand teen die Afrikaner tot gevolg gehad. 'n Teenreaksie sou nie uitbly nie. 'n Briefskrywer het al gou die gesindheid van vele vertolk deur te verklaar dat die Afrikaners Engels sou leer, maar nie ten koste van hul moedertaal nie. Sprekend tot die Afrikaners van Utrecht, Vryheid, Umvoti en oral, waar hulle bymekaar kon kom, het hy betoog: " ... eist uw heilig recht om uw kinders christelik en nationaal te laten opvoeden en zelf op te voeden".[32]

Die stryd het ontbrand, en ook in Natal sou taal en politiek hand aan hand loop.

'n Wit rassestryd het die Natalse politiek van die tyd gekenmerk. Die Swart kwessie was nie daarby betrek nie; trouens, die twee Blanke taalgroepe van Natal was dit hartroerend eens dat die Swartman, hetsy Bantoe, Indiër of Kleurling, 'n onder= geskikte posisie beklee het en daar gehou moes word. Dit beteken nie dat hul eenstemmigheid hieroor, Brit en Afrikaner tot vergewensgesindheid beweeg het nie, want aan Engelse kant is daar nie nagelaat om die Afrikaner steeds as dié onder= drukker en uitbuiter van die Swartman te brandmerk nie.[33] So 'n aanklag is totaal

---

31. The Natal Witness, 11, 12 en 15 April 1910, berigte en hoofartikel; The Vryheid Herald, 8 April 1910, "Ope Brief".
32. De Afrikaner, 25 April 1910, brief deur "Pro Patria".
33. Van Wyk, "Public Opinion in Natal and the Non Whites 1910 - 15", Historia, 18(3), Sept. 1973, p. 194.

ongegrond, want as dit waar is dat die Afrikaner die Swartman as die houthakker en waterdraer gesien het, dan geld dit eweseer die Natalse Engelse, wie se siening van die Swartman in die 19e-eeuse Wit-Swart worstelinge gewortel was en hand aan hand met Britse imperialisme geloop het. Dit het vir hulle gegaan, en bly gaan, om selfbehoud en Blanke baasskap, soos dit by herhaling deur hul politieke leiers en koerante tot lank na uniewording gestel is. Die Mercury, gewoonlik gematig in sy siening, het in 1911 die algemene gevoel perfek vertolk deur te verklaar: "As regards the native, it must be understood beyond possibility of doubt or qualification that the white man is, and shall remain, master."[34]

Daar was uitsprake deur Natalse koerante, openbare figure en die man op straat wat veel skerper, selfs kru, bewoord is as die hierbo aangehaalde en wat getuig van 'n onmiskenbare kleurvooroordeel wat hom op alle vlakke van die samelewing laat geld het. 'n Rubriekskrywer het by geleentheid die kleurslagboom in Suid-Afrika en Amerika geloof as "a barrier which nothing can break down, a gulf which nothing can be allowed to bridge. The belief in this great fundamental principle is the only hope for the white race in South Africa." By 'n ander geleentheid het sy redakteur verklaar: "We are not of those who believe that there is absolute equality between all races of the earth. There may be equality as human beings, but there is racial inequality. Therefore we do not admit the necessity for treating the natives on precisely the same footing as the Europeans ..."[35]

Getuienis van hierdie aard in die kort tydperk van begin 1910 tot eind 1915 is so massaal dat daar 'n boekdeel oor geskryf kan word. Daar moet egter besef word dat Natal se anti-Swart houding nie enig in sy soort in die wêreld was nie. Dit was nòg tot Natal, nòg tot Suid-Afrika of enige land beperk, maar was internasionaal, hoewel dit in heftigheid van een Westerse land tot die ander kan verskil het.

Met uniewording was dit slegs elf jaar sedert die publikasie van Rudyard Kipling se bekende gedig Thé White Man's Burden, en die opvatting het in 1910 en daarna voortbestaan dat die opheffing van die Swartman een van die onaangename laste was wat aan die Blanke kolonis dwarsoor die wêreld opgelê is. Hierdie opvatting was gegrond op 'n besliste rasse- en kleurvooroordeel, wat nêrens sterker was as in die Verenigde State nie. Rondom uniewording het wêreldwye probleme weens Wit-Swart rasseverhoudinge so swaar geweeg dat die Universal Races Congress in Julie

---

34. The Natal Mercury, 30 Jan. 1911, hoofartikel.
35. The Natal Witness, 29 Julie 1910, rubriek "Inter Alia", 9 Aug. 1911, hoofartikel.

1911 in Londen gehou is om maatreëls te oorweeg om 'n gesonder toedrag van sake te skep. Onder die meer as duisend afgevaardigdes uit 20 verskillende lande was daar drie uit Suid-Afrika, t.w. J. Tengo Jabavu, eerw. W. Rubusana en mev. A. Macfadyen. Die kongres, oor die goeie uitslag waarvan 'n man soos John X. Merriman bitter skepties was, het in die lig van rassevooroordeel dwarsoor die wêreld, dit nodig geag om die volgende resolusie te aanvaar: "That this Congress begs the Governments and Parliaments of the world to consider the advisability of eliminating from their legislation and administration all distinctions of race and religion between citizens of the same country."[36]

Die besadigdheid van die resolusie val dadelik op en is in sigself 'n openbaring van die wêreldwye anti-Swart gevoel, wat ook binne die Britse ryk bestaan en wat by tye in Brittanje, Kanada, Australië en Nieu-Seeland sterk emosioneel op die voorgrond gekom het. Natal het hom dus ten opsigte van sy rasse- en kleurvooroordeel in "goeie geselskap" bevind; en omdat die twee taalgroepe so eensgesind anti-Swart was, het die Swart kwessie weinig invloed as politieke faktor uitgeoefen. Daar was maar sowat 200 Swartes wat die stemreg in Natal geniet het,[37] en boonop was daar 'n taamlik algemene begeerte dat die saak buite die partypolitiek gehou moes word. Die erns van die probleem is deur albei groepe besef en by herhaling beklemtoon, en daarvoor was daar voldoende rede, want die skaars 100 000 Wittes was soos eilandjies versprei in 'n Swart see van meer as tien maal daardie getal.

3. Voorspel tot Uniewording

Natal het uniewording teësinnig benader, want hy was gesteld op die behoud van wat by verskeie geleenthede sy "picturesque individuality" genoem is. Die Natallers was geneig om alles deur 'n Natalse bril te bekyk, en daardie bril was van die fabrikaat "Made in England". Hulle het tot jare na uniewording so pro-Brits en on-Suid-Afrikaans gebly dat N. Levi, met spesifieke verwysing na Natal, nog in 1916 aan genl. Smuts geskryf het, "Waarlik, wy zyn vandaag nog niet ryp voor Unie."[38]

Hul eng Natalse en pro-Britse houding was belemmerende faktore in die voorbereidende werk tot uniewording, wat verder beduiwel is deur die ongewildheid van die Moor-ministerie. Laasgenoemde se ongewildheid het regstreeks verband gehou met

---

36. First Universal Races Congress, p. 6; Lewsen, The Correspondence ... pp. 211 - 212 en voetnoot 21; The Natal Mercury, 12 Des. 1911, berig. Sien ook The Times of Natal, 12 Junie 1911, hoofartikel.
37. L.M. Thompson, The Unification of South Africa 1902 - 1910, p. 111.
38. Smuts Papers, Private 191, Vol. 14/L109, N. Levi -- genl. Smuts, 5 Des. 1916. Sien ook Lewsen, The Correspondence ..., pp. 77, 92, Merriman aan French en Bryce in 1908.

die Bhambadarebellie van 1906 en sy nasleep, insluitende die arrestasie en verhoor van Dinuzulu, opperhoof van die Zoeloevolk.

Die rebellie het ontstaan uit weerstand aan die kant van die Zoeloes om 'n hoof= belasting te betaal wat in 1905 op alle volwasse mans in die kolonie gehef is, Blankes inkluis, maar met uitsluiting van ingeboekte Indiërs en getroude Zoeloes. Indien daar met groter wysheid en lankmoedigheid en minder paniek opgetree is, kon die daaropvolgende bloedvergieting voorkom gewees het. Wanbestuur het tot rebellie gelei wat die dood van 30 Wittes en om en by 3 000 Swartes gekos het. Daarbenewens is die arrestasie en verhoor van Dinuzulu en 'n twintigtal opstandelinge op net so 'n pynlik-onbeholpe en vervolgsugtige wyse behartig as Dinuzulu se vorige arrestasie en verhoor op soortgelyke aanklagte in 1889. Die Moor-ministerie is hieroor nie alleen deur verskeie Natalse koerante aangeval nie, maar het met sy optrede die hele Natal verlaag in die oë van Britse en Suid-Afrikaanse staatsmanne en politici, asook die man op straat. Onder die vele leiers wat die Moor-ministerie oor sy onvolwasse optrede skerp gekritiseer het, was sir Henry McCallum, voormalige goewerneur van Natal, wat geglo het dat Natal te gou verantwoordelike bestuur gekry het en sonder die manne was wat doeltreffend kon regeer.[39]

Sulke kritiek het die fyngevoelige Natallers halsstarriger gemaak en die Moor-ministerie gebrandmerk. Dié het met sy weifelende optrede in die beraad= slaginge rondom uniewording weinig gedoen om hom politiek te rehabiliteer; trouens, hy het juis sy onbeholpenheid onderstreep.

Daar was tweespalt onder die Natallers of hulle selfs in die Nasionale Konvensie sitting moes neem. Die teenkanting het veral gekom van Arbeiders en Imperialiste en die mening is gehuldig dat Natal eenkant behoort te bly al sou die ander drie kolonies besluit om te verenig. Sou daar egter besluit word om tot aansluiting oor te gaan, dan moes die nuwe staatstruktuur eerder 'n federasie as 'n unie wees, want in 'n federasie sou Natal 'n groter mate van sy onafhanklikheid kon behou. 'n Blad soos die Witness, gesteun deur die Natal Advertiser, het geglo dat dit Natal se plig was om die eenwording van die vier kolonies te verwerp, tensy dit op 'n federale grondslag tot stand gebring kon word.[40]

Dit was aanvanklik ook die oorwegende mening binne die Natalse Parlement. In die debat in die Wetgewende Vergadering op 30 Junie 1908 oor die resolusies ten gunste van vereniging wat op 5 Mei deur die inter-koloniale konferensie in Pretoria

---

39. Thompson, The Unification of South Africa 1902 - 1910, pp. 41 - 49. Vir volledige besonderhede betreffende die rebellie sien S. Marks, Reluctant Rebellion, the 1906 - 8 disturbances in Natal.
40. The Natal Witness, 28 Feb. 1910, hoofartikel. Sien ook Thompson, The Unifi= cation ..., p. 394.

aanvaar is, het verskeie lede hulle ten gunste van federasie uitgespreek, o.a. premier F.R. Moor en Thomas Hyslop, twee van die latere afgevaardigdes na die Nasionale Konvensie. Moor het verklaar, "I believe in the Federal system, and I believe the Federal system is the only workable one that will come out in the Convention when it assembles ..."[41] Hy sou hom egter nie by sy standpunt hou nie.

Federasie is voorgestaan nie slegs omdat dit groter onafhanklikheid aan Natal sou verseker nie, maar ook omdat daar geglo is dat dit Natal teen Afrikaneroorheersing sou beveilig. Die Afrikanerlede van die Natalse Parlement het natuurlik nie hul Engelse landgenote se vrees vir Afrikaneroorheersing gedeel nie en uniewording heelhartig gesteun, maar hulle was ver in die minderheid. So uiteenlopend was die menings rondom die saak dat die debat in die Wetgewende Vergadering oor die vraag van deelname aan die Nasionale Konvensie al dan nie, eers positief beklink is nadat premier Moor onder druk belowe het dat 'n referendum gehou sou word om finaal te beslis of Natal tot enige vorm van unie met die ander kolonies sou toetree. Dit was op hierdie voorwaarde dat vyf afgevaardigdes uit die sittende Parlementslede gekies is om Natal in die Nasionale Konvensie te verteenwoordig, wat ten gunste van uniewording besluit het.[42]

In die beraadslagings wat tot hierdie beslissing gelei het, het die Natalse afgevaardigdes hul aandrang op federasie laat vaar en hulle sou later skerp hieroor gekritiseer word. Toe dit in Natal duidelik word dat die ander kolonies uniewording voorstaan, het 'n groot groep van die Natallers gehuiwer tussen hul vrees vir Afrikaneroorheersing en hul teësinnige besef dat as Natal sou besluit om alleen te staan, hy ekonomies die mas nie sou opkom nie. Laasgenoemde was een van dié oorweginge wat daartoe gelei het dat die Natalse Parlement op die ou end met betreklike inskiklikheid die ontwerp-Suid-Afrikawet goedgekeur het, waarop die geleentheid vir die kiesers aangebreek het om in Moor se beloofde referendum, later in Wet No. 2 van 1909 vasgelê, uitspraak te lewer.

In hierdie referendum het elke kieser slegs een stem gehad teenoor die twee en selfs meer wat hy normaalweg in 'n parlementêre verkiesing gehad het, of kon hê. Met die algemene verkiesing van 1906 het die 15 152 kiesers wat gaan stem het byvoorbeeld 38 908 stemme uitgebring.[43]

Die meervoudige stem was eie aan Natal en was vasgelê in die handves van 1856 waar= kragtens Natal tot 'n Britse kolonie verklaar is. Dit het, met uitsonderinge,

---

41. A.P. Newton (ed.), Select Documents Relating to the Unification of South Africa, II, p. 231.
42. Thompson, The Unification ..., pp. 146 - 148.
43. Cd 5099, p. 10 "Appendix II".

stemreg verleen aan elke man bo 21 jaar wat in enige kiesafdeling vaste eiendom ter waarde van £50 besit of sulke eiendom teen £10 per jaar gehuur het.[44] Wet No. 11 van 1865 het almal wat onderhewig aan Bantoereg was as kiesers gedis=kwalifiseer en Wet No. 2 van 1883 het die stemreg uitgebrei na mans bo 21 jaar wat drie jaar in Natal woonagtig was en wie se inkomste, insluitende toelaes, £8 per maand of £96 per jaar beloop het. Dit was die sogenaamde verblyfstem ("Loger's Franchise").[45] Die meervoudige stem het tot jare na uniewording van krag gebly.

'n Lewenskragtige veldtog het die referendum van 10 Junie 1909 voorafgegaan. Die voor- en teenstanders van uniewording het hul eie ondersteunende organisasies geskep, t.w. die Natal Closer Union Society en die Natal League, wat elk die steun van twee van die vier grootste Natalse koerante geniet het. Eersgenoemde is gesteun deur die Mercury en die Times of Natal en laasgenoemde het in die Witness en Advertiser ywerige bondgenote gehad in die veldtog teen uniewording. Vergaderings is oral in Natal gehou en in 'n stadium, twee-drie weke voor stemdag, het politici soos Thomos Watt en J.G. Maydon in korrespondensie met genls. Smuts en Botha die mening gelug dat die kiesers hulle teen uniewording sou uitspreek. Die voor=standers van uniewording het egter volhard en die gevoel het verander. Volgens Thomas Hyslop het veral hy en Watt die kolonie deurkruis en die kiesers verseker dat die Afrikaners nie van plan was om die land alleen te regeer nie, maar om met die Engelstaliges 'n verenigde nasie te bou. Hy het geglo dat dit grootliks as gevolg hiervan was dat die Natallers se vrees vir Afrikaneroorheersing besweer is en hul gevoel ten gunste van uniewording omgeslaan het.[46]

Op die vooraand van die referendum het E.G. Jansen op 'n openbare vergadering in die YMCA-saal, Pietermaritzburg, 'n beroep op sy toehoorders en die kiesers van Natal gedoen om vir uniewording te stem en sodoende vir die uitwissing van rassehaat, die konsolidering en versterking van Suid-Afrika en die Britse ryk en die ontwikkeling en voorspoed van die land. Hy het gesê dat hoewel hy 'n Natalse Afrikaner van geboorte was, hy een van diegene was, hetsy Engelsman of Afrikaner, wat hulself as Suid-Afrikaners of Afrikaners beskou het. Die Engelse en Afrikaners het mekaar beveg, maar die tyd het aangebreek om mekaar die hand te reik. Die enigste grondslag waarop 'n grondwet opgestel kon word, was volkome gelykheid van

---

44. Natal Government Gazette, Extraordinary. No. 414, Nov. 6th 1856, Vol. 8, Government Notice No. 124, 1856.
45. Natal Civil Service List, 1910, p. 7.
46. Steynversameling, 156/1/5, T. Hyslop -- pres. Steyn, 23 Feb. 1910; Smuts Papers, Private 186, Vol. 8/H53, T. Hyslop -- genl. Smuts, 24 Feb. 1910; Thompson, The Unification ..., pp. 351, 348 - 362, 393 - 395.

die twee rasse ten opsigte van taal- en politieke regte. Daardie gelykheid is in die ontwerp-Suid-Afrikawet vasgelê, daarom behoort daar geen griewe onder die taalgroepe te wees nie. Hoewel hy dit voorsien het dat die Engelstaliges uiteindelik in die meerderheid sou wees weens instroming van buite, was hy nogtans bereid om vir uniewording te stem, want hy had vertroue in die Engelse, en solank die beste manne aan die stuur kon kom, sou hul taalverband hom nie skeel nie.[47]

Jansen was een van diegene wat hart en siel ten gunste van uniewording en die bou van 'n verenigde nasie was, daarom was sy ontgogeling soveel groter toe sake nie wou verloop soos wat daar gehoop is nie.

Die referendum van die volgende dag, waarvan die uitslag op 12 Junie bekend gemaak is, was oorweldigend ten gunste van uniewording. Van die 25 463 geregistreerde kiesers het 58,2% gaan stem en die ontwerp-Suid-Afrikawet met 11 121 teen 3 701 stemme goedgekeur, d.w.s. 'n meerderheid van 7 420 stemme of 43,7%. Elke kies= distrik het 'n meerderheid ten gunste van uniewording opgelewer, en daarna was dit 'n blote formaliteit vir die Natalse Parlement om die uitspraak van die kiesers= korps te onderskryf.[48]

Dit sou foutief wees om te aanvaar dat al 11 121 kiesers wat vir uniewording gestem het, hart en siel vir die saak was. Onder hulle was daar steeds federaliste wat, as hulle 'n onbelemmerde keuse gehad het, teen unie sou gestem het. Hulle was egter bang, en tereg ook, dat indien Natal eenkant sou staan terwyl die ander drie kolonies verenig, hy veral ekonomies daardeur geraak sou word. Onder diegene was die gesiene Joseph Baynes. Hy het later aan genl. Botha erken dat hy 'n federalis was, en hy sou binne enkele jare weer sy steun aan 'n federale beweging verleen, maar, het hy verklaar, "I voted for Union, rather than have no union at all."[49]

Almal wat vir uniewording gestem het, is later verkwalik deur die Witness, wat 'n federasie bepleit het omdat Natal dan groter seggenskap sou hê om sy eie belange te beskerm. Dit was veral die afgevaardigdes na die Nasionale Konvensie, in die besonder premier Moor, wat uitgetrap is as sou hulle hul aan die neus laat lei en van hoë priesters van federasie na voorstanders van uniewording omgeslaan het. Moor is uit verskillende oorde aangeval en is deur 'n rubriekskrywer uitgesonder as dié man wat in 'n groter mate vir die aanvaarding van die ontwerp-Suid-Afrikawet

---

47. E.G. Jansenversameling, Lêer 51, Jansen se toespraak, ononderteken, 9 Junie 1909.
48. Cd. 5099.
49. PM/OG, J. Baynes -- genl. Botha, 24 Okt. 1913.

aanspreeklik was as enigiemand anders, want, is gesê, as hy nie ten gunste daarvan was nie, sou die Natalse regering dit nie goedgekeur en die kieserskorps dit nie aanvaar het nie; en as die Natalse kiesers dit verwerp het, sou uniewording nie plaasgevind het nie, of dit sou sonder Natal gewees het, dus onvolledig.[50]

Ten spyte van halsstarrigheid, weifeling en neerhalende sêgoed, waarmee volgehou sou word, het Natal hom dus tog bereid verklaar om met die ander kolonies in 'n unie te verenig. As dit ontleed word, veral in die lig van die ekonomiese oorwe= ginge wat van die begin af soos 'n paal bo water gestaan het, kom die bohaai wat by tye opgekop is, bra kinderagtig voor, want inderdaad het Natal, in sy eie belang, g'n ander keuse gehad as om te verenig nie. Daarom het Merriman gelyk gehad toe hy reeds op 9 Julie 1908 byna met verslaentheid teenoor genl. Botha opgemerk het, "What a country Natal is politically!"[51]

"Leierloos!" kon Botha se reaksie hierop gewees het, want Natal het, soos een koerant dit gestel het, soos 'n trop skape sonder herder uniewording binnegedrentel; vandaar die versugting dat as Natal maar 'n leier gehad het soos een van sy eerste premiers, 'n John Robinson, Harry Escombe of 'n Henry Binns, dit met hom goed sou gegaan het. Van eerste minister Moor is gesê dat hy in die onderhandelinge oor uniewording so gewoond daaraan was om andere te volg dat hy totaal onkapabel geword het om op sy eie enige vorm van leiding te gee. Hy is bestempel as die swakste lid van Natal se swakste ministerie en politiek gesproke die luiste man in Suid-Afrika. Daar is gekla dat die politici geen leiding gee nie: "What Natal wants now is a MAN to lead her. She wants and needs more than she needed ever in her life before, strength, cohesion, leadership and organisation ...," maar Natal dryf leierloos voort, want sy politici skyn te glo dat solank die geldmasjiene goed geolie is en glad loop "the devil (may) take our policies!"[52]

Dit kom as oordrewe stellinge voor, en die Moor-ministerie is dan ook gunstig beoordeel deur De Afrikaner wat dit as 'n ware "Boeren Regering" geloof het aan wie die Afrikaners veel dank verskuldig was;[53] dog hierdie lof staan nie op vaste pote nie. Die skerp kritiek stem daarenteen ooreen met sieninge van Natal se politici deur byvoorbeeld manne soos Patrick Duncan en sir Walter Hely-Hutchinson, goewerneur van die Kaap en voormalige goewerneur van Natal van 1893 - 1901. Albei het Moor as 'n swakkeling beskou en Duncan het hom in 1908 so uitgedruk: "What is the use of talking to Moor? It makes me feel like trying to stop a leak with

---

50. The Natal Witness, 25 Jan., 2 en 28 Feb. en 22 April 1910, hoofartikels; The Pictorial, 20 Okt. 1910, p. 68, rubriek "By the Way".
51. Lewsen, The Correspondence ..., p. 85.
52. The Natal Mercury, 21 Feb. en 3 Junie 1910, hoofartikels en berigte; The Natal Witness, 2 Maart, 16 en 20 April en 1 Junie 1910, berigte en hoofartikels; The Natal Advertiser, 23 Maart en 31 Mei 1910, hoofartikels.
53. De Afrikaner, 24 Jan. 1910, hoofartikel.

a piece of blotting paper. One really cannot have much respect for a colony which lets itself be governed by such men."[54]

Dit is skerp uitlatinge hierdie, en in alle billikheid, asook met die oog op hieropvolgende en latere kritiek, durf die vraag wel gevra word hoe Moor en sy Kabinetslede, indien hulle werklik sulke totale swakkelinge was, in die posisies gekom het wat hulle beklee het. Daar is 'n gesegde wat lui dat 'n gemeenskap die leiers kry wat hy verdien; anders gestel, in die land van die blindes is eenoog koning. 'n Mens kan nie anders nie as om die kritiek op Moor en sy manne as oordrewe te beskou, maar dan met die volle besef dat hulle nie besonderse leiers was nie.

Dit is opvallend dat Moor uitgesluit is van die premierskonferensie wat van 26 - 31 Januarie 1910 in die Kaap gehou is om politieke sake te bespreek, en dit is as 'n afjak aan die hele Natal vertolk. So ongewild was die Regering dat daar 'n algemene sug van verligting geslaak is toe die Natalse Parlement sy laaste sitting voor uniewording afgesluit het "in the shadows of ignominyand disrepute", soos een blad dit gestel het, en die stelling is gemaak dat Natal in die nuwe Suid-Afrikaanse Kabinet liefs glad geen verteenwoordiging behoort te hê nie as dat enige lid van sy laaste regering daarin opgeneem word.[55]

Om dieselfde rede het die verkiesing van Natal se agt Senatore op 2 Februarie 'n storm van verontwaardiging ontlok. Daar was 17 nominasies -- 12 deur die Wet= gewende Vergadering, 3 deur die Wetgewende Raad en 2 deur buite-parlementêre in= stansies. Die verkiesing is op 'n gesamentlike sitting van albei huise agter geslote deure afgehandel en die volgende agt name is onder toejuiging deur die Speaker aangekondig: Marshall Campbell, dr. Charles O'Grady Gubbins, sir J. Liege Hulett, mnre. F.O.F. Churchill, Charles Hitchins, F.A.R. Johnstone, Theunis J. (Tol) Nel en H.D. Winter. In die Natalse pers is dit ten sterkste betreur dat die verkiesing, wat as 'n klug afgemaak is, behartig is deur wat bestempel is as "an effete and wholly discredited Parliament," sonder dat 'n enkele vraag aan die genomineerdes gestel is oor watter beleid hulle sou voorstaan. Die kiesers, het een blad verklaar, is oningelig gelaat en met minagting behandel, daarom sou die "hele spul" Senatore hoegenaamd nie as hul verteenwoordigers beskou kon word nie en het Natal die Unie leierloos binnegestap.[56] Hierdie kritiek was onverdiend, want die verkiesing

---

54. Thompson, The Unification ..., p. 169.
55. The Natal Witness, 2, 3 en 14 Feb. 1910, hoofartikels en brief deur "Junius Secundus"; The Natal Mercury, 5 Feb. 1910, hoofartikel.
56. The Natal Witness, 3 en 4 Feb., The Natal Advertiser, 3 Feb. en The Natal Mercury, 4 Feb. 1910, berigte en hoofartikels.

het plaasgevind soos deur die Suid-Afrikawet voorgeskryf.

Die redes vir Natal se leierloosheid was nie net in onbekwame persoonlikhede te vinde nie, maar ook, en miskien veral, in die onbekendheid met die partystelsel van regering wat 'n goeie leerskool vir enige politikus is. Weens die afwesigheid van partye is die politiek nie op beginselgrondslag gedryf nie, maar het dit eerder om persoonlikhede gegaan. Dit was gevolglik iets algemeens dat parlementslede mekaar in die een sitting bitterlik beveg en in die volgende hartlik saamwerk, of omgekeerd, want daar was geen meningsverskil oor beginselsake tussen hulle nie.[57] Die Mercury stel dit so: "The main difference has been that some of them were in office, and some of them were out, but it would have been difficult to assign an intelligible reason why the one set should be in and the other should be out."[58] So behep was die Natallers met plaaslike aangeleenthede en persoonlikhede dat hulle beginselsake misgekyk en nie 'n behoorlike begrip van die wyer Suid-Afrikaanse politiek kon kry nie; die gemiddelde Nataller het maar 'n belemmerde visie hiervan gehad.

Dit beteken nie dat die Natallers swak ingelig was oor die breër Suid-Afrikaanse gebeure nie, want, soos reeds in die Voorwoord daarop gewys is, het Natal se tiental gevestigde stedelike en dorpskoerante die bevolking uitstekend bedien in 'n tyd toe die geskrewe woord die vernaamste kommunikasiemiddel was. Van die koerante was self bekrompe in hul siening en het weinig gedoen om 'n breër Suid-Afrikaanse perspektief te skep; maar oor een saak was die Engelstalige pers dit eens, en dit was dat, om Afrikaneroorheersing te voorkom en rassehaat te besweer, die nuwe Suid-Afrikaanse Regering op 'n nie-partygrondslag saamgestel moes word. Die beste manne uit albei taalgroepe moes, ongeag partyverband, in een regering saamgevoeg word om in gemeenskaplike belang te regeer. Dit was die sogenaamde "best-men government" wat deur sir L.S. Jameson bepleit is en wat die Natallers van genl. Botha verwag het om saam te stel.

4. Eerste Premier en Unie

Genl. Louis Botha was 'n gebore Nataller. Hy is op 27 September 1862 op sy vader se plaas naby Greytown gebore en het van sy volwasse jare af tot aan sy dood 'n toenemende aanhang onder die Natallers geniet. Sy vroeëre lewensverhaal is nou verweef met dié van die kortstondige Nuwe Republiek wat in die tagtigerjare op grond gestig is wat 'n groep Transvaalse Boere van die Zoeloes bekom het en

---

57. Steynversameling, 156/1/5, T. Hyslop -- pres. Steyn, 23 Feb. 1910.
58. The Natal Mercury, 14 Maart 1910, hoofartikel, 11 Maart 1910, toespraak deur T. Watt. Sien ook The Natal Witness, 6 Julie 1910, wat The Cape Argus aanhaal.

waar hulle die dorp Vryheid as hul hoofstad aangelê het. Die klein republiekie is in 1888 by die Suid-Afrikaanse Republiek ingelyf en agt jaar later is die 33-jarige Louis Botha as lid van die Eerste Volksraad vir Vryheid verkies. Teen daardie tyd was hy reeds een van die mees gesiene en welgestelde manne in die distrik Vryheid, wat hy tot met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog in die Eerste Volksraad verteenwoordig het.[59]

Tot in daardie stadium was sy aanhang hoofsaaklik tot die Afrikaners van Vryheid beperk. Sy militêre rol in die Tweede Vryheidsoorlog het egter aan hom 'n aansien tot ver buite Suid-Afrika besorg, en met die leidende rol wat hy daarna gespeel het om die Britse kolonie Transvaal tot selfbestuur onder sy premierskap te lei, het hy hom ook as staatsman met besondere politieke vernuf onderskei. Dit was veral sy beleid van vergewe en vergeet ten opsigte van die Engelssprekendes, waarmee hy reeds tydens die stigting van die Het Volk-party in 1904 begin het en mee sou volhard,[60] wat hom 'n besondere aanhang onder die Engelstaliges dwarsdeur die land gegee het. So 'n grootmoedige optrede deur 'n krygsman wat met eer teen Brittanje geveg het, het die Engelstaliges se verbeelding aangegryp as die toppunt van "gentlemanliness". Hulle sou in hom steeds meer en meer die man sien wie se "progressiewe" beleid die ganse Suid-Afrika kon red van die rassehaat waarin "Krugerisme" dit gedompel het, waarvan hy vir hulle die teenbeeld was. As gevolg hiervan het Botha teen 1910 getalsgewys 'n groter aanhang onder Natal se Engelse gehad as onder die Afrikaners, wie se getalle juis aansienlik uitgebrei is met die na-oorlogse inlywing by Natal van die Suid-Transvaalse gebied rondom dorpe soos Paulpietersburg, Vryheid en Utrecht.

Hieruit moenie afgelei word dat Botha die enigste man was wat as aspirant-premier 'n aanhang in Natal gehad het nie, want sir Henry de Villiers, Jameson en sir Percy Fitzpatrick was baie gewild. Vele Natallers sou in vervoering gewees het as een van laasgenoemde twee die premierskap kon kry, want dan was hulle verseker van hulle veel begeerde "best-men government" met Engels- en Afrikaanstaliges gelyk daarin verteenwoordig. Niks sou groter tevredenheid aan hulle verskaf het as dat Suid-Afrika deur 'n sterk Britsgesinde premier soos Cecil Rhodes gelei word nie, soos daar op die 8ste verjaardag van Rhodes se sterfdatum versug is.[61]

---

59. C.J. Barnard, Generaal Louis Botha op die Natalse Front 1899 - 1900, Hoofstuk I.
60. F.V. Engelenburg, Genl. Louis Botha, o.a. pp. 120 - 140.
61. The Natal Witness, 26 Maart 1910, berig.

Daar was egter nie 'n Engelssprekende leier met so 'n visie en so 'n aanhang soos wat Rhodes gehad het nie; daar was nie een wat bo die Afrikaner Botha uitgestyg het nie.

Maj. P.A. Silburn van Durban het hom onomwonde bereid verklaar om òf vir Botha òf vir Jameson te steun, op voorwaarde dat die Kabinet uit vyf verteenwoordigers van elke taalgroep saamgestel moes word. Dit het egter spoedig duidelik geword, indien dit nie uit die staanspoor was nie, dat genl. Botha as verteenwoordiger van die getalsterker Afrikaners en John X. Merriman as premier van die Moederkolonie die Kaap, die sterkste aanspraakmakers was. Uit hierdie twee het die Natallers vir Botha gekies as "the lesser of the two evils". Die mening is gehuldig dat nòg Botha nòg Merriman behoorlik na Natal se belange sou omsien, maar dat Botha dit beter as Merriman sou doen.[62]

Vir Merriman het hulle geen voorkeur gehad nie. Hy is beskou as 'n man met 'n onredelike vooroordeel teenoor Natal, as iemand wat alles deur 'n Kaapse bril bekyk het, soos wat hy van hulle gesê het, en dat hy 'n duiwelse genot daaruit sou put om Natal leed aan te doen deur byvoorbeeld alle verdere invoer van Indiër-arbeid te staak. Botha is gesien as 'n man wie se beleid miskien nie so algemeen byval in Natal gevind het nie, maar nietemin as iemand "more amenable to the influence of a broader South African policy, and we think imbued with a higher ideal".[63]

Merriman se ervaring as oudste Suid-Afrikaanse parlementariër en sy onbetwiste bekwaamheid is nie misgekyk nie, maar vir vele Natallers was hy 'n man wat in sy poginge om rassesamewerking te bevorder, die Engelstaliges se belange verkrag en sodoende rassehaat aangehelp het; daarom sou dit vir hulle 'n ramp wees as hy premier word. In die aanwesigheid van 17 Engelssprekendes in die Kaapse Parlement onder die Afrikanerbond is geen bewys van rassesamewerking gevind nie, maar die teenoorgestelde: 17 weghol-Britte wat moes blaf soos hul "Takhaar master" hulle beveel het. Van hulle is gesê: "The presence of these gentlemen under the banner of the Bond merely demonstrates the strength of a Dutch racial party which can get 17 Englishmen, including Mr. Merriman, to act as its tools, as the condition of participating in Cape politics."[64]

Dit is moeilik om hierdie redenasie te rym met die Engelstaliges se uitgesproke

---

62. Ibid., 20 April 1910, berig, 17 Jan. en 23 Mei 1910, hoofartikels. Sien i.v.m. Natalse steun aan Botha ook Marais, Die Politieke Uitwerking ..., pp. 38 - 58.
63. The Natal Mercury, 5, 8 en 12 Feb. 1910, hoofartikels; The Natal Witness, 17 Jan. en 21 April 1910, hoofartikel en berig van kol. E.M. Greene se toespraak.
64. The Natal Mercury, 21 Feb., The Natal Advertiser, 8 Feb. en The Natal Witness, 9 Feb. 1910, hoofartikels.

begeerte tot rassesamewerking en die uitwissing van rassehaat. Dit kom voor asof samewerking vir hulle iets uit die bose was solank hulle die minderheids=gestoelte moes beklee, maar nie omgekeerd soos wat die posisie in Brits-Natal was nie. Hulle het die ideaal van 'n groot Suid-Afrika nagestreef, maar hy kon alleen groot wees solank hy Brits was, want die Britse ryk was vir hulle die enigste voorwaarde vir grootheid.[65]

In Botha het hulle die man gesien wat hulle na daardie grootse ideaal van 'n groot Britse Suid-Afrika sou lei. Hulle het dit gegrond op Botha se uitlatinge van die voorafgaande jare: dat die twee taalgroepe versoen moes raak, dat die bitterheid van die verlede in 'n gees van vergewensgesindheid besweer moes word en dat 'n verenigde Suid-Afrikaanse volk tot stand moes kom. Die eerste stap in daardie rigting, het hulle geredeneer, was dat Botha die beste manne uit albei taalgroepe, ongeag partyverband, om hom moes saamtrek om die eerste Kabinet te vorm.

Dit is wat van Botha verwag is en daarom het die aankondiging dat hy deur lord Gladstone as premier aangewys is, byval gevind, al was dit nie oorgeesdriftig nie. Op 'n gesamentlike diens in 'n stampvol Pietermaritzburgse stadsaal het Natal se hoofregter, sir Henry Bale, op 31 Mei verklaar dat Botha nie premier geword het omdat hy 'n Afrikaner of 'n Nataller was nie, maar omdat hy erken is as 'n groot Suid-Afrikaner en 'n samevoeger van rasse; vandaar Natal se vertroue in hom. Botha se taak was om met 'n regering van beste manne op te tree "as the undertaker, grave-digger, and monumental mason to racialism",[66] aldus Silburn.

Hiermee het Silburn die gevoel van die meeste Natallers opgesom, maar die woorde moenie te letterlik vertolk word nie. Dit het ook beteken dat Botha sy mede-Afrikaners aan bande moes lê sodat Britse en nie Afrikanerideale nie die botoon kon voer, want vir vele van Natal se Engelstaliges was eersgenoemde sinoniem met grootse staatsmanskap en laasgenoemde met rassehaat. Die Witness het dit ronduit gestel dat die Natallers in die eerste instansie Britte was en dan Suid-Afrikaners; dat Natal se toekoms met dié van die "Empire" verweef was en dat geen beleid wat daardie band wou verswak, Natal se steun kon wegdra nie; dat dit Natal se taak was om in die nuwe Parlement nie alleen 'n Suid-Afrikaanse nie maar 'n imperiale patriotisme te stimuleer en te bewys dat die twee nie onversoenbaar was nie. Dit sou verderflik wees, het hy verklaar, as Suid-Afrika anti-Brits sou word en

---

65. Sien in dié verband P.F. van der Schyff, Die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1910 - 1921, p. 21.
66. The Natal Witness, 20 April en 1 Junie 1910, voorblad.

die Afrikaner die oorhand verkry.[67]

Dit was die rede waarom hulle, in navolging van Fitzpatrick en Jameson, 'n "fresh start" en 'n "best-men government" bepleit het, of "open politics", soos die Advertiser dit by herhaling gestel het. Die argument dat die samestelling van so 'n regering noodwendig rassehaat sou besweer, was tot groot hoogte 'n rookskerm waaragter hulle hul pro-Britsheid wou verberg. Genl. Smuts het dit vroeg reeds besef, want op 22 Februarie 1910 het hy aan Merriman geskryf dat die Jameson-faksie se aandrang op koalisie blote taktiek was. Dit was daarop gerig, het hy verklaar, om enige mislukking om so 'n koalisieregering tot stand te bring as 'n aanklag van 'n rasse-aard teen die opponente daarvan te gebruik, want dan sou hulle agterna kon sê: "We were so fair, asked for so little, but our opponents -- having obtained Union with our assistance -- were determined to play the top-dog and leave us in the cold. Hence coalition failed ..."[68]

Hiermee het hy die spyker op die kop geslaan.

Die term "koalisie" is, soos hierbo, vryelik gebruik in die redenasies vir en teen 'n regering bestaande uit die beste manne, maar die twee moenie verwar word nie, en dat dit indertyd tot verwarring kan gelei het, val nie te betwyfel nie. Koalisie in 'n politieke sin beteken 'n tydelike verbond of alliansie tussen twee of meer partye om gesamentlike optrede moontlik te maak, soos tussen die Nasionale Party en die Arbeiders in 1924 en die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party in 1933. So 'n koalisie van bestaande politieke partye is deur nòg Botha nòg Smuts begeer, want Botha het geglo, soos George Brebner later verklaar het, dat koalisie uit die aard van die saak 'n prysgawe van beginsels beteken. "De generaal," het hy vervolg, "is meer geneigd echter tot het stelsel van 'bestman Government' d.w.z. een stelsel geheel onafhanklik van politieke partijen ..."[69]

Hierdie stelling kan die indruk skep dat Botha 'n regering wou saamstel wat enduit onverbonde aan 'n party moes bly. Dit is egter nie die geval nie. Hy wou dat sy regering aan een politieke party verbonde moes wees waarbinne gematigdes van albei taalgroepe tuis sou voel, of soos hy reeds op 5 Maart 1910 verklaar het: "Coalition would be a most difficult thing, because it would be a Coalition of Parties ... They did not want Coalition but a party on such broad

---

67. Ibid., 3 Feb., 31 Mei en 3 Junie 1910, hoofartikels.
68. Thompson, The Unification ..., p. 444.
69. Engelenburgversameling, Politieke Sake, Item 6, G. Brebner -- Engelenburg, 13 Junie 1917.

lines that everyone could come in. They had extremists on both sides, the Wild Boer and the Wild Englishman, who would not come in. Let them stay out."[70]

Dit was uitlatinge van hierdie aard wat Engelstaliges laat glo het dat Botha bereid was om 'n "fresh start" te maak. Hulle het gelyk gehad, want, soos Thompson daarop wys, sou niks groter vreugde aan Botha verskaf het as om die leier van 'n groot sentrale party te wees wat die steun van die meeste Engels- en Afrikaanstaliges geniet en hom aan konsiliasie verbind het nie. Dit was sy ideaal om reeds voor die eerste algemene verkiesing so 'n omvattende Suid-Afrikaanse Nasionale Party tot stand te bring, en hierin sou hy hoogs waarskynlik geslaag het as hy nie soveel teenstand ondervind het in sy pogings met Jameson om 'n "best-men government" te vorm nie, wat algemene steun onder die Engelstaliges gehad het. In Natal is dit nie alleen in verskeie hoofartikels deur sowel die Witness as die Mercury en die Advertiser bepleit nie, maar ook van die openbare verhoog af deur politici soos premier Moor, kol. E.M. Greene, Hyslop, Watt, almal afgevaardigdes na die Nasionale Konvensie, Silburn en C.P. Robinson.[71]

Thomas Hyslop het in briefwisseling met pres. Steyn, genl. Smuts en F.S. Malan sy bes gedoen om hulle te oortuig dat Natal niks met enige van die politieke partye in die ander kolonies te maak wou hê nie, en dat dit rampspoedige gevolge vir rassesamewerking sou hê as die eerste Kabinet nie behoorlik verteenwoordigend van albei taalgroepe sou wees nie. Hy het Steyn gewaarsku: "I have no wish to find myself in a hostile camp to men like you & General Botha for example, but if once it is made to appear that there is an attempt at race dominance, I fear that racialism which at present in this colony is skotched, will revive & the members be force to join a party to which they do not wish to become attached. Do not force us in this position." Voorts het hy verklaar dat die meeste Natalse politici, indien nie almal nie, ten gunste van Botha was, op voorwaarde dat sy eerste Kabinet op 'n nie-rassegrondslag saamgestel moes word, en hy het gepleit dat Natal 'n kans gegun moes word.[72]

---

70. Sumts Papers, Private 188, Vol. 8/A1, afskrif van notule van vergadering van hoofbestuur van die Transvaal National Association met hoofbestuur van Het Volk, 5 Maart 1910.
71. The Natal Witness, 11 en 22 Feb., 10 Maart en 15 April 1910, The Natal Mercury, 15 Feb. en 11 April 1910, The Natal Advertiser, 7 April 1910, berigte en hoofartikels. Sien ook Thompson, The Unification ..., p. 440.
72. Steynversameling 156/1/5, T. Hyslop -- pres. Steyn, 14 en 23 Feb. 1910; Smuts Papers, Private 188, Vol. 8/H53, T. Hyslop -- genl. Smuts, 24 Feb. en 15 Maart 1910.

In sy siening van Natal se eensgesindheid het Hyslop gelyk gehad; trouens, daar kan met reg gesê word dat die Natalse Engelse, benewens hul siening van die Swart kwessie en hul standpunt oor "the Taal", oor geen saak groter eensgesindheid geopenbaar het as die noodsaak vir hulle dat die eerste Kabinet verteenwoordigend van albei taalgroepe, ongeag partyverband, moes wees nie. As voorbeeld het Thomas Watt die eerste Kanadese kabinet gestel wat, ten spyte van 'n hewige stryd tussen die Engels- en Franstaliges, feitlik gelykop uit die twee taalgroepe saamgestel was.[73]

Wat deur al die voorstanders van 'n regering saamgestel uit die beste manne bepleit is, is later op die eerste politieke vergadering in Durban se nuwe stadsaal onderskryf, en hierdie eenstemmigheid is enkele dae later deur die Mercury in 'n lang hoofartikel onder die opskrif "Natal's Unanimity" geloof.[74]

Ten spyte van hierdie eenstemmigheid, wat deur Hyslop beklemtoon is, het hy weinig sukses behaal in sy pogings om Steyn, Smuts en Malan na sy standpunt ten gunste van "best-men government" oor te haal. Smuts se antwoord is soek en Malan het aan hom 'n gerusstelling verstrek wat Hyslop as beloofde samewerking in sekere omstandighede vertolk het.[75] Steyn was egter beslis daarteen. Hy het hom ten gunste van 'n soort koalisieregering verklaar, maar dan moes so 'n koalisie uit die bestaande ministeries van die vier kolonies saamgestel word en nie uit die bestaande ministeries en die opposisie nie, want laasgenoemde kon alleen uit 'n kompromis spruit en elke belangrike beslissing van so 'n regering sou ook 'n kompromis behels. 'n Regering wat uit die bestaande ministeries saamgestel sou word, het hy verklaar, sou nie op so 'n wyse aan bande gelê word nie. Dit was bowedien hierdie ministeries wat die verantwoordlikheid aanvaar het om die Nasionale Konvensie te belê, en daardie beleid is deur die volk goedgekeur; daarom het hulle die reg gehad om op daardie basis voort te gaan totdat die volk hom teen so 'n optrede sou uitspreek.[76] Ses dae later het Steyn in 'n brief aan Smuts sy standpunt verder verduidelik deur te verklaar: "Ik geloof niet dat coalitie nodig is om de gematigde Engelsman by ons te brengen. De ministerie word immers eerst gevormd en dan vindt de electie plaats. Wel tegen die tyd zal u al zulk een brede Z. Afrikaanse politiek hebben neergelegd dat ieder wel zal kunnen zien dat het geen rassen regering is."[77]

---

73. The Newcastle Advertiser and Northern Post, 12 Maart 1910, berig.
74. The Natal Mercury, 22 en 25 April 1910, berig en hoofartikel.
75. Smuts Papers, Private 188, Vol. 8/H53, T. Hyslop -- genl. Smuts, 24 Feb. en 15 Maart 1910; Marais, Die Politieke Uitwerking ..., p. 42.
76. Steynversameling, 156/1/5, pres. Steyn -- T. Hyslop, 19 Feb. 1910 (afskrif).
77. Smuts Papers, Private 188, Vol. 8/S101, pres. Steyn -- genl. Smuts, 25 Feb. 1910.

Dit was veral Steyn en Merriman se teenkanting wat die poginge tot die vorming van 'n regering uit die beste manne laat misluk het, en dat dit misluk het, was reeds voor die einde van Maart duidelik en die koerante het dit algemeen bekend gemaak. Desnieteenstaande het Hyslop steeds geglo dat die nuwe regering op 'n nie-rassegrondslag saamgestel sou word. Dié mening het hy nog op 20 April op 'n openbare vergadering by Hiltonweg uitgespreek, maar as waarskuwing bygevoeg dat as daar nie aan hierdie verwagtinge voldoen word nie, Natal verplig sou wees om kant te kies.[78]

Daarmee het hy bes moontlik bedoel dat die Natallers dan sou moes besluit of hulle hul politiek eenkant sou hou, by Botha moes skaar of by Jameson, wat toe reeds planne aan die werk gehad het vir die stigting van wat bekend sou word as die Unionisteparty. Met ander woorde, die Natallers sou hulle moes voorberei vir die partystelsel, wat deur sir William Beaumont in 'n brief aan genl. Botha as die vloek van Suid-Afrika bestempel is omdat dit die taalgroepe in twee vyandelike kampe sou verdeel.[79]

Die meeste Engelssprekende Natallers het Beaumont se siening gedeel; tog is daar reeds gewerk aan die stigting van die "Natal Party" wat Natal, so is gehoop, eendragtig in die nuwe parlement sou verteenwoordig. Hierdie veldtog tot party-stigting, waaroor in Hoofstuk 2 uitgewei word, was 'n gevolg van die politieke bedrywighede van die Afrikaners elders in die land en ook in Natal.

Die Afrikaners se mondstuk De Afrikaner het hom reeds op 6 Januarie 1910 by monde van 'n rubriekskrywer onder die opskrif "Het Koalitie Gedrocht" teen enige vorm van koalisie tussen Jameson se Progressiewe en Botha se Het Volk uitgespreek. Hy het dit ondenkbaar gevind dat genl. Botha die Afrikaners in die steek sou laat, soos hy dit gestel het, want vir hom was Botha se naam sinoniem met Afrikanersaak. Om krag aan sy standpunt teen enige vorm van koalisie te verleen, het die blad later 'n vertaalde weergawe geplaas van die Bantoeblad Imvo se siening van die saak. Dié het verklaar: "Wat onsezelf, als naturellen, betreft, erkennen we dat we nooit erg ingenomen zijn geweest met het koalitie voorstel. Het herinnerde ons steeds aan de koalitie tussen Herodes en Pilatus, waarvan 'n resultaat is geweest dat de Rechtvaardige gekruisigd werd."[80]

Partyregering is sterk deur De Afrikaner bepleit, want vir hom was regering sonder partye 'n absurditeit wat slegs tot betreurenswaardige papbroekigheid kon lei.

---

78. The Natal Witness, 21 April 1910, berig.
79. Marais, Die Politieke Uitwerking ..., pp. 25 - 26.
80. De Afrikaner, 28 Feb. 1910.

Sy standpunt was dat vele van die regte wat aan die Afrikaner op papier toegesê is, en vir die Progressiewe walglik was, in die praktyk gebring moes word, want anders had die Afrikaner slegs regte in naam. Daarom moes daar dwarsdeur die land georganiseer word en moes elke burger sy roeping besef en sy plig nakom.[81]

Hieruit spreek andermaal die skerp teenstelling in die standpunte van die twee taalgroepe, en die meningsverskil in kleine Natal was 'n presiese weergawe van dié in die res van die land.

Met die mislukking van die poginge om die stigting van 'n "best-men government" in beginsel aanvaar te kry, het gebeur wat genl. Smuts reeds in Februarie voorsien het. Die voorstanders van so 'n regering het naamlik hul hande in onskuld gewas en genl. Botha daarvan beskuldig dat hy hom deur die ekstremiste in sy eie geledere op sleeptou laat neem en sodoende 'n rassestryd ontketen het.

Hierdie aanklag bevat elemente van die waarheid, want die alternatief vir regering deur die beste manne was partyregering, en in 'n land waar daar 'n skerp verdeling tussen taalgroepe is, elk met sy eie belange, sal daar altyd 'n neiging wees om in opponerende of vyandige taalpartye verdeel te raak. Dit is ook wat gebeur het, soos wat daar by herhaling voorspel is. Dan moet daar egter in gedagte gehou word dat "best-men government", soos vroeër reeds gestel, nie deur almal met streng eerlike bedoelinge bepleit is nie, maar juis ook om die belange van 'n enkele taalgroep -- die Engelstaliges -- te beskerm. As dit vir hulle bloot om hul belange as Suid-Afrikaners gegaan het, sou weinig daarteen beswaar kon maak, maar dit het bowenal gegaan om hul belange as Brits-imperiale burgers. Dit spreek veral uit die felheid waarmee daar tevore reeds, maar nou in die besonder, teen die Afrikaner te velde getrek is. Dit was daarop bereken om, soos Smuts voorsien het, te verhinder dat gematigde Engelse na Botha oorloop.

Die polemiek rondom die voor- en nadele van regering deur die beste manne het 'n besondere geleentheid gebied om rassespanning op te wek. Of die polemiek noodwendig moontlik gemaak is deur die prosedure wat gevolg is deurdat daar eers 'n tussentydse regering saamgestel is en die eerste algemene verkiesing vier maande later gevolg het, is moeilik te bepaal. A.H. Marais glo dit was 'n "fatale flater" om so agterstevoor te werk te gaan, maar wys dan self daarop dat die Suid-Afrikawet voorsiening gemaak het vir die vorming van 'n tussentydse regering voordat die eerste parlementêre verkiesing gehou sou word.[82] Die polemiek kon egter, en sou waarskynlik, in ieder geval ontstaan het, al sou die gebruiklike en omgekeerde

---

81. Ibid., 14 Feb. 1910, hoofartikel.
82. Marais, Die Politieke Uitwerking ..., pp. 26 en 48.

prosedure gevolg gewees het, want die probleem het gelê by die mate van verteen= woordiging van die taalgroepe in die eerste regering. Die Advertiser het skuins voor Uniedag verklaar dat Botha eerlik, regverdig en in die Konvensiegees sou optree as hy slegs twee Natallers, plus Jameson en nog 'n opposisieman in sy kabinet opneem,[83] d.w.s. vier Engelse teenoor ses Afrikaners. Hiermee, veral met die insluiting van Jameson, sou die Afrikaners egter nie gediend wees nie.

Aangesien die prosedure dus nie verander kon word nie en dit haas onmoontlik was om 'n regering saam te stel wat albei taalgroepe sou bevredig, het die antwoord miskien gelê in 'n gedagte wat deur maj. Silburn en die Mercury bepleit is. Hulle het albei, laasgenoemde by herhaling, aan die hand gedoen dat die Goewer= neur-generaal die lede van die Nasionale Konvensie as tussentydse uitvoerende bestuur moes benoem en dat hy in oorleg met hulle moes trag om die Unie op 'n nie-rassegrondslag te plaas.[84]

So 'n lompe liggaam sou praktiese probleme meegebring het, maar met 'n vervroeë algemene verkiesing sou dit nie onoorkomelik gewees het nie. Bowenal sou dit verhinder het dat rassegevoelens in die wieg van die Unie uitbroei, al sou dit dan nie vir goed besweer kon word nie.

Pleks van so op te tree, het Botha 'n kabinet saamgestel wat vir vele Natallers 'n rassekleur gehad het en hul verontwaardiging ten hemele laat styg het. Daar= mee het hy hom in hul oë vereenselwig met "the Three Bonds", een van die versamelname vir al die Afrikanerpartye, wat teenoor die hele wêreld skuldig gestaan het aan "trickery and falsity and suave deception". Dit is bestempel as 'n "Bond Cabinet", 'n "Dutch Cabinet" en 'n "Boer Cabinet", enigsins getemper deur die opname daarin van twee verteenwoordigers in naam uit Natal, F.R. Moor en dr. O'Grady Gubbins, "universally acknowledged to be the weakest members of that Colony's weakest Ministry!"[85]

Botha het verraad teenoor die Engelse gepleeg, is verklaar, en Britse prestige in Suid-Afrika op 31 Mei die doodslag toegedien; Hertzog die "Onregverdige" se insluiting as Minister van Justisie is as 'n berekende belediging vertolk, en so ook dié van sy ondersteuner Abraham Fischer; H. Burton en D.P. de Villiers Graaff is beskou as onbevoeg vir die portefeuljes Naturellesake en Openbare Werke; dit is verregaande gevind dat die handel en nywerheid van die land toevertrou is aan Moor, politiek gesproke die luiste man in Suid-Afrika; en die beminlik dr.

---

83. The Natal Advertiser, 23 Mei 1910, hoofartikel.
84. The Natal Witness, 2 Maart 1910, berigte van Silburn se toespraak; The Natal Mercury, 23 Maart 1910, hoofartikel.
85. The Natal Advertiser, 23 en 31 Mei 1910, hoofartikels; The Natal Witness, 11 en 15 Junie 1910, berigte.

Gubbins, Minister sonder Portefeulje, is as "an amiable nonentity" afgemaak.[86]

Daar was egter ook meningsverkil, soos blyk uit 'n opname onder Durbaniete. Sommige het geglo dat 'n kabinet nie veroordeel moet word voordat dit kans gekry het om te werk nie; andere het verkies om anoniem te bly, maar C.P. Robinson en Silburn het kritiek gelewer. Vir Silburn, altyd skerp in sy stellinge, was dit 'n geval van Brit teen Boer, ofte wel, "the great party of South African British opposed against the forces of reaction". Hy het die insluiting van Hertzog en Sauer, Moor en Gubbins, en die uitsluiting van alle Britse Suid-Afrikaners, soos hy dit gestel het, as 'n belediging aan elke Brit in die land en aan Natal in die besonder veroordeel, terwyl Joseph Baynes die insluiting van Hertzog en Fischer betreur en geglo het dat ernstige onheil daaruit gebore sou word.[87]

Wat die gevoel van sir William Beaumont, latere voorsitter van die Suid-Afrikaanse Party in Natal, in hierdie stadium was, is onbekend, behalwe dat hy die insluiting van Hertzog goedgekeur het as mondstuk van die groot "Back Veld" wat nie onver= teenwoordig gelaat kon word nie. Die Kabinet was duidelik volgens 'n partyverdeling saamgestel wat Beaumont, soos vroeër vermeld, as die vloek van Suid-Afrika beskou het. Meer as 'n jaar later het hy egter teenoor 'n koerantman soos volg gereageer op die verwyt teen genl. Botha dat hy nie 'n koalisieregering gevorm het nie: " ... we all know that Coalition Ministries are at the best temporary expendients and can never last. No Coalition Ministry that General Botha could have formed would have lasted beyond a single session .."[88] Dit kom voor asof Beaumont se oggend- en aandpraatjies nie ooreengestem het nie, en as politikus slaan hy 'n bra powere figuur.

De Afrikaner was tevrede en ingenome met die nuwe Kabinet, maar verras oor die insluiting van dr. Gubbins, nie omdat hy hom as onbevoeg beskou het nie, maar omdat die naam van kol. Greene saam met dié van Moor genoem is. Die blad was bly dat Gubbins voorkeur bo Greene verkry het, want laasgenoemde, het hy beweer, sou nie met Hertzog oor veral taalgelykheid kon saamwerk nie. Moor en Gubbins het hy as gematigdes bestempel wat die Afrikaners goedgesind was en wie se politieke sienswyse met dié van Botha en sy ander kollegas s'n sou strook.[89]

---

86. The Natal Mercury, 1 Junie 1910, hoofartikels; The Natal Witness, 1 en 2 Junie 1910, hoofartikels.
87. The Natal Mercury, 2 en 3 Junie 1910, berigte; PM/OG, J. Baynes -- genl. Botha, 14 Sept. 1913.
88. PM/OG, W. Beaumont -- genl. Botha, 23 Junie 1913; The Zululand Times, 8 Des. 1911, berig.
89. De Afrikaner, 2 en 9 Junie 1910, hoofartikels.

Word die koerantkommentaar ontleed, veral wat betref die insluiting van die twee Natallers, is die gevolgtrekking dat, terwyl De Afrikaner te vleiend was en sake deur 'n Afrikanerbril bekyk het, sy Engelstalige tydgenote te veroordelend was weens vooroordeel en omdat hulle sake deur 'n Britse bril betrag het. Moor en Gubbins was weliswaar nie van 'n besondere politieke formaat nie, maar dit geld al Natal se politici van die tyd. Vir wie moes hulle dan nou plek maak? Hierdie vraag is nooit duidelik beantwoord nie. Dan kan daar wel gevra word of dit nie juis as 'n klap in die gesig van Natal beskou sou kon word indien Moor, sy Premier, oor die hoof gesien sou word vir 'n ander Nataller nie.

Charles O'Grady Gubbins, 'n medikus van Ierse afkoms, het Newcastle van 1901 tot en met uniewording in die Wetgewende Vergadering verteenwoordig. Die laaste vier jaar was hy lid van die Kabinet as Koloniale Sekretaris en Minister van Onderwys en het hy by verskeie geleenthede as Eerste Minister waargeneem. Na sy afsterwe op 7 Desember 1911 het die Mercury self erken dat, hoewel Gubbins nie 'n besondere politieke aanvoeling gehad het nie, sy bydrae tydens die onderhandelinge oor uniewording van so 'n aard was, dat hy eenvoudig nie van 'n hoër pos uitgesluit kon word nie.[90]

Die verdoemende kritiek op die twee Natallers is eerder gelewer omdat hulle nie Brits-imperialisties was nie, omdat hulle goed met die Afrikaners oor die weg gekom het en bereid was om met Botha en sy Afrikaners saam te werk. Weens die vooraf aandrang van die einste koerante en leiers op die samestelling van 'n regering uit die beste manne, onder wie Jameson, het hulle geen ander keuse gehad as om die aangekondigde Kabinet te verdoem nie; en 'n mens durf wel die vraag vra of die kritiek op die insluiting van Moor en Gubbins ewe verdoemend sou gewees het indien Jameson een van hul kollegas in die Kabinet was.

In teenstelling met die skerp kritiek op Moor en Gubbins is die aanstelling van Charles James Smythe, 58-jarige veeboer van Strathearn, Nottinghamweg, as Administrateur op 31 Mei gunstig begroet. Hy is geloof as 'n skerpsinnige en taktvolle mens wie se aangename persoonlikheid en kennis van plaaslike bestuursake hom 'n gesagsposisie in Natalse politiek laat verwerf het. Hy was lid van die Wetgewende Vergadering sedert die instelling van verantwoordelike bestuur in 1893, Speaker

---

90. PM 170/1/12, afskrif van Senaatsmosie met afsterwe van Sir O'Grady Gubbins, ongedateer; The Natal Mercury, 9 Des. 1911, grafskrif. Marais, Die Politieke Uitwerking ..., p. 85, beweer verkeerdelik dat Gubbins kort voor die eerste algemene verkiesing oorlede is en vervroeg daarmee die sterfdatum met meer as 'n jaar.

NATAL STAP UNIE LEIERLOOS BINNE



Adm. C.J. Smythe



Sen. C. O'Grady Gubbins | Sen. J. Liege Hulett



Oud-premier F.R. Moor



Sen. C. Hitchins

NATAL ADVERTISER, SATURDAY, FEBRUARY 26, 191

LOOKING FOR A LEADER!

M - - R.—"Now—I wonder she has'nt noticed ME!"



Sen. T.J. (Tol) Nel



Sen. F.A.R. Johnstone

Sen. F.O.F. Churchill



Sen. M. Campbell



Sen. H.D. Winter

van 1897 tot 1899, twee keer Koloniale Sekretaris en een keer Premier, van Mei 1905 tot November 1906.[91] Bewyse is egter nie gevind dat hy kop en skouers bo Moor uitgetroon het nie, maar hy het, wat die openbare oog betref, die voordeel bo Moor gehad dat sy premierskap kortstondiger was. Voorts moet die goedgesindheid waarmee sy aanstelling bejeën is, ook gesien word in die lig van sy amp, wat politiek min of meer neutraal was en steeds is.

So het Uniedag aangebreek en het die ideaal wat sedert sir George Grey se tyd gekoester is, in vervulling gegaan. Eienaardig genoeg -- of miskien juis nie -- is dit die Natalse Afrikaners wat 31 Mei 'n spesiale dag wou maak en het die politieke eenwording van Engelsman en Afrikaner die verbeelding na buite in 'n groter mate aangegryp as dié van die Natalse Engelse.

Die Afrikaners se Het Kongres het byvoorbeeld reeds op sy sitting op 21 Januarie op Vryheid en op voorstel van Richard Levisohn, besluit om vertoë tot die Natalse regering te rig om 31 Mei 1910 as dankdag aan die Voorsienigheid af te sonder vir die totstandkoming van die Unie en dat dié regering die ander regerings daaroor moes nader. De Afrikaner het Natal geloof dat hy die voortou in die saak geneem het en wou dat 31 Mei van die begin af aangegryp moes word om die ideaal van die tot stand bring van 'n verenigde Suid-Afrikaanse nasie te laat inslaan. Dit moes nie bloot 'n vakansiedag vol uitspattighede wees nie, maar 'n nasionale feesdag waarin die kerke hul rol moes speel. Hy het daarop gewys dat die eienaar van De Afrikaner, die heer B.I. Vorster, reeds in April 1908 in 'n brief aan die Witness gevra het dat die dag waarop die Unie geproklameer word, as Suid-Afrikadag gevier moes word.[92]

Na buite het unifikasie die verbeelding dermate aangegryp dat daar op verskeie plekke en op verskeie wyses uiting daaraan gegee is in die Engelssprekende wêreld. Op inisiatief van die Kanadese handelskommissaris in Durban het duisende Kanadese skoolkinders van alle klasse en oortuiginge, Engels- en Franstaliges, op 31 Mei van die Atlantiese Oseaan tot die Stille Oseaan, 'n afstand van oor die 3 000 myl, verenig "in honouring the school children of British South Africa by flying the flag in celebration of the first Natal day of United South Africa". Dit is gedoen in die verwagting dat die Suid-Afrikaanse skoolkinders, Boer en Brit, dit sou aanvaar as 'n gebaar van liefde en waardering van hul broers en susters oorkant die oseane. Op dieselfde dag het vlae van al die federale geboue in Ottawa ter ere van Uniedag gewapper.[93]

91.. The Natal Witness, 1 Junie 1910, berig; The Times of Natal, 28 Mei 1910, berig.
92. De Afrikaner, 27 Jan. en 10 Feb. 1910, berig en hoofartikel.
93. PM 220/2/10, Goewerneur-generaalsminute 23/1/10 van 1 Julie 1910 en bylaes.

Natalse Engelstaliges het ook feesgevier, maar nie met dieselfde geesdrif as op Empiredag nie. Daar was 'n redelike opkoms by die dankdiens in die Durbanse stadsaal en baie mense het die sportveld Lords en die vuurtoring op die Bluff besoek, terwyl skepe in die baai fraai opgetooi was en die Union Jack van verskeie geboue gewapper het. Die gesamentlike diens in Pietermaritzburg is in 'n stampvol stadsaal voltrek waar hoofregter sir Henry Bale die hoofrede gelewer en 'n beroep op die Natallers gedoen het om nie afsydig te staan nie. Dienste is ook in die onderskeie kerke gehou en die agtermiddag was daar 'n reusekinderfees in Alexandrapark wat deur 'n groot skare bygewoon is.[94]

Afrikaner en Engelsman was saam binne een politieke struktuur, maar daar was nog geen eenheid van hart en siel nie. Terwyl duisende Afrikaners verheug was oor die feit dat hulle uiteindelik weer onder 'n Afrikanerregering gestaan het, het dit by die Engelstaliges 'n gevoel van verbittering en frustrasie gewek. Van watter nut was die verwoestende oorlog wat gevoer is as die Afrikaner koning kraai? is gevra. Skaars agt jaar ná die vredesluiting tussen Boer en Brit aanvaar die Kommandant-generaal van die destydse Boeremagte politieke beheer oor 'n verenigde Suid-Afrika, met die vooruitsig op 'n lang diktatuur. In daardie oorlog is die Afrikaner onderwerp en sy grondgebied geannekseer teen 'n regstreekse koste vir die "Empire" van £300 miljoen en 25 000 lewens, terwyl dit onregstreeks meer aan geld en bloed gekos het. Daardie einste Boer het egter die bewind oorgeneem en illustreer aan die ganse wêreld die waarde van 'n wag-en-sien-beleid.[95]

Daar was andere met 'n ander siening, soos die Times of Natal, wat met groot optimisme oor die nuwe Suid-Afrikaanse nasionalisme geskryf en die uitbarstinge van veral die Witness as "Crude and puerile incitements to racial prejudice and passion" verdoem het. Die Times het egter maar 'n geringe volgelingskap gehad, terwyl die Witness nie alleen die gevoel van die mees verbitterde seksie vertolk het nie, maar ook van 'n veel wyer publiek. Vir hom was dit 'n skande dat die Britte, soos hy dit gesien het, geen sê meer in Suid-Afrika had nie. Desondanks, het hy verklaar, sou Natal Brits bly "determined ... that it shall remain a British Dominion in which the worthiest traditions of the British race shall be maintained and handed down to our descendants ..."[96]

---

94. The Natal Mercury, 1 Junie 1910, berig; The Natal Witness, 1 Junie 1910, berig.
95. The Natal Mercury, 31 Mei 1910, artikel deur "Scrutator". Sien ook The Natal Witness, 20 Junie 1910, brief deur "G.C"; The Natal Advertiser, 3 en 25 Junie 1910, hoofartikel en brief deur "Union in Fact, Not in Name".
96. The Times of Natal, 31 Mei en 3 Junie 1910, hoofartikels; The Natal Witness, 31 Mei en 3 Junie 1910, hoofartikels.

Uit hierdie en soortgelyke kommentaar spreek die vernedering wat Engelstaliges ervaar het by die wete dat die Afrikaners aan bewind was, en die verbittering jeens Brittanje dat hy sy eie koloniste aan die genade van 'n Boereregering uitgelewer het. Dít was die verbitterde reaksie van diegene wat veel later deur Calpin, ook 'n Nataller, bestempel is as "the true-blue Bull Dog Breed of Natal".[97]

Gelei deur 'n gees van Britsheid het Natal die Unie binnegegaan. Daarteenoor was daar sy eie Afrikaners en dié elders in die land wat Afrikanerideale voorgestaan het. 'n Botsing was ophande, tensy genl. Botha se konsiliasiebeleid die twee kon versoen, maar sy "splitspolitiek", soos dit later deur 'n ou volgeling genoem sou word,[98] kon twis en tweedrag onder die Natallers nie verhinder nie. Van eenheid en samewerking op politieke gebied sou daar weinig sprake wees -- nie alleen tussen Engelsman en Afrikaner nie, maar ook tussen die Natalse Engelse onderling.

---

97. G.H. Calpin, There Are No South Africans, p. 88.
98. De Afrikaner, 22 Junie 1915, F.W. van Reenen se verklaring op stigtingskongres van Nasionale Party.

HOOFSTUK 2

POLITIEKE PARTYE EN 'N VERKIESING

1. Inleiding

Die partygrondslag waarop die eerste Unieregering saamgestel is en die politieke loop in die res van die land het die Natallers verplig om ook tot partyvorming oor te gaan. Dit het gepaard gegaan met 'n sterk begeerte dat Natal hom afsydig moes hou van die politieke strominge elders in die land en om sodoende die mags= faktor in die nuwe Parlement te word; dog, ironies genoeg, het presies die teen= oorgestelde gebeur. In daardie eerste ses jaar, van begin 1910 tot eind 1915, het sy politieke krag versmelt tussen 'n sestal politieke partye en groepe waarvan twee Natals van oorsprong en doodgebore sou wees.

Hoewel daar rondom uniewording meer as 'n halfdosyn politieke verenigings en organisasies in Natal bestaan het, of gestig is, kon die partypolitieke masjien, vanweë onbekendheid met die stelsel, eenvoudig nie in rat kom nie. Die koerante was by tye skoon raadop hieroor en het die politici gekasty oor die gebrek aan leiding wat daar van hulle uitgegaan het. Die koerante is egter self ook te blameer, want terwyl sommige die politieke leiding aan 'n Afrikanerparty opgedra het, het andere die stigting van 'n suiwer Natalparty gepropageer, of aansluiting by die Unionisteparty voorgestaan.

Die Afrikaners, ietwat beter bekend met die partystelsel as die Engelse en aan= vanklik ook beter georganiseer, soos spoedig sal blyk, het die politieke bal aan die rol gesit. Hul vertoë tot die Engelstaliges om met hulle saam te werk, is egter met minagting behandel en het as teenreaksie gehad dat laasgenoemdes self begin organiseer het.

Eienaardig genoeg het genl. Louis Botha op een na, naamlik die Arbeiders, die steun van al hierdie faksies geniet, maar hulle het verskil ten opsigte van die wyse van hulpverlening aan hom.

Natal was beslis nie 'n toonbeeld van politieke wysheid en eensgesindheid nie.

2. Die Afrikaners en Het Kongres

Te midde van die verengelsing was daar tog ook 'n begeerte onder die Afrikaners om hulself te handhaaf en uit te leef. Daar was steeds diegene onder hulle wat hul taal, hetsy Nederlands, Vereenvoudigde Nederlands of Afrikaans, hoog geag het en vir wie gelyke taalregte met die Engelse en die aandrang op die toepassing daarvan, hand aan hand met hul politiek geloop het, anders sou konsiliasie vir hulle eensydig gewees het. Hul politieke strewe is egter gekenmerk deur 'n koppige dwarstrekkery wat hul politieke krag in net so 'n mate soos dié van die

Engelse laat vervloei het.

Hul mondstuk De Afrikaner het vroeg reeds verklaar dat die Afrikaners nie gedryf nie, maar op verstandige wyse gelei moes word en het gewaarsku dat hulle hul nie deur 'n uniegees moes laat bedwelm nie. Die doel met uniewording, het hy verklaar, was nie om die Afrikaners deur 'n ander nasionaliteit te laat opslurp nie; daarom had hulle die volste reg om op 'n Afrikaans-Christelike grondslag te ontwikkel, hul voorvaderlike gewoontes te handhaaf en 'n aparte volksbestaan te bestendig. In dieselfde trant as waarin genl. Hertzog hom in 1912 sou uitdruk, het die blad verklaar: "Laten die twee talen, en die twee naties zich naast elkander op gezonde grondslag ontwikkelen, en op vriendschappelik voet verkeren, en wij zijn ervan overtuigd dat zodanige overeenkomst rijke vruchten voor het Britse Rijk zal voortbrengen." As die Afrikaner op sy regte aandring, het hy vervolg, sou daar onderlinge vertroue en harmonieuse samewerking wees. Die kapitaliste wat Suid-Afrika net as melkkoei gebruik, sou voortgaan om teen die hoogste belange van Suid-Afrika te velde te trek, maar die gematigde en verstandige Brit sou hom in die toekoms aan die sy van die Afrikaner moes skaar, daartoe gedwing deur die vorming van politieke partye.[1]

Dit was 'n kragtige stelling wat geen twyfel kon laat oor wat die blad voorstaan nie. Sy verwysing na die vorming van politieke partye was ook nie op ydele hoop gegrond nie, maar het geslaan op politieke bedrywighede elders in die land en die feit dat die Natalse Afrikaners jare lank reeds hul eie Het Kongres gehad het. Laasgenoemde het juis ontstaan met die uitsluitlike doel om die Afrikaners van Natal se belange te bevorder en het 'n geskiedenis wat terugreik tot die tagtigerjare van die vorige eeu.

Dit was deur bemiddeling van die Duits-Russies gebore Joshua R. Herschensohnn, stigter-redakteur van eers De Natal Boeren Vriend en kort daarna De Natal Afrikaner, dat boereverenigings in Natal gestig is om na die Afrikaners se belange om te sien. Die eerste sodanige liggaam, die Helpmekaar-Boerevereniging, is op 11 November 1885 gestig en is spoedig deur andere gevolg. Herschensohnn het deur middel van sy koerant hierdie verenigings uit die staanspoor in 'n politieke rigting gestuur en kan dus, hoewel hy uiteindelik 'n ander politiek sou voorstaan, as die vader van Afrikanerpolitiek in Natal beskou word.[2]

---

1. De Afrikaner, 24 Feb. 1910, hoofartikel. Sien ook ibid., 6 Jan. en 21 Feb. 1910, hoofartikels.
2. A.J. van Wyk, "Die Afrikaanse Koerantwese in Natal", NEON 18, Aug. 1975, pp. 95-96.

Hierdie verenigings het van tyd tot tyd kongres gehou en daaruit is die saam=bindende liggaam Het Kongres gebore wat tot die uitbreek van die Tweede Vryheids=oorlog na die belange van die Natalse Afrikaners omgesien het. Die oorlog het ontwrigting gebring en dit was, soos elders in die land, eers enkele jare na vredesluiting dat daar orde uit die chaos begin kom het. 'n Paar van die vooroorlogse boereverenigings het herleef en daar is op die goeie werk gewys wat in die verlede gedoen is. Dit was egter veral die Afrikaners van die Transvaalse distrikte Utrecht en Vryheid en 'n deel van Wakkerstroom, wat by Natal ingelyf is, wat aan die werk gekom en boereverenigings gestig het.[3]

Dit is vanselfsprekend dat daar spoedig 'n behoefte sou ontstaan om 'n koördi=nerende liggaam te stig, en die eerste roering in hierdie rigting het in die distrik Vryheid gekom waar die here A. von Levetzow en A.J. van Schalkwyk die leiding geneem het. Hul voorbereidingswerk het daartoe gelei dat Het Kongres op 17 Maart 1906 aan die hand van die vooroorlogse model op die plaas Rooikoppies van mnr. Jac Uys naby Bloedrivier in die distrik Utrecht herstig is. Die weder=gebore liggaam het hom op verskeie terreine in belang van die Afrikaners beywer en sy vierde kongres reeds op 16 Junie 1909 gehou, vier dae nadat die uitslag van die Natalse referendum oor uniewording bekend gemaak was. Het Kongres het hom sterk vir uniewording beywer en noudat daar geen struikelblok meer in die weg tot die beoogde vereniging van die vier kolonies was nie, het hy 'n nuwe fase betree. Dat dit terdeë besef is, blyk daaruit dat die statute by die geleentheid goedgekeur en die doelstelling soos volg omskryf is: "Het Kongres heeft ten taak de overweging, bevordering en bescherming van de volks- en landsbelangen van Natal in 't bizonder en van Zuid Afrika in 't algemeen."[4]

Met die aanbreek van die jaar 1910 was Het Kongres 'n gevestigde liggaam en het sy bestuur, bestaande uit J.J. Uys, voor., E.G. Jansen, sekr., en M.W. Myburgh, LWV vir Vryheid, J.H. Klopper, A.T. Spies en J.C. Adendorff, dadelik daartoe oorgegaan om Engelssprekendes daarin opgeneem te kry. Dit was 'n poging om die goeie samewerking tussen die taalgroepe tydens die referendum-veldtog in die praktyk te bring. Met hierdie doel voor oë is 'n buitengewone vergadering op 21 Januarie in die gebou van A. von Levetzow op Vryheid gehou, waar die burge=meester, mnr. J.O. Player, die bestuurslede en 'n veertigtal afgevaardigdes van 22 boereverenigings op Engels verwelkom het.[5]

---

3. E.G.Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911, pp. 1-2.
4. Ibid., pp. 2-15.
5. De Afrikaner, 27 Jan. 1910, berig.

Die hoofdoel van die vergadering is deur voorsitter J.J. Uys en mnr. A.T. Spies uiteengesit as synde "om te werk vir die welvaart van elke Blanke inwoner van Natal wat Suid-Afrika as sy tuiste beskou het, afgesien van ras of nasionaliteit". Uys het aangevoer dat rassehaat vir goed van die toneel verdwyn het en dat dit die strewe van Het Kongres en iedere Afrikaner behoort te wees om rassesamewerking te bevorder en getrou aan Groot-Brittanje en die Britse vors te bly. Na 'n lang bespreking is besluit dat, aangesien dit in belang van Natal was dat sy twee Blanke taalgroepe saamwerk om die beste verteenwoordigers na die Parlement en Provinsiale Raad te stuur, die statute so gewysig moes word dat Engelssprekendes vrymoediglik lidmaatskap kon bekom. Die sekretaris is opdrag gegee om 'n vertaalde weergawe van die statute in die Engelse dagblaaie te publiseer, vergesel van 'n uitnodiging aan alle Natallers om hulle by Het Kongres aan te sluit en takke daarvan in hul omgewing te stig.[6]

Dit is insiggewend dat die besluit van hierdie vergadering die eerste daadwerklike poging was om politieke samewerking tussen die twee taalgroepe te verkry. Die vergadering is gesien as 'n geslaagde poging om die gematigdes van die twee groepe rondom 'n Suid-Afrikaanse patriotisme saam te snoer en die jukskeibrekers opsy te jaag, want "Voor de vlagwaaiers, de ultra uitersten, de jingoes, en al die nuttelozen en kwaadstekers, zijn er in onze organisatie geen plaats, tensij Het Kongres kans ziet dat mengelmoes same te verkoken tot een nuttig 'stew' (gebrouw), geen 'Irish stew,' maar een soort van Afrikaanse bredie."[7]

Dit was die vergesig in hierdie vroeë stadium: dat die gematigdes van die taalgroepe, met behoud en bewaking van hul onderskeie regte, mekaar die hand moes reik en tot 'n "Afrikaanse bredie" omgevorm moes word. Dit was met hierdie ideaal voor oë dat E.G. Jansen, in opdrag van Het Kongres, 'n persuitnodiging tot die Engelse gerig het om saam te werk en 'n gematigde party tot stand te bring onafhanklik van politieke partye elders in die land.[8] Dit was volkome in ooreenstemming met die aandrang van Natal se Engelse op rassesamewerking; dog hul aandrang daarop het by woorde gebly. Samewerking het inderdaad vir hulle beteken, saamstaan met hulle rondom die Britse ideaal, en dit was gewis nie die ideaal van Het Kongres nie. Daarom sou die Afrikaners se uitnodiging tot samewerking geen byval by die Engelse vind nie.

---

6. Ibid.; Jansen, Die Natalse Boerekongres ... , pp. 17-18.
7. De Afrikaner, 27 Jan. 1910, berig en hoofartikel.
8. The Natal Witness, 28 Jan. 1910, berig. Dit was vergesel van 'n Engelse weergawe van die statute van Het Kongres, wat in Hollands voorkom in Jansen, Die Natalse Boerekongres ... , pp. 19-21, en De Afrikaner, 14 Feb. 1910.

Die buitengewone vergadering van 21 Januarie is deur 'n besondere bedrywigheid onder veral die Afrikaners van die noordelike distrikte gevolg. Die nasionale vuur was aangesteek, is verklaar; die boereverenigings en Het Kongres was onafskeidbaar en moes kerngesond gehou word. "Het Kongres is de lokomotief en de Boereverenigingen zijn de wagens. Bloeit Het Kongres dan zullen de takken bloeien ... "; tesame moes hulle 'n gedenkteken wees dat die verlede en die voorvadere nie vergeet sou word nie. Daarom moes vele takke van die boere= verenigings gestig word, nie net in die noordelike distrikte nie, maar ook in die gebiede waar die Afrikanerelement minder sterk was.[9]

De Afrikaner is spoedig oorlaai met advertensies en kennisgewings van vergaderings, briewe oor politieke bedrywighede en uitvoerige notules van vergaderings van boere= verenigings, sommige pas gestig. Notules, langdradig en vervelig maar volledig, het ingestroom van boereverenigings soos dié van Paulpietersburg, Boven-Umvoti, Nondweni, Penvaan, Normandien, Vryheiddorp, Mkuze, Dannhauser, Biggarsberg-Helpmekaar, Utrecht-distriksbestuur, Utrecht-Schurweberg, Rustverwacht, Bloed= rivier, Nhlazatshe, Lunebürg, Newcastle. Die stroom het so dik geword dat die blad die sekretarisse van verenigings moes aanmaan om hul verslae te verkort en nie die woordelikse notules in te stuur nie.

Hoewel dit duidelik deurskemer dat Afrikanerbelange en Afrikanerskap deur baie van hierdie mense vooropgestel is, spreek daar uit die vele briewe en verslae tog ook 'n sterk begeerte tot gesonde samewerking en 'n suksesvolle deurvoering van die Suid-Afrikaanse eenheidsbeweging. Vele van die Afrikaners het dit eerlik bedoel met hul Engelse landgenote, soos uiteengesit deur byvoorbeeld J. Wiggett, "Oom Arrie" van Paddafontein en J.C.I. Rudolph. Nie almal was met ewe veel geesdrif besiel nie. Op 'n vergadering van die Bloedrivierse Boerevereniging was A.T. Spies so ontsteld oor die swak bywoning dat hy hom geroepe gevoel het om te waarsku dat as daar nie vuriger belangstelling by die "volk" opgewek word nie, hulle binne 20 jaar die houthakkers en waterdraers sou wees.[10] Hy was een van diegene vir wie dit in die eerste instansie om die Afrikaners en hul belange gegaan het.

Die vergaderings het in 'n groot mate in verband gestaan met sake wat op die eersvolgende kongres bespreek sou word, soos 'n voorgestelde naamsverandering

---

9. De Afrikaner, 3 Feb. 1910, hoofartikel.
10. Ibid., 3 en 21 Feb. 1910, briewe deur J. Wiggett, "Oom Arrie" en J.C.I. Rudolph, 31 Maart 1910, notule van vergadering.

en wysiginge van die statute. Interessant is dit dat 'n Engelse briefskrywer voorgestel het dat die naam van Het Kongres na die "United South African Party", of die "United African Party" verander moes word. Die Jood Richard Levisohn van die Penvaan-Boerevereniging was ten gunste van "Voorwaarts" ("Forwards"), "Alliance", of so iets, maar op die jaarkongres wat van 18-19 Mei op Vryheid gehou is, is De Natal Volksvereniging as naam aanvaar, en om die liggaam aanvaarbaar vir die Engelse te maak, is hy op Engels gedoop tot The Natal Peoples Union.[11]

Op hierdie vyfde jaarkongres was daar 'n vyftigtal afgevaardigdes van 27 boereverenigings, van die Royal Natal Agricultural Union en van die pas gestigte Dundee Political Association. Die heer W. Springorum, die latere parlementêre kandidaat in die kiesafdeling Dundee, is deur die Political Association afgevaardig om ondersoek in te stel na moontlike samewerking met die Volksvereniging, terwyl Henry Wiltshire, later LV vir Kliprivier, die goeie wense van die Royal Natal Agricultural Union oorgedra het. Richard Levisohn, 'n voorstander van Botha se beleid van vergewe en vergeet, wou dat daar in die stede en dorpe vergaderings gehou word om propagande vir die Volksvereniging te maak en "om zodoende onze Engelse Afrikaner vriende met onze Vereniging in kennis te stellen", maar dit het nie byval gevind nie. Die kongres het hom gunstig uitgespreek oor die plan van genl. Botha om die verskillende politieke organisasies in die land met gemeenskaplike oogmerke, in een nuwe party saam te snoer en met die oog daarop het die kongres opdrag aan die bestuur gegee om, indien 'n uitnodiging ontvang word, afgevaardigdes na so 'n amalgamasiekonferensie te stuur. Sekretaris Jansen is met 'n silwereetservies vir sy dienste beloon en die bestuur is feitlik voltallig herkies: J.J. Uys, voor., E.G. Jansen, sekr., M.W.Myburgh LWV vir Vryheid, J.C. Adendorff, W. van Rooyen, A.T. Spies, A. von Levetzow, P.R. Vermaak en J.H. Klopper.[12]

Dit was 'n geslaagde en belangrike kongres, waarskynlik die belangrikste wat hierdie liggaam nog gehou het. Dit het getoon dat die Afrikaners kon organiseer, dat hulle ywerig was, dat hulle dit wel met die Engelse bedoel het en samewerking begeer het in belang van 'n verenigde Suid-Afrika. Dit was met die volle wete van die lewenskrag wat die pas afgelope kongres geopenbaar het dat daar enkele

---

11. The Vryheid Herald, 18 Feb. en 20 Mei 1910, brief deur W.H. Garnett Bennett en hoofartikel; De Afrikaner, 24 Feb., 7 Maart en 28 Julie 1910, berigte en brief deur E.G. Jansen.
12. Jansen, Die Natalse Boerekongres ... , pp. 18-19; The Vryheid Herald, 20 en 27 Mei 1910, berigte; De Afrikaner, 23 Mei en 6 Junie 1910, berigte en brief deur E.G. Jansen.

dae later, op 23 Mei, 'n telegram van gelukwense aan genl. Botha gestuur is met sy aanwysing as eerste Premier van Suid-Afrika.[13] Die tyd sou egter leer dat dit makliker is om eendragtige optrede en eensgesinde samewerking op 'n kongres te bepleit as om dit in die praktyk uit te leef. Tweedrag in Afrikanergeledere sou die geskiedenis van die kortstondige Volksvereniging kenmerk.

3. Verwarring onder die Engelse

Die beroep om samewerking op die Natalse Engelse wat E.G. Jansen teen die einde van Januarie deur middel van die pers gedoen het, het nog skaars in druk verskyn of sowel die Witness as die Mercury het met lof verwys na die snelle politieke optrede van die Afrikaners en die voorbeeld wat hulle sodoende aan die Engelse gestel het, maar die uitnodiging tot samewerking is summier verwerp. Dit was vir hierdie twee koerante ondenkbaar dat die Engelse met so 'n Afrikanerorganisasie kon saamwerk, want Het Kongres was vir hulle, ten spyte van die feit dat hy sy deure doelbewus vir die Engelse oopgegooi het en los van die politieke partye in die ander provinsies wou staan, niks anders nie as 'n klein boetie van "The Three Bonds". Dit was derhalwe vir hulle 'n organisasie wat op 'n rasselees geskoei was en daarom verwerplik.

Natal se Engelse, is verklaar, was van plan om die politiek op 'n nie-rassegrondslag te voer, maar het van hul verkose Parlementslede verwag "to maintain the independent traditions and characteristics of our Colony". As Het Kongres hom sou verbind om hierdie ideaal van Natal se Engelse na te streef, sou hy volle samewerking kry, anders nie. Enige sprake van samewerking is egter in die kiem gesmoor deur Het Kongres se verwantskap met ander Afrikanerpartye en die feit dat hy De Afrikaner tot mondstuk verklaar het. Laasgenoemde in sigself was al verdoemend, het die Mercury verklaar, "for a Dutch newspaper can never be the official organ of the British section of the population".[14]

Hierdie verwerping van die Afrikaners se uitnodiging tot samewerking is 'n openbaring enersyds van die Engelse se vrees vir Afrikaneroorheersing en hul begeerte andersyds om Britse ideale na te streef. Hul poginge om die een af te weer en die ander aan te hang, het hulle in verskillende strydende groepe laat uiteenval, want hulle was, met die uitsondering van die Arbeiders, totaal gedesorganiseer

---

13. Jansen, Die Natalse Boerekongres ... , p.25.
14. The Natal Mercury, 1 Feb. 1910, hoofartikel; The Natal Witness, 31 Jan. 1910, hoofartikel. Sien ook Jansen, Die Natalse Boerekongres ... , pp. 22-24.

en rigtingloos. Die Arbeiders se politiek is weer as so radikaal afwykend beskou dat hulle kwalik kans gehad het om leiding te neem.

Hieruit moenie afgelei word dat die Arbeiders sonder invloed was nie; trouens, die ideale van die vroeëre arbeiderbeweging het 'n vrugbare veld in Natal gevind. Die beweging het teen die einde van die 19de eeu in Suid-Afrika inslag gekry as gevolg van die groei van die stede na die ontdekking van diamante en goud. Dit het veral steun gekry van immigrante, hoofsaaklik Britse en Australiese vakmanne, wat die arbeider- en sosialistiese leerstellinge van die tyd met hul saamgebring het.[15]

Van hierdie immigrante het hulle in Natal bevind, waar vier Arbeiders met die 1906-verkiesing tot die Natalse Wetgewende Vergadering verkies is, naamlik N.P. (Nelson) Palmer, C.H. Haggar, D. Taylor en J. Connolly. Een van hulle, die oud-Australiër Haggar, het die eerste sekretaris van die Suid-Afrikaanse Arbeiderparty geword wat in Januarie 1910 juis in Durban gestig is om die belange van die Blanke arbeiders te behartig. Dit was die eerste party wat sy vleuels dwarsoor Suid-Afrika uitgesprei het en waarby Natal se eie arbeider-organisasie, die Workers' Political Association, hom spoedig aangesluit het. Takke van die party was aktief in Pietermaritzburg en Durban en die sekretaris van die voormalige Workers' Political Association, Frederick Thomas Powrie, sou saam met die parlementariër Nelson Palmer en die latere bekende Thomas Boydell onder die sewe Arbeiders wees wat hulle vir die algemene verkiesing van 1910 sou laat nomineer. Hulle het veral 'n aanhang onder die spoorwerkers gehad, maar dit blyk dat, terwyl hulle oormatige vertroue in hul eie krag gehad het, hul organisasie nie na wense was nie.[16] Hoe dit ook al sy, hulle was in 'n omvattende Suid-Afrikaanse party verenig nog voordat die gemiddelde Natalse Engelsman geweet het in watter politieke kamp hy hom sou afdraad.

In hierdie vroeë stadium was daar wel politieke verenigings soos die Durban Mercantile League en Durban Political Association, terwyl 'n Political Association op Newcastle en op Vryheid herleef en 'n soortgelyke liggaam op Dundee gestig is, maar hulle was geeneen 'n politieke party nie.

---

15. D. Ticktin, "The War Issue and the Collapse of the South African Labour Party, 1914-15", South African Historical Journal, No. 1, Nov. 1969, p.59.
16. K.127, Band 9, F.T. Powrie - G.R. Hofmeyr, 29 April 1910; L.M. Thompson, The Unification of South Africa 1902-1910, pp. 349-351, 460; The Natal Witness, 10 Junie 1910, berig.

Die Vryheid Political Association het reeds op 16 Februarie herleef met J. Anderson as president en dr. Charles J. Davey vise-president, terwyl die Dundee Political Association op 12 Maart gestig is onder voorsitterskap van A.J. Oldacre, met H.W.A. Richardson sekretaris en W. Springorum een van die bestuurslede. Hierdie liggame is met die oog op die ophande synde algemene en provinsiale verkiesings in die lewe geroep en pogings is wedersyds aangewend om hulle by Het Kongres ingeskakel te kry, waardeur hulle hul die gramskap van die Witness op die hals gehaal het. Die blad het geglo dat die samewerking wat Het Kongres bepleit het, net soos die oogmerke van "the Three Bonds", slegs op een ding kon neerkom: verswelging van die Engelse. Daarom het hy sy noordelike lesers gewaarsku dat as hulle hul by Het Kongres aansluit, hulle spoedig sou vind hulle word uit Pretoria regeer. Ten spyte hiervan was daar op Vryheid tog 'n mate van samewerking tussen die Association en Het Kongres, later De Natal Volksvereniging, en het takke van die Association op Dundee hulle by die Volksvereniging aangesluit; dog dit was net vir die duur van die verkiesing.[17]

Die bedrywigste van die noordelike Engelstalige liggame was die Newcastle Political Association, en sy kleine geskiedenis is 'n goeie weergawe van Natal se politieke verwarring in die algemeen.

Dit was op Dinsdag, 8 Maart 1910, dat hierdie liggaam herleef het, maar toe daar getrag is om 'n bestuur verkies te kry en Frank Greaves, uitgewer-eienaar van The Newcastle Advertiser and Northern Post, reeds as president voorgestel en verkies was, is daar koue water oor alles gegooi. J. Crook was naamlik van mening dat, sodra 'n bestuur verkies is, dit alle hoop op amalgamasie met soortgelyke verenigings in die omgewing in die kiem sou smoor. Sy voorstel is aanvaar, dat 'n afvaardiging van vyf man uit die vergadering gekies moes word om met ander liggame in en om Newcastle te skakel met die doel om hulle byeen te bring vir politieke doeleindes en binne 14 dae verslag te doen.[18]

Hoewel dit nie spesifiek gesê is nie, was die belangrikste liggaam wat hulle in die oog gehad het, die Afrikaners se Het Kongres.

---

17. Jansen, Die Natalse Boerekongres ... , p.24; The Vryheid Herald, 18 Feb. 1910, berig; The Natal Witness, 15 en 24 Maart 1910, berig en hoofartikel.
18. The Natal Witness, 11 Maart 1910, berig; The Newcastle Advertiser and Northern Post, 12 Maart 1910, berig.

Op die eersvolgende vergadering op 23 Maart het die waarnemende sekretaris, F.G. Butcher, verklaar dat hy met die verskillende organisasies in die distrik geskakel het, maar dat die Newcastle-Boerevereniging die Political Association uitgenooi het om by Het Kongres aan te sluit waarby hy reeds ingelyf was. Van Ingogo en Charlestown is geen antwoord ontvang nie, maar die Upper Biggarsberg Farmers' Association het hom bereid verklaar om aansluiting te ondersoek. Na hierdie bekendmaking en nadat daar besluit was om met Dannhauser te probeer amalgameer, is die bestuur gekies met burgemeester A. Dunton as president en Senatore C.O'Grady Gubbins en F.A.R. Johnstone as twee van die vier onderpresidente. Hoewel die poging tot samewerking dus bloedmin opgelewer het, het die Association op dieselfde byeenkoms 'n grootdoenerige plan ontvou. Die vergadering het naamlik besluit om nie slegs vriendskaplike betrekkinge met soortgelyke liggame in die distrik aan te knoop nie, maar met organisasies dwarsdeur Natal ten einde 'n sentrale liggaam tot stand te bring met takke dwarsdeur die provinsie.[19]

Daar was dus benewens die Arbeiderparty, wat veral getrag het om 'n volgelingskap in die stede te verkry, twee Noord-Natalse liggame wat afsonderlik die leiding wou neem om die provinsie politiek georganiseer te kry. Die Newcastle Political Association het probeer doen wat Het Kongres reeds twee maande tevore op besluit en aangekondig het. Die Association se poginge om die leiersrol te vervul, het hom spoedig, soos sal blyk, in botsing gebring met 'n stedelike groep wat soortgelyke oogmerke gehad het en 'n Natalparty probeer stig het.

Geen wonder nie dat daar algaande 'n breuk gekom het in die geledere van die Association, want een groep wou met die Afrikaners saamwerk, 'n tweede met die voorstanders van 'n Natalparty en 'n derde het onafhanklike optrede voorgestaan. Om alles te kroon, sou Thomas Watt 'n rekwisisie van die Dundee Political Association as parlementêre kandidaat aanvaar en Henry Wiltshire een van die Newcastle Political Association met spyt van die hand wys. Albei sou deur aangrensende kiesafdelings tot die Parlement verkies word, terwyl Newcastle 'n Afrikanerkandidaat van De Natal Volksvereniging sou verkies. Op die ou end sou die Association 'n tak van die Unionisteparty word onder leiding van Frank Greaves, "a presentable but somewhat narrow-minded Unionist", soos Thomas Watt hom bestempel het.[20]

---

19. Ibid., 26 Maart 1910, berigte.
20. Smuts Papers, Private 188, Vol. 18/W384, T. Watt -- genl. Smuts, 23 Mei 1917; The Natal Witness, 10 Junie en 22 Julie 1910, berigte; The Newcastle Advertiser and Northern Post, 11 Junie en 9 Julie 1910, berig en brief deur Henry Wiltshire.

Diegene wat 'n Natalparty wou stig en die ander wat Jameson se Unionisteprogram aangehang het, was die oorblywende twee groepe wat elk afsonderlik getrag het om Natal tot eendragtige optrede oor te haal. Hierdie twee bewegings het omtrent gelyktydig ontstaan.

Dit was reeds in hul eerste reaksie op Het Kongres se uitnodiging tot samewerking dat die Witness en die Mercury, as alternatief vir samewerking met die Afrikaner-organisasie, eendragtige optrede onder 'n Brits-Natalse vaandel bepleit het. Die Witness het toe al die stigting van 'n Natalparty voorgestaan, maar hieroor het die Mercury nie saamgepraat nie en sou hulle ook bly verskil. Laasgenoemde het in hierdie vroeë stadium slegs gevra dat Natal hom aan geen politieke party van buite moes verbind nie, maar hom verenig eenkant moes hou om sodoende die magsfaktor te word.[21]

Hierdie houding van die twee mees invloedryke koerante het nie slegs uit die Natallers se vrees vir Afrikaneroorheersing gespruit nie, maar ook uit hul aanvanklike onwil om met die Jamesongroep saam te werk. Terwyl hulle die politieke partye van die Afrikaners, veral dié in die ander provinsies, as "broeineste van rassehaat" beskou het,[22] was hulle ook nie oorgretig om hulle by die Jamesongroep te skaar nie. Jameson was wel baie gewild in Natal, maar nie die Randse magnate wat hy om hom geskaar het nie.

Enige samewerking met die Jamesongroep is aanvanklik deur vele Natallers verwerp omdat daar geglo is dat hy en sy satelliete, soos sir George Farrar en sir Percy Fitzpatrick, slegs as handhawers van Britse imperiale belange geparadeer het terwyl hulle eintlik net oor hulself begaan was -- 'n opvatting wat met die latere stelling van Hertzog ooreenstem. Dit was vanweë die dra van 'n Brits-imperiale masker om eie gewin, so is geglo, dat hierdie mense lord Milner en die Balfourkabinet ten tye van die Chinese krisis aan die Rand kon oortuig dat die Britse vlag sou verdwyn tensy goedkoop Chinese arbeid vir die goudmyne ver-kry word. Na die verlening van selfbestuur aan Transvaal het hierdie geldmanne net na Natal gevry "to restore control to the Plutocratic party ... that is what all this screaming about 'Best men', 'Coalition,' and 'Racialism,' really means".[23]

Nie alle Natallers sou die laaste deel van hierdie stelling onderskryf het nie, maar dat daar gewis 'n vrees was dat Natal eenvoudig deur die Randse groep

---

21. The Natal Witness, 31 Jan. 1910, hoofartikel; The Natal Mercury, 1 Feb. 1910, hoofartikel.
22. Jansen, Die Natalse Boerekongres ... , p.24.
23. The Natal Witness, 26 Maart 1910, artikel deur "Imperialist".

ingesluk en verslaaf sou word, is gewis. Die Witness se standpunt was dat dit uit 'n politieke oogpunt vir Natal ewe nadelig sou wees om hom by die Progressiewe en Randse kapitaliste te skaar as by "the Three Bonds", terwyl die Rand Daily Mail die afkeer van die Randse mynmagnate as een van die weinig saambindende faktore in 'n politiek verdeelde Natal beskou het. Hieronder het Jameson gely, want vir die Natallers is sy beleid in 'n groot mate deur die mynhuise voorgeskryf.[24]

In hierdie houding het daar algaande 'n kentering gekom, want Jameson is immers gesien as die verpersoonliking van alles wat Brits was en as dié man wat, met 'n wye volgelingskap, die Afrikaners aan bande kon lê. Die beweging ten gunste van Jameson het saamgeval met sy pogings om 'n Suid-Afrikaanse politieke party te stig wat uiteraard Engelsbeheerd sou wees, en het gebots met gelyktydige pogings om 'n Natalparty tot stand te bring. Die twee het dieselfde beoog, maar langs verskillende weë, en die stigtingsvergadering van albei politieke partye het naastenby gelyktydig plaasgevind.

4. Unionisteparty of Natalparty?

Die stigting van 'n Natalparty is al met mening bepleit lank voordat daar nog 'n uitgesproke begeerte onder enige seksie van die Natallers was om Jameson en sy beoogde party te steun. Tog het Jameson se Unionisteparty 'n werklikheid geword en het 'n groep van die Natallers hulle stewig aan hierdie party verbind nog voordat die Natalparty finaal die lewenslig aanskou het. Omdat die Natalparty so 'n pynlik uitgerekte geboorte gehad het, is dit raadsaam om eers die stigting van die Unionisteparty en Natal se verbintenis daarmee te bespreek.

Dit was deels weens sy aanvanklike onwil om hom by Jameson en sy groep te skaar dat Natal nie op die stigtingskonferensie van Jameson se Unionisteparty verteenwoordig was nie. Die vergadering vir die te stigte party is vir 9 Mei belê, maar moes weens die dood van koning Eduard VII uitgestel word en het van 23-24 Mei in Bloemfontein plaasgevind. Van der Schyff[25] sê Natal het net waarnemers op hierdie konferensie gehad, maar hy sê nie hoeveel en wie hulle was nie. Een van hulle - indien daar meer as een was -- was O.J. Askew, voorsitter van die Durban Political Association, wat op uitnodiging deur sy vereniging

---

24. Ibid., 26 Mei en 9 Junie 1910, hoofartikels; The Natal Advertiser, 29 Junie 1910, aanhaling uit The Rand Daily Mail.
25. P.F. van der Schyff, Die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1910-1921, pp. 2, 30.

afgevaardig is. Die Mercantile League is ook uitgenooi, maar sy afgevaardigde, voorsitter G. Payne, is verhinder om te gaan.[26]

Die Political Association het geruime tyd voor die Bloemfonteinse konferensie al gepoog om rigting in die politieke warboel te vind en uitnodiginge aan premier F.R. Moor, Thomas Hyslop en kol. E.M. Greene gerig om van sy byeenkomste toe te spreek, maar sonder sukses. Hyslop het dit van die hand gewys omdat hy geglo het dit sou voordeliger wees om te swyg as te praat, maar sy weiering en dié van die ander om rigting aan te dui, staan in die teken van Natal se leierloosheid wat die Natallers allerweë beklaag het. Gebrek aan leiding, maar ook 'n doelbewuste oproep tot nie-bywoning deur Thomas Watt, was onder die redes waarom Natal nie op die stigtingsvergadering van Jameson se "Union Party of non-racial enlightenment and progress" verteenwoordig was nie.[27]

Die Unionisteparty wat tot stand gekom het, het gevolg op die mislukte pogings om 'n nuwe politieke rigting in te slaan -- die "fresh start" en "best-men government" wat bepleit is. Die stigting van die party was 'n poging om albei taalgroepe in een party te verenig en het ooreengekom met dit waarvoor genl. Botha hom beywer het. Anders as vele van Botha se Afrikanervolgelinge was die Unioniste in die algemeen vervul met die Britse gedagte, en dit het nie slegs die behoud van die bande met Brittanje behels nie, maar ook die begeerte van die Engelstaliges om die regeringsmag in Suid-Afrika in die hande te kry. In dié opsig kon hulle daarop reken dat hul beleid aanklank in Natal sou vind en daarom is daar, ten spyte van Natal se byna algehele afwesigheid op die konferensie, gehoop dat daar wel steun uit dié provinsie sou kom sodra die party gestig en sy program in werking gestel is.[28] Dit was nie ydele hoop nie, maar die steun sou veel geringer wees as waarop daar gereken is.

Die geboorte van die Unionisteparty is dadelik met akklamasie deur die Advertiser en die Mercury begroet, en hierin het die Johannesburgse Star iets belofteryks vir die nuwe party gesien. Die twee Natalse koerante was dit egter glad nie eens ten opsigte van die wyse van steun aan die Unioniste nie. Terwyl die Mercury algehele oorgawe aan Unionistebeginsels voorgestaan het, het die Advertiser wel die Unionisteparty as die party van die toekoms bestempel, maar

---

26. The Natal Mercury, 6 Mei 1910, berig.
27. Smuts Papers, Private 188, Vol. 8/H54, T. Hyslop -- genl. Smuts, 15 Maart 1910; The Natal Advertiser, 23 Maart, 19 April en 16 Mei 1910, hoofartikels.
28. Van der Schyff, Die Unioniste Party ... , pp. 30, 65, 166-167.

Natal as net so 'n losstaande groep binne die party gesien as die verskillende blokke Skotse lede in die Britse laerhuis wat deel van òf die Unioniste òf die Liberale uitgemaak het, dog steeds 'n wakende oog oor Skotse belange gehou het.[29]

Die verskil in hul siening van die modus operandi is daarin te vind dat die Advertiser ten gunste van 'n sterk Natalparty was wat as onafhanklike organisasie die Unionistebeginsels moes ondersteun, terwyl die Mercury enige sprake van 'n Natalparty as onsinnig verwerp het. Laasgenoemde koerant het geglo dat dit veel praktieser vir Natal sou wees om die Unionisteprogram te onderskryf waarin daar tog niks was waarmee die Natallers nie kon akkoord gaan nie, as om 'n afsonderlike party te stig wat eintlik dieselfde beoog het. Hierin is hy, na aanvanklike swye, gesteun deur die Times of Natal, wat later 'n Botha-orgaan sou word. Die Witness, onvermoeide bepleiter van 'n sterk Natalparty, was ten ene male daarteen dat Natal hom aan die Unionisteparty verbind, wat vir hom net 'n ander naam was vir die ou Progressiewe Party van die Rand vir wie Natal nooit lief was nie en wat hy beskou het as "a body largely composed of mining magnates and very largely indeed subservient to the interests of the Rand mining industry". Hy was ten gunste daarvan dat Natal die Unioniste steun, maar sonder om by hulle aan te sluit en sodoende verswelg te word.[30]

Die einste koerante wat Natal se leierloosheid beklaag en sy politici in skerp taal uitgetrep het oor hul onbeholpenheid en gebrek aan leidingskrag, het dus self in velerlei rigtings begin trek om die Brits-Suid-Afrikaanse ideale te verwesenlik waaroor hulle en hul lesers dit tot op groot hoogte eens was. Die lesers wat na hulle om leiding opgesien het, het voorwaar nie 'n maklike keuse gehad nie. Die uiteenlopende rigtings wat deur die koerante aangedui is, moet as een van die vernaamste redes beskou word waarom die Natallers geringer steun aan die Unioniste gegee het as waarop gereken is.

Steun in aktiewe vorm het egter nie uitgebly nie. 'n Tak van die Unionisteparty is vroeg in Junie op Vryheid gestig -- waarskynlik die eerste in Natal -- en het die gelukwense en danksegging van Jameson ontvang. Kort daarna is 'n poging aangewend om die Durban Political Association te ontbind en aansluiting by die Unionisteparty te soek. Die mosie vir die ontbinding is op 'n vergadering op 23 Junie ingedien deur voorsitter O.J. Askew, dieselfde man wat die stigtings-konferensie van die Unionisteparty in Bloemfontein bygewoon het. Hy is ondersteun

---

29. Ibid., p.35; The Natal Advertiser, 25 en 27 Mei 1910, hoofartikels; The Natal Mercury, 26 Mei 1910, hoofartikel.
30. The Natal Mercury, 9 en 11 Junie 1910, hoofartikels; The Times of Natal, 13 Junie 1910, hoofartikel; The Natal Witness, 9 Junie 1910, hoofartikel.

deur Morris Kantrovich, van Litaus-Joodse afkoms wat sy naam na Kentridge sou laat verander en van wie later meer as Arbeider gehoor sal word. Die mosie is teengestaan deur G.A. (George) Champion, A.E. Greene, Otto Siedle, F.J. Lennox en J. Reynolds-Tait. Na 'n bespreking, wat by tye driftig was, is Askew se ontbindingsmosie met 21 stemme teen 5 verwerp.[31]

Die koerante het, in ooreenstemming met hul beleidsrigtings, hierdie beslissing òf beklaag òf besing. Die Witness was natuurlik verheug dat hierdie aanslag op die onafhanklike gees van Natal deur vyande in sy eie geledere, soos hy dit genoem het, afgeweer is, en 'n spesiale korrespondent van die Rand Daily Mail het in die beslissing van die Political Association 'n bewys gevind van 'n sterk Natalse gesindheid tot afsondering.[32]

Ja-nee, kan hierop gesê word, want Natal was beslis afsydig en die Durban Political Association het nie alleen die Unioniste-aanslag oorleef nie, maar in Januarie 1912 nog as onafhanklike liggaam voortbestaan; maar dit was hierdie liggaam, soos sal blyk, wat die baanbrekerswerk gedoen het om 'n Natalparty gestig te kry, en dit was dertien van sy lede wat onmiddellik na die driftige vergadering van 23 Junie besluit het om 'n tak van die Unionisteparty te stig. Daar kan dus gesê word dat die Durban Political Association pa staan vir sowel die Natalparty as die Unionisteparty in Natal. Laasgenoemde se stigtings= vergadering is die aand van 7 Julie in die saal van die Kamer van Koophandel, Southern Life-gebou, gehou, by watter geleentheid die voorsitter, dr. S.G. Campbell, die verskonende stelling gemaak het dat die stap om 'n Unionistetak te stig, op hulle afgedwing is deur die dislojale optrede van diegene wat gepoog het om 'n Natalparty gestig te kry.[33] Daar is dus nie met groot geesdrif tot die stap oorgegaan nie.

Een van die sameroepers van hierdie stigtingsvergadering was J. Reynolds-Tait, wat op 23 Junie die ontbindingsmosie op die vergadering van die Durban Political Association teengestaan het. 'n Ander teenstander van dieselfde mosie, George Champion, was op 19 Julie voorsitter op 'n vergadering onder beskerming van die pas gestigte Durbanse tak van die Unionisteparty in die stadsaal wat deur sir Percy Fitzpatrick toegespreek is. Fitspatrick het Durban besoek om die Natallers se steun te win, en 3 000 mense het na hom gaan luister. Hy het

---

31. The Natal Witness, 14 Junie en 5 Julie 1910, berig en hoofartikel: The Natal Advertiser, 24 Junie 1910, berig; The Natal Mercury, 24 Junie 1910, berig. Sien ook M. Kentridge, I Recall, Memoirs of ... , pp. 1,31.
32. The Natal Witness, 25 Junie 1910, berig; The Natal Advertiser, 29 Junie 1910, aanhaling uit The Rand Daily Mail.
33. The Natal Advertiser, 4 Julie 1910 en 21 Jan. 1912, advertensie en berig; The Natal Mercury, 24 Junie en 8 Julie 1910, hoofartikel en berig.

U.O.V.S.
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY
233323

egter nie glorieryke sukses behaal nie, want terwyl die Mercury gepleit het dat Natal sy nougesetheid moes afskud en breed moes begin dink sodat hy die Unioniste kon steun, het die Advertiser neerhalend van sir Percy gepraat as een van die bedrieërs wat rondom uniewording mooi broodjies met Natal gebak het en na Durban gekom het om in 'n "groot" toespraak 'n dankgebed op te sê vir al die goeie dinge wat die Unioniste in staat was om te vermag; maar sy toespraak had niks om die lyf nie.[34]

Die Unionisteparty het dus glad nie met vlieënde vaandels in Natal weggespring nie, maar die poginge om 'n Natalparty gestig en aan die gang te kry, was eintlik nog bedroewender. Dié party is na 'n lang kraamtyd omtrent saam met die Unionisteparty in Natal gebore, maar terwyl die Unionistebaba geleef en opgegroei het, het die Natalse baba kwalik sy doopplegtigheid oorleef.

Die Natalparty het tot stand gekom nadat daar maande lank, soms byna in wanhoop, om die stigting daarvan gepleit was. Dit was die Witness wat die saak die eerste aangeroer het. Hy het voorgestel dat 'n sterk en verenigde party, onafhanklik van politieke groepe elders in die land, uit die beste elemente van die Natal League en die Closer Union Society van die vorige jaar se referendumveldtog gestig moes word. Sowat twee weke daarna het hy sy pleidooi herhaal en drie dae later het hy 'n reeks beginsels, gegrond op dié van die Durban Political Association, aan die hand gedoen as grondslag waarop 'n party gestig kon word. Hierdie beginsels sou op die ou end byna net so aanvaar word.

Die blad het die stigting van so 'n party voorgestaan omdat hy geglo het dat dit die enigste wyse was om Brits-imperiale belange in Suid-Afrika te beveilig. Konsiliasie, soos in daardie stadium deur Abraham Fischer op 'n vergadering in die Vrystaat gepropageer, het hy verwerp as eensydige samewerking waarin die Afrikaners oor hul vyande wou heers. Sulke samewerking, het hy verklaar, "is on a level with that of the lady and the tiger". Die toets van goeie Suid-Afrikaanse burgerskap was nie, soos Fischer verklaar het, of jy Suid-Afrika jou tuiste gemaak het nie, maar of jy Suid-Afrika se probleme uit die Brits-imperiale oogpunt beskou het.[35]

Dit sou enduit die maatstaf wees waaraan die Witness en duisende Natallers die Suid-Afrikaanse politiek sou meet.

---

34. The Natal Witness, 20 Julie 1910, berig; The Natal Mercury, 20 en 21 Julie 1910, berig en hoofartikel; The Natal Advertiser, 20 Julie 1910, hoofartikel.
35. The Natal Witness, 31 Jan., 15 Feb., 18 Feb. en 9 Maart 1910, hoofartikels en berig.

Die algemene verontwaardiging oor die stilswye van Natal se politici en die Witness se volgehoue aandrang op die stigting van 'n Natalparty wat as spoorslag kon dien vir "the wobbler, the mugwump, the fence-sitter and the host of political parasites with which the country swarms", het eindelik flouerige reaksie uitgelok. Op 'n vergadering op Normandien het Thomas Watt hom ten gunste van 'n Natalparty uitgespreek, maar dadelik andere se humeur omgekrap deur te verklaar dat dit onwenslik sou wees om dadelik op 'n vaste politieke program aan te dring. 'n Artikelskrywer "Imperialist" het sy hoop op so 'n party gevestig ten einde Natal se "picturesque individuality" te bewaar. Premier Moor en Thomas Hyslop het in toesprake in hul onderskeie kiesafdelings hul stilswye verbreek, maar aangedring op samewerking met die Afrikaners. Die Advertiser en Mercury het albei in die rigting van onafhank= like optrede gepraat, wat nogal interessant is, want dit was maar sowat 'n maand voor die stigting van die Unionisteparty waarvan die Mercury 'n groot aanhanger sou word.[36]

So het daar darem roering gekom en het die vele pleidooie om optrede eindelik gevolg gekry met 'n aankondiging dat 'n politieke konferensie, met C.G. Smith as sameroeper en V.W. Steward sekretaris, vir 10 Mei in Pietermaritzburg belê is om eenheid van politieke optrede te probeer bereik. Die komitee wat die aanvoorwerk gedoen het, is uit die Durban Political Association saamgestel.[37]

Die aankondiging is deur sommige koerante met geesdrif begroet, maar spoedig was daar tekens van weerspannigheid toe die Newcastle Political Association op 'n vergadering op 3 Mei 'n uitnodiging na die konferensie van die hand gewys het, wat nie eienaardig is nie as in ag geneem word dat die Association juis in hierdie stadium gepoog het om die politieke leiding in Natal op hom te neem. Die standpunt soos gestel deur J. Harcourt-Baldwin en C. Earl was dat dit onwenslik sou wees om met die voornemende partystigters saam te werk, want hulle was lede van die kusparty, onder wie die suikerbaron C.G. Smith, wat in die verlede weinig aandag aan die belange van die noordelike provinsies gegee het. Boonop sou dit onprakties wees om so 'n party te stig, want onder die 17 verteenwoordigers kon daar ses of sewe Afrikaners wees, en watter eenheid sou daar tot stand gebring kon word solank die twee groepe mekaar opponeer?

---

36. Ibid., 10, 11, 16 en 26 Maart, 15 en 18 April 1910, berigte; The Natal Advertiser, 7 April 1910, hoofartikel; The Natal Mercury, 25 April 1910, hoofartikel.
37. The Natal Witness, 27 April 1910, berig; The Natal Mercury, 6 Mei 1910, hoofartikel.

Daarom moes die Association onafhanklik bly, en so is besluit.[38]

Dit is deur sommige as bewys beskou dat die Durbanse groep, wat "a solid party under discipline and a nominated leadership" beoog het, oorhaastig te werk gegaan het en sou misluk in hul poginge om eenstemmigheid te verkry by die aanwys van kandidate en eendragtige optrede deur die latere verkose lede te verseker. Daar is gemeen dat die Natallers wel in die breë kon saamwerk, maar tot na Jameson se konferensie en na 31 Mei moes wag voordat gepoog word om 'n Natalparty met 'n vaste beleid te formuleer.[39]

Ondanks hierdie negatiewe reaksie het die organiseerders van die konferensie optimisties gebly. In 'n uitnodiging aan E.G. Jansen het sameroeper Smith byvoorbeeld verklaar dat daar soveel bemoedigende antwoorde uit alle oorde ontvang is, dat die welslae van die konferensie verseker was.[40]

Aangesien die datum van die konferensie gebots het met dié van Jameson se Bloemfonteinse byeenkoms, is dit van 10 tot 14 Mei uitgestel, maar die dood van die Britse vors het veroorsaak dat dit nog 'n keer uitgestel is tot 26 Mei.

'n Stuk of 70 uitgenooides het op 26 Mei in die Natalse Wetgewende Vergadering= saal in Pietermaritzburg byeengekom, onder wie E.G. Jansen en Afrikaners uit Noord-Natal. C.G. Smith is tot voorsitter en Steward tot sekretaris van die konferensie gekies, terwyl J.G. Maydon die twee besprekingspunte op die agenda gestel het, en hieroor was daar dadelik skerp meningsverskil. Waarteen veral beswaar gemaak is, was dat die resolusies vereis het dat Natal se toekomstige Volksraadslede plegtig moes onderneem om hulle in sake van algemene Suid-Afrikaanse belang by 'n beslissing van die meerderheid van die 17 verkose lede neer te lê.[41]

Die meeste van die aanwesiges was glad nie te vinde vir so 'n koukusstelsel nie en het onafhanklike optrede voorgestaan. Uiteindelik is die resolusies in gewysigde vorm aanvaar met algehele weglating van meerderheidsdwang en het dit slegs behels dat 'n party gestig sou word met die doel om verenigde optrede deur Natal se 17 verkose lede te probeer verkry. C.G. Smith is as voorsitter aangewys, maar 'n beslissing oor die naam van die party is agterweë gehou.

---

38. The Times of Natal, 27 April 1910, hoofartikel; The Natal Advertiser, 28 April 1910, hoofartikel; The Newcastle Advertiser and Northern Post, 7 Mei 1910, berig en hoofartikel; The Natal Mercury, 6 Mei 1910, wie se verslag effens afwyk van dié van die Newcastle Advertiser.
39. The Natal Mercury, 6 Mei 1910, hoofartikel.
40. E.G. Jansenversameling, Lêer 65, C.G. Smith -- Jansen, 9 Mei 1910.
41. Ibid., gedrukte agenda, Political Conference, Pietermaritzburg, 26 Mei 1910.

Die byna ses uur lange vergadering is verdaag nadat komitees vir Pietermaritz= burg, Dundee en Durban saamgestel was met die opdrag om 'n politieke program op te stel en op die eerste algemene vergadering van die party in Pietermaritz= burg voor te lê.[42]

Die partystigters het bra agterstevoor te werk gegaan deur eers 'n party te stig en daarna 'n politieke program op te stel, pleks van andersom soos diegene gedoen het wat toe pas die Unionisteparty in Bloemfontein gestig het. Dit is moeilik om te sê wat die party in hierdie stadium beoog het, want dit het nog geen grondwet of neergelegde beleid gehad nie -- nie eens 'n naam nie. Dit kom voor asof die hele oorhaastige poging tot partystigting te wyte was aan Natal se antagonisme jeens sy sterker bure en sy vrees dat hulle oor hom wou baasspeel, pleks van met hom saamwerk.

Skerp kritiek is in die ander provinsies gelewer deur o.a. die Cape Times, die South African News, die Transvaal Leader en die Star, wat almal die stigting van 'n Natalparty betreurenswaardig gevind het. Kritiek is in eie geledere gelewer deur sekere koerante en politici. Vir O.J. Askew was die oorhaastige stigting van 'n plaaslike party 'n bewys van Natal se engheid en het hy 'n beroep op Natallers gedoen om uit hul dop te kruip en 'n groter en edeler rol te speel deur by die Unionisteparty aan te sluit.[43]

Hierdie kritiek, tesame met die feit dat De Natal Volksvereniging juis reeds sterk aan die organiseer was, het die partystigters eerder halsstarriger gemaak en op 22 Junie het hulle hul eerste "algemene vergadering" in Pietermaritzburg gehou. Hierdie byeenkoms was vir hulle 'n bittere teleurstelling, want van die altesame 250 leidende persoonlikhede wat uitgenooi is, het minder as twee dosyn hul opwagting gemaak, onder wie F.S. Tatham, J.G. Maydon, T. Hyslop, P.A. Silburn en T.P.O'Meara. Die noordelike distrikte was glad nie verteen= woordig nie vanweë die jaloesie wat in daardie geweste jeens die party bestaan het.

Op hierdie vergadering is die party, met die aanname van sy grondwet en politieke program, tot The Natal Party gedoop. Die onklaarheid van die program blyk daar= uit dat, soos gestel deur C.G. Smith, Hyslop en Tatham, die plan nie was dat die nuwe liggaam 'n permanente en losstaande soort Ierse party sou wees nie, maar slegs tydelik 'n onafhanklike posisie tussen Botha en Jameson moes inneem om die

---

42. The Natal Witness, 27 Mei 1910, berig.
43. PM 1/1/489, knipsels uit The Transvaal Leader en The Star, 31 Mei en 2 Junie 1910; The Natal Advertiser; 30 Mei 1910, berig en hoofartikel; The Natal Witness, 9 Junie 1910, brief deur O.J. Askew.

kat uit die boom te kyk. Dat daar vir so 'n party 'n bestaansreg voorsien is, klink haas ongelooflik. Die algemene gevoel op die vergadering was ten gunste van genl. Botha, maar daar is gevrees dat hy deur sy eie volgelinge verhinder sou word om sy aangekondigde program uit te voer. Sou dit gebeur, is verklaar, moes die Natalparty hom by die Unioniste skaar.[44]

Laasgenoemde was volkome in ooreenstemming met die standpunt wat Hyslop reeds in Februarie in korrespondensie met pres. Steyn, genl. Smuts en F.S. Malan gestel het toe hy hulle tot 'n stelsel van "best-men government" wou omhaal, maar het tog nie eenparige steun geniet nie. O'Meara, wat later as Regerings= kandidaat genomineer sou word, het byvoorbeeld onomwonde verklaar dat hy genl. Botha se beleid steun en het bedenkinge geopper oor die nut van 'n Natalparty. Die ander aanwesiges het egter steun geput uit twee bemoedigende telegramme uit Johannesburg waarin Natal gevra is om te volhard met sy onafhanklike optrede. In een daarvan, aan Tatham gerig, is in die vooruitsig gestel dat 'n onafhandlike Natalparty die kern van 'n toekomstige Suid-Afrikaanse Liberale Party kon vorm, 'n gedagte waarmee Tatham hom volkome vereenselwig het en wat later ook deur Silburn herhaal sou word. Selfs 'n blad soos die Rand Daily Mail het geglo dat 'n onafhanklike Natal die dag sou verhaas dat daar 'n herrangskikking van politieke partye sou kom.[45]

Die grondwet het die oogmerke van die party soos volg omskryf: (1) om 17 Parle= mentslede verkies te kry wat eendragtig moes saamwerk om die beginsels van Unie te handhaaf en Natal se belange te beveilig; (2) om distrikskomitees in die verskeie sentrums dwarsdeur Natal te stig om bogemelde doel te bereik. Die politieke program het die volgende behels:

1. 'n Verligte Bantoebeleid vir die hele Unie, met die oog op die algemene opheffing van die Bantoe, veral betreffende werk van 'n landboukundige aard.

2. 'n Verbod op die verkoop van sterk drank aan Bantoes.

3. Die skepping van 'n staatsdiens op 'n nie-politieke en nie-rassegrondslag.

4. 'n "Liberale" stemreg vir Natal, min of meer soos dié van Transvaal en die Vrystaat.

---

44. The Natal Witness, 23 Junie 1910, berig; The Natal Mercury, 23 Junie 1910, berig.
45. PM 1/1/492, knipsel uit The Rand Daily Mail, 23 Julie 1910, hoofartikel; The Natal Mercury, 23 Junie 1910, berig. Daar word nie gesê van wie die telegramme ontvang is nie. Sien ook The Natal Advertiser, 2 Des. 1911, artikel deur P.A. Silburn.

5. 'n Omvattende binnelandse verdedigingstelsel vir die Unie en samewerking met die Moederland en die oorsese dominiums in die verdediging van die Britse ryk, asook praktiese steun aan die Britse vloot.

6. 'n Eenvormige belastingstelsel vir die hele Unie.

7. Bevordering van Blanke immigrasie en digter vestiging van Blankes op grond dwarsdeur die Unie.

8. Die behartiging van die spoorweg- en hawe-administrasie op so 'n wyse dat geen deel van die Unie tot voordeel van 'n ander geëksploiteer sou word nie.

9. Algemene erkenning van alle beroeps- en tegniese kwalifikasies wat in enige deel van die Unie as geldig beskou is.

10. 'n Beperking op die instroming van Asiate.

11. 'n "Liberale" onderwysbeleid, insluitend voorsiening vir verpligte vrye primêre onderwys met vergunnende gelyke taalregte.

12. Handhawing van die Provinsiale Rade en gelyke provinsiale verteenwoordiging in die Senaat.

13. Die bevordering van landbou-, nywerheids- en mynontwikkeling, en 'n beleid van behoorlike beskerming.

14. Verbetering in en doeltreffende toesig oor arbeidstoestande rakende vakmanne, spoorwerkers, myners en ander arbeiders, insluitend werkliede-skadeloosstelling en voorsiening vir 'n billike loon aan alle staatsarbeiders.

15. Onmiddellike verbetering in spoorverbinding tussen Durban en binnelandse landbousentrums.[46]

Hierdie program het in die breë weinig afgewyk van dié van genl. Botha se beoogde Suid-Afrikaanse Party en Jameson se Unionisteparty, maar was onvolledliger, derhalwe swakker, en onhelder oor die taalkwessie (art. 11). Die vernaamste kenmerk van die program is die Natalsheid daarvan en het dit ander maal onder= streep dat die Natallers eenvoudig nie sake deur 'n Suid-Afrikaanse bril kon betrag nie. Dit is indertyd ingesien deur van hul eie mense, o.a. die Unionis C.P. Robinson, wat die Natalparty as parogiaal bestempel het, en sy partygenoot, dr. Campbell, wat dit tot "the Little Natal Party" gedoop het, "a party that had blossomed suddenly, come to full maturity rapidly, and, like a rose, would

---

46. The Natal Mercury, 23 Junie 1910, berig, waarin die grondwet ewe volledig uiteengesit word. Sien ook The Natal Advertiser, 25 Junie 1910, adver= tensie, "The Natal Party, Programme and Policy".

would have a shorter life without its fragrance".[47] Die spotnaam "Little Natal Party" het bly steek en is later herhaaldelik deur die Mercury gebruik.

Ook van buite Natal het politici en koerante soos die Cape Argus, die Transvaal Leader en die Rand Daily Mail verdoemende kritiek gelewer, wat deur een blad as "histeriese" aanvalle en "cheap clap-trap" verwerp is,[48] maar die feit nie kon wegredeneer nie dat 'n groot aantal Natallers in der waarheid teen die Drakensberg vasgekyk het.

'n Spesiale korrespondent van die Rand Daily Mail was raak met sy volgende siening: "Natal is still a political entity by itself, with all the old incompatible elements remaining -- town ranged against country, interior against the coast, the obstinate conservatism of the old settler against the push and the wider social ideals of the new colonist -- ... Hence the disposition in Natal to ... adopt an economic outlook ... intended to bring all possible influence to bear upon the promotion of the Province's trade interests represented by the port, the railway, and the coast and inland industries."[49]

Die "Little Natal Party" het dus 'n onvriendelike ontvangs geniet. Desnieteenstaande het sy hoofbestuur, bestaande uit F.S. Tatham, C.G. Smith, G.J. Macfarlane, W.H. Griffin, F.H. Rose, G. Hallé, F.T. Angus, K. Gundelfinger, O. Siedle, D. Taylor, S.J. Mason, F. Reed, A. Hime, W. Thompson, J. Herschensohnn, T. Fleming, E.W. Evans, J.G. Maydon, T. Watt, T. Hyslop, W.T. Hyslop en W.L. 'Estrange, dadelik met 'n veldtog begin om die party sterk uit te bou. 'n Reeks kantore is in die Harwin-deurloop in Pietermaritzburg geopen en 'n brosjure is opgestel met sewe redes waarom daar by die party aangesluit moes word.[50]

Opvallend is dit weer dat in al sewe redes die belange van Natal vooropgestel en die breë Suid-Afrikaanse toneel geheel en al misgekyk is. Boonop het hierdie eerste bestuur uit bedmaats bestaan wie se siening van sake glad nie geklop het nie. Dit is, in die lig van wat spoedig sou gebeur, byvoorbeeld lagwekkend om te dink dat manne soos Bill Griffin, Karl Gundelfinger en Thomas Watt in een span kon trek met die Afrikanerhater en aartsimperialis

---

47. The Natal Advertiser, 4 Julie 1910, hoofartikel; The Natal Mercury, 8 Julie 1910, berig.
48. The Natal Advertiser, 2 Julie 1910, hoofartikel; The Natal Witness, 6 Julie 1910, aanhaling uit The Cape Argus, ongedateer.
49. Aangehaal deur The Natal Advertiser, 29 Junie 1910.
50. The Natal Mercury, 23 Junie 1910, berig; The Natal Witness, 6 en 8 Julie 1910, berigte.

PERSOONLIKHEDE IN PARTYVERBAND

K. Gundelfinger



F.S. Tatham



G.J. Macfarlane

"Little Natal Party"

Afrikaners en hul Het Kongres

J.J. Grove

E.G. Jansen

Unioniste

Arbeider-parlements-lede van Koloniale Natal

A von Levetzow

B.E.A. Rabe

J. Reynolds-Tait

C.H. Haggar

N.P. Palmer



D. Taylor



O.J. Askew

F. Horace Rose, redakteur van die Witness. Dit was juis hy wat met veragting geantwoord het op wat deur die Randse pers as "the obsolete Britishism of Natal" bestempel is. Hy het nie slegs Natal se Britsheid verbete verdedig nie, maar dit vir gans Suid-Afrika gepropageer en verklaar: "We are not, and we hope we never shall be, a nation of South Africans, as South Africans, but what we must regard ourselves as approaching in the evolution of nations is a high and honourable place in the great nationhood of the British Empire."[51]

Indien al sy medebestuurslede van die Natalparty hierdie stelling na letter en gees onderskryf het -- wat hulle nie gedoen het nie -- sou hulle as aarts-opportuniste bestempel moes word. Hulle het naamlik almal genl. Botha se aangekondigde politieke program onderskryf, en wat ook al van Botha se konsiliasiebeleid gesê kan word, dit het nie gestrook met wat Rose gepropageer het nie; trouens, Botha het in sy manifes duidelik gesê "it is our primary object to form a South African nation", en die Unioniste het, volgens hul program, ook so iets beoog.[52]

Hierdie manne sou ook nie lank een van sin en een van gees bly nie, want 'n aantal van hulle was sterk Bothagesind en sou hulle binne enkele maande by hom en sy volgelinge skaar. In hierdie vroeë stadium het hulle egter met Rose en die ander saamgewerk ter wille van die Natalparty en sy Natalse belange. Die resultaat van hul samewerking was egter power, en dit is ironies dat een van die eerste en weinige oorde waaruit hulle steun gekry het, die krag- en invloedlose Durban Mercantile League was wat met 17 stemme teen 5 besluit het om hom met die Natalparty te verenig met die oog op die verkiesing. Binne enkele weke na die doopplegtigheid was dit dus duidelik dat die Natalparty wat hom, met die verkiesing om die draai, nog nie aan 'n enkele kandidaat verbind het nie, doodgebore was en het die Witness met leedwese aangekondig dat die party wat hy met soveel ywer bepleit het "is ... doomed to extinction by reason of apathy ... and inability to grasp the necessities of the situation ... "[53]

Die party sou in der waarheid nog 'n paar doodskoppe gee, maar kwalik 'n faktor in die ophande synde algemene verkiesing wees. Van der Schyff het dit dus mis met sy stelling dat die Natallers hulle in daardie verkiesing rondom die Natalparty geskaar het,[54] want as partypolitieke liggaam was hy 'n nul op 'n kontrak.

---

51. The Natal Witness, 24 Junie 1910, hoofartikel.
52. D.W. Krüger, South African Parties and Policies 1910-1960, p.48; Unionist Party of South Africa, Programme.
53. The Natal Witness, 8 Aug. 1910, hoofartikel. Sien ook ibid., 5 Julie en 5 Aug. 1910, berigte; De Afrikaner, 27 Junie 1910, hoofartikel.
54. Van der Schyff, Die Unioniste Party ... , p.45.

5. Die Verkiesingsveldtog

Met vier verskillende partye in die veld, sommige met botsende elemente in eie boesem, 'n hele string onverbonde kandidate en 'n groot mate van onbeholpenheid weens gebrek aan partypolitieke ervaring, kan daar verwag word dat die verkiesing nie sonder verwarring sou verloop nie. Dit het ook nie, en die verwarring of beneweldheid het nie net onder die 29 940 kiesers bestaan nie, maar ook onder die veertigtal kandidate wat die 17 kiesafdelings betwis het en van wie die grootste enkele groep uit Onafhanklikes bestaan het wie se onafhanklikheid eintlik maar 'n sinoniem vir besluiteloosheid was.

Die verwarring het bestaan ondanks die feit dat die leiers van albei die hoof= partye vroeg reeds hul saak in Natal gaan stel het. Genl. Botha was eerste op die toneel en is op 20 en 21 Junie deur 'n verteenwoordigende en geesdriftige skare op sowel die Pietermaritzburgse as die Durbanse stasie ingewag. In Pietermaritzburg het die burgemeester hom verwelkom as die beste premier wat Suid-Afrika kon kry en is hy in 'n adres wat die stadsraad hom aangebied het, geloof om sy "broadminded policy". Hy het hom egter dadelik by 'n seksie van die Natallers ongewild gemaak deur 'n toespraak in Afrikaans af te steek wat deur sy sekretaris, dr. W.E. Bok, oorgetolk is; dog sy stelling dat hy sou trag om rassehaat uit te roei, is met toejuiging begroet. Enigeen wat sou probeer om voordeel uit rasse-onmin te put, het hy gesê, was nie alleen 'n vyand van Suid-Afrika nie, maar ook van die Britse ryk. Hierop was die Witness se kommentaar dat hulle sat en siek vir woorde en toegeneentheid geword het en dat dié in dade omgesit moes word. Na aanleiding van die feit dat Botha 'n "vreemde" taal op die stasie gepraat het, wat aan die omstanders getolk moes word, het die blad spottenderwys aan die hand gedoen dat 'n wetsontwerp solank opgestel kon word om, ooreenkomstig Hertzog se tweetaligheidsdrang, tweetalig= heid ook vir alle premiers verpligtend te maak.[55]

Botha se besoek is gevolg deur dié van sir Percy Fitzpatrick wat, soos reeds daarop gewys, op 19 Julie 'n groot vergadering van die pas gestigte Durbanse tak van die Unionisteparty in die Durbanse stadsaal toegespreek het, dog nie glorieryke welslae behaal het nie. Op 9 Augustus het Jameson die grootste politieke vergadering in die kortstondige geskiedenis van die nuwe Durbanse stadsaal toegespreek en 'n beroep op die Natallers gedoen om 'n vleuel van sy party te vorm, sodoende sou hulle nie onder die Unioniste hoef te staan nie,

---

55. The Natal Witness, 21 Junie 1910, berig en hoofartikel. Sien ook The Natal Mercury, 22 Junie 1910, berig.

maar saam met hulle kon werk om Botha se hand te sterk.[56]

As antwoord hierop het genl. Botha met sy tweede toespraak in die Durbanse stadsaal op 8 September verklaar dat hy liewer sou bedank as om Jameson en die Opposisie se steun te soek, waarvoor hy luid en langdurig toegejuig is. Hy was by dié geleentheid vergesel van genl. Smuts en daar was 'n reuse-opkoms, veel meer as met Jameson se vergadering en vir baie was daar nie eens staanplek nie. Op sy beurt het hy 'n beroep op die Natallers gedoen om hom te steun en bowenal die gees van rassehaat uit te roei. "We were all Britishers now. There were no longer Dutchman and Englishman," het hy onder toejuiging vervolg.[57]

Ten spyte van die geesdrif waarmee sowel Jameson as Botha ingewag en aangehoor is, was hul politieke welslae maar gering, anders sou daar nie so 'n groot persentasie Onafhanklike kandidate gewees het nie. Die houding jeens die twee hoofpartye was in die trant van "A plaque 'o both your houses!"[58] en die pes het Botha strawwer getref as vir Jameson. Hieroor was die Mercury byna verskonend by geleentheid van Botha se besoek aan en toespraak op Ladysmith op 22 Augustus deur te verklaar: "If he (Botha) finds that in Natal his Ministry is regarded with qualified confidence, and there is a growing inclination to support the Opposition, it should be understood that the antagonism is not directed against himself, but is inspired by the presence of men in his Cabinet whose past records and present utterances it is difficult to square with the views which General Botha himself has enunciated."[59]

Die verkiesingsveldtog het traag aan die gang gekom. In die kiesafdeling Zoeloeland het E.A. Brunner en W.F. Clayton hulle weliswaar al op 11 en 18 Februarie as Onafhanklike parlementêre kandidate beskikbaar gestel,[60] maar dit was uitsonderinge. Die werklike verkiesingskote het eers van omstreeks begin Julie af geklap, want daar moes gewag word op die verslag van die kommissie wat kragtens die Suid-Afrikawet aangestel is om die parlementêre en provinsiale kiesafdelings af te baken en wat, op advies van genl. Botha, geen tussentydse verslag uitgebring het was as voorlopige maatstaf in die verkiesing gebruik kon word nie.[61]

---

56. Ibid., 10 Aug. 1910, berigte.
57. Ibid., 9 Sept. 1910, berigte; The Natal Advertiser, 9 en 13 Sept. 1910, hoofartikels.
58. The Times of Natal, 20 Julie 1910, hoofartikel.
59. The Natal Mercury, 23 Aug. 1910, hoofartikel.
60. The Zululand Times, 11 en 18 Feb. 1910, kennisgewings.
61. K.127, Band 19, genl. Botha -- sir William Solomon, 12 Jan. 1910; Report of the Delimitation Commission under the South Africa Act, 1909, para. 34, 35 en 36.

Die Afbakeningskommissie, bestaande uit sir P.M. Laurence, W.H. (later sir) Beaumont, sir W.H. Solomon en A.W. Fawkes met G.R. Hofmeyr as sekretaris, se eerste taak was om die kwota aan kiesers per kiesafdeling vir elke provinsie te bepaal, soos voorgeskryf deur art.40 (1) van die Suid-Afrikawet.

Vir die bepaling van Natal se kwota was daar twee kieserslyste tot die beskikking van die kommissie, een van Augustus 1909 en 'n hersiene lys wat in Desember van daardie jaar kragtens 'n Natalse maatreël spesiaal vir gebruik deur die kommissie voltooi is.[62] Die hersiene lys het egter in sekere gevalle, veral ten opsigte van Pietermaritzburg-Stad, gegewens bevat wat strydig was met besonderhede in besit van die kommissie, en laasgenoemde het tot die gevolg= trekking gekom dat as daar meer tyd was en noukeuriger aandag bestee is aan die uitskakeling van ongekwalifiseerde kiesers, die uiteindelike totaal aansienlik kleiner sou gewees het. Die kommissie het egter nie die hersiene kieserslys geïgnoreer nie, maar dit, met die uitsondering van een plattelandse kiesafdeling, ook nie nodig geag om sy bevindinge te wysig soos gegrond op die ouer kieserslys nie.[63]

Afsonderlike parlementêre en provinsiale kwotas is vir Natal en die Vrystaat bepaal omdat hulle nie, soos Transvaal en die Kaap, gelyke parlementêre en provinsiale verteenwoordiging geniet het nie, maar elk 17 parlementêre en 25 provinsiale setels gehad het. Die kwota aan kiesers per kiesafdeling, met 'n speling van 15% weerskante toe soos deur die Suid-Afrikawet voorgeskryf, word in onderstaande vergelykende tabel uiteengesit;

Kwota aan kiesers per kiesafdeling in S.A.[64]

	Kwota	Maksimum	Minimum
Natal	1 647	1 894	1 400
Natal (Prov. Raad)	1 120	1 288	952
Oranje-Vrystaat	2 131	2 451	1 811
Oranje-Vrystaat (Prov. Raad)	1 449	1 666	1 232
Transvaal	2 715	3 122	2 308
Kaapland	2 791	3 210	2 372

62. Thompson, The Unification ... , p.470, beweer verkeerdelik dat die kommissie Natal se kieserslys van 1907 as maatstaf gebruik het.
63. K.127, Band 9, verskeie stukke; Report of the Delimitation Commission ... , para. 3 en 7.
64. Report of the Delimitation Commission ... , para. 22.

Hieruit blyk duidelik dat Natal, met sy kleiner bevolking, bo al die ander provinsies bevoordeel is, in die besonder die Vrystaat, aan wie ewe veel verteenwoordigers toegewys is as aan Natal.

Die kommissie het 'n kieserskwota vir elke provinsiale en parlementêre kiesafdeling in die land bepaal, en daarvolgens het Natal se totale stemkrag op 28 004 te staan gekom. Aan die hand hiervan kon daar begin word om nuwe kieserslyste op te stel wat, so is verwag, binne vier tot vyf weke voltooi sou wees;[65] dog dit het veel langer geduur om dit behoorlik in orde te kry.

Die lede van die Afbakeningskommssie het hul verslag eers op 10 Mei in Durban onderteken en dit daarna vir die nodige sanksie aan die Goewerneur-generaal, lord Gladstone, voorgelê. Na goedkeuring daarvan deur die Goewerneur-generaal-in-Rade is dit op 1 Junie in Engels en Hollands in die uniale staatskoerant en op 9 Junie in albei tale in Natal se provinsiale staatskoerant gepubliseer. Teen die einde van die maand is die afbakening amptelik in Natal geproklameer en elke kiesafdeling behoorlik omskryf;[66] eind Julie is voorlopige kiesersLyste gepubliseer waarteen die Natallers, kragtens hul handves van 1856, beswaar kon aanteken en wel aangeteken het, en 'n maand later, teen die einde van Augustus, is die gesertifiseerde kieserslyste eers gepubliseer.[67]

Met die besware wat teen die voorlopige lyste ingebring is en die aanpassings wat gekom het, het Natal se nuwe geregistreerde kieserstal op 29 940 te staan gekom, of 1 936 meer as wat in die verslag van die Afbakeningskommissie genoem is.[68] Die meervoudige stem moet hierby ingesluit wees, maar hoeveel sulke stemme daar was, of watter persentasie hulle gevorm het, word nie aangedui nie. Sonder beskikbare gegewens in dié verband kan die meervoudige stem alleen bepaal

---

65. K. 127, Band 15, G.R. Hofmeyr -- genl. Botha, 30 Mei 1910.
66. Government Gazette Extraordinary, Vol. 1, 1 Junie 1910, No. 2, pp. 9-46; Natal Official Gazette, No. 3, 9 Junie 1910, No. 7, pp. 15-34; ibid., No. 6, 30 Junie 1910, No. 15 en 16.
67. Natal Official Gazette Extraordinary, No. 10, 26 Julie 1910, pp. 177-178; Supplement No. 3, 4, 5, 10, 11, Natal Official Gazette, 21 Julie, pp. 257-472, 28 Julie, pp. 473-585, 18 Aug., pp. 903-1096, 25 Aug. 1910, pp. 1097 e.v.
68. In die beskikbare staatskoerante in die Argiefbewaarplek Pretoria word daar geen gesertifiseerde lyste vir die kiesafdelings Kliprivier, Vryheid en Weenen verstrek nie, maar aangesien die syfers van die orige 14 kiesafdelings presies klop met 'n lys wat die Witness op 2 Sept. 1910 gepubliseer het, word lg. koerant se syfers vir die ontbrekende kiesafdelings as juis aanvaar.

word deur vas te stel hoeveel van die 29 940 kiesers se naam op meer as een van die 17 lyste voorkom, en daardie moeite is ontsien. Ten opsigte van die meervoudige stem is daar 'n probleem wat nie opgelos kan word nie en waarop later gewys word.

Met die publisering van die laaste gesertifiseerde kieserslyste op 25 Augustus was daar net drie weke oor voor die parlementêre verkiesingsdag op 15 September en minder as twee maande voor stemdag in die provinsiale verkiesing wat vir 12 Oktober bepaal is.[69]

Vanselfsprekend was die verkiesingsveldtog teen hierdie tyd reeds in rat, en 'n kenmerk daarvan was die kandidatevloed. Daar was nie minder as 43 kandidate in die 17 kiesafdelings nie, in sommige soos Umlazi selfs 6 en in Pietermaritzburg-Suid 5. Hulle was soos volg verdeel: 18 Onafhanklikes, 10 Regeringsmanne, 7 Unioniste, 7 Arbeiders en 1 Sosialis. Die oorvloed aan kandidate moet aan onbekendheid met die partystelsel toegeskryf word, asook aan swak party-organisasie en -dissipline. Boonop is die ou gebruik kragtens Wet No. 49 van 1888, nog gevolg dat 'n voornemende kandidaat moes reageer op rekwisisies wat sy kiesers aan hom voorgelê het en waarin hy gevra is om hom verkiesbaar te stel.[70] Dit spreek vanself dat die kandidatevloed hierdeur bevorder is.

Die enigste kandidaat wat nie geopponeer is nie en onbestrede verkies is, was die Onafhanklike James Henderson (Durban-Berea). Hieruit wil 'n mens aflei dat hy 'n baie bekwame politikus was, maar in sy verkiesingsmanifes het hy hom bekend gestel as 'n man wat nie 'n politikus in die ware sin van die woord was nie. Hy het hom verkiesbaar gestel omdat sommige van Durban se verteenwoordigers in die Parlement darem 'n sake-agtergrond soos hy moes hê, anders sou Natal uit 'n sake-oogpunt deur die ander provinsies te na gekom word. Duideliker kon hy nie sy beperkte Natalse visie op Suid-Afrikaanse sake geopenbaar het nie, tog het die Mercury hom groot lof toegeswaai as 'n man wat vertrou kon word.[71]

In Umlazi, waar daar 'n seshoekstryd gevoer is, is gevrees dat die verdeling van stemme daartoe sou lei dat H. Humphrey hierdie boerevesting namens die Arbeiderparty sou wen, wie se wekroep tot veral die armes en die werkers was: "We stand for homes, not dividends; people, not profits." Die Arbeiders is deur al die Natalse koerante, met die uitsondering van De Afrikaner, aangeval,

---

69. Natal Official Gazette, No. 13, 11 Aug. 1910, No. 2 en 299.
70. Sien ibid., No. 20, 8 Sept. 1910, Departementele Kennisgewings, kandidatelys.
71. The Natal Mercury, 28 Julie 1910, James Henderson se verkiesingsmanifes; ibid., 31 Aug. 1910, hoofartikel.

want daar is reeds in hierdie vroeë stadium gevrees dat hulle en "the Three Bonds" 'n alliansie sou vorm tot nadeel van die Engelstaliges. Die Arbeiders het gevolglik, net soos die Afrikaners, 'n skyf vir die rassekreet geword wat tydens die verkiesing aangehef is, maar hulle het dit te laat besef, soos H.W. Sampson later per brief aan Thomas Boydell erken het.[72]

Die 27-jarige Boydell, Arbeiderkandidaat teen die Onafhanklike J.G. Maydon in Durban-Greyville, het nie alleen die belangrikheid van die rassekreet onderskat nie, maar sy eie gewildheid ver oorskat. Jare later het hy oor hierdie verkiesingstryd verklaar: "My first election was a scream ... Most of my time I spent in my committee room surrounded by ardent supporters. I hired two dozen chairs. That was a big mistake. My supporters used to sit and tell me I couldn't lose; that it was all over bar the shouting ... "[73]

Hy en sy ses mede-Arbeiderkandidate sou erg teleurgestel word.

Die Unionisteparty het net sewe kandidate in die veld gehad. Hulle was die eerbiedwaardige sir David Hunter, vader van spoorwegontwikkeling in Natal en 'n ervare politikus, wat 'n vierhoekstryd in Durban-Sentraal gevoer het; C.P. Robinson (Durban-Umbilo), C.A.S. Yonge (Pietermaritzburg-Suid), J. Morley en T. Fletcher (albei Umlazi), Charlie Henwood (Victoria) en Hugh M. Meyler. Laasgenoemde, politiek 'n onbekende, was in een van die belangwekkendste verkiesingstryde in die land gewikkel, want hy het hom gestel teen die bekende oud-premier Frederick Robert Moor in die kiesafdeling Weenen, wat 'n kwarteeu lank deur Moor in die Natalse Parlement verteenwoordig is. Meyler, 'n prokureur van Vryheid, is neerhalend bestempel as 'n seun wat pas langbroek begin dra het, 'n bogkind in die politiek en boonop 'n rassehater, en daar is voorspel dat hy 'n drag slae sou kry. Selfs 'n Unioniste-mondstuk soos die Mercury het geglo dat Moor se groter bekendheid en persoonlike aanhang die deurslag in sy guns sou gee.[74]

Moor, as Regeringsman, het reeds op 14 April, nog voordat die verkiesingstryd in wese begin het, sy kiesers in 'n toespraak op Weenen daaraan herinner dat hy in 25 jaar sy setel in die Natalse Parlement behou het met die steun van

---

72. Boydellversameling, 75/8, H.W. Sampson -- Boydell, 11 Okt. 1910; The Natal Witness, 2 Sept. 1910, hoofartikel; The Natal Mercury, 15 Aug. 1910, Arbeiders se verkiesingsmanifes, 16 Aug. 1910, hoofartikel; The Natal Advertiser, 14 Sept. 1910, hoofartikel.
73. Boydellversameling, 75/8, knipsel uit The Cape Argus, 12 April 1938, artikel deur Thomas Boydell, "Some Memories of - Elections of the Past". Sien ook Boydell, My Luck Was In.
74. De Afrikaner, 8 en 25 Aug. 1910, hoofartikels, 1 Sept. 1910, brief deur Henry Bayne Stuart; The Natal Mercury, 31 Aug. 1910, hoofartikel.

sowel die Engelse as Afrikaners van die graafskap Weenen. "Waarom kan daar nie sulke samewerking dwarsdeur Suid-Afrika wees nie?" het hy gevra en vervolg: "Daar sit prokureur Scheepers. Hy is van Afrikanerafkoms, ek van Engelse. Hy het my in die verlede ondersteun. Ek het hom probeer help. Ons is albei boere -- moet ons nou vyande word? ... Ons het 50 jaar lank hier regeer sonder verdeling op 'n rassegrondslag en andere kan ons voorbeeld volg."[75]

Moor het sy sterkste steun van De Afrikaner gekry wat in hom 'n Boerevriend gesien en geglo het "Elke stem door een Afrikaner aan de Unionisten gegeven is een spijker in de doodskist van het Afrikanerdom." Die jeugdige Meyler het egter met soveel Unionistiese rassevuur onder hom ingeseil dat dit hoe later hoe duideliker geword het dat Moor hom in 'n verbete stryd bevind het. Tekens van verbittering het sig geopenbaar en skuins voor stemdag is dit in hoë kringe nodig geag om hierdie Kabinetslid van genl. Botha met woord en daad by te staan. Daarom het genl. Smuts op 11 September 'n vergadering op Estcourt gaan toespreek en 'n ernstige beroep op die kiesers van Weenen gedoen om Moor se kandidatuur te steun.[76] Teen daardie tyd was die skrif vir Moor reeds aan die muur.

Ook in Umvoti was daar 'n interessante tweestryd tussen twee ou ingesetenes in die kiesafdeling, W.A. (Bill) Deane en kol. George Leuchars. Albei was boere, bekende politici en oud-Kabinetslede. Deane, Minister van Landbou in die laaste Natalse Parlement, het hom openlik as Bothaman verkiesbaar gestel, of "Nasionalis", soos alle Regeringsmanne in hierdie verkiesing aangedui is. Leuchars was 'n ewe sterk Bothaman, maar het soos vele ander in Natal verkies om sy lyf Onafhanklik te hou. Hoewel De Afrikaner verklaar het dat Deane as Natalse Kabinetslid 'n dwase beleid ten opsigte van die Ooskuskoors gevolg het en derhalwe vervang behoort te word, was daar in hierdie verkiesing niks te kies in die politiek van hierdie twee kandidate nie. Dit was eerder 'n geval dat die kieserspubliek moes besluit "which of them it thinks the better man, rather than the better politician".[77] As mens kom Bill Deane enigsins eksentriek voor en van hom en Leuchars sal daar later weer gehoor word.
Wat die politiek en die politieke stryd van Deane en Leuchars geld, geld ook dié van die meeste ander Onafhanklikes, van wie 'n hele aantal mekaar geopponeer het en vir wie se aanhangers dit eerder om persoonlike kwessies as politieke beginsels gegaan het. Hulle was feitlik deur die bank draadsitters wat te

---

75. The Natal Witness, 15 April 1910, vry vertaling van berig.
76. De Afrikaner, 22 Aug., 8 en 12 Sept. 1910, hoofartikel en berigte; The Natal Advertiser, 13 Sept. 1910, hoofartikel.
77. The Natal Mercury, 31 Aug. 1910, hoofartikel.

bang was om hulle openlik as Regeringsmanne verkiesbaar te stel uit vrees dat hulle as pro-Afrikaners gebrandmerk sou word en dit dusdoende by die stembus sou ontgeld. Dit geld manne soos Thomas Watt (Dundee), Thomas Hyslop en Henry Wiltshire (albei Kliprivier), Thomas Orr (Pietermaritzburg-Noord), W.H. Griffin (Pietermaritzburg-Suid), A. Fawcus (Umlazi), F.U. Reynolds (Umzimkulu), E.A. Brunner en W.F. Clayton (albei Zoeloeland). Almal sou spoedig na die verkiesing hul ware kleure toon en hulle by die Regering skaar.

Daar was egter uitsonderings, naamlik James Henderson (onbestrede Durban-Berea), maj. P.A. Silburn (Durban-Punt) en J.G. Maydon (Durban-Greyville). Laasgenoemde, 'n gesiene persoonlikheid en ervare politikus, kom bra wispelturig voor, maar daar kan nie van hom gesê word dat hy Regeringsgesind was nie. Nog minder was Henderson en Silburn. Die verkiesingstryd van Maydon en Silburn, Orr en Fawcus het van dié van Deane en Leuchars verskil deurdat hulle elk deur 'n Arbeider beveg is. Daar was dus nie slegs persoonlike kwessies op die spel nie, maar ook politieke beginsels.

Thomas Watt was die enigste Onafhanklike wat hom in 'n redelike sterk Afrikaner= setel (Dundee) bevind het en deur Afrikaners geopponeer is, naamlik W. Springorum en P.R.N. Vermaak, albei Regeringsmanne, ofte wel, "Nasionaliste". Dit was in Noort-Natal waar die Volksvereniging aan die werk was, en die verkiesingstryd in hierdie drie noordelike kiesafdelings, Dundee, Newcastle en Vryheid, het tegelyk die grootste geharwar en interessanthede opgelewer. Die Afrikaners het na hartelus dwarsgetrek, of soos 'n briefskrywer dit gestel het: "Wij zijn zoals een span jonge ossen, de een rukt achteruit de ander vooruit, de een schopt de ander gaat leggen, de een brult de ander hardloopt met de riem weg. Alles is doormekaar en ondersteboven."[78]

Die lede van die Volksvereniging het hulle weinig gesteur aan die oproep van De Afrikaner, regstreeks tot hulle gerig, dat die kandidatevloed gestuit moes word. Ewe min het hulle hul gesteur aan die beroepe deur die blad en E.G. Jansen dat hulle hul kalm moes gedra, want op vergaderings en in die "twist= geschrijf" in koerante is menige kwetsende aanval op 'n persoonlike vlak gedoen.

Die redakteur van De Afrikaner het dit vroeg in April reeds nodig geag om 'n briefskrywer uit die distrik Utrecht, kiesafdeling Dundee, wat teen die onbe= voegdheid van hul vorige Engelssprekende Parlementslede uitgevaar en op die verkiesing van 'n Afrikanerboer aangedring het, ernstig te betig dat "als een

---

78. De Afrikaner, 12 Sept. 1910, brief deur "Onpartijdig".

korrespondent gal wil kwijt raken, moet hij toch liever een kastorolie purgatie innemen, dan anderen openlik beschimpen".[79] Die blad sou egter sy eie raad nie volg nie.

E.G. Jansen, sekretaris van die Volksvereniging, het die verkiesingskomitees dit op die hart gedruk dat hulle gesonde oordeel aan die dag moes lê by die aanwys van kandidate. Hy het, aan die hand van die statute, 'n duidelike uiteensetting gegee van hoe daar by wyse van meer as een stemming tussen die aspirantkandidate gekies moes word en elke keer die een met die minste stemme te elimineer totdat daar net een oorbly, wat tot amptelike kandidaat verklaar moes word.[80] Ten spyte hiervan was daar 'n onverkwiklike kandidatetwis wat tot na die verkiesing sou voortduur, maar waarvoor leemtes in die statute deels ook verantwoordelik was.

In die kiesafdeling Dundee was daar redelik vroeg 'n roering. Daar was Thomas Watt, oud-Parlementslid wat 'n rekwisisie van die pas gestigde Dundee Political Association aanvaar het, die bekendste kandidaat. Aanvanklik is gemeen dat hy hom in sy ou kiesafdeling Newcastle verkiesbaar sou stel, maar hy het daarteen besluit omdat die Afbakeningskommissie 'n groot deel van die ou kiesafdeling Newcastle, naamlik wyke 2, 3 en 4, by Dundee ingesny het. Teen daardie tyd het hy hom reeds by 'n deel van die Natalse pers ongewild gemaak deur sy raad aan Natallers om van die stigtingskonferensie van Jameson se Unionisteparty in Bloemfontein weg te bly en eers die kat uit die boom te kyk. Hy is na aanleiding daarvan tot aartsdraadsitter gedoop, wat geen onvanpaste naam was nie. In een van sy eerste verkiesingstoesprake, op 1 Julie op Hattingspruit, het hy verklaar dat hy geen blinde navolger van genl. Botha was nie,[81] dog binne agt jaar sou hy hom blindelings volg en erken dat sy onvermoë om van genl. Botha te verskil hom hinder, maar dat hy weinig daaraan kon doen, want "I take my orders from him." Dit openbaar 'n bra onvleiende karaktertrek van Watt as iemand wat eerder 'n naloper as 'n voorloper was, en 'n later vraende uitroep "But Watt??" wat burggraaf Buxton teenoor genl. Smuts gebruik het oor werk wat Watt as Minister van Gesondheid nie na behore gedoen het nie, spreek boekdele.[82]

---

79. Ibid., 4 April 1910, brief deur Schaap Boer" en voetskrif deur redakteur. Sien ook ibid., 15 Mei, 14 Julie en 1 Aug. 1910, hoofartikel en berigte.
80. Ibid., 28 Julie 1910, brief deur E.G. Jansen.
81. The Newcastle Advertiser and Northern Post, 11 Junie 1910, berig; Report of the Delimitation Commission ... , p.37; The Natal Advertiser, 19 April 1910, hoofartikel en berig; The Natal Mercury, 5 Julie 1910, berig.
82. Smuts Papers, Private 194, Vol. 20/W267, T. Watt - genl. Smuts, 5 Mei 1918; ibid., Vol. 19/B53, Buxton -- genl. Smuts, 5 Nov. 1918.

Daar is ook aantygings teen Watt gemaak dat hy weens 'n gebrek aan geld bloot om persoonlike gewin in die Parlement probeer kom het, dat daar protes aangeteken is teen sy nominasie deur die Dundee Political Association, dat hy getrag het om meer as een Afrikanerkandidaat genomineer te kry ten einde die Afrikanerstem in die kiesafdeling te verdeel.[83] Weens die afwesigheid van stawende getuienis moet hierdie aantygings egter verwerp word.

Watt is ook daarvan beskuldig, eintlik ten opregte, "dat hy en (sic) volslage Progresief (sic) is van kop naar voet"en dat sy grootste aanhangers die grootste Boerehaters was wat nie geskroom het om genl. Botha se regering vir al wat sleg is uit te maak nie. Na aanleiding van sy verklaring op Hattingspruit dat hy Botha nie blindelings sou volg nie, is hy uitgewys as 'n verkleurmannetjie wat geweier het om kant te kies omdat hy met Engelse en Afrikaners te doen had, maar wie se doel dit was om die kiesers aan die Progressiewe uit te lewer; daarom sou die kiesers hom "niet toelaten ons knollen voor citroenen te verkopen".[84]

Watt het egter wel steun onder die Afrikaners gehad, en boonop is die Afrikanerstem weens 'n onderlinge getoutrek in sy guns verdeel. Daar was verskeie aspirante onder die Afrikaners, naamlik W. Springorum, J. Dyson, P.R. (Philip) Vermaak en sy neef P.R.N. Vermaak. Pogings is ook aangewend om E.G. Jansen as kandidaat te verkry, en daar was selfs sprake dat genl. Viljoen van Heidelberg genader sou word. Dyson en P.R. Vermaak was bereid om hulle te onttrek as Jansen die eenparige steun van die Afrikaners kon verkry en deur die Volksvereniging genomineer sou word. Ook Springorum was later, nadat druk op hom toegepas was, nie ongeneë om vir Jansen opsy te staan nie. Jansen het 'n rekwisisie ontvang, maar was nie oorgretig vir die stryd nie en het op die ou end daarteen besluit en verklaar dat hy hom liewer by 'n latere geleentheid verkiesbaar sou stel wanneer hy ryper aan kennis en ervaring sou wees.[85]

Dit blyk dat die belangrikste rede vir Jansen se weiering bekommernis oor sy regsprofessie was. Hy het dit nie te breed gehad nie en was bang dat as hy hom in die verkiesingstryd begewe, hy weens die rassefaktor 'n gebrandmerkte

---

83. E.G. Jansenversameling, Lêer 65, A.J. Potgieter -- Jansen, 16 Junie, J. Dyson -- Jansen, 25 Junie en 1 Julie 1910; De Afrikaner, 23 Junie 1910, rubriek "Uit Alle Hoeken".
84. E.G. Jansenversameling, Lêer 65, A.J. Potgieter - Jansen, 16 Junie 1910; De Afrikaner, 7 Julie 1910, hoofartikel.
85. E.G. Jansenversameling, Lêer 65, J. Dyson -- Jansen, 19, 25 en 30 Junie en 1 Julie 1910; ibid., C.J.H. Laas -- Jansen, 11 Julie 1910, ongedateerde rekwisisie aan Jansen; De Afrikaner, 30 Junie 1910, brief deur P.R. Vermaak, 11 en 14 Julie 1910, berig en brief deur E.G. Jansen.

onder die Engelse sou word en dat hy geldelik aan die kortste end sou trek, veral as hy die paal nie haal in die verkiesing nie. Sy vrees wat nie onge= grond nie, soos sy ervaring vyf jaar later sou bewys.[86]

Met Jansen se onttrekking, wat 'n verligting vir Watt moet gewees het, het Springorum, Dyson en die twee Vermaaks oorgebly. Dyson, wat hom sterk beywer het om Jansen as kandidaat te werf, het byna dadelik van die toneel verdwyn. Hy was 'n Engelssprekende wat enkele jare tevore om gesondheidsredes na Suid-Afrika gekom het en wat vroeg in die verkiesing bestempel is as 'n man wat eintlik in die Arbeiderparty tuisgehoort het. Philip Vermaak het hom ook onttrek nadat hy die stryd in die voorlopige nominasies van die Volksvereniging teen Springorum en P.R.N. Vermaak verloor het. Die stryd tussen laasgenoemde twee het egter tot by die stembus en daarna gewoed.[87]

Springorum is in 1857 in Dusseldorf, Duitsland, gebore en het in die sewentiger= jare na Suid-Afrika gekom, waar hy hom eers in Pretoria bevind en later op Ermelo gevestig het as agent en beëdigde vertaler. Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het hy na Durban verskuif en hom na die vredesluiting op Dundee gevestig, waar hy so 'n lewendige belangstelling in plaaslike bestuursake geopenbaar het dat hy eers stadsraadslid en in 1910 burgemeester geword het. Hy het as politikus 'n aanhang onder sowel die steenkoolmynwerkers as die Afrikaners gehad, maar sy opponent Dyson het hom nie geskik geag as 'n man wat Botha se regering se aansien sou verhoog nie. Dit blyk dan ook uit korrespondensie tussen Springorum en genl. Botha dat hy enigsins 'n laspos was wat gereken het sy politieke bydrae in Natal, veral tydens die referendum, behoort hoër aangeslaan te word.[88]

P.R.N. Vermaak, ook bekend as Skatjie, was 'n veeboer en half-opgeleide maar uitstekende medikus, aldus wyle sen. Alfred Friend van Vryheid wat hom per= soonlik geken het. Van Vermaak is in 1910 gesê dat hy die vorige 15 jaar lydendes van alle rasse gratis behandel het. Met die uitbreek van die Tweede

---

86. Sien in dié verband E.G. Jansenversameling, Lêer 65, Jansen -- J. Dyson, 30 Junie 1910; Bandonderhoud deur skrywer met mev. M.M. Jansen, 9 Okt. 1975.
87. E.G. Jansenversameling, Lêer 65, A.J. Potgieter, -- Jansen, 16 Junie 1910; ibid., Lêer 66, J.J. Müller -- Jansen, 31 Julie 1915; De Afrikaner, 18 Aug. 1910, berig en brief deur P.R. Vermaak.
88. E.G. Jansenversameling, Lêer 65, A.J. Potgieter -- Jansen, 16 Junie 1910; ibid., J. Dyson -- Jansen, 19 Junie 1910; PM/OG, W. Springorum -- genl. Botha, 17 Des. 1910, en Botha -- W. Springorum, 22 Des. 1910 (afskrif); De Afrikaner, 30 Jan. 1911, grafskrif, Springorum.

Vryheidsoorlog is hy deur die Britte gevang en later in die vroue-konsentrasie=kamp in Pietermaritzburg geplaas, waar die verwaarloosde onderwystoestand hom so aangegryp het dat die kampowerheid op sy aandrang toestemming verleen het vir die oprigting van skole, waarvan hy aan die hoof gestaan het. Binne drie maande was daar bloeiende skole in die kampe in Pietermaritzburg, Howick, Mere=bank, Wentworth en Jacobs en is daar daagliks onderwys in Engels en Hollands aan meer as 3 000 kinders gegee -- alles gratis, selfs wat die voorsiening van skool=materiaal betref. Hy het ook 'n koor en musiekkorps gestig wat ywerig geld ingesamel het met die hou van konserte in Pietermaritsburg, Greytown en in die kampte. Na die oorlog was hy een van die stigters van Het Kongres, waarvan hy voorsitter was voordat hy na Europa gegaan het om sy mediese studie voort te sit, maar nooit voltooi het nie. Hy is eers enkele maande voor die verkiesing na Suid-Afrika terug, was getroud met 'n Engelse dame en het steun onder sowel die Engelse as Afrikaners geniet.[89]

Uitsprake van steun aan hom en Philip Vermaak het van verskeie persone gekom; maar daar was ook sterk teenkanting teen hulle. Dyson het P.R.N. Vermaak se kandidatuur as die mees hopelose bestempel waarvan hy gehoor het, en andere moet dié siening gedeel het, want Vermaak het die nominasiestryd verloor en Springorum is as amptelike kandidaat van die Volksvereniging aangewys. Vermaak het, op grond van beweerde onreëlmatighede met die nominasie, geweier om hom te onttrek en by die sentrale bestuur van die Volksvereniging protes aangeteken, waardeur hy hom die gramskap van vele op die hals gehaal het. Hy is daarvan beskuldig dat hy doelbewus so koppig opgetree het ten einde Watt se hand te sterk, en is aangeraai om liewer na Skotland terug te keer en sy mediese studie te voltooi.[90]

Vermaak het die aantygings dat hy Watt probeer help het, met veragting verwerp. Sy beswaar teen die amptelike nominering van Springorum is deur die sentrale bestuur van die Volksvereniging op Dundee oorweeg, en dié het besluit dat nóg die een nóg die ander gelyk gegee en tot amptelike kandidaat aangewys kon word aangesien daar onreëlmatighede aan weerskante plaasgevind het. Dit is toege=skryf aan die onbekendheid met die partystelsel, die feit dat die statute nie mooi begryp is nie en ook leemtes gehad het. Daar is nietemin gehoop dat die twee kandidate die geskil in der minne sou skik en sodoende sou verhinder dat Watt bevoordeel word, maar dit was ydele hoop. Selfs 'n beroep deur genl. Botha

---

89. De Afrikaner, 7 Julie 1910, brief deur N.J. Rensburg; Bandonderhoud met wyle sen. Alfred Friend, 28 April 1977.
90. E.G. Jansenversameling, Lêer 65, J. Dyson --Jansen, 25 Junie 1910; De Afrikaner, 22 Aug., 8 en 12 Sept. 1910, hoofartikel en brief elk deur "Geen Kwakzalver" en "Nationalist".

op Vermaak om hom te onttrek, het nie die gewenste uitwerking gehad nie, want Vermaak wou hom nie deur Botha laat voorskryf nie.[91] Albei kandidate het in die veld gebly as toonbeeld van Afrikanerverdeeldheid, en die teëparty het in die vuis gelag.

'n Soortgelyke nominasietwis het die Volksvereniging in die kiesafdeling Vryheid uiteengeskeur, maar daar was geen kandidaat van 'n teëparty wat voordeel kon trek nie. 'n Groot deel van hierdie kiesafdeling is met die afbakening by Zoeloeland ingelyf, tot misnoeë van die ou ingesetenes van Vryheid. Hulle wou graag die gebied wat jare tevore as die Nieuwe Republiek bekend was en wie se kiesers eenderse belange gehad het, ongeskonde behou. Ewe gretig was hul bure, soos o.a. verteenwoordig deur E.A. Brunner, om die eenheid van Zoeloeland te bewaar. "For goodness sake," het hy aan sir William Beaumont geskryf, "do not destroy our identity as a separate unit in the Union." Om Zoeloeland te behou, is dit egter nodig geag om 'n deel van Vryheid op te offer.[92]

Die stryd in Vryheid het gelê tussen genl. M.W. Myburgh en B.E.A. Rabe, albei oud-Parlementslede. Rabe het hom op 23 Junie as kandidaat tot die beskikking van sy ou kiesers in sowel Vryheid as Zoeloeland gestel en dit aan hulle oorgelaat om oor sy aangebode kandidatuur te beslis. Hy is kort daarna deur lede van die Volksvereniging gevra om hom in Vryheid verkiesbaar te stel.[93]

Genl. Myburgh het hom ook op versoek van lede van die Volksvereniging in die stryd begewe, en in 'n stadium het dit gelyk asof Richard Levisohn 'n soortgelyke stap oorweeg, dog sy aspirasies het aanleiding gegee tot 'n paar snedige anti-Semitiese uitlatinge deur briefskrywers aan De Afrikaner. Een het, met verwysing na 'n beroep deur C.F. Meyer om steun aan Levisohn, verklaar dat laasgenoemde "(als) zoon van een Leviet behoort tot het priesterlik geslacht, en zijn roeping is dus geestelik en niet politiek." Die heer Meyer se steun was onvanpas, is gesê, want die verkiesing was vir Vryheid, nie vir Jerusalem nie. "De raad die Achitofel ditmaal geraden heeft is niet goed," het 'n ander bygevoeg. Levisohn en sy ondersteuners was bitter verontwaardig hieroor en het De Afrikaner tereg kwalik geneem dat die briewe geplaas is, maar dit is

---

91. De Afrikaner, 1 en 12 Sept. 1910, berig, brief deur J.C. Adendorff en telegram van P.R.N. Vermaak; ibid., 26 Junie 1911, J.J. Uys se voorsitters-verslag op sitting van Volksvereniging, 22 Junie 1911; The Natal Witness, 5 Sept. 1910, berig.
92. Sien K. 127, Band 9, E.A. Brunner -- sir William Beaumont, 28 April 1910; ibid., Band 10, Verslag deur F.G. Katzenstein, A. von Levetzow en F.W. van Reenen aan Afbakeningskommissie, 5 Nov. 1912; The Zululand Times, 29 April en 6 Mei 1910, hoofartikel en berig.
93. De Afrikaner, 23 Junie 1910, ope brief deur B. Ernst A. Rabe.

deur die redakteur as oorgevoeligheid verwerp.[94] Levisohn het besluit om hom nie verkiesbaar te stel nie.

'n Derde kandidaat het na vore getree in die persoon van B.G. Brecher, maar hy was kwalik 'n faktor.

Die stryd tussen Rabe en Myburgh het vroeg onstuimig begin word. Teen die einde van Julie het albei aan 'n verkiesingsvergadering deelgeneem wat deur Engelse en Afrikaners bygewoon is. Myburgh het onvleiende aanmerkinge oor Rabe gemaak en toe laasgenoemde protes aanteken, het daar 'n oproerigheid ontstaan wat byna in 'n "Tipperary tussle" ontaard het, soos dit genoem is. Myburgh het om verskoning gevra, maar later weer 'n persoonlike aanmerking gemaak as sou Rabe by geleentheid 'n sitting van die Wetgewende Vergadering verlaat en dringende sake so ontwyk het op grond van 'n telegram van sy ma om huiswaarts te keer. 'n Geweldige oproer het losgebars wat byna in 'n vuisgeveg geëindig het, maar Myburgh het weer om verskoning gevra en die twee het blad geskud.[95]

Die politiek het egter nie op dié lae vlak gebly nie, want op dieselfde ver= gadering het Myburgh 'n kragtige mededeling gedoen wat sterk ooreenslaan met genl. Hertzog se uitlatinge in 1912, waaroor Myburgh van hom sou verskil. Hy het naamlik sy toehoorders, waarin die Engelse in die meerderheid was, meege= deel dat hy hom as Britse onderdaan van Hollandse afkoms as Afrikaner beskou het "en ik zeg Zuid-Afrika en Zuidafrikaanse belangen eerst en dan het moeder= land". Hy het 'n beroep op almal gedoen om as een nasie te stry vir hul land.[96]

Die verskillende takke van die Volksvereniging het intussen hul nominasies gedoen en die nominasievergadering is op 30 Augustus gehou. Die verkiesings= komitee het van die oggend tot die aand laat vergader voordat Myburgh as ampte= like kandidaat aangewys is. Daar is egter beswaar aangeteken as sou die verkiesingskomitee stemme getel het wat nie getel moes gewees het nie. Die saak is hersien en 'n aantal stemme van al drie kandidate is verwerp, in die geval van Rabe en Brecher 7 dorpstemme elk, en in die geval van Myburgh 56 dorpstemme plus 5 van afgevaardigdes van Hlomo Hlomo wat die saal verlaat het.

---

94. De Afrikaner, 24 Maart, 7 Julie en 1 Aug. 1910, briewe deur "Dikkie", C.F. Meyer, "Een Kiezer" en "Husai", 4 April 1910, briewe deur Richard Levisohn en "Oude Intekenaar", met voetskrifte deur die redakteur.
95. The Natal Witness, 26 Julie 1910, berig.
96. De Afrikaner, 1 Aug. 1910, berig.

Na die hersiening is Rabe as amptelike kandidaat aangewys met 167 stemme teenoor die 139 van Myburgh en Brecher se 8, waarna daar vanselfsprekend ontevredenheid was. Myburgh het, ten spyte van dringende vertoë deur die Vryheid Herald, geweier om hom te onttrek. Dat die Herald vir Rabe gesteun het, dra weinig gewig, want een van sy eienaars, A. Otgaar, was sekretaris van die verkiesingskomitee en sy mede-eienaar, ene Evenhuis, was lid van 'n takbestuur en het vir Rabe gestem.

Myburgh het beswaar teen die aanwysing van Rabe by die sentrale bestuur van die Volksvereniging gedoen, maar aangesien 'n kworum van die sentrale bestuur nie betyds byeen kon kom nie -- eintlik is die reiskoste as verweer aangevoer -- kon die saak nie betyds voor stemdag verhoor word nie. Otgaar, as sekretaris van die verkiesingskomitee, se standpunt teenoor Jansen was dat, tot tyd en wyl die beswaar aangehoor en uitspraak gelewer is, Rabe die amptelike kandidaat van die Volksvereniging bly. Dit kom as 'n billike standpunt voor, wat, indien dit aanvaar sou word, sou meebring dat die Volksvereniging sy algehele steun aan Rabe sou moes toesê, en dit is hoegenaamd nie gedoen nie. Weens leemtes in die statute kon die saak nie opgelos word nie en dit blyk dat, soos in die geval van die nominasietwis in Dundee, nie een van die kandidate gelyk gegee is nie en dat albei aangeraai is om hul kandidatuur tot by die stembus te dryf. So 'n verklaring is deur Myburgh gedoen as synde 'n aanbeveling wat hy van Jansen ontvang het.[97]

Dit is dan ook wat in 'n atmosfeer van groot onenigheid geskied het, en eers sowat drie weke na stemdag, en wel op 8 Oktober, is die beswaar teen Rabe se nominasie verhoor en uitspraak gelewer. Volgens die uitvoerig gepubliseerde verslag was daar, net soos in die geval van Dundee, ongerymdhede aan weerskante en is albei die kandidate asook die verkiesingskomitee skerp gekritiseer. Daar is byvoorbeeld wederregtelik stemme afgekeur, terwyl andere aanvaar is wat by wyse van volmag uitgebring is, en sommige persone selfs 3 en 4 stemme uitgebring het. Dit was die here Otgaar en Evenhuis wat meer as een keer gestem het, hoewel laasgenoemde nie eens stemreg in die verkiesingsvergadering gehad het nie.[98]

In hierdie laat stadium, meer as drie weke na stemdag, het die sentrale bestuur

---

97. The Vryheid Herald, 31 Aug. (Speciale Uitgave), 2 en 9 Sept. 1910, berigte en hoofartikels; De Afrikaner, 1 en 12 Sept. 1910, berig en kennisgewing deur E.G. Jansen.
98. The Vryheid Herald, 14 Okt. 1910, hoofartikel; De Afrikaner, 20 Okt. 1910, verslag deur E.G. Jansen.

bevind dat nòg Rabe nòg Myburgh tot amptelike kandidaat verklaar kon word, maar daarmee is die ontevredenheid steeds nie opgeklaar nie, want die bevinding is betwis. Buitendien was die koeël reeds deur die kerk en het die Volksvereniging 'n knou weggehad waarvan hy moeilik kon herstel, maar daaroor later meer.

In die kiesafdeling Newcastle het die Volksvereniging wel nie in 'n soortgelyke nominasiedebakel as in Dundee en Vryheid beland nie, maar het veral die voor- en teenstanders van die Spies-broers so 'n onsmaaklike twisdebat in De Afrikaner gevoer dat dit haas nie anders kon as om die Volksvereniging in onguns te bring nie.

In hierdie kiesafdeling was dit vroeg reeds 'n redelik uitgemaakte saak dat H.J. Bosman, eertydse oorlogsekretaris van genl. Botha, as kandidaat van die Volksvereniging genomineer sou word. Hy het hom egter maar onwillig in die stryd begewe nadat hy vergeefs probeer het om E.G. Jansen te werf, wat hy as 'n "sterke, knappe, en geleerde Afrikaner" beskou het. Jansen het om dieselfde redes geweier as dié wat hom 'n kandidatuur in Dundee van die hand laat wys het. Bosman was op sy beurt skrikkerig om kandidaat te word omdat hy 'n agent en nie 'n boer was nie -- en hy het geglo dat die Afrikaners van die kiesafdeling 'n boer uit hul midde as verteenwoordiger sou wil hê.[99]

Hy het hom nietemin laat ompraat en dit blyk, hoewel nie duidelik nie, dat hy selfs ondersteuners binne die Newcastle Political Association gehad het. Op 'n vergadering van hierdie liggaam op 7 Junie, by watter geleentheid met spyt kennis geneem is daarvan dat Thomas Watt hom nie in Newcastle nie maar in Dundee verkiesbaar gestel het, het J. Harcourt-Baldwin skriftelik voorgestel dat Bosman gesteun word. Hy het as argument aangevoer dat geen kandidaat wat nie Afrikaner-steun geniet nie, 'n kans sou hê om verkies te word. Sy mosie is gunstig ontvang, maar daar is besluit om eers te verneem of Henry Wiltshire hom nie verkiesbaar wou stel nie. Wiltshire het egter 'n rekwisisie van die hand gewys omdat, soos hy dit gestel het, hy in die komende rasseverkiesing en met 'n gebrek aan 'n verenigde Engelse front in Newcastle, geen kans sou hê om daar verkies te word nie. Wiltshire se beslissing is betreur en daar is gepleit dat die Engelse moes saamstaan, al sou hulle as rassehaters veroordeel word vir dieselfde dinge waarvoor Botha se Afrikaners as patriotte geëer is.[100]

---

99. E.G. Jansenversameling, Lêer 65, H.J. Bosman -- Jansen, 4 April 1910.
100. The Newcastle Advertiser and Northern Post, 11 Junie en 9 Julie 1910, berig, brief deur Henry Wiltshire en hoofartikel.

Die Newcastle Political Association, wat sulke grootse planne gehad het om die politieke leiding in Natal op hom te neem, was egter in dié stadium in 'n kragtelose posisie. Sy hoofbestuur het juis uiteen geskeur omdat sommige lede 'n Afrikaner- en andere 'n Engelse kandidaat voorgestaan het. Hoewel daar nie duidelik gesê word of Bosman die Afrikanerkandidaat was oor wie gestry is nie, kan daar met veiligheid aanvaar word dat dit wel hy was. Weens die skeuring in sy geledere kon hierdie liggaam geen kandidaat benoem kry nie.[101]

Pogings is steeds deur die Newcastle Advertiser, waarvan Frank Greaves die eienaar en uitgewer was, aangewend om 'n kandidaat te kry. In 'n stadium was daar sprake dat die Unionis F.A.S. Schimper, eertydse lid van die Wetgewende Raad van die Oranjerivierkolonie, hom verkiesbaar sou stel. Hy was 'n teler van stoetperde met een van die grootste plase in die distrik Ladysmith, waar hy tydens die Anglo-Boereoorlog £40 000 se skade gely het, maar wat hy sedertdien weer opgebou het. Hy is egter weens gesondheidsredes daarvan weerhou om hom in Newcastle verkiesbaar te stel, en op die ou end het E.W. Noyce, 'n boer met sakekennis, hom as Onafhanklike teen Bosman gestel met die belofte dat as hy verkies sou word, hy Botha sou steun om sy program uit te voer.[102]

Intussen het die Afrikaners van die kiesafdeling nog gehak en tak en was daar 'n seksie wat hulle beywer het om A.T. Spies deur die Volksvereniging genomineer te kry. In 'n polemiek in De Afrikaner, waarin verskeie lesers om die beurt vir òf Bosman òf Spies kant gekies het, is laasgenoemde ywerig deur sy broers Karel P. en L.J. Spies gesteun en het A.T. self ook die pen opgeneem.

Die Spies-broers, kleinseuns van A.T. Spies wat een van die stigters van die kortstondige Kliprivierrepubliek in 1847 was, het hulle almal in die omgewing van Bloedrivier-Utrecht bevind, waar hulle lede van die D.B.U.B.V. was. Dit staan vermoedelik vir "Doornberg Bloedrivier Utrecht Boeren Vereniging", en dit was veral hierdie liggaam wat hom om die kandidatuur van Spies beywer het.[103]

Die twisgeskryf is aan die gang gesit deur 'n brief waarin Karel Spies die goeie hoedanighede van sy broer A.T. opgevryf het en waarop ander snedig geantwoord het, onder andere dr. E. Niemeyer, aspirantkandidaat in die provinsiale verkiesing. Terwyl sommige die spot gedryf het met die broederliefde van die gebroeders Spies en A.T. Spies afgekam is as 'n man wat die Afrikanerstem in

---

101. The Natal Witness, 10 Junie en 22 Julie 1910, berigte.
102. The Newcastle Advertiser and Northern Post, 30 Julie, 6 en 27 Aug. 1910, hoofartikels.
103. De Afrikaner, 4 Julie 1910, notule van vergadering van D.B.U.B.V.

die kiesafdeling verdeel het, het veral Karel Spies elke aanvaller met 'n oop visier probeer afskiet. Dr. Niemeyer is uitgeskel as 'n man wat tydens die latere fase van die Tweede Vryheidsoorlog na Duitsland gevlug het en wat die woord "vaderlandsliefde" nie behoort te gebruik nie, tensy hy bereid was om daarin te stik. Dit was sekerlik 'n onbillike aanval, soos blyk uit Niemeyer se verweer daarop. Dit was 'n onsmaaklike polemiek waaraan De Afrikaner, tot sy oneer en ten spyte van sy aanvanklike vermaning teen juis so 'n optrede, lustig meegedoen het.

Geen wonder dat daar selfs uit die Vrystaat stemme hierteen opgeklink het nie.[104]

Die koerantgekyf het sekerlik nie tot A.T. Spies se gewildheid bygedra nie en dit is nie eienaardig nie dat hy met 50 stemme teen 206 teen Bosman uitgeval het as amptelike kandidaat van die Volksvereniging.[105] Bosman kon hom daarna op sy enigste opponent, E.W. Noyce, toespits.

In die plattelandse kiesafdelings Kliprivier, Weenen, Umvoti en Zoeloeland was daar ook 'n aansienlike aantal Afrikaners, maar hier het die Volksvereniging weinig invloed gehad of glad nie bestaan nie en was die Afrikaners in hoofsaak op Engelstalige kandidate aangewese. In Kliprivier is die naam van L.W. Meyer van Meyersrust 'n slag genoem as aspirant-kandidaat en is daar na hom verwys "toen hij Hoofd Leider van die Reserven was". Wat dit egter beteken het, is onbekend, en daar is ook nie verder van hom gehoor nie. Zoeloeland het, wat die provinsiale verkiesing betref, 'n nominasiestryd in die kleine opgelewer wat ooreenstem met die groter twiste elders. Hier is ook protes aangeteken teen 'n nominasie, het een kandidaat geweier om hom te onttrek nadat hy uitgeval het en het 'n ander hom onttrek op grond van beweerde onreëlmatighede. Albei was Afrikaners J.A. (Hans) Scholtz, wat geweier het om hom te onttrek, en P.J. Meyer, wat hom onttrek het.[106]

Die getwis onder die Afrikaners het 'n briefskrywer laat opmerk: Dit is droog en die skaapboere kry swaar. Daar word gesê dat dit eers na 15 September sal reën, en dit kan goed begryp word, want dan sal die eleksie verby wees en sal daar 'n einde gekom het aan die gelieg en bedrieg onder die agente van die kandidate. Daar word op vergaderings gebid om leiding, maar vooraf is die

---

104. Sien o.a. ibid., 23 en 30 Junie en 4 Julie 1910, briewe deur Karel Spies, "Knoop" en "Ook Een Kiezer", 28 Julie, 1 Aug. en 4 Aug. 1910, briewe deur Karel Spies, A.T. Spies, L.J. Spies, Johs. C. Vermaak, D. van der Spuy en J.J. Kemp, 11 Aug. 1910, brief deur E. Niemeyer.
105. Ibid., 29 Aug. en 8 Sept. 1910, hoofartikel en notule van nominasievergadering op 26 Aug. op Utrecht.
106. Ibid., 7 Julie, 12, 22 en 29 Sept. 1910, briewe deur "Kiezer", "Onpartijdig" en "Nationalist".

saak al afgepraat. Aan die einde word weer gebid en dankie gesê. Vir wat? Omdat hulle die Here verbygeloop het? Is dit nou nie met die Here spot nie? 'n Ander briefskrywer het, na 'n uiteensetting van die algemene gekyf, ewe lakoniek vervolg: "Verder lijkt het daar buiten in de natuur maar droevig, de droogte, veepest enz., en het is ons een teken dat het met de geestelike organisatie ook niet recht is."[107]

As die verkiesingstryd in die breë in oënskou geneem word, dan val dit op dat daar geen besondere verkiesingskreet was nie. Verkiesingstoesprake is deur 'n eenselwigheid gekenmerk wat die kiesers seker net so verveel het soos die hedendaagse leser daarvan, en dit geld die toesprake van vele opponerende kandidate, selfs dié van kandidate wat aan verskillende partye behoort het. Vele van hierdie toesprake kon net sowel deur enige kandidaat in enige kies= afdeling gelewer gewees het.

Een van die vernaamste redes hiervoor was dat die Natallers steeds nie tussen beginsels en persoonlikhede kon onderskei nie en boonop nie alleen 'n bewonde= ring vir genl. Botha gehad het nie, maar ook niks noemenswaardigs in sy politieke program kon vind wat hulle nie aangestaan het nie. Daarom het menige kandidaat, van watter politieke party of groep ook al, in een of ander stadium aangekondig dat hy genl. Botha wou help om sy politieke program ten uitvoer te bring. Dit het 'n soort wekroep geword, selfs onder die Unioniste wat, eienaardig genoeg, geen begeerte gehad het om genl. Botha as Premier te vervang nie. Jameson het self op 'n reusevergadering in Durban met groot lof van Botha en sy beleid gepraat. Hy het gesê die Unioniste se taak was "not to turn out the Prime Minister, but to revolutionise his Cabinet", 'n standpunt wat deur Natalse Unioniste, soos Cecil Yong, kandidaat in Pietermaritz= burg-Suid, gehandhaaf is, en wat in ooreenstemming was met die algemene optrede van hierdie party sedert sy ontstaan. Dit het gespruit uit die pogings tot 'n "fresh start" en die vorming van 'n regering uit die beste manne en hul steun was daarop gemik om dit onmoontlik vir Botha te maak "to be coerced by the reactionary members of his Cabinet".[108]

---

107. Ibid., 1 en 12 Sept. 1910, briewe deur "O'erhaler" en "Onpartijdig".
108. The Natal Mercury, 10 Aug. 1910, hoofartikel; The Natal Witness, 10 Aug. en 2 Sept. 1910, berigte. Sien ook Van der Schyff, Die Unioniste Party ... , pp. 166-167.

Dit was ook die standpunt van die Onafhanklikes wat in die breë geesgenote was van die stigters van die Natalparty -- sommige selfs mede-stigters. Hulle was egter nie kandidate van dié party nie. Daar is geen bewys gevind dat enige van die kandidate met basuingeskal onder die vaandel van die Natal= party gevaar het nie. Selfs na die verkiesing sou daar vergeefs getrag word om die verkose onafhanklikes as 'n kontingent van die Natalparty te laat optree.

Die belangrikste rede vir die eenselwige politieke uitlatinge van veral die Engelstalige kandidate, was te vinde in hul vrees vir Afrikaneroorheersing en die wrewel wat die daarmee gepaardgaande kwessie van gelyke taalregte opgewek het. Hoe sterker genl. Hertzog op taalgelykheid aangedring en hoe dieper hy in die omstrede tweetaligheidstryd in die Vrystaat betrokke geraak het, hoe heftiger het die reaksie in Natal teen "the Taal" geword. Daar is ook nie nagelaat om hierdie saak onder die aandag van die kiesers te bring en daar te hou nie. In die opsig kan daar miskien wel van 'n verkiesingskreet gepraat word, maar in die sin van 'n algemene kreet vir almal.

Hertzog is as paaiboelie voorgehou wat, indien hy en sy ondersteuners verkies sou word, 'n vreemde taal op gans Suid-Afrika sou afdwing. Vyf dae voor stem= dag is hierdie vreemde taal waarteen gewaak moes word, bestempel as "a corrup= tion of Dutch, English and Zulu" en nie lank daarna nie as "a concoction of gutter-Dutch, Rooinek or Tommy English, Malay, kafir -- with in some districts perhaps an accession of words and ejaculations derived from Bushmen and Hottentots ... "[109]

Dit kan as vasstaande beskou word dat die gehamer op die taalkwessie, ofte wel, Hertzogisme en alles wat dit versinnebeeld het, nie alleen kandidate daarvan weerhou het om hulle openlik as Regeringsmanne te laat nomineer nie, maar ook die kiesers by die stembus sou beïnvloed. Stemme wat wel in belang van die Afrikaner se taalregte opgeklink het, het verswelg geraak in die opjaag van rassegevoelens wat daarop gemik was om die gematigdes onder die Engelse af te skrik, soos wat genl. Smuts reeds in Februarie aan Fremantle voorspel het sou gebeur.[110]

Hierdie beskuldiging van die skep van rasse-onmin is egter aan die Regerings= party teruggeslinger en genl. Botha self het, sonder verskoning, die beste

---

109. The Natal Witness, 9 Sept. en 18 Okt. 1910, artikel deur "Imperialist" en brief deur "A British Dutchman".
110. Smuts Papers, Private 188, Vol.8/JCS 105, Smuts -- H.E.S. Fremantle, 22 Feb. 1910, (afskrif).

aanleiding daartoe gebied met sy besluit om sir Percy Fitzpatrick in Pretoria-Oos te opponeer pleks van sy ou Standertonsetel te betwis. Die aankondiging hiervan is dadelik as teken bestempel vir 'n rassestryd dwarsdeur die land en as politieke verraad teenoor 'n troue vriend en ondersteuner verdoem. Botha se oproep om konsiliasie is as praatjies vir die vaak afgemaak en hy is regstreeks verantwoordelik gehou vir die rassehatige verkiesingstryd wat genoem is "a carnival of vituperation, abuse and all uncharitableness".[111]

Eweneens is daar op die vooraand van stemdag moord en brand geskreeu oor 'n uitlating van Abraham Fischer op Parys, waar hy gesê het: "If the Africanders stood together it would be impossible for Dr. Jameson to get into power; then the Africander would always be baas in South Africa."[112] Dit was net so 'n onverstandige woordkeuse soos dié van Hertzog later in 1912 en is ook aangegryp as bewys dat die Afrikaners die Engelse wou oorheers en baasspeel in Suid-Afrika. Fischer se agterna verduideliking dat hy met die woord "Africander" alle Suid-Afrikaners van enige nasionaliteit bedoel het wat na hierdie land gekom het om dit hul tuiste te maak en bereid was om saam te werk tot heil van die land, is verwerp en die kreet is aangehef: "Die Afrikaner wil baas wees!"

Dit kon net sowel die hooftitel gewees het van die veldtog teen Hertzogisme, wat gevoer is ter najaging van Britse ideale. Onder die opskrif "Be British and Stay British" het die Witness 'n week voor stemdag sy lesers daaraan herinner dat dit die leuse was wat hy tydens die referendum oor uniewording aangehef het en dat hy dit herhaal in die lig daarvan dat Hertzogisme "... looms up sinister and overpowering -- a dark shadow ... over and around us like the forecast of a storm". Hy het Hertzogisme bestempel as 'n geloofsoortuiging, met heerskappy oor die Engelse as hoofbelydenis en Natal die slagveld waar die lot van Britse heerskappy gunstig beslis kon word. Daarom was sy strydkreet: Ontwaak![113]

Daar is ironie versteek in hierdie wekroep op die vooraand van stemdag, want selfs in hierdie laat stadium was daar nog steeds 'n lusteloosheid onder die Natalse Engelse. Dit was hul koerante wat die strydvure brandend gehou het en niemand kon voorspel hoe die kiesers sou reageer nie. Daar was 'n verrassingspakkie vir almal in die vooruitsig.

---

111. The Natal Witness, 11, 16 Junie en 7 Sept. 1910, berig en hoofartikel; The Natal Mercury, 10 Junie 1910, hoofartikels; The Times of Natal, 13 Junie 1910, hoofartikel.
112. PM 1/1/492, knipsel uit The Star, 9 Sept. 1910.
113. The Natal Witness, 7 Sept. 1910, hoofartikel, 13 Sept. 1910, brief deur "A British Transvaaler".

6. By die Stembus

Op 14 September het die onreëlmatighede van die verskillende provinsiale kieswette by die stembus tot uiting gekom. Artikels 36 en 37 van die Suid-Afrikawet het bepaal dat die kieswette van die voormalige kolonies, insluitend die kieskwalifikasies en kiesprosedures, met uniewording van krag sou bly. Dit het o.a. meegebring dat die stembusse in Natal om vieruur die agtermiddag gesluit het, in die Kaap om sesuur en in Transvaal en die Vrystaat om agtuur.[114] Die Natalse werkers het dus nie die voorreg van hul broers in die ander provinsies gehad om na werk te gaan stem nie en ander reëlings moes vir hulle getref word.

Natal se meervoudige stem het sommige Natallers bevoordeel bo die inwoners van die ander provinsies, want nie een van laasgenoemdes het die voorreg gehad om meer as een stem uit te bring nie. Aan die ander kant het Natal se betreklik hoë stemregvereistes die stemreg aan sekere arm mense ontsê wat nie oor die eiendomskwalifikasies beskik het nie. Teen die helfte van 1914 is daar byvoorbeeld nog bevind dat nagenoeg die helfte van die sowat 100 lede van die Tintwatak van die Suid-Afrikaanse Party naby Swinburne nie stemgeregtig was nie omdat hulle nie aan die eiendomskwalifikasies voldoen het nie. Hierdie ongelukkiges was meesal boere uit die Vrystaat wat ander mense se grond bewoon het.[115]

Die onderskeie provinsiale kieswette met hul teenstrydighede is deur die Botharegering onveranderd behou omdat 'n konsolidasie daarvan kwessies van die moeilikste en delikaatste aard na vore sou bring, soos genl. Botha by geleentheid verklaar het, en die belangrikste hiervan was die Kaapse kombersstem. Daarom, het Botha verklaar, het 'n konsolidasie van die kieswette voorasnog buite die grense van die praktiese politiek geval.[116]

'n Mate van eenvormigheid sou eers verkry word met die aanvaarding van Wet No. 12 van 1918 en nadat daar ook 'n Gekose Komiteeverslag die lig gesien het. Hierdie wet, kortweg bekend as die Kieswet van 1918, sou op 1 Junie 1918 in werking tree en Natal sy meervoudige stem ontneem, asook die stembusure eenvormig reël

---

114. The Union Statutes 1910 - 1947, Classified and Annotated Reprint, V. (Elections), P. 645; The Natal Government Gazette. Extraordinary No. 414, Nov. 6th, 1856, VIII, Government Notice No. 124, 1856; The Natal Mercury, 25 Okt. 1915, hoofartikel.
115. PM/OG, A.P. Cronje -- genl. Botha, 5 Junie 1914.
116. Ibid., genl. Botha -- A.P. Cronje, 12 Junie 1914.

van agtuur soggens tot agtuur saans, maar die afsonderlike stemregvereistes behou. Laasgenoemde sou eers meer as 20 jaar later eenvormig gemaak word met die aanvaarding van Die Wet tot Konsolidasie van die Kieswette, No. 46 van 1946, wat alle vorige wetgewing herroep het.[117]

Die meervoudige stem wat nog op stemdag 1910 van krag was, het aan Natal 'n sterker stemkrag gegee as wat hy bloot op grond van sy aantal stemgeregtigdes sou gehad het. Boonop het die herafbakening van kiesafdelings aan sy kiesers 'n regverdiger verteenwoordiging verseker as wat hulle ooit gehad het. Dit was iets wat, ten spyte van vertoë, nie reggestel kon word terwyl Natal nog 'n kolonie was nie -- sy boerebevolking het deurgaans beter verteenwoordiging geniet as sy stedelike.

Stemdag het aangebreek en dié kiesers wat hulle in en om Pietermaritzburg bevind het, het die volgende laaste aanmaning van die Witness ontvang: "We want as the representatives of Natal no truckler to Africander ideals and no servile henchman of the Unionists ... We want men who will hold high as a banner the true Imperial ideal of our kinship ... " Dit was die koerant se laaste poging om Natal se politieke onafhanklikheid te bewaar, en dit sou nie onopgemerk verbygegaan het onder die honderde kiesers wat met die onderskeidende kleure van die verskillende partye te voet, per kar, per motor en selfs met rygoed soos 'n Shetlandponie en 'n donkie deur die strate beweeg het nie.[118]

Diegene wat hulle in Durban bevind het, het 'n betreklik windlose dag tegemoet gegaan nadat 'n rukkerige oostewind oornag bedaar het. By die stemlokale het die kleure van die kandidate gepryk; hier en daar het 'n motor opgedaag, of het perdevoertuie en 'n opgetooide trem kiesers aankarwei; sommige verbygangers het met 'n roset aan die lapel verraai watter party aanspraak op hul stem had; plek-plek was daar 'n groepie skoolkinders, en met die sluiting van die spoorwegwerkswinkels om 2,45 nm. het die werkers na buite geborrel om te gaan stem. Stiptelik om vieruur het die stemlokale gesluit en is die stad se stembusse na die stadsaal vervoer waar met die tel van stemme onder toesig van die verkiesingsbeampte, mnr. J.W. Cross, begin is. Omstreeks negeuur die aand was alles verby en die uitslae aan die wagtendes bekend gemaak.

---

117. S.C. 5 -- '16; Butterworths, Statutes of the Republic of South Africa Classified and Annotated from 1910, XXIV, Elections, P. 5.
118. The Natal Witness, 14 en 19 Sept. 1910, hoofartikel en voorblad.

So het stemdag in Durban verloop, sonder die gebruiklike opwinding van die verlede, want daar was 'n apatie onder vele kiesers wat die geesdrif van andere gesmoor het.[119]

In Pietermaritzburg-Noord het 'n drame hom stil-stil voltrek. Die stembus by die skool in Havelockstraat het in spoorweggebied geval en hier het die Arbeiderkandidaat Nelson Palmer vroegmiddag stelling ingeneem. Soos die kiesers opgedaag het, het vele hom gegroet en van hul steun verseker. Hy het begin sommetjies maak en vir homself by dié stembus 'n meerderheid van 350-400 gekry, wat hom hoogs tevrede moet laat voel het. Met die tellery die aand het sy geskatte meerderheid van 350-400 by die betrokke stembus na 46 gekrimp, wat beteken dat minstens 150 kiesers wat hulle as sy onder= steuners voorgedoen het, vir sy opponent Thomas Orr gestem het. "It is this treachery ... the very blackest treachery amongst the Railway men ... that cuts me very deeply ... ", het hy aan sy Arbeidergenoot Thomas Boydell geskryf.[120]

As Palmer reg opgetel en afgetrek het, het hy goeie rede vir sy diepe ontstel= tenis gehad. Hy was immers as oud-parlementariër van Pietermaritzburg en as Arbeider bekend by die kiesers van hierdie grootste kiesafdeling in Natal wat meer stemme uitgebring het as enige van die ander sestien, hoewel dit nie die hoogste stempersentasie was nie. Van die 2 229 moontlike stemme is 1 447 uitgebring, of 64,92%, as die bedorwe stembriefies nie bygereken word nie. Had die spoorwerkers hul beloofde steun aan hom gegee, soos hierbo uiteen= gesit, sou Palmer gewen het, want Orr se meerderheid was slegs 295.[121]

Die kiesafdeling wat die laagste stempersentasie gehad het, was Vryheid, tog het die grootste drama hom hier afgespeel. Van sy 1 462 moontlike stemme is slegs 754, of 51,57%, uitgebring en dié was gelykop verdeel tussen die twee kandidate, 377 elk. Die gebrek aan geesdrif moet deels toegeskryf word aan die onverkwiklike nominasiestryd waaroor die Volksvereniging nog uitspraak moes lewer, en deels daaraan dat albei kandidate Regeringsmanne was.[122]

---

119. The Natal Advertiser, 14 en 15 Sept. 1910, berigte; The Natal Mercury, 16 Sept. 1910, hoofartikel.
120. Boydellversameling, 75/8, N.P. Palmer -- Boydell, 19 Sept. 1910.
121. The Natal Witness, 17 Sept. 1910, verkiesingsuitslae.
122. Hoewel genl. Myburgh hom as Onafhanklike Regeringsman gestel het, was hy eweseer 'n Regeringsman as Rabe.

Laasgenoemde het nie noodwendig die kiesers met apatie vervul nie, want in Kliprivier, waar twee Onafhanklikes mekaar bestry het, was die stempersentasie 62,08 en het Henry Wiltshire met slegs 4 stemme gewen, die kleinste meerderheid in Natal. In Zoeloeland waar daar ook 'n stryd tussen twee Onafhanklikes was, was die stempersentasie 63,45.

Indien 'n staking van stemme soos op Vryheid vandag in 'n verkiesing sou voorkom, sal 'n herverkiesing gehou moet word, maar indertyd het Natal se eie kieswet nog gegeld en dit het bepaal dat, in geval van 'n staking van stemme, die uitslag dadelik deur die kiesbeampte by wyse van loting bepaal moes word. Dit is wat op Vryheid gebeur het nadat die stembriefies getel was en Rabe en Myburgh gelykop in die stryd geëindig het. Die kiesbeampte, magistraat Adamson, het twee lootjies gemaak, d.i. twee kaartjies, met een van die twee kandidate se naam op elk. Hy het die kaartjies in 'n stembus gegooi, dit goed geskud, een laat uitval en die ander omhoog gehou. Myburgh se naam was op dié wat omhoog gehou is en hy is tot die verkose verteenwoordiger verklaar. Hierdie uitleg is later deur Rabe gegee omdat daar mense was wat geglo het dat hy en Myburgh self geloot het.[123]

Die aanwys van Vryheid se kandidaat op so, vir vele, 'n dobbelwyse het die onenigheid in die kiesafdeling verdiep. Daar was baie mense wat geglo het dat Rabe eintlik die amptelike kandidaat was en dat hy met die nodige steun van die Volksvereniging die paal sou gehaal het. Die Vryheid Herald het verklaar dat die uitslag niemand tevrede gestel het nie en dat die setel liewer aan een van die verslane ministers aangebied moes word. Die blad het dit ongesond gevind dat Myburgh die Volksraadslid geword het deur die trek van 'n "gelukkige nummer" en het die wettigheid daarvan in twyfel getrek, want terwyl die Regering alle soorte lotery verbied het, "is het voor ons ondenkbaar dat het verloten van 377 stemmen van kiezers door de wet kan erkend worden".[124] Die blad het misgetas, want die loting was wettig.

Die politieke gekyf in hierdie kiesafdeling het nie verhinder dat 'n Regeringsman verkies word nie, maar in Dundee het die onenigheid wat tot die verdeling van Afrikanerstemme gelei het, gewis die Onafhanklike Thomas Watt bevoordeel.

---

123. The Natal Government Gazette. Extraordinary, No. 414, Nov. 6th 1856, Government Notice no. 124, 1856; De Afrikaner, 26 Sept. 1910, brief deur B.E.A. Rabe.
124. The Vryheid Herald, 23 Sept. 1910, hoofartikel.

Hy het met 749 stemme uit 1 210 teen die 291 van sy naaste teenstander W. Springorum gewen. Al word P.R.N. Vermaak se 170 stemme by dié van Springorum getel, is dit nog minder as dié wat Watt gekry het. Dit is egter wel moontlik dat as daar geen onenigheid onder die Afrikaners was nie, die uitslag anders kon gewees het.

Die Volksvereniging het maar flenters uit die stryd getree, want net sy kandidaat in Newcastle, H.J. Bosman, is verkies en dit met 'n skrale meerderheid van 60 uit 1 006 stemme.[125]

In Weenen, waar die geesdrif betreklik hoog was en 945, of 67,5%, van die 1 400 stemme uitgebring is, moet dit reeds in die loop van die dag duidelik geword het dat die stemming byna gelykop was. In die mate waarin so 'n besef Meyler en sy ondersteuners se hoop laat opvlam het, sou dit neerdrukkend op Moor en sy aanhangers ingewerk het. Daar was nie alleen vir Moor, oud-Premier van Natal en sittende Kabinetslid in die eerste Uniere-gering, veel op die spel nie, maar ook vir sy energieke vrou Charlotte. Sy had reeds 'n voorsmakie van wat dit behels het om die vrou van 'n Suid-Afrikaanse Kabinetslid te wees, en dit het haar aangestaan. Sy het haar man se siening van die Afrikaners gedeel, wou graag onder hulle beweeg en het 'n wye visie gehad van die eenwording van die twee taalgroepe. Van hul plaas Greystone, Estcourt, skryf sy in 'n borrelende brief aan genl. Botha "... I had a personal object in wishing to go into, and live the life amongst you all, and watch this new Nation beginning. I wanted to see things for myself, and judge, and write of them, from personal observation."[126]

Hoe jammer dat so 'n gevoelsmens verhinder is om te doen wat sy graag wou doen, want haar man het die stryd naelskraap met 45 stemme verloor.

Wat die kiesafdeling Zoeloeland betref, waar die twee oud-Parlementslede E.A. Brunner en W.F. Clayton mekaar beveg het, het die eienaardige gebeur dat die Witness die uitslag reeds op Vrydag 17 September korrek aangekondig het, hoewel die laaste stemme eers Maandagmiddag 20 September getel is. Zoeloeland was 'n uitgestrekte kiesafdeling, met sommige van die 27 stemlokale deur moeilik begaanbare weë van mekaar geskei en tot oor die 200 myl van die naaste spoorlyn af. Volgens die Zululand Times, wat sy pols goed op plaaslike

---

125. The Natal Witness, 17 Sept. 1910, verkiesingsuitslae.
126. PM/OG, Charlotte Moor -- genl. Botha, 3 Nov. 1910 (haar kursief).

politiek gehou het, is die laaste twee stembusse eers Maandagmiddag op Eshowe afgelewer en het die kiesbeampte die uitslag om vieruur daardie middag bekend gemaak. Hoe dit gebeur het dat die Witness dit reeds drie dae tevore kon bekend maak, is 'n raaisel, tensy die verkiesingsagente se berekening honderd persent met die finale uitslag geklop het, wat nie te vergesog is nie. James Bottrill het byvoorbeeld in dieselfde verkiesing die uitslag byna korrek voorspel in 'n brief wat hy die vorige Saterdag op Eshowe gepos het nadat hy sy voorspelling aan andere getoon het. Sy voorspelling was:

Clayton 549, Brunner 418, totaal = 967. Die amptelike uitslag was:
Clayton 543, Brunner 422, totaal = 965.[127]

'n Geheelbeeld van Natal se uitslae word uit o.s. tabel verkry,[128] met die naam van die verkose kandidaat in elke geval bo-aan en die politieke party of groep tussen hakies, Onafhanklike (O), Unionis (U), Regeringsparty (R),[129] Arbeider (A), Sosialis (S):

NATAL SE VERKIESINGSUITSLAE VAN 1910

Dundee		Durban-Berea	
stemkrag 1 809		stemkrag 1 920	
T. Watt (O)	749	J. Henderson (O)	onbestrede
W. Springorum (R)	291		
P.R.N. Vermaak (R)	170		
tot.	1 210		
meerderh.	458		
stem-%	66,89		

Durban-Greyville		Durban-Punt	
stemkrag 1 859		stemkrag 1 787	
J.G. Maydon (O)	910	P.A. Silburn (O)	930
T. Boydell (A)	511	C.H. Knowler (A)	328
tot.	1 421	tot.	1 258
meerderh.	399	meerderh.	602
stem-%	76,44	stem-%	70,40

127. The Natal Witness, 17 Sept. 1910, verkiesingsuitslae; The Zululand Times, 23 Sept. 1910, berig.
128. Die uitslae is saamgestel aan die hand van gegewens wat skrywer uit die Natalse koerante van die tyd versamel het en is in medewerking met mnr. B.M. Schoeman gekontroleer met soortgelyke gegewens wat hy uit die staatskoerante verkry het vir sy boek Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976. Die gegewens uit die verskillende bronne klop nie in alle gevalle nie. Selfs die staatskoerante is nie bo verdenking nie, want in vier gevalle is slegs die naam van die verkose kandidaat gepubliseer, wat verkeerdelik die indruk skep dat al vier onbestrede verkies is, terwyl daar slegs een was.
129. Die naam "Regeringsparty" word verkies bo die destydse "Nasionalis" en selfs die "SAP" van sommige bronne om verwarring met die latere gestigte Suid-Afrikaanse Party en Nasionale Party te voorkom.

Durban-Sentraal

stemkrag	1 904
D. Hunter (U)	660
H. Whiteman (A)	285
H. Ancketill (A)	227
W.D. Cunningham (R)	126
tot.	1 298
meerderh.	375
stem-%	68,17

Durban-Umbilo

stemkrag	1 963
C.P. Robinson (U)	788
F.T. Powrie (A)	554
tot.	1 342
meerderh.	234
stem-%	68,36

Kliprivier

stemkrag	1 581
H. Wiltshire (O)	493
T. Hyslop (O)	489
tot.	982
meerderh.	4
stem-%	62,11

Pmburg-Noord

stemkrag	2 229
T. Orr (O)	871
N. Palmer (A)	576
tot.	1 447
meerderh.	295
stem-%	64,92

Pmburg-Suid

stemkrag	2 185
W.H. Griffin (O)	519
C. Yonge (U)	357
H. Ryle Shaw (O)	119
T.P. O'Meara (R)	290
L.H.H. Greene (S)	72
tot.	1 357
meerderh.	162
stem-%	62,11

Newcastle

stemkrag	1 708
H.J. Bosman (R)	533
E.W. Noyce (O)	473
tot.	1 006
meerderh.	60
stem-%	58,9

Umvoti

stemkrag	1 670
G. Leuchars (O)	766
W.A. Deana (R)	447
tot.	1 213
meerderh.	319
stem-%	72,63

Umlazi

stemkrag	1 696
A. Fawcus (O)	327
H. Humphrey (A)	296
J. Morley (U)	158
C. Saunders (O)	132
J.W. McKenzie (O)	23
T. Fletcher (U)	3
tot.	939
meerderh.	31
stem-%	55,36

Umzimkulu

stemkrag	1 560
F.U. Reynolds (O)	534
J. Kirkman (R)	377
tot.	911
meerderh.	157
stem-%	58,40

Victoria

stemkrag	1 686
C. Henwood (U)	635
G.S. Armstrong (O)	345
tot.	980
meerderh.	290
stem-%	58,13

Vryheid

stemkrag 1 462	
M.W. Myburgh (R)	377
B.E.A. Rabe (R)	377
tot.	754
loting	Myburgh
stem-%	51,57

Weenen

stemkrag 1 400	
H.M. Meyler (U)	495
F.R. Moor (R)	450
tot.	945
meerderh.	45
stem-%	67,5

Zoeloeland

stemkrag 1 521	
W.F. Clayton (O)	543
A.E. Brunner (O)	422
tot.	965
meerderh.	121
stem-%	63,45

Op die 43 kandidate is 18 028 van die moontlike 29 940 stemme uitgebring, of 60,21%, wat nogal hoog is as die geografiese hindernisse en die aantal afwesige kiesers in ag geneem word.

Daar is egter aan die aantal uitgebragte stemme van 18 028 iets eienaardigs en onverklaarbaars verbonde. Natal het immers, soos reeds daarop gewys, 'n meervoudige stem kragtens sy kieswet gehad. Hierdie meervoudige stem was met die laaste algemene verkiesing van 19 September 1906 so kragtig dat die 15 152 kiesers wat gaan stem het, nie minder nie as 38 908 stemme uitgebring het, 'n gemiddeld van 2,6 stemme per kieser.[130] Dit is 20 880 meer stemme as op 15 September 1910. Wat het van daardie stemme geword? Daar kan kwalik aanvaar word dat 'n verslegtende ekonomiese toestand tussen 1906 en 1910 daartoe gelei het dat minder kiesers aan die eiendomskwalifikasie in meer as een kiesafdeling kon voldoen. Daar moet 'n ander rede wees waarom die uitgebragte stemme in 1910 meer as die helfte minder as in 1906 was, maar wat dit was, is onbekend.

---

130. Vgl. Cd. 5099, p. 10, "Appendix II".

NATAL SE EERSTE 17 VOLKSRAADSLEDE


P.A. Silburn


D. Hunter

J. Henderson


F.U. Reynolds


W.F. Clayton

T. Orr


C.P. Robinson


H. Wiltshire


W.H. Griffin


G. Leuchars

H.J. Bosman


T. Watt


J.G. Maydon


A. Fawcus


C. Henwood

H.M. Meyler

M.W. Myburgh

Die stemme wat op die onderskeie politieke partye en groepe uitgebring is, met die aantal verkose verteenwoordigers van elk, was soos volg:

Partye	Uitgebragte stemme	Verkose verteenwoordigers
Onafhanklikes	8 645	11
Regeringsparty	3 438	2
Unioniste	3 096	4
Arbeiders	2 777	0
Sosialis	72	0
	18 028	17

Die Onafhanklikes het dus verreweg die meeste stemme gekry. As 60% van die 1 920 moontlike stemme in Durban-Berea aan die onbestrede Onafhanklike James Henderson toegewys word, moet daar nog 1 152 stemme by die Onafhanklikes se totaal gevoeg word, wat dit op 9 797 te staan bring en beteken dat die Onafhanklikes op 'n nerf na die helfte van die totale aantal stemme gekry het. Die geringe krag van die Unioniste spreek duidelik uit 'n vergelyking van hul stemme met dié van die Regeringsparty en Arbeiders, tog het hulle 4 verteenwoordigers verkies gekry.

Die opskudding van die verkiesing, hoewel nie heeltemal onverwags nie, was die neerlaag van oud-Premier Moor in Weenen teen die politiek onbekende Hugh Meyler. Terwyl Moor teen die grond was en sy vrou Charlotte spoedig by genl. Botha sou pleit om sy invloed te gebruik dat haar man tot ridder geslaan word om sy vyande die mond te snoer, het die Unioniste en ander anti-Regeringsgesindes gejuig en is Meyler gedoop: "the hero of Weenen and the darling of Natal".[131]

Moor se vernedering is gesien as welverdiende straf vir wat bestempel is as sy swak premierskap, sy mooipraatjies om Natal in die Unie te kry en sy heulery met die "rassehatige" Boereregering. Die feit dat hy en Bill Deane verslaan is, het beteken dat Natal die enigste provinsie was wie se laaste Parlement geen verkose verteenwoordiger in die Unieparlement sou hê nie, want nie een van die ander oud-lede was onder die kandidate nie. Moor se neerlaag is gekoppel aan dié van genl. Botha en adv. H.C. Hull teen onderskeidelik sir Percy Fitzpatrick in Pretoria-Oos en sir George Farrar in Georgetown,

---

131. PM/OG, Charlotte Moor -- genl. Botha, 3 Nov. 1910; PM 1/1/493, knipsel uit The Pretoria News, 17 Okt. 1910, berig.

asook aan die swak vertoning van die Regeringsparty in Natal waar hy slegs twee verteenwoordigers verkies kon kry en in Durban en Pietermaritzburg onderskeidelik maar 'n skrale 126 en 290 stemme getrek het. Dit is gesamentlik gesien as 'n slag vir die nasionale Afrikanersaak in Natal, "(and) the blow has been quick, sharp and stunning".[132] Vir De Afrikaner was dit veral betreurenswaardig dat etlike Afrikaners in Pietermaritzburg-Suid hul stem aan die Onafhanklike Bill Griffin gegee het, pleks van die Regeringsman T.P. O'Meara. Dan, het die blad verklaar, had sulke Afrikaners nog die onbeskaamdheid om saam te praat oor party-organisasie en hoë Afrikanerideale.[133]

Afrikanerpolitiek het inderdaad maar toiingrig daar uitgesien in Natal, nie soseer vanweë Moor en Deane se neerlae nie, maar veral weens die verskeurdheid wat daar met die verkiesingsgekyf in die geledere van De Natal Volksvereniging gekom het. Die knou wat hy reeds voor stemdag opgedoen het, is vererger deur sy uitspraak op 8 Oktober in die Vryheidse nominasietwis. Skerp kritiek is op die bestuur uitgespreek omdat daar nie voor stemdag ingegryp is nie, en die verskoning dat dit vanweë die reiskoste onmoontlik was om betyds 'n kworum byeen te kry, is as lamlendig verwerp. Die heer F.F. Kolbe was so ontsteld dat hy lidmaatskap van die Volksvereniging namens 'n sestal takke met 'n ledetal van oor die 400 opgesê het. Die Volksvereniging, het die Vryheid Herald verklaar, het in sy prille jeug van slegs ses maande 'n onnatuurlike dood gesterf en al wens wat uitgespreek kon word, was "dat hare asse (moch) ruste in vrede". Spoedig was daar sprake van die stigting van 'n nuwe organisasie,[134] maar hierdie praatjies en bogemelde grafskrif was voorbarig, want die Volksvereniging was nog nie dood nie.

Terwyl die Regeringsparty darem twee verteenwoordigers verkies gekry het, het die Arbeiders 'n algehele neerlaag gely en selfs minder stemme op hulle verenig as die Regeringsmanne. Tog is dit opvallend dat van die sewe kiesafdelings wat die hoogste stempersentasies opgelewer het, vyf deur Arbeiders betwis is. Hul neerlaag was eintlik teen die verwagting in, want hulle was immers reeds jare lank aan die woel in Natal. Hulle het hul swak

---

132. PM/ 1/1/493, knipsel uit The Transvaal Leader, omstreeks 16 Sept. 1910, berig.
133. De Afrikaner, 19 Sept. 1910, hoofartikel.
134. The Vryheid Herald, 23 Sept., 14 Okt. en 18 Nov. 1910, hoofartikels.

vertoning in Natal en elders toegeskryf aan die rassekreet wat aangehef is en wat die kiesers meegevoer het. Thomas Boydell, wat sy spoorwegpos op 1 September neergelê het om aan die verkiesing deel te neem, was werkloos na sy neerlaag, want sy aansoek om herindiensneming is van die hand gewys.[135] Binne twee jaar sou hy wraak neem en sou die Arbeidersaak skielik sterk begin groei in Natal.

Die welslae wat die Unioniste in Durban en Weenen behaal het, is deur die Mercury vertolk as 'n duidelike bewys dat Natal Unionisties georienteerd was. Die blad het egter die fout begaan deur die twee Onafhanklikes James Henderson en P.A. Silburn, wat hy "Onafhanklike Unioniste"gedoop het, by die verkose Unioniste te skaar; maar hoewel Henderson voor die volgende verkiesing tot die Unionisteparty sou toetree, sou Silburn Onafhanklik bly.[136] Die Unioniste sou nooit 'n besondere krag in Natal word nie en selfs met die 1915-verkiesing slegs vier verteenwoordigers verkies kry.

Dit was die Onafhanklikes wat die sterkste uit die stryd getree het. Van die 18 Onafhanklike kandidate wat in die veld was, is 11 verkies en dit is deur die voorstanders van 'n onafhanklike Natal met 'n gejuig begroet. "Natal is somebody in politics nowadays!" het die Witness uitgeroep en voorspel dat die provinsie politiek onafhanklik sou bly soos hy dag na dag oor soveel maande gepleit het. Uit Pretoria het die blad se korrespondent berig dat Natal uit die staanspoor een van die vernaamste bepalende faktore in die verkiesing was. Natal is lank as sleutel tot die politieke posisie beskou: dit was by wyse van 'n toegewing aan Natal dat die federale element in die Grondwet opgeneem is; slegs Natal van al die kolonies is toegelaat om sy mense oor die Suid-Afrikawet te laat stem; en dit was die uitslag van die referendum wat deurslaggewend in die proses van uniewording was. Voortgaande het die korrespondent verklaar dat as Natal in die verkiesing vir Moor en nog 'n paar van die Regeringsmanne verkies het, Botha se posisie onaantasbaar sou gewees het. Deur die verwerping van Regeringsbeleid "Natal has not only very largely decided the issues of the election, but it is now realised up here that in the first Parliament of the Union she will be a factor no Government or party can possibly

---

135. Boydellversameling, 75/8, T. Boydell -- Werksbestuurder SAS, 28 Sept. 1910 (afskrif), G.T. Wheatly -- Boydell, 30 Sept. 1910, H.W. Sampson -- Boydell, 11 Okt. 1910.
136. The Natal Mercury, 23 en 24 Feb. 1911, berig en hoofartikel; The Natal Witness, 26 Aug. 1915, kandidatelys. Van der Schyff, Die Unioniste Party ... , pp. 189-191, begaan eweneens die fout deur Henderson en Silburn van 1910 af by die Unioniste te skaar.

ignore, so long as her members realise their responsibilities and maintain their independence."[137]

Die gejuig, en selfs die lof wat die Witness van 'n leser ontvang het met die welslae op sy volgehoue aandrang op onafhanklike optrede en die verwerping van Regeringsbeleid, was bra voorbarig. Die groot vraag het gebly watter stand= punt die 11 Onafhanklikes sou inneem, soos die Britse koerante die Times, Daily News en Daily Telegraph van ver af daarop gewys het.[138] Dit was bekend. dat sommige van die Onafhanklikes sterk Regeringsgesind was, en sommige koerante, die Witness inkluis, het Thomas Orr tydens die verkiesing 'n "Independent Nationalist" genoem; dog daar was niks te kies tussen sy politiek en byvoor= beeld dié van Watt, Wiltshire en Leuchars nie, maar wel tussen al vier s'n en dié van Henderson, Maydon en Silburn.

Dit was dus reeds in hierdie stadium duidelik dat die Onafhanklikes verdeeld was, dog in die roes van hul vreugde het die Witness en sy geesgenote dit misgekyk. Vir hulle was daar net een wonderlike vooruitsig: dat Natal die magsfaktor in die Parlement sou wees. Dit was egter ook 'n mistasting, met voorbehoud gesê. In die nuwe Parlement sou daar 67 Regeringsmanne, 39 Unioniste, 11 Onafhanklikes en 4 Arbeiders wees, wat aan Botha 'n skoon meerderheid van 13 oor alle ander partye verseker het. Sou daar egter 'n skeuring in Regeringsgeledere kom, waarop die hoop wel gevestig was, sou die posisie verander, soos nog sal blyk. In dié opsig was die aandrang op 'n onafhanklike Natalse houding nie so vergesog nie.

Met die verkiesing agter die rug en 'n swaarmoedige genl. Botha in 'n penarie vanweë die teenslae wat hy en sy ondersteuners by die stembus gekry het, sou die druk hervat word dat hy van die "rassehaters" en "retrogressiewe element" in sy Kabinet ontslae raak. Dit was 'n herhaling van die ou aandrang op 'n "fresh start" en "best-men government", wat in wese niks anders was nie as 'n poging om die ou Britse beleid van verdeel en heers in die praktyk toe te pas deur eers 'n wig tussen Botha en sy meer regse kollegas in te dryf. Die Natallers sou egter in eie geledere 'n skok kry.

---

137. The Natal Witness, 19 en 20 Sept. 1910, voorblad en hoofartikel.
138. Ibid., 19 en 21 Sept. 1910, uittreksels uit kommentaar van Britse koerante en brief deur W.M. Cameron.

HOOFSTUK 3

IN DIE SMELTPOT

1. Inleiding

Met die verkiesing agter die rug kon Natal sy politieke vere regskud vir die eerste Parlementsitting wat op 31 Oktober sou begin en op 4 November amptelik deur die besoekende hertog van Connaught geopen sou word. Die hoop het steeds bestaan dat die provinsie 'n verenigde front sou vertoon, maar eendragtige optrede sou 'n hersenskim blyk te wees en as 'n groep sou die Natallers niemand in daardie eerste sitting beïndruk nie.

Vanweë die knellende druk van die Natalse pers sou daar tog gepoog word om 'n soort eenheid te bewaar en sou selfs die mankolieke Natalparty as politieke liggaam paradeer, dog spoedig na die eerste sitting onder 'n geskel van die toneel verdwyn. Tussendeur en daarna sou daar met tussenpose vrugtelose stemme opgaan om die stigting van 'n "Third Party" uit die gematigdes van die twee taal= groepe in die land en ter wille van "open politics", wat dit ook al beteken het.

Intussen sou vriend en vyand se geduld met Natal begin opraak en sou die aan= drang al hoe sterker word dat hy van die draad afklim, en hoewel daar van die begin af weinig twyfel was oor watter kant van die draad die meeste van die Onaf= hanklikes sou beland, sou hul uiteindelike beslissing om hulle by die Regeringsparty te skaar, tog as 'n verligting kom -- bloot omdat 'n beslissing geneem is.

Voor die einde van die eerste sitting sou daar van die "Natal Independent Party", soos van sy aanhangers hom genoem het, slegs vier Volksraadslede oorbly, en hulle sou dit onderling nie mooi eens wees nie. In die Parlement sou Natal se 17 verteenwoordigers uit verskillende monde praat -- tot die bittere gramskap van diegene wat eendragtige optrede bepleit het.

Die loutering in die smeltpot sou Natal se politici in groepe laat verspat, maar in een opsig sou daar tog 'n betreklike eenheidstem van oorkant die Drakensberg af opklink, naamlik die verbitterde protes teen wat die Engelse as gedwonge tweetaligheid beskou het.

2. "Wolven in Schaapskleren"

Terwyl genl. Botha ná sy verkiesingsneerlaag in Pretoria-Oos nog in vertwyfeling was en dit oorweeg het om te bedank, is hy opnuut aangeraai om van die rassehatiges in sy regering ontslae te raak indien hy dit eerlik met sy konsiliasiebeleid bedoel het. Die vinger is veral op genl. Hertzog gerig wat met die Duitse keiser gelykgestel is en wat, so is daar verklaar, besig was om Natal en alle gematigdes te vervreem omdat hulle geweier het om "a la Berlin" regeer te

word.[1]

Dit was veral F. Horace Rose van die Witness wat die mes op die wond gehou en daarop aangedring het dat genl. Botha die tweede kans wat aan hom gegun is, moes aangryp deur sy tweede regering op 'n nie-rassegrondslag saam te stel met die weglating van manne soos Hertzog en Fischer, wie se aanwesigheid in die Kabinet slegs die vooruitgang van die land sou vertraag. As Botha sou weier om aan hierdie oproep gehoor te gee, was dit tyd dat hy plek maak vir iemand anders. "Botha as Premier with a non-racial Cabinet is what Natal wants. Botha as Premier with the racial Cabinet he has now is what Natal does not want."[2]

Stemme wat in Natal opgegaan het om Botha te smeek om nie te bedank nie, is deur Rose en van sy blad se lesers verwerplik bevind as verraad teenoor die Britse vlag en uitlewering aan 'n dweepsugtige Boereregering. Rose, verbete teenstander van Merriman, het selfs 'n pleidooi vir laasgenoemde as premier gelewer, want hy het geglo dat Merriman dieselfde rassegevoelens as Botha sou opwek en om dieselfde redes as premier sou misluk. Sodoende sou Suid-Afrika vroeg leer dat rassisme rampspoedig was en kon hy 'n kans kry om 'n nuwe weg in te slaan.[3]

Rose is egter deur van sy eie mense, en tereg ook, as aarts-rassehater veroordeel, en van sy blad is gesê: "Its only powers are those of destruction ... Any baby can pull things to pieces -- and scream! ...It revels in abuse and failures!"[4]

Dit was in 'n atmosfeer van onsekerheid, en tog hoopvolle verwagting, dat Natal se Volksraadslede op 27 September 1910 in die geheim in Pietermaritzburg vergader het om eendragtige optrede te probeer verseker.[5] By hierdie geleentheid is daar ooreengekom dat hulle sou saamstaan oor alle sake rakende Natal, maar 'n poging om hulle as Natallers ook afsydig van hul onderskeie partye te laat optree, het misluk. Kol. George Leuchars (Umvoti), wat pas inderhaas van Pretoria af terug-gekeer het waarheen hy deur genl. Botha ontbied is, het die boodskap gebring dat die Natallers toegelaat sou word om hul eie Kabinetslede aan te wys, op voorwaarde dat hulle Botha steun. Die Unionis H.M. Meyler (Weenen) het woedend hierop gereageer en uitgestap. Daarmee is die so begeerde eenheid van die Natallers

---

1. The Natal Witness, 8 Sept. 1910, brief deur "Countryman".
2. Ibid., 26 Sept. 1910, voorbladkommentaar. Sien ook ibid., 23 Sept. 1910, hoofartikel.
3. Ibid., 23 en 26 Sept. 1910, voorblad en hoofartikel. Sien ook ibid., 28 Sept. 1910, brief deur "Civicus".
4. The Times of Natal, 20 Sept. 1910, brief deur "Not To be Gulled". Sien ook The Natal Witness, 27 Sept. en 3 Nov. 1910, brief deur onderskeidelik Arthur C. Camp en F. Schroem.
5. Dit is nie bekend of al 17 LV's, met inbegrip van die Afrikaners H.J. Bosman en M.W. Myburgh, aanwesig was nie.

dadelik versteur.[6]

Die feit dat hulle byeengekom het, is egter gesien as uitvloeisel van die konferensies waarop die Natalparty gestig is, en vir die voorstanders van een=dragtige optrede het dit iets goeds in die vooruitsig gehou; maar hul gebrek aan eenstemmigheid oor 'n Natalse Kabinetslid het weer die gevaar ingehou dat dit as bewys vertolk sou word dat hulle met Moor tevrede was, en dit is as belaglik beskou.[7]

Moor se verkiesingsneerlaag het genl. Botha met 'n ekstra probleem opgesaal: die vind van 'n Natalse plaasvervanger vir hom. Moor was nie so gelukkig soos genl. Botha self en H.C. Hull dat iemand anders bereid was om sy setel aan hom af te staan nie. Daar was weliswaar 'n gerug dat genl. M.W. Myburgh (Vryheid) so 'n stap oorweeg het, maar dit was 'n blote gissing gegrond op 'n besoek wat Myburgh en B.E.A. Rabe aan Pretoria afgelê het[8] en wat heel waarskynlik met die nominasietwis in Vryheid in verband gestaan het. Dit sou ook niks gehelp het om 'n setel in 'n ander provinsie aan Moor aan te bied nie, want die doel was immers om aan Natal verteenwoordiging te gee. Al uitweg wat Botha dus gehad het, was om iemand anders uit die verkose Natallers in sy Kabinet te kry, en daar was gerugte dat hy met twee van hulle onderhandel het, t.w. Leuchars en W.F. Clayton (Zoe=loeland). Terwyl Leuchars voorwaardes gestel het, was Clayton bereid om te dien, maar genl. Botha het voorkeur aan Leuchars gegee omdat hy 'n groter Natalse aanhang gehad het.[9] Die knoop kon dus nie deurgehaak word nie en genl. Botha was verplig om met die aankondiging van sy tweede Kabinet, Moor se ou portefeulje Handel en Nywerheid vakant te hou.

Met Moor se uittrede uit die Kabinet en sy aanvaarding van 'n Senatorskap het hy tydelik weer in die kalklig gekom en is hy ouder gewoonte uitgeskel. Hy is 'n politieke kwal genoem, 'n aartsopportunis en baantjiesoeker wat aan die einde van 'n roemlose loopbaan gekom het en in wie se aanwesigheid in die Senaat daar vir Natal geen eer was nie.[10]

Dit was ná hierdie hernieude aanvalle dat sy vrou Charlotte aan genl. Botha geskryf het dat "poor old Fred" dieper seergemaak is as wat enigiemand kon besef, vandaar haar beroep op Botha om hom te help: "I do so want <u>something</u>

---

6. PM 1/1/493, knipsel uit <u>The Pretoria News</u>, berig, omstreeks 29 Sept. 1910.
7. <u>The Natal Witness</u>, 29 Sept. 1910, voorbladkommentaar; <u>The Natal Mercury</u>, 14 Okt. 1910, hoofartikel.
8. <u>The Natal Mercury</u>, 11 Okt. 1910, hoofartikel.
9. <u>The Natal Witness</u>, 17 Nov. 1910, hoofartikel, 24 Feb. 1911, voorbladuittreksel uit <u>The Cape Argus</u>.
10. <u>Ibid.</u>, 28 Sept. 1910, brief deur "Civicus"; <u>The Natal Mercury</u>, 14 Okt. 1910, hoofartikel.

to be done to show his enemies he is not squashed. For one thing, all his friends are extremely anxious that the honour of Knighthood should be bestowed upon him -- I most particularly wish it -- and trust you will obtain it for him. He will never ask for a thing himself -- but I think that just now it would do a great deal of good. Do please do it for him."[11] Genl. Botha het sy eenstemmigheid met haar betuig en haar die versekering gegee dat hy nooit 'n vriend in die steek sou laat nie.[12] Hy het ook nie, want Moor is kort daarna tot ridder geslaan; maar sy kritici het gelyk gehad: sy politieke loopbaan het op 'n sombere noot doodgeloop en voortaan sou hy geen noemenswaardige rol meer speel nie.

Nie slegs Moor se benoeming tot Senator het wrewel in Natal verwek nie, maar ook die feit dat hy die enigste was en dat Natal nie twee benoemde Senatore gekry het nie. Dit is as 'n skending van die Konvensiegees beskou en 'n onreg wat nooit vergeet of reggestel sou kon word nie. Dit het hulle maar te duidelik daaraan herinner dat "Brother Boer" aan die stuur van sake was, en Leuchars is by voorbaat gewaarsku dat as hy hom in die Kabinet sou laat intrek, hy hom daarmee van die meerderheid Natallers sou lossny, want 'n Nataller wat uit grootmoedigheid met sy teenstanders saamwerk, kon as niks anders beskou word nie as "a Colonial sample of the Little Englander".[13]

Dit was aanduidinge van hierdie koppigheid wat genl. Botha reeds op 7 Oktober, vyf dae voor die Provinsiale Raadsverkiesing in Natal, 'n beroep om samewerking op die Natallers laat doen het. Hy het op 'n nominasievergadering op Welverdiend in die kiesafdeling Losberg, waar hy na sy neerlaag 'n tussenverkiesing aan't veg was, die Natallers aangeraai om in hul eie belang van die politieke draad af te spring. Hy het dit duidelik gestel dat hy 'n skoon meerderheid in die Volksraad sou hê, al sou die Onafhanklikes en Arbeiders hulle by die Unioniste skaar. Hy sou dit nietemin verwelkom as die Natallers hom ondersteun, maar sou hulle daarteen besluit, dan was dit hulle saak.[14]

Botha het nòg 'n smeekgebed nòg 'n dreigement tot die Natallers gerig; tog het die Witness dit vertolk as sou die Premier die Natallers afgedreig het om òf hom te volg òf dit te ontgeld. Vir hom was Botha se "amazing speech ... in which he breathed out threatenings and slaughter against all who opposed him" 'n bewys van die reaksionêre anti-Britse rigting wat Botha besig was om in te slaan.[15] Dit was 'n doelbewuste wanvoorstelling van die toespraak om te verhinder

---

11. PM/OG, Charlotte Moor -- genl. Botha, 3 Nov. 1910, haar kursief.
12. Ibid., genl. Botha -- Charlotte Moor, 8 Nov. 1910.
13. The Natal Witness, 24 Okt. 1910, brief deur "Political Honesty". Sien ook The Natal Mercury, 14 Okt. 1910, hoofartikel; The Pictorial, 20 Okt. 1910, rubriek "By the Way", p. 68; The Natal Advertiser, 21 Okt. 1910, hoofartikel.
14. The Natal Witness, 8 Okt. 1910, voorblad.
15. Ibid., 11 en 17 Oktober 1910, hoofartikels.

dat Natal se gematigdes hulle by Botha skaar.

Dit was teen uitlatinge van hierdie aard dat Maurice S. Evans van Durban en Fred S. Tatham van Pietermaritzburg hulle uitgespreek het. In 'n brief aan die nuwe Johannesburgse aandkoerant, The Evening Chronicle, het hulle 'n beroep op die gematigdes van die land gedoen om matigheid van taalgebruik in die pers en van die openbare verhoog af ten opsigte van uitsprake oor rassisme af te dwing. Vir die Chronicle was dit die eerste uitgesproke opheldering van Natal se Onafhanklikes se houding en het hy verklaar: "The Natal members will play a considerable part in the new House in compelling the Racialists to drop their timewasting wrangling. If well led, this new party will take over the task of the Opposition ..."[16]

Dit was 'n oorskatting van die vooruitsigte van die Natalse Onafhanklikes wat in hierdie stadium as 'n geslote groep in die Kaap was waar die eerste Parlementsitting pas begin het. Hulle het gesamentlik, indien nie afsonderlik nie, die ideale van die Natalparty voorgestaan, maar was, in die woorde van 'n klein dorpskoerant, weinig meer as "wolven in schaapskleren" wat tussen die twee hoofpartye gesit het om eers te kyk watter party hulle die grootste koopsom sou betaal.[17]

Hoewel kras gestel, is dit presies die stigma wat die Onafhanklikes aangekleef het. Hulle is vooraf gewaarsku dat as hulle sonder onderskeidende beginsels op die draad sou bly sit, "they will degenerate into a mob of political blackmailing weather-cocks".[18] Andere, met die Witness as mondstuk, wou weer verhinder dat die Onafhanklikes hulle by een van die hoofpartye skaar -- veral nie by die Regeringsparty nie. Hulle het in die Onafhanklikes se halsstarrigheid om met Botha tot 'n vergelyk te kom oor 'n Natalse Kabinetslid, tekens weet te bespeur dat die "Independent Natal Party" 'n beduidende rol te speel had.[19]

Dit was egter juis in hierdie getoutrek met genl. Botha oor Natal se verteenwoordiging in die Kabinet dat die Onafhanklikes hulle aan politieke afpersing skuldig gemaak het. Leuchars en Clayton was onder die Onafhanklikes wat bereid was om in die Kabinet te dien, maar daar is as voorwaarde gestel dat Natal twee volwaardige portefeuljes moes kry. Toe hulle hierin nie hul sin kon kry nie, was hulle tevrede met een portefeulje en een Kabinetslid sonder portefeulje in die plek van dr. O'Grady Gubbins, wat beskou is as 'n blote politieke ornament en van ewe veel nut vir Natal as vir Mesopotamië.[20]

---

16. Aangehaal deur The Natal Advertiser, 1 Nov. 1910, hoofartikel. Sien ook ibid., 28 Okt. 1910, hoofartikel.
17. The Vryheid Herald, 24 Junie 1910, hoofartikel.
18. The Natal Witness, 24 Okt. 1910, brief deur "Political Honesty".
19. Ibid., 18 Nov. 1910, voorblad.
20. Vgl. The Natal Mercury, 31 Okt. 1910 en 18 Okt. 1911, hoofartikels; The Natal Witness, 24 Feb. 1911 uittreksel uit The Cape Argus.

Genl. Botha het geweier om die beminlike dr. O'Grady Gubbins op te offer, en daarmee het die probleem nie alleen onopgelos gebly nie, maar het dit gedreig om in 'n absurditeit te ontaard namate die weke maande geword het en die vakante Kabinetspos steeds nie gevul kon word nie. Daar was algemene gelag in die Volksraad toe genl. Botha op 13 Desember 1910 op 'n vraag van J.W. Quinn (Troyville) geantwoord het dat die kwessie van die vakante Kabinetspos steeds sy aandag geniet.[21]

Intussen het die 11 Natalse Onafhanklikes weinig gedoen wat die verbeelding aangegryp het. Daar is wel geglo dat hulle buite die Kabinet om veel sou kon uitrig om genl. Botha teen sy "reaksionêre" te steun, maar inderdaad het hulle as 'n groep swakker as die vier Natalse Unioniste vertoon en hulle ook nie in die debatte onderskei nie. Hulle is deur sowel die Unioniste as die Regeringsparty geïgnoreer.[22] Boonop het hulle hul verder ongewild gemaak deur saam met die Regeringsparty vir hoër salarisse aan Kabinetslede te stem -- 'n optrede wat deur die Witness as bewys vertolk is dat die Natallers net so ruggraatloos was as hul voorgangers in die ou Natalse Parlement.[23] In die lig van voorafgaande uitsprake oor Natal se laaste Parlement kon hy hulle kwalik 'n krasser belediging toegeslinger het.

Op hierdie noot het die eerste helfte van die Parlementsitting ten einde geloop. Die Onafhanklikes het hulle meesterlik onaktief gedra, het die Cape Argus verklaar en voorspel dat die "Natal Independent Party" spoedig aan skerwe sou spat.[24] Die Witness het nie hiermee saamgestem nie, maar nietemin verklaar dat die Onafhanklikes die kritiek op hulself neergehaal het deur in parlementêre intriges verstrik te raak en saam met die Regeringsparty vir hoër ministeriële salarisse te stem. Hy het hulle gewaarsku dat hulle nie slegs in naam onafhanklik kon wees nie -- "They must show that if a bargain is to be struck for the inclusion of Natalians in the Cabinet it must be a bargain based on high principles of which Natal as a whole can approve, namely, that before our members join any Government it must be purged of its racial characteristics once for all."[25]

Die "rassekenmerk" van die Kabinet wat gesteur het, was die aanwesigheid van genl. Hertzog en Abraham Fischer. Hul uitsetting is geëis. Dit was hoë voorwaardes vir die insluiting van 'n Natalse lid of lede, maar van agterna besien nie te hoog nie, want byna presies 'n jaar later is Hertzog tog uitgesit om die Natallers

---

21. Hansard, 1910 - 1911, kol. 738.
22. The Natal Mercury, 14 Des. 1910, hoofartikel, 24 Jan. 1911, berig van H.M. Meyler se toespraak. Sien ook Hansard, 1910 - 1911.
23. The Natal Witness, 10 Des. 1912, hoofartikel.
24. Aangehaal deur The Natal Witness, 26 Jan. 1911, voorblad.
25. Ibid., 27 Jan. 1911, hoofartikel.

tevrede te stel. 'n Mens durf wel die vraag vra watter loop Suid-Afrika se politieke geskiedenis sou geneem het indien die Witness en sy ondersteuners reeds in hierdie vroeë stadium hul sin gekry het.

Met hul aankoms in Natal tydens die reses is verskeie van die Natalse Parlements= lede deur koerantmanne ondervra en het dit deurgeskemer dat die Onafhanklikes nie slegs met die Regeringsparty saamgewerk het nie, maar dat die meerderheid hulle mettertyd by een van die hoofpartye sou skaar, bes moontlik die Regerings= party. Dit is af te lei uit verklarings deur o.a. sen. sir Liege Hulett en die twee Volksraadslede Bill Griffin en Thomas Orr.[26] Terwyl dit duidelike tekens weerspieël het van oorgawe aan die Regeringsparty, wat deur die Witness as verregaande beskou is, het sy susterskoerant, die Natal Advertiser van Durban, die Onafhanklikes geloof om hul manmoedige parlementêre optrede "as a true Natal Party, standing for sobriety in progress, and standing against excesses from any party all round".[27]

Dit was 'n sinnelose lofuiting, want die pas afgelope sitting het juis bewys, soos deur sowel die Mercury as Hugh M. Meyler aangetoon, dat daar van die Onafhanklikes se onafhanklikheid weinig tereg gekom het; wanneer hulle nie met die Regeringsparty saamgewerk het nie, het hulle kwalik 'n rol te vervul gehad.[28]

Desnieteenstaande het die Onafhanklikes, of sekere van hulle, steeds grootse planne gekoester, en wel binne die raamwerk van die tot dusver nuttelose Natalparty. Pas voor die vertrek van die Natalse Parlementslede na Kaapstad vir die hervatting van die sitting ná die reses het die Natalparty 'n vergadering in Durban gehou onder voorsitterskap van Otto Siedle. Drie Onafhanklike Volks= raadslede, J.G. Maydon, P.A. Silburn en A. Fawcus, en een Provinsiale Raadslid, Thomas Burman, het die vergadering bygewoon, terwyl Thomas Watt verskoning vir afwesigheid gevra het. Die drie aanwesige Volksraadslede het al elf se solidari= teit betuig en hul optrede tydens die eerste helfte van die sitting geregverdig deur te verklaar dat hulle geen mandaat van die kiesers ontvang het om hulle òf by die Regeringsparty òf die Unioniste aan te sluit nie. Dit was hul taak om onafhanklik te bly binne die Natalparty en om die invloed van die party dwarsdeur Natal en Suid-Afrika uit te brei en die gematigdes van ander partye

---

26. Ibid., 23 en 24 Des. 1910 en 4 Jan. 1911, voorblad en hoofartikel.
27. The Natal Advertiser, 30 Des. 1910, hoofartikel.
28. The Natal Mercury, 24 Jan. 1911, hoofartikel en berig van H.M. Meyler se toespraak.

daarin op te neem. Sodoende, is daar gereken, kon die party 'n gematigde "Third Party" word om te waak teen buitensporighede van die hoofpartye.[29]

Die volgende twee resolusies is eenparig aanvaar:

1. Die vergadering bedank die parlementêre verteenwoordigers van die Natalparty vir die werk wat hulle gedurende die sitting gedoen het en besluit dat die arty moet voortgaan om hulle te steun en in voeling met hulle te bly.
2. Die vergadering bekragtig die beginsel dat die Natalparty uitgebrei moet word met die doel om "Nasionaliste" en Unioniste daarin op te neem wat met die party se politieke program saamstem, en besluit dat die hoofbestuur van die Natal= party in voeling met sy parlementêre verteenwoordigers moet bly om te bepaal hoe bogemelde oogmerk uitgevoer kan word.[30]

Pas nadat hierdie vergadering gehou en besluite geneem is, het die Natallers vir die hervatte sitting na Kaapstad vertrek en die indruk by sommiges agtergelaat dat daar steeds 'n onafhanklike gees onder hulle vaardig was.[31] Andere was egter die mening toegedaan dat die Onafhanklikes eerder verslag van hul werksaam= hede aan hul kiesers moes gedoen het as om allerlei stellinge te maak en besluite te neem op 'n private vergadering van die Natalparty wat van sy geboortedag af glad te geheimsinnig opgetree het.[32]

Dit was 'n billike standpunt, want die elf Onafhanklikes was glad nie so eensgesind soos daar op die vergadering te kenne gegee is nie en soos spoedig bewys sou word. Onder hulle was daar, uit 'n Natals-imperiale oogpunt beskou, ook "wolven in schaapskleren". Dit wil voorkom asof die paar Onafhanklikes wat die solidariteit van die groep betuig het, dit slegs gedoen het om 'n breukspul te probeer voorkom wat hulle toe reeds voorsien het.

3. "Verraad" en Vergelding

Die hervatte sitting was nog nie 'n maand oud nie, of daar is gekla dat Natal se Onafhanklikes geheel en al ondoeltreffend as groep funksioneer. Dit is toegeskryf aan gebrek aan leiding en 'n duidelike beleid. Ook aan die feit dat hulle nie in staat was om in die wandelgang nuttige werk te verrig nie. Die tyd het aangebreek dat die Natallers moes kies tussen die Unioniste en die Regeringsparty, want, is daar verklaar, behoorlike werk in die Volksraad word nie verrig nie "by standing about in knots of twos and threes, keeping yourself entirely to your own people,

---

29. The Times of Natal, 27 Jan. 1911, hoofartikel; The Natal Mercury, 27 Jan. 1911, berigte.
30. The Natal Witness, 27 Jan. 1911, voorblad.
31. Sien ibid., 28 Jan. 1910, hoofartikel; The Times of Natal, 27 Jan. 1911, hoofartikel.
32. The Natal Mercury, 27 Jan. 1911, kommentaarberig.

and spreading promiscuous pessimism wherever you go regarding the turpitude of the political influences with which you are brought into contact".[33]

Op dieselfde dag dat hierdie droewige skets in Durban gepubliseer is, is die meer as vyf maande lange gesloer van die Natalse Onafhanklikes om van die politieke draad af te spring, beëindig deur genl. Botha se aankondiging in die Volksraad dat kol. George Leuchars die portefeulje Handel en Nywerheid aanvaar het wat vakant was sedert die bedanking van, nou sir, Frederick Moor.[34]

In die lig van hierdie klinkklare aankondiging op 22 Februarie 1911, het A.H. Marais se stelling aan die hand van die Fremantleversameling weinig sin. Hy beweer naamlik: "Botha het aan die begin van 1911 vir George Leuchars, 'n onafhanklike Natalse Volksraadslid, in die plek van F. Moor in die ministerie aangestel. Aanvanklik is daar nie 'n portefeulje aan hom toegeken nie, maar Botha het belowe dat hy later in beheer van 'n departement geplaas sou word. Botha kon egter tydens die parlementsitting nie daarin slaag om 'n skommeling van die portefeuljes tot almal se bevrediging teweeg te bring nie. Leuchars het egter aanhoudend druk op die Eerste Minister uitgeoefen en die aangeleentheid is tot ná Botha se terugkeer uit Brittanje uitgestel,"[35] waarheen hy in Mei 1911 vertrek het.

Leuchars het die Kabinetspos aanvaar omdat hy besef het dat genl. Botha nie van plan was om langer kat-en-muis met hom te speel nie. Volgens die Cape Argus het Botha feitlik 'n ultimatum aan Leuchars gerig: om òf onmiddellik die pos te aanvaar, òf toe te sien dat iemand anders in sy plek benoem word, waarskynlik genl. C.F. Beyers. Leuchars wou nie die pos uit sy hande laat glip nie en, na samesprekinge, het die Natalse Onafhanklikes die aanbod aanvaar "and allowed Col. Leuchars to take office fortified by a purely conditional promise of support".[36]

Hierdie voorwaardelike belofte van steun het daarop neergekom dat ses van die ander Onafhanklikes, t.w. Thomas Watt, voorsitter van die sogenaamde Natalparty-koukus, W.F. Clayton, Bill Griffin, Thomas Orr, F.U. Reynolds en Henry Wiltshire, hulle bereid verklaar het om hulle as 'n Onafhanklike vleuel by die Regeringsparty te skaar, soos Watt op 23 Februarie telegrafies aan die Witness verklaar het.

---

33. Ibid., 22 Feb. 1911, berig deur parlementêre verteenwoordiger.
34. Hansard, 1910 - 1911, kol. 1340.
35. A.H. Marais, Die Politieke Uitwerking van die Verhouding van die Afrikaans-sprekende tot die Engelssprekende 1910 - 1915, p. 103.
36. Aangehaal deur The Natal Witness, 24 Feb. 1911, voorblad.

Hulle was bereid om dit te doen, het hy verklaar, omdat hulle daarvan oortuig was dat die Botharegering hard gepoog het om die Suid-Afrikawet na te kom en omdat hulle dit wenslik geag het dat Natal 'n vertroude verteenwoordiger in die Kabinet kry met die steun van 'n aantal Natallers. Hulle het geglo dat hul bereidwilligheid om met die Afrikaners saam te werk en terselfdertyd hul onafhanklikheid oor die rassekwessie te behou, sou help om die Blanke rasse nader aan mekaar te bring.[37]

Omdat hierdie ses hulle as 'n Onafhanklike vleuel by die Regering geskaar het, het hulle nie saam met Leuchars na die Regeringsbanke oorgestap nie, maar by hul vier eertydse makkers bly sit. Hierdie vier, wat Natal se Onafhanklike "tradisie" wou voortsit, was J.G. Maydon, P.A. Silburn, James Henderson en A. Fawcus.[38]

So het Natal eensklaps "Nasionaal" geword, want van sy 17 verteenwoordigers was 9 ondersteuners van die Regering, en onder hulle was daar vyf, Leuchars, Watt, Orr, Griffin en Reynolds, wat in die verkiesing elk 'n Regeringspartyman by die stembus verslaan het. Dit sou as stok gebruik word om hulle by te kom. Die posisie van Leuchars se ses makkers was onseker, want as Onafhanklike vleuel was hulle nòg onafhanklik nòg lede van die Regering. Die naaste verduideliking wat 'n koerantman van een van hulle kon verkry, was dat hulle hul as Onafhanklike Nasionaliste beskou het.[39] Hul onafhanklikheid was egter maar 'n skerm om hul bas te probeer red en toe dit blyk dat dit geen weermiddel teen verdoemende kritiek oor hul manteldraaiery was nie, het hulle volbloedondersteuners van die Regering geword.

Vernietigende kritiek het uit alle oorde op hulle gereën, maar die dorpskoerantjie, die Middelburg Echo, het darem dié troos gehad dat Natal, met die oorstap van sy sewe verteenwoordigers, in die posisie was om sy lig onder die maatemmer in die Volksraad uit te haal waar hy tot in daardie stadium "een treurig figuur geslagen heeft".[40]

Leuchars, 'n boer, is as net so onbekwaam vir die portefeulje Handel en Nywerheid as sy voorganger bestempel, maar daar is tog ook gehoop dat hy 'n remmende invloed op die "rassehaters" binne die Regering sou uitoefen.[41] Die algemene mening

---

37. Ibid., 24 Feb. 1911, voorblad.
38. The Natal Mercury, 23 Feb. 1911, berig; The Natal Witness, 24 Feb. 1911, berig.
39. The Natal Mercury, 23 Feb. 1911, berig.
40. Aangehaal deur De Afrikaner, 20 Maart 1911.
41. The Natal Witness, 24 Feb. 1911, hoofartikel; The Natal Mercury, 24 Feb. 1911, hoofartikel. Sien ook The Natal Advertiser, 20 April 1911, aanhaling uit die Britse koerant Morning Post.

GENERAL BOTHA'S PICTURE GALLERY

"NOW WHAT DO YOU THINK I PAID FOR THAT?"

The Pictorial, 12 Des. 1912

was dat die Onafhanklikes se aanvaarding van die "Cabinet bribe" die Natalparty soos 'n pak kaarte laat intuimel en aan die einde van 'n kort en roemlose loopbaan gebring het -- "A nice achievement to be brought about by people who only a week or two ago were holding a conference for the better stability and standing of their party!"[42] Die optrede van die Onafhanklikes is as een van die mees afkeurenswaardige skandale in Natal se politieke geskiedenis vertolk en daar is geëis dat die sewe verraaiers en rotte, soos hulle kwetsend genoem is, hul kiesers in die oë moes gaan kyk. Hierdie uitdaging is veral tot die vyf gerig wat elk 'n Regeringskandidaat by die stembus verslaan het, want, is daar aangevoer, hul optrede het meegebring dat Natal na hul oorstappery onbehoorlike parlementêre verteenwoordiging geniet het.[43]

Kiesers het om die beurt òf met die kritiek saamgestem, òf vir die Onafhanklikes in die bresse getree. Die Times of Natal het hul optrede goedgekeur, maar dit betreur dat hulle nie hul kiesers vooraf geraadpleeg het nie.[44] 'n Man soos C.P. Crewe, wat besig was om die Unionisteparty in Natal nuwe lewe in te blaas, het geglo dat die sewe oorstappers tussen twee stoele ingeval het, dié van die vier oorblywende Onafhanklikes en dié van die Unioniste, en deur albei geminag is.[45] 'n Partygenoot van hom, Lionel Phillips, was die mening toegedaan dat Leuchars en Kie. heeltemal in stryd met die belange van Natal opgetree het wat, syns insiens, by wyse van sentiment en tradisie 'n nouer verbintenis met die Unioniste as met die Regeringsparty gehad het.[46]

Die sewe oorlopers het in die loop van die volgende maande almal verduidelikings vir hul optrede verstrek, maar dit sou nog meer as 'n jaar duur voordat die storm hom uitgewoed en die stof enigsins gaan lê het. Die eerste van die sewe wat gereageer het, was Thomas Watt. Hy het hom op 24 Maart 1910 in die Volksraad verweer teen die aanklag dat hulle verraad gepleeg het en verklaar: "If every Britisher who supported the Government was to be looked upon as a traitor to his race, then God help South Africa."[47]

Watt het hierdie stelling herhaal op vergaderings wat hy later in sy kiesafdeling gehou het en waar hy, ten spyte van voorspooksels van kwaai teenstand, mosies van

---

42. The Natal Witness, 24 Feb. 1911, hoofartikel en aanhaling uit The Cape Argus.
43. The Natal Witness, 25 Feb. 1911, hoofartikel; The Natal Mercury, 27 Feb. 1911, hoofartikel, Sien ook Hansard, 1910 - 1911, kol. 2042.
44. The Times of Natal, 6 Maart 1910, hoofartikel. Sien ook The Natal Witness, 28 Feb. 1910, brief deur Malcolm McKenzie, 1 Maart 1910, brief deur W.M. Cameron en "Also a Rattler".
45. Smuts Papers, Private 189, Vol. 9/C9, C.P. Crewe - genl. Smuts, 17 Aug. 1911.
46. Prellerversameling, Band 102, pp. 83 - 84, knipsel uit The Transvaal Leader.
47. Hansard, 1910 - 1911, kol. 2042.

vertroue gekry het. Volgens hom het die Onafhanklikes die eerste vier maande geen definitiewe standpunt ingeneem nie omdat hulle die kat uit die boom gekyk het. Hyself het vroeg tot die gevolgtrekking gekom dat hy as Onafhanklike nie veel kon uitrig nie, want die Opposisie wou hulle nie in vertroue neem nie en die Regering was teleurgesteld in hul afsydigheid. Leuchars was, aldus Watt, nie bereid om 'n Kabinetspos te aanvaar as 'n groep Natallers hom nie steun nie, en hulle het algaande besef dat as hulle langer sou weier om met die Regering saam te werk, hulle skuldig sou wees aan die rassehaat wat hulle wou beveg. Onder toejuiging het hy vervolg: "Were they to be guilty of racialism by refusing to fight alongside a Dutch Government?"[48]

Aantygings dat hy en sy ses makkers verraad teenoor hul kiesers gepleeg het en derhalwe hul setels moes prysgee, het Watt as belaglik bestempel. Hy het daarop gewys dat geen sodanige eis aan hulle gestel is toe hulle vroeër uitgenooi is om hulle by die Unioniste aan te sluit nie. Dit sou die toppunt van onnoselheid gewees het, het hy verklaar, as die Onafhanklikes hulle by die Unioniste geskaar het, want van die lede van dié party het hulle as die enigste eksponente van Engelse mening in Suid-Afrika aangematig en gepraat en gehandel asof hulle deur die Voorsienigheid aangestel is om die Britse "Empire" en vlag te beskerm. Hy het hom by die Regering geskaar omdat dié besig was om in belang van die land en sy mense op te tree. Sou dit later blyk dat hy 'n fout begaan het, sou hy bedank en sy optrede aan sy kiesers verduidelik.[49]

Ook kol. Leuchars is met geesdrif in sy kiesafdeling aangehoor, waar hy verduidelik het dat hy die Kabinetspos aanvaar het om die "horrible nightmare of racialism" te beveg. Hy kon hom nie by die Unioniste skaar nie, want hulle het nie die permanente Suid-Afrikaner verteenwoordig nie -- "they represented the floating population, and they had more or less to dance to the tune of the floating population. He (Mr. Leuchars) maintained that it would be a bad thing for this country when it was governed by the floating population. It was the people who had come here to make it their permanent home who should govern the country."[50]

Hierdie insiggewende stelling, wat met toejuiging begroet is, stem nou ooreen met genl. Hertzog se latere uitlatinge waaroor Leuchars met hom sou bots. Hy het ook verklaar dat as hy ooit van die Regering sou verskil, hy dit in die openbaar

---

48. The Natal Mercury, 30 Mei 1911, berig.
49. Ibid., 4 Des. 1911, berig. Sien ook The Natal Advertiser, 20 Okt. 1911, berig; De Afrikaner, 8 Jan. 1912, berig; The Natal Mercury, 29 Julie 1912, brief deur Thomas Watt, LV.
50. The Natal Mercury, 31 Julie 1911, berig.

sou sê, maar hy het geglo dat daardie dag nie sou aanbreek nie.[51]

Watt en Leuchars se drie plattelandse makkers, Wiltshire, Clayton en Reynolds, het ook geen besondere teenstand van hul kiesers ervaar nie,[52] maar Thomas Orr en Bill Griffin van Pietermaritzburg het dit terdeë ontgeld. Hulle het hul reg in die hoofkwartier van die Witness bevind wat geen steen onaangeroer gelaat het om gevoelens op te sweep nie en ook goed daarin geslaag het.

Na die aanvanklike opskudding wat die optrede van Leuchars & Kie. veroorsaak het, het politieke sake in Natal 'n rustige vlak begin bereik. Opmerklik het dit juis gebeur terwyl F. Horace Rose, redakteur van die Witness, met ses maande vakansie in Engeland was. Onmiddellik na sy terugkeer teen die einde van Oktober 1911 en skuins voor die volgende Parlementsitting, het hy ingegryp en is die politieke kalmte eensklaps versteur.

Rose, wat slegs ontgogeling gevind het in die Natalparty wat hy so sterk bepleit het, het volhard in sy poginge om 'n politieke party tot stand te bring wat as alternatief vir sowel die Regeringsparty as die Unionisteparty kon dien. Dit was die "Third Party" waarna reeds verwys is en wat nog nie 'n naam gekry het nie. Om in sy oogmerke te slaag, moes die verloopte Onafhanklikes eers behoorlik aan die man gebring word; daarom het hy onmiddellik na sy terugkeer uit Engeland soos 'n vergeldende engel onder hulle ingevaar. Hy sou hulle nooit vergewe dat hulle hul by die "rassehatige" Boereregering geskaar het nie, en van sy blad se venyn ten opsigte van hierdie saak is daar indertyd tereg verklaar: "Satan denouncing sin is a poor effort when compared with the 'Witness' denouncing racialism."[53]

In sy aanval op die verloopte Onafhanklikes vanweë hul politieke "verraad", het Rose die oplaaiende gevoel oor die taalbeleid van die "rassehatige" Regering tot 'n punt van histerie in Natal help voer. Hierin is hy bygestaan deur die Advertiser, dog die Mercury was gematigder en het 'n staanplek aan die Afrikaner se taal gegun, hoewel permanent ondergeskik aan Engels.

Die parlementêre debat oor genl. Hertzog se Vrystaatse onderwyswet van 1908, waarmee hy as oogmerk gehad het honderd persent tweetaligheid van sowel onder= wysers as leerlinge, het die Natallers se hare laat rys by die blote gedagte dat dieselfde beleid dalk op Natal afgedwing kon word. Die meerderheidsverslag van die Gekose Komitee oor die taalkwessie, wat deur die Parlement aanvaar is en

---

51. The Natal Witness, 5 Okt. 1911, voorblad.
52. Sien o.a. The Natal Mercury, 13 Nov. en 14 Des. 1911, berigte.
53. The Times of Natal, 28 Nov. 1911, hoofartikel.

voorsiening gemaak het vir moedertaalonderrig tot st. IV en daarna die uitoefening van ouerkeuse oor die taalmedium van onderrig, het ook nie kalmte gebring nie. Die Natallers het hierdie verslag, wat deur een van hul eie Volksraadslede, C.P. Robinson, help opstel is, as 'n politieke kompromis beskou waarvoor daar geen opvoedkundige grondslag was nie.[54]

Administrateur C.J. Smythe se poging om uitvoering te gee aan genl. Botha se versoek om die provinsie se onderwysbeleid in ooreenstemming met die meerderheidsverslag te bring, het wrewel verwek. Oor sy aankondiging dat die Uitvoerende Komitee 'n onderwysordonnansie sou voorstel wat ten volle by die Transvaalse sou aansluit, het die Witness onder die opskrif "The Language Lunacy" die volgende uitspraak van die Pretoria News met volle instemming aangehaal: "The only people who do not understand English in this country are the backveld Boers, and everything should be done to meet their needs, but to ram the language of the backveld Boer down the throats of our children in order to 'fit them for the battle of life,' as Mr. Smythe, of Natal, suggests, is absurd. What our children want is more general knowledge. The taal is not of intrinsic value to any child."[55]

Hierdie kommentaar is gelewer midde-in Horace Rose se verbete aanslag op die verloopte Onafhanklikes, wat gepaard gegaan het met venynige uitlatinge teen die Afrikaner en sy kultuurgoedere. Dit het weerklank gevind by sy lesers wat die Witness in hierdie stadium, Desember 1911, met kommentaar oorstroom het. Een wou weet: "Why should we have Hottentot Dutch rammed down our children's throats to please Botha, Hertzog and Co. (?)" 'n Ander se kommentaar was: " ... let me suggest 'Hottentot" as a suitable Boer medium; he will not have to learn it, as a foreign tongue". 'n Derde het aan die hand gedoen dat die Afrikanerleiers, wat kwansuis so gretig was om rassehaat uit te roei, dadelik Engels as enigste amptelike taal moes aanvaar om sodoende hul goedgesindheid jeens die "Empire" te bewys.[56]

---

54. Hansard (Cape Times), 1915 - 1916, p. 187, J.G. Hunter se toespraak. Vgl. ook The Natal Advertiser, 7 Aug. 1911, hoofartikel, 9 Nov. 1911, berig aan P.A. Silburn se toespraak; De Afrikaner, 19 Okt. 1911, hoofartikel. Vir besonderhede oor die behandeling van die taalkwessie in die Parlement sien G.D. Scholtz, Generaal Christiaan Frederik Beyers 1869-1914, pp. 211 - 216; A.H. Marais, Die Politieke Uitwerking ..., pp. 108 - 109.
55. The Natal Witness, 11 Des. 1911, voorblad.
56. Ibid., 11 Des. 1911, brief deur R.W. Hall, 13 Des. 1911, brief deur "Old Colonist", 14 Des. 1911, brief deur F. Clinton. Sien ook ibid., 5, 8 en 9 Des. 1911 en 15 Jan. 1912, verskeie briewe.

Nadat Rose die lesers van sy blad goed wakker geskryf het en in die proses grootliks daarvoor verantwoordelik was dat 'n verslagvergadering van Bill Griffin, een van die verloopte Onafhanklikes, die aand van 11 Desember in die saal van die YMCA in wanorde uiteen is,[57] het hy sy invloed gebruik om 'n openbare vergadering in die Pietermaritzburgse stadsaal belê te kry om die verlooptes vir eens en altyd voor stok te kry. Die oggend voor die vergadering het hy as laaste aansporing tot sy lesers die volgende onder hul aandag gebring:

"Your vote has not been respected.
"Your opinion has been disregarded.
"Your members deserted your party.
"Your representatives did not consult you.
"Your verdict at the polls has been reversed.
"Your election victory has been changed to defeat.
"Your political power has been destroyed.
"Can you tolerate all this without a protest?"[58]

Daar was histerie in hierdie betoog en in die blad se openlike opruiing van openbare gevoelens wat nie misgekyk is nie. Daarom het sowel die Times of Natal as van sy lesers hulle daarteen uitgespreek. Een het met verwysing na die komende vergadering verklaar: "A great many people won't even trouble to be there simply because the editor of the 'Witness' advocates it. A mild literary sedative taken daily for a month, and cheerful company might reform him, but otherwise I greatly fear he will come to grief ... "[59]

Die vergadering is die aand van 16 Januarie 1912 in 'n byna stampvol stadsaal gehou waar die aanwesiges staande 'n mosie van afkeer van die optrede van die sewe eertydse Onafhanklikes aanvaar het. Volgens die Witness-verslag was daar slegs ses teenstemme, maar die Times of Natal het beweer dat bykans die helfte van die skare bly sit het toe dié gevra is om op te staan om hul goedkeuring met die mosie te betuig. Wat verder ook opval, is die Unionistiese gesindheid van diegene op die verhoog en hul ondersteuners in die saal. E.G. Jansen is doodgeskreeu, en dit is as bewys beskou dat die vergadering, wat van begin tot end deur die Witness georganiseer is, mank gegaan het aan "British fairplay".[60]

Jansen het wat hy nie toegelaat was om op die vergadering te sê nie, per brief aan die Witness gerig. Daarmee het hy uiting gegee aan die oplaaiende gevoel

---

57. Ibid., 12 Des. 1911, voorblad; The Times of Natal, 12 Des. 1911, hoofartikel.
58. Ibid., 16 Jan. 1912, voorblad.
59. The Times of Natal, 16 Jan. 1912, brief deur "Man In The City". Sien ook ibid., hoofartikel en briewe deur F. Reed, "Townsman", "Lover of Fairplay" en "North Pole".
60. Sien ibid., 17 Jan. 1912, hoofartikel; The Natal Witness, 17 Jan. 1912, voorblad.

van ergerlikheid onder die Natalse Afrikaners wat reeds by monde van De Afrikaner en hul Het Kongres op taalhandhawing en die toepassing van die meerderheidsverslag van die Gekose Komitee in Natal aangedring en meer as R100,00 tot die Hertzogfonds bygedra het. Niks openbaar die ware gesindheid van die Natalse Afrikaners op 'n treffender wyse as juis hul bydrae ter bestryding van genl. Hertzog se regskoste in die saak wat die ontslane inspekteur Fraser van die Vrystaat teen hom aanhangig gemaak het nie. Dit is by wyse van klein-klein bedraggies geïn uit 'n betreklik arm gemeenskap as huldeblyk "aan de man wat pal staan als een rots voor de rechten van ons volk en onze taal".[61]

In sy brief aan die Witness het Jansen daarop gewys dat die hele bohaai weinig te doen had met die feit dat die sewe eertydse Onafhanklikes hulle by 'n party aangesluit het, maar wel omdat hulle hul steun aan 'n oorwegend Afrikanerregering toegesê het. As hulle hul by die Unioniste aangesluit het, het hy verklaar, sou daar 'n gejuig gewees het, maar omdat hulle hul samewerking aan die Afrikaners toegesê het, is 'n strydkreet aangehef, want vir die beswaarmakers was dit ondraaglik om onder 'n Boereregering te staan.[62]

Daarmee het hy die spyker op die kop geslaan, want dit was vir die Engelse 'n bittere vernedering dat hulle onder die regering van 'n voorheen verslane volk moes buig en boonop dié se "illiterate 'Taal'" aan hulle opgedring moes kry. 'n Engelse koerantleser het dit so gestel: "It is very galling to those who lost their friends in the conflict between Briton and Boer, and to those who lost their limbs, through obeying their call to duty in maintaining the prestige of the British Empire. It is very galling to such as these especially, and to Britons in general, that they should now be ruled by the Dutch element in the Union Parliament. It is humiliating in the extreme when Britons are called upon to submit to have 'de taal,' or Boer patois, thrust upon them ..."[63]

Jansen se kolskoot aan die adres van die Witness is min of meer doodgeswyg, want Horace Rose was tevrede met die hoogtepunt waarop sy opruiery geëindig het.

Tussen hierdie agitasie deur, waarin die ander koerante, instansies en persoonlikhede 'n veel stemmiger rol gespeel het, het die Witness en sy sustersblad, die Adverteiser, besondere aandag aan die oorblywende vier Onafhanklikes bestee. Hierdie vier, Henderson, Maydon, Fawcus en Silburn, was volgens kol. C.P. Crewe

---

61. Vgl. De Afrikaner, 8 en 26 Junie 1910, hoofartikels en berig, 5 Okt. 1911, hoofartikel, 9 Nov. 1911, hoofartikel, 13 Nov. en 18 Des. 1911, 11 en 25 Jan. 1912, berigte, en 22 Aug. 1912, brief deur J.B.M. Hertzog. Sien ook Hertzogversameling, Band 99, "Huldeblyk aan Genl. J.B.M. Hertzog, 1911".
62. The Natal Witness, 20 Jan. 1912, brief deur E.G. Jansen.
63. Ibid., 27 Jan. 1912, brief deur "An Old South African".

ook onderling verdeel, want Fawcus was 'n Merriman-aanhanger.[64] Terwyl die Mercury, Unioniste-mondstuk, met hierdie vier die spot gedryf het, het die Witness en Advertiser hulle as ware staatmakers beskou en behandel. Nie alleen het hulle uitvoerige verslae van die toesprake van hierdie vier stuks gepubliseer nie, maar ook gunstig daarop gereageer. Daarbenewens het die twee blaaie elk drie lang artikels deur onderskeidelik Maydon, Silburn en Fawcus geplaas onder die opskrif "Why I Am An Independent".

Al drie hierdie here het verklaar dat hulle besluit het om onafhanklik te bly omdat die twee hoofpartye op 'n rassegrondslag saamgestel was, wat hulle as 'n ongesonde politieke verdeling beskou het en wat niks anders kon meebring nie as agteruitgang, chaos en nasionale selfmoord. Silburn wou die twee bestaande hoofpartye vervang deur twee ander: 'n Konserwatiewe Party bestaande uit die plattelandse boeregemeenskap en 'n Liberale Party bestaande uit die beroepslui, sakemanne, nyweraars en vakmanne. Op hierdie wyse wou hy die taalverdeling uit die politiek weer, en hy sou sy steun aan die Liberale Party toesê wat hy graag in Durban wou sien wortel skiet. Tot tyd en wyl hierdie twee partye gestig kon word, sou hy as Onafhanklike op die draad bly sit. Daar was in sy oë g'n ander plek waar hy kon sit nie, want die draad het deur 'n moeras geloop: as hy aan die kant van die Regeringsparty sou afklim, sou hy tot by sy heupe in die modder wees; aan die kant van die Unioniste tot by sy nek.[65]

In sy artikel "Why I Am An Independent" het Silburn breedvoerig oor sy beoogde Liberale Party uitgewei. Hy het 'n volledige program uiteengesit betreffende fiskale beleid, Bantoebeleid, staatstruktuur, verdediging, belasting, grondvestiging, Blanke immigrasie en arbeid. Die stigting van 'n Liberale Party met so 'n program, het hy verklaar, sou die konserwatiewe deel van die bevolking dwing om 'n opponerende party te stig "and here you have that healthy division of parties, the clashing of which will stimulate political life, produce progress, kill racialism, and place South Africa in a far more prominent place in the Empire than she holds to-day."[66]

---

64. The Natal Mercury, 6 Sept. 1911, berig van C.P. Crewe se toespraak. Sien ook ibid., 9 Nov. 1911, berig van Fawcus se toespraak.
65. Sien The Natal Advertiser, 9 Nov. 1911, hoofartikel en berigte van Fawcus en Silburn se toesprake; The Natal Mercury, 9 Nov. 1911, berigte van Fawcus en Silburn se toesprake.
66. The Natal Witness en The Natal Advertiser, 2 Des. 1911, artikel deur P.A. Silburn, "Why I Am An Independent".

Dit was 'n weldeurdagte plan wat, as dit in werking gestel kon word en die reaksie sou ontlok wat Silburn voorsien het, beslis rassehaat sou uitroei; maar dit sou op 'n subtiele wyse geskied wat juis van rassehaat sou getuig, want die oogmerk daarvan was om die Engelse baas te maak in die land. Die program weerspieël die denkpatroon van duisende Natallers van die tyd, veral dié van die sterk imperialiste: gedeeltelike segregasie van die Bantoes, geleidelike invoering van 'n federale staatstruktuur, sterk steun aan die Britse vloot, Blanke immigrasie om die Afrikaners onder te ploeg en die Swart getalsoorwig uit te wis.

Hierdie program het volkome ingepas in die denkpatroon van Horace Rose van die Witness en Gustave Hallé van die Advertiser, wat die stigting van 'n "third non-racial, non-parochial, open third party" bepleit het,[67] vandaar die aandag wat Silburn en sy mede-Onafhanklikes gekry het. Selfs die Unioniste-mondstuk, die Mercury, se parlementêre verteenwoordiger het die stigting van 'n derde party voorsien wat steun uit die twee hoofpartye sou kry.[68] Die redakteur van die Mercury, H. Ramsay Collins, het ook vir Silburn agterna gepraat, maar wat Collins eintlik wou hê, was dat die Unioniste die naam van hul party na die Liberale Party moes verander, waaroor later meer.

Wat deur die meeste van hierdie manne beoog is, in die besonder Rose, word heel duidelik uit 'n lang brief wat hy midde-in hierdie politieke gistingsproses, op 18 Desember 1911, aan John X. Merriman geskryf het. Asof hy skoon vergeet het dat die Witness op 9 Februarie 1910 verklaar het dat dit rampspoedig vir Suid-Afrika sou wees as Merriman premier sou word omdat hy die laaste man was wat die rasse byeen kon bring, vra Rose hom nou om tot die land se politieke redding te kom. Hy wys daarop hoe hy sedert sy terugkeer uit Engeland daarin geslaag het om toenemende vyandigheid teenoor die Natalse Volksraadslede op te wek wat na Botha oorgeloop het en spreek die wens uit dat 'n onafhanklike party met 'n nie-rassebeleid, wat sy vleuels oor die ontevredenes van die ander provinsies kan uitbrei, tot stand gebring moet word onder leiding van Merriman, "the one statesman in Parliament who would be capable of leading a party pledged to independent criticism".[69]

Op hierdie wyse wou hy die afgestorwe Natalparty deur 'n "Third Party" vervang, en in die proses wou hy presies dieselfde bereik as wat die Unioniste

---

67. The Natal Advertiser, 18 Okt. 1911, hoofartikel.
68. The Natal Mercury, 4 Mei 1911, kommentaar deur parlementêre verteenwoordiger.
69. P. Lewsen, Selections from the Correspondence of John X. Merriman, 1905 - 1924, VRS 50, p. 214; Marais, Politieke Briewe 1911 - 1912, II, pp. 33 - 36.

beoog het: Britse baasskap in Suid-Afrika. Die verskil was net dat hy en Silburn op 'n veel subtieler wyse te werk wou gaan deur op 'n bedekte wyse die taalgrens af te breek en van daaruit Britse baasskap te vestig. Subtiele rassehaat moes wat as die Afrikaners se openlike rassehaat beskou is, uitroei.

Of Merriman 'n snuf in die neus gekry het, is nie bekend nie, maar hy het kragtig geantwoord dat hy nog nooit daarvan gehou het om buite-parlementêre partye te vorm nie, want dit eindig in regering deur die koukus, die mees veragtelike van alle tirannieë. Boonop het hy geglo dat leiers nie self-verkose is nie.[70]

Daarmee is Rose se plan die nek ingeslaan, maar hy sou volhard, soos nog sal blyk, want hy het hartgrondig geglo in wat hy verkondig het. Juis in hierdie tyd, 'n dag ná sy brief aan Merriman, het hy sy lesers aangeraai om hulle ten opsigte van wat hy bestempel het as die anomalieë, onreg en rassehaat wat deur die taalbeleid opgewek is, nie op hul verloopte Volksraadslede te verlaat nie, maar " ... (to) look past their Parliamentary members, and rely on the voice of this paper ..."[71]

Hy het hom ongetwyfeld, in afwagting op Merriman se antwoord, voorberei om "warm nuus" aan sy lesers te verstrek oor die stigting van sy begeerde "Third Party", en hy het die steun gehad van Gustave Hallé van die Advertiser. Dié het op 19 Januarie 1912 nog verklaar: "There is hardly any doubt that, whether they call themselves Unionists, Independents, or Nationalists, the great majority of Natalians are 'future third-party men.' Even our Unionist members have declared themselves so at heart."[72]

Hierdie stelling is gemaak pas na afloop van 'n energieke veldtog deur die Unionisteparty in Natal, aan die begin van 'n soortgelyke veldtog deur die Suid-Afrikaanse Party en terwyl die meeste Natalse Volksraadslede hulle in die Regeringskamp bevind het. Watter bestaansreg 'n derde party dus kon hê, is moeilik te peil. Die aandrang op die stigting van so 'n party, die Witness se advies aan sy lesers en die Advertiser se stelling moet eerder gesien word as 'n openbaring van die politieke reddeloosheid waarin Natal hom anderhalf jaar na 31 Mei 1910 steeds bevind het en wat tot uiting gekom het in die rondgryp na politieke strooihalms.

---

70. Die presiese datum van Merriman se brief is onbekend, want die oorspronklike is verlore en slegs 'n ontwerp is in die Merrimanversameling beskikbaar - sien Marais, Politieke Briewe 1911 - 1912, II, p. 154, 20.6; Lewsen, Selections from the Correspondence ... pp. 214 - 216.
71. The Natal Witness, 19 Des. 1911, voorbladkommentaar.
72. The Natal Advertiser, 19 Jan. 1912, hoofartikel.

4. Die Unioniste in Natal

Die Unionisteparty het 'n geboortegebrek gehad -- sy doopnaam. Dit was 'n verbeeldinglose naam wat nie die aandag rondom 'n bepaalde politieke beginsel kon vasgryp nie. Die naam het by implikasie beteken dat die lede van die party sou trag om die beginsels van Unie uit te leef en het 'n nog geringer trefkrag gehad as dié van die Suid-Afrikaanse party wat genl. Botha later sou stig. Boonop het die Unionisteparty in sy geledere eertydse verbete teenstanders van uniewording gehad, soos sir David Hunter van Durban. Daarom is daar spottend gesê dat "Anti-Unionisteparty" eintlik 'n gepaster naam sou gewees het.[73] Ook in eie geledere was daar nie algemene tevredenheid met die naam nie. Die Natalse mondstuk van die party, die Mercury, het dit as betekenisloos beskou en gepleit dat die party tot die Liberale Party herdoop word.[74]

Die party het egter end-uit sy naam behou, en vir die las wat hy met hom saamgedra het, het hy in Natal vergoed deur knap organisasiewerk wat dié van alle ander partye oortref het.

Die eerste takke van die Unionisteparty in Natal is, soos in hoofstuk 2 uiteengesit, in Junie en Julie op onderskeidelik Vryheid en in Durban gestig. 'n Unioniste-vereniging het kort daarna in Durban en in die kiesafdeling Weenen tot stand gekom wat, in die algemene verkiesing van daardie jaar, kandidate aktief gesteun en noemenswaardige welslae behaal het. Die vier verkose verteenwoordigers, Hugh M. Meyler, C.P. Robinson, sir David Hunter en Charlie Henwood, het afsonderlik en gesamentlik 'n veel stewiger indruk binne en buite die Parlement as enige van Natal se ander verteenwoordigers gemaak, met die uitsondering van maj. P.A. Silburn. Op die grondslag wat hierdie vier gelê het, is daar besluit om voort te bou. Binne 'n jaar na die opening van die eerste Parlementsitting is Natal van hoek tot kant deurkruis en was die party stewig ingeplant - die eerste party wat 'n behoorlike provinsiale netwerk in Natal gehad het.

Meyler, waarnemende sekretaris van die party in Natal, het 'n groot rol gespeel in die organisasieveldtog waarmee in Mei 1911 begin is. Terwyl hyself veral op die platteland en in Pietermaritzburg gearbei het, het sen. F.O.F. Churchill, bygestaan deur J. Reynolds-Tait en plaaslike werkers, met 'n aktiewe veldtog in Durban en omstreke begin. Durban het goed gereageer en sen. Churchill het daarin geslaag om 'n sentrale organisasie vir die stad te stig. Uit hierdie liggaam is afdelingsverenigings en takke gebore ooreenkomstig die grondwet van die party, maar Durban se sentrale organisasie het voortbestaan.[75]

---

73. De Afrikaner, 8 Mei 1911, hoofartikel.
74. The Natal Mercury, 10 en 20 Nov. 1911, hoofartikels.
75. Ibid., 16 Okt. 1911, verslag deur H.M. Meyler.

In Junie 1911 het die Durbanse afdelingsvereniging sy eerste jaarvergadering gehou onder voorsitterskap van George A. Champion. Volgens hom het die rasse= grondslag van die Botharegering en die futloosheid van die Natalparty die stigting en uitbreiding van die Unionisteparty in Natal genoodsaak. Om daardie rede is daar aan die werk gespring en het die hoofbestuur tot in daardie stadium afde= lingsverenigings in Verulam, Malvern, Port Shepstone en elders gestig. Die hoofbestuur het 18 vergaderings gehou en benewens die insameling van jaargeld groot skenkings van goedgesindes ontvang.[76]

Bittere teleurstelling is op hierdie vergadering uitgespreek in die optrede van die sewe Onafhanklikes wat vir 'n "miserabele Kabinetspos" na die Regering oor= geloop het. Sir David Hunter het gesê daar was geen nodigheid dat die sewe stuks na die Regering moes oorstap om genl. Botha te steun nie, want die Unio= nisteparty het steeds 'n beleid van steun aan Botha gevolg sonder dat dit nodig geag is om met sy party saam te smelt. C.P. Robinson het die feit dat die oorstappers nie behoorlik in die bek gepluk is nie, aan die apatie van die kiesers toegeskryf. Hierdie apatie is deur 'n Durbanse sakeman so aan hom opgesom: "Well, you know, Robinson, we are a self-contained little Colony, and all we want is to be left alone."[77]

Die res van Natal het versigtiger hantering vereis as Durban, daarom is daar besluit om geen openbare oproep te doen alvorens kol. C.P. Crewe, hoof- organi= serende sekretaris van die Unionisteparty, 'n toer deur Natal onderneem het nie. Terwyl daar op hom gewag is, het die openbare mening in Natal begin swaai. In Januarie was daar nog agterdog jeens die Unioniste, maar na die eerste Parlementsitting het daar 'n opmerklike verandering ingetree. Dit is aan die party se vier Volksraadslede toegeskryf wie se besliste optrede in skerp teenstelling met die politieke verlorenheid van die Onafhanklikes gestaan het.[78]

Dit was juis die lamlendigheid van die Onafhanklikes wat die Unioniste aangespoor het om in te spring en ondersteuners te werf. Dit was die aangewese tyd, want die eerste Parlementsitting het Natal politiek verdeel, verower en verslae agtergelaat. 'n Vloeibare toestand het geheers.

Kol. Crewe, bygestaan deur Meyler, het op 15 Augustus met sy organisasieveldtog begin en Natal op 7 September verlaat. In die sowat drie weke is vergaderings

---

76. Ibid., 2 Junie 1911, berig van G.A. Champion se voorsittersverslag.
77. Ibid., berig.
78. Ibid., 5 Junie 1911, hoofartikel.

in Durban, Pietermaritzburg, Port Shepstone, Ladysmith, Dundee, Newcastle, Howick, Mooirivier en Camperdown gehou en is die kern van 15 afdelingsverenigings gestig. Op Newcastle het E.W. Noyce, verslane Onafhanklike in die verkiesing, hom by die Unioniste geskaar, en in die algemeen is die veldtog as die geesdriftigste en suksesvolste in Natal se politieke geskiedenis beskou. Alles was daarop gemik om aan Natal 'n sterker stem in die Parlement te gee waar hy tot in daardie stadium weinig uitgerig het, danksy "the wobbling and weakness of those quondam Independents ".[79]

Na kol. Crewe se vertrek uit Natal is die werk voortgesit deur Meyler, Reynolds-Tait, Robinson, Henwood en andere. Takke is in en om Durban gestig en afdelingsverenigings het in Durbanse kiesafdelings en in Zoeloeland tot stand gekom. Die afdelingsvereniging van Durban-Sentraal onder voorsitterskap van O.J. Askew het sy uitvoerende bestuur opdrag gegee om met die besture van ander Durbanse afdelingsverenigings te skakel met die doel om 'n gekombineerde Durbanse bestuur saam te stel vir die behartiging van die breë sake van die Durbanse gebied. So deeglik is die organisasiewerk gedoen dat daar teen die helfte van Oktober 1911 reeds 16 afdelingsverenigings in Natal gestig was -- een in elke kiesafdeling, behalwe Dundee, waar Thomas Watt daarin geslaag het om hulle uit te hou.[80]

Terwyl hierdie veldtog sy einde genader het, het genl. Botha op 25 September in die kiesafdeling Losberg spesifiek daarna verwys. Hy het gesê kol. Crewe het 'n beroep op die Natallers gedoen om hulle by die Unionisteparty aan te sluit ten einde hom (Botha) te help om sy program uit te voer, maar terselfdertyd is die Natallers gevra om hul sewe Volksraadslede uit te skop wat na die Regering oorgestap het. Crewe wou hom (Botha) dus steun deur hom van sy ondersteuners te beroof. Van groter onsin het hy nog nooit gehoor nie, het hy onder gelag verklaar en vervolg: "Zoo een preek is selfs in barbaarsche land onmogelyk te verstaan. En onder een verlichte volk zoo als die van Natal is het belachlyk ..."[81]

Botha het waardering betuig vir die Opposisie se aangebode ondersteuning, maar daarop gewys dat hy hom nie sou laat lei deur wat die Opposisie doen nie, dog wel

---

79. Ibid., 25 Aug. 1911, hoofartikel.
80. Ibid., 22 Sept. 1911, berig. Sien ook ibid., 20,28 en 29 Sept., 5,6, 11 en 16 Okt. 1911, berigte, 18 Okt. 1911, hoofartikel.
81. Prellerversameling, Band 92, p. 708, toespraak deur genl. Botha. Sien ook The Natal Mercury, 26 Sept. 1911, berig.

deur die belange van sy "backvelders". Dit het hom voorgekom asof die Opposisie met die praatjies van steun aan hom, agterdog onder sy mense wou saai. Sekere koerante het hy gesê, het die onsin verkondig dat as hy nie met sy eie party baklei nie, hy nie die sterk man was waarvoor hulle hom aangesien het nie. Dit was tog kinderagtig, want as hulle hom werklik wou steun, sou hulle nie teen hom organiseer nie, maar hulle by sy organisasie aansluit.[82]

Hierdie toespraak van Botha was die begin van 'n wegbeweeg tussen hom en die Unioniste. Dit was veral die Natalse Unioniste wat deur die Losbergtoespraak omgekrap is. Hulle kommentaar daarop was dat Botha hulle verraai het. Hulle het nog altyd geglo en gehoop dat hy die ekstremiste in sy party sou vasvat, maar hy het in sy toespraak duidelik te kenne gegee dat hy hom deur die reaksionêre op sleeptou laat neem het. Daarom, is verklaar, het die tyd aangebreek dat die Unionisteparty hom slaggereed moes maak vir die volgende verkiesing.[83]

Sedertdien, en namate Jameson se kalmerende invloed begin vervaag het, het die Unioniste aggressiewer teenoor Botha begin optree. Dit het reeds met die eerste jaarvergadering van die hoofraad (General Council) van die Unioniste-party van Natal merkbaar geword. Hierdie provinsiale konferensie, wat op 16 Oktober 1911 in die soepeekamer van die Pietermaritzburgse stadsaal gehou is en wat deur afgevaardigdes uit alle Natalse kiesafdelings behalwe Dundee bygewoon is, was 'n bewys van die welslae waarmee in die voorafgaande maande georganiseer is. Die openheid waarmee die werksaamhede uitgevoer is, is gesien as in skerp teenstelling met wat beskou is as die bedekte wyse waarop Leuchars en andere juis toe getrag het om die steun van Natallers vir genl. Botha se beoogde Suid-Afrikaanse Party te verkry. Die Mercury het gesê die onbedekte optrede van die Unioniste "constitutes a striking difference between the methods of the Nationalists and the Unionists, and is a method that is much more in conformity with British ideals than the secretive tactics of which the Nationalist leaders are so fond".[84] Dit was kort na hierdie vergadering dat die blad die naamsverandering vir die party voorgestel het waarna vroeër verwys is.

Op hierdie vergadering was daar blyke van 'n nog sluimerende begeerte om politiek handgemeen met die Botharegering te raak. Daar was ook besondere geesdrif, iets waaraan daar in Natal 'n groot behoefte was, soos die pas verkose Natalse president, C.P. Robinson, verklaar het. Hy het sy eie verkiesing gesien as 'n

---

82. Ibid.
83. The Natal Mercury, 28 Sept. 1911, toespraak deur Walter Greenacre; ibid., 29 Sept. 1911, hoofartikel.
84. Ibid., 16 Okt. 1911, hoofartikel.

beloning vir sy pogings "to preach the gospel of progression and constitutional government in South Africa".[85]

Die aanwesiges was die volgende: sen. F.O.F. Churchill, Volksraadslede C.P. Robinson, C. Henwood, H.M. Meyler; Provinsiale Raadslede J.G. Hunter, Lewis Byron, Frank Greaves, Geo. H. Hulett en kol. F.W.A. Sangmeister; afgevaardigdes van afdelingsverenigings, R. Tomlinson en Nelson Palmer (Pietermaritzburg-Noord), H. Ryle Shaw en D. Paton (Pietermaritzburg-Suid), O.J. Askew en Wallis Short (Durban-Sentraal), R.H. Miller en kapt. W.B. Dickie (Durban-Punt), Walter Greenacre en G.E. Hands (Durban-Berea), Flemming Johnstone en H. Fellows-Smith (Durban-Greyville), G.A. Champion en dr. J.M. Ross (Durban-Umbilo), Alfred Henderson, CMG, en Gordon Wynne (Weenen), M. Welch en E.C. West (Vryheid), J. Kendall en dr. W.A. Peverley (Malvern), J. Reynolds-Tait (Ginginhlovu), Frank Greaves, LPR, en E.J. Edmonds (Newcastle), Sy Ed. T. Hassall en M. Kantrovich (Utrecht), G.W. Willis en P.B. Carter (Kliprivier), E.H. Langston en C.F. Clarkson (Victoria-graafskap). Sir David Hunter, LV, J.P. White en J.W. Moor het verskoning vir afwesigheid aangebied. As onderpresidente is verkies Alfred Henderson, Walter Greenacre en E. Tomlinson, met Meyler as sekretaris en Reynolds-Tait ondersekretaris.[86]

Die veggees wat op hierdie vergadering nog sluimerend was, het duidelik na die oppervlak gekom op die tweede jaarlikse uniale konferensie van die party wat op 19 - 20 November 1911 in Durban gehou is. Sir Thomas Smartt het in die afwesigheid van Jameson voorgesit en die stryd met Botha aangebind wat toe sy eie party aan't stig was. Bykans 200 afgevaardigdes uit alle dele van die land het opgedaag, asook drie vroue, t.w. lady Fitzpatrick en mevv. Scandrett en Nelson wat as verteenwoordigers van die Unionist Women's Association uitgenooi is.[87]

In sy verwelkoming van Smartt het die voorsitter, C.P. Robinson, gesê dat dr. Jameson se ridderlikheid teenoor Botha se onbetroubaarheid vinnig besig was om die Natalse kiesers in die Unionistekamp te jaag; daarom het die tyd aangebreek dat die Unioniste militanter optree. Met hierdie uitspraak het daar so 'n gejuig losgebars dat Robinson minute lank nie kon voortgaan nie. Dit was, in die woorde van 'n koerantman, 'n uiting van "disgust and defiance" -- tot die adres van die

---

85. Ibid., 17 Okt. 1911, berig.
86. Ibid.
87. Ibid., 21 Nov. 1911, berig; P.F. van der Schyff, Die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1910 - 1921, p. 91.

Botharegering gerig.[88]

'n Aggressiewer toon as ooit tevore het die kongres van die wegspring af gekenmerk en is in die loop daarvan geopenbaar deur die aanvaarding van 'n resolusie dat die tyd aangebreek het om die Regering aktief te opponeer.[89]

Na afloop van die kongres het 'n groot vrouevergadering byna eenparig besluit om 'n tak van die Women's Unionist Association, 'n beweging wat nog net in Transvaal bestaan het en 'n ledetal van 2 600 verteenwoordig het, in Natal te stig en is die hoop uitgespreek dat dit deur soortgelyke takke elders in die land gevolg sou word. Lady Fitzpatrick, presidente van die Transvaalse liggaam, was een van die spreeksters. Die dag na hierdie byeenkoms het sir Thomas Smartt 'n vergadering in die Durbanse stadsaal toegespreek wat, ondanks gure weer, deur 'n skare van 2 000 bygewoon is.[90]

Die Unioniste het 'n nuwe rigting ingeslaan, maar nog nie klinkklaar geweet waarheen en hoe nie. Daarom het die Natal Advertiser gemaan dat die momentele geesdrif nie die diepere gebreke moes verberg nie. Hy het Smartt se toespraak gekritiseer en gesê dat die saak van die Suid-Afrikaanse politiek nie afdoende gestel kon word deur 'n aanval te doen op die Regering se taalbeleid en sentralisasie, 'n versoek om hervorming in die stelsel van die registrasie van kiesers en die behoud van sekere eenhede in die verdedigingstelsel nie. Wat noodsaaklik was, was dat die Regering aangeval moes word oor sy minagting van die Uniewet, sy handhawing van Suid-Afrika as "little South Africa", sy afstuur op nasionale bankrotskap en sy verbod op immigrasie. Dit is waarom hy as opskrif vir sy hoofartikel gekies het: "Still Wanted -- A Policy!"[91]

Soortgelyke kritiek is gelewer deur Thomas Watt, wat die Unioniste se kongres in Durban as 'n "glorified debating society" bestempel het,[92] terwyl De Afrikaner die mening toegedaan was dat die Unioniste se Durbanse "orderonsie" geen invloed op die politieke lotgevalle van die land sou uitoefen nie. Sedert Rhodes se afsterwe, het die blad verklaar, was daar slegs een ding wat van die eens magtige Progressiewe Party gesê kon word, naamlik "dat de dood in de pot" was; maar wie verwag dan ook sappige vrugte van "een distelbos, waaraan de ezels zich

---

88. Prellerversameling, Band 102, pp. 125 - 126, knipsel uit The Transvaal Leader, 21 Nov. 1911.
89. Van der Schyff, Die Unioniste Party ..., p. 91.
90. The Natal Mercury, 21 en 22 Nov. 1911, berigte.
91. The Natal Advertiser, 22 Nov. 1911, hoofartikel.
92. The Natal Mercury, 4 Des. 1911, berig van T. Watt se toespraak.

vergasten".[93]

Hierdie kritiek was oordrewe, en boonop moet daar erken word dat die Unioniste=party in Natal deurgaans 'n eendragtigheid en organisatoriese afgerondheid ge=openbaar het wat skerp afsteek teen die verskeurdheid vanweë binnegevegte en ander twiste in die geledere van die ander partye, met uitsluiting van die Arbeiders. Dat die Unionisteparty nie wyer steun in Natal gekry het nie, moet aan die inherente gebreke van sy politieke program en die beleidloosheid van sy hoofleiding toe=geskryf word -- nie aan die geesdrif en organisasievermoë van sy Natalse volgelinge nie. Daar is nie 'n vergelyking te tref tussen die gladheid en deeglikheid van hul pas afgelope organisasieveldtog en die gelyktydige pogings van die Natalse Bothamanne om hul sake in orde te kry nie. Dan moet daar egter in ag geneem word dat laasgenoemdes deur 'n oorwegend vyandig gesinde pers en openbare mening haas onoorkomelike struikelblokke in die weg gelê is.

5. Stigting van die Suid-Afrikaanse Party

Natallers het 'n noemenswaardige rol gespeel in die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Party in November 1911 nadat die inisiatief vir die stigting van so 'n party eind 1909 van genl. Botha uitgegaan het.[94] Op 29 Desember van daardie jaar het hy per brief aan Merriman 'n amalgamasie van die bestaande politieke partye bepleit, t.w. die Suid-Afrikaanse Party en Afrikanerbond van die Kaap, die Orangia-Unie van die Vrystaat en Het Volk van Transvaal. Hy het voorgestel dat hulle in 'n nuwe Suid-Afrikaanse party saamgesnoer moes word op grond van 'n program van beginsels wat vir die gematigdes van die Opposisiepartye aanvaarbaar sou wees. As leidraad vir Merriman het hy 'n ontwerpmanifes op Engels aangeheg waarin die naam van die beoogde party as die South African United Party aangegee is.[95] Op dieselfde datum het hy 'n soortgelyke betoog tot F.S. Malan van die Kaap gerig en op Nuwejaarsdag 'n besoek aan president Steyn afgelê. Drie dae later het sy sekretaris, W.E. Bok, 'n brief met 'n Hollandse afskrif van die ontwerp=manifes vir die beoogde "Zuid Afrikaansche Nationale Party" aan Abraham Fischer

---

93. De Afrikaner, 23 Nov. 1911, hoofartikel.
94. D.S. Jacobs sê dit "staan buite alle twyfel" dat die gedagte vir die stigting van so 'n omvattende party by pres. Steyn ontstaan het, dog die enigste bewys wat hy aanhaal, oortuig nie van die geldigheid van sy stelling nie -- sien D.S. Jacobs, Abraham Fischer in sy Tydperk, 1950 - 1913, (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1965, II, p. 383).
95. Lewsen, Selections from the Correspondence ..., VRS. 50, p. 158, voetnoot 31. Sien ook Marais, Politieke Briewe 1909 - 1910, I, pp. 52 - 55.

van die Vrystaat gerig.[96]

Die verskil in die Engelse en Hollandse naam van die beoogde party kan daaraan toegeskryf word dat Botha self nog nie sekerheid gehad het nie, vandaar ook sekere verskille in die aanloop tot die ontwerpmanifes wat aan Merriman en Fischer voorgelê is. Die naam teenoor Merriman gestel, is nie elders teëgekom nie, terwyl dié wat teenoor Fischer genoem is, daarna herhaaldelik gebruik is.

Die voelers wat Botha uitgestoot het, het uitgerekte onderhandelinge en beraadslaginge tot gevolg gehad wat nie hier ter sake is nie. Wat van belang is, is dat F.S. Malan in sy antwoord van 4 Januarie 1910 aan die hand gedoen het dat Natal ook in enige onderhandelinge oor 'n moontlike amalgamasie van politieke partye of die sluit van 'n werkende ooreenkoms geken moes word.[97] Dat hy dit nie mis gehad het oor die belang van die Natallers nie, blyk uit korrespondensie wat Thomas Hyslop van Natal kort daarna met pres. Steyn en genl. Smuts gevoer het. Daarin het hy hom namens vooraanstaande Natalse politici ten gunste van Botha se beoogde vorming van 'n party van gematigdes uit albei taalgroepe uitgespreek, want hulle het geglo dat rassehaat daardeur geweer sou word.[98]

Ook die Natalse Afrikaners is geken in die saak, want, soos reeds gesien, het die beoogde amalgamasie van bestaande politieke partye op die jaarvergadering van Het Kongres op 18 - 19 Mei 1910 op Vryheid ter sprake gekom en is die bestuur opdrag gegee om, indien 'n uitnodiging ontvang sou word, afgevaardigdes na so 'n amalgamasiekonferensie te stuur.[99]

Die onderhandelinge het, veral weens teenkanting uit die Kaap, veel langer gesloer as wat genl. Botha voorsien het. Hy wou graag sy politieke party voor die eerste algemene verkiesing op die been hê om sy hand te sterk, maar hierin het hy nie geslaag nie. Al wat hy kon vermag, was om die Transvaalse Het Volk op dié se kongres van Maart 1910 te oorreed om hom op die grondslag van sy beoogde party te reorganiseer. Die reorganisasie is egter slegs gedeeltelik deurgevoer. Benewens die opslurping van The Transvaal National Association het slegs sekere ou takke van Het Volk en enkele nuwes onder die nuwe naam Suid-Afrikaanse Nasionale Party die lig gesien. Origens is Het Volk ongeskonde gehou en sou dit eers in

---

96. Marais, Die Politieke Uitwerking ..., pp. 91 - 92; Fischerversameling, 59/7/5, W.E. Bok -- A. Fischer, 3 Jan. 1910.
97. Marais, Die Politieke Uitwerking ..., p. 93.
98. Steynversameling, 156/1/5, T. Hyslop -- pres. Steyn, 14 en 23 Feb. 1910; Smuts Papers, Private 188, Vol. 8/H53, T. Hyslop -- genl. Smuts, 24 Feb. en 15 Maart 1910.
99. Sien Hoofstuk 2, besonderhede wat op voetnoot 12 slaan. Dit was op hierdie byeenkoms dat die naam van Het Kongres na De Natal Volksvereniging verander is.

November 1911 ontbind.[100]

Botha het dus met sy eie Transvaalse party slegs beperkte sukses gehad.[101] In die Kaap het Merriman en Malan teëgekap en in die Vrystaat was pres. Steyn nie oorgeesdriftig nie, maar het Fischer wel Botha se plan gunstig ontvang.[102]

Van al die politieke partye buite Transvaal was die Natalse Volksvereniging die enigste wat dadelik 'n gunstige reaksie ten opsigte van die beoogde amalgamasie geopenbaar het. Watter aandeel die Natallers in hierdie vroeë stadium in die uitstryk van die politieke program van die beoogde partye gehad het, is nie bekend nie. Botha se manifes, soos dit in konsepvorm aan die Kaapse en Vrystaatse leiers voorgelê en in sy finale vorm op 2 Junie 1910 bekend gemaak is,[103] het van mekaar verskil. In sy finale vorm het dit nie meer net Botha se gedagtes vertolk nie, maar was dit die gesamentlike produk van die Afrikanerleiers[104] wat gehelp het om die oorspronklike produk te wysig en reg te skaaf. Of die Natallers hieraan deelgeneem het en of die ontwerpmanifes vir kommentaar aan hulle voorgelê is, staan nêrens opgeteken nie. Selfs E.G. Jansen, sekretaris van die Natalse Volks= vereniging, is maar vaag hieroor.[105]

Indien hulle in die beginstadium nie ten volle op die hoogte was nie, geld dit nie ten opsigte van die latere onderhandelings nie. Jansen en M.W. Myburgh was naamlik die enigste Natallers wat 31 Maart en 1 April 1911 saam met ander leiers uit die ander provinsies 'n vergadering in Kaapstad bygewoon het waar hulle deel= geneem het aan die opstel van wat toe nog genoem is die "Zuid Afrikaanse Nationale Party".[106]

Op hierdie konferensie het F.S. Malan en genl. J.C. Smuts elk 'n konsepgrondwet voorgelê. Toe dit in 'n stadium begin lyk het asof albei konsepte in ope debat bespreek sou word, het Myburgh ingegryp en is daar op sy voorstel besluit om 'n kommissie te benoem wat die twee konsepte moes verwerk en in een vorm saamvat.

---

100. N.G. Garson, "'Het Volk': The Botha-Smuts Party in the Transvaal, 1904 - 11", The Historical Journal, IX, I (1966), p. 118. Volgens die anonieme stuk Agt Jaar s'n Politiek. Skoon Geskiedenis van die Suidafr. Nasionale Partij 1902 - 1910, p. 69, is Het Volk voor die verkiesing van 15 Sept. 1910 gereorganiseer onder die nuwe naam "Suidafrikaanse Nasionale Partij". Dit moet 'n mistasting wees.
101. Marais se stelling in sy Die Politieke Uitwerking ..., pp. 100 - 101, dat Botha sukses behaal het, oortuig nie.
102. Ibid., pp. 93 - 98.
103. D.W. Krüger, South African Parties and Policies 1910 - 1960, pp. 48 - 50.
104. Marais, Die Politieke Uitwerking ..., p. 102.
105. E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906 - 1911, p. 19.
106. Ibid., p. 27.

Daarna het die konferensie tot die volgende dag verdaag. Jansen was lid van hierdie kommissie saam met genls. J.C. Smuts en C.F. Beyers, F.S. Malan en I.W.B. de Villiers. Die konsep wat hulle die volgende Saterdagoggend, 1 April, voorgelê het, is na bespreking en wysiging aanvaar en later in o.a. De Afrikaner gepubliseer, terwyl die redakteur van die Vryheid Herald 'n afskrif daarvan ter insae gereed gehou het.[107]

In watter mate Natal se Engelse 'n insae in Botha se ontwerpmanifes gehad het, indien wel, is ook nie bekend nie. Dit is wel moontlik dat hy dit aan individuele Engelse gepos en om kommentaar gevra het, want dit is wat hy by 'n latere geleentheid gedoen het en hy was dwarsdeur sy termyn as Premier gevoelig vir die houding van Natal se gematigde Engelse oor politieke sake. Indien geen Natalse Engelsman die ontwerpmanifes onder oë gekry het nie, het die beoogde amalgamasie wel deur middel van die pers bekend geword, wat vernietigende kommentaar daarop gelewer het. Die gedagte dat die Engelse hul steun moes toesê aan die samesmelting van "the Three Bonds", wat slegs as 'n voortsetting van die ou rasseverdeling gesien is, is as verderflik beskou. Daar is deur hulle besef dat amalgamasie ook die Natalse Volksvereniging sou raak, en die vraag is dadelik geopper of die Natalse Onafhanklike vleuel van die Regeringsparty ook opgeslurp sou word.[108]

Aan Natalse Afrikanerkant is die beoogde amalgamasie as 'n olyftak van vrede gesien om die Volksvereniging en die ontevredenes wat hulle van hom afgeskei het, te versoen en so skouer aan skouer te werk om die erfdeel van die vadere ook vir die nakomelingskap te bewaar, want is verklaar: "Temidden van onze Engelse of verengelste omgeving gaan wij, Afrikaners in Natal, te gronde als we geen sterke algemene organisatie naast en over ons hebben om verdrukking door de meerderheid voor te keren."[109]

Die beoogde nuwe party is dus gesien as uitredding vir die klein minderheid Afrikaners in Natal, en die opskrif van die hoofartikel van De Afrikaner waaruit bogenoemde aanhaling gehaal is, was "Geen Blindheid Maar Selfbehoud". Vandaar ook die gretigheid van die Natalse Afrikaners om genl. Botha se plan, vir wie dit om konsiliasie gegaan het, deurgevoer te sien.

---

107. Ibid., pp. 49 - 51, afskrif van notule van konferensie waarin De Villiers se voorletters verkeerdelik as J.W.B. pleks van I.W.B. verstrek word; De Afrikaner, 8 Mei 1911, hoofartikel; The Vryheid Herald, 9 Junie 1911, hoofartikel.
108. The Natal Witness, 9 Maart 1910, hoofartikel; The Natal Mercury, 1 Mei 1911, berig deur parlementêre verteenwoordiger.
109. De Afrikaner, 25 Mei 1911, hoofartikel, sy kursief. Sien ook ibid., 8 Mei 1911, hoofartikel; The Vryheid Herald, 9 Junie 1911, hoofartikel.

Die konsepgrondwet wat Jansen in Kaapstad help opstel het, is op 23 Junie 1911 op die sesde en laaste jaarlikse sitting van De Natal Volksvereniging bespreek. Jansen het vooraf 'n beroep op die Afrikaners gedoen om, veral in die lig van die Unioniste se geslaagde veldtog in Natal, hul geledere te sluit ten einde te verhinder dat die noodlotsdag aanbreek dat Suid-Afrika deur die mynmagnate regeer word. Hy het 'n beroep op hulle gedoen om, met die oog op die latere stigtings-kongres in Bloemfontein, takke van "de Nationale Partij" dwarsdeur Natal te stig, ook op plekke soos Ladysmith, Weenen, Bergville en Greytown, waar die Afrikaners politiek nog nie aan't beweeg gekom het nie.[110]

Die vergadering van die Volksvereniging is in die munisipale raadsaal op Newcastle gehou en is deur afgevaardigdes van 'n twintigtal verenigings bygewoon, met genl. Hertzog, Thomas Watt en J.P. Jooste, sekretaris van Het Volk, as hoë woordvoerders. Die twee Volksraadslede H.J. Bosman en M.W. Myburgh was ook teenwoordig. Die aanwesiges was, hoofbestuurslede: J.J. Uys, pres., E.G. Jansen, sekr., M.W. Myburgh, A. von Levetzow, J.C. Adendorff en A.T. Spies; afgevaardigdes: P. Breytenbach en A. Reders (Utrecht, Wyk II), C.H.C. Niebuhr en A. Schutte (Luneburg), J.P. Zietsman (Swart Mfolozi), Paul Rheeder (Nondweni), A. Jansen, sr., P.H. Nel en A. Jansen, jr. (Biggarsberg-Helpmekaar), J.C. Adendorff en J.H.T. Meyer (Newcastle), J.C. Rudolph en J.D. Dafel (Schurweberg), N.J. Els en G.C. Viljoen (Paulpietersburg), M.J. Gregory en L.P. de Jager (Doornberg-Utrecht), J.W. Fourie, P.J. Kemp en Louis Uys (Slangrivier), D.J. Opperman en J.J. Dafel (Dannhauser), R. Levisohn en B.C. Meyer (Penvaan), H. Steenkamp (Knoopaan), L.P. de Jager en P.J. Meyer (Babanango), M.J. van Rooyen en A. Alleson (Mkuze), G.C. Boshoff en J.G. Roos (Bloedrivier), J. Fourie en J. Lootz (Normandien), Jan Behr (Wit Mfolozi).[111]

Weens 'n treinvertraging het verskeie afgevaardigdes te laat opgedaag om genl. Hertzog se toespraak aan te hoor, maar hy het ingewillig om dit te herhaal. Hy het verwys na genl. Botha se beoogde Party, waarin ook die Engelse 'n tuiste kon vind, en gesê: "Ek zie uit naar de tijd waarin de twee rassen door met elkaar te trouwen en andere gemeenschap feitelik tot een nationaliteit zullen worden."[112] Die eenheid sou egter nie verkry word sonder volkome gelykstelling van die twee taalgroepe nie, veral ten opsigte van hul taal, want handhawing van die eie taal is 'n voorvereiste vir die behoud van selfrespek. Hy sou liewer wou veg indien samewerking met die Engelsman met vernedering vir die Afrikaner gepaard gaan

---

110. Jansen, Die Natalse Boerekongres ..., p. 27; De Afrikaner, 8 Junie 1911, brief deur E.G. Jansen.
111. De Afrikaner, 26 Junie 1911, spesiale verslag.
112. P285, item 6424, Nationale Leiders over Nationale Kwesties, p. 7, sy kursief. Sien ook The Natal Mercury, 24 Junie 1911, berig.

-- 'n stelling wat heelhartig deur die Kongresgangers en De Afrikaner onderskryf is.[113]

Nadat Thomas Watt in 'n kort woord die voorgenome stigting van 'n uniale party verwelkom en die versekering gegee het dat die meeste Natalse Engelse nie die leiding van die mynbase wou volg nie, is tot die formele werksaamhede oorgegaan. Die hoofdoel van die byeenkoms was om die beoogde samesmelting van politieke partye te oorweeg, en hieroor het Jooste hulle ingelig deur die ontwerpgrondwet te verduidelik. In die daaropvolgende bespreking is aansluiting by die te stigte "Nationale Party" telkens bepleit. Uiteindelik is die volgende voorstel eenparig en staande aanvaar: "Deze vergadering keurt het beginsel van een party onder de naam van de Zuid Afrikaanse Nationale Party als neergelegd in de Konsept Konstitusie goed en besluit om een deel van de Zuid Afrikaanse Nationale Party te worden, en besluit verder de Konsept Konstitusie niet nu artikelsgewyze te behandelen maar die te verwyzen naar het Centraal Komitee die gemachtigd wordt om afgevaardigden naar het Centraalkongres te worden opgeroepen door Genl. Botha, te kiezen om deze vereniging daar te vertegenwoordigen."[114]

Hierdie besluit weerspieël 'n onvoorwaardelike bereidwilligheid om met die te stigte uniale party saam te smelt, en so is daar later daarop gewys.[115] So het die laaste sitting van die Volksvereniging ten einde geloop en vir De Afrikaner was dit 'n strelende gedagte dat "de jongste der Zustersorganisaties het schone voorbeeld gegeven heeft" om met sulke treffende eenstemmigheid ten gunste van aansluiting by Botha se beoogde party te besluit. Hy het, na die dwarstrekkery van kort tevore, die eensgesindheid van die Noord-Natallers geloof, maar dit ook in groot mate toegeskryf aan die invloed van genl. Hertzog.[116]

Op dieselfde dag waarop die bogemelde in druk verskyn het, skryf genl. Botha uit Londen aan genl. Smuts om solank die lys te begin opstel van die vooraanstaande leiers van die Afrikanerbond, Orangia-Unie, Het Volk, Regeringsparty, Kaapse liberale groep en Natalse Volksvereniging wat na die stigtingskonferensie uitgenooi behoort te word. Natal moet ook uitgenooi word, skryf hy, "maar de moeilykheid die i k zie is om de menschen uit te nodigen die niet tot een party behoort, en het is die lyst

---

113. Jansen, Die Natalse Boerekongres ..., pp. 28 - 29; De Afrikaner, 26 Junie 1911, spesiale verslag.
114. Jansen, Die Natalse Boerekongres ..., pp. 29 - 30. Sien ook De Afrikaner, 12 Okt. 1911, brief deur Jan C.I. Rudolph. Met E.G. Jansen se antwoord onderaan, waarin die bewoording van die besluit effens verskil van dié van e.g., hoewel die betekenis dieselfde bly.
115. Hertzogversameling, Band 13, A. von Levetzow -- genl. Hertzog, 23 Des. 1912.
116. De Afrikaner, 26 Junie 1911, hoofartikel.

die ik hebben wil jullie moet nu reeds optrek ..."[117] 'n Week later skryf hy uit Duitsland, waar hy dr. C. Dapper se sanatorium by Bad Kissingen besoek het, dat "de Kwestie van Natal zyn Engelse" wat uitgenooi moet word, hom steeds kwel en raai hy aan dat die saak met Leuchars en Gubbins bespreek word.[118]

Hy was nie verniet bekommerd nie, want die Engelse pers het sy pogings om steun uit Natal te kry, in die wiele probeer ry en hy is voorgestel as "a weak-kneed opportunist, who is at the beck and call of the most extreme members of his party".[119] Leuchars, wat as gesant onder die Engelse opgetree het, het 'n vergadering belê om sowat 50 verteenwoordigers uit Natal vir Botha se partystigting aan te wys, en dié byeenkoms is dadelik met 'n etiket "The Nationalist Secret Meeting" behang.[120] Die vergadering wat op Saterdagoggend, 7 Oktober, in die Provinsiale Raadsgebou in Pietermaritzburg gehou is, is deur 'n Randse koerant as 'n geknoei voorgestel waarin Leuchars nie eens geskroom het om 'n Regeringsgebou vir politieke oogmerke te gebruik nie.[121] Daar is gerieflikheidshalf vergeet dat die stigtingsvergadering van die Natalparty in dieselfde gebou gehou is, maar toe, 26 Mei 1910, was dit nog die tuiste van Natal se Wetgewende Vergadering.

Dieselfde koerant het verklaar dat Natal hom nie om die bos sou laat lei nie, want niks sou onnatuurliker wees as 'n verbond tussen die Natallers en die "Nasionalistiese" elemente van die Vrystaat nie. Botha se uitnodiging aan die Natallers is verwerp as "nothing more than the invitation which the spider in the poem extended to the fly, to walk into his little parlour".[122] Hulle is gewaarsku om hulle te weerhou van wat bestempel is as Botha se vanselfsprekende en openlike bedrogspul wat slegs ergernis en irritasie vir elke Nataller kon inhou.[123] Slegs De Afrikaner en die Times of Natal het gunstige kommentaar bevat, maar hul gesamentlike stem het deurgaans maar floutjies teen die anti-Regeringskoor opge= klink.

Leuchars se "geheime vergadering" is deur verteenwoordigers van albei taalgroepe bygewoon, ook van die Volksvereniging. Onder die aanwesiges was daar Senatore Winter en Hitchins, Volksraadslede Bosman, Myburgh, Watt, Wiltshire, Griffin, Silburn en Fawcus, terwyl Maydon en sir O'Grady Gubbins weens siekte afwesig was.

---

117. Smuts Papers, Private 189, Vol. 9/B5, Louis (Botha) -- Jannie (Smuts), 26 Junie 1911.
118. Ibid., Vol. 9/B6, Louis (Botha) -- Jannie (Smuts), 4 Julie 1911.
119. The Natal Witness, 4 Okt. 1911, hoofartikel.
120. The Natal Mercury, 9 Okt. 1911, hoofartikel.
121. The Transvaal Leader, soos aangehaal deur The Natal Mercury, 14 Okt. 1911.
122. Ibid.
123. The Natal Advertiser, 25 Okt. 1911, hoofartikel.

Die doel was om, by gebrek aan 'n behoorlike party-organisasie, te besluit op watter wyse verteenwoordigers uit Natal aangewys kon word.[124] Dit was 'n probleem wat genl. Botha voorsien het, en al uitweg was dat die name van sekere mense vir uitnodiging aan hom voorgelê moes word.[125] Daar is egter dadelik aan anti-Regeringskant verklaar dat die spesiaal uitgenooides nie as Natal se verteenwoordigers beskou kon word nie,[126] en daarmee is daar weer uit die oog verloor dat die Natalparty ook deur uitgenooides na 'n konferensie gestig is en dié is indertyd deur o.a. die Witness as verteenwoordigend van Natal beskou.[127]

Dit was in hierdie stadium dat minstens een Natalse Engelsman, G.J. Macfarlane, 'n ontwerpgrondwet en manifes vir die te stigte party van genl. Botha ontvang het. Macfarlane, voorsitter van die Provinsiale Raad, is deur genl. Botha om kommentaar daarop gevra, en hy het in 'n brief van 23 Oktober 1911 aan die hand gedoen dat "National" uit die naam van die beoogde party weggelaat moes word. Ter verduideliking het hy bygevoeg: "I offer this suggestion for the reason that among a very large number of people the word 'National' is understood to represent the Dutchspeaking members of the community as distinct from the Englishspeaking section."[128]

Macfarlane het 'n geesgenoot gehad in sir William Beaumont wat juis in dié stadium deur middel van die pers 'n beroep op albei taalgroepe in Natal gedoen het om te verenig en Botha se hand te sterk in belang van almal,[129] maar ook hy was nie bereid om dit te probeer bereik binne 'n party met "National" in sy naam nie, soos nog sal blyk. Daar was ook andere in hierdie kring, en hulle sou nie rus voordat hulle hul sin gekry het nie.

In dié opsig het hulle saamgepraat met die Mercury vir wie die "Nasionale" deel van die naam rassehaat geïmpliseer het, want dit was syns insiens 'n arrogante veronderstelling aan die kant van die naamgewer dat diegene wat nie aan die party behoort nie, nie met nasionale ywer aangevuur was nie. Vir die blad het die naam al op die taalgrens af dwarsdeur die gemeenskap gesny.[130]

---

124. The Natal Mercury, 9 Okt. 1911, kommentaarberig; De Afrikaner, 9 Okt. 1911, hoofartikel.
125. The Natal Advertiser, 20 Okt. 1911, verslag van T. Watt se toespraak.
126. The Natal Mercury, 9 Okt. 1911, hoofartikel.
127. The Natal Witness, 25 Mei 1910, voorbladkommentaar.
128. Ibid., 7 Des. 1912, brief deur G.J. Macfarlane, met afskrif van sy brief van 23 Okt. 1911 aan genl. Botha.
129. The Natal Mercury, 16 Nov. 1911, brief deur W.H. Beaumont.
130. Ibid., 10 Nov. 1911, hoofartikel.

Dit is 'n beswaar wat vandag nog teen die Nasionale Party geopper word, en hoewel dit tegnies gebillik kan word, dui dit tog ook op 'n gevoelsverskil tussen Engelsman en Afrikaner oor nasionale politiek. Die hedendaagse verskil is histories te verklaar deur dit na hierdie vormingsjare terug te voer. Die nasionale ontwaking wat die Afrikaner deurgemaak het, het die Engelsman, verknog aan sy "Mother Country", teen die bors gestuit; die einste Afrikanernasionalisme sou die Engelsman politiek onderploeg en die Afrikaner tot 'n magsposisie verhef. Dit is dus vanselfsprekend dat wat die een aantreklik in die woord "nasionaal" vind, vir die ander afstootlik is. So was dit vir hulle reeds in 1911 omdat dit vir hulle om botsende belange gegaan het. Pres. Steyn was onder diegene wat dit reeds met die stigting van die Suid-Afrikaanse Party raakgesien het. Daarom het hy later verklaar: "Ik heb nooit van die Natalsche aanhangsel gehouden en ik wist dat wy er eenmaal duur voor zouden moeten betalen ..."[131]

Die Natalse Afrikaners is afsonderlik deur middel van hul Volksvereniging genader om afgevaardigdes en ander goedgesindes aan te wys waaruit genl. Botha persone kon uitnooi om "het hollansch sprekend gedeelte van de bevolking van de Provincie Natal" op die Bloemfonteinse kongres te verteenwoordig.[132] Daar is geen beperking aan hulle gestel nie, bloot dat genl. Botha "een goede klomp" in gedagte gehad het.[133]

Omdat Natal nie, soos die ander provinsies, distriksbesture van die Volksvereniging gehad het om afgevaardigdes te kies nie, moes die probleem omseil word. Daarom is daar reeds in die besluit wat die Volksvereniging op sy sitting van 23 Junie ten gunste van aansluiting geneem het, voorsiening gemaak dat die "Centraal Komitee" van die Volksvereniging afgevaardigdes sou aanwys. Om die saak verder te vereenvoudig, het die "Centraal Komitee" die nege lede waaruit hy bestaan het as afgevaardigdes aangewys, plus 'n lys van 18 ander persone.[134] Al 27 hierdie Afrikaners het later 'n uitnodiging ontvang, asook 'n aantal ander.

Ten spyte van sterk teenkanting het genl. Botha nie alleen "een goede klomp" Afrikaners uit Natal op sy kongres gekry nie, maar ook byna twee keer soveel Engelse -- 30 Afrikaners teenoor 52 Engelse. In vergelyking met sy geringe Blanke

---

131. Fischerversameling, 59/7/6, M.T. Steyn -- (A. Fischer), 20 Des. 1912.
132. Jansen, Die Natalse Boerekongres ..., p. 34.
133. Ibid., p. 31, brief J.P. Jooste -- E.G. Jansen, 29 Julie 1911.
134. Ibid., pp. 31 - 33, briewe deur E.G. Jansen aan lede van die Sentrale Komitee, ongedateer, en J.P. Jooste, 18 Sept. 1911.

bevolking van 7,7% van die totale Uniebevolking, was Natal dus sterk verteenwoordig en het sy kontingent van 82 sowat 14,7% van die 557 kongresgangers uit al vier provinsies uitgemaak. Onder die Natallers was daar een Kabinetslid, sir George Leuchars, ses Senatore en nege Volksraadslede. Sir Charles O'Grady Gubbins is weens siekte verhinder om die kongres by te woon.[135]

Die kongres, wat aanvanklik vir 7 November beleê is, is tot 21 November uitgestel omdat die kongresgangers die goekoper vakansiespoortarief wou benut wat na 17 November in werking getree het.[136] Die gewigtige beraadslagings is in die Ramblers=saal in Bloemfontein gehou waar dit op 22 November ten einde geloop het nadat die Suid-Afrikaanse Party sy beslag gekry het.

Wat 'n mens opval, is die voorkeurbehandeling wat Natal se Engelse bo hul Afrikaans=sprekende provinsiegenote geniet het. Nie slegs was die Engelse sterker verteen=woordig nie, maar het Leuchars, Beaumont en Watt saam met genl. Botha, pres. Steyn en ander leiersfigure heel aan die begin ereplekke op die verhoog beklee. In die loop van die beraadslaginge het al drie hierdie Engelse 'n spreekbeurt gekry en is hulle, asook sir Frederick Moor, in die Hoofkomitee van die pas gestigde party betrek, maar hieroor later meer.

In sy openingstoespraak, waarin hy 'n beroep om samewerking op die taalgroepe gedoen het, het Botha reeds laat blyk dat hy maar te geneig was om die Engelse hul sin te gee. Dit was vervat in sy aankondiging dat die nuwe party "de Zuid Afrikaanse Partij" sou heet.[137] -- 'n naam wat op aandrang van die Engelse aanvaar is. Omdat daar 'n wanopvatting bestaan oor die doopnaam wat die party op hierdie stigtingskongres gekry het, word daar hier onder dieper op die saak ingegaan as wat andersins nodig sou gewees het.

Van die begin af het Botha, met die uitsondering van die naam die "South African United Party" wat hy in Desember 1909 in sy konsepmanifes aan Merriman gestel het, dit beoog om 'n party op die been te bring wat as die "Zuid Afrikaanse Nationale Party" bekend sou staan, 'n naam wat daarna ook as "Zuid Afrikaansche Nationale

---

135. P 287, item 6455, Notulen van het Nationale Kongres, 21 - 22 Nov. 1911, pp. 5 - 10, 21. D.S. Jacobs beweer verkeerdelik dat daar 657 afgevaardigdes uit die vier provinsies was en Marais dat daar tussen 600 - 700 was, met 70 uit Natal van wie 35 Engelssprekend was - sien Jacobs, Abraham Fischer in sy Tydperk, 1850 - 1913 (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1965, II, p. 383), Marais, Die Politieke Uitwerking ..., p. 120.
136. Jansen, Die Natalse Boerekongres ..., p. 34; De Afrikaner, 2 Okt. 1911, berig.
137. P 287, item 6455, Notulen van het Nationale Kongres, 21 - 22 Nov. 1911, p. 11.

Party" en "Zuid-Afrikaanse Nationale Partij", met kleinere variante, voorgekom het.

Die "Nationale" deel daarvan was vervat in genl. Botha se manifes soos dit in sy finale vorm gepubliseer is, asook in die konsepgrondwet wat op die konferensie van 31 Maart en 1 April 1911 in Kaapstad aanvaar is.[138] Dit was hierdie konsep=grondwet wat op die laaste sitting van die Natalse Volksvereniging op 23 Junie deur J.P. Jooste verduidelik en daarna bespreek is, en waarop G.J. Macfarlane op 23 Oktober kommentaar gelewer het. Dit was onder die naam "Zuid-Afrikaanse Nationale Partij" dat takke van Het Volk hulle in 1910 begin reorganiseer het, met die gevolg dat die Transvalers op 24 - 25 November 1911, direk na die Bloem=fonteinse kongres, hul eerste kongres onder die nuwe naam kon hou.[139]

Teen 21 - 22 November 1911 was "Nationale" as deel van die naam van die party reeds so ingeburger dat die notule van die Bloemfonteinse kongres, waar die "Zuid Afrikaanse Partij" gestig is, later gepubliseer is as "Notulen van het Nationale Kongres".

Wanneer en deur wie daar besluit is dat "Nationale" uit die naam weggelaat moes word, kan nie klinkklaar beantwoord word nie, maar dit is gewis voor die kongres deur die afgevaardigdes bespreek. Die Natallers het byvoorbeeld die dag voor die konferensie 'n vergadering gehou waar die voorgestelde naam grondig ter sprake gekom het, en sommige was van mening dat "Nationalist" al te danig "Dutch"was. Geen besluit is egter geneem nie en die byeenkoms is verdaag in afwagting op genl. Botha se openingsrede.[140] Nadat Botha sy rede gelewer het, was daar geen nodigheid meer vir die Natallers om oor die naam te beraadslaag nie, want Botha het toe reeds die kongresgangers meegedeel: "Wij hebben besloten de partij in het leven te worden geroepen te noemen de Zuid Afrikaanse Partij" ... en voorgestel dat "de Zuidafrikaanse Partij organisatie" gestig word met sy gepubliseerde manifes en die ontwerpgrondwet as grondslag.[141]

Dit kom voor, by gebrek aan getuienis, dat Botha en andere voor die kongres oor die naamsverandering ooreengekom het, vandaar dat daar nêrens in die Notulen ... van hierdie kongres na 'n mosie verwys word wat in dié verband aangeneem is nie.[142] "Nationale" is eenvoudig uit die naam weggelaat asof die saak reeds

---

138. Jansen, Die Natalse Boerekongres ..., pp. 51 - 67, Bylae B en C.
139. P 287, item 6454, Notulen 1ste Zuid-Afrik. Nationale Partij Kongres, 24 - 25 Nov. 1911.
140. De Afrikaner, 23 Nov. 1911, berig.
141. P 287, item 6455, Notulen van het Nationale Kongres, 21 - 22 Nov. 1911, p.11.
142. Die bewering deur J.D. Naudé, Generaal J.B.M. Hertzog en die ontstaan van die Nasionale Party 1913 - 1914, p. 66, dat so 'n mosie aangeneem is, is foutief.

beklink was en daar geen debat oor gevoer hoef te word nie, en daar is ook nie. In die toesprake ter steun aan Botha se voorstel is daar by herhaling na die "Zuid-Afrikaanse Partij" verwys en het H.L. Lindsay van Johannesburg duidelik verklaar dat " ... een der beste dingen die't Kongres heeft gedaan, is de verande= ring van naam in 'Zuidafrikaanse Partij'. Het woord 'Nationalist' is bij velen in't land steeds onpopulair geweest en vooral in Johannesburg."[143]

Direk na afloop van hierdie kongres het genl. Botha op die kongres van die Trans= vaalers se"Zuid-Afrikaanse Nationale Partij" op 24 - 25 November 1911 in Pretoria, met spesifieke verwysing na die naam van die pas gestigte uniale party, verklaar: "Te Bloemfontein heeft men besloten 't de 'Zuidafrikaanse Partij' te noemen, en er is geen beter naam te vinden."[144] Na aanleiding van sy uiteensetting het die Transvaalse kongres die besluite van die Bloemfonteinse kongres onderskryf, met inbegrip van "de aanname van de naam der 'Zuid Afrikaanse Partij'".[145] Kort daarna het Botha 'n omsendbrief gepubliseer waarin hy uitdruklik verklaar het dat "de Zuid Afrikaanse Partij" op 21 - 22 November 1911 in Bloemfontein gestig is en het hy die naam by herhaling in die brief gebruik.[146] Soortgelyke verklarings oor die partynaam is later deur sir William Beaumont, R.J. Harrison, P.R. Vermaak, A.I.J. Nel en A.T. Spies gemaak,[147] al vyf Natallers wat op die Bloemfonteinse kongres was.

By diegene wat die stigtingskongres bygewoon het, kon daar geen twyfel gewees het oor watter naam hulle aan die nuwe party gegee het nie. Dit was die "Zuid-Afrikaanse Party", wat in die Hollands-Afrikaans van destyds op 'n verskei= denheid wyses gespel is, soos in die Vrystaatse partystukke van ná die stigtings= konferensie waarin die woord "Nationale" heeltemal ontbreek.[148]

In die lig hiervan is A.H. Marais se stelling foutief. Hy voer aan dat dit die "Zuid-Afrikaansche Nationale Party" was wat op die Bloemfonteinse kongres gestig is,[149] en begaan daardeur dieselfde fout as andere voor hom.[150] Marais gee in

---

143. P 287, item 6455, Notulen van het Nationale Kongres, 21 - 22 Nov. 1911, p. 25.
144. P 287, item 6454, Notulen 1ste Zuid-Afrik. Nationale Partij Kongres, 24 - 25 Nov. 1911, p. 24.
145. Ibid., p. 25.
146. Jansen, Die Natalse Boerekongres ..., pp. 67 - 70, Bylae D.
147. The Zululand Times, 8 Des. 1911, onderhoud met sir William Beaumont, 15 Des. 1911, onderhoud met R.J. Harrison; De Afrikaner, 22 Junie 1915, P.R. Vermaak op stigtingsvergadering van Nas. Party, 6 Julie 1915, brief deur A.I.J. Nel, 27 Aug. 1915, A.T. Spies op stigtingsvergadering van Nas. Party.
148. Fischerversameling, 59/7/6, verskeie briewe en ander stukke.
149. Marais, Die Politieke Uitwerking ..., pp. 123 - 124.
150. P.H. Coetzee, Partypolitiek in Suid-Afrika sedert 1910, p. 29; Lewsen, Selections from the Correspondence ..., VRS 50, p. 216, voetnoot 29.

sy bespreking van die stigtingskonferensie geen aandag aan die naamkwessie nie, ten spyte van bogemelde getuienis daaromtrent uit die notule van daardie konferensie wat hy geraadpleeg het. Op enkele uitsonderinge na gebruik hy die naam "Suid-Afrikaanse Nasionale Party", wat hy afwisselend op die half-Hollandse wyse spel, 'n jaar lank na die stigtingskonferensie. Hy voer aan dat die "Nasionale" deel eers uit die naam verwyder is op die kongres wat op 20 November 1912 in Pretoria gehou is, en dat dit geskied het op aandrang van sir William Beaumont, Natal se provinsiale voorsitter van die party.[151]

As enigste twee bronne vir sy stelling gebruik Marais 'n ope brief deur ene "Koos Kieser" aan De Volkstem en 'n anonieme en ongedateerde stuk met die titel Hier het jy dit! 'n Beknopte opsomming van Party-Politiek in Suidafrika gedurende die laatste Kwarteeu en deur die hoofkantoor van die Suid-Afrikaanse Party uitgegee. Die anonieme stuk, wat ongetwyfeld 'n hele paar jaar na die Bloemfonteinse konferensie verskyn het, bevat maar weinig waarop so 'n stelling gegrond kan word, terwyl "Koos Kieser" hom op sy geheue moes verlaat, want sy brief het op 12 Julie 1918 in De Volkstem verskyn, byna agt jaar na die stigting van die party. In albei stukke is daar getrag om Botha in 'n gunstige en Hertzog in 'n ongunstige lig voor te stel en is daar verklaar dat terwyl Botha teen sir William Beaumont se voorgestelde naamsverandering was, genl. Hertzog dit gesteun het.[152]

Dit is blote beweringe hierdie wat in die lig van die sterk getuienis daarteen verwerp moet word. Dit is nie uit te sluit dat die partynaam wel ten tye van die 1912-kongres deur afgevaardigdes bespreek is nie, maar daar was geen sodanige besprekingspunt op die sakelys nie, en die gedrukte sakelys, asook die grondwet wat by die geleentheid voorgelê is, was buitendien dié van "de Zuid Afrikaanse Partij".[153] Daarbenewens het sir William Beaumont reeds 'n jaar tevore en pas na afloop van die 1911-konferensie, in 'n personderhoud verklaar dat die Afrikaners in Bloemfontein goedgunstiglik ingewillig het "to drop the word 'Nationalist' ... out of consideration for the feelings and susceptibilities of their English

---

151. Marais, Die Politieke Uitwerking ..., pp. 152, 160, 163, 171, 191 - 199. Sien ook Marais, Politieke Briewe 1911 - 1912, II, Oorsig, waarin hy verwys na die stigting van die "Zuid-Afrikaanse Nationale Partij"; O. Geyser en A.H. Marais (reds.) Die Nasionale Party, I, p. 99, waarin Marais dit die "Zuid-Afrikaanse Nationale Party" noem.
152. Marais, Die Politieke Uitwerking ..., pp. 198-199. Vgl. ook De Volkstem, 12 Julie 1918, brief deur "Koos Kieser"; P 284, item 6396, Hier het jy dit! 'n Beknopte opsomming van Party-Politiek in Suidafrika gedurende die laatste Kwarteeu, p. 11.
153. Agenda van het 2de Jaarlikse Kongres van de Zuid Afrikaanse Partij gehouden in de stadzaal, Pretoria, 20 November 1912, en volgende dagen; Konstitutie van die Zuid-Afrikaanse Partij.

friends".[154] E.G. Jansen maak 'n soortgelyke stelling in sy boek,[155] terwyl ander Natalse Afrikaners bitter verontwaardig was dat genl. Botha hom op die stigtingskonferensie van 1911 deur Engelstaliges, wat uitgenooides en nie eens afgevaardigdes was nie, laat afdreig het om "Nationale" uit die naam van die party te haal as voorvereiste vir hul samewerking.[156]

Die naamsverandering van 1911 was een van die redes waarom die Natalse Afrikaners gekrenk was oor Botha se oorgawe aan die Natalse Engelse en die voorkeurbehandeling wat hulle tydens daardie konferensie geniet het. Daar was ook ander redes. Soos reeds daarop gewys, het Leuchars, Watt en Beaumont nie alleen ereplekke op die verhoog beklee nie, maar was hulle ook die enigste Natallers wat toesprake gelewer het en het die eer Watt te beurt geval om genl. Botha se voorstel tot partystigting te sekondeer. Watt, wat Afrikaners by die stembus verslaan en daarna mantel gedraai het, het in sy toespraak verklaar dat hy net namens homself praat, tog het hy heengegaan en aan die einde die "versekering" gegee dat as Botha op sy ingeslane weg sou volhou, hy binne weinige jare nie net die steun van Natal sou verkry nie, maar van die ganse Britse publiek van Suid-Afrika.[157] Weens die verbroederingsgees van destyds het daar so 'n gejuig losgebars dat sy slotwoorde onhoorbaar was. Tog is dit sinneloos dat iemand wat net namens homself kon praat, so 'n stelling kon maak, soos die Mercury tereg daarop gewys het.[158] Watt is op die hande gedra nie soseer om sy besondere insig nie, as om die feit dat hy 'n Natalse Engelsman was.

Dieselfde geld sir William Beaumont en Leuchars. Van laasgenoemde, met 'n sterk refleksie op sy bekwaamheid as Kabinetslid, het Merriman verklaar: "Imagine paying Leuchars £3,000 a year for a pure political job!"[159] Dit was bloot om Natal se Engelse ingetrek te kry dat Botha hom in die Kabinet opgeneem het, en Leuchars het dit op die stigtingskonferensie duidelik gestel dat hy as Engelsman en imperialis sy hand aan die Afrikaners reik tot heil van Suid-Afrika.[160] Sy

---

154. The Zululand Times, 8 Des. 1911, verslag van onderhoud oorgeneem uit The Times of Natal. Sien ook The Natal Witness, 11 Sept. 1912, verslag van sir William Beaumont se verklaring oor naam van Suid-Afrikaanse Party.
155. Die Natalse Boerekongres ..., p. 37.
156. Vgl. De Afrikaner, 22 Junie 1915, P.R. Vermaak op stigtingsvergadering van Nas. Party, 6 Julie 1915, brief deur A.I.J. Nel, 27 Aug. 1915, A.T. Spies op stigtingsvergadering van Nas. Party.
157. P 287, item 6455, Notulen van het Nationale Kongres, 21 - 22 Nov. 1911, pp. 13 - 14.
158. The Natal Mercury, 22 Nov. 1911, berig.
159. Marais, Politieke Briewe 1911 - 1912, II, p. 70, John X Merriman -- M.T. Steyn, 12 Mei 1912.
160. P 287, item 6455, Notulen van het Nationale Kongres, 21 - 22 Nov. 1911, pp. 24 - 25.

imperialisme was egter glad nie te rym met die Afrikaners se nasionalisme nie, soos deur sy latere optrede bewys sou word, maar in die roes van die oomblik het dit nie so sterk opgeval nie.

Dit was veral hul uitsluiting van die werkskomitees tydens die stigtingskonferensie van 1911 wat die Natalse Afrikaners omgekrap het. E.G. Jansen skryf hieroor: "Die Afrikaanssprekende Natallers was ... teleurgestel en het gekrenk gevoel omdat hulle heeltemal oor die hoof gesien is, beide wat betref die benoeming van 'n Komitee om in die eerste instansie die Konstitusie van die nuwe Party na te gaan, en weer by die aanstel van 'n tweede Komitee om verder op sake in te gaan en om op te tree as Hoofkomitee."[161] Ten spyte daarvan dat die hoofbestuur van die Natalse Volksvereniging voltallig op die konferensie was, het nie een van hulle of enige ander Natalse Afrikaner se naam onder dié voorgekom wat as lede van die voor= lopige hoofkomitee afgelees is nie, maar wel dié van die Engelse uitgenooides, Leuchars, Beaumont, Moor en Watt. Dit is so vreemd gevind dat A. von Levetzow van Vryheid opgestaan en voorgestel het dat E.G. Jansen se naam bygevoeg moes word, wat gedoen is.[162]

Die Natallers het steeds gekrenk gevoel en op hul terugreis het die hoofbestuur 'n vergadering op die trein gehou en het Jansen opdrag gekry om hul misnoeë teenoor genl. Botha te lug. Op 28 November 1911 het hy aan Botha geskryf: "De leden van de Natal Volksvereniging die het Kongres te Bloemfontein bywoonden, hebben het ten zeerste gevoeld dat zy -- om niet te spreken van de andere Hollandssprekenden uit Natal -- op het Kongres helemaal over het hoofd werden gezien, in die eerste plaats door dat er geen enkele Hollandssprekende Afrikaner van Natal op het eerste Komitee werd benoemd om de statuten te herzien, en in de twede plaats dat dit ook het geval was met het tweede komitee en het was eerst toen een Nataller zelf 'n voorstel deed dat een Hollandssprekende van Natal op dit Komitee werd geplaatst. Terwyl wy als leden van de Natal Volksvereniging en ook als Afrikaner UEd. van ons hartelike ondersteuning en samenwerking verzekeren in uw grote taak, kunnen we niet anders dan onze teleurstelling uitdrukken over de wyze waarop, in de grote blydskap over die aanzienlike opkomst van Engelssprekende Afrikaners vanuit Natal (waarover wy ook uitermate verblyd zyn), de Hollandssprekenden vergeten werden."[163]

Dit stem volkome ooreen met die hele voorafgaande betoog oor hierdie konferensie. Botha het op 1 Desember deur middel van 'n brief deur sy sekretaris sy spyt uitge= spreek oor die gekrenkte gevoel onder die Natallers en hulle die versekering gegee dat niks verder van die waarheid kon wees as om te glo dat hy hul steun nie

---

161. Jansen, Die Natalse Boerekongres ..., p. 35.
162. Ibid.; Hertzogversameling, Band 13, A. von Levetzow -- genl. Hertzog, 23 Des. 1912.
163. Jansen, Die Natalse Boerekongres ..., p. 36.

op prys stel nie. Hy het verduidelik dat hyself ook nie lid was van die eerste komitee wat in Bloemfontein benoem is nie, en dat toe die ledelys van die tweede komitee aan hom voorgelê is, hy gesien het dat dit nie volledig was nie en verbe= teringe daarin wou aanbring, maar in die drukte vergeet het.[164]

Dit was 'n flou verskoning wat weinig daaraan kon verander dat genl. Botha die Natalse Engelse bo die Afrikaners begunstig het. Hy het dit om politieke redes, as uitvloeisel van sy konsiliasiebeleid, gedoen, en in sy pogings om die twee rasse te versoen, was hy geneig om konsiliasie aan die Afrikaners te predik en die Engelse hul gang te laat gaan, soos E.G. Jansen hom later beskuldig het.[165] Sy optrede was soos dié van 'n stiefpa wat, ter wille van die vrede in sy huis, hardvogtiger jeens sy eie kinders as sy stiefkinders optree. As hy van die begin af met ewe veel aandag teenoor die Natalse Afrikaners as teenoor die Engelse opgetree het, kon die politieke geskiedenis dalk 'n ander loop geneem het.

Die stigtingskongres van die Suid-Afrikaanse Party is deur De Afrikaner met die gelyktydige konferensie van die Unionisteparty in Durban vergelyk, waarna reeds verwys is, en hy het verklaar dat terwyl die Unioniste beleidloos was, daar in Bloemfontein uit die aristokrasie van die twee rasse 'n nuwe volk gebore is. "Te Durban een hoop dwaallichtjes in de ... modder. Te Bloemfontein een schitterend sterrebeeld van de voornaamsten uit ons staatsleven geschaard om de ene zon -- Louis Botha!"[166] Die blad was oordadig met die heuningkwas, want tussen die twee partye was daar steeds weinig te kies, of soos mev. Chapman Catt, die Amerikaanse vegter om vrouestemreg wat Durban besoek het, dit opgesom het: "(T) he difference between the two parties of South Africa was the difference between Tweedledum and Tweedledee!"[167]

Die Times of Natal was nie onvleiend in sy kommentaar nie,[168] maar die Advertiser het die rooi vlag gehys oor "The Menace of Bloemfontein"[169] en die Witness het die hartlike ontvangs wat die Engelse in Bloemfontein geniet het, aangegryp in sy veldtog van vergelding teen die verloopte Onafhanklikes,[170] waarmee hy toe pas begin het en waarna reeds verwys is.

Die besluit ten gunste van aansluiting by die toe nog te stigte uniale party wat

---

164. Ibid., pp. 36 - 37.
165. Sien Hoofstuk I hierbo, besonderhede wat op voetnoot 6 staan.
166. De Afrikaner, 23 Nov. 1911, hoofartikel.
167. The Natal Mercury, 19 Okt. 1911, berig.
168. The Times of Natal, 20 Nov. 1911, hoofartikel.
169. The Natal Advertiser, 23 Nov. 1911, hoofartikel.
170. The Natal Witness, 24 Nov. 1911, hoofartikel.

die Natalse Volksvereniging op 23 Junie 1911 geneem het, het hierdie liggaam n staat gestel om dadelik tot reorganisasie oor te gaan. Jansen het reeds in sy brief van 28 November aan Botha gevra dat J.P. Jooste, sekretaris van die Hoofkomitee, na Natal gestuur moes word om met die reorganisasie te help, en die volgende maand is reeds 'n begin daarmee gemaak,[171] lank voordat Jooste opge= staag het. Dit het egter nie voor die wind gegaan nie, want daar het eers teen eind Januarie tekens van werklike lewe gekom. Op 17 Januarie 1912 het die Biggarsberg-Helpmekaartak van die Natalse Volksvereniging, waarvan Jansen se broer Gus en oul pa, oubaas A.L. Jansen, bestuurslid was, aan huis van D.C. Pieters besluit dat aangesien die Suid-Afrikaanse Party nog nie in Natal bestaan het nie, die tak van die Volksvereniging sou bly voortbestaan en hom by die Suid-Afrikaanse Party sou skaar sodra dié gestig word.[172]

Die volgende dag, 18 Januarie, het die Paulpietersburgse tak van die Volksvere= niging hom omgeskep in 'n tak van die Suid-Afrikaanse Party onder voorsitterskap van M.W. Myburgh, LV, met A. Bester as ondervoorsitter en M.S. Ferreira sekretaris.[173] Dit was een van die eerste takke van die Suid-Afrikaanse Party, indien nie die eerste nie, wat in Natal tot stand gekom het.

Dit was nie 'n besonder lewenskragtige begin nie, en 'n sterk behoefte aan 'n besoek deur Jooste het ontstaan. Hy sou aanvanklik in Maart na Natal gegaan het en Jansen het aan hom die name van sekretarisse van takke van die Volksvereniging bestuur, asook dié van invloedryke persone in gebiede waar daar geen takke was nie. Jooste is egter verhinder om te gaan deurdat genl. Botha hom in Maart gevra het om sy besoek uit te stel tot na die terugkeer van die Parlementslede uit die Kaap, waar die sitting nog aan die gang was. Tot en met die einde van die sitting eind Junie is weinig gedoen, en dit was toe dat De Afrikaner verklaar het dat die tyd aangebreek het om die party dwarsdeur Natal uit te brei.[174] Gevolglik sou die party eers in die tweede helfte van 1912 in die provinsie op sy pote kom.

Hierdie gesloer het vanselfsprekend die Suid-Afrikaanse Party laat agterstaan by die Unionisteparty en selfs by die Arbeiderparty, wat ook ywerig aan die werk gekom het.

---

71. Jansen, Die Natalse Boerekongres ..., p. 37; De Afrikaner, 15 Feb. 1912, brief deur E.G. Jansen.
72. De Afrikaner, 1 Feb. 1912, ingestuurde notule van vergadering.
73. Ibid., ingestuurde notule van vergadering.
74. Ibid., 15 Feb. 1912, brief deur E.G. Jansen, 11 Maart 1912, brief deur D.S. Kolbe en een deur J.P. Jooste aan Kolbe, 8 Julie 1912.

6. Arbeiders wen Veld

Sedert die algemene verkiesing het twee van die Natalse Arbeiders 'n ander politiek begin openbaar. Nelson Palmer, wat in Pietermaritzburg-Noord verslaan is, het op 16 Oktober 1911 hierdie kiesafdeling op die Unionisteparty se provinsiale konferensie in die hoofstad verteenwoordig. Daar is hy verkies tot lid van die provinsiale hoofbestuur van dié party.[175] Sy eertydse partygenoot, F.T. Powrie, wat in Durban-Umbilo verslaan is, was weer onder die uitgenooides wat die stigtings-konferensie van die Suid-Afrikaanse Party in Bloemfontein bygewoon het.[176] Hul optrede is egter geensins tekenend vir Arbeidergesindheid in Natal nie, waar Thomas Boydell een van die party se ywerigste werkers was.

Boydell het in 1903 as jong man uit Engeland na Durban verhuis waar hy kort daarna as passer in diens van die spoorwegwerkswinkels getree het. Spoedig het hy hom as woordvoerder van die spoorwerkers onderskei en in 1907 aan die kortstondige Natalse spoorstaking deelgeneem. In die algemene verkiesing van 1910 is hy deur die voormalige Natalse Minister van Spoorweë en Hawens, J.G. Maydon, verslaan. Omdat hy sy betrekking in diens van die spoorweë moes neerlê om aan die verkiesing deel te neem en daarna nie weer in diens geneem is nie, het hy 'n assuransieman geword en hom steeds in belang van die Arbeiderparty beywer.[177]

Teen hierdie tyd was hy buite Natal bekend en het hy dikwels hulp van elders gekry om hom die Arbeidersaak in veral Durban te help propageer. So was F.H.P. Creswell hoofspreker op 'n geslaagde vergadering wat Boydell op 11 Julie 1911 in die Alexandrasaal in Durban gehou het.[178] Vergaderings is gereeld in Durban gehou en Boydell het ook steun van andere gekry, soos Harry Humphrey, verslane kandidaat in Umlazi, en S.M. Petterson, 'n Noorweër en voorsitter van die Suid-Afrikaanse Seemansvereniging.[179] Die party het regstreeks tot die werkers gespreek deur by die taalkwessie verby te stuur en het saam met die Arbeiderparty in Transvaal vooruitgang gemaak as gevolg van die onstabiele arbeidstoestande. Vroeg in 1912 het dit gelyk asof Suid-Afrika op die vooraand van 'n spoorstaking was en was daar wyd verspreide ontevredenheid onder die werkers omdat hulle verbied is om aan politiek deel te neem en nie spoorweglokale kon bekom om vergaderings te hou nie.[180]

---

175. The Natal Mercury, 17 Okt. 1911, berig.
176. P 287, item 6455, Notulen van het Nationale Kongres, 21 - 22 Nov. 1911, lys van aanwesiges.
177. T. Boydell, My Luck Was In, pp. 31 - 38.
178. The Natal Mercury, 12 Julie 1911, berig.
179. Ibid., 25 Sept. 1911, berig.
180. The Natal Witness, 9 Jan. 1912, voorblad.

Dit was in hierdie ongestadigde arbeidsomstandighede dat die Arbeiderparty aan die Rand op 24 Januarie 1912 in 'n tussenverkiesing die Unionistesetel Georgetown verower het.[181] Hierdie oorwinning het die Arbeidersaak dwarsdeur die land bevorder. Die verkose lid vir Georgetown, W.H. Andrews, skryf later uit die Parlementsgebou aan Boydell en druk hom dit op die hart om nog harder in Natal te werk. "The work is the thing (,) leave the results to the gods," was sy woorde,[182] en spoedig was die gode Boydell besonder goedgesind.

Maydon, LV vir Greyville, is om gesondheidsredes na Duitsland en verlof vir afwesigheid is deur die Volksraad op 19 Maart 1912 aan hom toegestaan.[183] Maydon was egter verkeerdelik onder die indruk dat as hy nie minstens een keer die sitting bywoon nie, sy setel ipso facto vakant sou raak. Omdat hy nie betyds kon terugkeer om voor die einde van die sitting sy opwagting in die Volksraad te maak nie, het hy op 30 April 1912 uit Munchen sy bedankingsbrief aan Ness Harvey, voorsitter van sy verkiesingskomitee, gerig. Onbewus daarvan dat Maydon toestemming verkry het om afwesig te wees, het Harvey Maydon se bedankingsbrief aan die Speaker gepos, deur wie dit op 29 Mei in die Volksraad voorgelees is.[184] Harvey en Maydon het eers later besef dat sy bedanking totaal onnodig was, maar toe was die koeël deur die kerk en is die kiesafdeling Durban-Greyville op 3 Junie 1912 vakant verklaar.[185]

Boydell was die aangewese persoon om die vakante setel vir die Arbeiders te probeer win, maar so onbewus was hy van die verwikkelinge dat hy 'n paar dae voor Maydon se bedanking met sy vrou per skip uit Durban vertrek het om hul familie in Engeland te besoek. As Maydon se bedanking 'n paar dae later gekom het, sou Boydell op die oop see gewees het en sou dit neusie verby vir hom gewees het, maar in daardie stadium was hy nog op pad Kaap toe.[186] Telegramme is inderhaas aan hom aan boord van die Dover Castle gerig deur H.D. Bernberg, hoofsekretaris van die Arbeider-party, en ene Parkhouse van die Natal Mercury, waarin hy aangeraai is om om te draai en die tussenverkiesing te gaan veg. Die tyding het hom eers met sy

---

181. Van der Schyff, Die Unioniste Party ..., pp. 95 - 96.
182. Boydellversameling, Band 8, W.H. Andrews -- T. Boydell, 3 Mei 1912. Andrews sou later een van die stigters van die Suid-Afrikaanse Kommunisteparty word -- sien N. Weyl, Traitors' End, the Rise and Fall of the Communist Movement in Southern Africa, p. 43.
183. Hansard, 1912, kol. 1238.
184. Ibid., kol. 3042 - 3043. Sien ook The Natal Witness, 27 Mei 1912, berig oor en brief deur J.G. Maydon, 31 Okt. 1912, berig van verklarings deur N. Harvey en J.G. Maydon.
185. Hansard, 1912, kol. 3132.
186. Boydell, My Luck Was In, pp. 38 - 39; Boydellversameling, Band 9, nota in Boydell se handskrif.

aankoms in Kaapstad bereik, waar hy en sy vrou met hul bagasie op die Armadale Castle oorgestap het. Enkele dae later was hy terug in Durban.[187]

Die Arbeiders het alles in die stryd gewerp. Bernberg het Boydell op begeesterde wyse aangemoedig en hom opdrag gegee om nie suinig met geld te wees nie. Die party sou al sy rekeninge betaal, soos in Georgetown, Kroonstad en dosyne ander plekke gedoen is, het Bernberg geskryf en vervolg: " ... we spent money like water. Now don't be stingy. Print dodgers, posters, panphlets (sic.). Circularise your voetsr (sic) about six times. On polling day have as many cabs (,) motor cars etc, as you can lay your hands on, and remember the other side can put down £100 to your one and will do it." Bernberg het hom aangeraai om die kiesafdeling op horings te neem en te onthou dat die ganse Suid-Afrika hom dophou. Waar Georgetown die Unioniste se Waterloo was, moes Greyville hul Trafalgar word, " ... for goodness sake don't disappoint us, and may the saints protect you".[188]

Boydell is geopponeer deur die Unionis Walter Greenacre, burgemeester van Durban en lid van een van die mees geëerde families in Natal. Die Durbanse koerante, bygestaan deur die Witness, het hul volle gewig agter Greenacre ingegooi, terwyl De Afrikaner sy flou stemmetjie ter steun aan Boydell in "dit Engelse nest" laat hoor het.[189]

Die Unioniste het 'n rassekreet teen die Arbeiders aangehef na aanleiding van die stryd teen verpligte tweetaligheid wat toe juis in Natal na 'n hoogtepunt opgeloop het. Die voorspel daartoe was die debat en polemiek rondom die Ontwerp-wysigingsordonnansie op Onderwyswetgewing wat die Uitvoerende Komitee opgestel het om Natal se onderwysbeleid in ooreenstemming met Transvaal s'n te bring, maar wat na verdagmaking en 'n vurige debat op 27 Maart 1912 met 14 stemme teen 8 in die Provinsiale Raad verwerp is. Vir die Afrikaners was dit "een dag van rouw" omdat "een der onzen", Jan F. Muller van Melmoth, ook teen die voorgestelde maatreël gestem het.[190] Terwyl Muller se optrede hom die gramskap van vele Afrikaners op die hals gehaal het, wat in die volgende verkiesing sou dreig om op hom terug te slaan, het die Engelse, met die Witness vooraan, hom op die hande gedra.[191]

Die onderwystaalkwessie, 'n provinsiale aangeleentheid waaroor die Natalse Engelse volle seggenskap gehad het, het egter nie naastenby soveel skietgoed aan die Unioniste verskaf soos die stryd rondom verpligte tweetaligheid in die

---

187. Boydellversameling, Band 9, telegramme deur H.D. Bernberg en Parkhouse aan Boydell, 25 en 27 Mei 1912; Boydell, My Luck Was In, pp. 38 - 39.
188. Boydellversameling, Band 9, H.D. Bernberg -- T. Boydell, 1 Junie (1912). Sien ook ibid., H.D. Bernberg -- T. Boydell, 1 Junie 1912.
189. De Afrikaner, 20 Junie 1912, hoofartikel. Sien ook The Natal Witness, 30 Mei 1912, hoofartikel; The Natal Mercury, 4 Junie 1912, hoofartikel; The Natal Advertiser, 11 Junie 1912, hoofartikel.
190. De Afrikaner, 28 Maart 1912, hoofartikel.
191. Vgl. De Afrikaner, The Natal Witness en The Times of Natal tussen 1 April en 3 Junie 1912, verskeie berigte, briewe en hoofartikels.

staatsdiens waaroor die Sentrale Regering die woord gevoer het nie. Wat sake vir hulle vergemaklik het, was dat die Arbeiders pas die Regering gesteun het om tweetaligheid verpligtend in die staatsdiens te maak.[192]

Dit was juis 'n maatreël waarteen die Natalse Engelse, by monde van hul koerante en politici, geskop het vandat die beoogde aanvaarding daarvan in Desember 1911 in die vooruitsig gestel is. Die aartsimperialis Joseph Baynes het selfs, met groot byval, op 'n byeenkoms in Pietermaritzburg gedreig dat niks met groter sekerte 'n vloedgolf van bittere rassehaat, tweedrag en selfs bloedvergieting sou afgee as die invoering van verpligte tweetaligheid en die handhawing van twee offisiële tale nie. Ook die Witness het op subtiele wyse gedreig dat bloed kon vloei.[193]

Tydens die parlementêre debat oor die maatreël het Hugh M. Meyler gemaan dat verpligte tweetaligheid Natal kon dwing om hom aan die Unie te onttrek en het James Henderson verklaar dat die aanvaarding van die maatreël droewige gevolge sou hê en met vloeke onthou sou word. Hierdie twee Unioniste se kollega, A. Fawcus, het verklaar dat as Natal geweet het van die taaldwang wat op hom wag, hy nooit by die Unie sou aangesluit het nie. "Natal is te dezer zake misleid en voor de mal gehouden! ... Die Zoeloe-taal is in Natal meer nodig dan Hollands."[194]

Geen wonder nie dat die uiteindelike aanvaarding van die maatreël, vlak voor die belangrike tussenverkiesing in Greyville, met mening deur die Witness, Advertiser, Mercury en hul ondersteunende politici, met inbegrip van sir Percy Fitzpatrick, aangegryp is om politieke munt daaruit te probeer slaan. Die Arbeiders is uitgekryt omdat hulle tot Natal se nadeel gemene saak met die Boereregering gemaak het. Tydens die parlementêre stryd het dit egter al duidelik geword dat, hoewel die Opposisie-aanval teen die dwang gemik was wat in die maatreël vervat was, die eintlike verset gespruit het uit die onwil van die Engelse om die beginsel van tweetaligheid te aanvaar omdat dit as onnodig, futiel en gevaarvol beskou is. Hierdie houding is enkele dae na die verkiesing soos volg deur 'n vooraanstaande Natalse Engelsman, H. Ryle Shaw, uiteengesit: "In my opinion ... the real Boer and the real Briton will not amalgamate. Racially and in sentiment they are diverse if not indeed, antagonistic .. The question ... is not seriously one of linguistic,

---

192. Hansard, 1912, kol. 3085, 22 Junie 1912.
193. The Natal Witness, 10 Jan. 1912, berig, 16 Jan. 1912, hoofartikel.
194. Hansard, 1912, kol. 2992 - 3000, 20 Junie 1912, Sien ook The Natal Witness, 28 Junie 1912, berig.

ducational, or academical character; it is emphatically one of selfpreservation or every Britisher who has British ideals of constitutional government. The alter= ative is Krugerism; Krugerism gilded and up-to-date ... "[195]

it was teen hierdie agtergrond dat die Uioniste, met sir Percy Fitzpatrick aan ie spits, die Arbeiders van Greyville van rassisme beskuldig en gewaarsku het at 'n Arbeideroorwinning tot 'n terugkeer na Krugerisme sou lei.[196] Daardeur et hulle egter getoon dat hulle totaal uit voeling was met die werkersgemeenskap an Greyville, vir wie dit in hoofsaak om brood- en botterkwessies gegaan het. homas Boydell het dit besef en daarom het hy direk tot hulle gespreek deur pro= aganda te maak vir die instel van 'n grondbelasting en aan te dring op beskerming an die Blanke arbeidsmag teen die Swart bedreiging. Dit was ook die gees waarin ie leier van die Arbeiderparty, F.H.P. Creswell, hom gesteun het en op 24 Junie n stampvol saal in Inanda toegespreek het.[197]

ie Unioniste se taal-en rassekreet het aan die kiesers van Greyville verbygegaan, at op 28 Junie vir Boydell met 671 stemme teen Greenacre se 642 verkies het -- n meerderheid van 29 in 'n stempersentasie van 68.[198]

ie verkiesingsuitslag is enersyds met ontsteltenis en andersyds met vreugde egroet. Die Mercury, Star, Transvaal Leader en die Witness het die Arbeider= orwinning probeer afmaak as van weinig betekenis omdat Boydell, vanweë sy party e sterk dissipline en die samewerking met die"agterveldse Regeringsgroep", min ou kon uitrig. Die Mercury het voorspel dat Boydell vir Greyville, Natal en uid-Afrika so min sou beteken soos 'n kwaksalwer in 'n plaagepidemie,[199] dog oydell sou spoedig sy bekwaamheid bewys. Vir die Times of Natal het die uitslag ewys dat die kiesers siek en sat geword het vir die Unioniste se gekerm "Language! anguage! language! British! British!", en hierin is hy gesteun deur die unday Times.[200] "Durban voor de jingo's verloren!" het De Afrikaner gejuig.[201]

ie oorwinning het vir die Arbeiders in die teken van die tyd gestaan. Hulle as besig om opgang te maak en het in Natal 'n vastrapplek gekry wat hulle jare ank sou behou,

---

95. The Natal Witness. 8 Julie 1912, artikel deur H. Ryle Shaw.
96. The Natal Advertiser, 25 Junie 1912, verslag van sir Percy Fitzpatrick se toespraak, 28 Junie 1912, hoofartikel; The Natal Witness, 27 Junie 1912, verslag van dr. Mackenzie se toespraak.
97. The Natal Advertiser, 25 Junie 1912, berig.
98. The Natal Mercury, 29 Junie 1912, hoofartikel.
99. Ibid.; Boydellversameling, Band 9, knipsels uit The Star, The Transvaal Leader, 29 Junie 1912; The Natal Witness, 2 Julie 1912, hoofartikel.
00. The Times of Natal, 1 Julie 1912, hoofartikel; Boydellversameling, Band 9, knipsel uit The Sunday Times, 30 Junie 1912, hoofartikel.
01. De Afrikaner, 1 Julie 1912, hoofartikel.

Thomas Boydell was 'n man met besondere gawes. Sy kranklike liggaam sou hy deur gesonde eetgewoontes en gereelde oefening volkome genees; sy geheue sou hy afrig om soos 'n onthoumasjien te werk; in sy nood sou hy die aandelebeurs bestudeer en deur beleggings finansieel onafhanklik word; tussendeur sou hy die Arbeidersaak in Natal en Suid-Afrika op 'n haas ongeëwenaarde wyse dien. "My Luck Was In", is die titel van die boek waarin hy hiervan vertel, en in 'n tydskrif het hy op sy besondere segswyse sy sukses toegeskryf "to seizing my lucky moment by turning back in order to go forward",[202] want dit was van daardie oomblik af dat hy snel opgang begin maak het: die oomblik toe hy in Kaapstad besluit het om liewer 'n tussenverkiesing in Durban te gaan veg as om met sy vrou hul vakansiereis na Engeland voort te sit.

Die Arbeiderparty het veld gewen in Natal en sou later nog 'n keer sukses smaak. As die oorlog nie uitgebreek en die verdeelde Britse sentiment rondom die "Empire" verenig het nie, sou die Arbeiders bes moontlik die politiek in 'n ander rigting gestoot het.

7. Verdeeldheid en "Eenheid"

Teen die helfte van 1912 was die partypolitiek in Natal wel in 'n duideliker patroon as in enige stadium van die voorafgaande twee en 'n halfjaar, maar dit was 'n blokkiespatroon van verdeeldheid. Die smeltpot het wel 'n mate van loutering gebring, maar tegelyk ook verbrokkeling. Totaal in stryd met die aanvanklike verwagtinge het Natal se parlementêre krag na die regerende Suid-Afrikaanse Party verskuif, waar dit 'n geruime aantal jare sou bly. Die Unioniste het 'n halwe verteenwoordiger bygekry deurdat James Henderson hom op 11 Desember 1911 tot Onafhanklike Unionis verklaar het.[203] Daarmee en met Maydon se neerlaag teen Boydell het die eens getalskragtige groep Onafhanklikestot twee gekrimp.

Die Unionis Hugh M. Meyler het die Natallers skerp gekritiseer oor hul dwarstrekkery en is gesteun deur die Advertiser, wat verklaar het: "Mr. Meyler drew a lurid picture of what is likely to be Natal's ultimate fate, if her people persist in this foolish course of pulling all ways at once, and no one can say that that picture is one whit overdrawn."[204]

---

202. Boydellversameling, Band 24, knipsel uit die Londense publikasie Tit-Bits, 12 Julie 1941, "He Seized His Lucky Moment" deur "the Hon. T.B." Sien ook P. Meiring, Tien Politieke Leiers, opstel oor Thomas Boydell.
203. The Natal Mercury, 12 Des. 1911, berig.
204. The Natal Advertiser, 24 Julie 1912, hoofartikel.

Meyler, held van die anti-Regeringsgesinde Natallers sedert sy verkiesingsoorwinning oor Moor, sou egter spoedig self in 'n ander rigting begin trek deur na die Arbeiderparty oor te leun.

Vanweë sy politieke verdeeldheid het Natal uiteraard uit verskeie politieke monde gepraat. Terwyl Leuchars & Kie. hulle by Botha geskaar het om, soos hulle verklaar het, op daardie wyse rassehaat uit te roei, het die Witness en sy geesgenote 'n anti-Regerings- en pro-imperiale beleid voorgestaan om rassehaat op daardie wyse dood te druk. Een van die geleenthede wat vir laasgenoemde oogmerk aangegryp is, was die afsterwe van sir Charles O'Grady Gubbins begin Desember 1912 en die vul van die Senaatsvakature wat daardeur geskep is.

Die Witness het op sy gebruiklik barse wyse verklaar: "One thing we will say, even at the risk of being accused of racialism. The Senator elected should be British in the true sense of the word, and no palterer with the term should have his claim considered for a moment."[205] Kol. F.W.A. Sangmeister, verkose Onafhanklike LUK wat na die Unioniste oorgeleun het, se verkiesing deur die Provinsiale Raad om die vakature te vul, het egter betreklik algemene byval gevind en 'n moontlike stryd besweer.[206] Die vul van die Kabinetsvakature sou egter 'n strydpunt bly.

Nog 'n saak waaroor daar stemme opgeklink het, was die voorgestelde volkslied wat deur die Departement van Onderwys uitgereik, in die koerante gepubliseer en op Geloftedag 1911 op Vryheid gesing is.[207] Die Witness het uitgevaar teen hierdie lied waarvoor, soos hy dit gestel het, min. F.S. Malan en die Botha-ministerie pa gestaan het, terwyl C.E. Viljoen dit geskryf, dr. Meiring Beck dit getoonset en die "Bondorgaan" The South African News gestalte daaraan gegee het. Dit is summier verwerp as volkslied, ook deur De Afrikaner, wat sy eie "volkslied" gepubliseer het.[208]

Terwyl die Natallers oor algemene politieke sake uit verskillende monde van oorkant die Drakensberg af gepraat het, het die Engelse se betreklik eenparige verset teen wat hulle as gedwonge tweetaligheid beskou het, aan hulle 'n sweem van eenheid gegee. Daar is reeds in 1909, pas na die aanname van die Suid-Afrika-wet, voorsien dat tweetaligheid vele jare lank wrywing sou veroorsaak,[209] en die

---

205. The Natal Witness, 16 Jan. 1912, hoofartikel.
206. The Natal Advertiser, 19 Jan. 1912, hoofartikel.
207. De Afrikaner, 18 Des. 1911, berig.
208. The Natal Witness, 18 Des. 1911, berig; The Natal Mercury, 18 Des. 1911, hoofartikel; De Afrikaner, 21 Des. 1911, berig en hoofartikel.
209. R.H. Brand, The Union of South Africa, pp. 10 - 11.

slag daarvoor was gesetel in die vaagheid van artikel 137, wat bepaal het:
the English and Dutch languages shall be official languages of the Union,
hall be treated on a footing of equality, and possess and enjoy equal free=
rights, and privileges ... "

s op tweërlei wyse vertolk. Terwyl Hertzog en andere dit as maatreël gesien
om tweetaligheid in die land verpligtend te maak, was dit vir vele Engelse
t 'n vergunning van gelyke geleenthede aan die twee tale. Reeds in 1909
aar in 'n grondige bespreking van die Suid-Afrikawet verklaar: "In the future
e is to be equality of opportunity. 'Equal rights' are to apply, not only to votes
to language also."[210]

yke geleenthede is deur die Engelse beklemtoon ten koste van gelyke regte en
rregte, en in die praktiese toepassing van die taalklousule het dit 'n
ot verskil gemaak. Vir die een groep was artikel 137 dwangmatig; vir die
der het dit 'n keuse behels; terwyl een groep tweetaligheid op alle terreine
n die gemeenskapslewe wou deurdwing, het die ander groep gelyke en vrye mededinging
orgestaan -- met die vanselfsprekende implikasie dat die sterkere sou wen.
e Natalse Engelse het laasgenoemde vertolking aangehang, soos die Mercury
Witness by herhaling aangevoer het,[211] want daar was by hulle geen twyfel nie
at Engels in 'n gelyke en vrye stryd sou wen.

it was die grondslag van die protesveldtog teen tweetaligheid wat rondom die
atum van die tussenverkiesing in Greyville, 28 Junie 1912, 'n hoogtepunt in
latal bereik het. Natalse koerante, soos die Mercury en Witness, het hul lesers
nder die indruk gebring dat hulle doelbewus verneder is deur 'n nuttelose taal
in hul keel afgedruk te kry, "to have been 'humbugged, fooled, and misled'" en
dat hulle in die proses behandel is "like so many boys at school!"[212]

Reaksie het spoedig gevolg, want op 30 Junie het 300 inwoners van Ladysmith hulle
op 'n driftige vergadering teen die tweetaligheidswetgewing uitgespreek, en
is hul optrede as navolgenswaardige voorbeeld vir elke dorp en gehuggie in Natal
voorgehou.[213] Enkele dae later het die invloedryke H. Ryle Shaw gewaarsku: "Our
British existence is at stake," en het die Witness uittreksels uit vorige toesprake
deur Natal se verloopte Onafhanklikes geplaas waarin hulle hul teen taaldwang
uitgespreek het. Dit het alles deel gevorm van 'n propagandaveldtog vir die hou
van 'n protesvergadering in Pietermaritzburg, waar 'n stampvol stadsaal hom op

---

210. Ibid., p. 115.
211. Vgl. o.a. The Natal Mercury, 27 Jan. en 1 April 1912, hoofartikels; The Natal Witness, 20 Julie 1912, voorblad.
212. The Natal Mercury, 24 Junie 1912, hoofartikel; The Natal Witness, 26 Junie 1912, voorblad, 27 Junie 1912, brief deur "An Old South African" en voorblad.
213. The Natal Witness, 1 en 2 Julie 1912, voorblad.

8 Julie met enkele teenstemme teen die wetgewing vir verpligte tweetaligheid in die staatsdiens uitgespreek het.[214]

In hierdie opsweping het die Witness weer uitgemunt met sy "violent diatribes", soos Goewerneur-generaal Gladstone verklaar het, wat in daardie stadium in Natal was.[215] Die Witness het geen steen onaangeroer gelaat om die gemoedere in beroering te bring nie, maar was beslis nie besig met die oproep van "het straatvuil" nie en die vergadering het gewis nie bestaan uit 'n "kombinatie van stalhouders, vendu-afslagers en kantienhouders", soos De Afrikaner dit beledigend gestel het nie.[216]

Terwyl die Engelse se stryd teen "the Boerification of South Africa"[217] voortgeduur het, het vele Natalse Afrikaners hulle ironies genoeg van Engels pleks van Hollands of Hollands-Afrikaans bedien. Op die tweede vergadering van die Kranskoptak van die Suid-Afrikaanse Party op 2 November 1912 het G.T. van Rooyen op Engels 'n uiteensetting van die oogmerke van die party gegee. Hy is deur T.J. Nel tot orde geroep en moes sy woorde in Hollands-Afrikaans herhaal, wat met toejuiging begroet is.[218] Dit was geen seldsaamheid dat Natalse Afrikaners voorkeur aan Engels gee nie. Volgens mev. M.M. Jansen, wat indertyd in Natal gewoon en 'n besondere bydrae tot die uitbouing van die Afrikaner se taal en algemene kultuurbelange gelewer het, het baie Afrikaners verkies om Engels te praat omdat dit die taal was waarmee hulle op skool kennis gemaak het. Syself het op Engels aan haar familielede geskryf.[219]

Die Witness het hom verheug in sommige Afrikaners se voorliefe vir Engels en het reikhalsend uitgesien na die finale verdwyning van "the Taal" wat hom en andere soveel irritasie besorg het.[220] Daar was egter ook Afrikaners vir wie die volle erkenning en handhawing van hul taal 'n saak van groot belang was en wat die stryd brandend gehou het. Dit was veral op onderwysgebied dat die Natalse Afrikaners te na gekom is, daarom het sommige ouers hulle kinders vir onderrig na die Vrystaat gestuur.[221]

Daardeur is die probleem van die Natalse Afrikaners egter geensins verlig nie, en juis vanweë die benarde posisie waarin hulle hul bevind het, is die taalvastes

---

214. Ibid. 6, 8 en 9 Julie 1912, voorblad en artikel deur H. Ryle Shaw.
215. GG 3/1008, Gladstone - Lewis Harcourt, 17 Julie 1912.
216. De Afrikaner, 8 en 15 Julie 1912, hoofartikels.
217. The Natal Mercury, 4 Sept. 1912, brief deur H. Ryle Shaw.
218. Ibid., 8 Nov. 1912, berig.
219. Bandonderhoud met mev. M.M. Jansen, 26 Maart 1975. Sien ook E.G. Jansenversameling, Lêer 66, Mary E. Martens -- E.G. Jansen, 27 Aug. 1915.
220. The Natal Witness, 4 Maart 1912, hoofartikel.
221. De Afrikaner, 25 Sept. 1913, brief deur A.I.J. Nel, oorgeneem uit 'n Bloemfonteinse koerant.

onder hulle aangetrek deur die luider klinkende wekroep van genl. Hertzog, wat nom spoedig tot 'n openlike botsing met genl. Botha en die "Empire"-gesindes sou oring. Die toespraak ter handhawing van die moedertaal wat genl. Hertzog reeds op 23 Junie 1911 op Newcastle gelewer het,[222] het De Afrikaner laat verklaar: 'Handhaving van de taal is meer dan het hoofdwapen, is het enige wapen, waarmee we ons volksbestaan tegen de vreemde indringer kunnen verdedigen." Dit het nie eteken, het hy vervolg, dat Engels deur Hollands verdring moes word nie, "maar lk op z'n plaats en het Hollands op de ereplaats ..."[223]

erwyl hul emosiebelaaide stryd téén tweetaligheid aan die Engelse 'n sweem van enheid besorg het, het die Afrikaners se stryd óm tweetaligheid ook aan hulle 'n apen ter hand gegee. In die maande vorentoe sou genl. Hertzog die pad vir albei roepe oopmaak om die stryd verder te voer.

---

2. Sien besonderhede hierbo wat op voetnoot 113 slaan.
3. De Afrikaner, 26 Junie 1911, hoofartikel, sy kursief.

HOOFSTUK 4

PARTYSTIGTING EN DIE KABINETSKRISIS

1. Inleiding

Natallers het, soos reeds daarop gewys, 'n noemenswaardige rol in die stigting van die Suid-Afrikaanse Party gespeel; hulle het egter spoedig op betekenisvoller wyse gehelp om die party in twee te skeur en daarmee 'n wig in die Afrikanergeledere te dryf.

'n Raps meer as 'n jaar na die stigting van die party het van die Natalse Engelse wat op die stigtingskongres so op die hande gedra is, die jarelange stryd rondom genl. Hertzog op die spits gedryf en 'n krisis veroorsaak. Genl. Botha se oorgawe aan die Engelse en sy uitdrywing van genl. Hertzog uit die Kabinet, het bewaarheid wat pres. Steyn voorsien het, naamlik dat die opname van "de Natalsche aanhangsel" in die Suid-Afrikaanse Party eendag berou sou word.[1]

Die optrede van hierdie "mak" Engelse van Natal het die anti-Regeringsgesinde Natallers die oorwinning oor die Afrikaners laat behaal waarna hulle so gesmag het. Die uitdrywing van genl. Hertzog was 'n oorwinning vir Britse imperialisme oor Afrikanernasionalisme, en hieroor is daar gejuig.[2] Dat die eerste nuus van die Kabinetskrisis op die ore geval het van die skaar Afrikaners wat in Pietermaritzburg byeen was vir die ingebruikneming van die herstelde Geloftekerk as museum, het diep getref en 'n ironiese boodskap gedra.[3]

Vir genl. Botha en sy Suid-Afrikaanse Party het die krisis op 'n uiters ongeleë tydstip gekom. Die party het maar pas, teen sterk teenstand in, sy eerste wortels in Natal ingeslaan en die jong plant is geskaad nog voordat dit behoorlik aan die groei gekom het. Nie slegs is van die Engelse Regeringsondersteuners deur hul andersdenkende taalgenote en pers hokgeslaan nie, maar ook die klein groepie Afrikaners is verdeel. Die politieke vordering van die Natalse Afrikaners sou hierdeur 'n geslag en langer vertraag word.

Die Suid-Afrikaanse Party het dus nie aan die klein minderheid Afrikaners in Natal die uitredding gebied waarop hulle gehoop het nie,[4] maar met die stigting van die party in die tweede helfte van 1912 het hulle dit nog nie besef nie.

---

1. Sien Hoofstuk 3, besonderhede wat op voetnoot 131, slaan.
2. Vgl. PM/OG, tel. Digby Reid -- genl. Botha, 17 Des. 1912.
3. Vgl. Hertzogversameling, Band 13, J. Vrolik -- genl. Hertzog, 15 Des. 1912; The Natal Witness, 17 Des. 1912, berigte.
4. Sien Hoofstuk 3, paragraaf na voetnoot 109.

2. Stigting van die SAP in Natal

Soos vroeër daarop gewys, het die Suid-Afrikaanse Party maar sukkel-sukkel in Natal gevorder.[5] Dit was eers bykans nege maande nadat die party in Bloemfontein gestig was dat daar enigsins met 'n organisasieveldtog in Natal begin is. Hierdie lang vertraging het geen goeie gevolg vir die party gehad nie, want die geesdrif van die Bloemfonteinse konferensie het intussen eenvoudig verdamp. Die teenstand was fel, en daarvoor was daar meer as suiwer partypolitieke redes.

In Pietermaritzburg, waar Botha twee parlementêre ondersteuners in Bill Griffin en Thomas Orr gehad het, was daar byvoorbeeld groot ontevredenheid oor 'n nie-politieke saak. Die mees vooraanstaande inwoners was oortuig dat hul stad finansieel uiters nadelig geraak is sedert Natal tot die Unie toegetree het. As eertydse hoofstad van Natal was dit 'n bedrywige staatsdiens- en spoorwegsentrum, maar met die sentralisasie wat op uniewording gevolg het, het die stad feitlik leeg geloop aan staatsamptenare en spoorwerkers.

In Oktober 1911 het 'n gesamentlike afvaardiging van die stadsraad en vooraanstaande ingesetenes die saak met genl. Botha en sommige van sy Kabinetslede in Pretoria gaan bespreek. By hierdie geleentheid is daar klem gelê op die wyse waarop die sake-belange van die stad deur sentralisasie geraak is. J. McAuslin, Provinsiale Raads-lid, het verklaar dat Pietermaritzburg 'n groter offer as enige ander stad ter wille van uniewording gebring het en dat die Regering verplig was om vergoedende maatreëls te tref.[6]

Een van die dinge wat hulle gevra het en aan hulle belowe is, was dat die spoorweg-werkswinkels uitgebrei moes word.[7] Beloftes deur die Premier en ander ministers dat Pietermaritzburg tegemoet gekom sou word, het egter onvervul gebly en in Junie 1912 het dieselfde gesamentlike komitee van die stadsraad en inwoners ten sterkste by genl. Botha beswaar hierteen aangeteken.[8]

Durban en van die groter plattelandse dorpe is op 'n soortgelyke wyse deur unie-wording geraak. Saam met hierdie plaaslike prikkel tot ontevredenheid was daar die taalkwessie, partypolitieke teenkanting en 'n algemene gesindheid van vyandig-heid en agterdog jeens die Boereregering, in 'n groot mate geskep en sterk aangeblaas deur die vernaamste koerante. Terwyl die spanninge hieroor opgelaai het en die Regering onder die een aanval na die ander deurgeloop het, is daar min gedoen om 'n teenbeeld op te bou. Bes moontlik was genl. Botha tevrede om hom op die Times of Natal en De Afrikaner as draers van "die goeie boodskap" te verlaat. Albei die

---

5. Ibid., besonderhede wat op voetnote 171-174 slaan.
6. PM 220/1/11, verslag van afvaardiging se onderhoud met Premier e.a., 9 Okt. 1911.
7. Ibid.
8. Ibid., D. Walker -- Eerste Minister, 25 Junie 1912.

koerante het egter, soos in die Voorwoord daarop gewys, gesukkel om die mas op te kom en as genl. Botha hom wel op hierdie twee blaaie verlaat het om die beeld van die Suid-Afrikaanse Party te bou, het hy hul trefkrag oorskat. Daarvoor was die koor van die Opposisiekoerante en anti-Regeringsgroepe veels te sterk. Hy kon egter met die steun van die Times en De Afrikaner veel meer vermag het as hy spoediger met 'n energieke program ter uitbouing van die Suid-Afrikaanse Party in Natal begin het.

Dit was eers teen die helfte van Augustus 1912 dat F.S. Malan , Minister van Onderwys, tydens 'n ampsbesoek begin het om die party te organiseer. Die tyd was swak gekies, want die taalverset het pas 'n hoogtepunt bereik en daar het 'n onversetlike houding teen enige vorm van taaldwang voortgeleef. Bewys hiervan is gelewer deur die kommentaar op 'n uitlating deur Malan op Dundee. Hy het hom aldaar op 'n vergadering teen taaldwang uitgespreek, maar bygevoeg dat aangesien die Grondwet twee amptelike tale op 'n grondslag van gelyke behandeling voorgeskryf het, dit die plig van die Regering was om daarvoor voorsiening te maak. Die Engelse se reaksie daarop was dat as die Regering gelyke geleenthede vir die twee tale as rigsnoer sou volg, soos deur die Grondwet neergelê, die stryd asof vanself besleg sou word. Met die herhaling van hierdie ou argument na maande van stryd, was dit duidelik dat 'n oplossing van die taalgeskil nog lank nie in sig was nie; trouens, die Natallers het hulle begin sien as behorend tot 'n "Ierse" provinsie van Suid-Afrika, die Ulster wat hard moes veg om sy taal en Britse tradisies te bewaar.[9]

Hierdie onversetlike houding was nie bevorderlik vir die geboorte van die Suid-Afrikaanse Party in Natal nie. Boonop was die stigtingsveldtog nie naastenby so deeglik en stelselmatig soos dié wat kol. C.P. Crewe vroeër namens die Unioniste-party onderneem het nie.

Malan, wat op 10 Augustus die Tegniese Instituut in Durban geopen het, het slegs Pietermaritzburg, Greytown, Dundee en Vryheid besoek. Sy eerste stap was om, tydens sy besoek aan Pietermaritzburg,'n voorlopige provinsiale bestuur van die Suid-Afrikaanse Party onder voorsitterskap van sir William Beaumont saam te stel. Hy was heel in sy skik met die uitslag, en so ook genl. Botha nadat hy deur Malan daarvan in kennis gestel was.[10] Of sir William die aangewese persoon was om die Natalse partyleiding te behartig, is egter 'n ope vraag. Van partypolitiek het hy geen ervaring gehad nie en hy het boonop die partystelsel as die vloek van Suid-Afrika beskou.[11] Dit is twyfelagtig of 'n man met so 'n opvatting die regte

---

9. The Natal Witness, 19 Aug. 1912, berig; The Natal Mercury, 17 Aug. 1912, berig; The Natal Advertiser, 15 Nov. 1912, hoofartikel.
10. PM/OG, tel. F.S. Malan -- genl. Botha, genl. Botha -- F.S. Malan (afskrif), albei 15 Aug. 1912.
11. Sien Hoofstuk 1, besonderhede wat op voetnoot 79 slaan.

leiding aan 'n sukkelende politieke party sou kon gee.

Die behoefte wat daar aan organisasie bestaan het, blyk uit die doodsheid wat daar tot en met Malan se besoek geheers het. Op Greytown, middelpunt van die Afrikaner-bevolking van ou Natal, het die politieke geesdrif van die Afrikaners 'n laagwatermerk bereik, en in die kiesafdeling Dundee was daar nog net een tak van die Suid-Afrikaanse Party. Malan se bemoeienis het 'n oplewing gebring, en De Afrikaner het dien ten gevolge na Umvoti, met Greytown as sentrum, verwys as 'n kruitmagasyn van nasionale geesdrif wat net op 'n vonk gewag het om te ontbrand. Dit was sekerlik net so 'n oordrewe stelling soos die blad se verwysing na Malan se besoek aan Pietermaritzburg, Greytown en Dundee as "Een Triomftocht Door Natal."[12]

Sowel Umvoti as Dundee is deur Botha-ondersteuners in die Volksraad verteenwoordig, t.w. sir George Leuchars en sir Thomas Watt, van wie so 'n ophef op die stigtingskonferensie van die party in Bloemfontein gemaak is. Hulle het egter weinig gedoen om die party in hul kiesafdelings te bevorder. Dieselfde geld genl. M.W. Myburgh in die Afrikanervesting Vryheid. Met Malan se besoek die naweek van 17-19 Augustus aan Vryheid was daar nog nie 'n enkele tak van die Suid-Afrikaanse Party nie en hy het sy verbasing hieroor uitgespreek. Deur sy toedoen is daar op 'n geesdriftige vergadering van ruim 100 mense besluit om takke van die party op die dorp en in die omliggende wyke te stig. Die here F.G. Katzenstein en F.W. (Frikkie) van Reenen, van wie albei later meer gehoor sal word, was lede van die voorlopige bestuur wat by dié geleentheid saamgestel is om die partystigting verder te voer.[13]

Hiermee was F.S. Malan se vlieënde organisasieveldtog afgehandel en is die opvolgwerk aan sir William Beaumont oorgelaat. Dié was op Maandagaand, 9 September, voorsitter op 'n vergadering van sowat 40 mense in Pietermaritzburg waar voorlopige besture saamgestel is om twee takke van die party te stig -- een elk in Pietermaritzburg-Noord en Pietermaritzburg-Suid. Al 40 die aanwesiges het die lederegister geteken.[14]

In sy toespraak by die geleentheid het sir William die deugde van die Suid-Afrikaanse Party hoog gehou as synde dié van 'n party wat almal kon herberg wat Suid-Afrika 'n tuiste vir hulself en hul kinders gemaak het. Hy het dit as sy oortuiging uitgespreek dat daar binne die party vrugbaar saamgewerk kon word om vooroordeel, agterdog en wantroue aan weerskante van die taalgrens te beveg.

---

12. De Afrikaner, 19 Aug. 1912, hoofartikel. Sien ook ibid., 22 Aug. 1912, hoofartikel.
13. Ibid., 22 en 26 Aug. 1912, berigte.
14. Ibid., 12 Sept. 1912, berig; The Natal Witness, 11 Sept. 1912, voorblad; The Times of Natal, 10 Sept. 1912, voorblad.

Hierom is hy deur die Times of Natal geloof, wat terselfdertyd die Witness verdoem het omdat dié die stigting van die twee takke met verdraaide feite belaglik probeer voorstel het.[15]

Drie dae later het sir William die leiding geneem op 'n vergadering op Greytown wat deur invloedryke persone uit die hele kiesafdeling Umvoti bygewoon is en waar 'n voorlopige bestuur gekies is om 'n tak van die Suid-Afrikaanse Party te stig.[16] Enkele ander takke het teen hierdie tyd reeds bestaan en andere is gestig, maar besonderhede daarvan is karig.

In die partypolitieke bedrywigheid van sir William het die Witness dadelik 'n gevaar gesien. Hy het die besluite tot stigting van takke van die Suid-Afrikaanse Party gesien as sinoniem met die invoer van nasionalisme, 'n uitvloeisel van die "afskuwelike"beleid van genl. Hertzog, en verklaar dat daar vir nasionalisme in Natal geen plek was nie. Hieroor het hy in 'n woordestryd met die Times of Natal gewikkel geraak wat nasionalisme geloof het as die eindoogmerk van die samevoeging van die twee taalgroepe. Die Witness het sir William 'n etiket, "Beaumontitis", om die nek gehang om aan te toon dat Natal deur 'n soort pessiekte getref is. Ook van die blad se briefskrywers het sir William verdoem en een het hom as 'n ekstremis en 'n gevaar vir die "Empire" bestempel.[17]

Sir William het die hoop gekoester dat sy twee pogings tot partystigting suksesvoller sou blyk te wees as wat dit oënskynlik was. Hierdie hoop het hy per brief teenoor genl. Botha uitgespreek en hom aangemoedig om Natal te besoek, soos hy op Greytown verneem het Botha van plan was om te doen.[18]

'n Besoek deur genl. Botha en die hou van 'n reeks reklametoesprake sou veel kon help om die Suid-Afrikaanse Party 'n behoorlike vastrapplek in Natal te gee, want die organisasie het nog maar eina-eina verloop. Van die besoek deur J.P. Jooste, sekretaris van die Hoofkomitee van die party, wat E.G. Jansen eind November 1911 al aangevra het,[19] het daar nog niks tereg gekom nie. Jooste was intussen ver= antwoordelik vir die administrasie van die party in Natal en die sekretarisse van alle Natalse takke is in kennis gestel om takbesonderhede aan hom te verstrek.[20]

---

15. The Times of Natal, 10 Sept. 1912, berig en hoofartikel; The Natal Witness, 12 Sept. 1912, brief deur J.G.H. Randles.
16. The Natal Witness, 14 Sept. 1912, voorblad; De Afrikaner, 16 Sept. 1912, berig; The Natal Mercury, 16 Sept. 1912, berig.
17. The Natal Witness, 17 Sept. 1912, hoofartikel; ibid., 18 Sept. 1912, briewe deur "Spectator" en W.H. Walker; The Times of Natal, 17 Sept. 1912, hoofartikel.
18. PM/OG, W.H. Beaumont -- genl. Botha, 14 Sept. 1912.
19. Sien Hoofstuk 3, besonderhede wat op voetnote 171-174 slaan.
20. De Afrikaner, 9 Sept. 1912, brief deur E.G. Jansen.

In die tweede helfte van September het hy deur middel van De Afrikaner kennis gegee van die hou van die tweede jaarkongres van die Suid-Afrikaanse Party op 20 November 1912 in Pretoria. Omdat daar in Natal nog geen distriksbesture bestaan het nie, het hy die takbesture aangeraai om gesamentlik drie besprekingspunte op die agenda vir die kongres te plaas.[21] In sigself is hierdie voorskrif oor die karige aantal besprekingspunte 'n duidelike bewys van hoe gering die party in Natal geag is. Later is aangekondig dat Jooste op 20 Oktober 'n besoek aan Vryheid sou bring om 'n distriksbestuur te help kies en om in oorleg daarmee drie besprekingspunte vir die agenda te keur.[22] Of hy die besoek afgelê het, is nie bekend nie. Bes moontlik het hy nie, want die stryd rondom Hertzog was toe reeds aan die oplaai.

Intussen is die Suid-Afrikaanse Party allermins met geesdrif in Natal begroet. Dit het adv. Fred. S. Tatham, 'n gesiene eertydse Natalse Parlementslid, na die pen laat gryp. Hy het die Natallers se huiwering om aan genl. Botha se oproep tot samewerking gehoor te gee, aan die deur van die pers gelê. Hy het die koerante tereg daarvan beskuldig dat hulle die taalgroepe eerder uitmekaar jaag as om respek vir mekaar te kweek, maar sy stellings is summier deur andersdenkendes verwerp.[23]

Genl. Botha sou by wyse van toesprake veel kon verrig om die Natallers se geesdrif vir die Suid-Afrikaanse Party op te wek, maar hy het in antwoord op sir William se brief laat weet dat, hoewel hy tydens sy besoek soveel lede van die publiek as moontlik privaat sou wil ontmoet, hy nie van plan was om enige openbare vergaderings toe te spreek nie.[24] Dit het sy Natalse ondersteuners uiteraard teleurgestel. De Afrikaner het Botha en sy ministers beskuldig dat hulle Natal afskeep. Die blad het verklaar dat Natal, wat in die volgende verkiesing die politieke slagveld van Suid-Afrika sou wees, beter behandeling behoort te ontvang.[25]

Dat daar 'n groot behoefte onder Botha se Natalse ondersteuners was dat hy die onderskeie kiesafdelings moes besoek, blyk uit uitnodigings wat hy van H.J. Bosman, Thomas Orr, Frank Reynolds en Henry Wiltshire, Volksraadslede van onderskeidelik Newcastle, Pietermaritzburg-Noord, Umzimkulu en Kliprivier ontvang het, maar hy het almal van die hand gewys.[26]

---

21. Ibid., 19 Sept. 1912, brief deur J.P. Jooste.
22. Ibid., 26 Sept. 1912, brief-berig.
23. The Natal Witness, 5 Sept. 1912, brief deur F.S. Tatham, en hoofartikel; ibid., 6 Sept. 1912, briewe deur "Spectator" en "Mark Fero".
24. PM/OG, genl. Botha -- sir William Beaumont, 23 Sept. 1912 (afskrif).
25. De Afrikaner, 7 Okt. 1912, hoofartikel.
26. PM/OG, Botha se korrespondensie met die genoemde here onder datum 19 en 23 September 1912 (Bosman), 4 Okt. 1912 (Orr), 14 Okt. 1912 (Reynolds), 21 en 29 Okt. 1912 (Wiltshire).

Veral Thomas Orr was bitter spyt dat genl. Botha geen openbare toespraak in Pietermaritzburg sou hou nie, want volgens hom is daar juis vry algemeen beweer dat Botha en sy kollegas bang was om op 'n openbare verhoog in Pietermaritzburg te verskyn. Hy wou dat die Opposisie met mening aangeval word met die nodige steun van lede van die Regeringsparty, maar watter steun word daar van hulle ontvang? het hy gevra. "None. We are left to plough our lonely furrows without countenance from those to whom we were entitled to look for support."[27]

Dit was 'n billike klag, veral as dit, soos Orr daarop gewys het, gesien word in die lig van die feit dat verskeie Unionisteleiers in die vorige twaalf maande 'n besoek aan Natal gebring het. Teen die einde van September het die Unioniste 'n weeklange organisasieveldtog in Natal gehou, maar sonder noemenswaardige geesdrif. Die Pietermaritzburgse stadsaal was maar twee-derdes vol toe sir Thomas Smartt, bygestaan deur adv. B.K. Long en sir David Hunter, die veldtog geopen het. Orr was oortuig dat as genl. Botha en ander partyleiers met 'n teenveldtog in Natal sou begin "we can knock the bottom out of Smartt's campaign here".[28] Dit was vanweë sy diepe oortuiging hiervan dat Orr so teleurgestel was oor die halsstarrigheid van Botha en andere om in Natal op te tree.

Genl. Botha kon egter nie aan Orr en sy kollegas se begeerte voldoen om openbare toesprake te hou nie, want hy het aan 'n keelaandoening gely en sy geneesheer het hom opdrag gegee om so min moontlik in die openbaar te praat.[29] Dit was egter geen verskoning vir die afwesigheid van die ander partymanne nie. Die beskuldiging dat Natal deur die partyleidig afgeskeep is en maar self sy potjie moes krap, is geregverdig.

Die Natallers het op eie houtjie voortgebou op die aanvoorwerk van F.S. Malan en sir William Beaumont en op 21 September 1912 is die Greytowntak van die party gestig -- die eerste in Umvoti. Daar was 'n opkoms van nagenoeg 100 Engels- en Afrikaanssprekendes in die stadsaal, byeengeroep deur O.R. Nel en P.R. Botha. W.J. Slatter is as eerste voorsitter verkies, met C.C. Nel sekretaris. Die res van die bestuur het bestaan uit C. Tatham, S. Carter, W.J.S. Newmarch, J. Marshall Handley, H.S. Stanford, P.R. Botha, O.R. Nel, H.S. Botha, P.H. van Rooyen en I.M. Nel. Die politieke bedrywigheid het die plaaslike koerant, The Greytown Gazette, laat voorspel dat Umvoti 'n belangrike plek in die komende politieke

---

27. Ibid., J. Orr -- genl. Botha, 4 Okt. 1912.
28. Ibid. Sien ook The Natal Mercury, 25 Sept. en 1 Okt. 1912, berig en hoofartikel; The Natal Witness, 26 en 27 Sept. 1912, berig en hoofartikel.
29. PM/OG, genl. Botha -- C.T.M. Wilcocks, 26 Okt. 1912 (afskrif).

stryd sou inneem.[30] Binne twee maande sou die optrede van sir George Leuchars aan homself en die kiesafdeling Umvoti 'n permanente plek in die Suid-Afrikaanse politiek besorg.

Die Kranskoptak van die Suid-Afrikaanse Party is ook in Umvoti gestig onder voorsitterskap van Adrian I.J. Nel,[31] met G.T. (Tommie) van Rooyen as sekretaris, van wie albei later meer gehoor sal word. Die res van bestuur was J.A. Nel, dr. Proksch, C.J. van Rooyen, P.J. Nel, F.E. van Rooyen, J.H. van Rooyen en eerw. Joh.Astrup.[32] Kranskop was 'n Afrikanervesting.

Die voorlopige besture van Pietermaritzburg het ook hul werk verrig. Vroeg in November is 'n tak van die party in Pietermaritzburg-Suid gestig onder voorsitterskap van sir William Beaumont, met H. Hime sekretaris en die res van die bestuur bestaande uit dr. J. Vrolik, A.O. Kufal, R.J. Harrison, H.A.P. Lyle, D. McKellar, R.D. Clark, J. Holey, J. Herschensohnn en kol. Maxwell. In Pietermaritzburg-Noord is 'n tak gestig met kol. J. Weighton as voorsitter, adv. J.G.H. Randles as sekretaris en T. Orr, J.R. Wright, W.J. Caster, G.H. Chick, C.H.R. Norman, H. Brown, Ed. Wainright, T.P. O'Meara, J. Hardy, W.J. O'Brien en C.L. Moorhouse as bestuurslede.[33]

Laasgenoemde drie takke het in 'n atmosfeer van oplaaiende politieke spanning tot stand gekom nadat genl. Hertzog op 5 en 12 Oktober sy omstrede toesprake op Nylstroom en Smithfield gelewer het. Die storm wat daardeur verwek is, en waaroor later uitgewei word, was nie bevorderlik vir die poginge om die Suid-Afrikaanse Party inslag in Natal te laat vind nie. Die Witness het Hertzog verdoem, maar hom ook gelukgewens, want die blad het geglo dat Hertzog met sy uitlatinge 'n welverdiende knou aan die Suid-Afrikaanse Party toegedien het. Ook Botha-ondersteuners soos Bill Griffin en Fred. S. Tatham het Hertzog se stellinge betreur.[34]

Thomas Orr, wat nog op 4 Oktober in sy reeds aangehaalde brief 'n beroep op genl. Botha gedoen het om genl. Hertzog na Natal te stuur om die Suid-Afrikaanse Party te propageer, het vol bitterheid gereageer. Hoewel Orr geweier het om teenoor die Witness kommentaar te lewer en verklaar het dat hy nie Hertzog se tolk is nie,[35] het hy in 'n brief aan Hertzog, waarvan hy 'n afskrif aan genl. Botha gepos

---

30. The Greytown Gazette, 20 Sept. 1912, hoofartikel. Sien ook ibid., 27 Sept. 1912, berig.
31. Sy eerste naam word in die koerante, dokumente en kieserslyste om die beurt met een en twee a's gespel. Op 'n dokument in besit van mev. M.M. Jansen het hy sy naam met een a geteken.
32. The Natal Mercury, 8 Nov. 1912, berig.
33. De Afrikaner, 4 en 14 Nov. 1912, berigte.
34. The Natal Witness, 10 en 11 Okt. 1912, voorblad.
35. Ibid., 11 Okt. 1912, voorblad.

het, ten sterkste beswaar gemaak teen wat hy bestempel het as Hertzog se poginge om rassehaat aan te wakker. In sy begeleidende brief aan Botha het hy verklaar dat Hertzog se aanvallende toesprake al die goeie werk ongedaan gemaak het wat Botha tydens sy besoek aan Natal verrig het, en vervolg: "It is quite hopeless for us who have thrown in our lot with you to continue our support if Ministers will deliver speeches which intentionally or otherwise fan the flames of racialism."[36]

As dit die reaksie van goedgesinde en ingeskrewe lede van die Suid-Afrikaanse Party was, dan kan dié van die anti-Regeringsgesinde Natallers beter begryp word. Die vraag of die Natallers oorgereageer het, kom nie hier ter sprake nie en word later beantwoord. Dit staan vas dat Hertzog se uitlatinge en die reaksie daarop die beeld van die Suid-Afrikaanse Party by sy geboorte beletsel het, en hieroor was genl. Botha erg onthuts. In sy private korrespondensie kom hy voor as totaal uit die veld geslaan. 'n Maand voor Hertzog se Nylstroomrede het Botha nog met groot optimisme aan lt.-kol. J.B. Seely van die Britse departement oorlog geskryf van die goeie uitwerking wat sy konsiliasiebeleid reeds meegebring het en van die "cordial co-operation between Briton and Boer"wat ingetree het.[37] Hertzog se toesprake het hierdie droombeeld verpletter, die Unionisteparty nuwe lewe ingeblaas en die Suid-Afrikaanse Party, veral in Natal, haas bespotlik gemaak.

Dit was waarskynlik die ontsteltenis hieroor wat genl. Botha, wat toe nog in Natal was, die kwaaiste hoofpyn denkbaar laat opdoen het -- iets waarmee hy nooit tevore gepla was nie. Hy skryf uit die hotel Camden, Pietermaritzburg, aan genl. Smuts: "... de ... ding die hen hier de duivel op die lyf gejaag heb is de toespraak van Hertzog te Nylstroom de geheele Natal voelt daarover beledigd, in Couranten Club straten huizen of net waar jy komt, en bestaat hier een ongehoorde opgewondenheid, die ons zoo als jy verstaan kan veel zeer kwaad doen, gister heb ik ons party hier ontmoet, en geloof my ook zy voel zoo dat men bykans niet met hen kunnen spreken, wat ik ook zeide en doen kryg ik net een antwoord, zy wordt beskouw als uitlanders, dus ou Jannie ik moet zeg ik heb geen begrip waarom of Hertzog zoo ver gaan .."[38]

---

36. PM/OG, J. Orr -- genl. Botha, met bylae: J. Orr -- genl. Hertzog (afskrif), albei 25 Okt. 1912.
37. Ibid., genl. Botha -- lt.-kol. J.B. Seely, 6 Sept. 1912 (afskrif).
38. Smuts Papers, Private 189, Vol. 10/B7, genl. Botha -- genl. Smuts, 10 Okt. 1912. Sien ook PM/OG, genl. Botha -- sir David Graaff, 11 Nov. 1912 (afskrif).

Te midde van die onstuimigheid oor Hertzog is die jaarkongres van die Suid-Afrikaanse Party van 20 November af in die Pretoriase stadsaal gehou en was daar, benewens sir William Beaumont, 'n stuk of 17 Natalse afgevaardigdes van Dundee, Greytown, Newcastle, Pietermaritzburg, Paulpietersburg, Utrecht en Vryheid.[39] Dit het saamgeval met die Unioniste se jaarkongres in Johannesburg, wat, volgens D. Paton hoofsekretaris van die Unionisteparty in Natal, deur 'n aggressiewer gees as ooit tevore gekenmerk is,[40] en sekerlik 'n uitvloeisel van die Hertzogdebakel was.

Op die kongres van die Suid-Afrikaanse Party het sir William Beaumont, as voorlopige voorsitter van die party in Natal, die kongresgangers van die Engelse se bereidwilligheid verseker om saam te werk. Onder luide toejuiging het hy hom verheug in die versoeningshouding van die Afrikaners jeens die Natalse afgevaardigdes op die kongres.[41] Ook die Unionistekongres, wat goed deur Natallers bygewoon is, is gekenmerk deur 'n gees van goedgesindheid jeens Natal. Dit was asof die provinsie, in die lig van Hertzog se optrede, deur albei partye as een van die vernaamste sleutels tot die politieke toestand beskou is, het die Witness dit opgesom en vervolg: " ... the spectacle is now presented of the two devils fighting for the soul of the peasant. Natal is going to be the cockpit of the next general election ... "[42]

Minder as drie weke later sou die Hertzog-Leuchars-bom ontplof en Natal in die brandpunt van die politiek plaas.

Die blad het hom skerp uitgelaat oor die belofte tot samewerking met die Afrikaners wat sir William namens die Natalse Engelse aan die kongresgangers gegee het en verklaar: " ... it has got to be understood and recognised that this great country has to be a great British country before the English will co-operate".[43]

So 'n vereiste het egter geen grondslag tot samewerking gebied nie, want dit het algehele prysgawe deur die Afrikaners geïmpliseer van die kultuurgoedere wat hulle vooropgestel het. Vele van die Engelse lede van die Suid-Afrikaanse Party het openlik of heimlik 'n soortgelyke offer van die Afrikaners geverg, want vir hulle was dit ook 'n geval van "Empire" eerste en dan Suid-Afrika.

---

39. Agenda van het 2de Jaarlikse Kongres van de Zuid Afrikaanse Partij gehouden in de stadzaal, Pretoria, 20 November 1912, en volgende dagen; De Afrikaner, 25 Nov. 1912, berig.
40. The Natal Witness, 26 Nov. 1912, voorblad.
41. De Afrikaner, 25 Nov. 1912, berig.
42. The Natal Witness. 21 Nov. 1912, hoofartikel.
43. Ibid., 25 Nov. 1912, hoofartikel.

Eerbiedig die Britse vlag, en ons sal hartlik saamwerk, was hul gesindheid, soos uitgedruk deur adv. J. Gilbert Randles, sekretaris van die SAP-tak Pietermaritzburg-Noord.[44] Suid-Afrikaanse nasieskap en nasionalisme was begrippe wat buite hul politieke denkpatroon geval het, vandaar die opskudding rondom genl. Hertzog wat in 1912 tot 'n klimaks gevoer is.

3. "Afrikaner" en "Vreemde Fortuinzoekers"

In die jaar van uniewording, op 25 Februarie 1910, het pres. Steyn aan genl. Smuts geskryf dat verdeeldheid die grootste gevaar was wat die Afrikanervolk voor die deur gestaan het. "De geschiedenis leer ons dat het Afrikaanse volk zowel politiek als op kerklik gebied steeds door zyn voormannen verdeeld is geworden. Als zulks nu weer mocht gebeuren wel, dan verdienen wy al de ellende die daarop mocht volgen."[45] Hy het dit nie voorsien dat sy woorde twee jaar later bewaarheid sou word en dat die twee voormanne, genls. Botha en Hertzog, die Afrikaners in twee sou skeur oor die Engelse nie.

Genl. Hertzog was, soos reeds aangetoon, van voor uniewording af 'n omstrede figuur en uiters ongewild by die Engelse, veral die Engelse pers. Die vraag waarom sy politieke optrede eers in die tweede helfte van 1912 in 'n krisis ontaard het, verdien aandag, want sy uitlatinge van 1912 by Nylstroom, Smithfield en De Wildt was maar 'n herhaling van wat hy en andere tevore reeds gesê het sonder dat 'n krisis daaroor ontstaan het.

In Februarie 1910 al het Hertzog in 'n toespraak op Bethulie hom uitgespreek teen immigrante wat na Suid-Afrika gekom, die land geplunder en dan padgegee het, en drie maande later is dieselfde gees deur die Times of Natal geopenbaar wat hom geskaar het teen diegene met 'n on-Suid-Afrikaanse gees en hulle as "uitlanders" bestempel het.[46] In Julie 1910 het genl. M.W. Myburgh hom in 'n verkiesingstoespraak op Vryheid op die beginsel Suid-Afrika eerste gestel en homself, as Britse onderdaan, 'n "Afrikaner" genoem. Op die vooraand van verkiesingsdag van daardie jaar het Abraham Fischer op Parys vir dr. Jameson uitgesluit van wat hy bestempel het as die Afrikaners, wat baas sou bly in Suid-Afrika. Later het hy verduidelik dat hy met die term "Africander" Suid-Afrikaners van enige nasionaliteit bedoel het wat Suid-Afrika hul tuiste gemaak het.

---

44. Ibid., 14 Sept. 1912, brief deur J. Gilbert Randles.
45. Smuts Papers, Private 188, Vol. 8/S101, M.T. Steyn -- genl. Smuts, 25 Feb. 1910.
46. The Natal Advertiser, 24 Feb. 1910, hoofartikel; The Times of Natal, 31 Mei 1910, hoofartikel.

In Julie 1911 het sir George Leuchars op 'n vergadering in sy kiesafdeling Umvoti die Unioniste met die "floating population" vereenselwig en gesê dit sou 'n kwade dag wees as die land deur hierdie "floating population" pleks van die permanente ingesetenes regeer word.[47] Op 5 Desember 1911 het genl. Hertzog hom in 'n toespraak op Germiston teen die kreet "Vote British" uitgespreek soos aangehef deur sir Percy Fitzpatrick, asook teen daardie groep wat gereed was om die stof van die land van hul skoene te vee sodra die dinge waaruit hulle voordeel geput het, nie langer sou bestaan nie.[48]

Bogemelde uitlatinge deur Myburgh en Leuchars het geen kommentaar ontlok nie; oor dié van Hertzog en Fischer het die Engelse pers stof opgeskop, maar dit het spoedig gaan lê. Waarom? Daar is 'n paar moontlike antwoorde: dat die tyd nog nie ryp was vir 'n groot lawaai nie; dat die Engelse se drinkbeker nog nie vol genoeg was nie; dat daar nog nie 'n Leuchars in die Kabinet was wat hom, ná hewige aanvalle, in die oë van sy eie mense wou rehabiliteer nie; dat daar nog steeds gehoop is dat genl. Botha sy eie "belhamels" sou vasvat.

Hoe dit ook al sy, die uitlatinge het nie eens 'n sweem van 'n krisis veroorsaak nie. Intussen het die veldtog teen Hertzog voortgeduur, want sy toesprake is deur die Engelse pers met 'n vergrootglas ontleed. Boonop was Hertzog nie baie taktvol in wat hy gesê en wanneer hy dit gesê het nie. Die goedige dr. O'Grady Gubbins het in Augustus 1911, kort voor sy dood van sy siekbed af op pittige wyse aan genl. Smuts geskryf en gevra of Hertzog dan nie 'n klem-in-die-kaak-inspuiting toegedien kon word nie, want hy was net so borrelend-babbelend soos Tennyson se stroompie.[49] Die Unionis C.P. Crewe, wat 'n lewendige korrespondensie oor politieke sake met genl. Smuts gevoer het, het gekla dat die toesprake wat Hertzog van plek tot plek gelewer het, so verskillend was dat dit hom verbyster het.[50] F.V. Engelenburg het op sy beurt die versekering gegee dat Hertzog geen ekstremis was nie, maar bloot 'n roekelose politieke amateur wat voortdurend die verkeerde dinge op die verkeerde oomblik gesê of gedoen het.[51]

---

47. Hoofstuk 2, besonderhede wat op voetnote 96 en 112 slaan; Hoofstuk 3, besonderhede wat op voetnoot 50 slaan.
48. D.W. Krüger, South African Parties and Policies 1910-1960, pp. 61-62.
49. Smuts Papers, Private 189, Vol.9/G18, O'Grady Gubbins -- genl. Smuts, 14 Aug. 1911. Dit is 'n verwysing na lord Alfred Tennyson (1809-1892) se gedig The Brook.
50. Ibid., Vol. 9/C9, C.P. Crewe -- genl. Smuts, 17 Aug. 1911.
51. Engelenburgversameling, F.V. Engelenburg -- S.H. Short, 14 Des. 1912 (afskrif). Sien ook PM/OG, W.H. Griffin -- genl. Botha, 17 Des. 1912.

In Natal, soos elders in die land, is Hertzog se woorde en die gees waarin hy dit uitgespreek het, feitlik deurgaans deur die Engelse pers met kwalik bedekte kwaadwil as die gedweep van 'n rassefanatikus voorgehou. Met die uitsondering van die Times het al Natal se Engelse koerante hulle hieraan skuldig gemaak. Dit was geen seldsaamheid nie dat toesprake van Hertzog waarin hy hom sterk ten gunste van versoening tussen die taalgroepe uitgespreek het, uit verband geruk en as uiterste voorbeelde van rasse-opsweping voorgehou is. Op 20 April 1912 het hy dit byvoorbeeld op Swellendam beklemtoon dat die posisie waarin die Afrikaner hom bevind het, die gevolge van die geskiedenis was en dat die Britse regering nie daarvoor te blameer was nie, daarom moes sy woorde nie as 'n aanval op die Engelse beskou word nie. Hy het uitdruklik verklaar dat daar baie "Africanders" was, onder wie hy Engels- en Afrikaanstaliges ingesluit het, wat onderlinge samewerking noodsaaklik geag het om te verseker "that the Government in South Africa was the Government of Africander by the Africander, and for Africa".[52]

Op hierdie woorde, wat in sy eie kolomme as nuusberig verskyn het, het die Witness die volgende dag die volgende skewe kommentaar gelewer: "General Hertzog laid down at Swellendam the doctrine of Africa for the Africanders, that narrow, parochial, unpatriotic doctrine, which springs from brains obsessed by race hatred and so restricted in their outlook that any realisation of what is meant by 'Empire' is hopeless to expect of them. The whole tenor of General Hertzog's speech was an exhortation to the Dutch to stand against British encroachments."[53]

Skewe voorstellinge van Hertzog se woorde en/of bedoelinge was eerder die reël as die uitsondering, want die Engelse pers het uit al sy toesprake politieke munt probeer slaan. Die taktiek wat deurgaans in die projektering van Hertzog gevolg is, was om sy karakter en bevoegdhede verdag voor te stel en van daaruit sy stellinge te "ontleed" en as onaanvaarbaar te verwerp. Die doel was om in 'n openlike konfrontasie met Hertzog 'n skeuring in die Afrikanergeledere te veroorsaak en daaruit gesagsvoordeel vir die Engelse te probeer verkry.[54]

---

52. The Natal Witness, 22 April 1912, berig.
53. Ibid., 23 April 1912, hoofartikel.
54. Vgl. A.H. Marais, Die Politieke Uitwerking van die Verhouding van die Afrikaanssprekende tot die Engelssprekende 1910-1915, p. 184; M.H. Kunneke, Hertzogisme: Genl. J.B.M. Hertzog in die Engelstalige Pers 1908-1914, veral pp. 98 en 134-135. Sien ook hierbo Hoofstuk 1, besonderhede wat op voet=noot 3 slaan.

In die strewe na hierdie ideaal is daar toenemende druk geplaas op diegene, soos sir George Leuchars, wat saam met die "rassehatige" Hertzog in dieselfde span getrek het.

Dit was bes moontlik hierdie voortdurende persaanvalle op hom wat Hertzog daartoe genoop het om op 5 Oktober op Nylstroom skerp terug te kap, soos die Times of Natal agterna ter verdediging van Hertzog verduidelik het.[55] Die onmiddellike aanleiding daartoe was egter die rede wat sen. kol. J.J. Byron van die Vrystaat pas tevore op 24 September in Natal gelewer het. Sen. Byron het sir Thomas Smartt bygestaan in die Unionisteveldtog wat eind September in Natal gehou is en waarna hierbo verwys is. Byron het Hertzogisme aangeval as die euwel wat in die breë die imperiale ideaal in die wiele gery en in 'n enger sin die rol en betekenis van die Engelse in Suid-Afrika ondergraaf het, met as uiteindelike mikpunt Afrikaneroorheersing in alle opsigte. Hertzog het hy uitgesonder as die man wat probeer verseker het dat die Afrikaner in die land baas sou word.[56] 'n Verslag van Byron se toespraak het op 25 September in die pers verskyn, op 2 Oktober is daar nog kommentaar daarop gelewer en drie dae later het Hertzog sy nou reeds alom bekende toespraak op Nylstroom gehou.

Hertzog het pertinent na sen. Byron en sir Thomas Smartt verwys.[57] Hy het verklaar dat Byron die saak reg opgesom het deur te beweer dat die Regering hom daarop ingestel het om die Afrikaner baas te maak in Suid-Afrika. Die Afrikaner was baas en sou baas bly. Die stryd was nie tussen Hollands- en Engelssprekende Afrikaners nie, maar tussen hulle tesame aan die een kant en "vreemde fortuin=zoekers", hoofsaaklik Engelssprekendes soos Byron en Smartt, aan die ander kant. Op 12 en 22 Oktober het Hertzog op onderskeidelik Smithfield en in Johannesburg sy Nylstroomuitlatinge herbevestig en verduidelik dat hy met "Afrikaner" bedoel het "Suid-Afrikaner". Dit was die Suid-Afrikaner wat moes baas wees in Suid-Afrika, en dit was wat hy op Nylstroom bedoel het.[58]

---

55. The Times of Natal, 10 Okt. 1912, hoofartikel.
56. Vgl. Kunneke, Hertzogisme: ..... , pp. 95-96; Marais, Die Politieke Uitwerking ... , p.186
57. P. Lewsen, Selections from the Correspondence of John X. Merriman, 1905-1924, VRS 50, p.226, voetnoot 49, beweer dat Hertzog na "kol."L. Byron, Natalse "Senator" en LPR verwys het. Dit is foutief. Lewis E.D. Byron van Natal het eers in 1948 Senator geword en het tydens 'n onderhoud wat die skrywer hiervan in 1973 met hom gevoer het, die rang van majoor gehad. Sien i.v.m. sy termyn as Senator Parlementêre Register 1910-1961, p.49.
58. Vgl. Kunneke, Hertzogisme: ... , pp. 101-106; Marais, Die Politieke Uitwerking ... , pp. 194-196.

HERTZOG EN HERTZOGISME

. . . FREE STATE IDYLL . . .

Hertzog has a little lamb,
Whose name I think you know;

And everywhere that Hertzog speaks
That lamb is sure to go!

. . . THE TWO WHEELBARROWS . . .



Die uitlatinge het 'n storm van verontwaardiging dwarsdeur Suid-Afrika ontlok. In Natal het die andersins besadigde Mercury skerper kommentaar gelewer as ooit tevore. Hy het verklaar dat 'n kwaadwilliger en beledigender toespraak as wat Hertzog op Nylstroom gelewer het, kwalik bedink kon word en dat Botha hom in die pad behoort te steek voordat hy erger skade aanrig. "It is simply monstrous that men of British birth and nationality who elect to make their homes and live their lives in South Africa should be held up to scorn as 'foreign adventurers' by upstart lawyers and pettifogging politicians of the Hertzog type." Mense soos sir Thomas Smartt en kol. Byron en duisende ander wat in Engeland gebore is en hul tuiste in Suid-Afrika gemaak het, het meer tot die ontwikkeling van die land bygedra as al die Hertzogs wat die land ooit gehad het of sou hê. "The men who have made this country what it is to-day are not the backveld farmers and the third-rate lawyers whose main claim to distinction appears to be that they call themselves Africanders, and can speak the Taal."[59]

Die Witness het op sy bekende opruiende wyse onder Hertzog ingevaar en hom die soveelste keer as aartsrassehater voorgehou. Die blad het genl. Botha, wat toe in Pietermaritzburg was, gestriem om sy stilswye en sy weiering om 'n onderhoud oor Hertzog aan hom toe te staan.[60] Die Advertiser het die spot gedryf met Hertzog se verwysing op Smithfield na die Natallers as goeie Suid-Afrikaners en die Pictorial het voorgestel dat Hertzog ook soos genl. Botha 'n liefde vir gholf behoort te ontwikkel, want dit sou hom in staat stel om sy verskille met Smartt op die gholfbaan uit te stryk.[61]

Natal was politiek aan die gons. Uit Pietermaritzburg het genl. Botha aan pres. Steyn geskryf dat hy slegs die Natallers se kommentaar op Hertzog se Nylstroomtoespraak te lees gekry het, "echter zyn zy net zoo's een wilde paard wat jy een blik aan de staart heb gebonden".[62]

Botha het die wilde perd probeer tem deur, ten spyte van sy keelaandoening, tog 'n kort openbare toespraak in Natal te lewer. Dit was op 'n burgerlike eetmaal op 17 Oktober in Durban se stadsaal waar hy onder gelag en toejuiging verklaar het dat daar te veel toesprake in Suid-Afrika gehou word en dat daar al dinge

---

59. The Natal Mercury, 8 Okt. 1912, hoofartikel.
60. The Natal Witness, 9, 10 en 16 Okt. 1912, voorblad en hoofartikels.
61. The Natal Advertiser, 16 Okt. 1912, hoofartikel; The Pictorial, 24 Okt. 1912, p.100, rubriek,"By the Way".
62. Steynversameling, 156/1/6, genl. Botha -- pres. Steyn, 12 Okt. 1912. Marais, Die Politieke Uitwerking ... , p. 192, haal die woorde uit dieselfde bron so aan: "echter zijn zij net soos een wilde paard wat jij een blik aan de staart heb gebonden".

gesê is wat liewer anders gestel moes gewees het. Hy het 'n beroep op almal gedoen om kleinighede te vergeet en hulle nie te laat verdeel deur mense wat daarop uit was om hulle uitmekaar te hou nie. Vir hierdie ligtelike dog duidelike kritiek op Hertzog het hy lof ingeoes as 'n man wat gerespekteer kon word, want hy het nie deur die land loop en skree van Afrikanerbaasskap en sy politieke opponente "vreemde fortuinsoekers" genoem nie.[63]

Nie almal is gekalmeer nie. Hugh M. Meyler het op 'n vergadering op Nottingham-weg met verbittering teen Hertzog uitgevaar en verklaar dat genl. Botha nie verantwoordelikheid vir sy kollega se uitlatinge kon ontduik nie.[64] Dit was ook in hierdie stadium dat Thomas Orr sy misnoeë met Hertzog se optrede per brief aan laasgenoemde en aan Botha gelug het. Botha het onderneem om Hertzog te probeer oorreed om 'n besoek aan Pietermaritzburg te bring en sy saak te stel.[65]

Een van Botha se trouste volgelinge in Natal, Frank Reynolds, LV vir Umzimkulu, wou in hierdie stadium bedank vanweë die heersende droogtetoestand en het sir William Beaumont as sy opvolger aanbeveel. Reynolds het egter nie sy voorneme uitgevoer nie[66] en genl. Botha daardeur verdere ongemak bespaar, want sy bedanking sou gewis met Hertzog se optrede in verband gebring word.

Hertzog is uit die geledere van Natal se Engelstalige pers deur die Times verdedig. Dié het hom daardeur die verdoeming van die Witness op die hals gehaal wat met veragting na die bondgenootskap tussen Natal se "Hollander press" en die voorstanders van Hertzogisme verwys en vervolg het: "We, too, in this Province may have our opinions about 'foreign adventurers' -- such, for example, as the sons of Holland who came out to this country, run newspapers, meddle in our politics, and try to teach us our business."[67]

Die Times het verklaar dat wanneer daar voortdurend speldeprikke soos deur o.a. die Witness aan die Afrikaners uitgedeel word, dit te verstane was dat 'n man soos Hertzog soms dinge sou sê wat hy nie moes sê nie. Hy het verklaar dat

---

63. The Natal Mercury, 18 Okt. 1912, berig en hoofartikel.
64. The Natal Witness, 24 Okt. 1912, voorblad.
65. PM/OG, genl. Botha -- T. Orr, 29 Okt. 1912 (afskrif).
66. Ibid., Frank Reynolds -- genl. Botha, 14 en 17 Okt. en 16 Des. 1912.
67. The Natal Witness, 12 Okt. 1912, hoofartikel. 'n Halfeeu later is daar in 'n ope debat van Westville se stadsraad oor die stryking van die Union Jack al dan nie, na die skrywer hiervan, toe 'n verslaggewer van 'n Afrikaanse koerant, verwys as "this foreign correspondent poking his nose into our affairs".

Hertzog op Nylstroom, net soos Rudyard Kipling in 'n ander verband, slegs voorspraak vir Suid-Afrika gemaak het as:

" 'Daughter in her mother's house,
But mistress in her own.' "[68]

Die blad het Hertzog se gebruik van die woord "Africander" op Nylstroom verdedig deur te verklaar dat dit vir sekere mense albei taalgroepe omvat het. Dit was ook die betekenis wat Hertzog daaraan geheg het, het die blad verklaar en vervolg: "It was in this sense that the 'Saturday Review' (that prominent organ of British Unionism) made reference last week to Rhodes as 'a great Africander'. It was in this sense that the late Edmund Garrett, the gifted editor of the 'Cape Times', and the greatest journalist that South Africa has ever seen, called the first book which he wrote on South Africa, 'In Africanderland'. If General Hertzog has committed an error of nomenclature, he is in distinctly British company!"[69]

Hiermee het die blad 'n saak aangeraak waaroor daar sedertdien al veel geredekawel is.

Dit is so dat die term "Afrikaner" nie uitsluitend op die Afrikaners van toepassing was nie. Genl. Hertzog het al voor die Tweede Vryheidsoorlog, terwyl hy student in Nederland was, in 'n artikel verklaar dat die term "Afrikaner" op sowel Hollands- as Engelssprekendes van toepassing was wat hul belange met Suid-Afrika verbind en die land as tuiste aanvaar het.[70] In September 1910 het Abraham Fischer in sy reeds aangehaalde toespraak op Parys die term "Africander" gebruik en daarmee Engels- en Afrikaanssprekendes bedoel. Reeds voor die krisis oor sy Nylstroom-toespraak het Hertzog op 20 April 1912 op Swellendam verwys na "many Africanders, Dutch as well as English".[71] Vir hom sou die term "Afrikaner" selfs die Swartmense omvat, want op 21 Julie 1921 het hy aan Clements Kadalie, algemele sekretaris van die Industrial and Commercial Workers' Union, geskryf: "..... we must also see that there is established between the white and black Afrikander that faith in and sympathy with one another which is so essential for the prosperity of a nation".[72]

---

68. The Times of Natal, 11 Okt. 1912, hoofartikel.
69. Ibid., 10 Okt. 1912, hoofartikel.
70. D.J. Kriek, "Generaal Hertzog se opvattinge omtrent die verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekendes voor Uniewording (1890-1910)", Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 12(2), Junie 1972, p.72.
71. The Natal Witness, 22 April 1912, berig.
72. Hertzogversameling, J.B.M. Hertzog -- Clements Kadalie, 21 Julie 1921 (afskrif).

Midde-in die Hertzogkrisis het genl. Botha aan pres. Steyn oor die krisis geskryf en verwys na "Engelse Afrikaners" en "de Hollandse Afrikaners".[73] De Volkstem het die Engelssprekende Ralph Tatham "'n geboren Afrikaner" genoem en terme soos "de hollandse Afrikaner" en "de engelse Afrikaner" afgewissel met "de Afrikaner van engelse-huize" en "de Afrikaner van hollandse oorsprong".[74]

Ook aan Engelse kant het die term "Afrikaner" 'n betekenis gehad wat albei taalgroepe omvat het. Edmund Garrett van die Cape Times se In Afrikanderland[75] is in 1906 opgevolg deur A.R. Colquhoun se The Africander Land. Colquhoun het self verklaar dat hy die term "Africander" met opset gekies het omdat hy dit as van toepassing op albei taalgroepe beskou het, vandaar sy gebruik van die "Taal-speaking Africander", "English Africanders", the back-veld Africander, Dutch or even English". Hy het die hoop gekoester dat die onderrig van Engels aan Hollandssprekende kinders daartoe sou lei dat die twee Blanke taalgroepe hul verskille sou uitstryk "on a common Africander platform". Colquhoun het geglo dat die naam "Afrikaner" net sowel 'n geboortereg van die Engelsman as van die Afrikaner was, en het sy betoog in die voorwoord tot sy boek so afgesluit: "I appeal .... to my kinsmen in South Africa to take up their birthright and claim their part as Africanders."[76]

Ook vir J.T. Molteno, Speaker van die Kaapse Parlement, het "Afrikaner" 'n omvattende betekenis gehad as synde die benaming vir diegene wat dit wel met Suid-Afrika bedoel het. In sy oë was dr. L.S. Jameson, vanweë sy strooptog, 'n vrybuiter en rassehater en het hy dit as die toppunt van onnoselheid beskou dat "the English-Afrikander" vir Jameson as Kaapse premier verkies het. Molteno het die woord "Afrikanderdom" op 4 Oktober 1899 die eerste keer uit die mond van sir Alfred Milner gehoor. Daarna, sê hy, het daar uit daardie "Afrikanderdom" die Unie van Suid-Afrika gegroei, "a union of races and of hearts. Afrikander-dom resurgent, Afrikanderdom triumphant."[77]

---

73. PM/OG, genl. Botha -- mev. Steyn en bylae: Botha -- pres. Steyn, albei 17 Des. 1912 (afskrifte).
74. Ibid., Ralph Tatham -- genl. Botha, 4 Des. 1912, en bylae: knipsel uit De Volkstem, 3 Des. 1912.
75. F.E. Garrett, "In Afrikanderland and the Land of Ophir; Notes and Sketches in Political, Social and Financial South Africa", Pall Mall Gazette 'Extra', No. 58, London, 1891.
76. A.R. Colquhoun, The Africander Land, pp. xiii, 141, 167 en 183.
77. J.T. Molteno, The Dominion of Afrikanderdom, pp. 182-184, 194-197, 214, Further South African Recollections, p. 89.

Op 3 Mei 1910 het daar in die Mercury 'n brief deur ene "Sacheverell" verskyn waarin hy enersyds neerhalend verwys het na "men who are neither British nor Dutch Africanders", en andersyds met lof gepraat het van "British Africanderism" in "our Africander land, our home".[78] Die briefskrywer was waarskynlik niemand anders nie as die latere Unionistekandidaat in Pietermaritzburg-Suid, adv. Cecil Audley Sacheverell Yonge.[79]

Sir George Leuchars om wie se toedoen Hertzog uit die Kabinet gesit sou word, is op 11 Oktober op Camperdown in sy kiesafdeling in skerp kruisverhoor geneem oor Hertzog en het net-net 'n mosie van wantroue misgeloop. Tydens die ondervraging het hy verduidelik dat Hertzog se Hollandse toespraak op Nylstroom waarskynlik nie behoorlik vertaal is nie. "When he (Hertzog) calls them Africanders he says distinctly the English section and the Dutch section of the Africanders. The Dutch word for a South African is 'Africander', and if he had spoken in English I have no doubt that he would have used the words 'South African'."[80] Teen die einde van November het Leuchars homself op 'n byeenkoms van die Skotse Vereniging in Johannesburg as "an Afrikander" gedoop en verklaar dat die Regering aan onverdiende kritiek onderwerp is.[81] Hy het dit met spesifieke verwysing na die kritiek op Hertzog gesê.

Leuchars se politieke opponent van dieselfde party, Bill Deane, het hom in Augustus 1915 op 'n verkiesingsvergadering op Kranskop, Umvoti, soos volg oor die Suid-Afrikaners in die algemeen uitgelaat: "They were Africanders, and he wished to use that term throughout. They had had Union now for five years, and therefore do not let them speak of Dutch, English, and German. They were Africanders ... "[82] Die vorige jaar het eerw. William Eveleigh van Kimberley 'n artikel onder die opskrif "What Africanders Read" in The Book Monthly gepubliseer waarin hy 'n uiteensetting van die leesgewoontes van die Afrikaans- en Engelssprekendes gegee het.[83]

Dit is bogemelde omvattende betekenis wat Hertzog aan die woord "Afrikaner" geheg het, want hy wou Engelsman en Afrikaner wat Suid-Afrika as hul land aanvaar

---

78. The Natal Mercury, 3 Mei 1910, brief deur "Sacheverell".
79. Vgl. The Province of Natal Official Gazette, No. 20, 8 Sept. 1910; The Natal Mercury, 4 Mei 1910, brief deur "The Tram Conductor".
80. The Natal Mercury, 12 Okt. 1912, berig.
81. The Natal Witness, 3 Des. 1912, voorblad.
82. The Greytown Gazette, 27 Aug. 1915, berig.
83. Oorgeneem deur The Natal Advertiser, 23 Maart 1914.

het, onderskei van die trekvoëls wat net aas en dan padgee. "Rightly then", het die Penny Mail hom verdedig, "the Africanders must be 'baas', and not the birds of passage."[84]

Dit sou vrugteloos wees om hieroor te wil twis, maar dan moet daar in ag geneem word dat die woord "Afrikaner" vir twee vertolkings vatbaar was. Dit is twyfelagtig of Hertzog se toehoorders op Nylstroom dit anders as in sy eng Afrikanerbetekenis vertolk het. Hertzog moet dit besef het en daarom versigtiger gewees het. Om egter te sê dat hy die woord uit koppigheid gebruik het,[85] doen hom 'n onreg aan. Die woord was immers in sy omvattende betekenis in gebruik, hy het reeds in sy Nylstroomtoespraak 'n omskrywing gegee van wat hy daaronder verstaan het en dit in latere toesprake nader omskryf. Dit was eerder diegene wat hom, ten spyte van sy verduideliking, bly veroordeel het wat met koppigheid volhard het. Geen opheldering van die saak deur Hertzog was vir hulle aanvaarbaar nie, want sy uitgangspunt was te eng Suid-Afrikaans vir hul imperiale gesindhede en oogmerke. Daarom is Hertzog se verduideliking op Smithfield van sy Nylstroomtoespraak met veragting verwerp.[86]

Dit was Hertzog se beklemtoning van Suid-Afrika se belange wat die Engelse se senuweepunte aangeraak het. Dit blyk veral uit Leuchars se optrede, hoewel die druk wat van Engelse kant op hom toegepas is, nie buite rekening gelaat moet word nie.

Op die verguising van Leuchars en sy ses mede-oorlopers na die Regering is reeds diep ingegaan. Hulle sou slegs verskoon kon word deur terug in die kraal te spring of Hertzog uit die Regering te dryf. Na Hertzog se Nylstroomtoespraak het Leuchars hom wel deels gerepudieer oor sy verwysing na Smartt en Byron as "vreemde fortuinzoekers", maar hom origens verdedig. Hy het dit op Camperdown gedoen en weer voor die Skotse Vereniging in Johannesburg. By laasgenoemde geleentheid het Leuchars, in antwoord op William Hosken se veroordeling van die Regering se "rassisme", sterk na vore getree as Hertzog se kampvegter. Hy het verklaar dat hy 'n weergawe van Hertzog se Nylstroomtoespraak van homself ontvang het en dat daar 'n verskil was tussen die woorde wat Hertzog gebesig het en die persweergawes daarvan. Hertzog se woorde, het Leuchars verduidelik, was "fortune-seekers from abroad", altans, so moes dit vertaal gewees het, dog die

---

84. Hertzogversameling, Band 121, knipsel: Grocott's Penny Mail, 30 Okt., 1912, hoofartikel.
85. A.N. Pelzer, "Die De Wildt-toespraak van Generaal Hertzog in die Lig van Latere Gebeure", in P.J. Nienaber (red.), Gedenkboek Genl. J.B.M. Hertzog, p. 260.
86. Sien o.a. The Natal Witness, 16 Okt. 1912, hoofartikel.

koerantmanne het dit vertaal as "foreign adventurers". Onder krete van "Same thing!" het Leuchars gesê dat hy dit as Engelsman moeilik kon begryp waarom die Engelse in Suid-Afrika so gevoelig was. In Engeland het die leier van die opposisie die eerste minister "a gambler and adventurer" genoem en daar is geen ophef van gemaak nie. Buitendien, het hy voortgegaan, het Hertzog nie eens die bedoeling gehad om diegene te beledig wat na Suid-Afrika gekom het nie.[87]

Leuchars het sy verdediging seer sekerlik nie met volle oorgawe gelewer nie, want daarvoor was hy te Brits in sy uitkyk en geensins 'n geesgenoot van Hertzog nie. Om alles te kroon, het sy verdediging van sy kollega hom vernietigende kritiek op die hals gehaal. Die Sunday Post het in sy goed= praat van Hertzog 'n bewys gevind dat Leuchars bloot 'n meeloper van die Afrikanerregering was en dat hy derhalwe liewer moes bedank.[88] Die Pretoria News was van mening dat Leuchars se verknogtheid aan sy Kabinetspos hom ver= hinder het om Hertzog se "rassehatige" uitlatinge te verdoem, terwyl die Sunday Times Leuchars se verwysing na die oorgevoeligheid van die Engelse afgemaak het met: "... in our opinion Colonel Leuchars' politics are rubbish, and .... the sooner he ceases to trouble up-to-date South Africans with them, the better it will be for everybody".[89]

Hierdie kritiek is ten volle onderskryf deur die anti-Regeringsgesinde Natalse pers. Die Witness kon Hertzog nie skerp genoeg verdoem nie en het daarop aangedring dat genl. Botha en sy hele Kabinet hom moes repudieer. Die Mercury het dit aan Leuchars voorgehou dat daar nie verskillende denkrigtinge oor belangrike sake uit een kabinet na vore mog kom nie; met ander woorde, solank Leuchars in gebreke sou bly om Hertzog te repudieer, het hy laasgenoemde se "eng" sieninge onderskryf.[90] Om daardie rede was Leuchars 'n propageerder van Afrikanernasionalisme ter wille waarvan Hertzog en sy "fanatics" elkeen met verstand, geld en 'n behoorlike opvoeding uit die land sou verwilder, tensy dié sou kon sê dat sy oupa 'n agtertangse Boer was. So het Leuchars gehelp om Hertzog se nasionalisme te verkondig, pleks van dit te beveg as 'n vreemde groeisel "(that) stands for narrow parochialism, bitter racialism and anti-Imperialism".[91]

---

87. Ibid., 3 Des. 1912, voorblad.
88. PM 1/1/495, p. 124, knipsel, Sunday Post, 20 Okt. 1912, hoofartikel.
89. Aangehaal deur The Natal Witness, 5 Des. 1912, voorblad.
90. Vgl. ibid., 16 Okt. 1912, hoofartikel; The Natal Mercury, 14 Okt. 1912, hoofartikel.
91. The Natal Witness, 16 Okt. 1912, hoofartikel.

Vir Leuchars moet dit bitter gewees het om saam met Hertzog as 'n anti-imperialis gebrandmerk te word. Hy het hom dan juis op die Bloemfonteinse stigtingskonferensie van die Suid-Afrikaanse Party daarop beroem dat hy 'n imperialis was. Die druk wat sedert eind 1910 op hom toegepas is omdat hy hom by die "Nationalists" geskaar het, het te hewig begin word. Waarom dit langer probeer weerstaan as hy juis nie op sy gemak in sy Kabinetspos was nie en al herhaaldelik gevra het om van sy pligte onthef te word?[92] Leuchars het die toestand bereik waarna diegene wat die druk toegepas het, uitgesien het. Daar is besef dat as òf Botha òf Leuchars onder die aanhoudende aanvalle sou knak, 'n Kabinetskrisis onvermydelik sou wees - met 'n gevolglike skeuring in Afrikanergeledere.[93]

Al wat nog kortgekom het, was die spreekwoordelike laaste druppel. Daarvoor het genl. Hertzog gesorg met sy toespraak van 7 Desember op De Wildt, waar hy onder andere verklaar het dat imperialisme vir hom net goed was vir sover dit van nut vir Suid-Afrika was; waar dit in botsing sou kom met die belange van Suid-Afrika, was hy 'n besliste teenstander daarvan.[94]

Dit was hierdie anti-imperialistiese stelling wat Leuchars aangegryp het as rede vir sy bedanking uit die Kabinet, waaroor aanstons meer. Die bohaai wat toe nog steeds opgeskop is oor Hertzog se vroeëre veroordeling van "vreemde fortuinzoekers" het Leuchars weinig geskeel. Hy was immers self daarteen dat Suid-Afrika deur die "floating population" regeer word wat hy met die Unioniste vereenselwig het.[95] 'n Onderhoud wat 'n spesiale korrespondent, ene Drew, met Leuchars op die Pretoriase stasie pas na sy bedanking gevoer het en wat in verskeie koerante verskyn het, toon duidelik watter druk daar op hom toegepas is, waarom dit gedoen is en watter uitwerking Hertzog se anti-imperialistiese stelling gehad het. Hier volg 'n deel van die verslag;

Verslaggewer: "Colonel Leuchars, a good many Britons in this country will thank you for the step you have taken. They will feel you have vindicated your reputation as a loyal Britisher."
Leuchars: "You and your friends on the Press did not give me much credit for remaining British. I was assaulted as if I were a renegade."

---

92. Vgl. Marais, Die Politieke Uitwerking ... , p. 207; The Natal Witness, 17 Des. 1912, voorblad.
93. Vgl. Kunneke, Hertzogisme: ... , pp. 100, 103-104, 110.
94. D.W. Krüger, South African Parties and Policies ... , p. 66.
95. Sien Hoofstuk 3, besonderhede wat op voetnoot 50 slaan.

Verslaggewer: "Could you blame us, seeing the political company you were keeping? What were we to think when General Hertzog made his racial speeches, and there came no word of protest from you? When you were silent, though he described British South Africans as foreign adventurers, and, at last, even announced that he had no use for the Empire except for what he could get out of it?"

Leuchars: "I did not attach so much importance to the phrase 'foreign adventurers' but the remark about the Empire was serious. The next morning, when I saw it in the paper, I went to General Botha and made my protest."

Verslaggewer: "It is what we would have expected you to do when you first joined the Botha Government. Indeed, some of us have felt all along that if the Natal members of the Nationalist Party had not lost their British feelings, that open rupture with Hertzog was bound to come; but you had endured so much that we began to wonder how much more you could stand."

Hierop het Leuchars verduidelik dat hy nie sonder 'n definitiewe rede kon bedank nie, en daardie rede is aan hom gebied deur Hertzog se uitspraak teen die "Empire". Dit alleen het hom laat bedank, of soos hy in 'n boodskap aan die Natallers by-gevoeg het: "Tell them that I resigned simply and solely because I could not endure the anti-Imperial and anti-British sentiments in the speeches of General Hertzog."[9]

Leuchars het agterna die juistheid van die berig bevraagteken en aan die nuus-agentskap Reuter verklaar dat as hy 'n boodskap aan Natal te rig had, hy dit van die openbare verhoog af sou gedoen het. In 'n telegram aan genl. Botha het hy verduidelik dat die onderhoud deur die verslaggewer Drew op hom afgedwing was, dat hy verkeerd gerapporteer is en dat hy geen boodskap aan Natal gerig het nie. Die dag na sy telegram aan Botha het daar egter 'n beriggie in die Transvaal Leader verskyn dat Drew 'n telegram uit Durban ontvang het met die inligting dat Leuchars sy repudiëring van die onderhoud teruggetrek het.[97]

Leuchars het verniet stof probeer opskop, want wat in die hierbo vermelde onder-houd vervat is, stem presies ooreen met latere verklarings deur hom soos deur die pers berig en wat nie deur hom ontken is nie. Op sowel Wartburg as Kranskop in sy kiesafdeling het hy in 1913 verklaar dat as die vae moontlikheid waar sou

---

96. PM 1/1/496, knipsel, Sunday Post, 15 Des. 1912, berig; ibid., knipsel, The Transvaal Leader, 16 Des. 1912, berig; The Natal Mercury, 16 Des. 1912, berig; The Natal Witness, 17 Des. 1912, hoofartikel.
97. PM 1/1/496, knipsel, The Rand Daily Mail, 17 Des. 1912, berig; PM/OG, tel. Leuchars - genl. Botha, 18 Des. 1912; PM 1/1/496, knipsel, The Transvaal Leader, 19 Des. 1912, berig. Sien ook The Greytown Gazette, 20 Des. 1912, berig.

word dat imperiale belange en Suid-Afrikaanse belange bots, "then he would vote for Imperialism, and were he to express any other opinion or statement he would be only fit to be branded a rebel ... He was a South African born and bred, and he hoped to die here. The interests of South Africa were always with him, but he was yet an Englishman."[98]

Deur die belange van die "Empire" voorop te stel en uit die Kabinet te bedank vanweë "pressure exercised by those whom he represents in the Cabinet", soos die Transvaal Leader dit gestel het,[99] het Leuchars hom eensklaps in die oë van die Engelse gerehabiliteer. Selfs twee van sy mees verbete kritici sedert sy samewerking met die Regering, F. Horace Rose van die Witness en Gustave Hallé van die Advertiser, het hom hierom geloof.[100] Deur sy optrede het Leuchars namens die Engelse nie slegs die gehate Hertzog die wildernis ingedryf nie, maar 'n bres in die Afrikaner-geledere geslaan. Dit was die ideaal wat van die begin af gekoester is. Daarom is die eens so verguisde en steeds politiek onbekwame Leuchars, wat Volksraadslid van die Suid-Afrikaanse Party gebly het, met ope arms in die kudde terug verwelkom as 'n "good soldier, good citizen, and a good Britisher", soos die Mercury dit uitgedruk het.[101]

Om nou die vraag te beantwoord of daar sonder Leuchars geen krisis sou ontstaan het nie, moet daar dieper op die saak ingegaan word.

4. "Natal Did It"

Op dieselfde dag dat genl. Hertzog sy toespraak op De Wildt gelewer het, het daar 'n brief deur G.J. Macfarlane, voorsitter van die Natalse Provinsiale Raad, op die voorblad van die Witness verskyn wat vrugbare gevolge vir Botha en die Suid-Afrikaanse Party kon gehad het. Macfarlane, dieselfde persoon wat in 1911 aan Botha voorgestel het dat "Nationalist" uit die naam van die Suid-Afrikaanse Party weggelaat moes word, was die Botharegering goedgesind. In sy brief aan die Witness het hy die oortuiging uitgespreek dat dit vir Botha 'n saak van erns was om die twee taalgroepe te verenig, maar dat hy sy ideaal nooit sou kon verwesenlik solank die groot massa Engelssprekendes

---

98. The Natal Mercury, 14 Okt. 1913, berig. Sien ook De Afrikaner, 15 Sept. 1913, brief deur A.I.J. Nel, oorgeneem uit 'n Bloemfonteinse koerant.
99. PM 1/1/496, knipsel, The Transvaal Leader, 16 Des. 1912, berig.
100. The Natal Advertiser, 16 Des. 1912, hoofartikel; The Natal Witness, 17 en 18 Des. 1912, hoofartikels.
101. The Natal Mercury, 16 Des. 1912, hoofartikel.

afsydig staan nie. Dit was juis by hierdie geleentheid dat Macfarlane sy brief van 1911 oor die naam van die party volledig gepubliseer het om so aan te toon in watter mate die Afrikaners bereid was om met die Engelse saam te werk. Daarom, het hy betoog, was dit noodsaaklik dat die Natalse Engelse hulle by die Suid-Afrikaanse Party skaar en met die Afrikaners saam-werk, op voorwaarde: 1, dat beheer oor primêre en sekondêre onderwys in die hande van die Provinsiale Raad gelaat word; 2, dat dit nie alleen die beleid van die Regering moes wees om die stelsel van provinsiale bestuur te handhaaf nie, maar om dit by wyse van oordeelkundige desentralisasie uit te brei; en 3, dat Natal groter verteenwoordiging in die Kabinet moes verkry.[102]

Hierdie brief het, in die politieke stilte wat daar geheers het totdat Hertzog se De Wildt-toespraak eers op 10 Desember in die Witness verskyn het, 'n lewendige reaksie ontlok. Selfs die Witness was onder diegene wat gekwalifi-seerde steun daaraan toegesê het, dog andere het dit as politieke afpersing bestempel. Die Cape Argus het die voorstel as verregaande beskou en verklaar: "A more barefaced political bargain was never conceived ... "[103]

Ten spyte van skerp kritiek daarop het Macfarlane se voorstel die geleentheid vir gesonde politieke gedagtewisseling gebied en het dit ingepas by genl. Botha se verklaring op die sluitingskonferensie van die Suid-Afrikaanse Party op 22 November in Pretoria en sy toespraak op 6 Desember op Grahamstad ter steun aan die kandidatuur van Colin Espin in die tussenverkiesing in Albanie. By albei geleenthede het Botha die hand van vriendskap na die Engelse uit-gesteek in 'n poging om Hertzog se uitlatinge sedert 5 Oktober te neutrali-seer.[104]

Die kalmerende uitwerking van genl. Botha se toesprake op die Engelse en die goeie gevolg wat dit, in samehang met Macfarlane se voorstel, op Natal kon gehad het, is summier die nek ingeslaan deur Hertzog se toespraak van Saterdag 7 Desember op De Wildt. Dit het die uitwerking van 'n elektriese skok op die Engelse gehad, soos genl. Botha aan pres. Steyn geskryf het.[105] Die Witness,

---

102. The Natal Witness, 7 Des. 1912, brief deur G.J. Macfarlane.
103. Aangehaal deur ibid., 11 Des. 1912, voorblad. Sien ook ibid., 9, 10, 11, 12, 13 en 16 Des. 1912, briewe en kommentaar.
104. Vgl. Marais, Die Politieke Uitwerking ... , p. 202; The Natal Witness, 23 Nov. 1912, voorblad.
105. PM/OG, genl. Botha - mev. Steyn en bylae: genl. Botha - pres. Steyn, albei 17 Des. 1912 (afskrifte).

wat pas die Macfarlane-debat met soveel sorg gevoer het, het nou botweg verklaar: "How, we wonder, can a man of British instinct like Mr. G.J. Macfarlane think, after reading that speech (Hertzog s'n), of supporting the Government Party, no matter what conditions were extended to Natal, so long as this anti-British, anti-Imperial policy is pursued and endorsed?"[106]

Van 'n versoenende houding onder the Natallers, met of sonder voorwaardes, was daar in hierdie omstandighede geen sprake meer nie. Die bodem van die debat rondom Macfarlane se voorstel het uitgeval, want enige toegeneentheid jeens die Botharegering is eens so sterk gesien as steun aan Hertzog en Hertzogisme. Die beleid Suid-Afrika eerste wat Hertzog pas verkondig het, was die antitese van die imperialisme wat die Natallers voorgestaan het en het elke Engelstalige aanhanger van die Botharegering gedwing om standpunt in te neem.

Leuchars was eerste. Reeds Maandagoggend, 9 Desember, het hy genl. Botha op kantoor meegedeel dat hy gaan bedank, maar is oorreed om sy bedanking tot die volgende oggend terug te hou sodat Botha die saak eers met Hertzog kon bespreek. Woensdag het Leuchars as 'n moontlike oplossing aan die hand gedoen dat hy en Hertzog albei bedank en deur sir Thomas Watt en 'n Vrystater vervang word. Dit was vervat in 'n nota aan genl. Botha.[107] Vrydag, 13 Desember, het hy sy bedanking by Botha ingedien. Dit lui: "In view of the speech made by Genl. Hertzog at the public meeting last Saturday & in accordance with the opinions I have expressed verbally to you, it is with extreme regret, that I now tender you my resignation. My hope however is that you will be able to carry on the great work of reconciliation(,) a work that I had hoped to continue to help in. If this can be done & without any hostile influences to hamper you, I can assure you, that you will still have my loyal support & I feel sure the support also of those of my colleagues from Natal who have been associated with you."[108]

Tussen Maandag en Vrydag is die kwessie met diepe erns deur die Kabinet en afsonderlike lede daarvan bespreek.[109] Die besonderhede daarvan skep die indruk dat Leuchars Maandag reeds kant en klaar besluit het om te bedank, al sou genl. Hertzog sy bedanking ingedien het. Indien hierdie afleiding juis is, dan stem dit ooreen met die voorafgaande betoog dat Leuchars die opskudding

---

106. The Natal Witness, 11 Des. 1912, hoofartikel.
107. PM/OG, G. Leuchars -- genl. Botha, Woensdag (11 Des. 1912).
108. Ibid., G. Leuchars -- genl. Botha, 13 Des. 1912.
109. Vgl. Marais, Die Politieke Uitwerking ... , pp. 205-213.

wat oor Hertzog se De Wildt-toespraak ontstaan het, as geleentheid aangegryp het om uit 'n posisie te kom waarin hy hom met groot ongemak bevind het.

Volgens Hertzog het Leuchars die Dinsdagmiddag in 'n private gesprek met hom die beginsel Suid-Afrika eerste aanvaar en verklaar dat as 'n Engelssprekende dit gepropageer het, daar geen beswaar teen sou gewees het nie. Leuchars het op Albert Falls in Natal ontken dat hy ooit so iets gesê het.[110] Of hy dit gesê het of nie, kom nie daarop aan nie. Wat saak maak, is dat Hertzog in daardie krisisdae van 9-13 Desember veel tegemoetkomender teenoor Leuchars was as omgekeerd. In hul private gesprek van daardie Dinsdag het Hertzog sy spyt uitgespreek indien hy deur sy uitlatinge aanstoot aan Leuchars gegee het. Selfs nadat laasgenoemde sy bedanking ingedien het, was Hertzog nog bereid om met hom te onderhandel, op voorwaarde dat die versoek van Leuchars moes kom. Geen sodanige versoek is egter gerig nie, en die implikasie daarvan is dat daar vir Leuchars geen oplossing was in 'n vergelyk met Hertzog nie. Hy wou uit 'n penarie kom, die geleentheid het hom voorgedoen en niks sou hom tot ander insigte bring nie. Terselfdertyd sou hy met sy bedanking vir Hertzog vaster aan die skandpaal spyker en sodoende sy eie rol as oorloper na die Regering in die oë van sy eie mense regverdig - 'n geval van "my country, right or wrong".

Bogemelde is een moontlike uitleg vir Leuchars se optrede. 'n Ander is vervat in 'n verklaring deur genl. Botha, naamlik dat hy aan Leuchars gesê het dat hy hom nie kon vra om langer in die Kabinet te bly nie, tensy Hertzog sy stellinge in 'n ander lig wou stel - en dit het hy nie gedoen nie.[111]

Watter motiewe Leuchars ook al gehad het, sy optrede het 'n kettingreaksie veroorsaak waarvan die gevolge tot vandag toe deurwerk. Sy rol was geensins dié van 'n berekende politikus nie, maar eerder dié van 'n toevallige katalisator wat 'n pynlike breuk in die geledere van die Afrikaners geslaan het. Hy was glad nie een van die hoofspelers in die Engels-Afrikaner-drama wat hom van voor 1910 af ontvou het nie, maar het dit bloot eensklaps tot 'n dramatiese hoogtepunt gevoer. So het genl. Botha self erken, en so het F.V. Engelenburg die saak ook aan Sydney H. Short, redakteur van die Times of Natal, verduidelik: "To cut a long story short, both our English as well as

---

110. Hertzogversameling, Band 121, knipsel, De Volkstem, 17 Jan. 1913, "Knop" se rubriek.
111. Fischerversameling, 59/7/6, W.E. Bok -- A.Fischer, 27 Jan. 1913, en bylae: ontwerpverklaring deur genl. Botha oor krisis.

Africander supporters ... have been approaching Botha, saying that they were tired of Hertzog being upheld by the leaders of our party. Now, the party leaders had grown equally tired, and consider the present juncture favourable for precipitating the long-standing crisis."[112]

So het een van die mees besadigde "mak" Engelse van Natal en politiek gesproke 'n onbelangrike persoon, 'n kortstondige rol gespeel wat hom tegelyk berug en beroemd gemaak het.

Die lof wat Leuchars ontvang het, is ook toegeëien vir "Britannia's little piccaninny", soos Natal spottend deur een van sy oud-inwoners, F. Seelig, in 'n brief aan Hertzog genoem is.[113] Onder die opskrif "Natal in Revolt" het die Star 'n uiteensetting gegee van die oplaaiende gevoel in die provinsie wat deur Leuchars tot 'n hoogtepunt gevoer is en het die Leader te kenne gegee dat Leuchars maar net die wens van sy provinsiegenote uitgevoer het.[114] Dit is ook waarom Leuchars se optrede byval gevind het by sowel sy partygenote Frank Reynolds, Bill Griffin en sir William Beaumont as by die Arbeider Thomas Boydell, die Unioniste sir David Hunter, C.P. Robinson en James Henderson en 'n aartsimperialis soos Joseph Baynes.[115]

Leuchars se optrede het 'n oorwinning aan Britse imperialisme oor Afrikaner-nasionalisme besorg, en in Natal was daar min Engelse wat hulle nie hierin verheug het nie. Die volgende telegram van Digby Reid van Ginginhlovu aan genl. Botha het die gevoel van die meerderheid vertolk: "Heartiest congratulations on behalf of Imperialists here for your action."[116]

Die begeerte wat vele Natalse Engelse en hul koerante sedert 1910 gekoester het, dat hul provinsie 'n deurslaggewende rol in die Suid-Afrikaanse politiek moes speel, het in die optrede van Leuchars verwesenlik geraak. Dat dit 'n Natalse politikus was wat sake op die spits gedryf het, het hulle in 'n politieke sin 'n behaaglikheid laat ervaar waarna hulle reeds drie jaar lank gewatertand het. Leuchars, en daarmee Natal, se kritieke rol in die

---

112. PM/OG, genl. Botha -- C.P. Mathewson, 7 Nov. 1913 (afskrif); Engelenburgversameling, F.V. Engelenburg -- S.H. Short, 14 Des. 1912 (afskrif).
113. Hertzogversameling, Band 14, F. Seelig -- genl. Hertzog, 1 Jan. 1913, en bylae: knipsel van brief deur "Fairplay" uit The Rand Daily Mail, 28 Des. 1912.
114. PM 1/1/496, knipsel, The Star, 14 Des. 1912, berig, The Transvaal Leader, 16 Des. 1912, berig.
115. Vgl. PM/OG, briewe deur F. Reynolds, W.H. Griffin, J. Baynes en W.H. Beaumont aan genl. Botha, 16 en 17 Des. 1912 en 9 Maart en 1 Mei 1913 onderskeidelik; PM 1/1/496, knipsel, The Transvaal Leader, 17 Des. 1912, berig.
116. PM/OG, tel. Digby Reid -- genl. Botha, 17 Des. 1912.

uitsetting van Hertzog was hul belangrikste partypolitieke prestasie tot in daardie stadium en sou dit jare lank bly. Toe die uitsetting van Hertzog in 1913 in die Volksraad ter sprake gekom het en C.G. Fichardt van Ladybrand wou weet wie vir sy uitsetting verantwoordelik was, het Hugh M. Meyler met genoegdoening uitgeroep: "Natal did it, and Natal is proud of it."[117]

Die nuus waaroor die Natalse Engelse so bly was, het ontsteltenis onder die sowat 2 000 Afrikaners uit alle dele van die land verwek wat in Pietermaritz= burg byeen was vir die feestelike inwyding van die ou Geloftekerkie as museum. Die eerste mededeling wat hulle van die ontbinding van die Kabinet ontvang het, was op Saterdagaand, 14 Desember, net voor die aanvang van 'n groot konsert in die stadsaal. Administrateur C.J. Smythe, wat deur genl. Botha ingelig is, het die nuus aan die feeskomitee oorgedra en die bekendmaking daarvan is deur Sydney Short van die Times of Natal van die stadsaalverhoog af gedoen. Die aankondiging is deur 'n paar Engelse in die gehoor met 'n gejuig begroet, waarop talryke Afrikaners hulle met 'n eenstemmige uitroep "Skande!" die swye opgelê het. So is die nuus, aldus De Afrikaner, "letterlik gegooid ... als een bom temidden van de gedenkdag, waarop de Afrikaner de geboortedag van zijn natie als wegbereider voor blanke beschaving viert".[118]

Daar is ironie verbonde aan die bekendmaking van die Kabinetskeuring tydens hierdie Geloftefees, want genl. Botha is, volgens 'n aankondiging wat op Geloftedag gedoen is, in die Geloftekerkie gedoop. Genl. Schalk Burger, wat die museum namens die Suid-Afrikaanse Regering in ontvangs geneem het, se oupa was sekretaris van die eerste Volksraad en Burger se vader het die deure en vensterrame van die ou kerkie gemaak.[119]

Die lot wat genl. Hertzog getref het, is deur lede van sowel die Afrikaner- as die Engelse gemeenskap van Natal betreur omdat hulle hom hoog geag het. Die beste getuigskrifte het hy van die Times of Natal en van twee Natalse Engelssprekende politici, sir Thomas Watt en adv. F.S. Tatham, ontvang. Die Times het hom uitgespreek teen wat hy bestempel het as Hertzog se taktlose uitlatinge van die voorafgaande maande, maar verklaar dat sy eerbaarheid bo verdenking was, want een ding was so waar soos 'n koei: hy sou nooit 'n

---

117. Hansard, 1913, kol. 1529, 14 April 1913. Sien ook The Natal Witness, 11 April 1913, voorblad.
118. De Afrikaner, 19 Des. 1912. Sien ook PM/OG, tel. C.J. Smythe -- genl. Botha, 14 Des. 1912.
119. The Natal Witness, 17 Des. 1912, berigte.

vriend of vyand in die rug skiet nie.[120] Watt en Tatham het hom per brief geloof om sy eerbaarheid, sy politieke deugsaamheid, sy onselfsugtige en vasberade patriotisme, en Tatham het verklaar: "My sympathy goes out to you because I feel you are one of those rare creatures, a thoroughly honest politician. While not pretending to see eye to eye with you in politics, I heartily admire your frankness and the straightforward spirit you have so conspicuously displayed."[121]

Briewe waarin Hertzog nie alleen op 'n soortgelyke wyse geëer is nie, maar ook sterk steun aan sy politieke optrede toegesê is, is deur etlike Natalse Engelse aan hom gerig. Hy is o.a. van die steun van 'n groot aantal arbeiders verseker. Dit is betreur dat hy sy Bantoebeleid nie in werking sou kon stel nie en die hoop is uitgespreek dat hy nog eerste minister sou word.[122] Hierdie openbaringe van lojaliteit aan die man wat Suid-Afrika eerste gestel het, het volkome aangesluit by twee lofryke briewe wat hy toe reeds van die kunsskilder Edward Roworth en sy vrou Henrisa uit die Kaap ontvang het en waarin die "Empire" enersyds as verrot en andersyds as 'n afskuwelike seekat verdoem is.[123]

Botha se optrede is vertolk as 'n openbaring van sy begeerte om met Natal se Engelse saam te werk, die "ultra savages", soos F.V. Engelenburg hulle spottend bestempel het. In 'n brief aan Short van die Times het Engelenburg, eienaar van die blad, riglyne neergelê vir die propaganda wat Short vir die Suid-Afrikaanse Party in sy blad moes maak. Hy is aangeraai om hom toe te spits op die gematigde Engelse wat, weens die verwydering van die "nagmerrie van Hertzogisme" uit die Kabinet, geen struikelblok meer in die weg sou hê om hulle aan Botha se kant te skaar nie.[124]

Frank Reynolds, Bill Griffin en Thomas Hyslop was eweneens die mening toegedaan dat vele van die Engelse wat tevore hul steun aan die Suid-Afrikaanse Party weerhou het weens Hertzog se aanwesigheid in die Kabinet, hulle ná sy uitsetting by die party sou aansluit. Maurice S. Evans, Natal se groot

---

120. The Times of Natal, 19 Des. 1912, hoofartikel.
121. Hertzogversameling, Band 13, F.S. Tatham -- genl. Hertzog, 21 Des. 1912; ibid., T. Watt -- genl. Hertzog, 7 Jan. 1913.
122. Vgl. ibid., briewe deur Percy Binns, Geo. Brunton, F.E. Foxon en Robert Price aan Hertzog tussen 18 en 26 Des. 1912; ibid., Band 14, N.E. Piesold -- genl. Hertzog, 10 en 20 Maart 1913.
123. Ibid., Edward en Henrisa Roworth -- genl. Hertzog, albei 17 Des. 1912.
124. Engelenburgversameling, F.V. Engelenburg -- S.H. Short, 14 Des. 1912 (afskrif).

voorstander van gedeeltelike segregasie van Swart en Wit, het die daad by die woord gevoeg en deur middel van die pers ondersteuning gesoek vir die stigting van 'n tak van die Suid-Afrikaanse Party in Durban.[125]

Dit was ietwat voorbarig, soos die Advertiser en Witness dadelik daarop gewys het, want, is verklaar, geen progressiewe Brit kon hom by die "Nationalist party" skaar solank Hertzog en sy volgelinge hulle nog in die boesem van daardie party bevind het nie.[126]

Hierdie argument sou later by herhaling aangevoer word, want die oogmerk was immers om Hertzog en Hertzogisme volkome uit die Suid-Afrikaanse Party te dryf, en 'n daaruit spruitende partypolitieke voordeel vir die Engelse te behaal. Die opvatting is gehuldig dat genl. Botha en sy nuwe Kabinet, op grond van die redes vir die ontbinding van die oue, verplig was om 'n pro-Britse en -imperiale beleid te volg, of so nie te aanvaar dat hulle ongeëerd binne die "Empire" sou wees. Botha het sy pinkie gegee en daar is na sy hand gegryp. Hy het hom in 'n posisie bevind wat op 11 April 1913 in die Volksraad netjies deur C.H. Haggar, Arbeiderlid vir Roodepoort, raakgevat is. Hy het gesê die Kabinetskrisis herinner hom aan die staaltjie van die Rus wat sy babas vir die wolwe gegooi het in sy poging om 'n vreemdeling te red, wat hom later vermoor het. As Botha een glips sou maak, het Haggar vervolg, sou sy sogenaamde vriende omspring en hom verskeur.[127]

Botha het dit reeds van sy "vriende" ervaar, want nie in aansluiting by die Suid-Afrikaanse Party het vele Engelse die oplossing gesien nie, maar in die stigting van 'n groot nuwe party waarin sowel die gematigdes as progressiewe van albei taalgroepe 'n tuiste kon vind. Dit was Botha se groot geleentheid, sy soveelste, is gesê, vir 'n "fresh start" en die same-stelling van 'n "best-men government" om te waak teen Hertzog se ideaal om die Afrikaner baas te maak in die land. Daar is voorsien dat Hertzog sou wegspat en 'n party met so 'n beleid sou stig, en die Mercury het hom die volgende profetiese woorde laat ontval: "It is a policy that will have at its root the restoration of Republicanism, only it will be a Republic for the whole of South Africa and not merely a couple of states. It will have behind it a challenge of civil war, only we believe that even the back-veld will think more than twice before they take up the rifle in order to

---

125. PM/OG, briewe deur F. Reynolds, W.H. Griffin en T. Hyslop aan genl. Botha, 16, 17 en 24 Des. 1912 onderskeidelik; The Natal Advertiser, 23 Des. 1912, brief deur Maurice S. Evans.
126. The Natal Advertiser, 23 Des. 1912, hoofartikel; The Natal Witness, 4 Jan. 1913, hoofartikel.
127. The Natal Witness, 12 April 1913, berig.

satisfy the ambitions of the Hertzogs and others of that type."[128]

Genl. Botha, die groot "Voortrekkerseun", soos hy gedoop is, het die spot op die lyf geloop dat hy hom manalleen "door een jingo" soos Leuchars laat verslaan en op sleeptou laat neem het.[129] Boonop het hy met sy uitsetting van Hertzog, anders as wat hy verwag het, tog nie genoeg gedoen om die luidrugtige ekstremiste onder the Natalse Engelse tevrede te stel nie. Dit was een van sy mislukkings waarvan hy, volgens Merriman, soveel ervaar het dat dit bewys "that contrary to Lincoln you can sometimes fool all die people all the time ..."[130]

Sir Thomas Hyslop het vir Botha daarop gewys dat sy regering uiteengespat het omdat hy vroeër die advies in die wind geslaan het om 'n "best-men government" tot stand te bring. Die gevolg was dat hy tot en met die skeuring al die nadele van 'n koalisie van mense met teenstrydige menings ondervind het, sonder om die voordele te kon benut wat 'n formele koalisie aan hom sou besorg het.[131]

Daar steek waarheid hierin, want Botha het dermate na Engelse steun binne en buite sy party gevry dat hy voortdurend tussen die twee taalgroepe gesit het. In dié sin het hy wel 'n "koalisie" onder hom gehad en 'n politiek gevolg wat nòg warm nòg koud was, soos D.M. Bresler, 'n uitgeweke oudstryder, uit Argentinië aan Hertzog geskryf het.[132]

Omdat Botha met die hersamestelling van sy Kabinet steeds nie ver genoeg na links beweeg het nie, het hy hom weer by die Natalse ekstremiste ongewild gemaak. Hierdie keer was dit vanweë die insluiting van sir Thomas Watt. Die Witness het op 16 Desember al gewaarsku dat die insluiting van enige van die verloopte Natallers rampspoedig vir Botha se prestige en die gewildheid van sy Kabinet in Natal sou wees, maar twee dae tevore is Watt reeds deur genl. Botha vir samesprekinge na Pretoria genooi.[133] Toe dit bekend word dat Watt wel ingesluit is, het sowel die Advertiser as die Witness hulle daarteen uitgespreek. Ten spyte van die feit dat Watt hom ten volle met Leuchars se optrede teenoor Hertzog vereenselwig het, is sy insluiting in die Kabinet deur die Advertiser as net so 'n klug afgemaak as die vroeëre insluiting

---

128. The Natal Mercury, 16 Des. 1912, hoofartikel. Sien ook The Natal Witness, 16, 17 en 18 Des. 1912, hoofartikels en voorblad.
129. De Afrikaner, 2 Jan. 1913, brief deur "Pedagoog". Vgl. ook ibid., 9 Jan. 1913, berig; The Times of Natal, 17 en 18 Des. 1912, hoofartikels.
130. P. Lewsen, Selections from the Correspondence of John X. Merriman, 1905-1924, VRS 50, p. 220, Dagboekinskrywing, 16 Des. 1912.
131. PM/OG, T. Hyslop -- genl. Botha, 24 Des. 1912.
132. Hertzogversameling, Band 14, D.M. Bresler -- genl. Hertzog, 15 Maart 1913.
133. PM/OG, tel. genl. Botha -- T. Watt, 14 Des. 1912 (afskrif); The Natal Witness, 16 Des. 1912, hoofartikel.

van sir Frederick Moor.[134]

Globaal gesien, het Botha egter indruk gemaak en veld gewin onder die Natalse Engelse, en daarom het boodskappe van dank en beloftes van steun nie uitgebly nie. In Pietermaritzburg het sir Thomas Hyslop se vrou selfs 'n vrouetak van die Suid-Afrikaanse Party gestig waarvan sy die eerste voorsitster geword het. Sir Thomas self, wat hom aan die politiek onttrek het sedert Botha se vroeëre weiering om 'n "best-men government" tot stand te bring, het dit oorweeg om hom by die Suid-Afrikaanse Party aan te sluit. Hy het belowe dat as Hertzog moeilikheid binne die party sou skep, die Natallers sou sorg dat Botha die steun van twee Engelse vir elke Afrikaner verkry wat hy verloor. Oor hierdie beloofde steun was Botha baie in sy skik en het hy die hoop uitgespreek dat Hyslop spoedig in die Parlement sou sit.[135]

Hertzog, so is geglo, se krag was gebreek en het hom op die rand van die politieke wildernis bevind.' En Leuchars, "the man who did it", waarom is hy net soos Hertzog nie in die nuwe Kabinet opgeneem nie? Hierdie vraag is op minstens twee vergaderings aan hom gestel, op Greytown en Kranskop. By elke geleentheid het hy half-hartseer, half-geheimsinnig verduidelik: "the fates ruled otherwise". Toe hy na die eerste vergadering deur 'n koerantman gevra is wat hy daarmee bedoel het, het hy bra ergerlik gereageer: "Oh, leave it at that, please!"[136]

Dit was Leuchars wat vir genl. Botha in 'n krisis gedompel het. Dit was deur verder op die pad met Leuchars en sy anti-Hertzogiete te loop dat Botha steun onder die Natalse Engelse gewin het. In die proses het hy egter steun onder die Natalse Afrikaners ingeboet, want die krisis het hierdie klein groepie algaande in Botha- en Hertzog-aanhangers uiteen laat dryf.

Wat in Natal gebeur het, was 'n weergawe van gebeure elders in die land: Afrikaner teen Afrikaner. Alles het mooi ingepas by die oogmerke van die Engelse ekstremiste, wat by monde van die Witness openlik erken het dat hulle Botha gebruik het om imperiale belange te bevorder.[137] 'n Rymelaar het daar= aan toegevoeg dat dit die Romeinse leuse van verdeel en heers was en dat daar

---

134. The Natal Advertiser, 21 Des. 1912 en 4 Jan. 1913, hoofartikel en berig; The Natal Witness, 21 Des. 1912, voorblad.
135. PM/OG, T. Hyslop -- genl. Botha, 24 Des. 1912, en afskrif van Botha -- Hyslop, 6 Jan. 1913 (verkeerdelik gedateer as 6 Jan. 1912). Sien ook ibid., tel. en brief deur onderskeidelik Karri-Davies en K. Gundelfinger aan genl. Botha, 16 en 20 Des. 1912; The Natal Witness, 4 Jan. 1913, brief deur sir Thomas Hyslop.
136. The Natal Witness, 23 Des. 1912, voorblad; The Natal Mercury, 14 Okt. 1913, berig.
137. The Natal Witness, 15 Jan. 1913, voorblad.

vir die Britte in die algemeen en Natal in die besonder veel goeds uit die Botha-Hertzog-twis te haal was. Een van verskeie versies waarin hy die saak ontleed het, lui:

> "So to watch the coming contest with a quiet
> kind of grin
> When we think of all we suffer is decidedly
> no sin;
>
> And when Botha and when Hertzog at
> each other have their whack,
> Perchance with care we'll manage
> to get just a little back
>
> Of all that we've been robbed of, when
> the people lost its head
> And, killed by guile and falsehood,
> Autonomy lay dead." [138]

Daar was vreugde oor die gevolge van Leuchars se optrede, want daar is geglo dat as hy nie die krisis laat ontbrand het nie, Botha die geskil in die Kabinet sou probeer toesmeer het.[139] Dit is wat vele Afrikaners van die twee leiers verwag het om met hul onderlinge geskille te doen.

5. Vertwyfeling en Verwarring

Die breukspul tussen die twee Afrikanergeneraals het verwarring onder die Natalse Afrikaners veroorsaak, byna 'n reddeloosheid. Mense het na links en regs gegryp en nie geweet wie van die twee generaals gevolg moes word nie. 'n Tipiese voorbeeld is dié van Johs. C. Vermaak van die privaattak Hertzogisme van die Suid-Afrikaanse Party, Dundee. Op 28 Desember het hy saam met C.T. en P.R. Vermaak van dieselfde adres 'n roerende brief aan Hertzog gerig waarin sy lof besing en die wens uitgespreek is dat hy spoedig geroep sou word om die volk van Suid-Afrika te lei. Drie maande later het dieselfde Johs. C. Vermaak hom in 'n brief aan genl. Botha tot een van sy "onbeweeglike" ondersteuners verklaar.[140]

Die vertwyfeling wat daar bestaan het, word getipeer deur die versugting van oubaas D.D. Bierman van Gluckstadt, Vryheid, aan genl. Botha: "Wanneer komt er toch in 't Hemels naams, een einde aan die bestaande moeijelijheid, tusschen U en Hertzog!"[141]

---

138. Ibid., 12 April 1913, rubriek, "Topics of the Town".
139. Ibid., 15 Jan. 1913, voorblad.
140. Hertzogversameling, Band 13, C.T. Vermaak, Johs. C. Vermaak en P.R. Vermaak -- genl. Hertzog, 28 Des. 1912; PM/OG, Johs. C. Vermaak-- genl. Botha, 3 April 1913.
141. PM/OG, D.D. Bierman, sr. -- Eerste Minister, 5 Mei 1913.

Briefskrywers aan De Afrikaner het om die beurt òf vir die een òf vir die ander generaal in die bresse getree. Dit het dr. J. Vrolik, redakteur van die blad, in 'n ongemaklike posisie geplaas, want hy het met die eerste bekendmaking van die krisis "terstond de zijde" van Hertzog gekies en het die opname van "allerlei vreemde elementen" met die omarming van Natal se Onafhanklikes, as die wortel van die kwaad binne die Suid-Afrikaanse Party gesien.[142] In private korrespondensie en in hoofartikels in sy blad het hy Hertzog as die sterk man geloof wie se naam dieselfde towerkrag vir die jonger garde ingehou het as dié van Kruger en Steyn vir die oueres, en sonder wie se aanwesigheid in die Regering die magte van huigelary en imperialisme die botoon sou voer. Die oproep van Tielman Roos op Afrikaners om die pro-Hertzogvergadering op 28 Desember 1912 in Prinsepark, Pretoria, by te woon, het hy sterk gesteun. Daardie byeenkoms, het hy verklaar, is gereël om 'n verbond met Hertzog te sluit en hom duidelik te laat begryp dat hy in sy edele belangelose strewe die groot meerderheid van die Afrikaners agter hom had.[143]

Die standpunt wat De Afrikaner ingeneem het, het sekerlik gehelp om leiding te gee, maar het ook vir homself vyande geskep. Tot Mei 1913 is daar in verreweg die meeste van die briewe in die blad steun aan Hertzog toegesê. Botha-aanhangers het so gegrief geraak dat sommige hul subskripsie op De Afrikaner opgesê en dit as die mees beginsellose Hollandse blad in die land bestempel het.[144] 'n Sukkelende koerant wat 'n klein gemeenskap bedien, kan so 'n twis nie bekostig nie. Die gevolg was dat die blad algaande op twee stoele sou probeer sit sonder om enige van die twee opponerende groepe tevrede te stel, soos nog sal blyk.

Die enigste ander koerant wat positiewe nuus oor Hertzog geplaas het, was A. von Levetzow se klein en sukkelende Hollands-Engelse dorpskoerantjie, The Vryheid Herald. Von Levetzow, van Duitse afkoms, het reeds op 23 Desember ruimte in sy blad tot Hertzog se beskikking gestel,[145] maar ook hy moes uiters versigtig wees, want hy het hom midde-in die gebied bevind waar genl. Botha 'n sterk persoonlike aanhang gehad het. Op 24 Januarie 1913 het hy egter 'n lofryke

---

142. De Afrikaner, 19 en 26 Des. 1912, hoofartikels.
143. Vgl. Hertzogversameling, Bande 13 en 15, J. Vrolik -- genl. Hertzog, 15 en 24 Des. 1912; De Afrikaner, 23 en 26 Des. 1912 en 23 Jan. en 8 Sept. 1913, hoofartikels.
144. De Afrikaner, 27 Jan. 1913, brief deur C.J. van der Merwe; ibid., 6 Feb. 1913, brief deur F. Meyer; ibid., 20 Feb. 1913, brief deur Henning Viljoen.
145. Hertzogversameling, Band 13, A. von Levetzow -- genl. Hertzog, 23 Des. 1912.

artikel deur Jan van Rozenburg oor Hertzog geplaas waarin hy bestempel is as "de belichaming van de echtste en beste Afrikaner geest" en iemand met 'n groter aanhang onder die Afrikaners in die land as Botha.[146]

Von Levetzow, wat geglo het dat die hele moeilikheid begin het met die opname van Leuchars en sy geesgenote in die Suid-Afrikaanse Party, het aanvanklik in sy kommentaar nie kant gekies in die Botha-Hertzog-twis nie. Soos duisende ander in die land het hy gehoop dat die twee generaals tot 'n versoening sou geraak en het hy reeds in Februarie 1913 voorgestel dat die geskil tussen hulle op 'n partykongres uitgestryk moes word en dat die minderheid onder die meerderheid moes buig.[147] Hy sou hom eers etlike weke na die finale breuk tussen die twee generaals in November 1913 ten gunste van Hertzog beywer.

Een van diegene wat dit nie kon duld dat Hertzog so deur Natal se toedoen verneder is nie, was Adrian I.J. Nel van die plaas Berning, Greytown, in Leuchars se kiesafdeling. Hy kon dit eenvoudig nie verstaan waarom genl. Botha, wat met Hertzog se beginsel Suid-Africa eerste saamgestem het, Leuchars se kant gekies het wat die Britse "Empire" eerste gestel het nie. "Waar dan de fout?" het hy gevra. "Is het dan om Kol. Leuchars of om de oppositie tevreden te stellen?" Vir hom was Botha se konsiliasiebeleid net so verderflik soos om 'n genesende wond steeds met pap en pleisters te beplak, en het hy gewens dat dit iets was wat met 'n klip om die nek in die see gesmyt kon word. As dit gedoen is die dag toe die Unie gebore is, het hy geglo, sou al die bitterheid nooit ontstaan het nie.[148]

Nel was een van die eerstes in Natal wat aan Hertzog se kant gaan staan en enduit een pad geloop het.

Hertzog het uit vele dele van Natal lof en beloftes van steun ontvang, van niemand in gloeiender taal as van Theodor Becker van Eshowe, Zoeloeland nie. Dié het op Engels aan hom geskryf en hom 'n profeet genoem wat tot sy dowe volk roep, 'n Elia -- "the man I respect! I honour! Forsooth, a man!"[149] Van Ladysmith af het mej. N. Schoon, suster van ds. H.F. Schoon, hom gelukgewens met sy nuut verkreë vryheid, en op 'n byeenkoms van die Vryheidse debatver= eniging is die vraag "Wie heeft meer voor het Afrikaanse volk gedaan, Gen. Botha

---

146. The Vryheid Herald, 24 Jan.1913, artikel deur Jan van Rozenburg, wat sekerlik uit 'n ander koerant oorgeneem is.
147. Ibid., 28 Feb. en 5 Sept. 1913, hoofartikels.
148. De Afrikaner, 25 Sept. 1913, brief deur Adrian I.J. Nel, oorgeneem uit 'n Bloemfonteinse koerant.
149. Hertzogversameling, Band 13, Theodor Becker -- genl. Hertzog, 14 Jan. 1913, en bylae: Becker -- R ... , 14 Jan. 1913.

of Gen. Hertzog?", met 32-24 stemme ten gunste van Hertzog beantwoord. Uit Pietermaritzburg het ds. D. Rossouw van George, wat op Sondagaand, 15 Desember, die Geloftediens in die Pietermaritzburgse stadsaal gelei het, vir Hertzog verseker dat die hart van die Afrikaners wat daar byeen was, vir hom klop. Van Vryheid af het J.P. Pellissier, wat op 'n rondreis was, hom dieselfde versekering gegee ten opsigte van die Afrikaners van die Natalse platteland.[150]

Die vernedering wat Hertzog aangedoen is -- die held van die Afrikaners, soos die onderwyser Felix Hill van Holkrans, Utrecht, hom genoem het -- het Afrikanerharte diep geraak. Die hoop het egter van die begin af bly brand dat die twee generaals tot 'n versoening sou kom en dat die Suid-Afrikaanse Party nie geskeur sou word nie, want, het B.G. Brecher van Vryheid by genl. Hertzog gepleit, 'n huis wat teen homself verdeel is, kan nie bly staan nie.[151] Die algemene begeerte ter behoud van Afrikanereenheid, soos beliggaam in die Suid-Afrikaanse Party, het tot uiting gekom in 'n telegrafiese beroep wat ds. P.G.J. Meiring namens 35 predikante en een ouderling uit Pietermaritz=burg op albei die generaals gedoen het. Die predikante was uit die vier provinsies daar vir 'n Ned. Geref. Kerkvergadering byeen en het buite die vergadering om dringende vertoë tot Hertzog en Botha gerig "om geschilpunten te verwijderen selfs al zou dit moeten geschieden met groote opofferingen van persoonlijke aard".[152] Hierdie telegram is ook in De Afrikaner gepubli= seer vir algemene kennisname deur lede van die Suid-Afrikaanse Party dwarsdeur die land, en die blad se kommentaar daarop onder die opskrif "Een Stem uit Het Hart" was dat Botha toenadering moes soek, want dit was hy wat die skeuring veroorsaak het.[153]

Dit blyk 'n vry algemene opvatting te gewees het wat daar in die eerste aantal maande na die skeuring onder Natalse Afrikaners bestaan het. Die beskikbare bronne bevat nie naastenby soveel uitsprake van toegeneentheid en beloftes van steun aan Botha soos wat Hertzog ontvang het nie. Een van die eerste Natalse Afrikaners wat wel vir Botha gelukgewens het met sy optrede en hom steun

---

150. Ibid., mej. N. Schoon en ds. D. Rossouw aan genl. Hertzog, 20 en 29 Des. 1912 onderskeidelik; ibid., Band 14, J.P. Pellissier -- genl. Hertzog, 9 Maart 1913; De Afrikaner, 6 Maart 1913, berig.
151. Hertzogversameling, Band 13, I.G. Horak en B.G. Brecher aan genl. Hertzog, 21 Des. 1912 en 17 Jan. 1913 onderskeidelik; De Afrikaner, 20 Maart 1913, brief deur Felix Hill.
152. Hertzogversameling, Band 14, tel. ds. P.G.J. Meiring -- genl. Hertzog, 11 Maart 1913.
153. De Afrikaner, 17 Maart 1913, berig en hoofartikel.

toegesê het, was B.E.A. Rabe wat met die verkiesing van 1910 deur die trek van 'n lootjie uit die Volksraad gehou is.[154] Rabe sou egter later 'n Hertzogiet word. Andere het hul besorgdheid by Botha beklae oor die dreigende breuk in die Suid-Afrikaanse Party en beroepe op hom gedoen om hom met Hertzog te versoen. Sy reaksie hierop is insiggewend. Op haas elke brief het hy volledig, selfs bitsig, gereageer en getrag om elke stukkie kritiek, hoe gering ook al, met jota en tittel as ongegrond te bewys.

B.G. Brecher van Vryheid, wat homself 'n vriend van Botha genoem het, het byvoorbeeld in 'n brief sy spyt te kenne gegee oor die uitsetting van Hertzog en die hoop uitgespreek dat Botha sy bes sou doen om 'n breuk in die party te voorkom. Hy het verklaar dat sover hy uit die koerante kon aflei, Botha die verwydering tussen hom en Hertzog veroorsaak het. Indien waar, moes Botha die kloof oorbrug en hom deur geen jingo-vleiery daarvan laat weerhou nie.[155] Botha het verontwaardig hierop geantwoord: "Het is diep beledigend om van U, die zich een vriend van my noemt, de insinuatie te krygen dat ik gehandeld heb wegens en gedreven door vleiery van de oppositie. Kwam zo iets niet van iemand die zich een vriend noemt, dan had ik zulk een beschuldiging met verachting onbeantwoord gelaten. Ik sta voor niemand terug in myn liefde en getrouwheid aan de Hollands sprekende bevolking en hare tradisies -- Generaal Hertzog ingesloten."[156]

Dit was 'n algehele oorreaksie op en 'n wanvertolking van die gees en inhoud van Brecher se brief, en die byna beteuterd-verontwaardigde wyse waarop laasgenoemde hom hierop verweer het, toon dat hy hoegenaamd nie so 'n uit=barsting voorsien het nie.[157]

Op ander briewe waarin by hom op 'n versoening aangedring is, het hy welis=waar nie so bitsig gereageer nie, maar uitvoeriger as op dié van Brecher. 'n Brief van A. Jansen waarin bloot 'n eenparige resolusie van die distriks=bestuur van die Suid-Afrikaanse Party van die kiesafdeling Dundee vervat was met die smeekbede dat Botha en Hertzog hul geskille moes bylê, is beantwoord met 'n uitvoerige verduideliking van vier getikte foliofelle. Die kern daarvan was dat hy en Hertzog nie om persoonlike redes gebots het nie, maar

---

154. PM/OG, B.E.A. Rabe -- genl. Botha, 2 Jan. 1913.
155. Ibid., B.G. Brecher -- genl. Botha, 17 Jan. 1913.
156. Ibid., genl. Botha -- B.G. Brecher, 22 Jan. 1913 (afskrif).
157. Ibid., B.G. Brecher -- genl. Botha, 25 Jan. 1913.

vanweë Hertzog se ontrou aan die party en dat die probleme op demokratiese wyse binne die party uitgestryk sou word.[158] Soortgelyke verduidelikinge, maar nie so uitvoerig nie, is verstrek op briewe wat hy van D.D. Bierman van Vryheid en S. Grobler van Kingsleystasie, Utrecht, ontvang het.[159]

Botha se reaksie op die geringe mate van kritiek staan in skerp teëstelling met sy vroeëre geneigdheid om die Natalse Afrikaners mis te kyk in sy poginge om die Engelse se guns te win. Die indruk word verkry dat hy òf geskrik het òf uiters gevoelig vir enige vorm van kritiek was en uit sy pad gegaan het om moontlike vure onder die Natalse Afrikaners dood te slaan. Wat opval, is dat Botha tot in hier= die stadium, bykans drie jaar na uniewording, nog nie een keer spesifiek die Afrikaners van Natal besoek of toegespreek het nie, hoewel hy al 'n paar keer in Natal was en uitnodigings uit die Afrikanergebiede ontvang het. Die Engelse vestings is intussen al 'n paar keer deur hom toegespreek. Miskien het hy hom verlaat op die persoonlike aanhang wat hy onder die Natalse Afrikaners geniet het. Hy sou egter spoedig uit sy waan geruk word deur tekens van rebelsheid in die hart van die Afrikanergemeenskap, naamlik Vryheid, wat hy so goed geken het, en daar= deur gedwing word om sy eerste besoek as Premier aan die gebied te bring.

In Botha se afwesigheid en in 'n poging om Hertzog teë te werk, het Gustav Preller vir Servaas Fick afgevaardig om onder die Afrikaners van Utrecht, Vryheid, Dundee, Newcastle en Ladysmith te gaan arbei. Fick het berig dat hy rondgaan om vure teen Botha dood te slaan en vervolg: "Natal is 'all right'."[160] Ook F.G. Katzenstein was die mening toegedaan dat die Afrikaners van Vryheid oorwegend agter Botha was en van die Duitssprekendes in die kiesafdeling het gesê "dat zy als een man by en tegen Hertzog staan".[161] Katzenstein se Duitse herkoms sou hom met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog 'n ander deuntjie laat sing.

Die Engelse het hierdie familietwis onder die Afrikaners spottend en skellend met onbegrip van buite af betrag, want die grondliggende redes daarvoor kon hulle nie deurgrond nie vanweë 'n andersoortige gevoel wat hulle in hul omgedra het.[162] Vir hulle was dit niks anders nie as 'n burgeroorlog, met as enigste grondliggende rede Hertzog en sy geesgenote se haat jeens die Britte, die Britse "Empire" en die Britse tradisies. Rassehaat het hulle by elkeen weet te bespeur

---

158. Ibid., A. Jansen -- genl. Botha, 30 April 1913, genl. Botha -- A. Jansen, 6 Mei 1913 (afskrif).
159. Ibid., D.D. Bierman, sr. -- Eerste Minister, 5 Mei 1913, genl. Botha -- D.D. Bierman, 13 Mei 1913 (afskrif), S. Grobler -- genl. Botha, 15 Mei 1913, genl. Botha -- S. Grobler, 19 Mei 1913 (afskrif).
160. Ibid., G. Preller -- genl. Botha, 16 Feb. 1913, S. Fick -- genl. Botha, 2 Mei 1913.
161. Ibid., F.G. Katzenstein -- genl. Botha, 3 Julie 1913.
162. Vgl. Marais, Die Politieke Uitwerking ... , pp. 366-367.

wat Hertzog se gedagterigting aangehang het. Hertzog het vir hulle rassehaat gesimboliseer, maar daar was ook diegene wat in pres. Steyn die aartsrassehater gesien het wat van die begin af die toutjies getrek en Botha gedwing het om Hertzog in die Kabinet op te neem. "The voice, they say, is the voice of Hertzog, but the hand is that of Steyn," het die Mercury verklaar.[163] Sir Thomas Hyslop het beweer dat daar glad te veel waarde aan die behoud van Afrikanereenheid geheg is en dat dit veel beter sou gewees het as sommige Afrikaners hulle by die Opposisie sou skaar.[164]

Afrikanersolidariteit was vir die Engelse 'n sieklike groeisel, en hul ont= wakende patriotisme en nasionalisme uitings van rassehaat en daarom verwerplik; maar in dieselfde asem is al wat Brits is as die enigste evangelie voorgehou wat liefde en trou onder die taalgroepe sou verseker: "British ideals of Government and administration, British ideals of public life, British ideals of Imperial kinship and responsibility, and, above all, British ideals of loyalty."[165]

Afrikaner en Engelsman het by mekaar verby gedink en geleef. Hul diepste ge= waarwordinge was onversoenbaar, soos dit in hierdie tyd weer gespreek het uit die Engelse se viering van Ladysmithdag en Empiredag,[166] wat wars gestaan het van dié dinge wat die Afrikaner se hart geraak het op Geloftedag en Majubadag. Voorts het dit tot uiting gekom in die volgehoue weiering van die Natalse Provinsiale Raad om sy onderwysbeleid in oorstemming met art. 137 van die Grond= wet te bring, waaroor later meer.

Genl. Botha moes in sy poginge om die gaping tussen die twee taalgroepe te oorbrug, noodwendig die sentimente van albei probeer smoor, maar omdat die Engelsman nie bereid was om te doen wat Botha van die Afrikaners verwag het nie, is hy algaande deur sy eie mense as 'n verraaier beskou. Genl. Hertzog moes in sy poginge om die teëparty van die billikheid van sy standpunt te oortuig, noodwendig die klem op die Afrikaner laat val. Hieruit het die botsing tussen die twee generaals ontstaan, en die krag van hul wedersydse oortuigingswerk het die kloof tussen hulle eerder wyer as nouer gemaak. Daarom was die versoening tussen die twee, waarop die hoop gevestig was, van die begin af gedoem.

Die voorspel tot die finale skeiding van die weë het in Natal nie sonder stryd en woelinge verloop nie.

---

163. The Natal Mercury, 14 Jan.1913, hoofartikel.
164. PM/OG, T. Hyslop -- genl. Botha, 26 April 1913.
165. The Natal Witness, 11 Maart 1913, voorblad. Sien ook ibid., 14 en 15 Jan. 1913, hoofartikels; The Natal Mercury, 10 en 14 Jan. 1913, hoofartikels.
166. The Natal Witness, 28 Feb. en 24 Mei 1913, hoofartikel en voorblad.

HOOFSTUK 5

POLITIEK RONDOM HERTZOG - 1913

1. Inleiding

Genl. J.B.M. Hertzog, wat reeds onder die Natallers oorbekend was, het sedert 1913 'n nog sentraler posisie in die Natalse politiek ingeneem. Hierdie aartsvyand van vredevolle regering, soos die Nataller Joseph Baynes hom bestempel het,[1] het beroering oor 'n wye front in die provinsie se partypolitiek veroorsaak. Sy optrede wat tot die Kabinetskrisis gelei het, het nie slegs verhinder dat die Suid-Afrikaanse Party op 'n vaste voetstuk in Natal geplaas word nie, maar het ook 'n soort rebellie onder Afrikanerlede van die party tot gevolg gehad -- met 'n daaruit spruitende Afrikanertwis. So ernstig sou dit deur genl. Louis Botha beskou word dat hy sy eerste besoek as Premier en partyleier aan die Afrikanergemeenskap van Noord-Natal sou bring, met die besliste oogmerk om die onrus in die party te probeer besweer.

Ook onder Natalse Engelse het daar opnuut verwarring ingetree. Genl. Botha se oënskynlike onvermoë om die politieke krisis opgelos te kry, het die indruk by sommige gewek dat hy onbevoeg was om die leisels stewig vas te vat. 'n Man soos die oud-Volksraadslid vir Greyville, J.G. Maydon, het teenoor John X. Merriman gespot met "our only Stateman, the Soldier Premier" en vervolg: "surely the High Gods must grow tired at last of throwing opportunity in the lap of one so incapable of seizing it".[2] Gerugte sou ook die ronde begin doen dat Botha dit oorweeg om te bedank en, tot die verbasing en ontsteltenis van vele, sou die naam van sir Frederick Moor as sy opvolger genoem word.

Terwyl die verwagte bedanking van Botha deur sommige as 'n uitredding gesien is en Maydon 'n beroep op Merriman gedoen het om die gematigdes van die twee taalgroepe onder een banier saam te snoer,[3] het andere 'n partypolitieke koalisie bepleit. 'n Derde groep het aansluiting by die Unioniste voorgestaan en 'n vierde faksie het in die stigting van 'n halfgebakte politieke organisasie, die Federal League, die antwoord op Natal se politieke probleme gesien.

---

1. PM/OG, Joseph Baynes -- genl. Botha, 24 Okt. 1913.
2. P. Lewsen, Selections from the Correspondence of John X. Merriman, 1905-1924, VRS 50, p.233, J.G. Maydon -- J.X. Merriman, 15 Jan. 1913.
3. Ibid.

'n Toonbeeld van die verwarring wat daar bestaan het, sou tydens die Parlementsitting gelewer word deurdat van Hertzog se sterkste teenstanders in Natal saam met hom vir kol. F.H.P. Creswell, leier van die Arbeiderparty, se mosie van wantroue in die Regering sou stem. Sodoende sou Natal andermaal misluk om naastenby 'n eenheidsfront te openbaar.

Alles was uitvloeisels van die stryd rondom Hertzog, 'n man wat selfs deur sy mees verbete politieke opponente in Natal as 'n kragfiguur beskou is, al het hy dan ook in hul oë 'n sinistere mag verteenwoordig. So het die Witness kort ná die Kabinetskrisis voorspel dat "the personality that is going to count most in the events of the immediate future will be that of Mr. Hertzog -- strong, dominant, narrow, vindictive and fanatical: a personality wielding a great but sinister influence over men of less intelligence and feebler discrimination".[4]

2. Byna 'n Mosie van Wantroue

Een van die grootste begeertes van Natal se anti-Regeringsgesindes sedert uniewording was dat die provinsie se 17 Volksraadslede as 'n eenheidsgroep moes optree om sodoende die magsewewig te hou. Dit het meriete gehad, want as die so begeerde eenheid verwesenlik kon word, sou Natal in die Parlementsitting van 1913 op 'n nerf na daarin geslaag het om 'n mosie van wantroue in die Botharegering aanvaar te kry.

Die aanloop tot die parlementêre debat oor die mosie van wantroue in die Regering is gekenmerk deur oplaaiende verbittering, maar die komiese het ook nie ontbreek nie. 'n Oud-Nataller sou naamlik trag om, soos Tielman Roos later, parlementêre politiek van buite af te dikteer -- tot vermaak van vele en die ongemak en ergernis van genl. Hertzog.

Terwyl genl. Hertzog vir sy teenstanders, in die besonder die imperialisties gesinde ekstremiste, 'n onbeweeglike rots van struikeling was, het vele Natalse Afrikaners na hom opgesien om leiding. Sommige van hulle wou geen steen onaangeroerd laat "alvorens hij weer in zijn, hem, door God aangewezen plaats" herstel is nie, soos een dit uitgeruk het.[5] Waarom, is gevra, moes Hertzog in die pad gesteek word ter wille van 'n man soos sir George Leuchars! "Wie is Leuchars ... ? Wat heeft de kerel ooit gedaan voor ons Afrikaners

---

4. The Natal Witness, 14 Jan. 1913, hoofartikel.
5. De Afrikaner, 2 Jan. 1913, brief deur "Pedagoog".

in Natal of voor ons volk van Zuid Afrika? Ik had nooit gedacht, dat een zoals Generaal Botha zich door een jingo zou laten leiden."[6] By monde van De Afrikaner het die Afrikaners van Natal nie na die Regering nie, maar na genl. Hertzog opgesien om die verdediging en handhawing van "onzer rechten".[7]

Dié standpuntinname het saamgeval met die twee generaals se openbare verdediging van hul onderskeie politieke sieninge, wat volledig deur die Natalse pers gerapporteer is. 'n Polarisasie van gesindhede het gaandeweg onder die Natalse Afrikaners rondom die twee generaals begin plaasvind, maar vanweë die hoop op 'n versoening en die vrees vir 'n skeuring in eie geledere, sou dit, soos elders in die land, vele maande duur voordat daar 'n finale skeiding van die weë sou kom.

Die skerpheid van die openbare twis tussen Botha en Hertzog, en veral Hertzog se kwetsende uitlatinge, het laasgenoemde se saak onder die Afrikaners van Natal benadeel. Invloedryke persoonlikhede soos E.G. Jansen en sy vader, A.L. Jansen van die plaas Strathearn, Dundee, het byvoorbeeld Hertzog se politieke siening gedeel, maar sy bitsige uitlatinge in sy twis met Botha het hulle afgestoot en daarvan weerhou om hom te steun.[8] Ook 'n man soos J.H. Steenkamp van Vryheid het met verbittering teenoor genl. Botha gekla omdat genl. Hertzog so teen die Regering te velde getrek het "met lage aan vallen die niet een jentelman pas".[9]

Die stryd tussen die twee generaals het reeds in Januarie 1913 'n keerpunt bereik; dog, onbewus daarvan dat hul paaie uiteengeloop het, sou vele nog meer as 'n jaar lank bly hoop dat daar 'n versoening sou kom.

Dit was Hertzog wie se kwetsende uitlatinge van 11 Januarie in 'n toespraak op Smithfield die brûe agter hom afgebreek het. Tot in daardie stadium was daar gunstige tekens dat hy en Botha tot 'n vergelyk sou kom. Botha het ná die hersamestelling van sy Kabinet en die weglating van Hertzog slegs een kort verklaring sonder verbittering gemaak wat op 20 Desember 1912 in

---

6. Ibid., 9 Jan. 1913, berig, "Uit de Distrikten", ingestuur deur "Oom Paul".
7. Ibid., 23 Jan. 1913, hoofartikel.
8. Ibid., 10 Aug. 1915, ope brief deur E.G. Jansen; E.G. Jansenversameling, Leer 66, A.L. Jansen -- E.G. Jansen, 1 Nov. 1915. Sien ook A.J. van Wyk, "E.G. Jansen en die verkiesing van 1915", Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, Nr. 6, Nov. 1974, pp. 75-76, 83-84.
9. PM/OG, J.H. Steenkamp -- genl. Botha, 13 Mei 1913.

De Volkstem verskyn het en deur vele koerante oorgeneem is. Op 28 Desember het Hertzog in Pretoria 'n toespraak gelewer wat gedruip het van toegeneentheid en selfs spyt oor sy eie optrede. Dit was by geleentheid van die demonstrasie in sy guns wat Tielman Roos en andere in Prinsepark gereël het en waar genl. C.R. de Wet sy bekende "mishooptoespraak" gelewer het, naamlik dat hy hom liewer op 'n mishoop onder sy volk bevind as op 'n skitterende verhoog onder vreemdelinge.

Genl. Hertzog was nie in die park teenwoordig nie, maar ná die toesprake aldaar het die skare in 'n opmars na sy huis gegaan waar hy hulle toegespreek het. Hy het na genl. Botha verwys as 'n man vir wie hy nog tot in daardie stadium die hoogste respek gehad het; hy het hom ten gunste van versoening tussen Engelsman en Afrikaner uitgespreek; hy het erken dat hyself foute begaan het en was spyt dat hy sir Thomas Smartt te na gekom het met sy uitlatinge op Nylstroom; hy was hoopvol dat Suid-Afrika aan Brittanje se kant sou staan as die nood dit sou vereis, en het hom in die algemeen teen verbittering en verdeeldheid uitgespreek.[10]

So versoenend was Hertzog dat genl. Botha agterna tereg van sy toespraak verklaar het: "Voorwaar, taal welke zeer verschilt van die te De Wildt of Nijlstroom ... Had hij deze redevoering twee weken vroeger gemaakt, dan zeg ik met de volste overtuiging, zou er geen krisis geweest zijn."[11]

Twee weke ná sy toespraak in Pretoria was daar egter geen teken meer van toegeneentheid en versoening by Hertzog te bespeur toe hy sy kiesers op 11 Januarie op Smithfield toegespreek het nie. Pleks van 'n versoenende houding te openbaar, het hy bedekte beskuldiginge van swakheid, beginselloosheid, prysgawe van beginsels en omkopery teen genl. Botha gemaak en verklaar: "Ik ga niet de kinderen en de belangen van Zuidafrika leggen op 't altaar van een Moloch."[12] By implikasie het hy gesê dat genl. Botha die belange van die land en sy kinders as afgodsoffer laat opgaan het.

Genl. Botha was bitter gekrenk oor hierdie beledigende uitlatinge. In 'n brief aan F.V. Engelenburg het hy, met spesifieke verwysing na Hertzog se

---

10. A.H. Marais, Die Politieke Uitwerking van die Verhouding van die Afrikaanssprekende tot die Engelssprekende 1910-1915, pp. 221-223.
11. Overgedrukt uit "De Volkstem." Open brief aan de Leden der Zuidafrikaanse Partij, Kaapstad, 5 Februarie (1912).
12. Ibid. Sien ook The Natal Witness, 13 Jan. 1913, voorblad. Molog was 'n Kanaänitiese afgod (vgl. Hand.7:43), dieselfde een wat deur die Feniciërs en die Karthagers as Baäl vereer is en aan wie mensoffers, insluitende kinderoffers, gebring is.

Smithfieldtoespraak, verklaar "dat het nu onmogelik zal zijn om met Hertzog zamen te werken". Ná die beledigings wat teen hom geslinger was, het hy vervolg, "zou het voor mij een besliste nederlaag zijn indien ik Hertzog in het Kabinet terugnam".[13]

Dat dit hierdie kwetsende toespraak van Hertzog was wat 'n versoening tussen hulle onmoontlik gemaak het, het Botha later herhaal in briewe aan B.G. Brecher en D.D. Bierman van Vryheid en in sy ope brief van 5 Februarie 1913 wat daarna in De Volkstem en verskeie Suid-Afrikaanse koerante verskyn het.[14]

Op hierdie ope brief het genl. Hertzog op 8 Maart geantwoord en sy beskuldiginge teen Botha van swakheid, beginselloosheid en die prysgawe van regte wat vir die Afrikaners dierbaar was, met krag herhaal.[15] Daarmee was die koeël deur die kerk en was alle verdere poginge om die twee generaals te versoen, by voorbaat gedoem. Die woordestryd tussen die twee waarin daar, ondanks hul teenbewe= ringe, ook tekens van 'n persoonlikheidsbotsing te bespeur is, het wye publi= siteit in die Natalse pers geniet en verwarring onder die Natallers veroorsaak.

Die pro-Hertzogstandpunt van De Afrikaner is oordonder deur die koor van ver= doeming wat die vier groot Engelse blaaie van Pietermaritzburg en Durban en hul kleiner plattelandse tydgenote teen Hertzog aangehef het. Dit beteken nie dat die Natalse ekstremiste boedel aan Botha oorgegee het nie -- hulle het bloot simpatie met hom gehad omdat sy houding en optrede hul eie Brits-impe= rialistiese oogmerke bevorder het, maar hulle was nie bereid om sy party te steun nie.

Die Advertiser het weliswaar, verwysend na Hertzog se "giftige" verweer teen Botha, met lof gepraat van Botha se konsiliasiepoginge wat 'n groot aantal Engelse na sy kant laat oorslaan het, maar die blad het in aansluiting by Botha se party geen politieke oplossing gesien nie -- wel in koalisie met die Unioniste. Daardeur alleen, het die blad geglo, sou verhinder kon word dat die Unie uitmekaarspat.[16] Die blad se susterskoerant, die Witness, het

---

13. PM/OG, genl. Botha -- F.V. Engelenburg, 18 Jan. 1913 (afskrif, verkeerde= lik gedateer as 18 Jan. 1912).
14. Ibid., genl. Botha -- B.G. Brecher, 22 Jan. 1913, genl. Botha -- D.D. Bierman, sr., 13 Mei 1913 (afskrifte); Overgedrukt uit "De Volkstem." Open brief aan de Leden der Zuidafrikaanse Partij, Kaapstad, 5 Febru= arie (1912).
15. Antwoord door Genl. Hertzog op De Open Brief van Generaal Botha, 8 Maart 1913.
16. The Natal Advertiser, 10 Maart en 21 April 1913, hoofartikel.

egter enige samewerking met die Regering as 'n gebaar van swakheid bejeën en wou dat die Opposisie gemene saak met Hertzog en die Arbeiders maak om Botha uit die kussings te lig, want hy het tot die gevolgtrekking gekom dat Botha wel 'n goeie veldheer was, maar nie 'n goeie staatsman nie.[17] Ook die Mercury, mondstuk van die Unioniste, het Botha se optrede in die Hertzogkrisis goedgekeur, maar sy lesers daarvan afgeraai om hulle by die Suid-Afrikaanse Party aan te sluit.[18] Die Times was natuurlik 'n Botha-orgaan en voorstander van die Suid-Afrikaanse Party, want vir redakteur Sydney H. Short was dit 'n geval van wiens brood men eet, diens woord met spreekt.

Terwyl die koerante uiteenlopende sieninge gehad het, het dieselfde verskynsel hom onder die lesers herhaal. Joseph Baynes het byvoorbeeld, nadat hy Hertzog se lang ope brief in die pers gelees het, 'n lofryke brief aan genl. Botha geskryf waarin hy hom as "the Apostle of Peace and Goodwill" verheerlik het.[19] Hieruit sou daar afgelei kon word dat hy Botha se politiek gesteun het, dog enkele maande later was Baynes een van die hooffigure in die stigting van die Federal League, waaroor later meer. Saam met hom daarin was J.G. Maydon wat kort tevore nog die spot met Botha as staatsman gedryf en sy politieke hoop toe op Merriman gevestig het. In dieselfde span sou trek F. Horace Rose van die Witness, wat al soveel gal teen Botha en die Suid-Afrikaanse Party gebraak het, en G.J. Macfarlane, wat vroeër, soos in die vorige hoofstuk daarop gewys, 'n beroep op die Engelse gedoen het om Botha te steun deur hulle by die Suid-Afrikaanse Party aan te sluit.

Dr. J. Vrolik van De Afrikaner en adv. F.S. Tatham, albei leidende figure in die Suid-Afrikaanse Party, het weer verskil oor die redes vir die Botha-Hertzog-skeuring. Vir dr. Vrolik het die breukspul gekom vanweë die verskil tussen vaderlandsliefde en imperialisme, soos nagestreef deur onderskeidelik Hertzog en Botha, maar vir Tatham was dit daarin te vinde dat Botha hom vir versoening en Hertzog hom vir die uiteenjaag van die taalgroepe beywer het.[20]

So is daar rondgetas in 'n atmosfeer van klimmende verbittering en was die politieke aandag voortdurend op die twee generaals gefokus. Hertzog is afgetakel en daar is verklaar dat die stryd wat hy Botha aangesê het, beantwoord moes word deur Hertzogisme uit elke hoek en oord aan te val, want

---

17. The Natal Witness, 28 April en 6 Aug. 1913, voorblad en hoofartikel.
18. The Natal Mercury, 6 Jan. 1913, berig.
19. PM/OG, Joseph Baynes -- genl. Botha, 9 Maart 1913.
20. De Afrikaner, 16 en 20 Des. 1912, hoofartikels, 23 Jan. 1913, brief deur F.S. Tatham.

Suid-Afrika was 'n deel van die Britse "Empire" en elkeen wat die Britse ryksverband belaglik probeer voorstel het, was 'n vyand en verraaier daarvan.[21]

Kwetsende aanmerkinge oor die twee leiers het ook uit die geledere van die Afrikaners gekom. Een briefskrywer het die twee generaals vergelyk en Hertzog as 'n troue kerkman, Gods man, taalman en volksman geskilder, terwyl hy van Botha beweer het: "Het is zeer zelde dat hij naar kerk gaat; huis= godsdienst kent hij niet. Zij kinderen zijn in de roomsche school. Dus is hij protestant en niet protestant, rooms en niet rooms."[22] Voorts is van Botha gesê dat hy soveel Engelse sout ingekry het dat hy nie meer 'n Afrikaner kon onderskei nie en dat hy dit aan die verstand gebring moes word "dat er met de Boer niet te spelen valt".[23] Hertzog is uitgetrap as 'n man wat toesprake oor taal en nasionaliteit gehou het, maar niks prakties tot stand gebring het nie, en C.J. van der Merwe het so verontwaardig oor De Afrikaner se pro-Hertzog= beleid geword dat hy sy subskripsie op die blad opgesê het. Hierop het die redakteur in 'n voetskrif tot Van der Merwe se brief met venyn gereageer deur 'n beroep op die kiesers van Vryheid te doen om nie weer vir Van der Merwe in die ophande synde provinsiale verkiesing te stem nie.[24]

Natal se politiek, van die begin af gekenmerk deur onbeholpenheid, twis en bitsigheid, was in 1913 meer as ooit tevore 'n toonbeeld van onordelikheid, met aan die wortel daarvan die krisis rondom Hertzog. Die gesloer, vanweë die omslagtige demokratiese prosedure, om die geskil in die Suid-Afrikaanse Party besleg te kry, het 'n gevoel van leierloosheid geskep wat rigtingloos= heid in die politiek tot gevolg gehad het. In die proses is die geskil tussen Botha en Hertzog die Parlement binnegedra en het die indruk begin ontstaan dat genl. Botha die aanslag nie sou oorleef nie.

Gerugte het in omloop gekom dat die Premier vir iemand anders wou plek maak, en die naam van sowel Merriman as sir Frederick Moor is as sy moontlike op= volger genoem. En dit is interessant dat, terwyl daar in 1910 skaars 'n goeie woord vir Merriman uit Natal gekom het, dit nou slegs De Afrikaner was wat vir Merriman afgeskryf het omdat hy "Natal een kwaad hart toedraagt".[25]

---

21. The Natal Witness, 15 Jan. 1913, hoofartikel. Sien ook ibid., 14 Jan. 1913.
22. De Afrikaner, 3 April 1913, brief deur "Saul Onder De Profeten".
23. Ibid., 20 Feb. 1913, brief deur "Jonge Boer", 19 April 1913, brief deur "Vriend".
24. Ibid., 27 Jan. 1913, brief deur C.J. van der Merwe en voetskrif deur redakteur; ibid., 20 Feb. 1913, brief deur F. Meyer.
25. Ibid., 3 Feb. 1913, hoofartikel.

Die Engelse koerante en politici het verkies om stil te sit oor die saak, asof in afwagting op iets. Dit laat die vraag ontstaan of J.G. Maydon se beroep om leiding op Merriman van 15 Januarie, tesame met F. Horace Rose se soortgelyke beroep van 18 Desember 1911, nie veel wyer steun in Natal geniet het as wat op die oog af die geval blyk te gewees het nie.

Oor die wenslikheid van sir Frederick Moor se moontlike opvolging, is daar geen doekies omgedraai nie. Dit is as 'n belaglike suggestie verwerp; tensy -- so is verklaar -- daar doelbewus na 'n premier gesoek word wat soos 'n pop in die hande van die toutjiestrekkers sou wees.[26]

Te midde van hierdie gerugte en die algemene rigtingloosheid, en terwyl genl. Botha hom voorberei het vir die gebruiklike maar hierdie keer uiters belangrike wantrouedebat, het 'n dramatjie hom agter die skerms afgespeel wat skielik op die lappe sou kom en niks goeds vir Hertzog in Natal ingehou het nie. Die hooffiguur was 'n oud-Nataller, Ralph Heathcote Tatham, broer van adv. F.S. Tatham van Pietermaritzburg na wie al herhaaldelik verwys is.

Ralph Tatham was 'n eksentrieke kêrel en geen onbekende in Natal nie, waar hy gebore is. Van hom is gesê dat hy as Nataller om die beurt 'n imperialis, 'n voorstander van Indiërarbeid, 'n Arbeider en 'n Boerehater was wat later Engeland toe is om hom daar in die politiek te begewe, maar politiek ontgogel daarvandaan teruggekeer het en in 1913 'n praktiserende advokaat in Pretoria was.[27]

Grepe uit sy loopbaan het interessante leesstof in die pers geword vandat hy hom sedert Januarie 1913 as 'n sterk ondersteuner van Hertzog ontpop en in noue skakeling met laasgenoemde en genl. C.R. de Wet gewikkel geraak het. 'n Toespraak wat hy in Januarie 1913 in die Pretoriase stadsaal gehou het en waarin hy hom volmondig ten gunste van Hertzog se beleid Suid-Afrika eerste en die baasskap van die permanente ingesetenes van die land uitgespreek het, het verontwaardiging tot in die Kaap uitgelok en ook publisiteit in Natal geniet, waar dit wrewel verwek het.[28] Hy was nie slegs in korrespondensie met Hertzog en De Wet nie, maar het ook saam met laasgenoemde op die politieke verhoog verskyn. Op 26 April, pas voor die stemming in die wantrouedebat in

---

26. The Natal Witness, 14 en 16 April 1913, voorblad.
27. Hertzogversameling, Band 121, knipsel uit De Volkstem, 21 Jan. 1913, berig; The Natal Advertiser, 23 Jan. 1913, berig.
28. The Natal Advertiser, 21 en 23 Jan. 1913, berigte.

die Volksraad, het hy konspiratories aan Hertzog geskryf en 'n onderhoud met hom en De Wet aangevra, want hy wou iets aan hulle voorstel "which will give the others a clean knock out".[29]

Hoewel dit nie duidelik is of hierdie onderhoud ooit plaasgevind het nie, behoort die aard van die besondere voorstel wat hy aan die twee generaals wou maak, duidelik te word uit wat hieronder volg.

Tatham was in daardie stadium diep in 'n politieke geknoei gewikkel. Hy het toe reeds 'n besoek aan Pietermaritzburg en Durban afgelê waar hy gevis het of die Natallers vir Hertzog sou steun indien hy 'n verstewiging van die federale elemente in die Uniegrondwet sy politieke strydkreet sou maak.[30] So iets het gestrook met die sterk gevoel wat daar onder die Natallers ten gunste van 'n federale struktuur bestaan het, soos dit spoedig tot uiting sou kom in die stigting van die Federal League. Tatham se gesnuffel het egter onder die aandag van die Witness gekom en dié het die Natallers ten sterkste afgeraai om enige sodanige ooreenkoms met Hertzog aan te gaan.[31]

Buite Natal was Tatham besig om 'n belangriker speletjie te speel wat op die ou end so 'n reuk afgegee het dat adv. F.S. Tatham dit nodig gevind het om hom in 'n brief aan genl. Botha van die vreemde optrede van sy broer te distansieer.[32]

Ralph was naamlik aan 't onderhandel met sir David Graaff, Minister sonder Portefeulje, oor die "samestelling" van 'n splinternuwe kabinet, premier en al. Die gekonkel het op die lappe gekom nadat Graaff beweringe gemaak het dat Tatham hom die premierskap "aangebied" het, op voorwaarde dat Hertzog 'n kabinetspos sou kry. Dit het uiteraard 'n prettige gefluister afgegee wat Hertzog in die noute gebring het. Laasgenoemde het op 28 April telegrafies uit die Kaap alle moontlike inligting oor die saak uit Tatham getrek, wat in Johannesburg was en in sy verweer vir Graaff as die toutjiestrekker uitgewys het.[33]

Die volgende dag het Hertzog in die Volksraad na die aantygingè teen Tatham verwys, dit as totaal ongegrond afgemaak en sy telegrafiese korrespondensie met Tatham voorgelees -- tòt groot vermaak van die lede en tot sy eie ongemak.[34]

---

29. Hertzogversameling, Band 15, Ralph Tatham -- genl. Hertzog, 26 April 1913.
30. The Natal Witness, 28 April 1913, berig.
31. Ibid. Tot in hierdie stadium het die blad nog Tatham se naam verswyg.
32. PM/OG, F.S. Tatham -- genl. Botha, 4 Sept. 1913.
33. Hertzogversameling, Band 15, tel. genl. Hertzog -- Ralph Tatham, 28 April 1913 (afskrif), Ralph Tatham -- genl. Hertzog, 28 April 1913.
34. Hansard, 1913, kol. 1982, 29 April 1913.

Sir David het hom daarna op so 'n wyse teen Tatham se aantyginge teen hom ver=weer dat die buitestaander kwalik tot 'n ander gevolgtrekking kon kom as dat Tatham die aspirant-premiermaker was en dat hy as agent van Hertzog en met sy volle wete opgetree het. Graaff het met sy verduideliking van Tatham se ge=heimsinnige optrede die Volksraadslede kort-kort aan die skater gehad.[35]

Die hele aangeleentheid, waaroor in die Natalse pers uitvoerige berigte verskyn het met die telegrafies korrespondensie tussen Hertzog en Tatham en Graaff se antwoord daarop,[36] het genl. Hertzog so in die verleentheid gehad dat hy Tatham verbied het om weer in sy of genl. De Wet se geselskap gesien te word. Vir De Wet was dit 'n verligting, want hy het Tatham as "een lastig vind" (sic) beskou wie se gekonkel "niets anders (was) als om voor hem een Constituentie te zoek".[37]

Hertzog se "bondgenootskap" met hierdie omstrede karakter, wat later o.a. ook in die sogenaamde "Tweede Rebellie" van 1917-1918 betrokke sou raak,[38] het sy saak in Natal veel skade aangedoen. Tatham se intriges is met genoegdoening deur veral die Witness onthul, en sy onderhandelinge as Hertzog se geheime agent is gebruik om Hertzog belaglik voor te stel. Die blad het op sy voor=blad verwys na Ons Land se verontwaardiging oor die hele episode en laasgenoem=de se woorde daaroor so vertaal: "... what a shudder goes through the members of our party! How ashamed about it the true friends of Mr. Hertzog feel."[39]

Hierdie luimige tussenspel in die Volksraad het die spanning verlig in die debat rondom Creswell se mosie van wantroue in die Regering. Genl. Botha het tevore mosies van hierdie aard met gemak oorleef, maar hierdie keer was daar 'n rebellie in sy eie geledere waarvan hy die omvang nog nie mooi kon bepaal nie en wat vir hom groot gevaar ingehou het. As die Unioniste soos een man gemene saak met die Arbeiders en die Hertzoggroep gemaak het, sou Botha gewis die onderspit gedelf het. Volgens die Witness was die algemene mening onder die Natallers dat die dae van die Botharegering getel was en het die blad dit bepleit dat die Opposisie saam met die Arbeiders en die Hertzoggroep moes stem.[40]

---

35. Ibid., kol. 2023-2024, 29 April 1913.
36. Sien o.a. The Natal Witness, 30 April en 1 Mei 1913.
37. Hertzogversameling, Band 15, tel. Ralph Tatham -- Hertzog, 30 April 1913, brief genl. Hertzog -- R. Tatham, 3 Mei 1913 (afskrif), brief C.R. de Wet -- genl. Hertzog, 28 Mei 1913.
38. Smuts Papers, Private 194, Vol. 20/W267, T. Watt -- genl. Smuts, 5 Mei 1918. Sien ook De Afrikaner, 1 Sept. 1913, en The Natal Witness, 12 Nov. 1915, vir ander besonderhede oor Tatham se latere optrede.
39. The Natal Witness, 3 Mei 1913, voorblad.
40. Ibid., 16 en 28 April 1913, voorblad.

Dat 'n blad wat oor soveel jare reeds bekend was om sy politieke afsku van Hertzog, nou bereid was om aan sy kant te staan, kan net aan een ding toegeskryf word: sy begeerte om van die oorwegend Afrikanerregering ontslae te raak en 'n oorwegend Engelse regering in die plek daarvan te stel. Dit was 'n geval van samewerking met die vyand om die vyand uit te wis, en was steeds in ooreenstemming met die standpunt wat die blad reeds op 14 Januarie 1913 gestel het, naamlik dat dit sinneloos sou wees om Hertzog en Hertzogisme met sagte woorde en kompromisse te opponeer -- net so sinneloos as om olie met water te probeer meng. "The only way to deal with those who put forward a propaganda destestable to every loyal and patriotic Britisher is to fight them as openly and as boldly as you can ... "[41]

Die saak het egter nie so verloop soos die Witness verwag het nie, want genl. Botha het die wantrouemosie met 68 stemme teen 42 oorleef. Onder diegene wat vir die mosie gestem het, was daar vyf Natalse Engelse, t.w. Charlie Henwood, sir David Hunter, H.M. Meyler, C.P. Robinson en Thomas Boydell. Hulle het hul stemme aan dieselfde kant uitgebring as genl. Hertzog wat hom in die debat weer sterk op die beginsel Suid-Afrika eerste gestel en hom teen imperialisme uitgespreek het. Ook het hy sy vroeëre stelling herhaal, dat genl. Botha die guns van die Opposisie en andere probeer win het deur die belange van die kinders van Suid-Afrika op die altaar van Molog te plaas. Voorts het hy verklaar dat genl. Botha een van die grootste beginsels van die Suid-Afrikaanse Party oorboord gegooi het deur jingoïsme aan te hang, en om daardie enkele rede was dit al nodig dat hy uit die kussings gelig moes word.[42]

Dit was 'n siening wat regstreeks ingedruis het teen wat die Engelse ekstremiste van Natal, met inbegrip van die vyf hierbo genoemde here, van die begin af as politieke geloofsbelydenis aanvaar het. Desnieteenstaande het hulle saam met Hertzog gestem. Elf van hul makkers het teen die mosie gestem, en daarmee hul vertroue in die Botharegering uitgespreek, t.w. die aartsimperialis en Afrikanerhater, P.A. Silburn, G. Leuchars, W.H. Griffin, W.F. Clayton, A. Fawcus, T. Orr, F.U. Reynolds, T. Watt, H. Wiltshire, H.J. Bosman en M.W. Myburgh, terwyl James Henderson se naam nie voorkom nie en hy waarskynlik afwesig was.[43]

---

41. Ibid., 14 Jan. 1913, hoofartikel.
42. Hansard, 1913, kol. 1981-1982, 29 April 1913.
43. Ibid.

In die lig van die oorspronklike oogmerk, dat Natal se Volksraadslede eendragtig as 'n groep moes optree om sodoende die magsewewig te bewaar, is dit interessant om daarop te let dat as al 17 Natallers vir die mosie gestem het, Botha die stryd met slegs 56 stemme teen 54 sou gewen het. So na kon Natal daaraan gekom het om die Botharegering uit te stem; dog in so 'n argument word daar nie in ag geneem nie dat 'n man soos Leuchars dan saam met Hertzog moes gestem het, wat die toppunt van politieke opportunisme sou gewees het. Hoe dit ook al sy, diegene wat eendragtige optrede deur die Natallers voorgestaan het, het rede gehad om verbitterd te voel oor die gebrek aan eenheid in juis so 'n kritieke stadium en het verdere sout in die wonde gevryf gekry deurdat nie 'n enkele Nataller in die lang debat die woord gevoer het nie. Toe hy sy groot kans gekry het, het Natal dit nie aangegryp nie.

Die wantrouedebat was nie sonder reaksie onder die Natallers nie. Onder die Afrikaners was daar diegene wat gebelg was dat Hertzog met vreemde bedmaats gemene saak teen die Regering gemaak het, en dan wel ook in 'n gees van soveel verbittering. 'n Man soos J.H. Steenkamp van Vryheid kon dit maar nie kleinkry dat Hertzog teen mede-Afrikanerleiers kon stem wat die Afrikanervolk uit die puin help ophaal het nie. Van Hertzog het hy gesê: "Moge zyn eigen zwaart zyn hart raken en hem tot nadenken brengen." En van genl. De Wet: "Die ouw man het meent dat hy de baanbreker is voor Hertzog en hy weet niet, met welk verachting dat de werelt op hem ziet. Hy doet het zeker voor een zetel in de Hertzog Menesterie, maar ons denk dat, hy, de Wet moet nu, nade motie, zoo voelen als een man die op een vreemde plaat(s) zeg bevinden, en de naat van zyn broek, is aan het los."[44]

Genl. Botha, wat voor die stemming in die wantrouedebat sukses toegewens is deur van sy volgelinge in Greytown en deur sir Thomas Hyslop gemaan is dat die heropname van Hertzog in die Kabinet tot die vernietiging van die Suid-Afrikaanse Party in Natal sou lei, het geglo dat hy in belang van sy land en sy mense optree. Hy het in antwoord op Hyslop se brief verklaar dat hy voortaan slegs met mense sou saamwerk wat sy beleid onvoorwaardelik steun.[45]

---

44. PM/OG, J.H. Steenkamp -- genl. Botha, 13 Mei 1913. Daar is plek-plek 'n hoofletter en/of 'n leesteken ingevoeg of weggelaat, om die stuk leesbaarder te maak.
45. PM/OG, T. Hyslop -- genl. Botha, 26 April 1913; ibid., tel. Carter -- Premier, 28 April 1913; ibid., genl. Botha -- T. Hyslop, 30 April 1913 (afskrif).

Hy het sy standpunt en sy optrede geregverdig in briewe aan o.a. A. Jansen van Dundee, D.D. Bierman van Vryheid en Solomon Grobler van Utrecht.[46]

Sir William Beaumont het 'n lang lofryke brief aan hom gerig waarin hy dit betreur het dat Botha agter sy rug deur sy vriende aangeval is. Hy het hom verseker van steun uit Natal, dat die land hom steeds as Premier nodig had en dat daar niemand was wat hom kon vervang nie. Sir William het die brief opgevolg met een waarin hy Botha advies gegee het oor die samestelling van sy nuwe Kabinet, want dit was nog een van die groot probleme wat voorgelê het. Sy siening was dat Hertzog se uitsluiting uit die Kabinet die hele Vrystaat beledig het, daarom sou dit Botha betaam om dit rugbaar te maak dat hy enige vertroude verteenwoordiger van die Hertzogiete in die Kabinet sou opneem, behalwe Hertzog of genl. De Wet. Botha het hierop geantwoord dat hy al dikwels aan 'n soortgelyke uitweg gedink het, daarom het hy die vakature nie gevul nie; maar die probleem was ook dat die Hertzogiete onredelik in hul eise was en selfs al by hom aangedring het op die insluiting van drie uit hul geledere: Hertzog, Hull en Moor![47]

Op dieselfde dag dat Botha hierdie brief geskryf het, is daar "op goeie gesag" berig dat sy bedanking as Premier 'n uitgemaakte saak was. Dit was die Witness wat die berig die wêreld ingestuur het, gegrond op die Goewerneur-generaal, lord Gladstone, se skielike vertrek na Pretoria en J.W. Sauer, Minister van Naturellesake, se kansellering van 'n besoek aan Zoeloeland. Hoewel hierdie verwikkelinge regstreeks verband gehou het met die mynwerkerstaking wat toe pas aan die Rand uitgebreek het, het die Witness geweier om dit te glo en verklaar dat dit gespruit het uit die krisis wat veroorsaak is deur-dat Abraham Fischer, Minister van Binnelandse Sake en van Lande, op vergaderings op Bethlehem en Kestell in die Vrystaat mosies van wantroue op die lyf geloop het. Gladstone het die blad verklaar, moes haastig na Pretoria gaan om Botha se bedanking te probeer afweer, maar dit sou futiel wees, want "The resignation of General Botha will, it is believed, be announced this evening or to-morrow."[48]

---

46. Ibid., genl. Botha aan A. Jansen, D.D. Bierman en Solomon Grobler, 6, 13 en 19 Mei 1913 (afskrifte).
47. Ibid., W. Beaumont -- genl. Botha, 1 Mei en 23 Junie 1913, genl. Botha -- W. Beaumont, 3 Julie 1913 (afskrifte).
48. The Natal Witness, 3 Julie 1913, voorblad.

Die blad het die daaropvolgende dag, ten spyte van 'n Reuter-ontkenning, die voorgenome bedanking van Botha herbevestig en verklaar dat as die staking nie uitgebreek het nie, Botha twee dae tevore reeds sy bedanking sou ingedien het. In 'n hoofartikel is na Reuter se weerlegging van die berig verwys en verklaar dat dit nie die eerste keer sou wees dat 'n Witness-berig, wat as foutief voorgestel is, bewaarheid word nie. Hy het tot op 6 Julie nog volhard in sy geloof dat Botha politieke beheer verloor het en het met oortuiging ver= klaar dat as sy bron van inligting openbaar gemaak kon word, die publiek self sou kon kies tussen die geloofwaardigheid van die Witness-berig en Reuter se weerlegging daarvan.[49]

'n Verantwoordelike koerant sal nie goedsmoeds sulke opspraakwekkende nuus op so 'n gesagvolle wyse aankondig as hy nie goeie grond daarvoor het nie -- tensy hy doelbewus 'n spel probeer speel. Omdat die Witness se nuusbron onbekend bly, omdat Botha nie bedank het nie en omdat dit bekend is dat Gladstone na Pretoria gegaan het vanweë die uiterste erns van die staking, is dit wel moont= lik dat die Witness politieke munt uit 'n ongestadigde toestand probeer slaan het. As politieke orgaan het die blad tot in daardie stadium allesbehalwe verantwoordelik opgetree. Nie slegs is Hertzog en Botha se woorde by geleent= heid verdraaid aangebied en/of skeef vertolk nie, maar ook sir Thomas Watt het gekla dat sy toesprake jare lank al windskeef en vermink deur die blad geplaas is.[50]

Die Witness was 'n giftige rassehatige koerant, soos al by herhaling daarop gewys is en waarvoor ook 'n reeks uitsprake van sy eie lesers en andere ter stawing aangehaal kan word. Genl. Botha het, vanweë die blad se hatigheid, redakteur F. Horace Rose gedoop tot "Horrors" Rose en sy eggenote, mev. Annie Botha, sou in 1916 nog met ontsteltenis teenoor lady Campbell, eggenote van sir Marshall Campbell van Durban, uitroep: "Is'nt the Witness poisonous?"[51]

Dis nie uit te sluit nie dat die Witness die nuwe krisis wat deur die staking veroorsaak is, aangegryp het om genl. Botha, wat hom toe al so lank midde-in 'n politieke storm bevind het, tot vertwyfeling te dryf -- hom as 't ware met 'n berig oor sy voorgenome "bedanking" te dwing om te bedank. As die blad dit

---

49. Ibid., 4 en 6 Julie 1913, voorblad en hoofartikels.
50. Hertzogversameling, Band 13, T. Watt -- genl. Hertzog, 7 Jan. 1913.
51. Meegedeel deur wyle Senator Alfred Friend van Vryheid in bandonderhoud op 28 April 1977; Sir Marshall Campbellversameling, Letters 6115, Annie Botha -- lady Campbell, 15 Sept. 1916.

kon bereik, sou die politieke mag van die Afrikaners geknou word, en dit was immers die oogmerk wat hy van die begin af nagestreef het.

Genl. Botha het egter nie bedank nie. Gerugsteun deur sy oorwinning in die wantrouedebat, die breuk tussen genl. Hertzog en Abraham Fischer in die Vrystaat en in die oortuiging dat sy optrede in die beste belang van die land was, het hy sy lank verwagte Kabinetskommeling aangekondig. Met die weglating van Hertzog het hy dit duidelik laat inslaan dat hy nie langer bereid was om met Hertzog saam te werk nie. Hieroor was die Natalse Engelse dit met hom hartroerend eens, maar hulle het bitterlik gal afgegaan oor Natal se geringe verteenwoordiging in die persoon van sir Thomas Watt, Minister van Openbare Werke, Pos- en Telegraafwese. Selfs 'n Volksraadslid soos Bill Griffin, 'n Regeringsman, het sy verontwaardiging uitgespreek dat Natal slegs een verteenwoordiger gekry het pleks van twee, soos daar herhaaldelik gevra is. Thomas Orr het egter daarop gewys dat Natal slegs sy verdiende loon gekry het omdat so min van sy Volksraadslede hul steun aan Botha toegesê het. Die Witness het 'n klaaglied aangehef en in Natal se geringe verteenwoordiging 'n bewys gevind dat die Afrikaners daarop afgestuur het om die provinsie, die doring in hul vlees, politiek uit te wis. Andere wat ewe onthuts was, was G.J. Macfarlane, voorsitter van die Provinsiale Raad, en sy kollegas A.J. McGibbon en J. McAuslin.[52]

Uit die geledere van die strydende Afrikaners van Noord-Natal het H.J. Bosman, Volksraadslid vir Newcastle, genl. Botha gelukgewens met sy voltallige Kabinet "en dat er geen Judas ditmaal onder de 'broeders' is!"[53] In die hofsaal op Paulpietersburg het genl. M.W. Myburgh op 11 Oktober op 'n vergadering van die Suid-Afrikaanse Party verslag gedoen van sy parlementêre werksaamhede en is daar 'n mosie van volle vertroue in die Botharegering aanvaar, terwyl die handelwyse van genl. Hertzog ten sterkste betreur is.[54]

Vir genl. Botha het daar egter nog veel stryd in Natal voorgelê. Terwyl sekere Afrikaners hulle gereed gemaak het om genl. Hertzog te volg, het 'n groep Engelse hulle rondom die najaging van die federale ideaal afgeskei.

3. Die Federale Ideaal

Een van diegene wat genl. Botha gekritiseer het omdat hy slegs een Nataller

---

52. The Natal Witness, 24 Sept. 1913, voorblad en hoofartikel.
53. PM/OG, H.J. Bosman -- genl. Botha, 23 Sept. 1913.
54. De Afrikaner, 23 Okt. 1913, berig.

as Kabinetslid aangestel het, was John Fraser, sekretaris van die pas gestigte Federal League.[55] Die geboorte van dié liggaam moet aan verskeie faktore toegeskryf word. Eerstens was daar van voor uniewording af 'n luidrugtige minderheid wat 'n federale pleks van 'n uniale staatstruktuur voorgestaan het omdat dit aan Natal 'n groter mate van outonomie sou verseker. Dit het saamgeloop met 'n diepliggende begeerte tot afskeiding wat hom in Natal se geskiedenis by herhaling sou laat geld. Tweedens, en hand aan hand met bo=gemelde, was daar die begeerte dat Natal 'n ontsaginboesemende rol in die Suid-Afrikaanse politiek moes speel en, ter wille van die "Empire", die toon behoort aan te gee. Dit was hierdie begeerte wat die stigting van die dood=gebore Natalse Party ten grondslag gelê en in die verbete stryd teen Hertzog tot uiting gekom het. Derdens was daar die onsekerheid wat op die Botha-Hertzog-skeuring gevolg het, en die Opposisie se onmag om voordeel daaruit te haal en die Afrikaners eens en vir altyd politiek hok te slaan.

Die futloosheid van die Unionisteparty het frustasie gewek en het Natallers soos H.M. Meyler en C.P. Robinson met andere elders in die land laat saamspan om die Young Unionist Association te stig, wat feitlik 'n afsonderlike politieke beweging was. Die begeerte wat die stigting daarvan ten grondslag gelê het, was om die ware beginsels van die Unionisteparty uit te leef en 'n behoorlike Opposisie te vorm,[56] maar ook dit sou nie slaag nie.

Die frustrasie van die Natalse ekstremiste vanweë die Unioniste se slapheid is verhoog deur die skielike arbeidsonrus tydens die mynwerkerstaking van 1913 aan die Rand en die Regering se onmag om daadwerklik in te gryp. Terwyl daar uit Natal ernstig gepleit is dat die stakers vasgevat moes word om sodoende die beskawing oor die magte van chaos en verwarring te laat seëvier, het die Regering inderdaad die onderspit gedelf en is sy twee vernaamste leiers, genls. Botha en Smuts, verneder.[57]

Op sig self kon dié vernederende neerlaag die ekstremiste weinig skeel, maar wat vir hulle saak gemaak het, was dat die oorwinning van die stakers 'n oorwinning

---

55. The Natal Witness, 24 Sept. 1913, voorblad.
56. Vgl. ibid., 30 Jan. en 16 April 1913, hoofartikel en voorblad; The Times of Natal, 20 Feb. 1913, spotprent uit Rand Daily Mail; The Natal Advertiser. 13 Sept. 1913, berig; P.F. van der Schyff, Die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1910-1921, pp. 107-108.
57. Vgl. The Natal Advertiser, 3 en 15 Julie 1913, hoofartikel en rubriek, "Memos of Moment"; The Natal Witness, 7, 8, 11, 15, 18 en 25 Julie 1913, hoofartikels en voorblad; S.G. Millin, General Smuts, I, pp. 279-283.

vir die Arbeiderparty was, en vele Natallers het van die ideale van die Arbeiders net so 'n afkeer gehad as van dié van Hertzog. Boonop is daar met verbasende insig voorsien dat die Hertzoggroep, sou hulle die onderspit in die Suid-Afrikaanse Party delf, met die Arbeiders sou saamspan en gesamentlik te sterk vir selfs 'n koalisie tussen die Suid-Afrikaanse Party en die Unioniste sou wees. Om so 'n moontlikheid af te weer, is daar gepleit dat die gematigdes van laasgenoemde partye in 'n nuwe party saamgesnoer moes word, want dan sou daar betyds teen die "reaksionêre elemente" walgegooi kon word. Waarom so 'n nuwe party noodwendig sterker as 'n koalisie tussen die Suid-Afrikaanse Party en die Unioniste sou wees, is egter nie verduidelik nie.

Dit was vanweë bogemelde faktore en teen die agtergrond van die politieke onsekerheid wat deur die steeds onopgeloste Botha-Hertzog-twis geskep is, dat 'n groep Natallers hulle vroeg in die tweede helfte van 1913 rondom die federale ideaal verenig het. Terwyl daar nog net gerugte hiervan in omloop was, het die Witness al sy steun aan so 'n beweging toegesê. Die blad het daarop gewys dat hy die federale ideaal van voor uniewording af aangehang het en dat die Natalse Party dit ook nagestreef het, maar dat die party weens gebrek aan geld doodgeloop het. Daarom het hy 'n beroep op sy lesers gedoen om geldelike bydraes te lewer en het hy aan die hand gedoen dat die te stigte party veel groter seggenskap vir die onderskeie provinsies moes bekom as wat hulle kragtens die Uniegrondwet besit het.[58]

Vroeg in September is 'n vergadering onder voorsitterskap van Joseph Baynes in 'n komiteekamer van die Pietermaritzburgse stadsaal gehou met die doel om 'n party te stig wat die federale ideaal sou nastreef. Onder die aanwesiges was daar die oud-Volksraadslid vir Greyville, J.G. Maydon, asook die sittende Volksraadslede, P.A. Silburn en A. Fawcus, en F. Horace Rose van die Witness. Ná bespreking van die aangeleentheid is 'n komitee saamgestel met opdrag om ondersoek in te stel en op 26 September verslag te doen.[59]

Dat daar selfs by die stigters nie helderheid was oor wat hulle beoog het nie, blyk uit 'n brief wat Joseph Baynes op 14 September aan genl. Botha gerig en waarin hy hom as groot staatsman en weldoener geloof het. Hy het die oortuiging uitgespreek dat daar uit die twis rondom Hertzog iets goeds gebore sou

---

58. The Natal Witness, 4 en 18 Aug. 1913, hoofartikel en voetskrif deur redakteur tot brief deur "Old Natalian"; ibid., 11 Sept. 1913, hoofartikel.
59. Ibid., 13 Sept. 1913, voorblad.

word wat die meeste van die verstandige, weldenkende en gematigde lede van alle partye daartoe sou bring om hulle by Botha te skaar in sy stryd teen rassehaat. Sy deelname aan die partystigting het hy verduidelik deur te verklaar dat hy slegs die vergadering bygewoon het om 'n beweging te bevorder wat hom dit ten doel gestel het om die magte van die provinsiale rade uitgebrei te kry, en om geen ander rede nie, want hy was teen sentralisasie en regering deur die amptenary.[60]

Sy lof aan Botha aan die een kant en sy pogings aan die ander kant om 'n party te stig wat politiek slegs tot Botha se nadeel kon strek, is nie te rym nie. Boonop is die motivering van sy optrede bra pateties en spreek dit vanself dat Botha nie beïndruk sou word nie. Laasgenoemde het in antwoord sy spyt uitgespreek dat Baynes sy steun aan so 'n beweging toegesê het, want 'n vermenigvuldiging van partye was ongesond en die rug durf nie gekeer word op wat die voorstanders van die uniale beginsel tot stand gebring het nie. Hy het vervolg: "Our children will be South Africanders first and Natalians and Transvaalers etc. next. The machinery may jerk a bit here and there for a long time to come but that will all come right. I feel convinced South Africa did the right thing when it abandoned the federal idea and personally, although I am not against reasonable decentralisation, I shall oppose any return to a federal constitution tooth and nail."[61]

Baynes sou uitvoerig op hierdie brief antwoord, maar eers nadat sy organisasie sy beslag gekry het. 'n Verdere stap in die stigting daarvan het op 26 September gevolg toe die ondersoekkomitee op 'n private byeenkoms verslag gedoen het. Baynes was weer in die voorsitterstoel, met Maydon, Silburn, Fawcus, Macfarlane, J. McAuslin, C.B. Lloyd, Horace Rose en C. Cowley onder the aanwesiges. By hierdie geleentheid is 'n komitee benoem om 'n program en grondwet op te stel vir voorlegging aan die volgende tweeweeklikse vergadering op 10 Oktober. Op navraag is daar verklaar dat enigeen van enige politieke party, sonder opsegging van sy partyverbintenis, by die te stigte party sou kon aansluit, want die doel was om die samewerking van almal te verkry vir die uitbreiding van die federale kenmerke van die Uniegrondwet ten opsigte van groter

---

60. PM/OG, Joseph Baynes -- genl. Botha, 14 Sept. 1913.
61. Ibid., genl. Botha -- Joseph Baynes, 20 Sept. 1913.

magte aan die Provinsiale Rade en 'n gedesentraliseerde staatsdiens.[62]

Hierdie politieke bedrywigheid het negatiewe kommentaar en spot uit alle dele van die land ontlok. Daarin het die Witness die bewys gevind dat daar 'n taak was vir die te stigte party, naamlik om die land te suiwer van die "wanpraktyke" waarmee dit deur die "Nasionaliste" opgesaal was. Die nuwe party, het hy verklaar, se taak was om die administrasie sover moontlik te herstel soos wat dit voor Unie was, met verwerwing van die beste bestuursbeginsels van die federale stelsel.[63]

Op die vergadering van 10 Oktober is die ontwerpgrondwet bespreek en deur die volgende ondertekenaars goedgekeur: Joseph Baynes, J.G. Maydon, P.A. Silburn, A. Fawcus, G.J. Macfarlane, J. McAuslin, A.J. McGibbon, W.L. 'Estrange, J.F.E. Barnes, G. Moe, F. Horace Rose, Alex. Lyle, P. Davies, A.P. Smith, C.B. Lloyd, W.W. Cats, C. Cowley, F.G. Hathorn en John Fraser, sekretaris. Dit het die volgende behels:

1. Die nuwe party sou bekend staan as die Federal League of South Africa.

2. Die oogmerke daarvan sou wees om:

   a. op grondwetlike wyse die handhawing van die federale beginsels van die Uniegrondwet te verseker;

   b. die magte en verantwoordelikhede van die provinsiale rade uit te brei en sorg te dra dat administratiewe beheer ten volle aan die provinsies gedelegeer word;

   c. vir die provinsies die beste plaaslike beheer oor huishoudelike sake te verkry;

   d. vir die hele Unie die beste bestuurskenmerke van die federale stelsel te verwerf.

3. Lidmaatskap sou oop wees vir mans en vroue en lede van alle politieke partye, op voorwaarde dat hulle die federale beginsels onderskryf.

4. Die hoofbestuur van die League sou bogemelde oogmerke nastreef deur:

   a. die stigting van takke dwarsdeur die Unie;
   b. publisering van voorligtingsmateriaal in die pers;
   c. die hou van openbare vergaderings;
   d. die werwing van nuwe ondersteuners.
   e. invloed op Volksraads- en Provinsiale Raadslede uit te oefen om die oogmerke van die League in daardie liggame te bevorder.

---

62. The Natal Advertiser, 27 Sept. 1913, berig.
63. The Natal Witness, 10 Okt. 1913, hoofartikel.

f. aktiewe steun te verleen aan kandidate in parlementêre, provinsiale, munisipale en distriksraadsverkiesings, op voorwaarde dat sodanige kandidate lede van die League moes wees en sy oogmerke nastreef;

g. alle kandidate in sodanige verkiesings wat nie lede van die League is nie, te opponeer;

h. aktiewe teenstand te bied aan 'n kandidaat wat weier om te belowe dat, sou hy ná sy verkiesing besluit om uit die League te bedank, hy van sy setel afstand sou doen en hom aan sy kiesers herverkiesbaar sou stel.[64]

In laasgenoemde punt is die hand van F. Horace Rose van die Witness duidelik te bespeur. Dit was bedoel om 'n herhaling te voorkom van wat vroeër gebeur het toe die verkose Natalse Onafhanklikes na die Regering oorgestap het sonder om hul setels prys te gee en hulle herverkiesbaar te stel. Rose se uitgangspunt, soos by herhaling gestel, was dat daar 'n morele verpligting op 'n verkose kandidaat rus om hom dadelik in 'n tussenverkiesing aan sy kiesers te verantwoord wanneer hy van partyverbintenis verander het. Dit is wat hy van sir George Leuchars en sy mede-oorlopers na die Regering verwag het, en by gebreke om daaraan te voldoen, het hy hulle as verraaiers beskou.

Binne 48 uur ná sy geboorte was die Federal League dwarsdeur die land bekend, want 'n samevatting van sy grondwet het in die vernaamste koerante van elke provinsie verskyn. Die Witness en Advertiser was verheug oor die stigting van die nuwe party met sy oop lidmaatskap, ongeag taalverband of politieke oortuiging, en eersgenoemde het geglo dat enige "Nasionalis", Unionis, Onafhanklike, Arbeider, Sosialis, Boer of Brit daarin tuis sou kon voel en dat dit dwarsdeur die land inslag sou vind.[65]

Dit was 'n uiters naïewe siening; trouens, die hele veldtog rondom die stigting van hierdie liggaam en die grootse verwagtinge wat daarvan gekoester is, getuig van politieke naïwiteit. Die grondslag van die League was die nastreef van die federale ideaal, maar sonder om die Uniegrondwet te probeer wysig. In sy strewe was die League dus aan bande gelê, en die vraag is tereg gestel of die stigters nie verstandiger sou opgetree het indien hulle hul federale ideaal binne die raamwerk van die bestaande politieke partye sou probeer nastreef nie. Die Unioniste-party het hom byvoorbeeld ook op die federale beginsel gestel deur hom te beywer vir "the retention of the Provincial Councils and the delegation of more power to these Councils, so that as far as possible all matters of purely local concern shall come under their jurisdiction".[66]

---

64. Ibid., 13 Okt. 1913, voorblad.
65. Ibid. en ibid., 16 Okt. 1913, voorblad; The Natal Advertiser, 14 Okt. 1913, hoofartikel.
66. Unionist Party of South Africa. Programme, punt 6. Sy kursief.

Die naam dui al klaar aan dat die stigters nie 'n suiwer politieke party beoog het nie, en dit spreek ook uit die feit dat enige lid van enige politieke party, met behoud van sy partyverbintenis, lid van die League kon word solank hy die federale ideaal nagestreef het. Die beginsel is egter gestel dat kandidate in parlementêre, provinsiale, munisipale en distriksraadsverkiesings gesteun of geopponeer sou word, afhangende van hul gesindheid teenoor federalisme. Hoe dit in die praktyk sou kon uitwerk, sonder dat die League die rol van 'n politieke party sou moes speel, is moeilik te verklaar, soos die Mercury ook daarop gewys het.[67]

Oor die vraag of dit 'n politieke party was of nie, het daar dan ook groot onsekerheid geheers. Nadat Henry Burton, Minister van Spoorweë en Hawens, hom op 'n vergadering in Pietermaritzburg teen die League uitgespreek het, het die Witness verklaar dat daar in die kritiek op die nuwe liggaam reeds die volgende beskuldiginge gemaak is: "That it is a party. That it is not a party. That it was a party and has become a League. That we have too many parties ... And, finally, that the League is not a League but a party; that it is a League; that it is a party; and that eventually although a League it will become a party."[68]

'n Duideliker omskrywing van die verwarring is moeilik te vind.

Ook genl. Botha, wat op 'n besoek aan Noord-Natal was, het hom teen die League uitgespreek deur op 16 en 17 Oktober op vergaderings op Vryheid en Utrecht te verklaar dat die stigters daarvan onpatrioties en in stryd met die belange van Suid-Afrika opgetree het.[69] Op hierdie kritiek het die Witness verontwaardig gereageer deur Botha te waarsku dat as hy sou probeer om die League van die openbare verhoog af te lyf te gaan, hy dit by die stembus sou ontgeld.[70]

Dit was eers in hierdie stadium dat Joseph Baynes op genl.Botha se hierbo vermelde brief van 20 September gereageer het. Baynes het sy teleurstelling uitgespreek oor Botha se teenkanting, want hy het voorsien dat Hertzog sou trag om, deur die propagering van die federale ideaal, steun in Natal te verkry. Voorbrand, het hy aangevoer, is maande tevore reeds deur Hertzog se boodskappers in Natal gedoen,[71] en daarmee het hy sekerlik verwys na Ralph Tatham se bedrywighede.

Baynes het verklaar dat dit vir hom die toppunt van ironie sou wees as hy hom aan die kant van Hertzog moes bevind, daarom het hy gehoop dat Botha betyds sy steun aan die nuwe beweging sou toesê om sodoende die volle vrugte daarvan te pluk wanneer die League spoedig 'n magtige invloed sou begin uitoefen. Hy het daarop

---

67. The Natal Mercury, 14 Okt. 1913, hoofartikel.
68. The Natal Witness, 16 Okt. 1913, hoofartikel.
69. Ibid., 18 Okt.1913, voorblad; De Afrikaner, 20 Okt. 1913, berig.
70. The Natal Witness, 18 Okt. 1913, voorblad.
71. PM/OG, Joseph Baynes -- genl. Botha, 24 Okt. 1913.

gewys dat die federale gedagte besig was om dwarsdeur die wêreld veld te wen en dat Botha self 'n voorstander van selfregering vir Ierland was. Hoe kon Botha dit in die een geval voorstaan en in die ander opponeer? Wat Brittanje betref, het Baynes voorsien dat die beginsel van selfregering van Ierland na Wallis en Skotland sou versprei, en selfs na Engeland, wat moontlik in verskeie wetgewende afdelings verdeel sou word. "The Federal principle is in operation in other portions of the globe -- in Canada, Australia, United States of America, and even in that most autocratic of countries Germany as well. Then why should South Africa stand alone in the centralising of practically every political and administrative function when other Commonwealths have satisfied themselves how unworkable our present system is?"[72]

Uit hierdie brief is dit duidelik dat Baynes iets grootser in gedagte gehad het as wat hy in sy brief van 14 September aan genl. Botha te kenne gegee het. Hoe hy egter sy ideaal binne die beperkte raamwerk van die League-grondwet wou bereik, en sonder om die Uniegrondwet gewysig te kry, bly 'n raaisel.

Die League se oogmerke en sy beoogde plan van aksie was so vaag dat dit teenstrydige kommentaar ontlok het van andere wat ook die federale ideaal aangehang het. Alfred F. Henderson, Natalse voorsitter van die Unionisteparty, het byvoorbeeld sy steun aan die League toegesê, want, het hy verklaar, sy party het van die begin af in die rigting van afskeiding beweeg en enige organisasie wat kon help om daardie doel te verwesenlik, het die seënwense van elke Unionis verdien.[73] J. Reynolds-Tait, 'n vooraanstaande Durbanse Unionis, het egter op 6 November op die maandvergadering van Greyville se Unionisteklub verklaar dat, hoewel daar 'n sterk begeerte was na 'n herlewing van die federale beginsels, daardie begeerte langs erkende kanale tot uiting moes kom. Die oogmerke van die League, het hy verklaar, was so vaag dat selfs die leiers nie 'n duidelike begrip had van wat hulle wou bereik nie.[74]

Intussen is daar voortgegaan met organisasiewerk en het die League, volgens sy sekretaris, daagliks nuwe lede oral uit Natal bygekry. Met groot blydskap is aangekondig dat J.G. Maydon 'n hertoetrede tot die politiek gemaak het en is daar verklaar dat sy naam altyd aan die federale beweging gekoppel sou bly.[75] Daar durf wel gevra word waarom daar van 'n "hertoetrede tot die politiek" gepraat is as die League dan veronderstel was om 'n nie-politieke liggaam te wees. Pas

---

72. Ibid.
73. The Natal Witness, 24 Oktober 1913, voorblad.
74. The Natal Mercury, 7 Nov. 1913, berig.
75. Vgl. The Natal Witness, 21 Okt. 1913, voorblad; The Natal Advertiser, 1 Nov. 1913, hoofartikel.

hierna is aangekondig dat sir Frederick Moor ook sy steun toegesê en homself 'n federalis in murg en been verklaar het. Syns insiens was daar algemene onte= vredenheid oor die wyse waarop die land regeer is en kon die saak slegs deur de= sentralisasie reggestel word.[76]

Hierdie nuus is bekend gemaak op die vooraand van 'n groot aangekondigde verga= dering, die eerste sedert die stigtingsvergadering, in die Pietermaritzburgse stadsaal onder voorsitterskap van Joseph Baynes. Dit was 'n teleurstellende by= eenkoms wat in gure weersomstandighede gehou en deur slegs 350 mense bygewoon is. Baynes, Maydon, Silburn en Macfarlane het die woord gevoer, waarna 'n mosie aan= vaar is waarin die beginsels van die League onderskryf is. Baynes en Silburn het by hierdie geleentheid openlik federasie bepleit. Dit het Alfred F.Henderson daartoe genoop om hulle te repudieer, want, het hy verklaar, in 'n federasie het elke staat outonomie en hoewel die Parlement die bevoegdheid gehad het om die Grondwet te wysig, sou dit tog vergesog wees om te verwag dat die Provinsiale Rade deur staatsparlemente vervang moes word.[77]

Die vergadering het uiteenlopende kommentaar ontlok. Die Witness se geesdrif vir die federale saak is hierdie keer geëwenaar deur dié van die Advertiser, wat Maydon hartlik welkom geheet het in die politiek, sy steun aan die federale be= weging toegesê en verklaar het dat dit aan die Natallers te danke was dat die federale kenmerke in die Uniegrondwet opgeneem is. Syns insiens het die pogings om unifikasie te weeg te bring, in alle vertakkinge van die openbare lewe misluk: die ekonomie, nywerheidswese, onderwys en die administrasie van nie-Blanke sake. Daarom was dit gebiedend noodsaaklik dat daar gedesentraliseer moes word deur groter magte aan die provinsies te verleen. Die begeerte daartoe was, aldus die blad, nie tot Natal beperk nie, maar het dwarsdeur die land ontwaak.[78]

Direk hierteenoor het verskeie Durbanse politici, ten volle gesteun deur die Mercury, verklaar dat die League geen bestaansgrond gehad het nie omdat die fe= derale ideaal net sowel binne die bestaande politieke partye, veral die Unionis= teparty, nagestreef kon word. Onder hulle was die Volksraadslede sir David Hunter en James Henderson, asook sen. F.O.F. Churchill en die here James McBride, T. Burman, George Hands en Karl Gundelfinger. McBride, president van die uit= voerende bestuur van die Durbanse Unionisteverenigings, was van mening dat die Natallers hulle belaglik sou maak in die oë van die inwoners van die ander provinsies as hulle hul by die League aansluit.[79]

Voor- en teenstanders het mekaar in die hare begin vlieg en die haas komiese

---

76. The Natal Witness, 30 Okt. 1913, voorblad.
77. Ibid., 31 Okt. en 10 Nov. 1913, voorblad en brief deur A.F. Henderson; The Natal Advertiser, 31 Okt. 1913, berig.
78. The Natal Advertiser, 1 Nov. 1913, hoofartikel.
79. The Natal Mercury, 1 en 3 Nov. 1913, berig en hoofartikel.

deurmekaarspul in Natal se politiek onderstreep. Nie slegs was dit moeilik om die partyverband van vele Natallers te peil nie, maar ook om tred te hou met die partybewegings van die politici. Maurice S. Evans was byvoorbeeld 'n Onafhanklike tot na Hertzog se uitsetting, waarop hy hom by die Suid-Afrikaanse Party aangesluit en 'n beroep op almal gedoen het om sy voorbeeld te volg. F.A. Laughton, Provinsiale Raadslid vir Greyville, was eers 'n Onafhanklike en toe 'n Unionis. Silburn het Onafhanklik gebly, maar tog in die kritieke wantrouedebat sy vertroue in die Regering uitgespreek. Gundelfinger het homself Onafhanklik voorgedoen, dog andere het beweer dat hy 'n aanhanger van die Suid-Afrikaanse Party was, of in daardie rigting geleun het. Die Unioniste het verklaar dat politiek uit die Provinsiale Raad geweer moes word, dog hul bes gedoen om slegs Unioniste verkies te kry. Die mees eksentrieke was egter die Federal League, wat geen vastrapplek in Durban kon kry nie, maar, volgens die Mercury, in Pietermaritzburg verstommende uitbarstinge van histerie en humeurigheid veroorsaak het. Volksraadslede en Provinsiale Raadslede het in 'n twis rondom die League, waarin sir Thomas Orr ook betrokke was, taal gebruik wat nie by hooggeplaastes pas nie. Beskuldigings van doelbewuste leuenagtigheid en verontwaardigde uitdagings is oor en weer geslinger. "Had the days of duelling not gone past it is most likely that the contention over the League would have led to bloodshed on the banks of the Umsindusi ..."[80]

Dat die Federal League weinig invloed uitgeoefen het en spoedig van die toneel sou verdwyn, behoef geen betoog nie, want hy het geen bestaansreg gehad nie. Eintlik was dit 'n onskadelike liggaam, soos sir George Leuchars dit op 'n vergadering op Dalton uitgedruk het.[81] Die League se nastreef van die federale ideaal, en die vae vergesig wat dit opgeroep het van 'n moontlike herlewing van ou Natal se onafhanklikheid, het simpatie onder Natallers van haas alle politieke oortuiginge wakker geroep, maar die hele saak was so beneweld en ver verwyder van die praktiese politiek dat daar geen duidelike riglyne getrek kon word waarlangs opgetree moes word nie.

Die League het, in 'n toestand van politieke rigtingloosheid, die geleentheid aan 'n klomp Natallers gegee om opgewonde te raak en eenders te voel oor 'n politiek onbelangrike saak en om in die proses uiting te gee aan hul Britsheid en anti-Afrikanergesindheid, sonder dat dit spesifiek by naam hoef genoem te word. Thomas Orr het reeds pas na die stigting daarvan verklaar dat die stigters uitgeken kon word aan hul gemeenskaplike verbittering jeens die Afrikaners,[82] en dit is gewis

---

80. Ibid., 8 Nov. 1913, hoofartikel. Sien ook The Natal Witness, 3 Nov. 1913, brief deur T. Orr en verklaring deur John Fraser, asook korrespondensie in daaropvolgende uitgawes.
81. The Natal Advertiser, 8 Nov. 1913, berig.
82. De Afrikaner, 16 Okt. 1913, berig.

WOELINGE OM HERTZOG 1913

Joseph Baynes

Kol. John Weighton



Sir William Beaumont

G.T. van Rooyen en Elemans van Rooyen, albei van Greytown

waar van die drie topmanne, Baynes, Maydon en Silburn. Vir 'n wyle was daar diegene wat vas geglo het dat die League, wat nie 'n politieke party was nie en tog een wou wees, 'n wonderwerk sou laat gebeur om, soos Aäron se staf, die ander politieke partye in te sluk, soos die Mercury dit gestel het.[83] In plaas daarvan dat die wonderwerk gebeur het, het die League 'n spoedige dood gesterf. Daar is weliswaar nog op 12 Mei 1914 'n tak van die League op Richmond gestig by welke geleentheid Maydon die aanwesiges gemaan het om te organiseer met die oog op die volgende verkiesing,[84] maar toe was sy fut reeds uit en was daar 'n wêrelddrama aan die ontvou wat die politiek so ingrypend sou raak dat die federale ideaal voor die volgende algemene verkiesing deur die "Empire"-ideaal oorskadu sou word.

Die kortstondige en wankelmoedige bestaan van die Federal League het die onbeholpenheid van Natal se politiek onderstreep, wat andersins ook tot uiting gekom het in struwelinge onder die Afrikaners rondom genl. Hertzog.

4. Botha, Hertzog en die SAP

Die uitgerekte Botha-Hertzog-krisis het 'n verlammende uitwerking op die Suid-Afrikaanse Party in Natal gehad. Te midde van faksievorming rondom die onderskeie generaals is die provinsiale leiding deur 'n willoosheid gekenmerk wat 'n doodsheid op partygebied tot gevolg gehad het. Die Natalse leier, sir William Beaumont, is al op 19 Desember 1912 deur J.P. Jooste, hoofsekretaris, versoek om 'n provinsiale kongres te belê, maar sir William was van oordeel dat daar vanweë die politieke twis eers gewag moes word. Intussen is daar so weinig gedoen om die party op 'n gesonde voetstuk geplaas te kry dat Jooste op die eerste provinsiale kongres wat in Augustus 1913 gehou is, sy spyt uitgespreek het dat daar nog so min takke in Natal was en dat daar nog geen behoorlike provinsiale organisasie op die been gebring is nie.[85]

Sir William was nie eens bereid om die tak Pietermaritzburg-Suid, waarvan hy die voorsitter was, te bearbei nie. Teen die einde van Februarie het hy nog volstrek geweier om 'n byeenkoms te belê, nie slegs van die tak nie, maar ook van die takbestuur. Vertoë wat deur die sekretaris, H. Hime, en dr. J. Vrolik tot hom gerig is, was vrugteloos. Dr. Vrolik het hom daarop gewys dat dit volgens die grondwet noodsaaklik was dat 'n nuwe bestuur gekies moes word, "but he would not obey to a 'must' which might lead to a 'bust'", want sy uitgangspunt was dat dit vrugteloos, selfs rampspoedig, vir die party sou wees om aan die werk te kom alvorens die geskil tussen Botha en Hertzog besleg is. Van sy eie bestuurslede het egter nie sy sienswyse gedeel nie en van die gewone lede het bedank weens

---

83. The Natal Mercury, 8 Nov. 1913, hoofartikel.
84. The Natal Advertiser, 14 Mei 1914, berig.
85. The Times of Natal, 12 Aug. 1913, berig.

die onaktiwiteit van die tak.[86]

Wat sy bestuurslede, soos o.a. J. Herschensohnn, veral omgekrap het, was dat sir William intussen in Durban en elders vergaderings toegespreek het. So het hy die aand van 26 Februarie 'n toespraak gelewer op 'n vergadering in die Orange Grove-gebou in Durban onder voorsitterskap van Maurice S. Evans, by welke geleentheid 'n komitee saamgestel is om die eerste tak van die Suid-Afrikaanse Party in Durban te stig. Onder die aanwesiges was ook sir Thomas Hyslop, dr. A. Schultz, G.S. Armstrong, James Berry en Ralph Tatham van Pretoria. Evans het 'n sterk plei-dooi ter steun aan genl. Botha gelewer, want, het hy verklaar, naas die dringend-heid van die Swart-Wit vraagstuk was die grootste taak die byeenbring van Engels-man en Afrikaner, en dit was waarvoor genl. Botha hom beywer het.[87]

Evans se poging tot takstigting, wat kort daarna verwerklik is, was een van die weinige tekens van lewe onder die Engelse ondersteuners van genl. Botha in die eerste helfte van 1913. Evans het egter geen kennis van partypolitiek gehad nie en kom net so onbeholpe voor soos sir William. Pas nadat hy sy tak gestig het, het hy byvoorbeeld namens die Durbanse distrikskomitee van die Suid-Afri-kaanse Party by genl. Botha aangeklop om 'n bondige samevatting van die werksaam-hede van die party sedert stigting. Botha het dit nie as 'n baie billike ver-soek beskou nie, veral omdat J.P. Jooste toe in die tussenverkiesing in Barberton aan die werk was, en het Evans tussen die reëls laat verstaan dat hy self 'n bietjie studiewerk kon doen.[88]

Genl. Botha wou graag dat daar vele en lewenskragtige takke van sy party in Natal gestig word, maar sir William het min geesdrif geopenbaar. Hy het, soos vroeër daarop gewys, geen partypolitieke ervaring gehad nie en self erken dat hy tot in daardie stadium nog nooit eens gestem het nie.[89] Hy het die politieke klimaat nie gunstig geag om takke van die Suid-Afrikaanse Party in Natal te pro-beer stig nie. Hy het wel geglo dat die meeste Natallers Botha ondersteun het, maar dat hulle nie bereid was om dit in die openbaar te bely nie. Boonop het hy die mening gehuldig dat te openlike steun deur die Natalse Engelse Botha eer-der tot nadeel as tot voordeel sou strek en dat dit politiek vir Botha beter sou wees as hy sy geskil met Hertzog sonder steun deur Natal se Engelse sou besleg. Botha het hom gelyk gegee in soverre hyself nie grond aan die Hertzogiete wou gee vir hul aanklag dat hy op die aanstaande partykongres hul stem deur dié van pas gestigte Natalse takke sou probeer smoor nie.[90]

---

86. Hertzogversameling, Band 14, J.Vrolik -- F.S. Tatham, 26 Feb. 1913.
87. The Natal Advertiser, 27 Feb. 1913, berig; The Natal Witness, 28 Feb. 1913, berig.
88. PM/OG, M. Evans -- genl. Botha, 24 Mei 1913, genl. Botha -- M. Evans, 4 Junie 1913 (afskrif).
89. The Natal Advertiser, 13 Aug. 1913, berig.
90. PM/OG, W.Beaumont -- genl.Botha, 23 Junie 1913, genl.Botha -- W.Beaumont, 3 Julie 1913, (afskrif).

Kennis van die hou van die derde jaarkongres van die Suid-Afrikaanse Party op 20 November en daaropvolgende dae in Kaapstad, is deur J.P. Jooste aan die Natal=lers gegee by wyse van 'n brief gedateer 26 Junie wat op 3 Julie in De Afrikaner gepubliseer is.[91] Rondom die stuur van afgevaardigdes na die Kaapse kongres sou daar interessante partypolitieke verwikkelinge plaasvind waarvan die voorspel reeds op 26 Maart begin het.

Op daardie datum het die distriksbestuur van die Suid-Afrikaanse Party op Vryheid vergader om afgevaardigdes na die Kaapse kongres te kies, wat ook die Natalse kongres in Augustus in Pietermaritzburg sou bywoon. Die opkoms was bedroewend swak, tekenend vir die algemene slapheid in die geledere van die party in Natal. Slegs sewe mense het opgedaag en die vrees is agterna uitgespreek dat as sake so sou aangaan die party in Vryheid die dood in die gesig sou staar. Die aanwesiges het nietemin hul werksaamhede afgehandel en het F.W. (Frikkie) van Reenen her=kies as sekretaris en die here J.P. (Paul) Rheeder en J.G. Roos as afgevaardig=des na die kongres gekies. Pas ná die vergadering is daar in 'n brief aan die Hoofkomitee van die party voorgegee dat Roos bankrot was, en het die Hoofkomitee 'n tweede vergadering laat belê wat op 4 April gehou is. By daardie geleent=heid was die distriksbestuur op een na voltallig. Aangesien die beskuldiging van bankrotskap teen Roos nie bewys kon word nie, is die vorige verkiesing be=kragtig en is die sekundi aangewys.[92]

Wat nie besef is nie, is dat die datum van die eerste verkiesingsvergadering in stryd met die Konstitutie van de Zuid-Afrikaanse Partij was, want art. 6(b) het bepaal dat die distriksbesture van die party al om die twee jaar hul afgevaar=digdes na die kongres en die provinsiale vergadering in die maand April moes ver=kies. Aangesien die vergadering van 26 Maart dus onkonstitusioneel was, was die bekragtiging van sy besluit op die vergadering van 4 April eweneens buite orde.

Ook in ander kiesafdelings is afgevaardigdes na die kongres aangewys, van wie slegs enkele hier genoem word, naamlik J.J. Müller, van Newcastle, Adrian I.J. Nel van Umvoti en D.J.A. van der Spuy van Utrecht. Al hierdie afgevaardigdes, Rheeder en Roos inkluis, was in 'n mindere of meerdere mate Hertzogiete, maar dit is indertyd nie besef nie, of hul politieke gesindheid is nie van besondere belang beskou nie. Dit was byvoorbeeld Rheeder wat op 9 Januarie as korrespondent van De Afrikaner onder die skuilnaam "Oom Paul" met genl. Botha die spot gedryf het omdat hy hom deur 'n jingo soos Leuchars laat verslaan het.[93]

---

91. De Afrikaner, 3 Julie 1913, brief deur J.P. Jooste.
92. The Vryheid Herald, 28 Maart en 4 April 1913, berigte; De Afrikaner, 13 Nov. 1913, ope brief deur J.P. Rheeder. In De Afrikaner, 20 Nov. 1913, het P.J Roux verklaar dat Roos ten tye van sy eerste verkiesing in 'n toestand van "gedwonge sekwestrasie" verkeer het, maar hom voor die vergadering van 4 April gerehabiliteer het.
93. Sien besonderhede hierbo wat op voetnoot 6 slaan.

Met die verkiesing van hierdie Hertzoggesindes het daar deels gebeur wat die Hertzogaanhangers op hoë vlak gepropageer het en waarvoor genl. Botha bevrees was. Reeds met die hou van die pro-Hertzogdemonstrasie in Prinsepark, Pretoria, eind Desember 1912, het die Hertzogkomitee besluit om die masjinerie van die Suid-Afrikaanse Party in die hande te probeer kry. Genl. Botha het dadelik die gevaar daarvan vir homself ingesien en dr. F.V. Engelenburg op 18 Januarie 1913 daar=teen gewaarsku. Hy het hom daarop gewys dat die takbesture volgens die grond=wet van die party in Februarie vir twee jaar verkies moes word, en dit was vir hom 'n ontstellende gedagte dat daar reeds voorbrand gemaak is om slegs Hertzog=iete verkies te kry.[94]

Ten spyte van Botha se waarskuwing sou dit tog gebeur, soos hy later sou ver=klaar, dat verskeie distriksbesture elders in die land wat oorwegend ten gunste van hom was, weens laksheid sou toelaat dat Hertzogiete as afgevaardigdes na die Kaapse kongres aangewys word.

In Natal het die provinsie se paar Hertzoggesinde afgevaardigdes vir heelwat op=winding gesorg. Dit het begin op die eerste provinsiale vergadering van die party en het daarna etlike maande die politieke monde aan die praat gehou en genl. Botha in aller haas na Noord-Natal laat afsit.

Dit was die twee Vryheidse afgevaardigdes wat die grootste opskudding veroorsaak het. Johan Paul Rheeder, 'n oudstryder en ywerige taalvegter, was 'n boer van Nondweni wat hom aanvanklik sterk sou verdedig in die twis waarin hy en Roos be=land het.[95] Jacobus Gerhardus Roos, in 1881 op Calvinia in die Kaap gebore, het na Natal verhuis waar hy hoofonderwyser aan verskillende skole in die dis=trikte Utrecht en Vryheid was, o.a. op Babanango en Kingsley, en ook Hollands aan die regeringskool op Newcastle onderrig het. In 1911 het hy die onderwys vaarwel gesê en 'n besigheid op Kingsley begin voordat hy later 'n slaghuis op Vryheid geopen en ook sy hand in ander ondernemings gehad het.[96]

Albei hierdie here het die Natalse provinsiale vergadering van die Suid-Afrikaan=se Party op 11 Augustus[97] in Pietermaritzburg bygewoon. Roos het vooraf self

---

94. Engelenburg versameling, genl. Botha -- F.V. Engelenburg, 18 Jan. 1913. Sien ook PM/OG, genl. Botha -- F.V. Engelenburg, 18 Jan. 1913 (afskrif, net soos die oorspronklike verkeerdelik gedateer 18 Jan. 1912). Inderdaad het art.5 van die Konstitutie van de Zuid-Afrikaanse Partij bepaal dat hierdie vergade=rings al om die twee jaar tussen 1 Februarie en 31 Maart moes plaasvind.
95. Vgl. J. van der Merwe, "Voertaal: die Vryheidse Hoërskool", in Neon 18, Aug. 1975, p.15; De Afrikaner, 13 Nov. en 4 Des. 1913, briewe deur J.P. Rheeder.
96. The Vryheid Herald, 6 Junie 1913, hoofartikel.
97. Hierdie datum word deur The Times of Natal aangegee en word as eg aanvaar om=dat die blad die Botha-mondstuk was. Ander koerante, soos die Mercury, Advertiser, Witness en De Afrikaner, verstrek 12 en 13 Augustus as die datum waarop die kongres gehou is.

deur middel van De Afrikaner kennis aan die Vryheidse takke van die aanstaande vergadering gegee en 'n beroep op hulle gedoen om beskrywingspunte aan hom en Rheeder te stuur,[98] maar dit is nie bekend in watter hoedanigheid hy dit gedoen het nie.

Die wyse waarop hierdie provinsiale vergadering byeengeroep is, kom ietwat eiensaardig voor, maar moet grootliks daaraan toegeskryf word dat daar nog geen vaste provinsiale bestuur was nie en dat die grondwet, soos sir William Beaumont in sy openingsrede tereg daarop gewys het, geen vaste reël neergelê het vir die hou van so 'n vergadering nie. Gevolglik het sir William die reëlings op sy eie getref en het hy dit ook nie nodig geag om 'n kennisgewing van die byeenkoms te publiseer nie.[99] In die samestelling van die vergadering was daar gewis 'n onreëlmatigheid, want die twee takke Pietermaritzburg-Noord en -Suid het tesame 15 afgevaardigdes gehad teenoor die 13 van die ander takke, t.w. Durban, New Germany, Umvoti, Vryheid en Utrecht. Die moontlikheid vir so 'n oneweredige samestelling is deur die grondwet geskep, wat nie voorgeskryf het uit hoeveel afgevaardigdes per distriksbestuur die provinsiale vergadering saamgestel moes word nie.[100]

Al het die Pietermaritzburgse takke onder hul Engelse leiers dan ook in 'n diepe winterslaap verkeer wat takbedrywighede betref, soos De Afrikaner opgemerk het,[101] was hulle wakker genoeg om die leemte in die grondwet te benut om sodoende te verseker dat hulle op die kongres meer stemme as die res van Natal sou uitbring. Dit het die Herald laat opmerk: "Wie kan er vertrouwen hebben in een Kongres van de Zuid A. Party. Geen wonder dat de andere distrikten van Natal geen deel genomen hebben."[102]

Onder die aanwesiges op die kongres in die soepeekamer van die Pietermaritzburgse stadsaal was daar, benewens sir William Beaumont, sir Thomas Watt, Minister van Pos- en Telegraafwese en waarnemende Minister van Openbare Werke, sir George Leuchars, LV, H.J. Bosman, LV, D. Sanders, onderburgemeester van Pietermaritzburg, J.P. Jooste, hoofsekretaris van die Suid-Afrikaanse Party, en die volgende afgevaardigdes: Durban, Maurice S. Evans en dr. A. Schultz; New Germany: J. McIntosh, H. Westermeyer, F. Schaferman en G. Crompton; Vryheid: J.G. Roos, en J.P. Rheeder; Pietermaritzburg-Suid: sir Thomas Hyslop, R.J. Harrison, A.O. Kufal, D. McKellar, H.P. Lyle en F. Reed; Pietermaritzburg-Noord: sir Thomas Orr, LV, H. Brown, G.H. Chick, J. Hardy, W.J.O'Brien, T.P.O'Meara, kol. J. Weighton, J.B. Wright en J.G.H. Randles; Umvoti: sen. T.J. (Tol) Nel, W.A. Deane, A.I.J. Nel en kmdt. John A. Nel; Utrecht: D.J.A. van der Spuy.[103]

---

98. De Afrikaner, 24 Julie 1913, brief deur J.G. Roos.
99. The Times of Natal, 12 Aug. 1912, berig.
100. Vgl. Konstitutie van de Zuid-Afrikaanse Partij, art. 7.
101. De Afrikaner, 24 Julie 1913, redakteur se voetskrif tot notule van Nondweni-takvergadering, ingestuur deur J.P. Rheeder.
102. The Vryheid Herald, 22 Aug. 1913, kommentaarberig.
103. The Times of Natal, 12 Aug. 1913, berig.

Sir William Beaumont is eenparig verkies tot eerste vaste voorsitter van die Natalse afdeling van die party, met genl. M.W. Myburgh ondervoorsitter, E.G. Jansen sekretaris, R.J. Harrison tesourier en sir Thomas Hyslop, sir Thomas Watt, Maurice S. Evans, J. McIntosh en W.A. Beane lede van die uitvoerende bestuur.[104]

Dit blyk dat die hoofdoel van die kongres was om 'n vaste bestuursliggaam vir Natal verkies te kry en steun aan genl. Botha toe te sê. Roos het agterna verklaar dat hy en Rheeder die enigstes was wat met besprekingspunte opgedaag het, maar dat daar aan hulle op die vergadering gesê is dat daar geen tyd sou wees om dit te bespreek nie aangesien hulle slegs byeen was om die party te organiseer.[105]

Nadat sir William en sir Thomas Watt die aanwesiges toegespreek het, is die aandag van die kongres opgeëis deur 'n mosie van vertroue in genl. Botha en sy kollegas in die Kabinet wat deur T.P.O'Meara ingedien en deur kol Weighton, 'n oudsoldaat uit die Tweede Vryheidsoorlog, gesekondeer is.[106] Sen. Tol Nel het sy steun aan die mosie toegesê, maar die Regering skerp gekritiseer oor sy optrede in die pas afgelope staking aan die Rand, want, het hy aangevoer, pleks daarvan dat die Regering drasties ingegryp het, het hy toegelaat dat die stakers aan hom dikteer en is daar sodoende 'n slegte voorbeeld aan die Swartes gestel.

Adrian Nel van Umvoti het verklaar dat dit nie die aangewese tyd was om 'n mosie van vertroue in die Regering te bespreek nie. Hy sou geen mosie van wantroue indien nie, maar hy sou ook nie vir die mosie van vertroue stem nie. D.J.A. van der Spuy het geen sekerte in sy gemoed gehad of hulle nie dalk besig was om die party te skeur nie, want syns insiens kon die feit nie uit die oog verloor word nie dat genl. Hertzog 'n krag in die land was en dat daar in sommige gebiede ernstige bedenkinge ontstaan het of genl. Botha langer aan die stuur van sake moes bly. Van der Spuy het verklaar dat hy in sy bewondering vir genl. Botha vir niemand opsy hoef te staan nie, maar daar was tog iets haperends. Sou dit verstandig wees om in die lig daarvan 'n mosie van vertroue in die Regering te aanvaar? Was daar niemand anders in die land wat die party kon lei nie? Ten besluite het hy aan die hand gedoen dat die kongres 'n beroep op die twee generaals moes doen om hul geskille te besleg en weer saam te werk.

---

104. The Natal Mercury, 13 Aug, 1913, berig; The Natal Witness, 14 Aug. 1913, voorbladfoto.
105. De Afrikaner, 2 Okt. 1913, berig.
106. Behalwe waar anders vermeld, word daar vir die debat rondom die mosie gebruik gemaak van die verslag daaroor in The Times of Natal, 13 Aug. 1913, want dit word as betroubaarder beskou as die verslae in The Natal Advertiser 13 Aug. 1913, The Vryheid Herald, 15 en 22 Aug. 1913, en De Afrikaner, 18 Aug. 1913, The Natal Witness en The Natal Mercury, albei 13 Aug. 1913.

H.J. Bosman het sy volle vertroue in genl. Botha uitgespreek en verklaar dat laasgenoemde gedwing was om te doen wat hy gedoen het, daarom sou hy die mosie steun. Sir Thomas Hyslop het genl. Botha geloof vir sy pogings om die twee taal=groepe byeen te bring en het hom teen genl. Hertzog uitgespreek omdat dié, net soos sekere Engelse, 'n uiterste rigting ingeslaan het deur op die gevoel van sy mense te speel.

J.G. Roos het dit jammer gevind dat die mosie ingedien is en was van mening dat 'n debat oor die saak ongrondwetlik was, want daar was geen sodanige besprekings=punt op die agenda nie. Omdat hy voorts geen opdrag van sy distriksbestuur ontvang het om vir of teen so 'n mosie te stem nie, sou hy dit opponeer.[107] Roos het aangevoer dat genl. Botha, in sy pogings om die twee taalgroepe te verenig, sy eie mense verdeel het. Daar was groter verdeeldheid onder die Afrikaners as net ná die Tweede Vryheidsoorlog, daarom sou hy nie vir 'n mosie van vertroue in die Regering kon stem voordat Botha 'n aanvaarbare verduideliking aan die Afrikaners verstrek het waarom hy genl. Hertzog uit die Kabinet gesit het nie. Genl. Hertzog het wel te veel gesê, maar daar was andere wat dieselfde gedoen het, en waarom is hulle nie ook uit die Kabinet gesit nie? Roos het sy steun toegesê aan die suggestie van Van der Spuy dat die twee generaals versoek moes word om hulle geskille by te lê, want eers wanneer dit geskied het, sou die geleentheid daar wees om 'n mosie van vertroue in die Regering te aanvaar.

J.P. Rheeder het geglo dat dit nie die aangewese tyd vir so 'n mosie was nie, maar sir Thomas Orr het sterk daarvoor gepleit. Hy het hom by die Suid-Afri=kaanse Party geskaar omdat die program van die party in Natal as 'n program van konsiliasie tussen die twee taalgroepe verstaan is. Niemand sou kon sê dat die Natalse Volksraadslede van die party nie hul deel van die ooreenkoms nagekom het nie. Hulle het gehelp om die regte van die Afrikaners te beskerm en is as ge=volg daarvan deur van hul eie Engelse taalgenote verdoem.

Sir William het ter samevatting die aanwesiges tot 'n kalme oorweging van die saak gemaan en gevra dat diegene wat nog nie tot helderheid gekom het nie, liefs buite stemming moes bly. Die mosie is tot stemming gebring en met twee teen=stemme, dié van Roos en Rheeder, aanvaar. Agterna is verklaar dat, met die uit=sondering van Roos en Rheeder, al die Afrikaanssprekendes buite stemming gebly het,[108], maar dit moet foutief wees, want Bosman het hom immers sterk ten gunste van die mosie uitgespreek en kdmt. John A. Nel van Umvoti was 'n sterk Bothaman. Verder het sen. Tol Nel verklaar dat hy vir die mosie sou stem. Ongelukkig word die aantal stemme vir die mosie nie in die bronne verstrek nie en kan daar gevolglik nie 'n duidelike afleiding gemaak word nie.

---

107. De Afrikaner, 2 Okt. 1913, berig; ibid., 27 Okt. 1913, brief deur Paul L. Zietsman.
108. Ibid., 27 Okt. 1913, brief deur Paul L. Zietsman.

Die feit dat Roos en Rheeder teen die mosie gestem het, het dadelik opslae gemaak. Sodra die nuus daarvan op Vryheid bekend geword het, het sowel prok. F.G. Katzenstein, 'n groot Bothaman, as F.W. van Reenen, sekretaris van die Vryheidse distriksbestuur, hul verbasing oor en misnoeë in die optrede van Roos en Rheeder per brief en telegram teenoor genl. Botha uitgespreek. Albei het dit beklemtoon dat die twee afgevaardigdes geen opdrag ontvang het om teen die mosie te stem nie en dat hulle hul uitgedruk het in stryd met die algemene gevoel in die Vryheidse kiesafdeling, waar die oorgrote meerderheid ten gunste van Botha was. Katzenstein het verklaar dat die twee afgevaardigdes op 'n vergadering verkies is waarvan byna niemand iets wis nie.[109]

Vir genl. Botha was dit 'n bittere teleurstelling dat die kiesafdeling waar hy so bekend was, teen hom gestem het. Daar is 'n toon van hartseer te bespeur in sy woorde aan Katzenstein: "Van heinde en ver vraagt men hoe het is dat myn oude distrikt zelf nu tegen my gekant is en vraagt men zich zelve af, als zelfs Vryheid anti-Botha geworden is waar ligt dan zyn invloed, welk recht heeft hy nog om te zeggen dat hy de party vertegenwoordigt!"[110]

Katzenstein se verduideliking van die geringe aantal mense wat die vergadering bygewoon het waar Roos en Rheeder as afgevaardigdes verkies is, was vir genl. Botha 'n onderstreping van dit waarteen hy dr. Engelenburg vroeër gewaarsku het, naamlik dat die Hertzogiete die partymasjinerie sou probeer bekom. Daarom het hy andermaal daarop gewys dat verskeie kiesdistrikte waar hy die oorwegende steun geniet het, toegelaat het dat Hertzogiete as afgevaardigdes na die kongres aangewys word. Ten einde te keer waar daar nog te keer was, het hy Katzenstein en Van Reenen versoek om dadelik handelend op te tree en die twee afgevaardigdes desnoods te vra om te bedank sodat andere in hul plek verkies kon word, so nie moes daar 'n spesifieke opdrag aan hulle gegee word oor hoe hulle op die kongres moes stem. Roos en Rheeder se optrede, het hy verklaar, het reeds bittere kwaad in Pietermaritzburg gestig, daarom was dit gebiedend dat iets aan die saak gedoen moes word, en met spoed. Hy het in 'n soortgelyke trant gereageer op 'n kla-brief wat hy van W.F. van Rooyen van Vryheid oor die optrede van Roos en Rheeder ontvang het.[111]

Daar was byna 'n koorsagtigheid by Botha dat die saak in sy guns reggestel moes word, sê nie hoe nie, soos blyk uit sy eie handgeskrewe notas op die getikte afskrifte van die briewe.

---

109. PM/OG, F.G. Katzenstein-- genl. Botha, 15 Aug. 1913; De Afrikaner, 21 Aug. 1913, brief deur F.W. van Reenen waarin die telegram aan genl. Botha aangehaal word.
110. PM/OG, genl. Botha -- F.G. Katzenstein, 19 Aug. 1913 (afskrif).
111. Ibid en ibid., genl. Botha -- F.W. van Reenen, 20 Aug. 1913, genl. Botha -- W.F. van Rooyen, 28 Aug. 1913 (afskrifte).

Terwyl daar ook 'n Botha-Hertzog-twis in Umvoti aan die oplaai was, waaroor later meer, het die twis rondom Roos en Rheeder hom op verskeie vergaderings en in 'n persgeskryf uitgewoed. F.W. van Reenen het die bal aan die rol gesit deur die twee se optrede deur middel van 'n brief aan De Afrikaner te veroor= deel,[112] en daarna is die saak op verskeie takvergaderings en deur die distriks= bestuur bespreek, met tussendeur 'n haastige besoek deur genl. Botha.

Die Njatiesbergtak van die party het op 6 September 'n mosie aanvaar waarin Roos en Rheeder se optrede betreur en die distriksbestuur gevra is om 'n gron= dige ondersoek in te stel. Sou dit blyk dat die twee nie die gevoelens van die meerderheid van die partylede uitgedruk het nie, sou dit wenslik wees om hulle te vra om te bedank en deur andere as afgevaardigdes na die kongres vervang te word.[113]

Op 25 September het die saak op 'n vergadering van die Suid-Afrikaanse Party in 'n byna vol stadsaal op Vryheid ter sprake gekom, waar Roos verslag van hul op= trede gelewer het. Hy het aangevoer dat hy op die kongres voorgestel het dat Botha en Hertzog eers versoek moes word om tot 'n versoening te geraak en dat, sou dit geskied, daar 'n mosie van vertroue in die Regering aangeneem kon word. Hy het hom op die verslag van die Times beroep om sy stelling te bewys, maar hy is deur F.W. van Reenen tot leuenaar verklaar, want, het laasgenoemde verduide= lik, die notule van die vergadering soos deur E.G. Jansen gehou,[114] het van geen sodanige voorstel melding gemaak nie.

Dit kom korrek voor, want ook die verslag van die Times het, soos hierbo aange= toon, bloot vermeld dat Roos sy steun toegesê het aan 'n suggestie van Van der Spuy dat 'n beroep op die twee generaals gedoen moes word om hul geskille by te lê en dat, sou hulle dit doen, daar 'n mosie van vertroue aangeneem kon word.

Na 'n lang bespreking het Van Reenen 'n mosie van wantroue in Roos gestel, ge= sekondeer deur Chris Cadle. A.von Levetzow het 'n teenvoorstel ingedien wat heel ingewikkeld was en wat daarop neerkom dat Roos geen reg gehad het om op die kongres teen die mosie van vertroue te stem nie, maar dat hy desnieteenstaande 'n mosie van vertroue van die Vryheidse partylede verdien het. Die teenvoorstel is deur Lang Andries van Schalkwyk gesekondeer en met 29 stemme teen 18 aanvaar.[115]

Katzenstein het aan genl. Botha verklaar dat Roos 'n hele klomp "jongens", van wie sommige waarskynlik slegs by die party aangesluit het om hul stem op die verga= dering uit te bring, met hom saamgebring het. Onder hulle was daar "schurken zoals Koos Pretorius en Barney Brecher, de zoon van Polly Brecher, en nog een

---

112. De Afrikaner, 21 Aug. 1913, brief deur F.W. van Reenen.
113. Ibid., 18 Sept. 1913, berig.
114. Hierdie notule kon nie opgespoor word nie.
115. PM/OG, F.G. Katzenstein -- genl. Botha, 26 Sept. 1913; De Afrikaner, 2 Okt. 1913, berig.

paar andere dergelyken". Die heer E. Dalton, het Katzenstein beweer, was 'n erg partydige voorsitter wat die Bothamanne kortgevat en boonop geslote stem=briefies laat gebruik het, met die gevolg dat daar nie vasgestel kon word wie vir die mosie van vertroue in Roos, 'n Vrymesselaar, gestem het nie. Die kod=digste van die vergadering, en in Katzenstein se oë 'n bewys van die politieke onnoselheid van Roos se "jongens", was dat 'n mosie van vertroue in die Regering later eenparig aanvaar is.[116]

Ou Katz, soos hierdie Duits-Joodse regsgeleerde in die wandel bekend was, was so onthuts oor die geval Roos dat hy genl. Botha in dieselfde brief gevra het om 'n besoek aan Vryheid af te le. Genl. Botha, vanweë sy besorgdheid oor wat in Vryheid aan die gebeur was, het hom dit dadelik laat welgeval en het op 15 Okto=ber met sy vrou per trein op Vryheid aangekom. B.G. Brecher het namens 'n resepsiekomitee, bestaande uit homself, Van Reenen, sir Thomas Orr en J.G. Roos, 'n adres aan hom oorhandig. Roos is doelbewus deur Van Reenen in die komitee ingesluit om hom sodoende te bind, want in die adres wat hy saam met die ander as lede van die Suid-Afrikaanse Party onderteken het, is vertroue in Botha en sy regering uitgespreek.[117]

Dit ly geen twyfel nie dat genl. Botha doelbewus 'n besoek aan Vryheid en Noord-Natal gebring het om wat as 'n Hertzogrebellie voorgekom het, te onderdruk. Reeds met sy ontvangs op die stasie, wat "zeer zwak" bygewoon is, het hy in 'n poging om guns te win, verklaar dat hy hom op Vryheid tuiser gevoel het as op enige ander plek in die land. Die aand van 16 Oktober het hy 'n geesdriftige open=bare vergadering op die dorp toegespreek en met lof verwys na sy sterk regering wat besig was om hom vir die absolute gelykheid van albei taalgroepe te beywer. Met 'n duidelike verwysing na genl. Hertzog se kritiek op hom, hoewel hy hom nie by naam genoem het nie, het hy verklaar dat solank hy aan die bewind sou bly, hy met sy beleid van konsiliasie sou volhard totdat die volk aan hom sou sê: tot hiertoe en nie verder nie. Hy was nooit ten gunste daarvan dat iemand sy taal en tradisies vir 'n ander moes opoffer nie, want dit is die rol van 'n verraaier.

Diegene met griewe het hy aangeraai om van die partymasjinerie gebruik te maak en hulle by die beslissing van die meerderheid neer te lê. Die kongres, as ver=teenwoordigende liggaam van die party, het die finale sê gehad en dit was ieder se plig om die uitspraak van die kongres as bindend te aanvaar. Hy het die ver=antwoordelikheid op hom geneem om die land te regeer, en met die steun van die meerderheid sou hy voortgaan om sy taak te volbring. Ná sy toespraak is 'n mosie van vertroue in die Regering sonder 'n teenstem aanvaar, maar 'n aantal mense het buite stemming gebly.[118]

---

116. PM/OG, F.G. Katzenstein -- genl. Botha, 26 Sept. 1913.
117. Ibid en ibid., F.G. Katzenstein -- genl. Botha, 3 Okt. 1913.
118. De Afrikaner, 16 Okt. 1913, berig; ibid., 20 Okt. 1913, berig.

Onder laasgenoemde groep was daar bes moontlik diegene vir wie Botha se woorde bra holklinkend moet gewees het, veral vir sover hy hom oor taalgelykheid uitgelaat het, want aan die Vryheidse staatskool, soos elders in Natal, het so iets nie bestaan nie. Dit was juis direk na Botha se besoek aan Vryheid dat die Waaksaamheidskomitee van die dorp se Afrikaanse ouers dit aan die lig gebring het dat, hoewel 162 van die 289 kinders aan die dorpskool Afrikaanssprekend was, die voertaal Engels was en dat Hollands as 'n vreemde taal onderrig is. Vertoë wat in hierdie tyd tot die Uitvoerende Komitee gerig is om die saak reg te stel, was vrugteloos, want die Natallers was, by monde van hul Provinsiale Sekretaris en Superintendent van Onderwys, die here J.M. Herschensohnn en C.J. Mudie, doodtevrede met hul oud-koloniale onderwysstelsel, al was die onderrig van Hollands swakker daaraan toe as dié van Duits aan die 16 Duitse skole in die provinsie.[119]

Een van die bedrywigste figure tydens hierdie besoek van genl. Botha was die heer Katzenstein, wat verbete teen die Hertzogmanne gekant was. Hy het reeds voor Botha se aankoms verklaar dat, hoewel die politieke eensgesindheid in die kiesafdeling versteur is, die Hertzogiete hul "grote bekken" kwytgeraak het.[120]

Dit was vir hom belangrik dat die Hertzoggesindes ontmasker en openlik beveg moes word. Op 'n middagmaal wat hy in die Centralhotel aangebied het en waarheen 65 mense uitgenooi is, was hy die ene lewe. 'n Briefskrywer het hom soos volg hieroor uitgedruk: "De 'ou kat' heeft daar net rondgedraafd en ook hier en daar een krap gegeven."[121]

Genl. Botha het ook 'n vergadering op Utrecht toegespreek waar die heer Prinsloo wou weet of die oplossing van die politieke geskil nie te vinde was in Botha se uittrede en die hou van 'n algemene verkiesing nie --'n vraag wat taamlik algemeen geopper is. Hy het geantwoord dat die politieke krisis nie bloot 'n geskil tussen hom en Hertzog was nie aangesien die hele Kabinet, met die uitsondering van Fischer, Hertzog se optrede veroordeel het. Dit sou tog ondenkbaar wees om te verwag, het hy vervolg, dat 'n klein minderheid in die Kabinet en die koukus die optrede van die party moes voorskryf. In 'n algemene verkiesing sou nie net die Afrikaners 'n stem hê nie, maar sou die Unioniste, Arbeiders en Kleurlinge saam met hulle uitspraak oor genl. Hertzog se optrede moes lewer. En, het hy gevra, sou 'n meerderheid vir een van hulle in so 'n verkiesing die situasie enigsins verbeter, of sou die bitterheid in die boesem

---

119. The Natal Witness, 30 Okt.1913, brief deur J.Wiggett aan Uitvoerende Komitee, met J.M.Herschensohnn se antwoord daarop. Sien ook De Afrikaner, 27 Okt. 1913, hoofartikel, 20 Julie 1915, berig uit De Bode, 15 Julie 1915; N.P.5, 1914, pp. 3-4; E.G. Jansenversameling, Lêer 66, Wm.Schröder -- E.G.Jansen, 27 Sept. en 8 Okt. 1915.
120. PM/OG, F.G. Katzenstein-- genl. Botha, 3 Okt. 1913.
121. De Afrikaner, 30 Okt. 1913, brief deur "Een Toekijker".

van die party eerder toeneem? Sy verduideliking is met toejuiging begroet en 'n mosie van vertroue in hom is eenparig aanvaar.[122]

Genl. Botha het ongetwyfeld daarin geslaag om die indruk uit die weg te ruim wat daar na buite bestaan het dat die hele Vryheidse kiesafdeling teen hom in opstand gekom het. Die onderlinge stryd in die kiesafdeling rondom die optrede van die here Roos en Rheeder het egter, ten spyte van sy ingryping, voortgeduur.

Benewens die hierbo vermelde uitspraak van die Njatiesbergtak op 6 September het ook die takke Ntabankulu, Waterval en Babanango die optrede van Roos en Rheeder reeds voor genl. Botha se besoek aan Vryheid bespreek.[123] Al sewe die Vryheidse takke het voor 21 Oktober uitspraak gelewer, en van hulle het vier volle vertroue in die twee afgevaardigdes uitgespreek, terwyl een 'n mosie van wantroue aanvaar, 'n ander die saak aan die distriksbestuur oorgelaat en die oorblywende tak geen besluit geneem het nie.[124]

Ten spyte van hierdie bewys van algemene vertroue in die twee afgevaardigdes het sake spoedig anders teen hulle verloop. Dit moet toegeskryf word aan vervolgsug wat in 'n groot mate sy oorsprong gehad het by genl. Botha se suggestie aan Katzenstein en Van Reenen op 20 Augustus dat die twee kortgevat moes word.

Katzenstein het reeds op 26 September, ná die mosie van vertroue wat die openbare vergadering op Vryheid in Roos aanvaar het, aan genl. Botha geskryf dat die distriksbestuur nog die saak moes bespreek en dat dit wel 'n ander uitslag sou oplewer.[125] Dieselfde aand waarop genl. Botha sy openbare rede op Vryheid gelewer het, en direk na daardie byeenkoms, het die distriksbestuur in dieselfde saal vergader om Roos en Rheeder se optrede te bespreek.

Wat op daardie vergadering gebeur het, was, te oordeel na die kommentaar van De Afrikaner en die Herald en besonderhede wat deur briefskrywers aan hierdie koerante verstrek is, 'n demonstrasie van onordelike, onbillike en ongrondwetlike optrede. Dit is die enigste bronne waaruit geput kon word, want F.W. van Reenen, sekretaris van die distriksbestuur, het geweier om die notule te publiseer[126] en dit kon nêrens elders opgespoor word nie. Die feit dat die Hoofkomitee van die party later die vergadering as onkonstitusioneel verklaar het, soos aangetoon sal word, bevestig die bogemelde stelling tot groot hoogte.

Dit het by tye maar wild daaraan toegegaan soos verskeie aanwesiges tegelyk probeer het om hulself hoorbaar te maak. Roos en Rheeder kon hul saak nie behoor-

---

122. Ibid., 30 Okt. 1913, berig oorgeneem uit De Volkstem.
123. Ibid., 13 en 16 Okt. 1913, berigte.
124. Ibid., 27 Okt. 1913, brief deur Paul L. Zietsman; ibid., 3 Nov. 1913, berig oor Roos en Rheeder se gronde vir appèl.
125. PM/OG, F.G. Katzenstein -- genl. Botha, 26 Sept. 1913.
126. De Afrikaner, 3 Nov. 1913, berig, "De Afvaardiging voor Vrijheid", oorgeneem uit die Herald.

lik gestel kry nie, want hulle is telkens deur 'n geskreeu en uitroepe van "wan= trouwen en schrap!" in die rede geval, het 'n briefskrywer verklaar wat beweer dat hy buite die saal by 'n venster staan en luister het.[127] Aangesien daar sewe takke was, het die distriksbestuur volgens art. 6 van die grondwet uit 14 lede bestaan, dog die vergadering is, volgens briefskrywer Paul L. Zietsman, ge= pak deurdat tien oudbestuurslede ook daarheen opgeroep is op grond van 'n huis= houdelike reël wat bepaal het dat gewese lede van die distriksbestuur ook die reg had om so 'n byeenkoms by te woon en daar 'n mening uit te spreek en te stem.[128]

Hierdie huishoudelike reël kom verdag voor, want met die gereelde bedanking van bestuurslede sou die distriksbestuur eerlank 'n logge liggaam kon geword het. Die reël was, indien nie na die letter nie, beslis in stryd met die gees van die grondwet wat kragtens art. 12 juis so 'n strydige artikel verbied het.

Die vergadering het drie, vier uur geduur, maar nie al 24 wat daarheen opgeroep is, was deurentyd aanwesig nie omdat sommige laat opgedaag het en andere voor die verdaging vertrek het. Die getuienis oor die stemming oor die vernaamste mosie van die aand, die skrapping van die twee here as lede van die party en hul vervanging as afgevaardigdes deur andere, klop nie ten volle nie. Volgens Zietsman in sy reeds aangehaalde brief is daar altesame 19 stemme uitgebring, maar volgens die Herald 18. Laasgenoemde beweer dat die twee afgevaardigdes van Babanango nie geweet het dat daar so 'n belangrike besluit geneem sou word nie en dat hulle voor die stemming vertrek het. Die twee van Njatiesberg het buite stemming gebly, asmede Roos en Rheeder omdat hulle die aangeklaagdes was. Van die orige agt vaste lede het ses vir die skrappingsvoorstel gestem en hulle is, volgens Zietsman, deur vier oudbestuurslede gesteun. So is daar met 10 stemme teen 9 besluit dat Roos en Rheeder hulle nie na behore gedra het nie en is hulle as lede van die party geskrap en deur twee ander as afgevaardigdes na die kongres in Kaapstad vervang.[129]

Die afgevaardigdes het nie 'n billike kans gekry om hul saak te stel nie en een van hulle, waarskynlik Rheeder, het uitgestap nog voordat die stemming plaasge= vind het. Die ander een is na die stemming die geleentheid gebied om te praat, maar daar het weer so 'n lawaai losgebars dat hy spoedig die stryd gewonne gegee het. Hy is aangesê om pad te gee as hy teen Botha was, want laasgenoemde het hom op die kongres beroep, daarom was dit gebiedend dat daar slegs Bothamanna na die kongres gestuur word. Onder die aanwesiges was daar vier ouderlinge wat die volgende dag Nagmaal bygewoon het en hulle is deur Zietsman en andere

---

127. Ibid., 30 Okt. 1913, brief deur "Een Toekijker".
128. Ibid., 27 Oktober 1913, brief deur Paul L. Zietsman.
129. Ibid. en ibid., 3 Nov. 1913, berig, "De Afvaardiging voor Vrijheid", oorgeneem uit die Herald.

bygekom oor hul on-Christelike optrede teenoor Rheeder en Roos.[130]

Die opvatting van die voormelde getuies was dat daar onkonstitusioneel te werk gegaan is, en dit is onderskryf deur die redakteur van De Afrikaner in 'n voetskrif tot Zietsman se brief. Die redakteur het aan die hand gedoen dat daar by die Hoofkomitee van die party of by die kongres appèl aangeteken moes word en dat Roos en Rheeder, hangende die uitslag van die appèl, as die wettig verkose afgevaardigdes moes aanbly.

Appèl is ook spoedig by die Hoofkomitee aangeteken, en wel op grond van die volgende: 1, dat die distriksbestuur slegs uit 14 lede bestaan het, dog dat 24 na die vergadering opgeroep is; 2, dat die twee afgevaardigdes op 26 Maart wettiglik verkies is en slegs geskrap kon word indien hulle in stryd met 'n besluit of die grondwet gehandel het; 3, dat 'n meerderheid van vier uit die sewe takke die optrede van die twee here op die provinsiale vergadering goedgekeur het; 4, dat die voorstel om hulle te skrap, deur oudbestuurslede ingedien en gesekondeer is, hoewel hulle nie lede van die distriksbestuur was nie; 5, dat die huishoudelike reël waarkragtens tien oudbestuurslede na die vergadering opgeroep is, strydig met die grondwet was; 6, dat die voorsitter en sekretaris wat op die vergadering verkies is, nie lede van die distriksbestuur was nie; 7, dat die voorstel om die twee here te skrap, tot stemming gebring is sonder dat hulle die geleentheid gebied is om hul saak te stel.[131]

Die appèl is toegestaan, en tereg ook, en voorts is die distriksbestuursvergaderings van 26 Maart, 4 April en 16 Oktober as onkonstitusioneel verklaar. Genl. Botha het sy ontevredenheid oor hierdie onkonstitusionele optredes uitgespreek en Frik van Reenen gelas om die lede van die distriksbestuur opnuut op te roep om hulle as 'n liggaam te konstitueer en twee afgevaardigdes na die kongres in Kaapstad te kies. Hierdie vergadering is op 15 November op Vryheid gehou, waar Roos en Rheeder andermaal as afgevaardigdes verkies is.[132]

Dit was 'n duidelike oorwinning vir die Hertzogiete oor die politieke geknoei van hul opponente, dié van genl. Botha inkluis, en het die Suid-Afrikaanse Party nie tot eer gestrek nie. Voordat die uitslag van die appèl nog bekend was, het Paul Rheeder in 'n ope brief aan die distriksbestuur en die kongres 'n uiteensetting van sy siening van die saak gegee en verklaar dat die Suid-Afrikaanse Party van Vryheid nie daarop ingestel was om lands- en volksbelange te behartig nie, maar persoonlike belange. Hy het gesinspeel op 'n persoonlike vete van Van Reenen jeens Roos en was gebelg omdat die verkiesing van die afgevaardigdes na die kongres ook aan 'n enkele persoon, Botha, vasgeknoop is. As dit so sou

---

130. Vgl. o.a. ibid., 30 Okt. 1913, brief deur "Een Toekijker"; ibid., 3 Nov. 1913, brief deur "Belang Steller", oorgeneem uit die Herald.
131. Ibid., 3 Nov. 1913, berig.
132. The Vryheid Herald, 7 Nov. 1913; The Times of Natal, 17 Nov.1913, berig.

voortgaan, het hy gewaarsku, sou die party nie slegs lede verloor nie, maar ook takke.[133]

Om die een of ander rede, waarskynlik vanweë die onaangenaamheid van die twis, het Rheeder hom sy herverkiesing as afgevaardigde nie laat welgeval nie en sou sy plek deur Lodewyk de Jager ingeneem word. Of sy onttrekking verband gehou het met wat hy as 'n persoonlike vete van Van Reenen jeens Roos beskou het, is ook nie bekend nie. Dat daar van die begin af getrag is om Roos in diskrediet te bring, word bewys deur die aantyging van bankrotskap teen hom wat pas na sy eerste verkiesing op 26 Maart by die Hoofkomitee van die party gemaak is. Daar is nie verklaar wie dit gedoen het nie, maar dit kan Van Reenen gewees het, as sekretaris van die distriksbestuur. As ingeskrewe klerk by die regsfirma van Katzenstein[134] was hy in noue voeling met laasgenoemde. Dit was juis Katzenstein wat op 18 November, terwyl Roos reeds na die kongres in Kaapstad op pad was, in 'n dringende private telegram aan genl. Botha berig het dat die bestuurder van die Natalbank aanbeveel het dat Roos op die swartlys van alle banke geplaas moes word omdat hy die naam van ene Gert Petrus Boshoff op 'n promesse van £50 vervals en by die bank probeer verdiskonteer het.[135]

Hoeveel waarheid daarin gesteek het, kon nie bepaal word nie, want geen verdere verwysing daarna is teëgekom nie, maar die bewering plaas sekerlik die seël op die Bothamanne van Vryheid se veldtog teen die Hertzogiete in hul midde tot op die vooraand van die Kaapstadse kongres. Die Hertzogiete was gewis in die minderheid in die kiesafdeling, soos blyk uit die mosie van vertroue in genl. Botha op die vergadering op Vryheid en dié wat genl. M.W. Myburgh, die sittende Volksraadslid en 'n sterk Bothaman, vir Botha en die Regering op verslagvergaderings verkry het.[136] Desnieteenstaande was die "rebellie" in Vryheid 'n gevaarteken vir genl. Botha en het daar boonop uit ander oorde in Natal onaangename stemme teen hom opgegaan.

Uit die kiesafdeling Kliprivier het die sittende Volksraadslid, Henry Wiltshire, op 18 September berig dat die Britsgesindes hulle by Botha geskaar het, maar dat die spoorwerkers besig was om die Arbeiderparty te steun. Wat hom egter die diepste verontrus het, was dat 'n groot aantal van sy Afrikanervriende vir Hertzog begin aanhang het. Onder hulle was daar vele van die mees gerespekteerde en invloedryke ouer mense. Wiltshire het verklaar dat hy sy bes doen om die saak te red, maar dat die Hertzoggesindheid reeds diep ingeslaan het en dat genl. Botha liefs 'n besoek aan die kiesafdeling moes bring. Botha het egter

---

133. De Afrikaner, 13 Nov. 1913, ope brief deur J.P. Rheeder.
134. Meegedeel deur wyle senator Alfred Friend van Vryheid in bandonderhoud op 28 April 1977.
135. PM/OG, tel Katzenstein -- genl. Botha, 18 Nov. 1913.
136. Vgl. De Afrikaner, 21 Aug. en 23 Okt. 1913, berigte.

nie sy weg oopgesien om aan die versoek te voldoen nie,[137] wat ietwat eienaar= dig is, want dit was op die vooraand van sy besoek aan Vryheid, per spoor nie ver van Ladysmith af nie.

Dit was binne enkele dae ná hierdie korrespondensie dat die Ladysmith Nationale Debatsvereniging aan die huis van die heer C. Paul vergader het. Onder die onvoorbereide onderwerpe wat ter sprake gekom het, was daar een wat veel belang= stelling uitgelok het, naamlik "Is genl. Hertzog Onmisbaar vir die Kabinet?" Dit is deeglik bespreek en daar is gevind dat hy wel onmisbaar was, "voornamelik voor de taal, en als hij niet weer inkomt, gaan Afrikaner en taal en al naar de maan".[138]

Uit die kiesafdeling Newcastle het H.J. Bosman 'n klaaglied aangehef dat hy nie as Volksraadslid deug nie en dat hy liewer sou bedank ten einde sy volle aandag aan sy eie sake te bestee. Hy was blykbaar 'n geldskieter. Bosman het darem dié versekering aan Botha gegee dat D.J.A. van der Spuy wat op die provinsiale vergadering in Pietermaritzburg so sterk teen hom gepraat het en as afgevaardig= de die Kaapstadse kongres sou bywoon, 'n draadsitter was en dat sy steun maklik met 'n bietjie eer en vriendelikheid gewin sou kon word.[139] Van der Spuy het egter 'n maand later in 'n brief aan De Afrikaner andermaal getoon dat die ge= skil tussen die twee generaals hom diep aangegryp het. Hy het weer 'n dringen= de pleidooi gelewer dat hulle tot 'n versoening moes geraak om die eenheid in die party te behou. Was dit dan onmoontlik, wou hy weet, om uit die verlede te leer dat tweedrag onder die Afrikaners slegs rampspoed tot gevolg kon hê?"[140]

Die skerpste onenigheid rondom 'n Hertzogiet buite Vryheid het hom in Umvoti afgespeel, waar Adrian I.J. Nel die doring in die vlees van die Bothamanne was.

Pas ná die provinsiale vergadering van die party in Pietermaritzburg, waar Nel hom teen die mosie van vertroue in genl. Botha uitgespreek het, het sake in Umvoti aan die roer gekom, want hy en kmdt. John A. Nel sou die kiesafdeling op die kongres in Kaapstad verteenwoordig. Op 30 Augustus het die Greytowntak van die party die vraag bespreek of daar 'n verpligting op die twee afgevaardigdes was om die meerderheidsgevoel van die takke op die kongres uit te spreek. Sir George Leuchars het, in die lig van die politieke verandering wat ingetree het sedert die twee afgevaardigdes aangewys is, verklaar dat hy geen beswaar teen die twee kon inbring nie, behalwe dat hulle teenstrydige standpunte oor belangrike sake gehuldig het. Aangesien die twee here nie teenwoordig was om hul menings te verstrek nie, is 'n vergadering vir 13 September belê waarheen hulle uitge=

---

137. PM/OG, H. Wiltshire -- genl. Botha, 18 Sept. 1913, genl. Botha -- H. Wilt= shire, 22 Sept. 1913, (afskrif).
138. De Afrikaner, 20 Okt. 1913, berig.
139. PM/OG, H.J. Bosman -- genl. Botha, 23 Sept. 1913.
140. De Afrikaner, 27 Okt. 1913, brief deur D. van der Spuy.

nooi sou word.[141]

Op daardie vergadering het John A. Nel verklaar dat hy na Kaapstad sou gaan om die party van Umvoti te verteenwoordig en dat hy nie daar teen die belange van die party sou optree nie. Adrian Nel het beswaar gemaak dat daar getrag is om aan hulle voor te skryf hoe hulle moes stem. Hy was dit eens dat daar van hulle verwag kon word om die menings en gevoelens van die kiesafdeling te verteenwoordig, maar het daarop gewys dat die kiesafdeling politiek verdeel geraak het. Genl. Botha, het hy verklaar, het verkeerd opgetree deur genl. Hertzog uit die Kabinet te sit oor sy standpunt Suid-Afrika eerste. Hertzog is opgeoffer om Leuchars tevrede te stel en daardeur is die hele Vrystaat en vele andere beledig, daarom was hy van plan om op die kongres na goeddunke op te tree. Ná verdere bespreking het Adrian Nel ingewillig om in ooreenstemming met die meerderheidswil van die partylede van Umvoti te stem, waarop besluit is dat die drie takke Kranskop, Bo-Umvoti en Greytown afsonderlik op vergaderings tussen Botha en Hertzog sou stem en dat die twee afgevaardigdes hulle by die meerderheidsbeslissing van die drie takke moes neerlê.[142]

Sake het hierna 'n wending begin neem. Leuchars het genl. Botha per brief gewaarsku dat Adrian Nel, die seun van Lang Lewies, 'n Hertzogrebel was; die Greytown Gazette het Hertzog 'n "crank" genoem en verklaar dat Adrian Nel baie na aan een gekom het, waarop laasgenoemde in 'n skerp brief geantwoord het dat hy hom liewer in die geselskap van pres. Steyn en genls. Hertzog en De Wet bevind as in dié van diegene wat skelname uitdeel aan mense wat van hulle verskil. Die tyd sou leer of the Afrikaner-"backvelder" by die Britse pennelekker in lojaliteit sou agterstaan wanneer die "Empire"in gevaar beland - dieselfde "backvelder" wat Suid-Afrika eerste gestel het en ietwat swygend was oor die belange van die "Empire" waarbinne hy geen sê en geen stem had nie.[143]

Genl. Botha het in antwoord op Leuchars se brief die hoop uitgespreek dat Umvoti 'n duidelike opdrag aan sy twee afgevaardigdes sou gee ten einde te verhinder dat nog 'n kiesafdeling waar hy die meerderheidsteun geniet, Hertzogiete na die Kaapstadse kongres sou stuur. Dit was raadsaam dat daar geen kans in Umvoti gewaag word nie.[144]

Die vergaderings wat deur die drie takke gehou is, het vir 'n bietjie politieke opwinding gesorg en getoon dat die Hertzogiete wel 'n faktor in die kiesafdeling was.

---

141. The Greytown Gazette, 5 Sept. 1913, berig en hoofartikel.
142. Ibid., 19 Sept. 1913, berig.
143. Vgl. PM/OG, G. Leuchars -- genl. Botha, 15 Sept. 1913; The Greytown Gazette, 19 en 26 Sept. 1913, hoofartikel en brief deur Adrian I.J. Nel.
144. PM/OG, genl. Botha-- G. Leuchars, 18 September 1913 (afskrif).

Die eerste vergadering is deur die tak Bo-Umvoti op 25 September onder voorsitterskap van W.A. (Bill) Deane op die plaas Uitzicht gehou. Onder die sprekers het Adrian Nel, G.T. (Tommie) van Rooyen en Elemans van Rooyen getoon dat hulle Hertzogmanne was, want hulle wou hê dat die afgevaardigdes na die kongres 'n vry hand moes hê om òf vir Botha òf vir Hertzog te stem. Elemans van Rooyen sou ook nie beswaar hê as die twee generaals vir 'n derde persoon as premier plek maak nie. G.I. van Rooyen, sr., van die plaas Uitzicht, P.H. van Rooyen, sen. Tol Nel en kmdt. John A. Nel was ten gunste van 'n stem vir die Regering op die kongres. Die Hertzogiete het hul saak verloor en 'n mosie van vertroue in die Regering, voorgestel deur R.J. van Rooyen en gesekondeer deur Leo. van Rooyen, is aanvaar. Vir De Afrikaner het die vergadering 'n bewys gelewer van 'n gesonde partygees en 'n begeerte om die party-eenheid te bewaar, en daarin het hy hom verheug.[145]

Die Kranskoptak het ook vergader en daarna het die Greytowntak op 4 Oktober in die stadsaal onder voorsitterskap van sen. Tol Nel byeengekom. Op 'n vraag van E.T. Hill of die twee afgevaardigdes ingewillig het om hulle by die meerderheidstem van die drie takke neer te lê, het Adrian Nel geantwoord dat hy eerder sou bedank as om op die kongres teen sy gewete te stem. Sen. Nel het dadelik op 'n vraag geantwoord dat as Adrian Nel sou besluit om hom te onttrek, hy deur een van die twee sekundi, W.A. Deane of P.R. Botha, vervang sou word. Aan die einde van die vergadering is daar tussen genls. Botha en Hertzog gestem, waarna die uitslag van die stemming in al drie takke bekend gemaak is:[146]

	Vir Botha	Vir Hertzog
Bo-Umvoti	16	10
Kranskop	23	26
Greytown	35	16
	74	52

Die feit dat Botha slegs 'n meerderheid van 22 behaal het en dat die Hertzogiete meer as 41% van die stemme verteenwoordig het, is deur die Gazette as bewys beskou dat die Hertzogrebellie 'n groter omvang aangeneem het as wat verwag is, en hy het voorspel dat die kiesafdeling in die volgende verkiesing geen wegholoorwinning aan genl. Botha sou besorg nie.[147]

Dit was veral Kranskop, 'n Afrikanervesting, wat die krag van die Hertzogiete getoon het, en daarom het sir George Leuchars 'n spesiale poging aangewend om hulle namens genl. Botha te gaan bearbei. Hy het op Saterdag, 11 Oktober, 'n

---

145. De Afrikaner, 29 Sept. 1913, berig en hoofartikel.
146. The Greytown Gazette, 10 Okt. 1913, berig. Sien ook The Natal Witness, 13 Okt. 1913, wat op sy voorblad beweer dat bg. vergadering op 8 Oktober gehou is.
147. The Greytown Gazette, 10 Okt. 1913, berig.

goed verteenwoordigende vergadering onder voorsitterskap van R.P. Martens van Jammerdal in die hofsaal op Kranskop toegespreek. Dit was 'n lewendige ver= gadering, maar dit het nie handuit geruk nie.

Leuchars het verklaar dat toe genl. Hertzog lid van die eerste Kabinet geword het, hy ten volle daarvan bewus was dat genl. Botha 'n konsiliasiebeleid sou volg; desnieteenstaande het hy eers agterna die konsiliasiebeleid verdoem en Botha en die Suid-Afrikaanse Party beledig. Ná de Wildt het Hertzog die ver= metelheid gehad om Botha op Smithfield 'n opportunis te noem. Wat is 'n op= portunis? het Leuchars gevra, en geantwoord: Dit is 'n man wat sy beginsels begrawe om die mag te behou, en dit is wat Hertzog besig was om te doen. Hy het van Hertzog gehou, maar dié was prikkelbaar en 'n fanatikus oor die taal- en rassekwessie, het hy te midde van verontwaardigde uitroepe en 'n algemene oproer verklaar.[148]

Na sy rede is hy met vrae bestook oor waarom hy nie weer in die Kabinet opge= neem is nie, waarom hy bereid was om die "Empire" bo Suid-Afrika te stel en of hy ooit sy geskil met Hertzog persoonlik bespreek het. Hy het die antwoorde verstrek waarna reeds in die vorige hoofstuk verwys is. Dit was veral sy stel= ling dat hy as 'n rebel gebrandmerk sou moes word indien hy in 'n botsing van belange Suid-Afrika bo die "Empire" sou stel wat verontwaardiging ontlok het. Nog voordat P.R. Vermaak se mosie van vertroue in genl. Botha gesekondeer kon word, het G.T. (Tommie) van Rooyen, 'n oud-ondersteuner van Leuchars, opgespring en verklaar dat nadat hy uit Leuchars se mond gehoor het dat hy die "Empire" eerste stel en Suid-Afrika tweede, hy hom nie langer kon ondersteun nie. Leuchars, het hy verklaar, sou Suid-Afrika verraai as dié in 'n botsing met Brittanje sou beland, en daarom stel hy 'n mosie van wantroue in hom voor. Adrian Nel het die mosie met spyt gesekondeer en dit is met 27 stemme teen 17 aanvaar, terwyl verskeie aanwesiges buite stemming gebly het.[149]

Hierdie terugslag vir Leuchars en genl. Botha was nie totaal onverwags nie, maar het nietemin die besef ingeskerp dat Umvoti, met Kranskop as erkende tuiste van die Hertzogiete, 'n politieke gevaar vir genl. Botha ingehou het, soos 'n spesiale korrespondent van die Mercury dit gestel het. Die redakteur van die blad het die erns daarvan egter probeer afmaak deur te verklaar dat Kranskop uit voeling met die res van Natal was en dat die aanwesigheid van 'n klein groepie van 27 Hertzogiete in 'n Afrikanervesting nie juis as politiek verontrustend beskou hoef te word nie.[150]

---

148. Ibid., 17 Okt. 1913, berig.
149. Ibid. Sien ook The Natal Mercury, 14 Okt. 1913, berig, waarin die uitslag as 27-7 aangegee word.
150. The Natal Mercury, 14 en 15 Okt. 1913, berig en hoofartikel.

In die loop van die volgende twee jaar tot en met die algemene verkiesing van 1915 sou dieselfde blad en die Witness dit nog nodig vind om hul lesers ernstig te waarsku teen die krag van die hertzogiete in Umvoti. Selfs sir George Leuchars sou bekommerd raak. In daardie verkiesing sou Leuchars hom in 'n dilemma bevind wat hy nie vir homself voorsien het toe hy op 11 Oktober 1913 op Kranskop verklaar het dat die minderheid hom by die beslissing van die meerderheid moes neerlê nie. Hy het die stelling gemaak met verwysing na genl. Hertzog en die aanstaande stemming tussen hom en genl. Botha op die Kaapstadse kongres,[151] maar sy eie woorde sou op hom terugslaan.

Die partylede van Umvoti het hulle in die stemming in die drie takke duidelik ten gunste van genl. Botha uitgespreek, maar die vraag was steeds of die kiesafdeling 'n eendragtige stem op die kongres sou uitbring. Adrian Nel het hom, ten spyte van die druk wat op hom uitgeoefen is om vir Botha te stem, tog nie onttrek nie en is saam met John A. Nel as afgevaardigde Kaap toe.

5. Die Natallers en die "Roomkongres"

Die Natalse afgevaardigdes na die derde jaarkongres van die Suid-Afrikaanse Party in Kaapstad van 20-24 November 1913 was oorwegend Bothamanne. Dit was slegs Adrian I.J. Nel van Umvoti en J.G. Roos van Vryheid wat bekendheid as Hertzogiete verwerf het. Oor B.J.A. van der Spuy van Utrecht het daar twyfel bestaan. Hoewel hy in sy openbare uitlatinge die indruk geskep het dat hy aan Hertzog se kant was, sou die behoud van party-eenheid by hom die deurslag ten gunste van genl. Botha gee. Sy mede-afgevaardigde, sen. T.J. (Tol) Nel,[152] was, hoewel hy teen die uitsetting van genl. Hertzog uit die Kabinet was, nie bereid om teen genl. Botha te stem nie. So het "de ou-vader van onze Umvoti-mense", soos De Afrikaner hom genoem het, op 25 September op die vergadering van die tak Bo-Umvoti op die plaas Uitzicht verklaar, en so het H.J. Bosman ook aan genl. Botha te kenne gegee.[153]

Een man oor wie se pro-Bothagesindheid daar nie getwyfel is nie, was die gegoede J.J. Müller van Newcastle, en gevolglik is hy sonder slag of stoot verkies. Hoewel dit na buite nie bekend was nie, was hy egter 'n sterk Hertzogiet wat spoedig die leiding sou neem om die Nasionale Party in Natal gestig te kry. Net soos in sy geval, maar vanweë 'n algemene en bekende Bothagesindheid, is die afgevaardigdes van die orige Natalse distriksbesture ook sonder enige partypolitieke stryd

---

151. The Greytown Gazette, 17 Okt. 1913, berig.
152. Sy voorletters word in die Notulen van het Derde Jaarlikse Kongres van de Zuid Afrikaanse Partij gehouden in die Hofmeyer- en Stadszaal, Kaapstad, 20-24 Nov. 1913, p.7, verkeerdelik as G.J. Aangegee.
153. De Afrikaner, 29 Sept. 1913, hoofartikel; PM/OG, H.J. Bosman -- genl.Botha, 23 Sept. 1913.

verkies en na Kaapstad gestuur. Hulle het die meerderheidswil van die Natal=lers verteenwoordig, onder wie daar 'n groot persentasie was wat, net soos die Greytown Gazette, die volgende versugting oor genl. Hertzog sou kon uiter: "God save South Africa from such a leader."[154]

Een van die afgevaardigdes wie se naam nie in die amptelike notule voorkom nie, is dié van A. Jansen van Biggarsberg, Dundee, wat sommer sy wittebroodsdae in Kaapstad sou deurbring.[155] Of sy naam per abuis weggelaat is en of sy witte=brood hom daarvan weerhou het om die presensielys te teken, is nie bekend nie. Hy was 'n broer van E.G. Jansen, sekretaris van die Suid-Afrikaanse Party in Natal.

Die Natallers wat, volgens die notule, die kongres bygewoon het, was: Biggars=berg (Dundee), P.R. Vermaak; Durban, J. McIntosh en dr. A. Schultz; New=castle, J.J. Müller en A.A. Osborne; Paulpietersburg, P. Wessels en A. Schutte; Pietermaritzburg, T. Orr, LV, en W.H. Griffin, LV; Umvoti, J.A. Nel en A.I.J. Nel; Utrecht, D.J.A. van der Spuy en sen. T.J. Nel; Vryheid, L. de Jager en J.G. Roos. Sir Thomas Watt, sir William Beaumont en E.G. Jansen was as lede van die Hoofkomitee teenwoordig en is in dié hoedanigheid herkies.[156]

Op die openingsdag van die kongres het De Afrikaner verklaar dat die beslissing wat daar gelewer sou word, vir die hele Afrikanervolk van lewensbelang was. Dit was sy oortuiging dat elke opregte Afrikaner die kongres biddend tegemoet gesien het om leiding in die krisis, en 'n beroep is vir oulaas op die kongresgangers gedoen om hulle nie deur persoonlike verbittering te laat voorskryf nie. Hulle moes soos onbevooroordeelde regters luister en daarna volgens plig en gewete be=slis. Dit sou ewe verkeerd wees, het die blad aangevoer, indien daar afgevaar=digdes was wat met die vooruit genome besluit na die kongres gegaan het om òf vir die een òf vir die ander van die twee strydende generaals te stem, daarom was dit te betreur dat verskeie distriksbesture 'n vaste opdrag aan hul afgevaardig=des gegee het.[157]

De Afrikaner se flou stemmetjie sou seer sekerlik nie op dieselfde dag tot aan die voet van Tafelberg deurgedring het nie, maar dit doen nie af aan die erns van sy onpartydige pleidooi as mondstuk van die Natalse Afrikaners nie. Daar sou wel vele in die land gewees het wat sy versoenende houding gedeel het, maar as mondstuk van 'n klein klompie Afrikaners in Natal het sy onpartydigheid nie ge=deug nie. As hy 'n spesifieke beleid gevolg het, soos direk na die skeuring van

---

154. The Greytown Gazette, 31 Okt. 1913, hoofartikel.
155. De Afrikaner, 13 Nov. 1913, notule ingestuur deur A. Jansen van ver=gadering Biggarsberg-Helpmekaar-tak van SAP, 25 Okt. 1913.
156. Notulen van het Derde Jaarlikse Kongres ..., pp. 7 en 18.
157. De Afrikaner, 20 Nov. 1913, hoofartikel.

van Desember 1912, sou hy 'n faktor in die politiek van Natal gewees het, sou hy groter respek afgedwing en gehelp het om rigting in die tydperk van verwarring te gee. Pleks daarvan is sy onpartydigheid as blote draadsittery vertolk en sou hy hom by sy lesers in diskrediet bring.

Die Natallers het maar 'n geringe rol in die amptelike verrigtinge van die kongres gespeel - tot die "Roomkongres" gedoop omdat genl. Botha verklaar het dat die room van die volk daar verteenwoordig was. Hulle was minder as 20 in getal en het 'n raps minder as 9% van die 221 stemme verteenwoordig wat in die belangrikste beslissing van die kongres uitgebring is. Uit 'n totaal van 62 hoofbeskrywingspunte op die agenda het slegs drie minder belangrikes uit Natal gekom. Tog het Natal 15%, of £225, van die partybegroting van £1 500 vir 1913 gelewer en dit reeds voor die kongres ten volle betaal, teenoor die Vrystaat se 20%, Transvaal se 30% en Kaapland se 35%.[158]

Aan die einde van die tweede dag se beraadslaginge oor die geskil tussen die twee generaals, is 'n sewemankommissie aangestel om vir oulaas met Botha en Hertzog oorleg te pleeg. As Natalse lid van hierdie kommissie word die naam van P. Nel aangegee,[159] maar wie hy was, is nie bekend nie. Bes moontlik is die voorletter verkeerd aangedui en was dit die eerbiedwaardige sen. T.J. (Tol)Nel.

Omdat Genl. Hertzog geweier het om voor die kommissie te verskyn, is 'n voorstel wat genl. C.R. de Wet reeds op die eerste dag ingedien het, tot stemming gebring. Die mosie het behels dat pres. Steyn as leier buite die Parlement aangestel moes word met die reg om die Premier aan te wys, en was uiteraard teen genl. Botha gemik. Die uitslag het vir genl. Botha 'n oorwinning van 131-90 stemme meegebring, waarop genl. Hertzog en sy volgelinge die saal verlaat het.[160]

Hierdie uitslag gee 'n gunstiger indruk van genl. Hertzog se krag as wat dit inderdaad was, want die provinsies was nie eweredig verteenwoordig nie. Die Vrystaat het byvoorbeeld 60 afgevaardigdes gehad terwyl 40 billiker sou gewees het in die lig van sy stemkrag teenoor dié van Kaapland. In Kaapland, waar Botha 'n sterk aanhang gehad het, kon elke distriksbestuur, volgens die grondwet, slegs een afgevaardigde na die kongres stuur, teenoor die twee per distriksbestuur van die ander provinsies.[161]

---

158. Notulen van het Derde Jaarlikse Kongres ..., pp.17,35,36 en 39.
159. De Afrikaner, 24 Nov. 1913, berig; A.H. Marais, Die Politieke Uitwerking..., pp. 339-340, wat The Friend van 24 Nov. 1913 as sy bron aangee.
160. C.M. van den Heever, General J.B.M. Hertzog, p. 157. Sien ook De Afrikaner, 24 Nov. 1913, berig.
161. Konstitutie van de Zuid-Afrikaanse Partij, art. 9(2); Marais, Die Politieke Uitwerking ....., pp. 341-342.

Voorts moet in gedagte gehou word dat die Hertzogiete dit reg van die begin af as doel gestel het om die partymasjinerie te bekom en dat, volgens genl. Botha, verskeie distriksbesture wat hom in die algemeen goedgesind was, weens laks= heid toegelaat het dat Hertzogiete as afgevaardigdes na die kongres verkies is. As slegs tien Hertzogiete op dieselfde wyse daar beland het as J.G. Roos van Vry= heid en A.I.J. Nel van Umvoti, het hul teenwoordigheid veel daartoe bygedra om die uitslag van die stemming vleiender vir genl. Hertzog te maak as wat die al= gemene gesindheid in die land geregverdig het. Boonop het twee van die drie Natalse hoofbestuurslede, sir Thomas Watt en sir William Beaumont, buite stem= ming gebly, bes moontlik omdat hulle van oordeel was dat die twis onder die Afrikaners uitgemaak moes word, soos sir William vroeër aan genl. Botha te kenne gegee het.[162]

Die twee Engelstalige Volksraadslede van Pietermaritzburg, sir Thomas Orr en W.H. (Bill) Griffin, het egter vir genl. Botha gestem, asook E.G. Jansen, oor wie se politieke siening in daardie stadium in die volgende hoofstuk uitgebrei word. Onder diegene wat saam met Hertzog die saal verlaat het, was daar drie Natallers, J.J. Müller, Adrian I.J. Nel en J.G. Roos.[163] Eersgenoemde twee sou daarna nog diep spore in die Natalse politiek trap.

Vir die Natalse Engelse koerante, wat betreklik stil oor die Kaapstadse kongres was asof hulle nie mooi kon peil wat daar aan die gebeur was nie, het die uiteen= draai van Botha en Hertzog se paaie, by monde van die Advertiser, die einde van die sterk Suid-Afrikaanse Party beteken, "composed as it has been of both pro= gressive and retrogressive Dutch, with a smattering of British deserters..."[164]

De Afrikaner, as "een onpartijdig blad", het egter geglo dat die Suid-Afrikaanse Party steeds sterk sou staan al sou Hertzog en die Vrystaters wegbreek, en dat die Kaapstadse gebeure nie die geringste gevaar vir Afrikanernasionalisme ingehou het nie aangesien dit op beginsels en nie op persone nie gebou was.[165]

Uit die geledere van die Engelse het sir Thomas Hyslop sy teleurstelling teenoor Botha uitgespreek oor Hertzog se sterk volgelingskap, maar was hy nietemin bly dat Botha van die rebelle ontslae geraak het, want dit het die pad vir die Engel= se oopgemaak om hulle by die Suid-Afrikaanse Party aan te sluit. Hy het die hoop uitgespreek dat dit sou gebeur, want hy het Botha as die enigste man beskou wat die twee rasse byeen kon bring.[166]

As naspel tot die vroeëre twis rondom Roos en Rheeder in Vryheid is daar op

---

162. Sien hierbo, besonderhede wat op voetnoot 90 slaan.
163. Notulen van het Derde Jaarlikse Kongres ..., pp. 15-16.
164. The Natal Advertiser, 25 Nov. 1913, hoofartikel.
165. De Afrikaner, 27 Nov. 1913, hoofartikel.
166. PM/OG, T. Hyslop-- genl. Botha, 26 Nov. 1913.

Saterdagaand, 13 Desember, 'n vergadering van die Suid-Afrikaanse Party in die Vryheidse stadsaal gehou om die verslag van die afgevaardigdes na die Room=kongres aan te hoor. Die here A.J. van Schalkwyk en P.L. Zietsman is deur die aanwesiges tot onderskeidelik voorsitter en sekretaris verkies, en nadat Roos sy verslag gelewer het, is die volgende resolusie sonder teenstem aanvaar: "Deze vergadering het verslag van die afgevaardigde, de heer J.G. Roos, gehoord hebben en overtuigd zynde dat Generaal Botha de enigste persoon is die in staat is ons volk by elkander te houden maakt een beroep op Generaal Botha voor 7 Januarie a.s. een weg te vinden om een scheuring in onze Party te vermyden en die bestaaande ministeriele krisis op te lossen, en tot een einde te brengen."[167]

Geen woord van veroordeling omdat Roos op die kongres teen genl. Botha gestem en saam met genl. Hertzog uitgestap het nie -- byna asof die partylede aan hierdie onverkwiklike rusie met hul afgevaardigde genoeg gehad het. In Umvoti sou Adrian Nel dit egter ontgeld en in Newcastle sou J.J. Müller 'n verrassende eerste politieke skuif waag, maar daaroor meer in die volgende hoofstuk.

Terwyl duisende Afrikaners rondom Geloftedag in Bloemfontein byeen was vir die onthulling van die Vrouemonument en die hoop op versoening tussen die partymanne herleef het-- ook in Natal, soos bewys deur bostaande resolusie en 'n beroep om versoening deur die Herald[168] -- het sake reeds 'n onafwendbare rigting ingeslaan en sou daar ook in Natal 'n nuwe partypolitieke bedeling kom.

Die politieke skaduwee van genl. J.B.M. Hertzog het hom lank uitgerek.

---

167. The Vryheid Herald, 19 Des. 1913, berig; De Afrikaner, 22 Des. 1913, berig. Die datum 7 Januarie verwys na die spesiale kongres van die Vrystaatse provinsiale vergadering van die Suid-Afrikaanse Party, wat toe reeds belê was om verdere optrede te beplan en wat in die volgende hoofstuk ter sprake kom.
168. The Vryheid Herald, 19 Des. 1913, hoofartikel.

HOOFSTUK 6

ONRUS BRING 'N OMMEKEER

1. Inleiding

Die partypolitieke verwikkelinge van 1914 sou, as dit ongehinderd kon verloop, 'n natuurlike ontlading gewees het van die spanning wat van voor 1910 af tussen ultra-Engelsman en ultra-Afrikaner aan die oplaai was en in die Botha-Hertzog-krisis tot uitbarsting gekom het. Voordat daar egter kalmte kon intree, het arbeids- en oorlogsonrus sake in die war gestuur. Eers het die Arbeiderparty 'n "aardverskuiwing" in Transvaal veroorsaak,[1] met skokgolwe wat sterk in Natal voelbaar was: en terwyl dié proses nog aan 't voltrek was, het die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog 'n politieke ommekeer tot gevolg gehad.

Die voorspel tot die skielike opgang van die Arbeiderparty was die sukses wat die Randse stakers in die tweede helfte van 1913 behaal het, met kort daarna die bloedige onderdrukking van hul tweede staking vroeg in 1914. Die sukses van die eerste het die werkers oormoedig gemaak en die byna koelbloedige beëindiging van die tweede het 'n golf van simpatie aan werkerskant ontlok in wat beskou is as hul stryd teen 'n onsimpatieke en kapitalistiese regering. Hieruit het die Arbeiderparty, wat hom namens die Blanke werker beywer en aktief aan die stakings deelgeneem het, groot voordeel getrek.

Boonop het die politieke ongemak waarin die Regering hom as gevolg van die stakings bevind het, ook aan genl. J.B.M. Hertzog en die ultra-Afrikaners die geleentheid gebied om politieke munt te slaan, soos blyk uit die mate waarin hulle sedert 1913 gemene saak met die Arbeiders teen die Regering gemaak het. Aantygings dat die Regering kop in een mus met die kapitaliste was, sou nie sonder uitwerking bly op die al groter wordende persentasie Afrikaners wat hulle in die myne en op ander arbeidsterreine bevind het en van wie se politieke sienswyse by dié van Hertzog aansluiting gevind het nie. Die latere so effektiewe beskuldiging dat die Regering, en veral genl. J.C. Smuts, met 'n platskietpolitiek begin het, het deels sy ontstaan in hierdie tyd gehad.

Die voordeel wat die Arbeiders en die Hertzogiete uit die stakings geput het, is verkry ten koste van die vernaamste Engelse stroming in die land, soos verteenwoordig deur die Suid-Afrikaanse Party en die Unioniste. Dit was veral die Arbeiderparty wat spoedig soveel lewenskrag geopenbaar het dat daar vir hom

---

1. PM/OG, Gus. Preller -- genl. Botha, 24 April 1914 (verkeerdelik gedateer as 24 Maart).

groot welslae, selfs 'n oorwinning, in die volgende algemene verkiesing in die vooruitsig gestel is.[2]

Terwyl die Arbeiderparty, ook in Natal, asof deur 'n getygolf gedra is, het die Eerste Wêreldoorlog uitgebreek en is hy eensklaps op die rots van "Empire"-gesindheid flenters geslaan, soos in 'n latere hoofstuk aangetoon sal word. As gevolg daarvan sal die ware krag wat die Arbeiders in daardie stadium by die stembus sou gehad het, altyd versluier bly. Dieselfde geld dié van die Suid-Afrikaanse Party en die Nasionale Party, wat albei deur die oorlog bevoordeel is.

Die natuurlike ontlading wat daar ná die Roomkongres sou en moes gevolg het, is enersyds deur die stakings versteur en andersyds deur die oorlog versnel. Wat in 'n stadium na 'n Arbeidergeleiding in die politiek gelyk het, sterk gevoed uit albei taalgroepe, is eensklaps vervang deur één spanningslyn, met die twee taalgroepe teenoor mekaar. Die "Empire" in nood het al die "Empire"-gesindes, warm en koud, om hom saamgetrek; en met die krag waarmee hy hulle aangetrek het, het hy die anti-"Empire"-gesindes afgestoot en om die teenpool laat saamkoek.

Engelsman en Afrikaner het hulle meteen in 'n verbete politieke stryd bevind wat geslagte lank sou duur. Die tekens daarvan was van voor 1910 af merkbaar, maar as die stryd hom geleidelik kon voltrek, sou die uitslag dalk anders gewees het. Emosies is egter deur die oorlog en daarmee gepaardgaande gebeure wakker geskud wat andersins sluimerend mog gesterf het. Enige moontlikheid op 'n geleidelike ineenvloei van die twee kultuurstrome is summier nek omgedraai. Terwyl Britse imperialisme spoedig sy volle krag kon monster, het Afrikanernasionalisme maar nog begin met die ontginning van sy potensiële krag; en in sy getalsrykheid sou die Afrikanernasionalis se uiteindelike oorwinning lê -- die omgekeerde van sy ervaring by Vereeniging in 1902.

Dit sou 'n lang en bittere stryd wees, en die mate van samewerking wat daar reeds in hierdie vroeë stadium tussen die Nasionale Party en die Arbeiders was, kan as vingerwysing beskou word van wat later sou volg.

2. Die Arbeiders as Faktor

Terwyl die gevolge van die Botha-Hertzog-breuk op die kongres van November 1913 nog in die praktyk moes deurwerk, waaroor later meer, het daar in Januarie 1914

---

2. D. Ticktin, "The War Issue and the Collapse of the South African Labour Party, 1914 - 15", South African Historical Journal, No. 1, Nov. 1969, p. 60.

'n herhaling van die vorige jaar se arbeidsonrus aan die Rand plaasgevind. Dit het sy ontstaan gehad by 'n staking van Blanke steenkoolmynwerkers in Natal, wat na die spoorwerkers versprei het en spoedig deur 'n algemene staking deur Blanke mynwerkers gevolg is. Die sukses van die vorige jaar se staking het ongetwyfeld as aansporing vir die mynwerkers gedien, dog die Regering was vasbeslote dat hy hom nie weer deur die stakers in die hoek sou laat dryf nie. Genl. Smuts het snel opgetree. Krygswet is in die onrusgebiede afgekondig, eenhede van die Aktiewe Burgermag is gemobiliseer, kommando's is opgeroep, nege stakerleiers is gearresteer, sonder verhoor per trein na Durban vervoer en daarvandaan per skip uit die land gedeporteer.

So is die staking summier onderdruk, en terwyl die Regering vanweë sy outoritêre optrede skerp uit Arbeiderkringe gekritiseer is, het hy die volle steun van die Natalse Engelse pers ontvang. Die Witness het, in ooreenstemming met sy standpunt ten opsigte van die 1913-staking, van die begin af drastiese optrede bepleit en agterna die lof van die Regering besing omdat dié wel so vinnig en kragtig ingegryp het. Selfs die deportering van die nege stakerleiers is verwelkom, want, is verklaar, 'n gevaarlike siekte maak die gebruik van sterk medisyne noodsaaklik. Kritiek wat op die Regering uitgeoefen is vanweë genl. Smuts se onkonstitusionele optrede en die aantasting van die vryheid van die individu deurdat hy die stakers sonder verhoor gedeporteer het, is deur die blad met veragting verwerp. "The liberty of the subject, forsooth! Why, such people have not even the shadowiest conception of what liberty really is."[3] Ook die Mercury het die Regering groot lof toegeswaai en verklaar dat die oorgrote meerderheid van die landsburgers die optrede goedkeur. Dit sou fataal gewees het om aarselend op te tree, het die blad verklaar, want as jou huis of jou buurman s'n aan die brand slaan, kan die bestryding daarvan nie uitgestel word totdat al die wetlike aspekte van oortreding op private eiendom eers ondersoek is nie.[4]

De Afrikaner het "deze dolle" versteuring van orde en wet deur die stakers betreur, maar sou tog wou gesien het dat die stakerleiers eerder in 'n hof aangekla moes gewees het as om summier gedeporteer te word. Die blad was in hierdie stadium aan die kant van die Arbeiders "onder die leuze van de jingo's ten ondergang".[5] Hierin is daar simpatie binne Regeringsgesinde Afrikanergeledere met die stakers

---

3. The Natal Witness, 6 Feb. 1914, hoofartikel. Sien ook soortgelyke uitsprake deur die blad sedert 16 Jan. 1914.
4. The Natal Mercury, 7 en 9 Feb. 1914, hoofartikels.
5. De Afrikaner, 26 Jan., 12 en 16 Feb. 1914, hoofartikels.

te bespeur, maar dit was gering in vergelyking met die steun en selfs aktiewe deelname wat daar van die kant van die Arbeiderparty gekom het. Volgens die Witness het slegs twee van die Arbeider-Volksraadslede arrestasie vrygespring, t.w. C.H. Haggar (Roodepoort) en Walter B. Madeley (Springs), en die rede daarvoor was dat hulle hul in Kaapland bevind het waar hulle die spoorwerkers tot staking aangehits het, maar nie aangekeer kon word nie omdat krygswet nie daar van krag was nie.[6]

Aan die Rand was kol. F.H.P. Creswell onder diegene wat gearresteer is en in die hof verskyn het. Heel interessant is die feit dat die verdediging van twee van hulle, H.E. Wyeth en ene Walmisley, deur Ralph Tatham behartig is, wat hom in daardie stadium in die geledere van die Arbeiderparty bevind het. Creswell is op 23 Januarie tot 'n maand en veertien dae tronkstraf en R60,00 boete gevonnis omdat hy 'n pamflet gepubliseer het wat daarop gemik was om onrus te skep en hy mense aangemoedig het om van die werk af weg te bly. Toestemming tot appèl is geweier omdat dit kragtens krygswet nie toegelaat kon word nie.[7]

In Natal was L.H. Greene, 'n Pietermaritzburgse Sosialis, die eerste persoon wat kragtens krygswet skuldig bevind en tot een week tronkstraf of R10,00 boete gevonnis is omdat hy spotprente vertoon het wat daarop gemik was om die gemoedere van die mense om te krap.[8]

In Durban is Thomas Boydell, LV vir Greyville, en Morris Kentridge, kandidaat in dieselfde kiesafdeling in die ophande synde Provinsiale Raadsverkiesing, die middag van 16 Januarie gearresteer en onder gewapende geleide van 'n tiental soldate te voet deur die strate na die Durbanse tronk aangejaag, waar daar reeds drie ander Arbeiderlede was, t.w. George Reyburn, Fred Tilbury en George du Trevor. Omdat almal verhoorafwagtend was, kon kos van buite af aan hulle voorsien word, en daardie eerste aand is 'n wonderlike maal in silwerskottels van 'n nabygeleë hotel af aan hulle oorgestuur op rekening van die Geamalgameerde Vereniging van Inge= nieurs. Boydell en Kentridge se arrestasie en opsluiting is onmiddellik voorafgegaan deur 'n spoorwerkerstaking in Durban, 'n opmars deur die stad en die hou van vergaderings in die stadsaal en op die strand, waar Boydell die stakers tot eendragtige optrede aangespoor het. Ná vyf dae in die tronk is die twee op borgtog van R600,00 elk vrygelaat wat deur 'n Durbanse tabakhandelaar, Phillip Warski,

---

6. The Natal Witness, 26 Jan 1914, hoofartikel.
7. Ibid., 19 en 24 Jan. 1914, voorblad; T. Boydell, My Luck Was In, pp. 82 - 83. Sien ook Ticktin, "The War Issue and the Collapse of South African Labour Party, 1914 - 15", South African Historical Journal, No. 1, Nov. 1969, pp. 66, 67.
8. The Natal Witness, 19 Jan. 1914, voorblad.

betaal is. 'n Durbanse magistraat het hulle ter strafsitting verwys op aanklag dat hulle die gereg probeer dwarsboom het, maar die saak is later teruggetrek.[9]

Die Arbeiderleiers se aktiewe identifisering met die staking het die Blanke arbeidsmag beïndruk en byna onmiddellik 'n goeie politieke gevolg vir hulle gehad. Kentridge se aanhouding en verhoor was net 'n tussenspel in sy verkiesingsveldtog as kandidaat in die Provinsiale Raadsverkiesing. Hierdie Litause Jood het tydens die Tweede Vryheidsoorlog onder sy oorspronklike van Kantrovitch van oorsee gekom en hom op Vryheid by sy familie aangesluit waar sy vader eers rabbyn was en later in 'n sakevennootskap met B.G. Brecher getree het. Daar het die jong man sy regsloopbaan onder die reeds bekende F.G. Katzenstein begin wat, volgens hom, eerder 'n dosent in wysbegeerte as 'n regsgeleerde moes gewees het. Later is hy na Durban waar hy een van die stigters van die Unionisteparty geword en, in navolging van sy vader en ander familie, sy van na Kentridge verander het. Omdat die politiek van die Unioniste hom nie bevredig het nie, het hy hom by die Arbeiderparty aangesluit en reeds in Januarie 1912 president van die Durbanse tak van die party geword. Sy verblyf in die tronk en verhoor weens sy deelname aan die staking het ongetwyfeld politieke skietgoed aan hom verskaf en op 19 Februarie 1914 is hy tot Provinsiale Raadslid vir Greyville verkies.[10]

Die verbeelding van die georganiseerde Blanke arbeidsmag is nie slegs aangegryp deur die Arbeiderleiers se aktiewe deelname aan die stakings nie, maar ook deur die stryd wat hulle in die Volksraad gevoer het om te verhinder dat die Vrywaringswetsontwerp[11] aanvaar word wat ingedien is om die optrede van die Regering te wettig. Die Arbeiders het die wetsontwerp van die begin af bestry, maar veral in die komiteestadium verbete wal gegooi. In 'n ononderbroke debat van 27 uur en 48 minute het hulle die deugde van elk van die nege gedeporteerdes besing en aan hulle, soos Boydell dit stel, gewis iets gegee om na te streef. Oor elk van die nege was daar 'n hoofdelike stemming en het maj. P.A. Silburn, Onafhanklike vir Durban-Punt, oor die vloer gestap en saam met die Regering gestem, behalwe in die laaste geval. Teen daardie tyd was dit reeds laat in die nag en die lede moeg, gevolglik was Silburn vas aan die slaap in sy bank toe daar oor die gedeporteerde William Henry Morgan gestem moes word. Hiervan sê Boydell: "He (Silburn) was, therefore, counted amongst the righteous in his sleep. With due formality we thanked the major for his vote and congratulated him on his last-minute conversion."[12]

---

9. Boydell, My Luck was In, pp. 78 - 80; M. Kentridge, I Recall, Memoirs of ..., p. 38. Die twee se getuienis bots effens.
10. Kentridge, I Recall ..., veral pp. 1 - 17, 23 - 27, 31 - 42.
11. Die Engelse titel van die wetsontwerp is Indemnity and Undesirables Special Deportation Bill.
12. Boydellversameling, Band 24, knipsel uit The Cape Argus, 9 Maart 1940, artikel deur T. Boydell, "Snores that were Described as 'Insulting Remarks'".

Die wetsontwerp is, soos wat daar verwag is, met 'n groot meerderheid aanvaar, want die meeste Unioniste het saam met die Regering gestem. Dit is egter nie 'n maatreël waarmee 'n regerende party vir hom vriende maak nie, en terwyl John X. Merriman gemor het oor wat hy bestempel het as die skaamtelose vertrapping van die regte van Volksraadslede tydens die tweedelesingsdebat, is die Arbeiders gelukgewens met hul "fight against malice and a foregone conclusion".[13] Die Natal Advertiser het die eendragtige en vurige optrede van die Arbeiders as navolgenswaardige voorbeeld vir Natal se 17 Volksraadslede voorgehou.[14]

Die arbeidskwessie, soos dit deur die stakings en die Regering se optrede in fokus gestel is, het boonop gelei tot die afvalligheid van een van Natal se voorste Unioniste, Hugh M. Meyler. Hy het soos 'n held op die politieke toneel in Natal verskyn met sy oorwinning in 1910 oor Frederick Moor en 'n ruk lank 'n leiers= potensiaal geopenbaar, maar sy rol was dié van 'n verskietende ster. Reeds 'n jaar voor die debat oor die Vrywaringswetsontwerp was hy onder diegene wat so ontevrede geraak het oor die slapheid van die Unionisteparty dat hulle die Young Unionist Association gestig het om die beginsels van die party uit te leef.[15] Ook dit het nie die gewenste uitwerking gehad nie en gevolglik het die Unioniste= party steeds in gebreke gebly om die Regering kragtig te opponeer. Meyler het daarop weggebreek en saam met die Arbeiders teen die Regering te velde getrek oor die deportering van die nege stakerleiers. Tot die ontevredenheid van sy kiesers en die Engelse pers het hy uit die Unionisteparty bedank en homself tot Onafhanklike verklaar.[16]

Terwyl die Unionisteparty in hierdie stadium 'n laagtepunt bereik het, het presies die teenoorgestelde met die Arbeiderparty gebeur. Die voordeel wat laasgenoemde uit die arbeidsonrus geput het, het spoedig aan die lig gekom. Op 23 Maart 1914 is die Arbeider Thomas Maginess in die parlementêre tussenverkiesing in die Kaaplandse kiesafdeling Liesbeek verkies, en in die Transvaalse Provinsiale Raadsverkiesing van April het die Arbeiders 'n meerderheid oor alle ander partye behaal. Laasgenoemde was 'n verwoestende terugslag vir die Suid-Afrikaanse Party,

---

13. Ibid., Band 10, John Wallett -- T. Boydell, 9 Maart 1914; P. Lewsen, Selections from the Correspondence of John X. Merriman, 1905 - 1924, VRS. 50, p. 252, Dagboekinskrywing, 23 Feb. 1914.
14. The Natal Advertiser, 15 Mei 1914, hoofartikel.
15. Sien Hoofstuk 5, besonderhede wat op voetnoot 56 slaan.
16. Vgl. Hansard, 1914, kol. 1108, 9 Maart 1914; Lewsen, The Correspondence ..., p. 252 en voetnoot 9, waar sy van verkeerdelik as Mayler gespel word; The Natal Witness, 9 Maart 1914, voorblad; ibid., 28 Maart 1914, brief deur Hugh M. Meyler aan sy verkiesingsagente; The Natal Mercury, 21 April 1914, hoofartikel.

wat tevore aan bewind in Transvaal was, maar ook vir die Unioniste. Die Worker, amptelike orgaan van die Arbeiderparty, het verklaar: "So passes the Unionist Party, unwept, unhonoured and unsung."[17]

In die geledere van die Unioniste is daar gemor en het daar 'n geroep om hervorming opgeklink wat tot die ontbinding van die Young Unionist Association gelei het, gepaardgaande met 'n dreigement van aansluiting by die Arbeiderparty. Hierteen het pleitbesorgers van die Unionisteparty, soos kol. Byron en die Mercury, met mening wal gegooi deur die party blink te vryf en het die Advertiser gewaarsku dat enige ontevrede Unionis wat hom by die Arbeiders skaar, dit slegs tot sy eie nadeel kon doen.[18]

Nie slegs die Unioniste was ontsteld oor die politieke wins wat die Arbeiders behaal het nie, maar ook sir Thomas Watt en die Transvaalse Provinsiale Raadslede van die Suid-Afrikaanse Party, soos later sal blyk. Intussen het die Arbeiders nog nie eens van hul oorwinningsroes herstel nie, of 'n nuwe geleentheid is in 'n tussenverkiesing aan hulle gebied met die afsterwe van sir David Hunter, LV vir Durban-Sentraal, tydens 'n besoek aan Londen. Die party was onmiddellik gereed vir hierdie stryd, want in die voorafgaande maande is daar hard gewerk, geveg en georganiseer.

Morris Kentridge, bygestaan deur Fred Tilbury, het weliswaar vroeg in Mei vergeefs gepoog om 'n mosie in die Natalse Provinsiale Raad aanvaar te kry waarvolgens alle Swart werkers van die provinsiale administrasie geleidelik deur Blankes vervang sou word, maar dit was grootliks daaraan te wyte dat die gebeure rondom die stakings en die Arbeiders se optrede allermins 'n gunstige uitwerking op die verkose lede van die ander partye gehad het. Trouens, dit het juis hul teenstand teen die Arbeiders laat verhard. Die Witness was verheug hieroor, maar het dit tog bitterlik betreur dat die Arbeidermosie verwerp is uit weerwraak teen die optrede van die stakers en hul pleitbesorgers, want die blad wou die Blanke werker bo die Swarte bevoordeel.[19]

---

17. Aangehaal deur Ticktin, "The War Issue ...", South African Historical Journal, No. 1, Nov. 1969, p. 59. Sien ook Parlementêre Register 1910 - 1961, p. 102. Ticktin beweer dat die Arbeiders in hierdie verkiesing 'n meerderheid van een bo alle ander partye behaal het, maar volgens F.J. van Heerden was die uitslag in die 39 kiesafdelings: Arbeiders 23, SAP 14, Unioniste 2 -- sien O. Geyser en A.H. Marais (reds.), Die Nasionale Party, I, Agtergrond, Stigting en Konsolidasie, p. 140.
18. The Natal Advertiser, 13 Mei 1914, hoofartikel; The Natal Mercury, 2 Junie 1914, hoofartikel; P.F. van der Schyff, Die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1910 - 1921, pp. 119 - 121.
19. The Natal Witness, 6 en 7 Mei 1914, berig en hoofartikel.

Dat daar 'n noemenswaardige persentasie van die Natalse publiek was wat nie die siening van die Provinsiale Raadslede en die Witness oor die Arbeiderparty gedeel het nie, blyk uit die welslae waarmee die party opgetree het. In Durban is daar gereeld vergaderings gehou en op Sondae was daar gewoonlik 'n byeenkoms op die strand met orkesbegeleiding. Op 1 Junie is daar 'n spesiale demonstrasiedag op die strand gehou waar 'n besoekende Arbeider-Sosialis van oorsee, Tom Mann, die hoofspreker was. Hy was 'n vurige redenaar wat reeds die vorige Sondag, 24 Mei, op 'n byeenkoms in Pietermaritzburg sekere maatreëls aan die hand gedoen het waarvolgens, soos hy dit gestel het, geen werker ooit werkloos sou word nie, "and neither capitalist, nor God, nor devil would be able to make them do what they did not desire to do".[20] Hy en andere het net so opswepend op die Durbanse byeenkoms van 1 Junie opgetree.

Die verrigtinge het om halfelf die oggend begin met 'n optog van vakbondlede van die Vakbondsaal af, met aan die voorpunt 'n blaasorkes wat die marsmusiek van die revolusionêre "Die Rooi Vlag" en "La Marseillaise" gespeel het. Die marsjerendes het op 'n oop stuk grond naby die strand tot stilstand gekom, waar verskeie toesprake gelewer is. Dit is gevolg deur 'n piekniek op die gras, 'n sportpro= gram vir kinders en volwassenes in die agtermiddag, insluitende 'n Trades Union Handicap, en afgesluit met 'n geselligheid en dans die aand in die Alexandrasaal. Die algemene tema van die toesprake wat deur Mann, Morris Kentridge, G.H. Park= house, Peter Fraser en Harrie Norrie gelewer is, was dat die werkers teen kapitalisme moes saamstaan. Parkhouse het die ideaal aan almal voorgehou om, soos Karl Marx, hul hoop op die eenheid van die werkers van die wêreld te vestig, en die volgende resolusie, ingedien deur Kentridge, is eenparig aanvaar: "That this meeting extends fraternal greetings to the workers of the world, and reaffirms the necessity for united industrial and political action; this meeting also expresses its disapproval of the Government's action in deporting our comrades without trial, and requests the withdrawal of all restrictions against their return."[21]

Wat opval, is die revolusionêre gees wat geadem is, en dit moet daaraan toege= skryf word dat die Suid-Afrikaanse Arbeiderparty skakeling met internasionale Sosialistiese bewegings gehad het. Van die vroeëre lede van die party, wat later stigters van die Suid-Afrikaanse Kommunisteparty sou word, was sulke sterk Sosialiste

---

20. The Natal Advertiser, 27 Mei 1914, hoofartikel.
21. The Natal Mercury, 2 Junie 1914, berig.

dat hulle hul ná die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog geheel en al teen oorlogs=deelname saam met die kapitalistiese wêreld sou verset en 'n skeuring in Arbeider=geledere sou veroorsaak.[22]

Die gereelde byeenkomste toon die lewenskrag van die party, wat hom in Durban geruime tyd voor die afsterwe van sir David Hunter juis op so 'n gebeurlikheid voorberei het. Nie slegs is daar voor die tyd besluit dat Kentridge die kan=didaat sou wees nie, maar is daar ook al begin organiseer. Gevolglik kon die party al die dag na die dood van sir David, die Grand Old Man van Durban soos hy in die mosie van roubeklag in die Volksraad genoem is, Morris Kentridge se kan=didatuur in die vakante kiesafdeling in die pers aankondig.[23]

Kentridge, wat vroeër uit die Unionisteparty bedank het omdat hy tot die gevolg=trekking gekom het "(that) the only difference between the Government and the Opposition was one of men and not measures",[24] kon nou in die volle kalklig sy vorige party beveg. Dit het hy gedoen, maar sy saak is aansienlik bevorder deurdat die teenstem deur twee kandidate in die persone van Karl Gundelfinger en W.F. Johnstone verdeel is. Eersgenoemde het hom as Onafhanklike verkiesbaar gestel omdat hy geglo het dat daar uit die bestaande partypolitieke chaos 'n nuwe party van gematigdes gebore sou word, en dié wou hy graag steun.[25] Tussen wat hy en Johnstone, kandidaat van die Unionisteparty, verkondig het, was daar egter so weinig verskil dat die een net sowel die ander se manifes kon onderteken het. Die gevolg was dat die Mercury, die Unionistemondstuk en invloedrykste blad in die stad, nie bereid was om die een kandidaat teen die ander te steun nie. Die Advertiser het egter vir Gundelfinger gesteun, maar die verdeling van die stemkrag teen die Arbeiders betreur.[26]

In die loop van die veldtog is 'n saak aangeroer wat niks goeds vir Gundelfinger, van Duitse afkoms, voorspel het nie. Dr. S.G. Campbell, 'n vooraanstaande Unionis, het dit naamlik betwyfel of dit, in die lig van die gespanne toestand tussen Engeland en Duitsland, wenslik sou wees om 'n "uitlander" soos Gundelfinger met die behartiging van landsake te vertrou. Dit was bra gemeen, soos die

---

22. Ticktin, "The War Issue ...", South African Historical Journal, No. 1, Nov. 1969; N. Weyl, Traitors' End, The Rise and Fall of the Communist Movement in Southern Africa, pp. 45 - 46.
23. Vg. Hansard, 1914, kol. 3648-3650, 22 Junie 1914; The Natal Mercury, 22 Junie 1914, grafskrif en hoofartikel; Kentridge, I Recall ..., pp. 47 - 48.
24. Kentridge, I Recall ..., p. 25.
25. PM/OG, Karl Gundelfinger -- genl. Botha, 26 Junie 1914.
26. The Natal Mercury, 1 en 18 Julie 1914, hoofartikels; The Natal Advertiser, 20 Junie 1914, hoofartikel.

ARBEIDERS WEN IN DURBAN-SENTRAAL 1914

OUR CITY FATHERS.

'SIR DAVID.



M. Kentridge



MR. TOM MANN.

What did I tell you?

Advertiser te kenne gegee het,[27] en het 'n vroeë aanduiding gegee van die rampspoed wat alle Duitsers en diegene van Duitse afkoms binne tien maande tydens die soge=naamde Brandrebellie sou tref, waaroor later meer.

Oor die uitslag van hierdie driehoekstryd was daar van die begin af weinig twyfel. Alle aanduidinge was daar dat die setel van die Grand Old Man uit die greep van die Unioniste gegryp sou word, en waarskuwings deur die pers het nie gehelp nie. Binne tien dae ná die aankoms van sir David se lyk per skip uit Londen en sy teraardebestelling onder blyke van groot belangstelling, is die verkiesing op 29 Julie gehou en het Kentridge sy naaste teenstander met 106 stemme geklop:[28]

M. Kentridge (Arbeider)	570
W.F. Johnstone (Unionis)	464
K. Gundelfinger (Onafhanklik)	411
Meerderheid	106
Aantal gereg. kiesers	2 083
Aantal geldige stemme	1 445
Stempersentasie	69,3

Dit is as so 'n rampspoedige uitslag vir Britse belange beskou dat die Witness, volkome in stryd met sy standpunt van die voorafgaande jare, samewerking tussen die Unioniste en die Onafhanklikes met die Regeringsparty bepleit het om te verhin=der dat die Arbeiders in die volgende algemene verkiesing verdere winste sou behaal. Die rubriekskrywer van 'n ander blad het weer droewig-bytend geklae: "What a falling-off is here! From the Imperialist Sir David Hunter to the Socialist Morris Kentridge (born Kantrovitch)."[29] Selfs De Afrikaner, onder die nuwe redakteurskap van D.P. du Toit, het in die Arbeideroorwinning 'n gevaar gesien, maar 'n gevaar vir sowel die Botha- as die Hertzogmanne.[30]

Met soveel opeenvolgende suksesse binne enkele maande was die Arbeiderparty gewis 'n gevaar vir alle ander partye. Selfs een van sy groot teenstanders, Vere Stent van die Pretoria News, het in Junie al voorspel dat die party dertig setels in die volgende algemene verkiesing sou wen,[31] en genl. Botha sou, soos sal blyk, uit eie geledere teen die Arbeiderkrag gewaarsku word.

---

27. The Natal Advertiser, 20 Julie 1914, brief deur S.G. Campbell en hoofartikel.
28. The Natal Mercury, 29 Julie 1914, hoofartikel; The Natal Witness, 29 Julie 1914, berig.
29. The Natal Witness, 30 en 31 Julie 1914, hoofartikels; The Pictorial, 31 Julie 1914, p. 1444, rubriek "By the Way".
30. De Afrikaner, 31 Julie 1914, hoofartikel.
31. Ticktin, "The War Issue ...", South African Historical Journal, No. 1, Nov. 1969, p. 60.

Vanselfsprekend was daar optimisme en vreugde in die Arbeiderkamp. Met soveel uitbundigheid is die aankondiging van Morris Kentridge se oorwinning deur sy ondersteuners begroet dat hulle hom skouerhoog van die Durbanse stadsaal af tot by die strand en terug na sy verkiesingslokaal gedra het.[32]

Die Arbeiders se vooruitsigte was inderdaad rooskleurig: hulle het geesdriftige steun oor 'n wye front ontvang, die Unionisteparty het 'n patetiese figuur geslaan en die Afrikaners was onderling verdeel.

3. Politieke Windrigtings

In ooreenstemming met wat elders in die land aan die gebeur was, het daar ná die Roomkongres van 1913 algaande ook 'n duideliker verdeling in die politieke geledere van die Natalse Afrikaners gekom. Hulle het hul laat lei deur wat veral in die Vrystaat gedoen is, maar manne soos J.J. Müller en A.I.J. Nel het tog ook spoedig getoon dat hulle in hul hart reeds met genl. Botha gebreek het en dat verdere optrede vir hulle, in aansluiting by wat genl. Hertzog voorgestaan het, op die weg van suiwer vaderlandsliefde en Afrikanerskap gelê het. Hulle was geensins oningelig nie, want benewens persoonlike kontak met veral die Vrystaters, is uitvoerige verslae oor die politieke verloop van sake gereeld deur De Afrikaner en die Vryheid Herald gepubliseer, terwyl ook De Volkstem 'n leserskring in veral Noord-Natal gehad het. Waar laasgenoemde blad en die Times of Natal Botha-organe was, het eersgenoemde twee nuus en kommentaar onpartydig aangebied totdat ook hulle verplig gevoel het om kant te kies en Hertzog se saak bevorder het. Teen die magtige anti-Hertzogpropaganda van die Engelse pers was daar egter min uit te rig.

Afrikanerpolitiek was aanvanklik verwikkeld vanweë die onwil om die Suid-Afrikaanse Party te skeur en die hoop wat bly voortleef het dat die twee generaals tot 'n versoening sou geraak. Riglyne sou egter algaande uitgestippel word en ook die Natalse Afrikaners by die skeiding van die weë bring.

Binne anderhalf maand na die Roomkongres het daar roering begin kom. Genl. Botha het 'n vlugtige besoek aan Noord-Natal gebring waar hy op 6 Januarie 1914 die spoorlyn geopen het wat van Vryheid tot op Paulpietersburg verleng is. Die plegtigheid het op laasgenoemde dorp plaasgevind waar 'n adres aan hom voorgelees is, opgestel deur genl. M.W. Myburgh, LV., en F. Meyer, onderskeidelik voorsitter en sekretaris van die distriksbestuur van die Suid-Afrikaanse Party. Daarin is heelhartige steun aan genl. Botha toegesê solank hy op sy ingeslane weg sou volhard,[33] en dit moet as tekenend beskou word vir die wye steun wat hy nog onder Natalse Afrikaners geniet het. Heelhartig was dit egter nie, want net die volgende dag

---

32. Kentridge, I Recall ..., p. 48.
33. De Afrikaner, 8 Jan. 1914, berig.

het die reeds bekende J.G. Roos van Vryheid en Adrian Nel van Greytown saam met L.L. Nel en J.J. van Rooyen, ook van Greytown, die spesiale kongres van die Suid-Afrikaanse Party van die Vrystaat in Bloemfontein bygewoon.[34]

Kennis van die hou van die vergadering en 'n uitnodiging aan Natallers om dit by te woon, het op 22 Desember 1913 in De Afrikaner en op 2 Januarie 1914 in die Vryheid Herald verskyn. Dit was in die vorm van 'n brief deur Fred. P. Schuur, sekretaris van die Vrystaatse uitvoerende komitee van die Suid-Afrikaanse Party, wat verklaar het dat alle lede van die party in ander provinsies wat simpatiek ingestel was teenoor die rigting wat die Vrystaters tot in daardie stadium ingeslaan het, welkom sou wees om die kongres by te woon en aan die besprekings deel te neem.[35]

Dat bogemelde vier Natallers op die uitnodiging gereageer het, was nie algemeen bekend nie, want De Afrikaner was totaal oningelig daaroor.[36] Hulle het bes moontlik hul bywoning van die kongres doelbewus dig gehou om voorlopig hul posisie binne die Suid-Afrikaanse Party te beveilig. In Bloemfontein het hulle hul egter nie onbetuig gelaat nie, want Roos is, op voorstel van genl. Hertzog, ingesluit in die reëlingskommissie wat die opstel van die agenda behartig het.[37]

Op hierdie byeenkoms is daar besluit om De Nationale Partij voorlopig te stig en om die amptelike stigting daarvan agterweë te hou tot nie later nie as 1 Julie 1914. Die doel was om genl. Botha die geleentheid te gee om die program van beginsels wat op hierdie kongres goedgekeur is, as die nuwe program van die Suid-Afrikaanse Party te aanvaar en sodoende die party ongeskonde te hou. Sou hy in gebreke bly om dit te doen, wat eintlik vanselfsprekend was, sou die nuwe party gestig word. Die besluite van hierdie kongres en 'n uiteensetting van die algemene oogmerke deur ds. W. Postma, wat onder die skuilnaam Dr. O'Kulis die rubriek "Oogdruppels" in die Bloemfonteinse De Vriend des Volks behartig het, is hierna uitvoerig in Natal gepubliseer.[38]

Op die openingsdag van die kongres het die Botha-orgaan, die Times of Natal, die belangrikheid van die byeenkoms probeer afmaak deur aan te voer dat as die Hertzoggroep sou besluit om af te skei, die Suid-Afrikaanse Party net daardeur

---

34. Zuid Afrikaanse Partij. Verrichtingen van het Speciale Kongres van de Provinciale Vergadering voor de Oranje Vrijstaat Provincie ..., 7 - 9 Jan. 1914. Adrian I.J. Nel se voorletters word hierin verkeerdelik as A.T.J. aangegee.
35. De Afrikaner, 22 Des. 1913; The Vryheid Herald, 2 Jan. 1914.
36. Ibid., 12 Jan. 1914, hoofartikel.
37. Zuid-Afrikaanse Partij, Verrichtingen van het Speciale Kongres ..., 7 - 9 Jan. 1914.
38. Vgl. o.a. The Vryheid Herald, 16, 23 en 30 Jan. 1914; De Afrikaner, 19 Jan. en 15 Mei 1914.

versterk kon word. As argument het hy aangevoer dat die party, met Hertzog daaruit, al meer steun onder die Engelse sou kry en dat die twee taalgroepe nader aan mekaar gebring sou word. Sodoende, het hy verklaar, sou Hertzog 'n groter diens aan die land bewys as wat hy as lid van die Suid-Afrikaanse Party sou kon doen.[39] De Afrikaner het, in die waan dat daar geen Natallers op die kongres was nie, verklaar dat hul afwesigheid nie as bewys aanvaar moet word dat "de sterkere nationalistiese stroom", soos in Bloemfontein geopenbaar, geen simpatiseerders in Natal had nie.[40]

Die simpatie wat daar wel in Natal vir die Hertzogstandpunt bestaan het, het weldra na die oppervlakte gestyg, soos aanstons sal blyk. Omdat die Hertzogiete hulle egter nog binne die Suid-Afrikaanse Party bevind het, kon hulle nog lustig onder die vaandel van die party aan die Provinsiale Raadsverkiesing deelneem. Hulle saak is verder vergemaklik deurdat daar besluit is dat die verkiesing nie op partygrondslag gevoer sou word nie. 'n Brief waarin dié besluit van die Natalse provinsiale bestuur vervat was, is op 27 Januarie op 'n vergadering van Tak II, Newcastle, op Doornpoort in die kiesafdeling Dundee voorgelees.[41]

Teen hierdie tyd het die Suid-Afrikaanse Party egter reeds nominasievergaderings gehou en het die twee Hertzogiete om wie daar pas tevore so 'n twis in Vryheid geheers het, J.G. Roos en J.P. Rheeder, as oorwinnaars uit die stryd getree. Roos is in Vryheid as kandidaat bo Carl van der Merwe en H.J. Potgieter aangewys, terwyl Rheeder in die kiesafdeling Melmoth die nominasie teen L.P. de Jager gewen het. Roos het hom egter pas daarna "ter wille van myn volk en party" onttrek omdat Van der Merwe hom nie by die beslissing van die nominasievergadering wou neerlê nie en as kandidaat aangebly het. Aangesien die Opposisie dadelik besluit het om ook 'n kandidaat te stel en die stemme gevolglik verdeel sou word, het Roos opsy gestaan en is Van der Merwe op die ou end as Provinsiale Raadslid verkies met 218 stemme teenoor C.E. West se 105 en H.J. Potgieter se 101.[42]

In Melmoth het Rheeder 'n interessante stryd gevoer. Omdat hy 'n bekende Hertzogiet was en daar propaganda teen hom gemaak is, het hy verklaar dat hy nog nooit teen genl. Botha en sy regering gewerk het nie, maar dat hy hom, sonder aansiens des persoons, vir reg en geregtigheid en die belange van sy land en volk sou beywer.[43] Sy teenstander was niemand anders nie as die sittende lid, Jan F. Muller, wat op

---

39. The Times of Natal, 7 Jan. 1914, hoofartikel.
40. De Afrikaner, 12 Jan. 1914, hoofartikel.
41. Ibid., 12 Feb. 1914, notule van vergadering, ingestuur deur sekr. J.H.F. Meyer.
42. The Vryheid Herald, 30 Jan. en 6 Feb. 1914, berigte; ibid., 6 en 13 Feb. 1914, ope brief deur J.G. Roos en berig.
43. De Afrikaner, 22 Jan. 1914, en The Vryheid Herald, 23 Jan. 1914, ope brief deur J.P. Rheeder.

27 Maart 1912 'n herrie veroorsaak het deurdat hy in die Provinsiale Raad teen die Ontwerp-wysigingsordonnansie op Onderwyswetgewing gestem het wat daarop gerig was om Natal se onderwystaalbeleid in ooreenstemming met Transvaal s'n te bring.[44] Sy standpunt dat onderrig in die moedertaal daartoe sou lei dat Afrikanerkinders te min Engels sou leer, het hom by sommige Afrikaners as verraaier gebrandmerk en is in die verkiesing teen hom gebruik.

Hoewel dit nie volkome duidelik is nie, kom dit voor dat Muller in hierdie verkiesing los van die Suid-Afrikaanse Party gestaan het. 'n Briefskrywer het beweer dat hy nie lid van die party was nie en dat hy met 'n aantal nie-lede op 'n vergadering op Babanango van die Suid-Afrikaanse Party opgedaag het om hom as kandidaat genomineer te kry. Sy plan is egter verongeluk. De Afrikaner het na Muller as 'n Unionis en "een halfslag lid" van die Suid-Afrikaanse Party verwys en die kandidatuur van Rheeder bevorder. Desnieteenstaande is Muller op 19 Februarie, stemdag, met 278 stemme teenoor Rheeder se 103 tot Provinsiale Raadslid herkies.[45]

In hierdie verkiesing, ouder gewoonte gekenmerk deur die gebrekkige leiding wat daar van die provinsiale bestuur van die Suid-Afrikaanse Party uitgegaan het, het die stryd tussen Botha en Hertzog die eerste keer daartoe gelei dat Afrikaner teen Afrikaner gestem het. Bogemelde briefskrywer het dit bedroewend gevind dat daar geen partydissipline was nie en het dit as rede aangevoer waarom daar 'n begin gemaak is om 'n nuwe party gestig te kry. Hy het hom so uitgedruk: "Waarom hebben wij in deze dagen geen krachtige partijleiders ook in Natal? De voorzitter van het Provinciale Kongres van Natal wordt verondersteld de leider te wezen ook hier, maar helaas, niets wordt van hem gehoord! De Z.A.P. is gesticht, doch overal doolt men nog in onkunde een dubbelsinnige uitleg der konstitutie ... Wie is sterk en onbeschroomd die sta toch op en roept zijn volk bijeen in Natal en wijst hun de rechte weg aan op elk gebied des levens!"[46] 'n Ander briefskrywer het Rheeder se neerlaag aan die stryd tussen Botha en Hertzog toegeskryf en was verbaas dat mense wat twee jaar tevore 'n petisie teen Muller onderteken het vanweë sy optrede oor taalonderrig in Natal, in die verkiesing vir hom gestem het. Sy antwoord op waarom hulle dit gedoen het, was, "omdat oom Paul niet 'n Botha man is.

---

44. Sien Hoofstuk 3, besonderhede wat op voetnote 190 - 191 slaan.
45. De Afrikaner, 9, 12 en 16 Feb. 1914, berigte, brief deur "Afrikaner" en hoofartikel; The Vryheid Herald, 27 Feb. 1914, kommentaarberig.
46. De Afrikaner, 12 Feb. 1914, brief deur "Afrikaner".

Wonderlik neh!"[47]

Onenigheid het intussen ook elders sy kop uitgesteek. Op 27 Januarie het Tak II, Newcastle, van die Suid-Afrikaanse Party in die kiesafdeling Dundee op Doornpoort vergader. By daardie geleentheid het die voorsitter, J.J. Müller, wat ook sekretaris van die distriksbestuur was en as afgevaardigde die Roomkongres bygewoon het, verslag gedoen en genl. Hertzog volkome gelyk gegee in sy stryd teen genl. Botha. Volgens hom was die reëling en leiding van die Roomkongres se bespreking van die krisis geheel en al in die hande van genl. Botha en sy ministers en het Botha niks aan die hand gedoen om die breuk te heel wat hyself veroorsaak het nie. Müller het verklaar dat Botha vir Hertzog uit die Kabinet gesit het om die Unioniste en jingo's tevrede te stel en hul plan ter verguising van Hertzog te bevorder. Nadat hy sy verslag gelewer het, is die volgende mosie van J. Laas, gesekondeer deur C. Aveling, ná 'n lang bespreking met 19 stemme teen 10 aanvaar: "Deze vergadering is van opinie dat Gen. Botha tesamen met sommige van zijne ministers de oorzaak is van de scheuring in de Z.A.P.; derhalve Gen. Botha behoordt af te treden als eerste minister, opdat de Z.A.P. weder als een lichaam kan optreden."[48]

Dit was die eerste helder stem wat daar van 'n verteenwoordigende Afrikanerliggaam in Natal teen genl. Botha en vir genl. Hertzog opgegaan het, en voordat dit nog algemeen bekend was, het die Vryheid Herald hom ten gunste van die stigting van 'n nuwe party, onafhanklik van die Suid-Afrikaanse Party, uitgespreek. Die blad het verklaar dat die party al op Vryheid gestig sou gewees het as daar nie, met die oog op die provinsiale verkiesing, gevoel is dat die belange van die Afrikaners benadeel sou word nie. Hy het aangevoer dat 'n nuwe party nodig geword het omdat die Hoofkomitee van die Suid-Afrikaanse Party meesal uit ministers en "Raadsheren" bestaan het "en dat die party gebruikt wordt om alle fouten der Regering toe te dekken."[49]

Terwyl hierdie pro-Hertzogstem in J.J. Müller se omgewing verhef is, is een van die ander Natalse afgevaardigdes na die Roomkongres, Adrian I.J. Nel, in Greytown voor stok gekry. Reeds op 23 Januarie het 'n briefskrywer in die Greytown Gazette

---

47. Ibid., 9 Maart 1914, brief deur "Kleintoon".
48. Ibid., 5 Feb. 1914, berig deur korrespondent; ibid., 12 Feb. 1914, berig en notule van vergadering, ingestuur deur sekr. J.H.F. Meyer. Laasgenoemde se weergawe van J.J. Müller se verslag van die verrigtinge op die Roomkongres was heelwat skerper as die korrespondent s'n van 5 Feb. en is op 'n later vergadering as onjuis geskrap - sien ibid., 2 Junie 1914, notule van vergadering op 31 Maart 1914.
49. The Vryheid Herald, 6 Feb. 1914, hoofartikel.

sy verontwaardiging uitgespreek omdat Nel op die Roomkongres vir Hertzog gestem het nadat hy vooraf feitlik sy woord van eer aan die kiesers van Umvoti gegee het dat hy vir Botha sou stem. Wie is Adrian Nel, wou hy weet, dat hy aan die meerderheid van die party dikteer? Hy behoort voor 'n vergadering gedaag te word om verantwoording te doen, het hy vervolg, en is ten volle deur die redakteur ondersteun.[50] 'n Week later, op Saterdagoggend 31 Januarie, is die aangevraagde vergadering in die Greytownse stadsaal gehou en het meer as 150 mense, verteen= woordigend van al drie takke in die kiesafdeling, hul opwagting gemaak.

Nadat O.R. Nel, wat tot voorsitter verkies is, 'n uiteensetting gegee het van die stappe wat in die kiesafdeling gedoen is en daarop uitgeloop het dat 'n opdrag aan die twee afgevaardiges, Adrian Nel en kmdt. John A. Nel, gegee is om vir Botha op die Roomkongres te stem, is Adrian Nel om 'n verduideliking vir sy optrede gevra. Hy het dadelik erken dat hy nie sy belofte aan die kiesers van Umvoti nagekom het nie. Hy het na Kaapstad gegaan met die vaste voorneme om volgens opdrag vir Botha te stem, maar Botha se verduideliking oor die skeuring het hom nie tevrede gestel nie. Boonop het F.E.T. Krause uit sy pad gegaan om die Hertzoggroep te beledig deur hulle met "brakhondtjies" te vergelyk. Diepe nadenke het hom tot die oortuiging gebring dat die taalkwessie aan die wortel van die kwaad gelê het en dat as Leuchars 'n man wou wees, hy Suid-Afrika eerste sou stel. Nel het ver= klaar dat wat hy op die Roomkongres gedoen het, hy uit oortuiging gedoen het en dat die vergadering na goeddunke oor sy optrede kon beslis. Volgens die Engelse koerantman wat verslag gedoen het, is 'n groot deel van Nel se toespraak nie gerap= porteer nie omdat hy hoofsaaklik in Afrikaans gepraat het en sy woorde samevattend in Engels aan die vergaderdes getolk is.[51]

'n Lewendige bespreking het gevolg waaraan J.M. Handley, W.J.S. Newmarch, Herbert Carter, G.T. van Rooyen, P.R. Botha en R.J. van Rooyen deelgeneem het en waartydens daar verskeie vrae aan die twee afgevaardigdes gestel is. Adrian Nel het herhaal dat hy na die kongres gegaan het om vir die Regering te stem, maar daarteen besluit het nadat hy vir 'n hond uitgeskel was. Handley was van mening dat die partylede van Umvoti voor die kongres hul tyd verkwis het, want hul stem op die kongres is geneutraliseer deur een van die twee afgevaardigdes en hulle kon net sowel glad nie verteenwoordig gewees het nie. Vir Carter was dit sinneloos om aan 'n party te behoort wie se afgevaardigde die partylede in poppe omgeskep het, terwyl

---

50. The Greytown Gazette, 23 Jan. 1914, brief deur "Disgusted Member" en hoofartikel.
51. Ibid., 6 Feb. 1914, berig. Sien ook De Afrikaner, 5 Feb. 1914, berig.

P.R. Botha spottend onder gelag verklaar het dat daar geen vrede in Suid-Afrika sou kom solank die Hertzogterriërs aan die blaf bly nie. 'n Mosie van R.J. van Rooyen waarin wantroue in Adrian Nel en volle vertroue in kmdt. John Nel uitgespreek is, is deur G.T. (Tommie) van Rooyen geamendeer met 'n mosie van vertroue in albei. Laasgenoemde het egter slegs 18 stemme gekry en daarop is die oorspronklike mosie met 33 stemme aanvaar.[52]

Hieruit word, by gebrek aan volledige besonderhede, afgelei dat die mosie met 'n meerderheid van 33 stemme aanvaar is, wat daarop dui dat 'n aansienlike persentasie van die aanwesiges Adrian Nel se optrede goedgekeur het.

Ná hierdie byeenkoms is Adrian Nel deur die Kranskoptak van die party, waarvan hy die voorsitter was, tot verantwoording geroep op 'n vergadering waarvan die datum onbekend is.[53] Daar het hy verklaar dat genl. Botha geen aanvaarbare rede kon verstrek waarom hy genl. Hertzog uit die Kabinet gesit het nie. Hyself het tot die oortuiging gekom dat Hertzog opsy gegooi is omdat hy die Afrikaner se nasionale tradisies beskerm en nasionalisme bevorder het. Hy sou miskien nog vir die Regering gestem het, maar toe plaas dr. Krause die seël op alles deur die volgelinge van Hertzog brakhonde te noem. "Die alzo genoemd worden, van die heeft men de stemmen niet nodig."

Nel het voorts verklaar dat hoe minder daar van die konsiliasiepolitiek gesê word, hoe beter dit sou wees. Wat homself betref, kon hy niks anders as 'n Suid-Afrikaan wees nie, en so ook sy kinders. Sy voorvadere is in Suid-Afrika begrawe en vir hom was Suid-Afrika bo.

Stem: "Neen, wij zullen u deporteren."

L.T. Buss: "Wat wij willen weten is wat gij met uwe stem gedaan hebt."

Nel: "Ik gaf die aan Gen. Hertzog."

F.E. van Rooyen: "Wie gaf u het recht daartoe?"

Nel: "Niet gij --"

Hierop het die voorsitter, dr. Proksch, geëis dat daar aan Nel 'n billike gehoor gegee word, waarna hy verduidelik het dat die Natalse afvaardiging in Kaapstad 'n private onderhoud met genl. Hertzog aangevra het, maar dat hy dit nie wou toestaan nie. Dit was vooraf 'n uitgemaakte saak dat genl. Botha alles na sy sin sou kry.

Die heer Buss was steeds nie tevrede nie. Vir hom het dit gegaan oor die stem

---

52. The Greytown Gazette, 6 Feb. 1914, berig.
53. Vir die hieropvolgende samevatting van wat op daardie vergadering gebeur het, word gebruik gemaak van die verslag van De Afrikaner, 23 Maart 1914.

wat Nel op die kongres uitgebring het, want 'n afgevaardigde moet homself soos 'n masjien beskou ten opsigte van sy senders. Omdat Nel teen die wil van sy senders opgetree het, was dit sy plig om as voorsitter van die Kranskoptak van die party te bedank. Aangesien Nel egter in gebreke gebly het om dit te doen, het Buss voorgestel, gesekondeer deur F.G. van Rooyen, dat hy gevra word om te bedank. Die mosie is geamendeer deur I.J. Nel, gesekondeer deur G.T. van Rooyen met een van volle vertroue in Nel, wat aanvaar is. Daarop het Nel onder luide toejuiging die voorsitterstoel ingeneem en sy ondersteuners in 'n vurige toespraak bedank.

So het die Hertzogrigting hom algaande in die Natalse politiek begin uitkristalliseer onderwyl genl. Botha met die staking en die gevolge daarvan belas was. Genl. Smuts se verdediging van sy optrede tydens die staking, en veral sy skerp aanval op genl. Hertzog, is deur De Afrikaner betreur, want dié het geglo dat Hertzog "toch zo honderdmaal genl. Smuts' meerdere blijft in oprechte vaderlandsliefde". Die blad het die skerp woorde tussen Afrikanerleiers betreur, maar toe weer op sy middewegpolitiek teruggeval en die hoop uitgespreek dat genl. Botha, as "de grote advokaat van het edelste aller beginselen: rekonciliatie", so sou optree dat die aanval op Hertzog vergewe en vergeet sou word en dat daar weer eensgesindheid sou kom.[54]

Dit was ydele hoop, want die rebelse rigting wat die Hertzogiete ingeslaan het en die skerp aanvalle wat die Regering vanweë sy optrede in die staking verduur het, was nie bevordelik vir versoening nie. Weens sy oorgevoeligheid vir kritiek was genl. Botha 'n oop skyf vir diegene wat hom wou kasty. Van sy pynlike reaksie op die aanvalle van die Arbeiders tydens die debat oor die Vrywaringswetsontwerp van 1914, het Thomas Boydell 'n kwarteeu later hierdie sprekende beeld geskets: "He looked at you with soulful eyes that expressed more sorrow than anger. It was almost like hitting a woman or clubbing a seal."[55] Skaars was die debat oor die Vrywaringswetsontwerp vir Botha agter die rug, of die skokoorwinning van die Arbeiders in die Transvaalse Provinsiale Raadsverkiesing het gevolg, met tussendeur die wete by hom dat die Hertzogiete die voet onherroeplik op die pad van afskeiding geplaas het, tensy hy aan hul eise voldoen. Die druk op Botha was swaar en erger het voorgelê. Die politieke atmosfeer was totaal teen versoening.

As hy rede gehad het om bekommerd te wees oor die Vrystaatse politieke gebeure,

---

54. Ibid., 9 Feb. 1914, hoofartikel.
55. Boydellversameling, Band 24, knipsel uit The Cape Argus, 9 Maart 1940, artikel deur T. Boydell, "Snores that were Described as 'Insulting Remarks'".

dan was ook van die Natalse nuus nie gerusstellend nie. Juis oor sir George Leuchars se posisie in Umvoti was daar kommer vanweë die toenemende Hertzoggesindheid onder die Afrikaners en Duitsers. Die moontlikheid is selfs geopper dat die gevaar waarin Leuchars verkeer het, hom sou noop om hom as kandidaat beskikbaar te stel vir die vakature in die Senaat wat deur die afsterwe van Charles Hitchins op 30 April veroorsaak is. Dit was egter 'n mistasting, want James Schofield het die vakature gevul.[56]

Intussen het die Natalse Hertzogiete nie stilgesit nie. Trouens, dit was hoofsaaklik hulle en die Arbeiders wat vir enige partypolitieke opwinding gesorg het. Namate besonderhede oor die bedrywighede en oogmerke van die amptelik te stigte "Nationale Partij" in die Vrystaat steeds in De Afrikaner verskyn het, het veral J.J. Müller die voortou in Natal geneem deur die bal wat hy in die kiesafdeling Dundee aan die rol gesit het, 'n verdere stoot te gee. In Umvoti het Adrian Nel aan die werk gebly. Terwyl De Afrikaner verheug was oor J.P. Jooste se aankondiging in die pers dat die derde jaarkongres van die Suid-Afrikaanse Party op 3 September 1914 in Pietermaritzburg sou begin,[57] het hierdie twee here hulle vir afskeiding beywer.

Die Newcastlese distriksbestuur van die Suid-Afrikaanse Party, waarvan Müller sekretaris was, het naamlik op 23 Mei eenparig besluit om die Hoofkomitee te versoek om 'n spesiale kongres, indien moontlik, voor 1 Julie so sentraal moontlik te hou, "teneinde de besluiten door het Oranje Vrijstaatse Provinciale Kongres in Januarie 1914 aangenomen, en wel het Programma van Beginselen door dat Kongres vastgesteld, in overweging te nemen".[58] Dit was 'n duidelike poging om druk op genl. Botha uit te oefen en om die Hertzogrigting in die politiek tot sy logiese uiteinde te voer, want dat "De Nationale Partij" gestig sou word, was by vele reeds 'n uitgemaakte saak. Vroeg in Junie het Adrian Nel al verklaar: " ... so ... we ... are going to form a National Party without fail, as to the centre being in Bloemfontein I can assure you that the centre is every Nationalist's heart. We are not troubled any more if the South African Party will accept or reject our principles, that is for them to decide, we have decided what to do and our reasons are many, one of the greatest being that the South African Party is hand

---

56. The Natal Mercury, 1, 4 en 28 Mei 1914, hoofartikels en berig; The Natal Witness, 1 Mei 1914, voorblad.
57. De Afrikaner, 12 Mei 1914, brief deur J.P. Jooste en hoofartikel.
58. Ibid., 26 Mei 1914, berig; The Vryheid Herald, 11 Junie 1914, berig.

in glove with the capitalists."[59]

In hierdie atmosfeer het die vierde herdenking van Uniedag gekom en gegaan en was dit vir die Engelse, by monde van die Advertiser, betreurenswaardig dat die land steeds beletsel is deur die Afrikaners se nougesette vasbeslotenheid tot oorheersing, wat slegs afgeskud sou kon word indien daar weer 'n beroering soos dié van die ontdekking van diamante en goud veroorsaak kon word.[60] Vir andere het die dag wel iets moois ingehou. De Afrikaner, nou onder die stuur van D.P. du Toit, het 'n Engelse gedig van agt strofes deur Lynn Lyster en deur dr. J. Vrolik in Hollands vertaal, onder die titel "Unie Dag" gepubliseer. Die laaste strofe in die twee tale lui:[61]

"Grief hath taught thy daughters to be tender.
Danger steel'd the sons thy breasts have fed!
From lowering clouds Jehovah, thy Defender,
Rains blessings on thine head,
South Africa!"

"Smart wist uw Dochters berusting te leren,
Gevaar heeft het hart uw Zonen gestaald,
Zo is door de Liefde Jehovahs des Heren,
Zijn Zegen van boven op u neergedaald,
Zuid Afrika!"

Dit was egter nie die tyd om vreugdevure aan te steek nie, want daar het groter verdeeldheid in die land geheers as vier jaar tevore. "De Afscheiding In De Vrijstaat", soos De Afrikaner se hoofartikelopskrif van 16 Junie gelui het, was reeds 'n werklikheid in die harte van die Hertzogiete en moes nog net in die praktyk omgesit word. In dieselfde uitgawe van die blad was genl. Hertzog se manifes waarin hy opdrag aan die Vrystaatse distriksbesture van die Suid-Afrikaanse Party gegee het om die nodige reëlings te tref sodat daar nie later as 1 Julie nie 'n begin gemaak kon word met "het vormen van een nationale partij".[62]

Dié manifes is uitgereik omdat dit toe reeds duidelik was dat daar van versoening kwalik meer sprake kon wees. Terwyl sommige dit as 'n voldonge feit aanvaar het, het andere steeds geglo dat, as volkome versoening dan onmoontlik was, die twee partye wel sou kon saamwerk. Alexander von Levetzow, redakteur van die Herald,

---

59. The Greytown Gazette, 12 Junie 1914, brief deur Adrian I.J. Nel.
60. The Natal Advertiser, 30 Mei 1914, hoofartikel.
61. De Afrikaner, 2 Junie 1914.
62. Ibid., 16 Junie 1914, hoofartikel en genl. Hertzog se manifes; The Vryheid Herald, 18 Junie 1914, genl. Hertzog se manifes.

het voorsien dat die Suid-Afrikaanse Party, die Nasionale Party en die Arbeiderparty in die volgende algemene verkiesing elk sowat 30 setels sou wen en dat eersgenoemde twee verplig sou wees om saam te werk. Dit was vir hom logies dat samewerking sou volg, want, het hy verklaar, die tweespalt het bloot ontstaan omdat die grondwet van die Suid-Afrikaanse Party nie behoorlik omskryf was nie en gevolglik 'n opening gelaat het "aan Imperialisten om in te kruipen, waar ze niet te huis behoren en waardoor de Vrystaat verplicht was zich af te scheiden".[63]

Dit was 'n ooroptimistiese siening wat gewis nie gedeel is deur J.H.F. Meyer, sekretaris van Tak II, Newcastle, kiesafdeling Dundee, waarvan J.J. Müller voorsitter was nie. Meyer het reeds in die helfte van Junie besef dat die Nasionale Party uit die geledere van die Suid-Afrikaanse Party gebore sou word. Aangesien die grondwet van laasgenoemde party sy lede verbied het om ook aan 'n ander party te behoort, het hy op 17 Junie deur middel van die pers aan alle taklede wat Hertzog se program van beginsels onderskryf het, kennis gegee om voor 25 Julie te bedank.[64]

Dié stap was daarop bereken om Müller en sy mede-Hertzogiete af te skei en te verhinder dat hulle die takmasjinerie oorneem. Meyer het nie verniet probeer wal gooi nie, want namate besonderhede oor die stigting van die Nasionale Party in die Vrystaat en die bedrywighede van Hertzog en sy Nasionaliste deur De Afrikaner in die openbare oog gehou is, en 'n Natalse briefskrywer openlik vir Hertzog kant gekies het op grond daarvan dat "hij op 't altaar van Konsiliatie geofferd" is,[65] het Müller tot aksie oorgegaan. Müller het totaal ongrondwetlik opgetree deur op eie houtjie 'n uitnodiging aan die taklede te rig na 'n vergadering ter oorweging van besprekingspunte vir die derde jaarkongres van die Suid-Afrikaanse Party begin September in Pietermaritzburg. Müller was egter geensins van plan om oor besprekingspunte vir die kongres te praat nie, maar om Tak II, Newcastle, kiesafdeling Dundee, in 'n tak van die Nasionale Party om te skep.

Met hierdie doel voor oë, hoewel Müller dit probeer dig hou het, het bogemelde tak op 25 Julie 'n vergadering op die plaas Doornpoort, Newcastle, gehou.[66] Sekretaris J.H.F. Meyer was kennelik afwesig, met notuleboek en al. In sy plek is P.J. Fourie, jr., verkies en is die huishoudelike reëls so gewysig dat daar

---

63. The Vryheid Herald, 23 Julie 1914, hoofartikel.
64. De Afrikaner, 17 Junie 1914, kennisgewing deur J.H.F. Meyer.
65. Ibid., 21 Julie 1914, brief deur "Korrespondent". Sien ook ibid., o.a. 26 Junie en 14 Julie 1914, berigte oor Nasionale Party.
66. Vir die rekonstruering van hierdie vergadering word gebruik gemaak van besonderhede daaroor soos dit in De Afrikaner, 28 Julie, 11 Aug. en 11 Sept. 1914, en in The Vryheid Herald, 20 Aug. 1914, verskyn het.

voortgegaan kon word deur die notule van die vorige vergadering soos dit in De Afrikaner verskyn het, as amptelike notule te aanvaar. Nadat Müller verduidelik het dat sekretaris Meyer op sy eie die kennisgewing gepubliseer het waarin Hertzog=gesinde lede van die tak gevra is om voor 25 Julie te bedank, is 'n mosie met 'n groot meerderheid aanvaar waarin sy optrede betreur is. Daarna het die kwessie van besprekingspunte na die kongres aan die beurt gekom en het T.R. Dannhauser, sr., gesekondeer deur J.L. Fourie, jr., voorgestel: "Deze vergadering besluit om geen besprekings punten voor het Z.A.P. Kongres te zenden, maar integendeel om deze Tak te ontbinden, en dadelik een tak van de Nationale Partij te stichten."

Die heer M.J. Brink, jr., was van mening dat dit nie binne die bevoegdheid van die vergadering was om die tak te ontbind nie, maar hy is oordonder deur H.A. Muller, G. de Villiers, A. Cronje, F. Muller en P. Fourie. Die voorsitter "sprak toen met bekwaamheid en grote talent", waarna die mosie Dannhauser-Fourie met 33 - 10 stemme aanvaar is. Ná aanvaarding van 'n mosie van dank in die voorsitter "voor zijn onpartijdig en mannelik optreden" in die verlede, is "de Nationale Partij Tak" onmiddellik gestig en het 37 aanwesiges die register geteken. J.J. Müller is met groot toejuiging tot voorsitter verkies, met P.J. Fourie sekretaris en H.A. Müller, A. Cronje, G. de Villiers en P. Snijman as bestuurslede. Een vakature is ongevul gelaat tot die volgende vergadering.

Die wyse waarop die vergadering byeengeroep en die verrigtinge behartig is, was geheel en al strydig met die grondwet van die Suid-Afrikaanse Party en die huis=houdelike reëls van die tak, soos J.H.F. Meyer later aangetoon en die ou Tak II, Newcastle, van die Suid-Afrikaanse Party tereg besluit het.[67] Dit het egter geen verskil gemaak aan die feit dat daar 'n tak van die Nasionale Party gestig is nie, want dié was immers nie gebonde deur die grondwet van die Suid-Afrikaanse Party en die huishoudelike reëls van die ou tak nie. Dit was 'n nuwe liggaam wat bly voortbestaan het as die eerste tak van die Nasionale Party wat in Natal gestig is en waarvan J.J. Müller die stigter was.

Terwyl die Hertzogiete hulle begin afskei het, het die Suid-Afrikaanse Party bloedmin in Natal uitgerig en het een van Botha se eie Volksraadslede, W.H. (Bill) Griffin, boonop van die Parlementsitting af teruggekeer met die nuus dat 'n nuwe poging om 'n Natalparty te stig, waaraan hy deel gehad het, tydens die sitting misluk het. Sy stelling is heftig deur andere ontken en belaglik gemaak, maar Griffin het gehou by wat hy gesê het.[68] Dit kon egter weinig meer as 'n wolhaar=storie gewees het, want daar is nooit weer iets daarvan gerep nie.

---

67. De Afrikaner, 11 Sept. 1914, berig "De Zuid Afrikaanse Partij -- Newcastle".
68. The Natal Witness, 13, 14 en 15 Julie 1914, berigte en hoofartikel.

Griffin het egter gelyktydig met bogemelde 'n juiste noot aangeraak deur op die krag van die Arbeiderparty te wys, want dit was iets waaroor genl. Botha genoeg rede gehad het om hom te kwel. Hy is reeds ná die "aardverskuiwing" wat die Arbeiders in Transvaal veroorsaak het, deur Gustav Preller gewaarsku dat selfs die plattelandse Boermense Arbeidergesind begin raak het en "beweer dat die kapitaliste die 'arme werksmense' uitsuig, en die Regering die kapitaliste help!"[69] Ernstiger waarskuwings uit ander oorde het vir hom voorgelê.

T.L. O'Reilly, sweep van die Suid-Afrikaanse Party in die Transvaalse Provinsiale Raad, en 19 medelede van die party in die Raad, het naamlik op 3 Julie in 'n vertroulike brief aan Botha verklaar dat dit dringend noodsaaklik geword het om stappe te doen ten einde verlore veld vir die party te herwin. "Ons besef dat hoewel die oorwinning van die Arbeiders Party onlangs grootliks te wyte is aan die uitsetting van hulle 9 leiers, -- tog het die gedagte algemeen veld gewin dat die Arbeiders Party die eenigste beskermer en voorvegter is van die belange van die arm man; en die gedagte het nie alleen wortel gevat by duisende arme mensen wat nie aan ons party behoort het nie, maar -- nog erger -- by die arme mense wat vroeër lede was van ons Party. Daar heers onder die klas 'n algemeen gevoel van wantrouwe in ons Party en dit word viral deur hulle gese dat ons onse beloftes nie na gekom het nie; dat daar geen simpatie is met hulle nie en dat ons alleen van hulle gebruik maak by elktie (sic) tye enz."[70]

Hoewel hierdie bra mismoedige brief die toedrag van sake in Transvaal weergegee het, spreek dit vanself dat dit nie geheel en al tot Transvaal beperk sou gewees het nie. Dat daar ook in Natal 'n swaai na die Arbeiders was, sou kort hierna onderstreep word deur die oorwinning wat Morris Kentridge in die hartjie van Durban behaal het.

Agt dae ná die datum van bogemelde brief het sir Thomas Watt ook op die Arbeidergevaar gewys. In 'n brief aan genl. Botha het hy 'n vorige waarskuwing aan genl. Smuts herhaal, dat die Regering op die rotse kon beland as hy sou voortgaan om hom teen die Arbeidermeerderheid in die Transvaalse Provinsiale Raad te verset. Tussen die reëls deur het hy laat blyk dat hy een of ander vorm van samewerking met die Arbeiders voorgestaan het en het hy ten slotte verklaar: "I would like you to consider seriously whether we Union Ministers in our attitude towards the Labour Party, who for all practical purposes are at present the Provincial Council, are not in danger of following the footsteps of the Imperial Govt. in some of its

---

69. PM/OG, Gus. Preller -- genl. Botha, 24 April 1914 (verkeerdelik gedateer as 24 Maart).
70. PM 221/1/14, T.L. O'Reilly e.a. -- genl. Botha, 3 Julie 1914.

dealings with its colonie not so long ago."[71]

Dit was 'n duidelike verwysing na die Britse regering se barse optrede jeens o.a. die kolonie Natal, waarvan Watt enkele jare tevore ervaring gehad het tydens die gebeure rondom die Bhambada-opstand. By implikasie het hy Botha gewaarsku om die vyand betyds te identifiseer en eerder tot 'n vergelyk te kom as om die veldslag te verloor. Of so 'n argument meriete gehad het, kom nie daarop aan nie, maar wel dat daar 'n grondige rede vir die waarskuwing was.

Op die vooraand van die Eerste Wêreldoorlog was daar dus 'n interessante en, vir die Regering, gevaarlike politieke situasie aan die ontwikkel. Die Suid-Afrikaanse Party en sy natuurlike bondgenoot, die Unionisteparty, was besig om veld te verloor. Die Nasionale Party, as onbekende politieke faktor, het sy eerste wortels ingeslaan en kon net groei, terwyl die Arbeiderparty op 'n stygende golf gery het.

Dit was gewis in die lig van die onsekere politieke toestand dat die derde jaarkongres van die Suid-Afrikaanse Party, wat lank tevore reeds vir 3 September in Pietermaritzburg belê was, sonder opgaaf van redes tot 'n latere datum uitgestel is.[72] Die vooruitsigte vir sowel die Suid-Afrikaanse Party as die Unionisteparty was onrooskleurig, maar die uitbreek van die oorlog het die prentjie haas oornag laat verander.

4. "Our Soldier-Premier"

Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het die nood waarin die "Empire" hom bevind het, byna 'n magnetiese uitwerking op almal met pro-Britse gevoelens in Suid-Afrika gehad, ongeag politieke verband, en was dit vir hulle 'n uitgemaakte saak dat Brittanje daadwerklik bygestaan moes word. Slegs 'n energieke groep Sosialiste binne die Arbeiderparty het saam met die Nasionaliste en ander Afrikaners, maar om verskillende redes, 'n aweregse standpunt ingeneem. Vir die ander was die blote gedagte aan Suid-Afrikaanse neutraliteit, wat De Volkstem reeds in Julie 1911 geopper het, uit die bose en is dit indertyd reeds deur die Times of Natal as 'n lafhartige oogmerk en 'n belaglike suggestie verwerp.[73]

Natal se Engelse was veral sterk ten gunste van aktiewe steun aan Brittanje.

---

71. PM/OG, T. Watt -- genl. Botha, 12 Julie 1914.
72. De Afrikaner, 24 Julie 1914, berig.
73. The Times of Natal, 17 Julie 1911, hoofartikel. Sien ook A.H. Marais, Die Politieke Uitwerking van die Verhouding van die Afrikaanssprekende tot die Engelssprekende 1910 - 1915, pp. 397 - 399.

eeds op 31 Julie 1914, vier dae voordat Brittanje oorlog teen Duitsland verklaar. et, het die Montreal Star van Kanada per kabelgram die Suid-Afrikaanse koerante evra watter bydrae die Dominiums behoort te lewer ingeval Brittanje in 'n oorlog etrokke sou raak. Hierop het die Witness onmiddellik geantwoord: "Money and men." oe die Suid-Afrikaanse Regering teen 8 Augustus nog nie aangekondig het of hy rittanje in die oorlog sou help nie, het die blad dit met wrewel gewyt aan die roeëre verkondiging van neutraliteit deur "the Hollander Press of Pretoria and ts offshoots".[74] Daarmee het die blad hom uitgelaat teen o.a. De Afrikaner wat n hierdie vroeë stadium van die oorlog steeds 'n beleid van neutraliteit voorgestaan et,[75] maar later van standpunt sou verander.

o sterk het die pro-Britse gesindheid die Natallers aangegryp dat dit die party= olitieke grense laat vervaag het en 'n raps meer as 'n jaar later daartoe sou ei dat die Arbeider Morris Kentridge sy setel in Durban sou verloor. Hyself ou sy neerlaag toeskryf aan "the Jingo fever prevailing at the time",[76] maar hy as een van die eerstes wat dit help aanblaas het -- dit terwyl sy eie party 'n aar lank 'n neutrale oorlogstandpunt sou handhaaf en uiteindelik vanweë menings= erskil oor die saak sou skeur. Kentridge het naamlik op 5 Augustus, ses dae ná y verkiesing tot Volksraadslid vir Durban-Sentraal, aan genl. Botha verklaar: Believing as I do that at a time of national crisis political differences should e sunk I wish to assure the Government that if I can be of any service in any apacity during the present crisis I will gladly respond to any call."[77]

entridge is in sy oorlogsgesindheid gesteun deur Thomas Boydell, en met hul ktiewe leiding het hulle die Natalse Arbeiders tot groot hoogte gevrywaar van die rnstige tweespalt wat die anti-oorlogsgesinde Sosialiste in die party veroorsaak et, waaroor in 'n later hoofstuk uitgewei word.

lf dae na sy brief aan Botha was Kentridge en Boydell die sekondante van twee osies ter steun aan die Britse oorlogspoging wat deur die Unioniste James Hen= erson en C.P. Robinson op 'n reusevergadering in die Durbanse stadsaal ingedien n eenparig aanvaar is.

it was die grootste, eenstemmigste en geesdriftigste vergadering in die geskiedenis an die stad. Die Franse, Belgiese, Russiese en Britse landsvlae is tussen die kare van rondom 3 000 ontvou en die volksliedere van die lande het deur die stadsaal

---

4. The Natal Witness, 1 en 8 Aug. 1914, voorblad en hoofartikel.
5. De Afrikaner, 4 Aug. 1914, hoofartikel.
6. Kentridge, I Recall ..., p. 56.
7. PM 51/19B/14, Morris Kentridge -- genl. Botha, 5 Aug. 1914.

gedreun. Dit is voorafgegaan deur 'n kleiner, maar ewe geesdriftige, vergadering in die Pietermaritzburgse stadsaal op 12 Augustus waar sowat 1 300 mense aangedring het op hulpverlening aan Brittanje. Soortgelyke vergaderings waar soorgelyke mosies aanvaar is, is op verskeie plekke elders in Natal gehou, o.a. op Estcourt, Vryheid, Helpmekaar, en Hiltonweg. Benewens boodskappe van steun en samewerking deur private persone, skietverenigings, boereverenigings, Suid-Afrikaanse Partytakke en stadsrade soos dié van Durban, Dundee en Ladysmith, het die Indiërs van Pietermaritzburg hulle op 'n monstervergadering bereid verklaar om aktiewe oorlogsdiens te verrig. Op die openbare vergadering op Vryheid is een van die sterk pro-Britse mosies deur niemand anders ingedien nie as B.G. Brecher en is die hoofmosie van die burgemeester deur F.W. (Frik) van Reenen gesekondeer.[78]

Een van die eerstes uit Natal wat militêre hulp aangebied het, was adv. F.S. Tatham. Hy het hom bereid verklaar om 'n regiment ongereelde ruiters op die been te bring en hulle oorsee aan te voer. Kort op sy hakke was sir Duncan Mckenzie van Nottinghamweg wat in die onmiddellike anneksasie van Duits-Wes- en Duits-Oos-Afrika 'n gulde geleentheid gesien het om Suider-Afrika onder die Britse vlag te verenig. Hy het kans gesien om binne enkele dae 'n sterk Natalse mag op die been te bring, maar genl. Smuts het, ná samesprekinge met sir Thomas Watt en sir George Leuchars, besluit om Mckenzie tuis te hou vir die verdediging van Natal ingeval van 'n aanval op Durban of 'n opstand deur die Swartes. Gevolglik is die bevel van 'n Natalse regiment vrywilligers, die Natal Light Horse, aan kol. J.R. Royston opgedra.[79] Dit was die eerste vrywilligermag, uiteindelik 800 man sterk, wat in die land opgeroep is en het die Natallers trots laat voel. Die feit dat Royston in die Tweede Vryheidsoorlog tot die bitter einde teen genls. Botha en Smuts geveg het en nou skouer aan skouer saam met hulle sou veg, het die Mercury laat opmerk: "How miraculous is the metamorphosis effected in South Africa in so short an epoch!"[80]

'n Bewys van die geesdrif wat daar geheers het, is ook te vinde in die geldelike bydraes wat die Natallers gemaak het. Die Mercury het met vrymoedigheid 'n beroep

---

78. Ibid., verskeie briewe deur persone en instansies uit Natal aan genl. Botha tussen 5 Aug. en 7 Sept. 1914. Sien ook The Natal Witness, 13 Aug. 1914, berig; The Natal Mercury, 17 Aug. 1914, berig; The Vryheid Herald, 27 Aug. 1914, berig.
79. PM 51/198/14, tel. F.S. Tatham -- genl. Botha, datum onleesbaar, maar dit moet tussen 4 en 6 Aug. 1914 gewees het; Smuts Papers, Private 190, Vol. 12/M84, D. Mckenzie -- genl. Smuts, 9 Aug. 1914; ibid., Vol. 190/M136, genl. Smuts -- D. Mckenzie, 12 Aug. 1914.
80. The Natal Mercury, 19 Aug. 1914, hoofartikel.

o sy lesers gedoen om die Natal Light Horse toe te rus. Die burgemeester van ietermaritzburg, J.W. Taylor, het pas ná die Britse oorlogsverklaring 'n nood= enigingsfonds gestig en op 18 Augustus was dit reeds aansienlik meer as R4 000 terk. 'n Soortgelyke fonds wat deur die burgemeester van Durban gestig is, het ewe weke later reeds op R40 692 te staan gekom. Daarbenewens het die plattelandse istrikte R456 aan kontant en 3 663 sak mielies bygedra en het die Belgiese en ranse noodlenigingsfonds gou op onderskeidelik R3 628 en R1 800 gestaan. Die itness het teen die einde van Augustus 'n sjieling-per-week-fonds vir sy lesers estig om rookgoed en kleiner benodigdhede vir die soldate op die tuisfront aan e koop. Agt weke later is daar uit die opbrengs reeds die volgende aan soldate orsien: 39 000 sigarette, 12 000 seroete, 2 658 sakkies tabak, 4 896 dosies uurhoutjies, 410 pype, 152 blikkies tabak, 250 sigare, 60 skeermesse, asook ydskrifte en kleinighede.[81]

ie versekering wat sir Marshall Campbell op 15 Augustus aan genl. Smuts gegee et, dat die ganse Natal aan Regeringskant was en enige oorlogshulp met blydskap ou lewer, was nie 'n oorskatting nie. Selfs die Durbanse Arbeiders se oorlogs= ojaliteit was, in teenstelling met dié van die Transvalers, so sterk dat hul enheid behou is en gevolglik is P.K. Fraser nog op 8 September 1914 tot Provin= iale Raadslid van die party in die tussenverkiesing in Greyville verkies.[82]

ie eendersdenkendheid van die Natallers, onder wie vele Afrikaners en Swartes, et veral aan die lig gekom ná genl. Hertzog se bepleiting van neutraliteit in ie oorlogsdebat in die Volksraad vroeg in September, die daaropvolgende bedanking an genl. C.F. Beyers as Kommandant-generaal van die Verdedigingsmag, die tragiese ood van genl. Koos de la Rey en die gevaar van rebellie wat die kop uitgesteek et. Onder die opskrif "A Disgraceful Speech" het die Witness Hertzog se toespraak n die Volksraad as die toppunt van anti-Britse boosheid vertrap en is die bedan= ing van Beyers gewyt aan "the criminal instinct of the racialist".[83]

ogemelde het 'n vloedgolf verontwaardiging oor die Natallers laat spoel. 'n ersoekskrif wat in Pietermaritzburg rondgeneem en waarin 'n beroep op die burge= eester gedoen is om 'n openbare vergadering te belê sodat die ingesetenes hul

---

1. Ibid.; PM 51/27/14, J.W. Taylor -- genl. Botha, 18 Aug. 1914; The Natal Witness, 23 Okt. 1914, berig; The Natal Mercury, 27 Okt. 1914, hoofartikel.
2. Sir Marshall Campbellversameling, Letters 6115, Nr. 39, Marshall Campbell -- genl. Smuts, 15 Aug. 1914 (afskrif); Ticktin, "The War Issue ...", South African Historical Journal, No. 1, Nov. 1969, p. 65.
3. The Natal Witness, 11 en 22 Sept. 1914, hoofartikels.

steun aan genl. Botha en hul veragting vir genl. Beyers kon uitspreek, is binne anderhalf uur deur honderde, insluitende vroue, onderteken. Eensgesindheid is betuig deur mense met uiteenlopende politieke gesindhede soos sir Thomas Orr, een van Botha se Volksraadslede, J.G. Maydon, kort tevore nog 'n bespotter van Botha, en John Fraser, sekretaris van die Federal League, wat nog net in naam bestaan het. Die Witness, die giftigste kritikus van genl. Botha sedert uniewording, het voor die vergadering gepleit om steun aan hom en sy regering, want "They are ... playing the game with us, with Great Britain and with the Empire; and it is up to every loyal citizen of the town -- be he Dutch or British -- to support them."[84]

Die vergadering is op 23 September gehou en is as die grootste en geesdriftigste bestempel wat ooit in die stad gehou is. Die menigte in die stampvol stadsaal het met 'n emosievolle eenstemmigheid wat aan Anglo-Boereoorlogdae herinner het, hul onwankelbare vertroue in die oorlogsbeleid van "our soldier Premier" uitgespreek, soos die Witness hom op sy voorblad en in sy hoofartikelkommentaar gedoop het. Dit was veral genl . Botha se besluit om self bevel te voer oor die Suid-Afrikaanse inval in Duitswes wat die verbeelding aangegryp het, vandaar sy betiteling as soldaat-premier, of "fighting Premier", soos hy ook genoem is.[85]

Soortgelyke vergaderings as dié in Pietermaritzburg is in Durban en op verskeie plattelandse dorpe gehou, o.a. Ladysmith, Mooirivier en Vryheid. Op laasgenoemde dorp het sowat 500 mense 'n mosie van lojaliteit aan en bewondering in Botha met slegs drie teenstemme aanvaar. Pakke briewe en telegramme waarin Botha se lof besing is, is van individue en instansies uit alle dele van Natal ontvang. In Kliprivier en Newcastle het nie slegs volwasse Indiërs geld vir noodleniging ingesamel en lojaliteit aan die Britse kroon betuig nie, maar het ook die Indiër-leerlinge van die plaaslike staatskool gebede vir die welslae van die Britse leërs opgestuur en uit eie sak sowat R6,30 (£3.14.3) vir noodleniging bygedra. Onder die honderde wat lof betuig het, was daar Afrikaners, Bantoes en Skotte. 'n Briefskrywer van die Mercury, F. Rose Kelso, het deur middel van die blad geld ingesamel en 'n pistool vir Botha gekoop wat deur die besturende direkteur van die blad aan Botha gestuur en met dank deur hom ontvang is. Uit Pietermaritzburg het 'n 14-jarige seun, Wilfred Whitelaw, 'n takkie wit Skotse heide aan Botha gestuur en hom gevra om dit altyd in sy sak te dra solank hy hom op die oorlogsfront

---

84. Ibid., 23 Sept. 1914, voorblad. Sien ook ibid., 21 en 22 Sept. 1914, voorblad en hoofartikel.
85. Ibid., 24 Sept. 1914; The Natal Mercury, 3 Des. 1914, berig. Sien ook PM 150/50/14, tel. Burgemeester Pietermaritzburg -- genl. Botha, 24 Sept. 1914.

bevind.[86]

Tekenend vir die gevoel van lojaliteit wat daar selfs onder die Natalse Afrikaners bestaan het, is die brief wat genl. Botha van oubaas Sarel J. Grobler van Lonsdalelaan 17, Durban, ontvang het. In 'n krapskriffie "offer" hierdie oud-polisieman van die Suid-Afrikaanse Republiek hom aan Botha "met myn persoon, Om myn lot met Uw in te werpen aan Uwe linker zyde te staan of te vallen, en met W.Ed. Gestrenge te deelen in zoet en zuur laat kome wat wil in vast vertrouwen alleen op de hand van Boven!"[87]

In hierdie atmosfeer van oplaaiende pro-Britsheid het die Natal Light Horse eind September na die Duitswesfront vertrek en is aansoeke van vrywilligers steeds ontvang. Daarbenewens het honderde Natalse Engelse een-een en in groepies na die Europese oorlogsfront vertrek om daar te veg. Een van die eerstes was Hugh M. Meyler, LV vir Weenen, wat hom by sy ou bataljon, die 2de Middlesex-regiment aangesluit en in die noorde van Frankryk diens gedoen het. Vier maande nadat die oorlog uitgebreek het, het die Mercury bereken dat nagenoeg 6 000 Natallers, bykans een-derde van die provinsie se sowat 20 000 beskikbare manskappe, militêre diens in die Unie, Duitswes en elders verrig het,[88] en die getal sou aansienlik styg.

Dit was die vroeë offer wat die Natallers gebring het uit liefde vir Brittanje en die "Empire". Omdat genl. Botha hom met soveel oorgawe aan die oorlogspoging gewy en selfs teen sy eie mense geveg het met sy onderdrukking van die Rebellie, wat in die volgende hoofstuk behandel word, het hy 'n toonbeeld van bewondering vir die Engelse geword. In navolging van wat in Johannesburg gedoen is, het die Durbanse vroue byvoorbeeld in Desember 1914 'n Bothadag gehou en by wyse van straatkollektes R652 vir noodleniging ingesamel. Hierdie veldtog is heelhartig deur die Mercury gesteun, wat dit vooraf soos volg aangeprys het: "The Prime Minister has comported himself in the war crisis with a dignity and a statesmanship that have compelled the admiration of the whole Empire. Let it be shown that in the most British town of South Africa we are imbued with enthusiasm for our soldier-Premier."[89]

---

86. Vgl. The Natal Witness, 28 Sept. 1914, voorblad en brief deur Barlen Dhlamini; PM 51/27/14, Sekr. van Justisie -- Sekr. van Premier, 28 Sept. 1914, en bylaes; PM 51/39/14, I.G. Horak -- genl. Botha, 29 Sept. 1914; ibid., telegramme dr. Campbell van Durban en Burgemeester Vryheid -- genl. Botha, 30 Sept. 1914; PM 150/50/14, genl. Botha -- Besturende Direkteur Natal Mercury, 19 Okt. 1914, en bylaes; ibid., Wilfred Whitelaw -- genl. Botha, 15 Okt. 1914; PM 51/198/14, Waarn. Sekr. van Premier -- Chas. C. Ephrain, 13 Jan. 1915, en bylaes. Hierdie PM-lêers, veral PM 150/50/14, bevat 'n verskeidenheid soortgelyke briewe en telegramme uit alle oorde van Natal.
87. PM 51/38/14, Sarel J. Grobler -- genl. Botha, 5 Okt. 1914.
88. The Natal Witness, 29 en 30 Sept en 7 Des. 1914, voorblad; The Natal Mercury, 7 Des. 1914, hoofartikel.
89. The Natal Mercury, 4 Des. 1914, hoofartikel. Sien ook ibid., 3 en 7 Des. 1914, berig en hoofartikel.

Net in een opsig het die Natallers se geesdrif te kort geskiet, naamlik om bydraes te lewer vir die Witness se vliegtuigfonds. Dié fonds, wat reeds in Mei 1913 gestig is en waaraan genl. C.F. Beyers sy seën toegesê het, was daarop gemik om R2 000 in te samel vir die aankoop van 'n vliegtuig vir die Britse regering vir oorlogsdoeleindes. Sowat 18 maande ná die stigting het dit egter nog maar sowat R52 (£26.10.6) beloop en het die blad die insameling gestaak en die geld in sy eie sjieling-per-week-fonds gestort.[90] Die gebrek aan ondersteuning moet daaraan toegeskryf word dat die fonds te vroeg geopen is en dat die nut van 'n vliegtuig vir oorlogsdoeleindes nog nie ten volle bewys is nie.

In alle ander opsigte het die Natalse Engelse hulle, saam met dié in die res van die Engelssprekende wêreld, intens in die oorlogspoging ingeleef en het die Witness vroeg reeds verklaar: " ... the declaration of war was all that was needed to prove the solidarity of the Empire as a whole".[91] Die hoog lopende geesdrif is ook as bewys gesien dat die Engelse en 'n deel van die Afrikaners uiteindelik saamgesnoer is en het die Mercury daartoe gebring om die stigting van 'n nuwe party, die Progressiewe Suid-Afrikaanse Party, te propageer, want, het hy verklaar, die oorlog het die partypolitieke grense laat vervaag en getoon dat die ou party=verdeling onrealisties was. Die blad wou dat die beoogde party reeds kandidate in die eersvolgende algemene verkiesing stel om sodoende die nuwe gees van eenheid te demonstreer.[92] Die hoop op die totstandkoming van 'n groter, gelukkiger en meer verenigde Suid-Afrika is ook deur genl. Smuts uitgespreek in sy Nuwejaars=boodskap van 1915 aan die Natalse soldate waarin hy hulle vir hul onbaatsugtige diens bedank het.[93]

In hul Britse oorlogsgeesdrif het die Natalse Engelse dit ondenkbaar gevind dat daar andere in die land kon wees wat 'n ander mening toegedaan was en kon hulle die neutraliteitsvoorstanders en die Rebelle nie genoeg verdoem nie. Genl. Hertzog was vir hulle, soos nog aangetoon sal word, 'n konkelaar in die donker en is op 'n gelyke voet met die Rebelle gestel. Smaad en hoon het op hom en sy volgelinge neergereën, van wie daar 'n toenemende aantal onder die Natalse Afrikaners was. Die eerste tak van die Nasionale Party wat J.J. Müller op 25 Julie in die kiesaf=deling Dundee gestig het, is pas na die uitbreek van die oorlog gevolg deur, sover

---

90. The Natal Witness, 21 Mei en 25 Junie 1913 en 17 Nov. 1914, berigte.
91. Ibid., 15 Okt. 1914, hoofartikel.
92. The Natal Mercury, 18 Nov. 1914, brief deur "Never Again" en hoofartikel.
93. The Natal Witness, 4 Jan. 1915, voorblad.

bekend, die tweede tak. Dit is op Paulpietersburg, in die hart van 'n Bothavesting waar genl. M.W. Myburgh die septer geswaai het, gestig en het met sowat 40 lede weggespring.[94] Terwyl die oorlogskoors reeds hoog in Natal geloop het, het Müller se Nasionale Partytak, bekend as Tak I, Dundee, op Doornpoort, Newcastle, vergader en het sy ledetal tot 60 aangegroei en is daar verklaar: "De toekomst word beslist ingegaan, bewust van de grote taak aanvaard onder de beginsels van de Nationale Partij."[95]

Die partypolitieke skeuring is vererger deur die uitbreek van die oorlog en die gevoelens wat daardeur opgewek is. Dit het so 'n uitwerking op gemoedere gehad dat die Moderatuur van die N.G. Kerk van Natal 'n beroep op genl. Botha gedoen het om "met het oog op de Verwoestende Oorlog, Dure Tijden, en Donkere toekomst" 'n biddag te proklameer. Genl. Botha het geweier, want, het hy verklaar, in so 'n proklamasie vir 'n biddag sou daar melding gemaak moes word van die oorlog en sou daar 'n warm beroep op die volk gedoen moes word om die seën van die Here op die imperiale strydmagte af te smeek, dog "Met het oog op de geest die in sommige streken van ons land dienaangaande heerst, werd gevreesd dat er een sektie zal gevonden worden die weigeren zal om aan het beroep gehoor te geven en dat alzo een ongewenste oneenigheid in de Kerken zou gebracht worden."[96]

Terwyl die bedanking van genl. Beyers De Afrikaner van sy beleid van oorlogsneu=traliteit laat afsien en hom in 'n voorstander van Botha se oorlogsbeleid laat omslaan het, was daar andere wat anders hieroor gevoel het. Adrian Nel van Umvoti het De Afrikaner onder die opskrif "Moenie Twak Praat Nie" skerp oor sy oorlog=standpunt gekritiseer. Ds. E. de Beer, wat op 23 September een van die sprekers op die reusevergadering in die Pietermaritzburgse stadsaal sou wees, het hom ter elfder ure onttrek omdat hy nie kans gesien het om 'n mosie te steun ter dank aan Botha en sy regering "for the steps taken to uphold the supremacy of Great Britain in this Dominion" nie. Hy het verklaar dat hy daardie woorde nie mooi kon verstaan nie en dat sy vriendskap met Beyers dit vir hom moeilik gemaak het om aan die ver=gadering deel te neem, hoewel hy Beyers se optrede afgekeur het. Die Witness het ds. De Beer op sy gebruiklik barse wyse en onder die opskrif "A Puzzled Predi=kant" daarop gewys dat Britse supremasie vryheid en beskerming aan die Afrikaners besorg het, dat dit die teenoorgestelde van Duitse supremasie was, en dat die dominee

---

94. The Vryheid Herald, 20 Aug. 1914. In die berig hieroor word Pietersburg aan=gegee as die plek waar die tak gestig is, maar daar word aanvaar dat Paulpieters=burg bedoel is.
95. De Afrikaner, 25 Sept. 1914, berig.
96. PM/OG, G.M. Pellissier -- Premier, 8 Sept. 1914, Sekr. Premier -- ds. Pellissier, 2 Okt. 1914 (afskrif).

dit goed moes oordink om sodoende sy kudde behoorlik te lei.[97]

Die giftigheid van die Engelse pers teenoor andersdenkende Afrikaners het wrewel onder laasgenoemdes verwek. Hul posisie is, volgens De Afrikaner, onhoudbaar in Natal gemaak waar dit byna as 'n misdaad beskou is om 'n Hollandse van te dra.[98] Die knaende veroordeling wat hulle van die Engelse en die Engelse pers moes verduur, het E.G. Jansen, steeds 'n troue Bothavolgeling en sekretaris van die Suid-Afrikaanse Party in Natal, se beker laat vol loop. Wat help dit, het hy aan genl. Smuts gevra, dat die Engelse die mond vol het van die vryheid wat die Afrikaners onder die Britse vlag geniet, as hulle voortdurend besig is om die Afrikaners op alle moontlike wyses te versmaad en sleg te maak?[99] So erg het hy hom die saak aangetrek en so onmagtig het hy gevoel omdat die Afrikaners nie die "ellendige engelse pers" kon dooddruk nie, dat hy kort voor Kersdag 1914 die vraag gestel het: "Of sou die hoop van die Afrikaners vir die toekoms wees in samewerking met die Arbeiders? Wie weet!"[100]

Oor die moontlike samewerking tussen die regse Afrikaners en die Arbeiders is daar vroeër al aan Engelse kant bespiegel. Ná die stigting van die Nasionale Party het dit 'n wesenlike gevaar vir sommige geword. 'n Man soos Geo. H. Hulett, Provinsiale Raadslid vir Eshowe, wou dat die Unionisteparty ontbind en by die Suid-Afrikaanse Party aansluit om die verwagte bondgenootskap tussen die Nasionale Party en die Arbeiders te beveg. Hierop het G.H. Parkhouse, voorsitter van die Durban-Sentraaltak van die Arbeiderparty, egter verklaar "that the Labour Party will not, cannot support Mr. Hertzog or any other political party".[101]

Die tyd vir samewerking tussen die twee partye was nog nie ryp nie, maar daar was reeds vingerwysings na wat tien jaar later sou volg.

Teen die einde van Desember 1914 was die politieke gesindheid van die Natallers heel anders as vyf maande tevore op die vooraand van die Britse oorlogsverklaring. Terwyl die oorlog daartoe gelei het dat die Engelse hul geledere rondom die "Empire" sluit, het dit die Arbeiders verdeel en verswak, verskeurdheid onder die Afrikaners veroorsaak en dieper snydende verbittering tussen die taalgroepe geskep. Die politiek het 'n loop geneem wat genl. Botha se konsiliasiebeleid finaal tot mislukking gedoem het en uiteindelik in 'n nuwe bedeling sou eindig. Die stryd tussen Afrikaner-nasionalisme en Britse imperialisme het pas ná die uitbreek van die oorlog vaste

---

97. De Afrikaner, 22 Sept. 1914, hoofartikel; ibid., 25 Sept. 1914, brief deur Adrian I.J. Nel; The Natal Witness, 26 en 28 Sept. 1914, voorblad en hoofartikel
98. De Afrikaner, 25 Sept. 1914, hoofartikel.
99. E.G. Jansenversameling, Lêer 62, konsepbrief E.G. Jansen -- genl. Smuts, ongedateer, vermoedelik eind 1914 begin 1915.
100. Ibid., Lêer 274, stuk in E.G. Jansen se handskrif, 20 Des. 1914.
101. The Natal Mercury, 18 Maart 1915, brief deur G.H. Parkhouse.

vorm aangeneem; dat dit met bloedvergieting en geweldpleging gepaard gegaan het, het dit soveel intenser gemaak. Die opstand van duisende Afrikaners teen hul eie regering omdat hulle dié se oorlogsbeleid nie kon steun nie, het gevoelens losgeruk wat geslagte lank 'n rol sou speel. Afrikaner en Engelsman het hulle op 'n wyse gedra wat mekaar afgestoot het.

HOOFSTUK 7

REBELLIE EN BRANDREBELLIE

1. Inleiding

Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het binnelandse onrus in Suid-Afrika tot gevolg gehad wat net sulke intense gevoelens van verbittering en haat tussen die taalgroepe opgewek het soos wat daar tydens die Tweede Vryheidsoorlog bestaan het. Dit het 'n dieper kloof tussen Engelsman en Afrikaner geslaan as wat daar ooit sedert 1910 bestaan het, verskeurdheid in Afrikanergeledere verwek en 'n haatkampanje teen die plaaslike Duitsers opgejaag. In Natal was dit enersyds van 'n geringer omvang, andersyds van ernstiger aard, en ook daar het die gevolge van die gebeure spoedig by die stembus aan die lig gekom.

In die eerste tien maande ná Brittanje se oorlogsverklaring teen Duitsland het Afrikaner, Engelsman en Duitser hier te lande met vuur gespeel en die land in chaos gedompel. Platteland en stad het elk sy bydrae tot die onstuimigheid gelewer. Dit was duisende Afrikaners van die platteland wat groot dele van Transvaal, die Vrystaat en Noordwes-Kaapland op horings geneem het met hul gewapende protes teen die landsgesag; dit was duisende stedelike Engelse wat 'n veldtog van verwoesting teen die eiendom van hul Duitssprekende medeburgers gevoer het tydens wat bekend geword het as die Brandrebellie.

Trou aan sy rol was dit die stad Johannesburg wat die sneller in albei oproere getrek het. Dit was die toevallige doodskiet van genl. Koos de la Rey in die strate van die Goudstad wat die voorgenome rebelle uit hul gate gejaag het; dit was na die voorbeeld van die Johannesburgers dat Duitse eiendom in al die groot stede van die land verwoes is. Geen wonder nie dat <u>De Afrikaner</u> ná die doodskiet van genl. De la Rey verklaar het: "Ja wat heeft Johannesburg Zuid Afrika niet al in ellenden en lijden gekost! Zuid Afrika zou er veel beter aan toe geweest zijn indien er nooit een Johannesburg was. Edele metalen en stenen kunnen geen waar geluk brengen, maar wel edele karakters, waarvan nu weer een op zo treurige wijze van het toneel verdwenen is."[1]

Johannesburg het die toon aangegee, die ander stede het gevolg: in hul imperiale uitinge, in hul veragting vir dié Afrikaner wat on-Brits gedink en gedoen het, in hul haat jeens al wat Duitser en Duits was. In dié opsig was elke stad, Pietermaritzburg in die besonder, 'n klein Johannesburg. Engelse stad teen Afrikanerplatteland; Boer teen Brit, of omgekeerd.

---

1. <u>De Afrikaner</u>, 18 Sept. 1914, hoofartikel.

Die Rebellie van die Afrikaners en die Brandrebellie van die Engelse, hoewel verskillend van aard en in die erns van die misdaad, toon ooreenkomste wat 'n vergelyking daarvan noodsaak. Dit is veral die reaksie van die Engelse en die houding en optrede van die Regering wat toon dat daar, tot nadeel van die Afrikaner, met dubbele maatstawwe gemeet is. Hierteen het Adrian I.J. Nel van Greytown hom wrewelig uitgespreek in 'n brief onder die opskrif "Wij Worden Moede en Zat".[2]

2. Die Rebellie van 1914

Op 16 Desember 1912, net ná genl. J.B.M. Hertzog se uitsetting uit die Kabinet, het die Mercury voorspel dat die beleid wat Hertzog voortaan sou volg "wil have behind it a challenge of civil war".[3] Vyf maande later het 'n briefskrywer aan De Afrikaner die vrees uitgespreek dat die "arme Afrikaners", onderling verdeel en beveg deur 'n "jingoparty", dalk 'n rebellie in die gesig staar.[4] Nie een van die twee uitlatinge was met volle erns bedoel nie, maar dit toon die uiteenlopende gesigspunte: aan die een kant die Engelse se geloof dat die Afrikaner doelbewus 'n broederstryd sou voer om sy sin te kry; aan die ander kant die Afrikanersiening dat 'n rebellie op hom afgedwing sou word indien hy homself sou wou handhaaf. Dat die Rebellie grootliks hieruit gespruit het, kan sekerlik nie betwis word nie.

Die besluit van die Regering om Duitswes binne te val, het vele Afrikaners, ook in Natal, in die harnas gejaag. Op 9 September, die dag waarop die Parlement in 'n spesiale sitting byeengekom het om die invalsplan te bekragtig, het H.J. Bosman, LV vir Newcastle, genl. Botha daarteen gewaarsku. Bosman, wat die sitting nie kon bywoon nie, het van Utrecht af aan Botha geskryf: "Dat u stappen neem de grenzen te beschermen stem ik toe als noodzakelyk, maar als er plan is om D.Z.W.A. in te trekken meen ik dat u zal vinden dat ons Volk er niet mee gaat ... Van onze beste ondersteuners hier hebben met my komen spreken, en zyn er tegen. De zaak zal toch in Europa moeten beslist worden. Worden wy aangevallen dan meen ik dat ons Volk gewillig zal zyn ons land te beschermen, maar zy willen niet aan vallende wyse te werk gaan."[5]

Dit was ook die standpunt van genl. Hertzog in die Parlement, asmede dié van genl. C.F. Beyers wat op 15 September sy bedanking as Kommandant-generaal van die Verdedigingsmag ingedien het uit protes teen die beslissing om Duitswes

---

2. Ibid., 4 Junie 1915, brief deur Adrian I.J. Nel.
3. The Natal Mercury, 16 Des. 1912, hoofartikel.
4. De Afrikaner, 8 Mei 1913, brief deur "Klein Penkoppie".
5. PM/OG, H.J. Bosman -- genl. Botha, 9 Sept. 1914.

binne te val.[6] Duisende Afrikaners, wat weldra gewapenderwys sou protesteer, het hierdie siening gedeel -- tot totale onbegrip van die Engelse. Vir laas=genoemdes was Beyers se bedanking die toppunt van dislojaliteit en het dit hulle met walging vervul, soos lord Gladstone, die vorige Goewerneur-generaal, dit per brief aan genl. Botha gestel het. Hy het bygevoeg dat as Beyers op 'n soortge=lyke wyse opgetree het "under his friends the Germans he would have been shot as a traitor".[7] Hierin is die siening vervat van duisende Natallers, soos uitge=druk in private skrywes aan genl. Botha, in en deur hul koerante, resolusies aan=vaar op oproerige openbare byeenkomste en besluite geneem deur stadsrade, kerklike liggame en boereverenigings.

Tekenend vir die woedende verontwaardiging van die Natalse Engelse is die Witness se verdoeming van genl. Beyers, aan wie die landsverdediging toevertrou was: "He has betrayed that confidence, utterly and shamelessly; and not only that, but, with the criminal instinct of the racialist, he has not scrupled at one of the most critical periods in the history of South Africa to re-open every wound which the slow march of time was surely healing."[8]

Die blad het, of wou, nie besef nie dat hyself, met sy volgehoue venyn teen die Afrikaner, besig was om Vader Tyd se heling van die wonde te beduiwel. Sy skel=lende en rassehatige kampanje jeens die Afrikaner het tydens die oorlog die perke van fatsoenlikheid dermate oorskry dat genl. Botha nog sou verklaar: "Die 'Witness' ... vat werkelik die laagste en gemeenste houding tegen die Afrikaners op wat maar wezen kan. Iets zal moet gedoen worden om daar een einde aan te brengen, want dit help die kwaaddoeners in dit land meer en vergroot die haat van al wat Britz is ook meer."[9]

Lady Charlotte Moor, eggenote van sir Frederick Moor, het reeds op 23 September, na aanleiding van Beyers se bedanking en nog voordat die Rebellie uitgebreek het, op haar gebruiklik vroulik-stormagtige wyse aan genl. Botha geskryf en 'n beroep op hom gedoen om krygswet af te kondig en almal duidelik te laat verstaan dat elke rebel en verraaier doodgeskiet of in die tronk gestop sou word.[10] Hierdie gees het ook geheers op 'n openbare vergadering wat op 24 September in die Pietermaritz=burgse stadsaal gehou is, die grootste in die geskiedenis van die stad tot in

---

6. C.M. van den Heever, General J.B.M. Hertzog, pp. 168-170; G.D. Scholtz, Generaal Christiaan Frederik Beyers 1869-1914, pp. 309-312.
7. PM/OG, Gladstone -- genl. Botha, 22 Sept. 1914.
8. The Natal Witness, 22 Sept. 1914, hoofartikel.
9. Smuts Papers, Private 193, Vol. 19/B30A, genl. Botha -- genl. Smuts, 26 April 1918.
10. PM/OG, Charlotte Moor -- genl. Botha, 23 Sept. 1914.

daardie stadium; dit spreek ook uit 'n brief aan Botha deur die aartsimperialis Joseph Baynes van Nel's Rust en uit besluite geneem deur openbare en boerevergaderings op Newcastle, Nottinghamweg, Melmoth, Mooirivier, Bulwer, Ixopo, Bergville, Ladysmith, Dundee, Vryheid en Greytown.[11]

Genl. Botha is groot lof toegeswaai vir sy manlike optrede om die supremasie van die "Empire" in Suid-Afrika hoog te hou, soos die openbare vergadering op Nottinghamweg dit uitgedruk het.[12] Beyers is verdoem, want sy brief van bedanking het, aldus J.W. Moor van Mooirivier, die indruk op die Engelse gemaak dat sy simpatie by Duitsland en nie by Engeland was nie. Dit het Moor in 'n brief aan genl. Botha laat uitroep: "... how impossible such men make it for us English to work with them for South Africa".[13]

Die verontwaardiging, wat reeds hoog geloop het, het ten hemele gestyg met die bekendmaking van die nuus dat genl. Manie Maritz na die Duitsers oorgeloop het. Openbare vergaderings is op verskeie plekke gehou en op Newcastle was die gemoedere so omgekrap dat die weerbare manne byeengeroep en deur J.H. McBeath begin dril is.[14] Selfs De Afrikaner het Maritz se verraad "Een Donderslag" genoem en dit as 'n bewys beskou van watter gevaar Duitswes vir Suid-Afrika ingehou het; daarom was dit noodsaaklik dat die Regering gesteun moes word.[15]

Die skuld vir Maritz se verraad is deur die Mercury aan Beyers gegee, wat, so het die blad verklaar, met sy bedanking 'n skandalige en oneervolle voorbeeld gestel het. Die Witness het dit egter gelê aan die deur van "the arch-criminals, namely, the Hollander press", met hul verderflike verkondiging van 'n beleid van neutraliteit, en het as verdere aanstigters vir Beyers, Hertzog en genl. C.R. de Wet uitgesonder.[16] Met die bekendmaking van die krygswetproklamasie op 13 Oktober en daarna het die blad aangedring op die arrestasie van hierdie drie generaals, "the contemptible curs", wat vir Maritz tot rebellie aangehits het, maar te bang was om hul lewens saam met hom te waag. Hy het al drie die generaals as verraaiers bestempel en in die besonder verwys na "the wire-puller of the gang, our old anti-British enemy, Hertzog ... There need be no illusions as to Hertzog's affinity with the rebellious and seditious section. He is their

---

11. PM 150/50/14, Joseph Baynes -- genl. Botha, 25 Sept. 1914; ibid., tel. Burgemeester Pmburg -- genl. Botha, 25 Sept. 1914; PM 51/39/14, P.A. Talmage -- genl. Botha, 26 Sept. 1914, en ander skrywes in hierdie lêer. Sien ook PM 150/48/14, waarin verskeie skrywes uit Natal voorkom.
12. PM 51/39/14, tel. Openbare Vergadering Nottinghamweg -- Eerste Minister, 26 Sept. 1914.
13. PM/OG, J.W. Moor -- genl. Botha, 23 Sept. 1914.
14. The Natal Witness, 14 Okt. 1914, voorblad; PM 51/56/14, tel. Burgemeester Newcastle -- Eerste Minister, 12 Okt. 1914. Sien ook PM 150/48/14, D. Hulby -- genl. Botha, 13 Okt. 1914, en bylae.
15. De Afrikaner, 13 Okt. 1914, hoofartikel.
16. The Natal Mercury, 13 Okt. 1914, hoofartikel; The Natal Witness, 25 Sept. en 13 Okt. 1914, hoofartikels.

highpriest and leader, and is pulling the strings now, while they dance for him."[17]

Die blad se siening is ten volle onderskryf deur een van sy gereelde lesers, Arthur C. Camp,[18] en vele andere sou hulle later by hom aansluit. Gevoelens het hoog geloop en die gevaar het bestaan, veral nadat Beyers en De Wet ook tot rebellie oorgegaan het, dat die onrus na Natal kon versprei. Ds. H.F. Schoon, moderator van die Natalse Sinodale Kommissie van die N.G. Kerk, het reeds op 13 Oktober die Natalse lidmate van die kerk gewaarsku om nie tot opstand oor te gaan nie, want dit sou in stryd wees met die Skrif.[19] Die bekendmaking van Beyers en De Wet se opstand is spoedig gevolg deur 'n groot vergadering onder voorsitterskap van G.J. Macfarlane in die dineekamer van die Pietermaritzburgse stadsaal, ook bygewoon deur sir George Leuchars, waar 'n Second Maritzburg Defence Association gestig is. Die gevaar wat die opstand ingehou het, het die Witness laat eis dat elke liggaamlik geskikte man hom gereed moes hou vir enige gebeurlikheid. Op Estcourt is alle weerbare manne op 26 Oktober op bevel van die magistraat opgeroep om hulle gereed te hou ingeval die rebelle die grens uit die Vrystaat sou oorsteek. Soortgelyke stappe is op Nel's Rust gedoen.[20]

Mev. M.M. Jansen, eggenote van E.G. Jansen, herinner haar dat daar by geleentheid gerugte in Pietermaritzburg in omloop was dat genl. De Wet met 'n rebellekommando na die stad aan 't opruk was. Ligte is dié nag gedoof en enkele mense het op die vlug geslaan voordat dit geblyk het dat dit 'n valse alarm was.[21] Die rebelle het inderdaad nooit nader aan Natal gekom as drie myl van sy grens af nie. Dit het gebeur tydens genl. Wessel Wessels se besetting van Harrismith vroeg in November en daaropvolgende bewegings. Groepies rebelle het tot by Swinburne gegaan waar hulle perde gesteel en die telegraafdraad geknip het. 'n Paar het te perd tot drie myl van Van Reenen af gery.[22]

Met Beyers, De Wet en genl. J.C.G. Kemp se toetrede tot die stryd en die Regering se daaropvolgende aankondiging dat rebellie uitgebreek het, het die Mercury die uitbarsting van opstandigheid as 'n wolkbreuk voorgehou. Dit is egter spoedig deur hierdie en ander Natalse blaaie as 'n sinnelose, kranksinnige en komiese opstand afgemaak waardeur die Afrikaner nie slegs sy eie naam beklad het nie, maar ook dié van alle Suid-Afrikaners.[23] Dit was veral genl. De Wet se

---

17. The Natal Witness, 13 en 15 Okt. 1914, voorblad en hoofartikel.
18. Ibid., 17 Okt. 1914, brief deur Arthur C. Camp.
19. De Afrikaner, 16 Okt. 1914, berig.
20. The Natal Witness, 27 en 28 Okt. 1914, voorblad en hoofartikel.
21. Bandonderhoud met mev. M.M. Jansen, 26 Maart 1975.
22. The Natal Witness, 14 Nov. 1914, voorblad.
23. The Natal Mercury, 27 en 28 Okt. 1914, hoofartikels; The Zululand Times, 30 Okt. 1914, hoofartikel; The Natal Witness, 6 en 9 Nov. 1914, hoofartikels.

vyfsjieling-tirade op Vrede teen magistraat Colin Fraser, broer van mev. pres. Steyn, wat aangegryp is om die Rebellie belaglik voor te stel. Die Advertiser het na aanleiding van die Vrede-insident verklaar: "This is the sort of rebel= lion a junior schoolboy would tell us of in a home-work essay .... "[24]

Dit kon ook nie anders nie, want dat De Wet hom belaglik gedra het deur teen die magistraat uit te vaar en allerlei wilde stellinge te maak omdat dié hom tevore met vyf sjielings beboet het op aanklag dat hy 'n klonkie met 'n sambok geslaan het, is gewis. Dit kry 'n ekstra kleur wanneer dit gelees word met die volgende berig wat die Witness van sy Londense korrespondent ontvang het: "The astound= ing statement has been made by a British Army Officer that De Wet, only three weeks ago, asked Gen. Botha to forward to the War Office his offer to raise a brigade of Afrikander mounted infantry, to serve under his command in General French's Army on the Continent."[25] Daar kan nie waarheid hierin steek nie, anders sou dit al uit ander oorde bevestig geraak het, maar indertyd was daar rede om dit te glo. De Wet se naam het in Natal in oneer versink, selfs by die gematigde Mercury, terwyl die Witness hom bestempel het as 'n grootbek en buiter, 'n leuenaar en eedbreker, 'n veragtelike dwaas.[26]

Saam met hom is Beyers, Hertzog, Maritz en Kemp verdoem en is daar geïnsinueer dat hulle deur die Duitsers met geld omgekoop is om te rebelleer. Selfs F.V. Engelenburg het die moontlikheid nie uitgesluit dat een of twee geld van die Duitsers gekry het nie.[27] E.G. Jansen se siening hiervan was dat al sou dit waar wees dat sommige rebelle omkoopgeld aanvaar het, "verklaar dit nog nie waarom duisende mense gewillig was om goed en bloed op te offer vir so 'n hach= like saak" nie.[28]

Ten spyte van die belaglike voorstelling wat daar van die opstand gemaak is, was daar 'n algemene begeerte dat dit spoedig onderdruk en die rebelle behoorlik ge= straf moes word. Daar was ook 'n sterk begeerte dat die hoofsimpatiseerders met die rebelle hul verdiende loon moes kry, want, is gesê, dit was hulle wat met hul uitlatinge 'n Frankensteinmonster geskep het. Hertzog is uitgesonder as die vernaamste belhamel "(who) has used his catspaws without scruple, and ... now at the pinch deserts the men he has fooled and tricked and seeks to escape the halter

---

24. The Natal Advertiser, 5 Nov. 1914, hoofartikel. Sien ook The Times of Natal, 5 Nov. 1914, hoofartikel; The Natal Witness, 6 Nov. 1914, hoofartikel; The Natal Mercury, 6 Nov. 1914, hoofartikel.
25. The Natal Witness, 2 Nov. 1914, voorblad.
26. The Natal Mercury, 4 Des. 1914, hoofartikel; The Natal Witness, 4 Des. 1914, hoofartikel.
27. The Natal Witness, 9 Nov. 1914, hoofartikel; F.V. Engelenburgversameling, F.V. Engelenburg -- kol. Lionel Dorling, 12 Jan. 1915 (afskrif).
28. E.G. Jansenversameling, Lêer 274, stuk in sy handskrif, 20 Des. 1914.

he has twisted for his fellows".[29]

Nie alle Natalse Engelse was met soveel haat en veragting vervul nie. Eerw. Will Turnbull het byvoorbeeld aan genl. Botha geskryf dat die Ladysmithse ringsressort van die Presbiteriaanse Kerk van Suid-Afrika ernstig gebid het dat die Rebellie spoedig tot 'n end gebring mog word en dat 'n gees van opregte lojaliteit almal sou deursuur.[30] Uit Durban het ene Sister Rose van die R(oyal) N(avy) V(olunteer) R(eserve) met kinderlike naïwiteit 'n skriftelike beroep op genl. De Wet gedoen om na sy plaas terug te keer en sodoende Suid-Afrika te red, pleks van te vernietig. Die brief was aangeheg by een wat sy aan genl. Botha gerig het en waarin sy hom gevra het om De Wet se brief spoedig aan hom te besorg, want dit sou grootse resultate oplewer.[31] Dit is duidelik dat die brief nie by De Wet uitgekom het nie. Op dieselfde dag het Sister Rose aan burggraaf Buxton geskryf, verwys na haar brief aan De Wet en verklaar dat haar naam goed bekend was by hom en andere. Sy het vervolg: "I believe these foolish Peoples would listen to reason if you were to write a Kind letter and tell them I am very grieved ... "[32]

Indien daar ander Natalse Engelse was wat net so sagkens met die rebelle wou werk as die onbekende Sister Rose, word hul name nêrens genoem nie. Een van haar wense was dat die Rebellie spoedig en sonder bloedvergieting beëindig moes word, maar toe het die eerste bloed reeds gevloei -- en dit was die bloed van Natalse soldate in skermutselinge met die rebelle.

Tweehonderd man van die Natal Light Horse met andere het reeds op Donderdag, 22 Oktober, 'n aanval deur Manie Maritz op Keimoes afgeslaan. Kort daarna, omstreeks 5 November, het die NLH met 'n rebellemag onder Stadler by Maraisvlei, sowat 25 myl noordwes van Kakamas, gebots en is kavalleris E. Rusk van Natal in die skouer gewond.[33] Op 18 November is genl. Kemp en sy dorstige rebelle deur die NLH verhinder om hul dors by Kheis aan die Oranjerivier te les. In hierdie skermutseling is twee Natallers, W. Speight en W.J. Bands, gedood en het E.D. Flynn later aan sy wonde beswyk. Twee van hul makkers, D. Phelps en J. McMahon, is gewond. Op 23 November is kapt. W. Allan King, wie se vader tot kort tevore

---

29. The Natal Witness, 3 Nov. 1914, hoofartikel. Sien ook The Natal Advertiser, 23 Nov. 1914, hoofartikel.
30. PM 51/56/14, eerw. Will Turnbull -- Eerste Minister, 10 Nov. 1914, en bylae.
31. PM 51/56/14, Sister Rose -- genl. Botha, 15 Nov. 1914, daarby aangeheg Sister Rose -- genl. De Wet, 15 Nov. 1914.
32. GG 9/112/6, H.J. Stanley -- Sister Rose, 23 Nov. 1914, en bylae, Sister Rose -- Buxton, 15 Nov. 1914.
33. The Natal Witness, 26 Okt. 1914, voorblad; The Natal Mercury, 23 Nov. 1914, berig.

burgemeester van Dundee was, by Hammanskraal naby Pretoria deur rebelle doodgeskiet.[34]

Ten spyte van genl. Botha se poginge om sorg te dra "dat Engelssprekendes nie in die onderdrukking van die rebellie van 1914-15 betrek word nie", soos Van der Schyff dit stel,[35] is hulle dus tog gebruik en het die Natalse Engelse hul offers gebring. Selfs van die Natalse onderwysers en ander amptenare van die Onderwysdepartement was op die oorlogsfront en het sodoende personeeltekorte en onderwysontwrigting in Natal veroorsaak.[36] Hoeveel van hulle die rebelle help beveg het, is nie bekend nie. Die mening van die Witness en een van sy briefskrywers was dat daar veel meer Engelse teen die rebelle geveg het as wat algemeen aanvaar is.[37] Die blad was van oordeel dat Natal die enigste provinsie was wat met 'n skoon gewete oor die Rebellie, die stryd teen die rebelle en die optrede jeens hulle kon praat, "for thank God this Province did not provide the traitors with a single rebel!"[38]

Dit is, sover vasgestel kon word, korrek. Dan moet daar egter nie uit die oog verloor word nie dat daar toenemende simpatie onder die Natalse Afrikaners en Duitsers met die rebelle was, en hieruit sou die Nasionale Party voordeel trek. Daar is reeds gewys op die ontevredenheid wat daar onder die kiesers van H.J. Bosman, LV vir Newcastle, bestaan het oor die beoogde inval in Duitswes. Dit het voortgeduur en eind Desember het Bosman weer aan genl. Botha geskryf en gewaarsku dat hy "meer onlust vrees".[39]

Rebelliegesindheid onder sekere Natallers blyk ook uit 'n aantal hofsake waarin sommige hulle kragtens krygswet bevind het. Op 28 Oktober is William Cornelius Stassen, 'n 17-jarige spesiale konstabel wat gehelp het om die Duitse krygsgevangenes in Pietermaritzburg te bewaak, deur magistraat P.B. Goble tot twaalf maande tronkstraf gevonnis weens sedisie. Hy het in die teenwoordigheid van sy makkers verklaar dat hy net op die verskyning van 'n rebellekommando gewag het om hom daarby aan te sluit. Frederick Christo Schroenn is ook van sedisie aangekla, op borgtog van R2 000 vrygelaat, maar later weer gearresteer.[40] Die

---

34. PM 51/56/14, Sekr. van Verdediging -- Sekr. Eerste Minister, 21 Nov. 1914; PM 51/59/14, Eerste Minister -- Eerste Minister van Nieu-Suid-Wallis, 9 Maart 1915; The Natal Witness, 9 en 30 Des. 1914, voorbladfoto met besonderhede in elke geval.
35. P.F. van der Schyff, Die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1910-1921, pp. 128-129.
36. N.P. 5, 1915, p.1.
37. The Natal Witness, 17 Des. 1914, hoofartikel.
38. Ibid., 3 Maart 1915, hoofartikel.
39. PM/OG, H.J. Bosman -- genl. Botha, 29 Des. 1914.
40. De Afrikaner, 30 Okt. 1914, berig; The Times of Natal, 25 en 26 Nov. 1914, berigte. De Afrikaner verstrek sy naam as F.E.W. Schroen.

uitslag van sy verhoor is nie bekend nie.

Matthys Isaac Cronjé van Bergville is eind November in die Pietermaritzburgse strafhof deur regter Broome en 'n jurie onskuldig bevind aan sedisie. E.G. Jansen het hom verdedig. Daar is aangevoer dat Cronjé genl. Botha op 2 September in die teenwoordigheid van Bergville se stasiemeester, Alex Williamson, as 'n verraaier bestempel het wat doodgeskiet moes word. Cronjé het ontken dat hy die presiese woorde geuiter het, maar bygevoeg dat genl. Botha die Vrystaters nie na wense ten opsigte van hul taal behandel het nie.[41] George Kemper het op 7 Januarie kragtens krygswet voor die "politie hof" op Ladysmith verskyn en is tot R60 boete of vyf maande tronkstraf gevonnis weens opruiende taal. Daar is aangevoer dat hy kort na die inbesitname van Harrismith deur die rebelle, op 'n plaas naby Ladysmith aangekom het, waar hy op Hollands gesê het: "Ik ben een kapitein onder Generaal Wessel Wessels. Ik ga naar de Vrijstaat om 50 mannen te krijgen om naar Durban te gaan om de Duitse krijgsgevangenen te ontzetten. U is dwaas en onopgevoed, anders zal u weten dat de opstand de beste zaak is. Nu hebben wij de gelegenheid, en ik wil mijn vlag weer in het dorp zien. Ik heb nu genoeg van de Engelsen." Kemper kon die boete nie betaal nie en is tronk toe.[42]

Hierdie openbaringe van opstandigheid deur Natallers was nie bevorderlik vir goeie betrekkinge onder die taalgroepe nie. Venynige veroordelinge het neergereën op die rebelle, "curs and cowards all!"[43] en daar is getrag om die rebel- en lojaalgesinde Afrikaners teen mekaar af te speel om sodoende die breuk in Afrikanergeledere dieper te slaan. Botha en sy lojale Afrikaners is lof toegeswaai en daar is gepoog om aan te dui dat die rassehaat van die Afrikaners jeens die Engelse besig was om dood te loop, want die Rebellie was dan niks anders nie as 'n opstand van Afrikaner teen Afrikaner. Dit is voorgehou as die laaste stuiptrekking van die oorblywende faksie van die ou hardkoppige agtertangse Boeregemeenskap, want die oorgrote meerderheid van daardie gemeenskap het hulle reeds bevry van "the tyranny of the old Krugerian ideal".[44]

Die rebelle en rebelgesindes was vir die Natalse Engelse die nog lewende simbole van Krugerisme en vandaar hul geesdriftige ondersteuning aan genl. Botha in, wat hulle beskou het as, sy uitwissing daarvan; vandaar ook hul vergeldingsdrang

---

41. The Natal Witness, 21 Nov. 1914, voorblad.
42. De Afrikaner, 8 Jan. 1915, berig.
43. The Natal Witness, 11 Des. 1914, hoofartikel.
44. The Natal Advertiser, 16 Des. 1914, hoofartikel; The Natal Mercury, 16 Des. 1914, hoofartikel.

jeens die rebelleleiers, hul blydskap oor die gevangeneming van De Wet en hul onverbolge spyt dat die verdrinking van Beyers, die aartsverraaier, hom van 'n welverdiende en erger straf gevrywaar het. "The hangman's rope was the fate reserved in stern justice for such a creature, and in his watery grave he has received mercy rather than justice."[45] Andersyds was daar tevredenheid dat die onverwagte verdrinking Beyers verhinder het om verdere wandade te pleeg en dat daar gelukkig ook nie van hom, soos van ander historiese rebelle en verraaiers, gesê sou kon word dat sy bloed aan die skavot deur 'hond opgelek is nie.[46]

Met die verdwyning van De Wet en Beyers van die toneel, was die Rebellie feitlik onderdruk en het daar nog net opruimingswerk oorgebly, soos genl. Botha op 10 Desember in 'n persverklaring aangekondig het. Boodskappe van gelukwense het dadelik na hom ingestroom, waaronder dié genoem kan word wat hy ontvang het van die dorpsraad, Suid-Afrikaanse Partytak en magistraat van Greytown, sy geboorteplaas, wat trots was op sy prestasies.[47] Uit Pietermaritzburg het John James Anderson 'n versierde Kerskoek aan hom en die Kabinet gestuur met die woorde "United we stand, divided we fall" daarop. Die koek was bedoel ter viering van die onderdrukking van die onversoenlike haat van die Hertzogiete en hul aanhangers, soos Anderson dit in 'n begeleidende brief gestel het. Bill Griffin, LV vir Pietermaritzburg-Suid, het die gebak as eetbaar gesertifiseer en dit is met dank deur Botha in ontvangs geneem.[48]

Of genl. Botha lus gehad het om fees te vier, val te betwyfel. Die opstand van sy eie mense en die gewelddadige onderdrukking daarvan onder sy persoonlike leiding, was die onaangenaamste en pynlikste taak wat op die skouers van enige staatsman kon val. Burggraaf Buxton het dit so aangevoel en op skrif gestel.[49] Vir Botha was die opstand 'n gebeurtenis wat skande oor die Afrikaners gebring het en het die platskiet van sy eie mense, onder wie vele persoonlike vriende, hom diep seergemaak; daarom was hy met verbittering vervul, het hy aan Merriman geskryf, jeens diegene wat vir die "mad business" verantwoordelik was. Teenoor sir David Graaff het hy hom dié woorde laat ontval: "... ik heb de moeilikste en pijnlikste tijd doorgemaakt die ooit aan een mens te beurt kan vallen".[50]

---

45. The Natal Witness, 10 Des. 1914, hoofartikel.
46. The Times of Natal, 9 Des. 1914, hoofartikel. Sien ook The Natal Mercury, 10 Des. 1914, hoofartikel; The Natal Witness, 11 Des. 1914, voorblad.
47. GG 9/59/46, tel. Goewerneur-generaal -- Min. van Kolonies, 10 Des. 1914; The Natal Mercury, 11 Des. 1914, hoofartikel; PM 51/54/15, telegramme van magistraat, dorpsraad en SAP-tak Greytown aan Botha, 10 en 11 Des. 1914.
48. PM 150/50/14, John James Anderson -- genl. Botha, 22 Nov. 1914, en 'n latere ongedateerde brief; ibid., Priv. Sekr. Premier -- John J. Anderson, 12 Des. 1914.
49. PM/OG, Buxton -- genl. Botha, 20 Des. 1914.
50. Ibid., genl. Botha -- J.X. Merriman, 21 Des. 1914 (afskrif); ibid., genl. Botha -- D.Graaff, 23 Des. 1914 (afskrif).

Hierdie briewe is geskryf pas na die teregstelling van Jopie Fourie op 20 Desember in Pretoria weens sy aandeel aan die Rebellie, en genl. Botha het voorsien dat die ergste probleme vir die regering nog voorgelê het. Dit sou, soos hy verwag het, opgelewer word deur eise dat die volste straf aan die rebelle uitgemeet moes word.

3. 'n Oog om 'n Oog?

Die teregstelling van Jopie Fourie het die indruk gewek dat die rebelle weinig genade sou vind, en van die begin af was daar skerp uiteenlopende menings oor die regverdigheid al dan nie van sy dood. Die Witness het geglo dat hy sy verdiende loon gekry het en het korrek voorsien dat Fourie 'n martelaar sou word, maar dit kon nie verhelp word nie, het hy verklaar, want Fourie was 'n verraaier in sy hart vandat hy "the King's uniform" aangetrek het, en sy eie optrede het hy probeer regverdig deur die dor beendere van Slagtersnek te ratel.[51]

Hierdie siening was verteenwoordigend van dié van 'n aansienlike persentasie Engelse wat hard om wraak geroep het en met niks minder tevrede was nie as 'n oog om 'n oog en 'n tand om 'n tand -- "dire punishment",[52] is dit genoem. Daarteenoor het E.G. Jansen die gevoelens van vele van sy taalgenote vertolk deur te verklaar dat die dood van Jopie Fourie die ystersteekpunt in die hart van duisende Afrikaners was en dat versoening tussen die twee rasse as gevolg daarvan nimmer sou kom. Die teenoorgestelde sou gebeur, want "daar sal 'n bitterheid nou wees soos nooit tevore".[53]

Jansen was 'n uiters gematigde man vir wie rassesamewerking 'n hoë ideaal was. As hy so sterk oor die rebellesaak gevoel het, spreek dit vanself dat die verbittering onder die meer ekstremisties gesinde Afrikaners brandwarm moet gewees het. Wraak aan die een kant en vergifnis aan die ander kant was die twee uiterstes, met tussenin 'n meer getemperde houding soos verteenwoordig deur die Mercury -- en selfs dié blad het vroeg reeds gevoel dat daar strawwer teen die rebelle opgetree moes word. Die Mercury was geen voorstander van 'n platskietpolitiek nie, want, het hy verklaar, Suid-Afrika had sy eiesoortige politieke en sosiale probleme wat deur 'n wyse regering in ag geneem sou word. Tog het hy gevoel dat daar veral aan die begin te sagkens met die rebelle gewerk is,

---

51. The Natal Witness, 22 Des. 1914, hoofartikel.
52. The Newcastle Advertiser and Northern Post, 7 Nov. 1914, hoofartikel.
53. E.G. Jansenversameling, Leer 274 stuk in sy eie handskrif, 20 Des. 1914.

van wie die meeste vir hom oningeligtes van lae inbors was. Die blad het gepleit dat rebelle wat teen alle waarskuwinge in volhard, se eiendom verbeurd verklaar, dat Parlementslede in opstand hul setels ontneem en alle rebelle ontkieser moes word.[54]

Tussen hierdie sieninge deur moes genl. Botha optree en in die proses so min mense moontlik aanstoot gee. Op 12 November het hy 'n algemene amnestie aan alle rebelle aangekondig wat die wapen voor 21 November sou neerlê, behalwe aan die leiers en diegene wat hulle aan wandade skuldig gemaak het. Hieroor het hy teenstand in sy eie Kabinet gekry. Volgens Buxton was hyself en Botha glad nie geneë dat amnestie aan die rebelleleiers verleen word nie, dog genl. Smuts en ander ministers het die teenoorgestelde mening gehuldig.[55] Hoewel hy die rebelleleiers nie wou laat vryspring nie, was Botha geensins van plan om wraaksugtig op te tree nie. In sy persverklaring van 10 Desember, waarin hy aangekondig het dat die Rebellie feitlik agter die rug was, het hy aan die een kant regverdige straf vir die skuldiges in die vooruitsig gestel, dog aan die ander kant 'n beroep op almal gedoen om te vergewe en vergeet. Slegs op daardie wyse, het hy aangevoer, kon die verbittering wat deur die Suid-Afrikaanse gesinstryd opgewek is, uitgewis word.[56]

Hy het die beroep gedoen in die lig van wat hy toe reeds uitgeken het as 'n oplaaiende gevoel van toorn en verbittering, en hierteen wou hy wal gooi. Die stelling in sy reeds aangehaalde brief van 21 Desember aan Merriman, naamlik dat daar vir hulle ernstiger probleme voorlê, het hy soos volg omskryf: ".... there are unfortunately a great number who believe or who pretend, that in demanding the extreme penalty for the leaders of the rebellion and stern measures against the rank and file, they have the true interest of our country at heart whilst only animated by a desire for vengeance. As far as I am concerned, I am determined to be as lenient as possible, keeping in view the circumstances of each case, and I hope that in this policy I shall have your support. We want no more Slagterneks, and I am sure that a lenient attitude will be best calculated to wipe out within a few years the memory of this unfortunate page in our history."[57]

---

54. The Natal Mercury, 12 Nov., 4 en 8 Des. 1914, hoofartikels.
55. GG 9/59/46, tel. Goewerneur-generaal -- Min. van Kolonies, 11 Nov. 1914 (afskrif).
56. Ibid., tel. Goewerneur-generaal-- Min. van Kolonies, 10 Des. 1914; The Natal Mercury, 10 Des. 1914, berig.
57. PM/OG, genl. Botha -- J.X. Merriman, 21 Des. 1914 (afskrif).

Botha se vergewensgesindheid het die steun van die Mercury weggedra, wat ongetwyfeld die mening van duisende van sy lesers uitgespreek het. Die blad het genl. Botha geloof as die held van die groot tragedie wat besig was om hom te ontvou en het spesifiek gewys op die beproewing wat die lojale Afrikaners moet deurgemaak het in die jag op en platskiet van hul eie vlees en bloed. Hul eerbare gedrag het, aldus die blad, enige teenlawaai en die slinger van verwyte onnodig gemaak.[58] 'n Afrikaner van Nkandhla, Zoeloeland, het gemaan teen die rondstrooi van wraaksugtige gedagtes, gewys op die edele werk wat Beyers, De Wet, Kemp, Maritz en Wessel Wessels in die verlede verrig het en die Engelse daaraan herinner dat daar nog 'n lang toekoms voorgelê het, "en hoe sal die haat uitgeblus worde als ons nie mekaar se skulde wil vergewe nie?"[59]

Vele Natallers het heel anders gevoel. Die Witness het Botha se beroep van 10 Desember vertolk as 'n poging om die publiek vir 'n algemene amnestie aan alle rebelle voor te berei en verklaar dat so iets toorn dwarsdeur die land sou verwek.[60] Op dieselfde dag dat Botha sy amnestie aan die rebellemassa aangekondig het, het James Henderson, LV vir Durban-Berea, per brief 'n beroep op hom gedoen om nie te toegeeflik op te tree nie, want 'n herhaling van die rebellemisdaad kon slegs by wyse van swaar strawwe vir goed ontmoedig word.[61] Briefskrywers aan die Witness het gepleit dat die rebelleleiers doodgeskiet, opgehang of verband moes word.[62] Een het voorgestel dat genl. De Wet sy dae op Sint Helena moes slyt en, gedagtig aan Napoleon en Dinuzulu se afsondering daar, 'n eienaardige driemanskap voor die gees kon roep wat onwillekeurig 'n glimlag sou ontlok.[63] 'n Ander het die vergeet-en-vergewe-gesindheid verwerp op grond daarvan dat dit sinneloos vir die Engelsman sou wees om toegeeflik op te tree terwyl die Afrikaner nie tot dieselfde in staat was nie, maar soos 'n muilesel wat 'n gewaande belediging jare lank vertroetel en dié naaste aan hom dan onverwags skop.[64]

Al hierdie briewe is sonder kommentaar deur die Witness geplaas, maar toe iemand skryf en voorstel dat genl. Botha in sy oproep om vergewensgesindheid gesteun

---

58. The Natal Mercury, 11 en 22 Des. 1914, hoofartikels.
59. De Afrikaner, 25 Des. 1914, ope brief deur "En (sic) Afrikaner".
60. The Natal Witness, 11 Des. 1914, hoofartikel.
61. PM 51/56/14, James Henderson -- genl. Botha, 10 Des. 1914.
62. The Natal Witness, 9, 15 en 18 Des. 1914, briewe deur "Justice to All", Arthur C. Camp, "An Englishwoman", "Justice"en "Justice With Mercy".
63. Ibid., 24 Des. 1914, brief deur M. Stevenson. Dinuzulu, seun en opvolger van Cetshwayo, is deur die Britse regering uit Zoeloeland na Sint Helena verban, waar hy van 1890-1898 verkeer het.
64. Ibid., 5 Jan. 1915, brief deur "An English Farmer".

behoort te word, het die redakteur dadelik in 'n snedige voetskrif geantwoord dat die briefskrywer nie ver genoeg gegaan het nie: Aan elke rebel moet 'n goue horlosie met 'n ketting gegee word, en dié wat kan bewys dat hulle iemand beroof of doodgeskiet het, moet 'n geïllumineerde getuigskrif op die koop toe ontvang; ander rowers en moordenaars wat in tronke in Suid-Afrika verkeer, moet vrygestel en na verdienste beloon word; aan die slagoffers van die voor= genoemdes se misdade moet simpatie betuig word deur aan elk 'n kaart te stuur met die teks Vergewe en Vergeet daarop wat hulle bokant hul katel kan hang sodat hulle elke oggend daarna kan kyk.[65]

Die beledigendste brief was afkomstig van ene Mohohla, vermoedelik 'n Swartman, van Betsjoeaneland. Ook hy het enige toegeeflikheid verwerp en gepleit dat die rebelle die swaarste strawwe denkbaar moes kry. Na die rebelleleiers het hy verwys as "such low scum as Beyers, De Wet and Co." en vervolg: "De Wet is the lowest and most contemptible of the whole gang of filibusters, and I should like to see him get paid back in his own coin, by lashes from a sjambok. He differs from a kafir in one respect, as the native generally respects old age, and he does not."[66]

Ook hierdie brief is sonder kommentaar deur die redakteur geplaas, en in die lig van sy eie kwetsende uitlatinge waarmee al jare volhard is, moet aanvaar word dat hy die woorde onderskryf het. Die blad het, soos vroeër daarop gewys, die perke van fatsoenlikheid oorskry en moet onteenseglik gevoelens opgejaag het. Dat sy uitsprake en seggenswyse byval by duisende Natallers gevind het, blyk uit sy klimmende lesertal, soos deur homself verstrek, naamlik dat dit in 1914 'n totaal van 671 337 eksemplare meer was as in 1912; 831 716 meer as in 1911; 863 935 meer as in 1910 -- op 136 065 na 'n styging van een miljoen in vier jaar.[67]

Dit is hy wat die "Hollander Press" verdoem het om hul "Reptile Teachings" met hul verkondiging van 'n beleid van neutraliteit vir Suid-Afrika wanneer Brittanje hom in oorlog sou bevind; dit is hy wat hulle beskuldig het as die grondleggers van die Rebellie en hulle bestempel het as "fools and humbugs ... false enemies to the true interests of South Africa".[68]

---

65. Ibid., 18 Des. 1915, brief deur "Another Englishwoman", en voetskrif.
66. Ibid., 5 Jan. 1915, brief deur Mohohla.
67. Ibid., 9 Jan. 1915, voorblad.
68. Ibid., 21 Jan. 1915, hoofartikel.

Die ware belange van Suid-Afrika het tot groot hoogte gewentel om 'n gevoel van eensgesindheid onder sy mense, en hiertoe het die Witness in sy jarelange gekyf sedert uniewording weinig, indien enigiets, bygedra. Hy was hoegenaamd nie die enigste sondebok in 'n tyd toe koerante, minder subtiel as deesdae, kaalvuis baklei het nie. Aan die teenoorgestelde kant van die taalgrens is daar ook gesondig, maar in Natal het die Witness geen gelyke in gemeenheid ge= had nie. Voeg daarby die onsimpatieke beriggewing oor en kommentaar op die Afrikaner deur selfs die gematigde Natalse blaaie, dan eers kan die posisie van die Natalse Afrikaner na waarde geskat word. Die flou stemmetjie van De Afrikaner is oorskreeu, en die Vryheid Herald was reeds nekom gedraai, want sy eienaar-redakteur, Alexander von Levetzow, is in September 1914 in die krygs= gevangenekamp by Pietermaritzburg gestop waar hy op 16 Desember van die jaar aan 'n hartaanval beswyk het en saam met 25 van sy makkers begrawe is.[69]

Die oordonderende krag en anti-Afrikanergesindheid van die Engelse pers het 'n man soos E.G. Jansen enersyds byna tot vertwyfeling gedryf en andersyds gehelp om hom uit die Suid-Afrikaanse Party in die arms van die Nasionale Party te jaag.

Terwyl die venynige geskel in die naspel van die Rebellie om hom opgeklink het, het Jansen probeer vasstel waaruit alles dan ontwikkel het. Aan homself het hy erken dat die Rebellie nie uit 'n enkele oorsaak gespruit het nie, maar uit 'n sameloop van omstandighede: die nalewing van die smarte van die Anglo-Boere= oorlog, die Botha-Hertzog-twis, die verset teen die inval in Duitswes; maar, het hy besluit, die drie dinge tesame of afsonderlik sou nie tot gewapende ver= set gelei het as die omstandighede nie gunstig was nie -- as daar nie 'n gevoel van gekrenktheid, gepaard met misnoeë oor die gebrek aan die handhawing van hul regte, onder die Afrikaners bestaan het nie. Die tweërlei gevoel het, aldus Jansen, gespruit uit die houding van 'n sekere element onder die Engelse wat die byeenkom van die taalgroepe beduiwel het. "Het blote idee dat zy onder 'n regering van Afrikaners staan is hen bitter als gal geweest en is dit nog;" vandaar "de hatelikheid en onverdraagzaamheid" van 'n groot aantal van hulle, "en voornamelik van de engelse nieuwsbladen die gedurig met minachting gewag maakten van afrikaners hun taal en hun voormannen".[70]

---

69. Volgens stukke in eie besit en andere in die Nieuwe Republiekmuseum, Vryheid.
70. E.G. Jansenversameling, Lêer 62, konsepbrief, ongedateer, ononderteken en ongeadresseer, maar gewis E.G. Jansen -- genl. Smuts, omstreeks eind 1914, begin 1915; ibid., Lêer 274, stuk in E.G. Jansen se handskrif, 20 Des. 1914.

Deur briewe en artikels in koerante en private uitlatinge is die Afrikaner tot in sy siel gekrenk en het hy weerloos begin voel, asof hy geen regte meer had nie. Jansen het die geval aangehaal van 'n Afrikaner wat enkele weke lank 'n verantwoordelike posisie in Natal beklee het, by herhaling as "damned boer" en "german spy" toegesnou is en tydens sy kort verblyf in Natal 43 anonieme briewe vol venynige haat ontvang het omdat hy 'n Afrikaner was. Dit, het hy besluit, was 'n uiting van jingoïsme, aangevuur deur die pers; daarom moes daar met die eersvolgende Parlementsitting wat in Februarie 1915 sou begin, wetgewing aanvaar word "om te beletten dat de pers in de toekomst gebruikt zal worden om de bitterheid welke er nu weer opgewekt is te verergeren". Laasgenoemde was 'n beroep op genl. Smuts, by wie hy aanbeveel het dat sy voorgestelde wetgewing op die koerante van alle seksies van die bevolking van toepassing gemaak moes word.[71]

Dat Jansen veels te eensydig was in sy soeke na die oorsake van die Rebellie en, tesame daarmee, die rasseverbittering in die land, val nie te betwyfel nie. Aan Afrikanerkant het die onverbiddelike houding van Hertzog en sy geesgenote eweseer gevoelens oor die taalgrens opgewek. Waar Jansen egter gelyk gehad het, was ten opsigte van die posisie in Natal, want daar was die Afrikaners so ver in die minderheid dat as die Engelse werklik die begeerte daartoe gehad het, hulle minstens sou getrag het om 'n versoeningsbeleid binne hul provinsie toe te pas. Dit is egter slegs gedoen in soverre as wat die Afrikaners bereid was om boedel oor te gee, daarom is die politieke hand van vriendskap wat Jansen reeds in 1910 as sekretaris van Het Kongres aan hulle gereik het, summier weggeklap en was hulle so hardkoppig oor die taalkwessie.

Niks getuig in 'n groter mate van Natal se onwil tot samewerking met die Afrikaners nie as sy volgehoue weiering om sy onderwysbeleid in ooreenstemming met art. 137 van die Grondwet te bring. Weens die geringe aantal Afrikaners het taalgelykheid geen gevaar vir die Engelse van die provinsie ingehou nie; trouens, dit kon slegs tot 'n beter gesindheid gelei het. Desnieteenstaande het Natal, sedert die verwerping van die Ontwerp-wysigingsordonnansie op Onderwyswetgewing deur die Provinsiale Raad op 27 Maart 1912, volhard met sy beleid van taalongelykheid. Die Afrikaners, wie se vertoë om verandering op dowe ore geval het, het met reg begin wonder of art. 137 van die Grondwet net op papier bestaan het om hulle te paai.

Terwyl Afrikaners van Nkandhla, Zoeloeland, hulle teenoor die magistraat en sy klerke "met de Kaffer Taal moet behelpen om toch maar op een manier geholpen

---

71. Ibid.

te worden" en daar honderde skole in Natal was "waar Engels of Kaffertaal of Hindoestani" as voertaal gebruik is, is die Afrikaner se taal afgeskeep, want die Engelse het geglo dat hul oud-koloniale en ongedwonge taalbeleid die beste vrugte opgelewer het.[72] Dat die Afrikaners egter te na gekom is en onthuts daaroor gevoel het, ly geen twyfel nie en spreek uit hul pleidooie om ver= andering, waarmee hulle sou volhou totdat welslae behaal is, maar dit sou 'n moeisame proses wees.

Soos in 1910 het die kern van die twis vyf jaar later steeds gelê by die blote feit dat die strewe van Engelsman en Afrikaner nie te versoen was nie. Vir die een het dit om sy land gegaan, sy enigste; vir die ander om 'n wêreld= ryk buite en bo-oor sy eie goed. Die tweespalt het andermaal aan die lig gekom met Botha se gereed maak vir die inval in Duitswes. Terwyl die Natalse Engelse steeds hul goed en bloed feil gehad het vir Brittanje in sy doodstryd, het daar 'n gemor onder vele Natalse Afrikaners opgeklink. Dit was in hierdie stadium dat H.J. Bosman, LV vir Newcastle, sy reeds vermelde waarskuwing aan Botha gerig het dat hy "meer onlust vrees". Hy het hom gewaarsku dat as hy Afrikaners op= kommandeer om in Duitswes te gaan veg, "zal er moeilykheid komen", want hy het die indruk gekry dat "zeer velen" beslis sou weier om te gaan -- selfs van die= gene wat tevore troue ondersteuners van die Regering was. Hy het Botha ten sterkste afgeraai om dwang toe te pas, want "de geest onder onze menschen is soodanig dat men niet weet wat te verwachten".[73]

Botha het geantwoord dat die Rebellie die posisie geheel en al verander en 'n wysiging in die gebruikmaking van vrywilligers vir die Duitswesinval genood= saak het. Die gebied het naamlik 'n toevlugsoord vir rebelle uit Suid-Afrika geword, waar hulle van wapens en ammunisie voorsien is en die Unie bedreig het. Die Regering is daardeur verplig geword om duisende burgers op die grens te hou om 'n inval af te weer, en daarom is daar besluit om op te kommandeer.[74]

Die daad is by die woord gevoeg en op Vryheid het lt.-kol. J.J. Cheere Emmett begin om burgers tussen 17 en 45 jaar vir militêre diens op te kommandeer.

---

72. De Afrikaner, 23 Feb. 1914, brief deur "Een Afrikaner", 20 Julie 1915, berig uit De Bode van 15 Julie 1915; N.P.5, 1915, p.10; The Natal Mercury, 21 April 1915, hoofartikel. Sien ook De Afrikaner, 10 Junie 1914 en 21 Mei 1915, hoofartikels, 1 Junie 1915, brief deur J.F. Naudé, 2 Julie 1915, brief deur B.I. Vorster en hoofartikel, 3 Julie 1915, brief deur "Bestendig Lezer".
73. PM/OG, H.J. Bosman -- genl. Botha, 29 Des. 1914.
74. Ibid., genl. Botha -- H.J. Bosman, 5 Jan. 1915 (afskrif).

F.W. (Frik) van Reenen, een van die grootste yweraars van die Suid-Afrikaanse Party in Noord-Natal, het Emmett op 21 Januarie in sy kantoor en in die teenwoordigheid van sy offisiere meegedeel dat hy nie die gesag had om burgers op te kommandeer nie. Emmett, wat die bevele van die militêre hoofkwartier uitgevoer het, het hom verweer en Van Reenen kragtens krygswet van opruiende taal aangekla. Van Reenen het skuld beken, ter versagting aangevoer dat hy sy humeur verloor het en is gevonnis tot R100,00 boete of drie maande hardepad.[75]

Spoedig was Van Reenen een van die voorste yweraars van die Nasionale Party in Noord-Natal.

Intussen het die veldtog om vergelding vir die rebelle voortgeduur en was die Natalse Engelse bitter verontwaardig toe die N.G. Kerk hom ten gunste van 'n beleid van toegeeflikheid teenoor die rebelle uitspreek. Sodanige uitspraak is deur die Buitengewone Vergadering van die Raad der Ned. Ger. Kerken in Zuid-Afrika gelewer wat op 27 Januarie 1915 en daaropvolgende dae in Bloemfontein gehou is en later deur die Sinodale Kommissie bekragtig is.[76] Sowel die Witness as die Mercury het verbitterd hierop gereageer en dit betreur dat die kerk hom met die saak bemoei en in die proses, soos dit genoem is, 'n walglike poging aangewend het om die dade van die rebelle goed te praat. Selfs die Ladysmithse ringsressort van die Presbiteriaanse Kerk van Suid-Afrika, wat net na die uitbreek van die Rebellie 'n matige toon aangeslaan het, het in hierdie stadium 'n beroep op genl. Botha gedoen om die rebelleleiers so swaar te straf dat dit as afskrikmiddel sou dien vir 'n herhaling van soortgelyke wetteloosheid.[77]

Die indruk het al sterker onder die Natalse Engelse posgevat dat die rebelle nie na behore gestraf sou word nie. Dit het J.G. Maydon, wat as 'n ietwat wispelturige persoonlikheid voorkom, daartoe genoop om sy pen in gif te doop en 'n artikel vir die Witness te skryf, wat op sy beurt en op sy gebruiklike opswepende wyse sy volle steun daaraan toegesê het. Die artikel het verskyn op 26 Februarie, die dag waarop die Parlementsitting geopen is, en vir sowel Maydon as die redakteur van die blad het dit ten hemele geskrei dat dit 'n byeenkoms van volksleiers was "in which sedition-mongers and rebels-in-secret

---

75. De Afrikaner, 26 Jan. 1915, berig.
76. L.C. Holtzhausen, Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat en die Rebellie, pp. 9-20, 32-34.
77. The Natal Mercury, 1 Feb. 1915, hoofartikel; The Natal Witness, 3 Feb. 1915, hoofartikel; PM 51/19B/14, eerw. W. Turnbull -- Eerste Minister, 24 Feb. 1915, en bylae.

will impudently take their seats in the name of a Betrayed King and an outraged country", soos die redakteur Maydon se siening beaam het. Daar was in hul oë 'n verregaande soetsappige toegeeflikheid teenoor die rebelle wat nie geduld kon word nie. Daarom moes die Britte hul stem verhef en toesien dat elke verraaier 'n verraaiersvonnis kry en die Parlement gesuiwer word. "It should be raised in such manner that these skulking traitors who are known to every member and to the whole country shall be send slinking out of a British assemblage the very character of which is prostituted so long as they sit there."[78]

Hierdie aanslag was in hoofsaak daarop gemik om genl. Hertzog by te kom, "this political pest", soos die Witness hom genoem het, wat die wantroue, haat en agterdog van die Afrikaners teenoor die Engelse brandend gehou het; wat imperialisme veroordeel het; wat die veragtelike beleid van Suid-Afrikaanse neutraliteit verkondig het; wat met sy bekrompe rasseveldtog die grondslag vir die Rebellie gelê het -- in kort, 'n man vir wie daar g'n plek in 'n Britse parlement was nie.[79]

Die Witness en Maydon het egter nie in hul doel geslaag om 'n landwye reaksie los te ruk nie, want die artikel is tereg as so aanstootlik bevind dat die Sensor die plasing daarvan in ander koerante verbied het. Genl. Smuts het in die Volksraad, in antwoord op 'n vraag van P.A. Silburn, LV vir Durban-Punt, sy spyt uitgespreek dat die artikel hoegenaamd geskryf is, want dit het syns insiens meer kwaad as goed gedoen.[80] Dit was geheel en al in stryd met die gees van 'n beroep wat genl. Botha op die Parlementslede gedoen het, soos vervat in 'n brief wat hy uit Duitswes geskryf en wat genl. Smuts op die eerste dag van die sitting in die Parlement voorgelees het. Daarin het Botha hulle dringend versoek om hulle nie deur 'n gees van wraak of vergelding te laat meevoer wanneer hulle oor die lot van die rebelle beslis nie. Toegeeflikheid moes die wagwoord wees, veral ten opsigte van die rebellemassa.[81]

Dit kon die Witness glad nie sluk nie, want hy wou hê dat elke rebel 'n tyd lank ontkieser en boonop beboet moes word om te help betaal vir die koste van die onderdrukking van die opstand.[82]

---

78. The Natal Witness, 26 Feb. 1915, voorbladartikel deur J.G. Maydon, voorbladkommentaar en hoofartikel.
79. Ibid., 4 Maart 1915, hoofartikel.
80. Hansard, 1915, kol. 395-396, 16 Maart 1915.
81. The Natal Witness, 27 Feb. 1915, berig.
82. Ibid., 10 Maart 1915, hoofartikel.

Intussen het Maydon se artikel lewendige kommentaar in Natal ontlok en was die Witness verbitterd dat die plasing daarvan in ander koerante verbied is. Hy het die verbod veral onverstaanbaar gevind in die lig van die onbelemmerde openbaarmaking van die besluite van die Bloemfonteinse kerkvergadering wat, volgens hom, gewis aanstoot aan die Engelse en die lojale Afrikaners gegee het. Selfs Thomas Orr, LV vir Pietermaritzburg-Noord en 'n Botha man, het beswaar gemaak teen die verbod op die publikasie van Maydon se artikel, want, het hy aangevoer, openbare meningsuiting oor omstrede sake is die kieser se onvervreembare reg.[83]

Verskeie Natallers het dieselfde mening gehuldig as Maydon, o.a. J.W. Shepstone van Pietermaritzburg. Hy was 'n broer van sir Theophilus Shepstone en een van die oudste en mees gerespekteerde inwoners van Natal. Ook hy was nie ten gunste van begenadiging aan die rebelle nie, maar straf na verdienste.[84] Andere het egter nie met Maydon saamgestem nie. Dr. R.A. Buntine, wat in 1915 LV vir Pietermaritzburg-Suid sou word, het spottend verwys na "the rumbling, overgorged fumblings of Mr. Maydon's sentences ...",[85] terwyl R. Levisohn van Pietermaritzburg wou weet of Maydon en die redakteur van die Witness ook die doodstraf vir die deelnemers aan die Jamesonstrooptog sou voorgestaan het. Hierop het die redakteur geantwoord dat aangesien die deelnemers aan die Jamesonstrooptog nie burgers van die ZAR was nie, hulle nie as rebelle gebrandmerk kon word nie, derhalwe was dit onvanpas om hulle met die Vrystaatse en Transvaalse rebelle van 1914 te vergelyk. "However, if the latter are made to pay fines ranging from £25,000 to £2,000 per head, as the Reformers were, we shall be satisfied that they also have been made to pay for their wrongdoing, as the Reformers did."[86]

In aansluiting by hul koerante het ook die Natalse Parlementslede met krag gepraat in die uitgerekte parlementêre debat oor die wetsontwerp ter vrywaring van die regering en sy amptenare van vervolging weens hul optrede in die onderdrukking van die Rebellie.[87] Thomas Boydell, Bill Griffin, Henry Wiltshire, Charlie Henwood en Pat Silburn het daaraan deelgeneem en hul pyle veral op genl. Hertzog en H.E.S. Fremantle, LV vir Uitenhage, gerig. Laasgenoemde is

---

83. Ibid., 2 Maart 1915, voorblad; ibid., 11 Maart 1915, berig.
84. Ibid., 18 Maart 1915, brief deur John Shepstone. Sien ook ibid., 1, 2 en 3 Maart 1915, briewe deur W.T. Woods, "Fiat Justice", "Onlooker" en H. Shepstone.
85. Ibid., 1 Maart 1915, brief deur R.A. Buntine. Sien in dieselfde uitgawe 'n brief deur C.H.R. Norman.
86. Ibid., 6 Maart 1915, brief deur R. Levisohn en redakteur se voetskrif. Sien ook ibid., 9 Maart 1915, brief deur "Karkloof" en redakteur se voetskrif, 10 Maart 1915, hoofartikel.
87. Die Engelse betiteling van die wetsontwerp is The Indemnity and Special Tribunals Bill.

deur Silburn, LV vir Durban-Punt, bestempel as die mees veragtelike Engelsman wat hy ooit ontmoet het. Silburn het sy woorde, ná die tussenkoms van die Speaker, teruggetrek en toe verklaar dat hy net een vergelykbare wese vir Fremantle in die geskiedenis kon vind, naamlik Judas, dog dié was verstandig genoeg om homself op te hang.[88]

Hertzog is as die hoofaanstigter uitgewys en, is aangevoer, die bloed van diegene wat in die Rebellie gesterf het, het op sy hoof neergekom en op dié van sy parlementêre trawante, Fremantle en C.G. Fichardt, LV vir Ladybrand. Dit was hulle wat met hul verderflike en gevaarlike uitlatinge onrus geskep en die kiem van opstand geplant het. Hertzog was kwansuis 'n man wat in die donker vertrou kon word, soos genl. De Wet verklaar het, maar diegene wat hom vertrou en gevolg het, is oor 'n afgrond gelei. Die Rebellie het lank gesmeul voordat dit tot uitbarsting gekom het en dit was 'n doelbewuste opstand deur diegene wat munt wou slaan uit die gevaarlike toestand waarin Brittanje hom bevind het. Sowel Silburn as Bill Griffin, LV vir Pietermaritzburg-Suid, het daarop gewys dat hulle vroegtydig gewaarsku het dat daar geweld sou kom, maar hul advies is in die wind geslaan. Silburn het beweer dat hy reeds voor die Natalse referendum die waarskuwing laat hoor het dat die aanvaarding van die Suid-Afrikawet binne vyf jaar tot burgeroorlog sou lei. Sy voorspelling is bewaarheid omdat die Vrystaters nie wou ophou mor nie; tog het die Natallers groter rede tot opstand gehad vanweë die verwaarlosing van hul regte. Terwyl die Natallers hul egter beteuel het, het die Vrystaters handuit geruk. Die rebelleleiers het die doodstraf op hulself neergehaal, want toegeeflikheid sou slegs as swakheid beskou word.[89]

Genl. Botha is groot lof toegeswaai vir sy lojale optrede en Wiltshire het verklaar dat Botha waarskynlik die Britse Suid-Afrikaners van politieke uit=wissing gered het, daarom was hulle groot dank aan hom verskuldig.

In geheel gesien, het die Natallers egter nie so 'n indrukwekkende vertoning gelewer soos die Witness en Maydon graag sou wou hê nie. Hul stemme het nie uitgestyg bo die algemene koor van veroordeling nie. Boonop was daar Engelse

---

88. Hansard, 1915, kol. 460-461, 17 Maart 1915.
89. Ibid., kol. 355-357, 15 Maart 1915, toespraak deur Bill Griffin; ibid., kol. 436-437, 17 Maart 1915, toespraak deur Charlie Henwood; ibid., kol. 444-445, 17 Maart 1915, toespraak deur Henry Wiltshire; ibid., kol. 459-463, 17 Maart 1915, toespraak deur Pat Silburn.

wat algaande gerus geraak het dat die lojale Afrikaners hulle nie in die steek sou laat nie, of soos die Advertiser dit gestel het: Die Britte moet die vergelding van die rebelle aan die Afrikaners oorlaat, want "It is a Dutch family quarrel, after all ... "[90] Dit spreek ook uit 'n eenparige mosie van dank wat die Natalse Provinsiale Raad in genl. Botha aanvaar het vir die dienste wat hy aan die "Empire" sedert die uitbreek van die oorlog gelewer het. Die indiener van die mosie, die heer Kirkman, het aan die hand gedoen dat die Rebellie vergeet moes word as 'n bladsy behorend tot die geskiedenis en dat nuwe bladsye omgeblaai moes word in die geskiedenis van 'n werklik verenigde volk.[91]

Die Witness en sy geesgenote was egter nie van spoor te bring nie. Vir hierdie blad was die vonnis wat genl. De Wet opgelê is, veel ligter as wat hy verdien het en het hy te kenne gegee dat De Wet, behorend tot "the brood of snakes and vipers", die doodstraf moes gekry het. Hy het dit veral onoordeelkundig beskou dat De Wet ook 'n boete gekry het, want dit het die Vrystaters die geleentheid gebied om vrye uiting aan hul rebelsgesindheid te gee deur geld by te dra ter delging van die boete.[92]

Hierin het hy dit nie mis gehad nie, want dat die veldtog ter delging van rebelle= boetes en regseise om skadevergoeding teen die rebelle, tot 'n opborreling van Afrikanernasionalisme gelei het, is gewis. Die Helpmekaarbeweging wat hier= uit sou spruit, het 'n baken geword in die nasionale opkoms van die Afrikaner, en die Natallers het hieraan deel gehad. Reeds op 23 Maart het De Afrikaner die gevoel van vele Natalse Afrikaners opgesom deur daarop te wys dat, soos uit die Witness se aandrang geblyk het, die veldtog teen die rebelle daarop gemik was om hulle totaal te rinneweer, en vervolg: "Maar die dage van koning-kraai sal nie eeuwig duur nie."[93]

Op 11 Mei het die volgende brief deur 'n anonieme skrywer onder die opskrif "Help Mekaar" in De Afrikaner verskyn:

> "Meneer -- Ek sien so baing in die krante van die Helpmekaar vereniginge in die Vrijstaat en Transvaal, en nou kom die gedagte bij mij op:
>
> "Sal dit nie goed wees als ons Afrikaners van Natal ook so iets oprig nie?
>
> "Was ons daar dan was ons misskien in dieselfde posisie. Dis maar goed dat ons Hemelse Vader dit so gemaak het dat die een nie die ander sijn hart ken nie, anders was ons misskien almal in Kimberley. Roer bietjie aan die saak. Ek is daar seker van ons Natallers sal almal bijdra om ons broers en susters te help, wat van dag in die moeilikheid is."[94]

---

90. The Natal Advertiser, 18 Maart 1915, hoofartikel.
91. Ibid., 26 Maart 1915, berig.
92. The Natal Witness, 24 Junie 1915, hoofartikel.
93. De Afrikaner, 23 Maart 1915, hoofartikel.
94. Ibid., 11 Mei 1915, brief deur "Mede Afrikaner".

Hierdie en soortgelyke oproepe het nie op dowe ore geval nie, want die Natalse Afrikaners is diep deur die lot van die rebelle en hul naasbestaandes aangegryp, soos nog aangetoon sal word.

Die rebelle wat reeds verhoor was, is swaar gestraf, en ewe swaar strawwe sou volg, plus siviele eise -- vandaar die wekroep om hulp. Dat bostaande brief op 11 Mei gepubliseer is, was blote toeval; dit verkry egter dieper betekenis in die lig van die Engelse se veldtog van wraak en verwoesting teen die plaaslike Duitsers waarmee die volgende dag begin is. Wat sou die reaksie daarop wees? Sou die oortreders ook swaar gestraf word? Sou die slagoffers vergoed word?

4. Die Brandrebellie van 1915

Brittanje se oorlog teen Duitsland het vanselfsprekend gestremde gevoelens tussen die Suid-Afrikaanse Engelse en die plaaslike Duitsers veroorsaak. Laasgenoemdes is van allerlei bedekte bedrywighede verdink en beskuldig en sou op die ou end aan onbeteuelde haat en vernielsug uitgelewer word.

Soos in die vorige hoofstuk aangetoon, is die betroubaarheid van die "uitlander" Karl Gundelfinger teenoor Brits-Suid-Afrika reeds voor die uitbreek van die oorlog in twyfel getrek. Gundelfinger, 'n genaturaliseerde Duitser, het uitgebreide sakebelange in Durban en aan die Rand gehad en bedenkinge is geopper of hy, ingeval van oorlog tussen Brittanje en Duitsland, vertrou sou kon word. Nadat die oorlog etlike maande aan die gang was, het Morris Kentridge, LV vir Durban-Sentraal, stellinge in die Parlement gemaak oor saketransaksies met die Regering waaruit die firma Karl Gundelfinger onregmatige wins sou gemaak het.[95]

Op die juistheid van die beweringe hoef nie ingegaan te word nie, want Gundelfinger sou sekerlik nie die enigste Britse onderdaan gewees het wat geldelike voordeel uit die oorlog probeer haal het nie. Sy sonde was dat hy Duitse voorsate had, en om dieselfde rede is die vinger na andere gewys.

Die openbare gevoel teen die Duitsers is veral opgejaag deur die bedrywighede van twee Randse organisasies, The British Patriotic Traders' and Consumers' Alliance of South Africa, wat eind 1914 gestig is, en The Petitioners Committee, wat begin 1915 daaruit ontstaan het. Eersgenoemde het met 'n handelsboikot teen Duitse sakeondernemings begin en laasgenoemde het hom daarop toegespits om by wyse van openbare protes op die internering van vyandsonderdane aan te dring en hom teen enige vorm van handel met hulle uit te spreek. Die bedrywighede van hierdie liggame, tesame met 'n perskampanje ter internering van vyandsonderdane, het die

---

95. Hansard, 1915, kol. 939-941, 6 April 1915. Sien ook S.C. 7 -'16. Union of South Africa. Report of the Select Committee on Incendiarism, May, 1916, p.170, para 1598-1600.

On the Vaal—The Tragedy of a Traitor.

TWEE REBELLIES — 'N TEEN-STELLING

gemoedere van duisende tot duskant kookpunt gebring.[96]

Die argwaan jeens die Duitsers en hul bondgenote was nie van alle grond ontbloot nie. Reeds op 1 Augustus is die gedeeltelike mobilisasie van alle Oostenryks-Hongaarse burgers deur R.B. Calder, waarnemende konsul van Oostenryk-Hongarye in Durban, by wyse van 'n openbare kennisgewing aangekondig.[97] Wat die genaturaliseerde Duitsers betref, was daar 'n Duitse wet wat hulle toegelaat het om by naturalisasie 'n beëdigde verklaring by hul konsul af te lê waarkragtens hulle Duitse onderdane gebly het, het genl. Smuts in die Parlement verklaar en bygevoeg: "Germany recognised naturalisation as a bluff for political and military purposes."[98]

In watter mate die Duitsers, genaturaliseer of nie, vanuit die Suid-Afrikaanse bodem gepoog het om Duitsland in sy oorlog te steun, is nie bekend nie en sal kwalik bepaal kan word. Of hulle dit gedoen het of nie, het weinig verskil gemaak, want die haat was teen alle Duitsers of vermeende Duitsers gerig. Selfs die Duitsers, en hul naasbestaandes, wat aan die onderdrukking van die Rebellie en die inval in Duitswes deelgeneem het, het nie vrygespring nie.

Die anti-Duitse gevoelens het ook invloedryke mense meegevoer. Reeds op 1 September 1914 het die hoog gerespekteerde adv. F.S. Tatham van Pietermaritzburg per brief teenoor genl. Botha gekla dat die Duitsers nie na behore dopgehou word nie. Hy het beweer dat Duitse sendelinge in die distrik Umvoti en elders hul Swart gekerstendes openlik aanmoedig om te bid dat Duitsland die oorlog wen, want dan sou Suid-Afrika geannekseer en die Swartes beter behandel word as deur die Boere. Tatham het Botha gevra om 'n regeringsamptenaar onder die Duitse sendelinge te plaas tot na die oorlog, so nie om hulle van die sendingstasies af te verwyder. Hy het ook gekla oor die anti-Engelse gesindheid van die magistraat van New Hanover en beweer dat die gevoel teen hom so sterk geword het dat daar 'n paar dae tevore 'n anti-Duitse betoging teen hom was.[99]

Genl. Botha het in antwoord hierop verklaar dat die saak teen die plaaslike Duitsers oordryf word en het die gevoel van wantroue en vyandigheid jeens hulle betreur, want, het hy verklaar, simpatie en vriendskap word nie op so 'n manier gewin nie.[100] Botha het daarna in die Volksraad die lojaliteit van die Duitsers

---

96. S.C.7 -'16. Report of the Select Committee on Incendiarism, pp. vi-vii, para. 4-13.
97. The Natal Advertiser, 1 Aug. 1914, R.B. Calder se mobilisasiekennisgewing.
98. Hansard, 1915, kol. 223-226, 9 Maart 1915.
99. PM 51/37/14, F.S. Tatham -- genl. Botha, 1 Sept. 1914.
100. Ibid., Priv. Sekr. Premier -- F.S. Tatham, 4 Sept. 1914 (afskrif).

geloof en sy dank uitgespreek dat die Minister van Verdediging, genl. Smuts, sekere Natalse Duitsers meegedeel het dat hul militêre dienste nie vir die inval in Duitswes benodig sou word nie. Dit was 'n korrekte optrede, aldus Botha, want dit sou onbillik gewees het om broer teen broer en vader teen seun te laat veg.[101]

Dit het nie 'n kalmerende uitwerking gehad nie. Daar was, volgens genl. Smuts, 'n natuurlike en onvermydelike openbare gevoel jeens die Duitsers wat uitdrukking gevind het in 'n veldtog teen Duitse sakeondernemings in die land. Hierdie uitspraak van Smuts, soos vervat in 'n brief wat die Sekretaris van Verdediging, H.R.M. Bourne, in opdrag van hom aan ene J.E. Rosenthal geskryf het, toon ook dat Smuts nie Botha se vertroue in die Duitsers gedeel het nie. Hy het Bourne naamlik opdrag gegee om sy diepe spyt uit te spreek oor die feit dat Duitsers besig was om op onderduimse wyse ontevredenheid onder Britse onderdane in die land te versprei. Solank dit voortduur, het hy verklaar, sou daar voortgegaan word om Duitsers as krygsgevangenes te interneer.[102]

Die rede vir die veldtog ter internering van vyandsonderdane spreek uit die volgende vraag van 'n briefskrywer aan 'n koerant: Waarom moet die Duitsers toegelaat word om handel te dryf terwyl hul onbeskaafde land in oorlog met beskaafde volkere verkeer?[103] Duitsers is vroeg reeds dwarsdeur die land geïnterneer. Op Sondag, 25 Oktober, het 'n groep van 2 000 per trein in Pietermaritzburg aangekom waar hulle in die interneringskamp opgesluit is en waar mev. M.M. Jansen met andere haar sou beywer om hul lot te verlig.[104] Dit was aanvanklik een van die hoofkampe, het genl. Smuts in Maart 1915 in die Volksraad verklaar. Die meeste van die krygsgevangenes is egter later na die ou Robertshoogte gestuur, waar hulle nie onder staatstoesig aangehou is nie, maar waar die staat hulle steeds van voedsel voorsien het. Diegene uit Duitswes is selfs toegelaat om in die Unie te werk, indien hulle werk kon vind, of om deur vriende versorg te word. Die totaal by Robertshoogte, insluitend dié uit Duitswes, het in daardie stadium 3 039 beloop.[105]

Dit was hierdie ligtelike behandeling van die Duitse geïnterneerdes en die feit dat vele op vrye voete verkeer het, wat die gramskap van die Engelse help opjaag

---

101. Prellerversameling, Band 92, knipsel uit The Pretoria News, 10 Sept. 1914.
102. PM 149/5/14, H.R.M. Bourne -- Sekr. Premier, 28 Sept. 1914, en bylae, H.R.M. Bourne -- J.E. Rosenthal, 26 Sept. 1914 (afskrif).
103. The Zululand Times, 25 Sept. 1914, brief deur E.G. Taylor.
104. The Natal Witness, 26 Okt. 1914, voorblad; De Afrikaner, 8 Junie 1915, ds. G.M. Pellissier se oproep om hulp aan krygsgevangenes; M.M. Jansenversameling, Lêer 1, mev. C.R. Louw -- mev. Jansen, 8 Okt. 1915; Bandonderhoud met mev. M.M. Jansen, 26 Maart 1975.
105. Hansard, 1915, kol. 223-226, 9 Maart 1915.

het. Hoewel hul gevoel in hoofsaak uit haat gespruit het en wangerig was, was daar ook rede vir hul agterdog. Dat menige van die plaaslike Duitsers meegevoel met hul oorlogvoerende taalgenote oorsee sou hê, spreek vanself, hoewel dit nie noodwendig beteken dat hulle almal teen die Britse oorlogpoging gewerk het nie.

Die gesindheid van die Duitsers is raak weergegee deur F.G. Katzenstein van Vryheid na wie vroeër herhaaldelik verwys is as 'n troue ondersteuner van genl. Botha en die Suid-Afrikaanse Party. Op 12 Oktober 1914 het hy aan Botha geskryf dat al die Duitsers van Vryheid, Luneburg en Glencoe, Maritz se verraad afkeur. "Hoe zeer onze sympathien ook met Duitsland zijn, en bloed is dikker dan water ... ", kon Botha op hulle reken. "Ik wil altyd uw ondersteuner blijven, doch ook niets doen hetwelk tegen Duitsland kan zijn. Ik geloof dat ek ook hierin alle gevoelen des Duitsers uitspreek."[106]

Daarbenewens het vele Afrikaners met Duitsland gesimpatiseer, soos bewys deur die Rebellie en die Nasionale Party-woordvoerders se uitlatinge en gesindhede oor die inval in Duitswes. E.G. Jansen, in daardie stadium nog sekretaris van die Suid-Afrikaanse Party in Natal, het op 12 September 1914 die volgende op skrif gestel, blykbaar in 'n persoonlike ontboeseming aan homself, wat hy dikwels gedoen het: "Arme duitsers! Uitgeput, verhongerd, moedeloos, en gedemoraliseer word hulle nou sos (sic) skape verjaag deur die dappere bondgenote!" En verderaan in dieselfde stuk: "Arme duitsers! Arme Duitsland! Die vyande beset jullie van alle kante en ons weet nie hoe jul ooit daaruit sal kom nie. Jul veg met heldemoed en niettegenstaande wat vir leuns (sic) daar van jullie vertel word sal die geskiedenis vertel van jul heldedade."[107]

Dit was die uitgesproke en kwalik bedekte pro-Duitse meegevoel van die plaaslike Duitsers en sekere Afrikaners wat die Engelse se vanselfsprekende afkeer vererger het. Daar was 'n hoor-hoor in die Volksraad toe C.G. Fichardt, LV vir Ladybrand, op 1 April verklaar het: "At the present time, apparently, it was the duty of every patriotic Englishman to hit a German on the head whenever he saw one."[108]

Hierdie hatige gesindheid van die Engelse het egter ook 'n ander dimensie gehad: 'n uiting van hul opgekropte gevoelens jeens die ekstremistiese Afrikaners, wat vererger is deur die Rebellie. Die Afrikaners kon nie bygekom word nie omdat daar nie 'n sterk genoeg verskoning was nie; die Duitsers wel. Daarom moet

---

106. PM 51/56/14, F.G. Katzenstein -- genl. Botha, 12 Okt. 1914.
107. E.G. Jansenversameling, Lêer 62, onondertekende stuk in E.G. Jansen se handskrif, 12 Sept. 1914.
108. Hansard, 1915, kol. 848, 1 April 1915.

die veldtog van vergelding teen die Duitsers wat so skielik ontplof het, ook as 'n uiting van wraak teen die Afrikaners gesien word.

Die wraakgevoelens het ontplof net ná die keldering van die Britse passasierskip die Lusitania op 7 Mei 1915 deur 'n Duitse U-boot teenoor die Old Head van Kinsale aan die suidkus van Ierland. Hierdie spogskip van die Cunard-redery, die grootste en vinnigste vaartuig ter wêreld, was van New York af onderweg na Liverpool toe die U-boot se torpedo dit tref en die reusevaartuig binne 18 minute onder die water verdwyn met 'n lewensverlies van 1 198 mans, vroue en kinders, meesal burgerlikes.[109]

Die skokkende tyding van die drama het 'n siddering van afgryse dwarsdeur die Engelssprekende wêreld laat tril. Die eerste nuus daarvan is op Saterdag, 8 Mei, in Suid-Afrika gepubliseer. Aan die Rand het die Rand Daily Mail en in Natal die Mercury en Times of Natal dit bekend gemaak. Die Sondagkoerante, die Sunday Post en Sunday Times het die volgende dag meer besonderhede verstrek onder opskrifte soos "Murdered by Huns" en "Hun's Foul Crime that Shocked the World". Van die Maandag af het die volledige verhaal hom in Suid-Afrikaanse koerante ontvou en is daar dadelik gesinspeel op vergelding ná hierdie "Foulest of Foul Crimes".[110] Die Natalse regeringsmondstuk het gevra of dit nie tyd geword het dat die sowat 3 000 Duitsers van Natal hul stem verhef teen die wandaad wat die laaste afskuwelike klad op die naam van Duitsland gewerp het nie. Twee dae later het hy hulle gewaarsku: "Natal Germans! Choose Ye This Day!"[111]

Terwyl die gemoedere van die plaaslike Engelse reeds tot breekpunt gespan was, het die vergeldingsdrang in Engeland op 11 Mei handuit geruk en het verwoede skares op Duitse en vermeende Duitse eiendomme in Liverpool en Birkenhead toegesak en dit verwoes. Die nuus hiervan is die volgende dag deur Suid-Afrikaanse koerante bekend gemaak. In Johannesburg het die Rand Daily Mail met die plakkaatopskrif "German Shops Sacked" uiting gegee aan sy blydskap oor die Britse veldtog van vergelding en in 'n addisionele berig oor die "Anti-Hun Feeling on Rand" verwagtinge gewek van soortgelyke optrede teen die plaaslike Duitsers[112] -- terwyl krygswet wat afgekondig is om die rebelle vas te vat, nog bestaan het.

---

109. B. Turner, "Lusitania", History of the 20th Century, No. 19, pp. 521-523.
110. The Rand Daily Mail, 8 Mei 1915, berig; The Times of Natal, 8 Mei 1915, voorblad; The Sunday Post, 9 Mei 1915, voorblad; The Sunday Times, 9 Mei 1915, berig; The Natal Advertiser, 10 Mei 1915, voorblad.
111. The Times of Natal, 10 en 12 Mei 1915, hoofartikels.
112. The Rand Daily Mail, 12 Mei 1915, berigte.

Dit was geen ydele verwagting nie, want dieselfde middag het 'n aangroeiende skare deur die strate van die stad opgeruk onder die luidrugtige sing van "Tipperary" en "We'll Hang Kaiser Bill on a Sour Apple Tree". Hulle het met 'n stelselmatige veldtog van brandstigting, verwoesting en plundering van Duitse en vermeende Duitse eiendom begin, wyl die polisie en brandweer feitlik magteloos gestaan het. Rook het oor die stad gehang namate die een sakeonderneming na die ander aan die brand gesteek is. Van die agtermiddag tot halfdrie die volgende oggend het die brandweer 23 brandoproepe ontvang. Die verwoesting, wat na ander Randse dorpe en Pretoria versprei het, is die volgende aand voortgesit en in die proses is derduisende rande se skade aangerig. Volgens 'n gedeeltelike lys wat deur die Star gepubliseer is, is 55 sakeondernemings die middag en aand van 12 Mei in Johannesburg verwoes en 15 in Pretoria.[113]

Dit ly geen twyfel nie dat hierdie uitbarsting deur die Rand Daily Mail aangestig is. Die Minister van Justisie, N.J. de Wet, het agterna voor die Gekose Komitee na Brandstigting verklaar: "The immediate cause of that outbreak I have no doubt was the fact that on the previous day riots had taken place in Liverpool and Birkenhead in England, and on the Wednesday morning one of the Johannesburg papers (I believe the Rand Daily Mail) appeared with a contents bill on which they had in big letters, 'German shops sacked'; I saw that bill myself the following day, and have no doubt in my own mind that that was the immediate cause of the outbreak on the Wednesday." Die Gekose Komitee was dieselfde mening toegedaan.[114]

Die gebeure aan die Rand het as voorbeeld gedien vir al die groot sentrums in die land. Soortgelyke tonele het hulle in die daaropvolgende dae in Kimberley, Bloemfontein, Kaapstad, Port Elizabeth, Oos-London, Pietermaritzburg, Durban en op klein plattelandse plekke afgespeel, en in alle gevalle het die Engelse pers 'n aanstigtende aandeel in die verwoestingswerk gehad. In Natal het die koerante, voor die ontbranding van geweld, geëis dat die plaaslike Duitsers hulle teen Duitse wandade soos die keldering van die Lusitania moes uitspreek. Daar is nie van hulle verwag om oornag van hul Duitse gesindheid ontslae te raak nie, het die Times of Natal verklaar, want waar bloed nie kan loop nie, kruip dit. "But we do give heed to the words -- TO THE SILENCE -- of responsible men ... In the name of Childhood and of Womanhood, if in no other, let the Natal Germans, whom

---

113. W.D. Coetzee, The Anti-German Campaign of May 1915 on the Witwatersrand Consequent upon the Sinking of the Lusitania, Appendix I, II, III. Sien ook Special Supplement The Illustrated Star, 15 Mei 1915, waarin die verwoesting in Johannesburg in 'n reeks van 28 foto's uitgebeeld word.
114. S.C.7 -'16. Report of the Select Committee on Incendiarism, p. viii, para. 17, p. 3, para. 2.

Britain's flag has befriended, break the silence! Let them show that they are on the side of the protectors of Humanity, and not the hounds of Hell!"[115]

Gelyktydig met die bekendmaking van die Randse verwoestingswerk het Natalse koerante protesbyeenkomste in Pietermaritzburg en Durban in die vooruitsig gestel. Selfs uit Ladysmith is berig dat die Britse "Empire" te klein vir sekere Duitse onderdane van Sy Majesteit geword het. 'n Berig uit Londen dat die Britse regering besluit het om alle volwasse manlike vreemdelinge van militêre ouderdom te interneer en alle andere, behalwe in besondere gevalle, te repatrieer, kon nie anders as in die smaak van die Natallers val nie. In 'n gelyktydige berig uit Kaapstad het die Suid-Afrikaanse Regering die verwoestingswerk aan die Rand, in Pretoria en Kaapstad betreur en 'n beroep op alle landsburgers gedoen om hulle van geweld te weerhou.[116]

Laasgenoemde het geen kalmerende uitwerking gehad nie, want op 13 Mei, Hemelvaart, het Pietermaritzburg 'n nag van geweldpleging beleef en was Durban aan die brand.

In Pietermaritzburg is daar van nâ die keldering van die Lusitania dreigemente teen die Duitsers gerig en gemoedere het al sterker vlam gevat totdat daar die oggend van 13 Mei vryelik gepraat is van die vergelding waarmee daardie aand begin sou word. Selfs reën die aand kon die gemoedere nie demp nie. Omstreeks sewe-uur het 'n skare van sowat 500, vermoedelik onder aanhitsing van plaaslike spoorwerkers, by die bo-ent van die stad naby die stasie vergader, "armed with a time-expired cavalry bugle, huge Union-Jacks and a drum". Onder die sing van "Rule Britannia", "Tipperary" en "As We Go Marching On" is daar na die middestad opgeruk en het die vernieling begin. Die skare het aangegroei tot omtrent 1 200, onder wie die meeste entoesiastiese toeskouers was.[117]

Mev. M.M. Jansen herinner haar die rumoer en verwoesting van die nag. J.L. Baumann se bakkery in Boshoffstraat, waar sy gereeld haar brood gekoop het, was een van dié wat in die slag gebly het. Brode en hope deeg het die volgende oggend nog op straat gelê. 'n Duitse juwelier in Kerkstraat se diamantringe

---

115. The Times of Natal, 12 Mei 1915, hoofartikel. Sien ook The Natal Advertiser, 13 Mei 1915, hoofartikel.
116. The Times of Natal, 13 Mei 1915, berigte, brief deur "Citizen"; ibid., 14 Mei 1915, berigte; The Natal Advertiser, 13 Mei 1915, voorblad en hoofartikel; The Zululand Times, 14 Mei 1915, hoofartikel.
117. S.C. 7 -'16. Report of the Select Committee on Incendiarism, p. xv, para. 46, p. 314, para. 2734-2739; The Times of Natal, 14 Mei 1915, berig; The Natal Witness, 14 Mei 1915, berig.

en juweliersware is op straat uitgesmyt of geroof.[118] 'n Voorlopige raming het die skade op R20 000 gestel en 'n beroep is deur die burgemeester, P.H. Taylor, en die adjunk-kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie, R.S. Godley, op die inwoners gedoen om hulle stil te gedra en nie tot verdere geweldpleging oor te gaan nie.[119]

Ook Durban het 'n nag van onbeteuelde wraakuiting en vergelding beleef wat die stad in vlamme gehul en menige onskuldige persoon of instansie duisende rande se skade berokken het. 'n Koerantman, een van vele, het die vernieling uitgebeeld asof dit 'n groot beplande skouspel was van die uitvoering waarvan hy vooraf kennis gedra het. Die berig getuig eerder van 'n gevoel van behaaglikheid as van ontsteltenis oor die gruwel daarvan. Onder die vierkolomopskrif "Durban in Flames" skryf hy: "Memorable scenes were witnessed in Durban last night ... The scenes in the streets were without precedent. The most perfect organisation was apparent by the way the several bodies of wreckers marched to the various stores and places of business allotted them, and the variety of weapons carried, and the method adopted of burning the contents of the condemned stores ... "[120] 'n Kollega van 'n ander koerant het opgemerk dat dit gelyk het asof die vernieling geskied het ooreenkomstig die program van een of ander junta van wie se bestaan die man op straat totaal onbewus was.[121]

Die polisie, bygestaan deur Britse seesoldate, was magteloos. Die hoofkonstabel van die stad[122] het in die loop van die dag verskeie gerugte gehoor van wat voorgelê het en die nodige teenmaatreëls probeer tref. Hy het samesprekinge met die burgemeester, hoofmagistraat, Percy Binns, en die bevelvoerder van 'n besoekende Britse hulpkruiser, Kinfauns Castle, gevoer. Laasgenoemde het onderneem om 'n landingsgroep van 50 seesoldate en pikbroeke vry te stel om die siviele mag by te staan, die distrikskommandant van die S.A. Polisie het sy beskikbare manne verskaf, die waterpolisie inkluis, en daar is besluit om die mag te verdeel na gelang van omstandighede. Op pad van die Kinfauns Castle af het die hoofmagistraat en later Thomas Boydell vergeefs probeer om die eerste oprukkende skare

---

118. Bandonderhoud met mev. M.M. Jansen, 26 Maart 1975.
119. The Times of Natal, 14 Mei 1915, berigte; The Natal Witness, 14 Mei 1915, berigte. Vir 'n samevattende verslag sien S.C. 7 -'16. Report of the Select Committee on Incendiarism.
120. The Natal Advertiser, 14 Mei 1915, voorblad.
121. The Natal Mercury, 14 Mei 1915, berig.
122. Durban en Pietermaritzburg het toe, en baie jare daarna, nog hul eie stadspolisie gehad onafhanklik van die Suid-Afrikaanse Polisie.

naby die Randhotel tot ander insigte be bring. Die magistraat, die hoofkonstabel en distrikskommandant het feitlik elke opeenvolgende sentrum van geweldpleging besoek om die skares te probeer beteuel, maar sonder welslae. Die hoofmagistraat en 'n polisie-offisier met 'n groot deel van die beskikbare polisie- en soldatemag was voor die muiters op die reusedrankperseel van Karl Gundelfinger, maar is eenvoudig weggevee. "They came on like a tidal wave," het hoofmagistraat Percy Binns later voor die Gekose Komitee getuig. Binne enkele minute was die plek in ligte laaie.[123]

Die Alexandrahotel, wat oor die baai gekyk het, was die eerste wat afgebrand is. J.L. Baumann se bakkery (tans Bakers Bpk.) was onder die eerstes, asook die Sea Breezehotel op die strandfront, waar vroue en kinders histeries in die reën rondgehardloop en in groepies skuiling probeer vind het. In Puntweg is die verwoesting onder sang- en orkesbegeleiding voortgesit. Rolfes, Nebel en Kie. se dranksaak is bestorm, verniel en afgebrand. Drankbottels het in die vlamme gebars en die geur van whisky het omhoog gestyg; dog die vernieling was gering in vergelyking met dié by Gundelfinger se dranksaak, waarna reeds verwys is. Rolfes, Nebel & Kie. se kantoorkompleks is ook afgebrand en die aangrensende Sint Cipruskerk is ter nouer nood deur die brandweer gered. Samson Loewenthal se koekwinkel en Jean Joisten se barbierwinkel is verwoes, Heubner se drankwinkel is geplunder en die res op straat verbrand.[124]

In Bereaweg is die woonhuis, kabinetmakery, vertoonlokaal, voorraad en huisraad van A. Korte -- alles wat hy, sy vrou en seun besit en in 21 jaar in die land opgebou het -- in 'n oogwink deur vlamme verteer. Die vernielers het gedreig om die eienaar dood te skiet, maar hy het oor die agterheining ontsnap. Die brand is deur die wind na aangrensende wonings versprei en die inwoners moes vlug. In Aliwalstraat by die Centralmotorhawe is motors onder aanmoediging van 'n vrou uitgestoot en aan die brand gesteek. By Liebermann & Belstedt se kantore is boeke, dokumente en meubels op straat uitgedra en verbrand.[125] Die wolskuur van die firma Wm. H. Muller & Kie. van Den Haag, wie se plaaslike bestuurder, G.F. Brandt, die Nederlandse konsul in Durban was, het met sy volle voorraad van 2 000 bale wol, asook die rekords van die Nederlandse konsullaat, in rook en as opgegaan.[126]

---

123. S.C. 7 -'16. Report of the Select Committee on Incendiarism, pp. 164-173, para. 1579-1607. Sien ook The Natal Mercury, 14 Mei 1915, hoofartikel.
124. The Natal Mercury, 14 Mei 1915, berig.
125. PM 51/60/15, mev. A. Korte -- genl. Botha, 30 Julie 1915; The Natal Mercury, 14 Mei 1915, berig.
126. PM 51/60/15, Francis Willey & Co. -- Ondermin. van Kolonies, 6 Okt.1915 (afskrif); The Natal Advertiser, 14 Mei 1915, advertensie deur G.F. Brandt; The Natal Mercury, 14 Mei 1915, berig.

Te midde van die verwoesting, brandstigting en plundering het seesoldate en pikbroeke van die Kinfauns Castle met gewere die polisie bygestaan met patrollie=werk, maar nie daarin geslaag om die vernieling te verhoed of die vernielsug van die skare te demp nie. Een van die verwoesters was 'n polisiekonstabel, Philip Michael Artz, wat, toe hy gearresteer is weens die breek van 'n venster, 'n be=roep op die skare gedoen het om hom te bevry. Hy het later 'n vonnis van R20 of drie maande tronkstraf gekry.[127]

Teen tienuur die aand was die skare uitgeput. Die verwoestingswerk wat, soos 'n koerant dit gestel het, gedreig het "to degenerate into hooligan rioting", was agter die rug, maar eers het die skare voor koningin Victoria se standbeeld op die stadsplein vergader waar hulle na die sing van "Rule Britannia" en "God Save the King" uiteen is.[128]

Agter en om hulle het Durban gebrand, met ligtende vlammekolle in die nag en rookwolke oor die stad.

Die volgende oggend het die inwoners, by monde van die Mercury en hoofmagistraat Percy Binns, ontwaak met 'n gevoel van jammerte en skaamte omdat die woede-uiting wangerig was; omdat waardevolle voedselvoorraad in 'n krisistyd verwoes is; om=dat talle Engelse werkloos geraak het weens die verwoesting van die sakeonder=nemings waar hulle in diens was; en omdat andere aan die oorlogsfront, wie se poste vir hulle oopgehou is, se broodwinning hulle ontneem is.[129]

Daar was ook ander redes vir jammerte en skaamte, maar openbaringe daarvan het opvallend ontbreek. Inteendeel, 'n groot deel van die inwoners was nog met soveel woede vervul dat magistraat Binns dit nodig geag het om alle openbare by=eenkomste binne vier myl van die stadsaal af van 2.30 nm. op 14 Mei 48 uur lank te verbied. Daardie oggend is daar egter eers 'n spesiale vergadering van die stadsraad gehou, gevolg deur 'n monstervergadering van inwoners om 12.30 in die stadstuin rondom koningin Victoria se standbeeld. Daar het Binns en onder=burgemeester J.H. Nicolson die aanwesiges gevra om 'n herhaling van die teuel=lose verwoesting van die vorige aand te vermy, maar die skare was nie baie in=skiklik nie. Volgens Binns was die byeenkoms steeds gekenmerk deur "a very ugly feeling ... -- very ugly indeed. At times there was a sort of angry growl

---

127. The Natal Mercury, 14 Mei 1915, berig; The Times of Natal, 7 Junie 1915, berig.
128. The Natal Mercury, 14 Mei 1915, berig; The Natal Advertiser, 18 Mei 1915, hoofartikel.
129. The Natal Mercury, 15 Mei 1914, hoofartikel; S.C. 7 -'16. Report of the Select Committee on Incendiarism, p. 175, para. 1610.

like that of an angry dog ... "Ene dr. Mckenzie het verklaar dat die skare die vorige aand korrek opgetree het "to punish the Germans", en om weer eens uiting aan hul gevoelens te gee, is 'n Duitse vlag verbrand onder die sing van "Rule Britannia" en "God Save the King".[130]

Dit was tydens hierdie vergadering dat 'n aantal jong knape hul kans waargeneem en die sleutels van die Duitse konsullaat van die Amerikaanse konsul gaan opeis het. Toe dié weier om dit af te staan op grond daarvan dat die Duitse eiendom onder sy sorg was, is daar tot geweld oorgegaan. Die Duitse konsullaat is oopgebreek en die konsulêre argief, verslae en meubels, asook die argief van die Oostenrykse konsullaat en sekere eiendom van die Amerikaanse regering wat tydelik daar bewaar is, is vernietig.[131]

Ten spyte van magistraat Binns se verbod op openbare byeenkomste het 'n reuseskare die Vrydagaand, 14 Mei, in die omgewing van die Beachhotel naby die strand saamgedrom. Volgens Binns het hy in 'n leeftyd nooit so 'n skare in Durban gesien nie -- goed 5 000 tot 7 000 sterk. Met die bystand van die polisie, 'n klompie seesoldate met gevelde bajonette en 350-400 spesiale konstabels wat intussen in diens geneem is, het hy die orde probeer bewaar. 'n Klipgooiery het begin en verskeie brande is in geboue gestig, maar danksy die tussenkoms van die polisie is die meeste betyds geblus en is min skade aangerig. Toe die skare op die juweliersaak van ene Bartholomai wou toesak, het Binns hulle hard aangespreek en gewaarsku dat hy die bevel sou gee om te skiet. Sy waarskuwing is met ongeloof begroet, maar hy het dit herhaal en daarmee was die gevaar vir die aand verby. Die onrus het egter die hele naweek voortgeduur en Saterdag amper weer handuit geruk, maar die vrede is bewaar. Ook in Pietermaritzburg het die onrus nie bedaar nie en het nege predikante, almal Engelse met die uitsondering van ds. G.M. Pellissier, op 15 Mei 'n beroep op die mense gedoen om hulle kalm te gedra. Sowel die Mercury as die Times of Natal en Witness het soortgelyke pleidooie gelewer, dog laasgenoemde het bygevoeg dat die geweldpleging 'n les vir die plaaslike Duitsers was.[132]

Intussen het die onrus ook na Ladysmith, Dundee, Vryheid en Port Shepstone versprei en is daar ook geringe skade aangerig. Op Ladysmith het 'n skare ná 'n

---

130. The Natal Advertiser, 14 Mei 1915, berig en kennisgewing deur Percy Binns; S.C. 7 -'16. Report of the Select Committee on Incendiarism, p. 175, para. 1610.
131. S.C. 7 -'16. Report of the Select Committee on Incendiarism, p. 175, para. 1610-1611; GG 9/64/128, Buxton -- Lewis Harcourt, 27 Mei 1915, en bylaes (afskrifte).
132. S.C. 7 -'16. Report of the Select Committee on Incendiarism, pp. 176-180, para. 1611-1619; The Times of Natal, 14 Mei 1915, hoofartikel; The Natal Mercury, 14 en 15 Mei 1915, hoofartikels; The Natal Witness, 15 Mei 1915, hoofartikel.

vergadering in die stadsaal op 15 Mei na die N.G. pastorie opgeruk waar die pastoriemoeder, mev. H.F. Schoon, van 'n anti-Britse gesindheid verdink is. Die oproeriges het egter nie tot geweld oorgegaan nie en is ná die sing van die Britse volkslied en ander patriotiese liedere van die pastorie af weg.[133]

Hoewel geen verdere verwoesting aangerig is nie, was daar steeds weinig jammerte by die breë massa en selfs sekere vooraanstaande persoonlikhede te bespeur. Enkele verantwoordelike persone en instansies het hulle egter by bogemelde koerante geskaar en die gebeure sedert Donderdagnag, 13 Mei, betreur. Eerw. H.S. Chignell het op 16 Mei 'n preek in die gemeentelike Sint Petruskerk in Pietermaritzburg gelewer waarin hy die wetteloosheid afgekeur en dit as 'n "dishonour to our cause" bestempel het. Eerw. Morris O. Hodson van die Sint Cipruskerk in Durban, wat byna in die slag gebly het, het in 'n brief aan die Mercury die vernielsug verdoem en verklaar: "We have lost our dignity and soiled our hands." Die eerbiedwaardige sen. Marshall Campbell het met wrewel teen die brandstigters te velde getrek en verklaar dat hul onverantwoordelike optrede daartoe gelei het "(that) the honour of our country ... has been besmirched". Ook die Ladysmithse Kamer van Koophandel het die geweldpleging by wyse van 'n formele besluit afgekeur en genl. Botha dienooreenkomstig verwittig, terwyl sir George Leuchars die Brandrebellie eers maande later as on-Brits en lafhartig sou bestempel.[134]

Dat die Brandrebellie in hoofsaak wangerig was en verreweg meer onskuldiges as andere getref het, blyk uit onderstaande:

1. Die verwoesting van sakeondernemings het tien keer meer Britse as vyandsonderdane getref en soveel werkers, onder wie vele Engelse, werkloos gelaat dat pogings aangewend moes word om noodleniging te verleen. Die firma Rolfes, Nebel & Kie., wie se eiendom in al die groot sentrums verniel is en wat op twee na 'n personeel van 144 Britte gehad het, is ná 35 jaar gelikwideer. Uit Duitswes het kapt. G.A. Gardner van die tweede bataljon Durban Light Infantry per brief woedend beswaar gemaak omdat die tuisblyers nie na hul belange omgesien het nie. Hy en nog agt van Rolfes, Nebel en Kie. se Durbanse personeel van 15 was in daardie stadium aan die gevegsfront, het vol salarisse ontvang en hul poste is vir hulle opgehou --

---

133. The Natal Advertiser, 20 Mei 1915, berig; S.C. 7 -'16. Report of the Select Committee on Incendiarism, p. xvii, para. 53.
134. The Times of Natal, 17 Mei 1915, berig; The Natal Mercury, 24 Mei 1915, brief deur Morris O.Hodson; Sir Marshall Campbellversameling, Letters 6115, getikte, ongedateerde, ononderteken de en ongeadresseerde brief, maar gewis deur Marshall Campbell opgestel en vermoedelik aan 'n koerant gerig; PM 4/28/15, G. Clarence -- genl. Botha, 21 Junie 1915, en bylae; The Greytown Gazette, 3 Sept. 1915, berig.

maar toe volg die likwidasie.[135]

2. Wm. H. Muller & Kie. wie se wolskuur in Durban afgebrand is, was 'n suiwer Hollandse firma wat in Durban slegs Britse onderdane in diens gehad het. Van die sowat 2 000 bale wol wat verwoes is, was daar 200 van verskeie boere van Umvoti. Van die res het 594 bale gereed gelê om verskeep te word aan die kopersfirma, Francis Willey & Co. van Bradford, Engeland, wie se uitgerekte dog vrugtelose onderhandelings met die Britse en Suid-Afrikaanse regerings om skadevergoeding tot gespanne verhoudinge tussen die Nederlandse regering aan die een kant en die Britse en Suid-Afrikaanse regerings aan die ander kant sou lei.[136]

3. John Leonard Baumann, wie se bakkery verwoes is, was wel 'n Wurtemburger van geboorte, maar het voor sy koms na Suid-Afrika alle verbintenisse met Duitsland verbreek. Hy het in 1880 na Natal verhuis en was teen 1915 al 25 jaar lank 'n genaturaliseerde Britse onderdaan wat hom ten alle tye lojaal teenoor Brittanje gedra het. Al sy kinders is in Suid-Afrika gebore, en met die uitbreek van die oorlog het sy twee seuns by die Suid-Afrikaanse magte aangesluit. Die oudste, wat in die Bhambadarebellie van 1906 met die Koningsmedalje bekroon is, was in Engeland en die jongste een soldaat saam met genl. Botha in Duitswes. Vyf van Baumann se sewe getroude dogters was met Britte getroud. Ten tye van die verwoesting van sy eiendom was hy stadsraadslid vir Wyk 6, Durban, maar het bedank.[137]

4. Karl Gundelfinger, hoewel van Duitse afkoms, was al 35 jaar 'n inwoner van Durban, die laaste tien jaar daarvan stadsraadslid. Twee van sy seuns was ten tye van die Brandrebellie onder genl. Botha se bevel in Duitswes. Hy is deur die brandstigters daarvan beskuldig dat hy die keldering van die

---

135. The Natal Mercury, 1 Junie 1915, hoofartikel; ibid., 5 Junie 1915, kennisgewing deur Rolfes, Nebel & Kie.; The Natal Witness, 12 Junie 1915, brief deur kapt. G.A. Gardner. Die likwidasie was, onbekend aan die man op straat, 'n taktiese skuif, want die firma is onder die nuwe naam Taylor & Ries in Suid-Afrika geregistreer en het voortgegaan om sake te doen. Henry Taylor en Paul Ries was voor likwidasie in bevel van onderskeidelik die Durbanse en Port Elizabethse takke van Rolfes, Nebel & Kie. -- sien GG 9/27/93, A. Bonar Law -- Buxton, 31 Des. 1915, en bylaes; sien ook GG 9/10/21, Buxton se minute aan SA ministers, 6 Feb. 1915, en bylaes; Hansard, 1915, kol. 223, 9 Maart 1915, toespraak deur D.M. Brown, LV vir Drie Riviere.
136. The Natal Advertiser, 14 Mei 1915, kennisgewing deur Wm. H. Muller & Kie.; The Times of Natal, 19 Mei 1915, berig; PM 51/60/15, Francis Willey & Co. -- Ondermin. van Kolonies, 6 Okt. 1915 (afskrif); ibid., A. Bonar Law -- Buxton, 16 Okt. 1915; ibid., tel. Min. van Kolonies -- Buxton, 13 Jan. 1916; ibid., Sekr. Premier -- Sekr. Finansies, 27 Junie 1916; GG 9/64/187, Buxton -- A. Bonar Law, 8 Des. 1915, en bylaes; GG 9/64/149, Buxton -- A. Bonar Law, 7 Nov. 1916, en bylaes.
137. The Natal Advertiser, 14 Mei 1915, kennisgewing deur J.L. Baumann; ibid., 21 Mei 1915, brief deur J.M.L. Baumann aan Burgemeester, Durban, 20 Mei 1915.

Lusitania met andere in die Duitse klub gevier het, dieselfde in die Rand=hotel gedoen het en van sy personeellede aan die oorlogsfront ontslaan het. Hy het hom ten sterkste hierteen verweer, 'n beloning van R500 aan enig=iemand aangebied wat sou kon bewys dat die aantygings teen hom gegrond was en 'n beroep op genl. Botha gedoen om sy lot en dié van ander genaturaliseer=de Britse onderdane, met hulle te bespreek. Die aantyging dat hy met andere die keldering van die Lusitania in die Duitse klub gevier het, was totaal on=juis, want die klub is op bevel van magistraat Binns enkele dae na die uit=breek van die oorlog gesluit en slegs Sondae vir Lutherse eredienste geopen.[138]

5. Samson Loewenthal wie se koekwinkel in Durban verwoes is, was 'n genaturali=seerde Amerikaanse burger. Hy het soveel skade gely dat hy haweloos gelaat is. Dieselfde geld die gesin A. Korte, wie se woonhuis en kabinetmakery met alles wat hulle besit het ten bedrae van R6 800 in Bereaweg verwoes is. Korte, sr. was 55 jaar oud, die vorige 15 jaar reeds 'n genaturaliseerde Britse onderdaan, sy vrou 57 en hul enigste seun, in Londen gebore, 27 jaar. Pa en seun is na die onluste in die interneringskamp by Pietermaritzburg ge=stop, "having no means of subsistence", soos mev. Korte haar nood vrugteloos teenoor genl. Botha beklae het.[139]

Die Brandrebellie het derduisende rande se skade dwarsdeur die land tot gevolg gehad. Die Gekose Komitee na Brandstigting wat in 1916 op versoek van ds. L.P. Vorster, LV vir Albert, aangestel is om ondersoek in te stel en verslag te doen oor die Brandrebellie, het die totale skade op R1 352 628 gestel, waar=onder enorme skade aan die eiendom van plaaslike Britte en hul bondgenote -- onskuldige slagoffers van die roekelose geweld. Johannesburg en Durban het die swaarste deurgeloop met onderskeidelik R677 194 en R403 528. In die kleiner dorpe soos Boksburg, Benoni, Springs, Krugersdorp, Pretoria, Kimberley, Oos-Londen, Dundee, Vryheid en Port Shepstone was die skade geringer en was daar in sommige gevalle geen brandstigting nie. Hier volg in tabelvorm 'n uiteensetting van die skade aan die eiendom van vyandsonderdane en Britte en hul bondgenote in die ses vernaamste sentrums:[140]

---

138. The Natal Mercury, 17 Mei 1915, kennisgewing deur Karl Gundelfinger; PM 51/60/15, Karl Gundelfinger -- genl. Botha, 3 Aug. 1915; S.C. 7 -'16. Report of the Select Committee on Incendiarism, p. 171, para. 1602.
139. GG 9/64/127A, Buxton -- A. Bonar Law, 24 Julie 1915, en bylaes; PM 51/60/15, mev. A. Korte -- genl. Botha, 30 Julie 1915.
140. Vgl. Union of South Africa. Votes and Proceedings of the House of Assem=bly. First Session, Second Parliament, 19th Nov., 1915, to 17th June, 1916, p. 469; S.C. 7 -'16. Report of the Select Committee on Incendiarism, p. xiv, para. 41, p. xvii, para. 52-53, p. xviii, para. 54.

Skade in Brandrebellie

	Vyands= eiendom	Eiendom gesament= lik besit deur vyande & Britte of bondgenote	Eiendom van Britte & bondgenote	Totaal
Johannesburg	R174 510	R149 914	R352 770	R677 194
Durban	R37 624	R46 372	R319 532	R403 528
Pmburg	R11 860	R26 704	----	R38 564
Port Elizabeth	R11 120	R4 160	R7 790	R23 070
Kaapstad	R60 716	R6 054	R26 682	R93 452
Bloemfontein	R1 400	R20 000	R12 560	R33 960
Totaal	R297 230	R253 204	R719 334	= R1 269 768

Bostaande skadebepaling deur die Gekose Komitee kan 'n onderskatting wees, want volgens die Times of Natal het "diegene wat behoort te weet", Durban se skade alleen op R1 500 000 gestel. Van die Durbaniete het Karl Gundelfinger die swaarste gely. Sy eiendom is in sowel Johannesburg as Durban verwoes en in laasgenoemde stad is sy skade op R126 000 gestel, dié van Wm. H. Muller & Kie. op R77 000, dié van J.L. Baumann & Kie. op R48 868 en dié van Rolfes, Nebel & Kie. op R32 100.[141]

Die woede-uiting het verstomming, selfs vrees, by diegene verwek wat hulself as potensiële slagoffers van verdere geweldpleging beskou het. Talle mense van Duitse afkoms het by die hoofmagistraat om beskerming aangeklop of by wyse van kennisgewings en briewe in koerante hul Britse onderdaanskap en lojaliteit betuig, selfs belonings aangebied aan diegene wat die teendeel sou kon bewys. In sommige gevalle het Engelssprekende vriende vir hulle in die bresse getree.[142]

G.A. Heinze, wat waarskynlik vanweë sy Duitse herkoms as dorpsbosbouer van Newcastle ontslaan is, het daarop gewys dat hy in 1903 'n Britse onderdaan geword het, dat sy twee dogters met eerbare Britse soldate getroud is en dat sy enigste

---

141. The Times of Natal, 21 Mei 1915, berig; The Natal Advertiser, 7 Junie 1915, berig.
142. Vgl. S.C. 7 -'16. Report of the Select Committee on Incendiarism, p. 179, para. 1615; The Times of Natal, 14 Mei 1915, briewe deur F.L. Shuter, "J.G.H.R.", Louise Ludewig; The Natal Advertiser, 14 Mei 1915, verskeie kennisgewings van lojaliteitsbetuigings; The Natal Mercury, 17 Mei 1915, beloning van R500 deur Karl Gundelfinger uitgereik; The Natal Witness, 19 Mei 1915, belonings van altesame R2 600 deur die Pietermaritzburgse firmas Norrish & Kie. Bpk. en Howard, White & Kie. uitgereik.

seun op 9 November deur rebelle in die distrik Rustenburg doodgeskiet is waar hy sy koning en land op patrollie gedien het. Sy ontslag is deur W. Warmington betreur.[143] 'n Ander Natalse Duitser het daarop gewys dat vele van sy Natalse taalgenote afstammelinge was van eerbare koloniste, boere en sendelinge wat hulle vroeër daar gevestig het. "So, it is rather unfair to hate Germans out here, and to make them suffer for what they have not done, as has been and is being done at several places."[144] Daarteenoor het Arthur F. Bearpark van Durban blykbaar uiting gegee aan sy behaaglikheid met die vergelding deur in sy gelukwensing aan genl. Botha met sy suksesvolle veldtog in Duitswes, voor te stel dat Windhoek herdoop word na "Lusitania".[145]

Die besluit van die Regering om, in die lig van die geweldpleging, alle volwasse manlike vyandsonderdane summier te interneer,[146] het aan die Engelse rede vir genoegdoening verskaf en hulle sekerlik laat voel dat hul drastiese optrede nie vergeefs was nie, maar hulle was nog nie tevrede nie.

Op 15 en 17 Mei het reuseskares in Pietermaritzburg en Durban andermaal uiting gegee aan hul anti-Duitse gevoelens. Die feit dat vooraanstaandes soos sir William Beaumont en adv. F.S. Tatham ywerig hieraan meegedoen het, toon dat dit nie onopgevoede heethoofde was wat aan die spits gestaan het nie. In Pietermaritzburg is eenparig geëis dat alle Duitse en Oostenrykse staatsamptenare, genaturaliseer of nie, ontslaan moes word; dat die munisipaliteit alle lisensies wat aan lede van hierdie twee volksgroepe uitgereik is, summier moes kanselleer; dat die Duitse name van strate, dorpe en spoorwegstasies vervang moes word. Sir William Beaumont het die tweede mosie gesekondeer en op voorstel van Fred Tatham is besluit om met 'n handelsboikot teen Duitse firmas te begin. Ook is 'n Waaksaamheidskomitee saamgestel by wie alle persone van Duitse, Oostenrykse of Turkse herkoms in Pietermaritzburg, na voorlegging van bewyse, aansoek om 'n "sertifikaat van burgerskap" moes doen. Die komitee se beslissing sou finaal wees. Die Durbanse vergadering was ewe skerp veroordelend.[147]

---

143. The Newcastle Advertiser and Northern Post, 22 Mei en 12 Junie 1915, briewe deur G.A. Heinze en W. Warmington.
144. The Times of Natal, 17 Mei 1915, brief deur "Natal German".
145. PM 51/59/15, Arthur F. Bearpark -- genl. Botha, 15 Mei 1915.
146. The Times of Natal, 15 Mei 1915, berig.
147. The Natal Witness, 17 Mei 1915, berigte; The Natal Advertiser, 18 Mei 1915, hoofartikel; The Natal Mercury, 18 Mei 1915, berig en hoofartikel; The Times of Natal, 18 Mei 1915, berig.

Dit was die uitspraak van "The Voice of the People", waarby dié gevoeg is van 'n openbare vergadering op Eshowe wat by genl. Botha aangedring het op 'n vervanging van alle Duitse name van dorpe, distrikte, munisipaliteite, plaaslike rade en strate. Die Witness het 'n lys gepubliseer van 32 sulke plekname in die Unie, waaronder die volgende dosyn in Natal: Glückstadt, Harburg, Hermannsburg, Himmelberg, Lunebürg, New Germany, New Hanover, Marburg, Noodsberg, Schroeders, Stendal en Wartburg.[148]

Terwyl die vervolgsug hoog gebly het, soos onder meer blyk uit briewe van verskeie lesers in opeenvolgende uitgawes van die Mercury,[149] het dit bekend geword dat die brandstigters vervolg staan te word. In Kimberley is van hulle tot R10 boete of 30 dae tronkstraf gevonnis.[150] Dit het 'n storm van verontwaardiging in plekke soos Port Elizabeth, Oos-Londen en Pietermaritzburg ontlok. Die burgemeester van Oos-Londen het aan genl. Botha getelegrafeer dat as daar met die beoogde vervolgings teen die stad se brandrebelle voortgegaan sou word, die stadsvaders geen verdere verantwoordelikheid vir die handhawing van orde en wet sou aanvaar nie.[151]

Die Natallers se gesindheid oor moontlike vervolgings is vroeg reeds deur die Advertiser verraai. Dié het op 18 Mei al verklaar dat die Brandrebellie as 'n uitvloeisel van die Europese oorlog beskou en daarby gelaat moes word.[152] Op Uniedag is daar op 'n onstuimige vergadering in die Pietermaritzburgse stadsaal uiting aan hierdie gesindheid gegee toe die volgende mosie eenparig en onder toejuiging aanvaar is: "Having regard to the cruel murders of hundreds of innocend (sic) women and children and unarmed civilians in the 'Lusitania' by the Germans, this Mass Meeting of the citizens of Maritzburg expresses its deliberate opinion that the recent demonstration against enemy subjects while to be regretted was excusable and this meeting respectfully suggests to the Government that the interests of the Country will best be served by abandoning the intended prosecution of a few out of the many hundreds who took part therein,

---

148. The Newcastle Advertiser and Northern Post, 22 Mei 1915, hoofartikel; PM 51/59/15, Waarn. Stadsklerk Eshowe -- genl. Botha, 27 Mei 1915, en bylae; The Natal Witness, 19 Mei 1915, berig.
149. The Natal Mercury, 19 en 20 Mei 1915 en daaropvolgende uitgawes.
150. The Times of Natal, 19 Mei 1915, berig.
151. PM 4/26/15, tel. Burgemeester Oos-Londen -- Premier, 2 Junie 1915; The Times of Natal, 3 Junie 1915, berigte oor verontwaardiging van inwoners van Port Elizabeth.
152. The Natal Advertiser, 18 Mei 1915, hoofartikel.

and that in existing circumstances peace and order will best be secured by such abandonment."[153]

Die mosie is ingedien deur F.S. Tatham en gesekondeer deur J.G. Maydon. Albei het hul spyt uitgespreek dat die protesveldtog teen die Duitsers so 'n uiterste vorm aangeneem het, maar, het Maydon gewaarsku, indien die Regering nie aan hul eis sou toegee nie, sou 'n herhaling van die geweldpleging verwelkom word.[154]

Hierdie onverantwoordelike opsweping tot straatbewind is deur sowel die Witness as genl. Botha betreur. Laasgenoemde het op Ventersdorp verklaar dat Maydon 'n beter voorbeeld kon gestel het. "Zijn handelwijze is die van een vijand des Rijks." As die Engelse nie wil veg nie, het hy vervolg, "waarom bevechten ze dan ongewapende vrouwen en kinderen en gaan ze niet naar Vlaandere? ... Maydon is erg galachtig, vandaar die soort Dingaan-politiek, maar de Regering zal geen knopkierie-politiek hier meer toelaten."[155]

Benewens Maydon se dreigement het ook die Mercury op gematigde toon gewaarsku dat, hoewel die handhawing van orde en wet ten alle tye voorkeur behoort te geniet, die omstandighede in ag geneem moes word wat daar tydens die geweldpleging geheers het. Enige poging om dit met geweld te onderdruk, sou nie slegs vrugteloos gewees het nie, maar bes moontlik ernstiger gevolge gehad het.[156]

Dit was in hierdie gees van toegeeflikheid dat Natal se gearresteerde brandrebelle aangekla is. In Durban is daar met die grootste moeite uiteindelik altesame twintig stuks aangekla, van wie die helfte onskuldig bevind is. Die res het almal ligte vonnisse gekry, behalwe drie, onder wie ene Barlow, wat elk met R30 deur assistent-magistraat Roberts beboet is omdat hulle die perseel van Orenstein-Arthur Koppel Bpk. verniel het. As voorbeeld vir laasgenoemde vonnis het dié gegeld wat regter F.G. Gardiner van die spesiale Kaapse strafhof toe pas aan twee brandrebelle opgelê het en wat later ter sprake kom.[157]

In Pietermaritzburg was daar 'n groot aantal mense in en buite die magistraatshof toe 14 Blanke mans op 8 Junie voor waarnemende hoofmagistraat C.F.W. Hime

---

153. PM 4/28/15, Burgemeester PmBurg -- Eerste Minister, 1 Junie 1915; De Afrikaner, 1 Junie 1915, berig.
154. The Natal Witness, 1 Junie 1915, voorblad.
155. Ibid., 2 Junie 1915, hoofartikel; Prellerversameling, Band 93, knipsel uit De Volkstem, 6 Julie 1916. Sien ook The Times of Natal, 4 Junie 1915, waarin die kritiek van The Friend op die besluite van die Pietermaritzburgse vergadering aangehaal word.
156. The Natal Mercury, 5 Junie 1915, hoofartikel.
157. The Natal Advertiser, 7 Junie 1915, berig; S.C. 7 -'16. Report of the Select Committee on Incendiarism, pp. 181-184, para. 1621-1624.

verskyn het op aanklagte van openbare geweldpleging, dwarsboming van die gereg, aanranding op die polisie en ander mense, kwaadwillige beskadiging van eiendom en aanhitsing tot geweld. Die aanklagte het gespruit uit die geweldpleging tydens die Brandrebellie in die stad. Die aangeklaagdes was: Alfred Derby (spoorwerker), Walter Howard (bakker), B. Lester (kleremaker), K.H.H.Middleton (werktuigkundige), Dickie James (spoorwerker), Paul van Rooyen (hofbode), Harry Squires (ploegbaas), T.A. Pardy (S.A.V.R.), Joe Good (draaier), Bill Sinclair (winkelbediende), Frank Williams (winkelbediende), T.M. Forrest (magasynmeester), Joe Goddard (spoorwerker), Frederick Griffin (stasiekelner). 'n Vyftiende Blanke moes ook verskyn het, maar hy het per skip na Kaapstad ontsnap. 'n Indiërkelner, David, het onskuldig gepleit en is afsonderlik verhoor.[158]

J. Anderson van die firma Tatham, Wilkes & Kie., wat namens al 14 verskyn het, het gevra dat almal oor een kam geskeer moes word. Hy het aangevoer dat die geweldpleging gespruit het uit die Regering se ongeërgde houding betreffende die internering van Duitse vyandsonderdane en genaturaliseerde Duitsers wat onder verdenking was. Die stappe wat die Regering sedert die geweldpleging gedoen het om Duitsers te interneer, het daardie optrede geregverdig. Die geweldpleging was egter ook bedoel as protes teen die onmenslikheid van die Duitsers oorsee, en die feit dat soortgelyke betogings elders in die land en in die Britse dominiums plaasgevind het, moes in ag geneem word. Verskeie van die 14 aangeklaagdes het hulle toevallig onder die groep geweldenaars bevind, in wie se geselskap daar ook staatsamptenare, opvoedkundiges, koerantredakteurs, regsgeleerdes en 'n stadsraadslid was. Waarom, het Anderson ten slotte gevra, moet hierdie 14 gestraf word terwyl honderde ander wat hulle elders in die land aan rebellie, plundering, brandstigting en moord skuldig gemaak het, nie vervolg word nie? 'n Waarskuwing behoort voldoende te wees.[159]

Anderson het onder 'n geruis van instemming gaan sit, waarop magistraat Hime 'n oorsig gegee het van die aangeklaagdes se blindelingse dade van geweldpleging, die daaruit spruitende benadeling van onskuldige persone en die vernietiging van waardevolle voedselvoorrade. Hy het dit beklemtoon dat dit die plig van elke burger is om die landswette te gehoorsaam en dat dit die staat s'n

---

158. The Times of Natal, 8 Junie 1915, berig; The Natal Advertiser, 9 Junie 1915, berig; S.C. 7 -'16. Report of the Select Committee on Incendiarism, p. 320, para. 2802.
159. The Times of Natal, 8 Junie 1915, berig.

is om beskerming te verleen. Geweldpleging mag onder geen omstandighede geduld word nie. In die onderhawige geval was dit sy plig om in ag te neem dat die geweldpleging 'n uiting van patriotisme was en gespruit het uit 'n begeerte om vroue en kinders teen dade van barbaarse oorlogvoering te beskerm. Dit het ontstaan uit die gevoel dat die aanwesigheid van vyandsonderdane in die land, wat vryelik inligting aan die vyand kon oordra, 'n openbare gevaar was. In die lig daarvan het hy besluit om die aangeklaagdes 'n geringe nominale boete van R2 elk op te lê. Die veroordeeldes het geweier om die boete te betaal en verkies om tronk toe te gaan, maar J.G. Maydon het dit namens hulle betaal.[160]

Dit was die ligste vonnis wat enige van die 180 veroordeelde brandrebelle in die hele land opgelê is. Buite Pietermaritzburg, waar daar ook aanklagte van diefstal, poging tot brandstigting en ontvangs van gesteelde goedere was, het die vonnisse gewissel van R4 boete tot R40 of drie maande.[161] Ook hierdie vonnisse was gering in die lig van die R1 352 628 se skade wat aangerig is en waarvoor die slagoffers vergeefs om skadevergoeding by die Regering aangeklop het.

Eise om skadevergoeding het uit al die sentrums van geweld ingestroom,[162] waaronder dié van die Bradfordse wolhandelaars Francis Willey & Co. reeds vermeld is. Die Regering se standpunt was in alle gevalle dat, hoewel die brandstigting en daarmee gepaardgaande skade te betreur was, die staat nie aanspreeklik gehou kon word nie, maar dat die lydende party skadevergoeding in die siviele hof van die skuldige party kon verhaal.[163] Die posisie was naamlik dat daar in Suid-Afrika, anders as in Engeland, geen wetlike voorsiening was vir die uitbetaling van skadevergoeding deur die owerheid aan die slagoffers van openbare geweldpleging nie, en die Gekose Komitee na Brandstigting het in sy verslag aanbeveel dat wetgewing aanvaar moes word om daarvoor voorsiening te maak.[164]

---

160. Ibid., The Natal Advertiser, 8 Junie 1915, berig; S.C. 7 -'16. Report of the Select Committee on Incendiarism, p. 320, para. 2797-2800.
161. S.C. 7 -16. Report of the Select Committee on Incendiarism, pp.xiii-xiv, para. 40, p. xix, para. 59. A.H. Marais beweer dat daar 70 vervolgings was -- sien O. Geyser en A.H. Marais (reds.), Die Nasionale Party, I, Agtergrond, Stigting en Konsolidasie, p. 238.
162. Vir besonderhede oor eisers en eise sien o.a. PM 51/60/15, GG 9/64/210, GG 9/64/145 en GG 9/27/93.
163. Sien o.a. PM 51/60/15, Sekr. Premier -- P. Elzas, 13 Sept. 1915.
164. S.C. 7 -'16. Report of the Select Committee on Incendiarism, p.xxv, para. 77-78. Sien ook PM 51/60/15, A. Bonar Law -- Buxton, 16 Okt. 1915; ibid., genl. Botha -- Burgemeester (1) PmBurg (2) Durban, 10 Junie 1916 (afskrif).

Om skadevergoeding in die siviele hof te verhaal, was tydrowend, duur en waag-saam. Dit het die firma Orenstein-Arthur Koppel Bpk., wat sakebelange in Johannesburg, Durban en elders in die land gehad het, tot sy skade uitgevind. Die firma, wat oor die R21 000 (£10,944) se skade tydens die geweldpleging in Johannesburg opgedoen het, het sowat R1 962 van die versekeraars The Salamander Fire Insurance Co. Ltd. geëis. Nadat daar grondig op die saak ingegaan was aan die hand van stapels bewysstukke en 700 getikte folio's getuienis en regs-beredenering, het regterpresident De Villiers met regters Mason en Gregorowski op 11 November 1915 die eis met koste verwerp.[165] Ook Francis Willey & Co. kon nie 'n duit van die versekeraars verhaal nie.[166]

As groot sakeondernemings geen welslae in die siviele hof kon behaal nie, sou kleiner ondernemings en private persone dit sekerlik nog moeiliker en waagsamer gevind het, veral in die lig van die geringe vonnisse in die strafsake en die haas onmoontlike om die spesifieke skuldige(s) uit te wys en aan die man te bring. Dit spreek dus vanself dat daar groot ontevredenheid geheers het en dat die Brandrebellie nie sonder uitwerking op die politiek was nie.

5. 'n Vergelyking en Reaksie

Oor die vraag of die Rebellie en die Brandrebellie hoegenaamd met mekaar ver-gelyk kan word, sal daar verskil van mening wees. A.H. Marais meen dat die twee "nie in dieselfde klas" val nie.[167] Dit was indertyd ook die siening van regter F.G. Gardiner en waarnemende regter E.R. de Villiers van die spesiale strafhof wat saamgestel is om William Kenny en Kathleen Higgins in Kaapstad te verhoor op aanklagte spruitend uit die geweldpleging aldaar.[168] Die prokureur-generaal het, toe hy sy saak teen die twee aangeklaagdes gestel het, 'n verge-lyking getref met die destyds gelyktydige verhoor van die rebelle elders in die land. Regter Gardiner het egter in sy uitspraak verklaar dat daar geen ooreen-koms in erns tussen die twee misdade was nie. In die een geval is daar getrag om Sy Majesteit se regering omver te werp; in die ander om persone leed aan te doen wat, miskien verkeerdelik, as vyande van Sy Majesteit of simpatiseerders met Sy Majesteit se vyande beskou is. Dit, het hy aangevoer, beteken nie dat Kenny en Higgins se oortreding daardeur versag is of dat dit nie 'n ernstige

---

165. TPD 5/77, Orenstein vs Salamander.
166. GG 9/64/187, Buxton -- A. Bonar Law, 8 Des. 1915, en bylaes.
167. Geyser en Marais (reds.), Die Nasionale Party, I, p. 238.
168. U.R.U. 1915, Minutenr. 1746, 14 Julie 1915.

oortreding is wanneer eiendom verwoes word nie; maar die rebelle het lewens=verlies veroorsaak, "therefore, we must repudiate any suggestion ... that the crimes can be put on the same level".[169]

Die verskil in die erns van die twee misdade mag wel voldoende grond bied vir 'n geregtelike onderskeiding en beoordeling daarvan, maar dit is nie al waarom dit hier gaan nie. Die gesindheid waarin die misdade gepleeg of van buite af bejeën is, moet ook in ag geneem word, en dan kom daar sekere ooreenkomste na vore, terwyl sekere verskille, paradoksaal gestel, die eendersheid van die misdade beklemtoon.

In die Pietermaritzburgse saak voor magistraat Hime, asook deur die koerante, is aangevoer dat die geweldpleging 'n spontane uiting was en dat van die aange=klaagdes toevallig daarby betrek is. Koerantmanne wat oor die Durbanse onlus=te berig het, is egter, soos hierbo aangetoon, getref deur die stelselmatigheid daarvan, asof 'n meesterbrein daaragter gesit en alles beplan en bestuur het. Getuienis oor die bestaan van so 'n meesterbrein is deur verskeie getuies voor die Gekose Komitee afgelê, onder andere dat afgesante van Johannesburg na Durban gegaan en die onluste daar aangestig het. Dit kon egter nie afdoende bewys word nie. Desondanks was daar so 'n sterk vermoede dat daar een of ander gesag agter die skerms bestaan het, dat die voorsitter dit in sy verslag genoem het. Ook regterpresident De Villiers het in sy uitspraak in die saak Orenstein vs Salamander verklaar dat daar sekere bewyse voor die hof gekom het van die bestaan van toutjiestrekkers agter die geweldpleging. Hy het derhalwe aanbe=veel dat die saak ten volle uitgepluis moes word,[170] maar dis nooit gedoen nie.

Of daar 'n meesterbrein was, of nie, die brandrebelle het, sekerlik op uitson=deringe na, met voorbedagte rade misdaad gepleeg. Hiertoe is hulle, soos reeds aangetoon, eers deur een en toe deur die ander koerante opgesweep. Waarom het die Sensor nie kragtens krygswet wat tydens die Rebellie afgekondig is, inge=gryp nie? Regter Gardiner het in sy uitspraak in die saak waarna reeds verwys is, sy mening uitgespreek dat daar geen geweldpleging in Kaapstad sou gewees het as die voorbeeld nie in ander dele van die land gestel is nie. Dit was ook die gevolgtrekking van die Gekose Komitee.[171] Die voorbeeld wat elders gestel

---

169. Aangehaal in S.C. -'16. Report of the Select Committee on Incendiarism, p. xxiv, para. 75.
170. Ibid., pp. xv-xvi, para. 49, pp. xx-xxi, para. 65-66.
171. Ibid., p. xiv, para. 44, p. xxiii, para. 75.

is, kan teruggevoer word na die aanhitsing van koerante -- in die eerste instansie die Rand Daily Mail, soos vroeër aangetoon. Die Sensor het in ander gevalle sy skêr gebruik en sou later weer, waarom nie toe die Duitsers openlik met geweldpleging bedreig is nie?

Daar is agterna deur sowel Natalse koerante as magistraat Percy Binns, in sy reeds vermelde getuienis voor die Gekose Komitee, verklaar dat dit rampspoedige gevolge sou gehad het indien die owerheid sou gepoog het om die geweldpleging in Durban met geweld te onderdruk. Tog is dit opvallend dat toe Binns die Vrydagaand van 14 Mei die dreigende skare van 5 000--7 000 naby die Beachhotel met 'n dik stem aangespreek en gewaarsku het dat hy sou skiet indien hulle tot geweld oorgaan, dit die gewenste uitwerking gehad het.

Hoewel die stadsvaders gepoog het om orde en wet te handhaaf, is daar ook bewyse dat van hulle en ander hoog gerespekteerde inwoners dit in hart en gees eens was met die vergeldingsdrang, indien dan nie met die vorm daarvan nie. In hierdie opsig het hulle 'n gees van wetteloosheid bevorder, of soos T.M. Owen van Holmcroft, Bergville, in 'n ope brief aan F.S. Tatham en J.G. Maydon geskryf het ná die onstuimige vergadering op Uniedag in Pietermaritzburg: "Gentlemen, I beg and pray of you to drop the matter. The King's laws must be respected. Does it not border on treason to resist by violence the proper carrying out of those laws?"[172]

Ook die Goewerneur-generaal is nie vry te spreek nie. Hy het in Kaapstad 'n skertsende opmerking in die openbaar gemaak dat die brandrebelle nie van plan was om hul optrede te herhaal nie "until next time". Dit was gewis as 'n grap bedoel, want hy het hom tevore reeds op 1 Junie in Port Elizabeth teen die brandstigting en vernieling uitgespreek. Dit was egter 'n onverstandige geskerts, want dit het die indruk gewek as sou hy die Brandrebellie goedgekeur het. Hy is dit erg kwalik geneem deur o.a. eerw. Morris O. Hodson van Durban, terwyl ook Karel Rood, sr., en wed. M. van Warmelo hom in De Volkstem van 15 en 25 Junie 1915 gekritiseer het. Laasgenoemde het opgemerk dat "until next time" reeds spreekwoordelik in gans Suid-Afrika geword het.[173]

Die kritiek was nie heeltemal onverdien nie, want terwyl sy gesindheid teenoor die Brandrebellie hom toegelaat het om daaroor te skerts, was hy allermins in

---

172. The Natal Witness, 8 Junie 1915, brief deur T.M. Owen.
173. GG 9/64/179, P. Horsfall -- F.V. Engelenburg, 8 Julie 1915 (afskrif), en bylaes.

'n skertsende luim wanneer die Afrikanerrebellie ter sprake gekom het. Dit het hy duidelik geopenbaar in sy onverbiddelike houding teenoor die rebelle in 'n uitvoerige brief aan pres. Steyn wat om begenadiging vir die rebelle by hom gepleit het.[174]

Wat voorts opval in verband met die onrus en gerugte van onrus in Natal, is die gebeure van eind 1915 tot Junie 1916, of liewer wat nie gebeur het nie. In hierdie tydperk het genl. Botha verskeie boodskappe van Karl Gundelfinger en die burgemeesters van Durban en Pietermaritzburg ontvang waarin die vrees vir 'n herhaling van die brandstigting uitgespreek is en waarin daar by hom aangedring is om Duitse handelaars, genaturaliseer of nie, vas te vat. Genl. Botha het hom op die ou end duidelik vervies en sy voet dwars gesit. Hy het die twee burgemeesters se aandag gevestig op die aanbeveling van die Gekose Komitee dat plaaslike owerhede by wyse van wetgewing aanspreeklik gehou behoort te word vir skadevergoeding aan die slagoffers van openbare geweldpleging, en vervolg: "I must not be understood as threatening the Municipality in any way but it is right that you should know that strong pressure has been brought to bear in this matter. As the Police in the Municipality are under the control of the Town Council that body is responsible for maintaining law and order .."[175]

Die dreigement was implisiet en, verbasend genoeg, die stadsvaders se vrees vir 'n herhaling van die brandstigting het eensklaps verdamp. Die haat jeens die Duitsers het egter voortgeleef in Natal en sou in 1918 daarop uitloop dat C.W. Buttgereit, Duitse hoteleienaar van Port Shepstone, geteer en veer word.[176]

Wanneer die Brandrebellie van 1915 in oënskou geneem word, word 'n mens getref deur die oorwegende gesindheid van simpatie onder die Engelse jeens die brand= rebelle en hul dade. Dit word geopenbaar deur uitsprake op en deur openbare vergaderinge, deur koerante, briefskrywers aan koerante en aan genl. Botha. Dit is te verstane dat daar so 'n simpatie was, want dit het vir hulle om die "Empire" gegaan.

---

174. M.T.Steynversameling, 156/1/8, pres. Steyn -- Buxton, 13 Julie 1915, Buxton -- pres.Steyn, 18 Julie 1915.
175. PM 51/60/15, tel. genl. Botha -- Burgemeester (1) Pmburg (2) Durban, 10 Junie 1916 (afskrif). Sien ook ander korrespondensie oor die= selfde saak in dié lêer van 2 Nov. 1915 tot 10 Junie 1916 tussen Karl Gundelfinger en die twee burgemeesters aan die een kant en genl. Botha aan die ander.
176. Sien o.a. stukke in E.G. Jansenversameling, Lêer 81.

Vir die Afrikanerrebelle het dit gegaan om hul land en volk -- hul ganse bestaan en voortbestaan; en hiervoor het hulle die simpatie gekry van nie-rebelle soos pres. Steyn en genl. Hertzog wat deur hul simpatie die rebelliegees bevorder het. Ook dit is te verstane.

Die Afrikanerrebellie was ook tot groot hoogte spontaan, soos blyk uit die vele wat hulle gebrekkig bewapen in die veld bevind het en die magtige nasionale opbruising wat die Rebellie tot gevolg gehad het. Hoewel daar leiers was wat die rebelliegees aangewakker het, selfs gerebelleer het, of bloot as kernpunte gedien het waaromheen diegene met 'n opstandsgees saamgetrek het, was die Rebellie van 1914 gewis swakker beplan en minder gemotiveerd as die Brandrebellie van 1915.

Die verskil in die erns van die misdade het 'n groot gaping in die strawwe meegebring. Sowel genl. Botha as Thomas Watt het die ligte strawwe op die brandrebelle betreur, maar tereg verklaar dat daar nie van owerheidsweë met die onafhanklikheid van die howe gepeuter mog word om sodoende die oplegging van swaarder strawwe te verseker nie.[177] Vroeër het Botha egter, ten opsigte van die vervolging van die Afrikanerrebelle, teenoor Merriman onderneem om so toegeeflik moontlik op te tree en die omstandighede van elke geval in oënskou te neem. Die twee is nie ten volle te rym nie, want as hy in die een geval sy invloed kon gebruik om toegeeflike optrede te verseker, kon hy dit ook doen deur onverbiddeliker teenoor die brandrebelle op te tree.

Ook die Gekose Komitee het die aandag gevestig op die ligte vonnisse wat die brandrebelle opgelê is en verklaar dat die laer howe blykbaar tot groot hoogte na die voorbeeld van die Kaapse spesiale strafhof opgetree het wat Kenny en Higgins tot onderskeidelik R40 boete of drie maande tronkstraf en R30 of twee maande gevonnis het.[178] Dit geld wel die vonnis van die drie Durbaniete, soos vroeër aangetoon, maar nie die Pietermaritzburgse verhoor nie, want daar is uitspraak reeds op 8 Junie gelewer terwyl die verhoor van die Kaapse spesiale strafhof eers in Julie plaasgevind het.

Die geringe vonnis van R2 wat in Pietermaritzburg opgelê is, teen die agtergrond van die atmosfeer wat die saak omgewe het, bring die onpartydigheid van magistraat Hime onder verdenking; en dit is insiggewend dat hoofkonstabel M. Barron van Pietermaritzburg in sy getuienis voor die Gekose Komitee die mening uitgespreek

---

177. Prellerversameling, Band 93, knipsel uit De Volkstem, 6 Julie 1916; De Afrikaner, 27 Aug. 1915, brief deur T. Watt.
178. S.C. 7 -'16. Report of the Select Committee on Incendiarism, pp. xxii-xxiii, para. 73-75.

het dat Hime beïnvloed is deur 'n dreigement dat die spoorwerkers tot staking sou oorgaan indien hy die aangeklaagdes 'n swaar vonnis sou oplê.[179] Indien juis, is dit nie uit te sluit nie dat Hime ook 'n politieke motief kon gehad het.

Op die vraag of die vonnisse in die algemeen veels te lig was, word enigsins lig verkry deur dit te vergelyk met dié in die saak van Rex vs Daniel J. Erasmus e.a. Erasmus en nog elf is van openbare geweldpleging aangekla spruitend uit moleste op 23 September 1915 in Newlands, Johannesburg, waar 'n vergadering van genl. Smuts in wanorde uiteen is nadat hy met die dood gedreig was en daar 'n handgemeen losgebars het. Magistraat J.C. Juta het drie van die aangeklaagdes onskuldig bevind, twee gevonnis tot R40 boete of ses maande tronkstraf en ses tot twee maande tronkstraf. Appèl is op 13 Desember 1915 deur regters Mason en Gregorowski in Pretoria van die hand gewys.[180]

Dié vonnisse is nie aanmerklik swaarder as die swaarstes wat die brandrebelle opgelê is nie, behalwe in soverre ses geen keuse van 'n boete gekry het nie. Dit is egter wel moontlik dat die straf wat die brandrebelle opgelê is as voorbeeld gedien het vir die vonnis in Rex vs Erasmus. Die rede vir die groot verskil in die vonnisse wat die brandrebelle en die Afrikanerrebelle opgelê is, bly dus versluier en skep die agterdog dat daar politieke suurlemoensop deur die hofsale geloop het. Dit word bevorder deur die verskil en ooreenkoms in die gesindheid wat die twee rebellies omgewe het. Aan Engelse kant is handelinge goedgekeur of toegesmeer wat vir hulle aan Afrikanerkant onverskoonbaar was, of sou gewees het, al sou daar geen opstand teen die staatsgesag plaasgevind het nie. Hierdie gesindheid het die nie ongegronde indruk nie by Afrikaners geskep dat daar met dubbele standaarde gemeet is. Dié indruk is verskerp deur die pynlike wete van die Regering se kragdadige onderdrukking van die Rebellie, en sy oënskynlike onvermoë om, ondanks krygswet, die Brandrebellie te voorkom, in die kiem te smoor of die belhamels vas te vat.

Rebellie en Brandrebellie -- so verskillend en tog so eenders; en in sowel hul andersheid as eendersheid onderstreep hulle die teenstelling in die Suid-Afrikaanse samelewing skerper as enigiets anders in die tydperk. Dat die twee rebellies 'n uitwerking by die stembus sou hê, spreek vanself.

---

179. Ibid., p. 321, para. 2807-2815.
180. Strafsake Johannesburg, Nr. A401/15, Appeal No. 104, Rex vs Danie Erasmus.

HOOFSTUK 8

VAN REBELLIE TOT STEMBUS

1. Inleiding

Die jaar 1915 het die Regering by sy eerste groot toets in vyf jaar gebring -- vyf jaar van politieke woelinge en opskuddinge te midde van 'n perskampanje aan weerskante van die taalgrens. Dit was vyf jaar waarin die wieg van die Suid-Afrikaanse volk geknou is deur die uiteenskeur van die Afrikaners, deur die onstuimigheid van twee stakings aan die Rand, 'n Indiëropstand in Natal, die uitbreek van die Groot Oorlog, die Rebellie en die Brandrebellie.

Die om en by 30 maande van Desember 1912 tot Junie 1915 was en is een van die mees dramatiese tydperke in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika, enersyds vanweë die pynlik uitgerekte politieke skeuring onder die Afrikaners, andersyds vanweë die snel opeenvolgende skokke van die laaste 18 maande sedert die staking van 1914. Die lofwaardige konsiliasiebeleid van genl. Louis Botha het aan skerwe gelê. Pleks van eensgesind te wees in 'n gees van vergewe en vergeet, het Afrikaner en Afrikaner, Engelsman en Afrikaner, Engelsman en Duitser mekaar met wantroue en haat beloer en beveg.

In hierdie atmosfeer moes genl. Botha, kragtens die Grondwet, na die stembus gaan om sy handelinge van die voorafgaande vyf jaar aan die wil van die volk te toets.

Die onstuimige gemoedstoestand van die mense en die partypolitieke desorganisasie vanweë die Botha-Hertzog-skeuring en Suid-Afrika se deelname aan Brittanje se oorlog, het gronde gebied vir 'n opskorting van die Grondwet en 'n uitstel van die verkiesing. Dit is wat die Britse parlement by wyse van wetgewing gedoen het. Dit is wat genl. J.C. Smuts, in die afwesigheid van genl. Botha in Duitswes, waarskynlik graag sou wou doen, want ook hy had bedenkinge oor die wenslikheid van die hou van 'n verkiesing.[1] Stemme het waarskuwend opgeklink dat die Regering, in die lig van die ongestadigde toestand, liefs sy aandag op 'n gekonsentreerde oorlogspoging behoort toe te spits as om die land in 'n verkiesing te dompel "that threatens to be furious and embittered".[2]

Teenstemme het geëis dat die volk sy uitspraak nie ontsê mog word nie. Sedert jaar en dag is daar in Afrikanerkringe geglo dat die Botha-Hertzog-geskil slegs by die stembus besleg kon word, en die besluit tot oorlogsdeelname sonder raadpleging van die volk is as 'n klag teen die Regering gehou. 'n Opskorting van die Grondwet

---

1. A.H. Marais, Die Politieke Uitwerking van die Verhouding van die Afrikaanssprekende tot die Engelssprekende 1910-1915, p. 546 e.v.
2. The Natal Mercury, 22 Junie en 13 Aug. 1915, hoofartikels.

juis deur manne wat 'n soortgelyke poging deur lord Milner tydens die Tweede Vryheidsoorlog geopponeer het, sou die Regering slegs verder in diskrediet bring. John X. Merriman het dit besef en wou dat die verkiesing gehou word, want daardeur sou die "vyand" uit sy gate gedryf word.[3] Uit Durban, waar daar 'n agitasie op tou was om die verkiesing met sowat 'n jaar uitgestel te kry, het Goewerneur-generaal Buxton die teenoorgestelde by genl. Botha aanbeveel, want 'n uitstel, het hy geglo, sou 'n fout wees, "and far from allaying agitation it would only increase it".[4]

So het dit gekom dat Suid-Afrika op 20 Oktober 1915 na die stembus gegaan het aan die einde van die bitterste verkiesingstryd in sy geskiedenis. Wat egter opval, is dat daar in Natal nie so 'n verbittering onder die Afrikaners was soos byvoorbeeld in die Vrystaat nie, en dit moet toegeskryf word aan die feit dat die Natalse Afrikaners nie aktief aan die Rebellie deelgeneem het nie. Dit beteken nie dat daar liefde en eensgesindheid onder hulle geheers het nie, maar dat daar, wyslik of onwyslik, goed bedoelde poginge tot versoening was. Origens het dieselfde nasionale gees van elders in die land oor die Natalse Afrikaners vaardig geword en sou dit, te midde van die Engelse se oorlogsbeheptheid en die stagnasie van die Suid-Afrikaanse Party, op die amptelike stigting van die Nasionale Party in Natal uitloop. Die Afrikaners het hul partypolitieke vere gestryk vir die verkiesing; die Engelse is na gees en daad op imperiale wieke gedra.

2. Oorlog en Partypolitiek

Die oorlog en die twee rebellies binne enkele maande onder die taalgroepe het Natal se partypolitiek in 1915 in spesifieke rigtings gedwing. Dit het aan die Unionisteparty, as katalisator van "Empire"-gesindheid, nuwe lewenskrag gegee; dit het die Arbeiderparty op die rand van die graf gebring; dit het aan die Suid-Afrikaanse Party 'n stemkrag gegee ver bo die vermoë van sy verflenterde partymasjinerie; dit het die Nasionale Party van 'n spriet tot 'n plant laat groei en verseker dat dit 'n durende en sterker wordende politieke faktor in Natal sou word.

Die Afrikanerverraad van 1914 was vir die Engelse onverstaanbaar en onvergeeflik -- haat jeens die Engelse was al wat hulle daarin kon lees. Dit, tesame met die drang om die "Empire" van oorlogsvernietiging te red, het hulle in mekaar se arms gejaag en sou daarop uitloop dat lede van verskillende partye, op uitsonderinge na, met mekaar sou wedywer om genl. Botha op die hande te dra en genl. Hertzog te verdoem, want laasgenoemde was 'n vyand van die "Empire." Die Witness het die aandag spesifiek op hierdie anomalie gevestig en, ten spyte van die verwarring wat dit by die kiesers moet veroorsaak het, geregverdig, want: "We consider that in the

---

3. Vgl. Marais, Die Politieke Uitwerking ....., p. 547 e.v.
4. PM/OG, Buxton -- genl. Botha, 6 Feb. 1915.

present time of crisis every Hertzog candidate should be regarded as a danger to the State, and our ranks should be closed at once to secure his defeat."[5]

Oorlog en politiek was vir die gemiddelde Engelsman so ineengeweef dat dit sinoniem geword het met Empire." 'n Pietermaritzburger het dit so uiteengesit: Hy is nie 'n ondersteuner van die Suid-Afrikaanse Party nie; hy is nie 'n Federalis nie; hy hang nie die Natalparty aan nie; hy sal in normale omstandighede nóg vir Thomas Orr, nóg vir Bill Griffin of enige Bothaman stem, want die land het progressiewe wetgewers nodig. "Yet, in spite of all these things, I say that, if any action is taken by any party in Natal which may possibly result in a seat being lost to a supporter of General Botha, that party or persons responsible will be guilty of a criminal action."[6]

Vanuit die bevordering of belemmering van die Britse oorlogspoging is die party-politiek beoordeel. Daarom was Botha 'n held en Hertzog 'n skurk. "Our soldier-Premier" se spoedige en roemryke verowering van Duitswes, waartydens 30 man van die Natal Light Horse gedood en 53 gewond is, het die verbeelding van die Natallers dermate aangegryp dat een aan die hand gedoen het dat Duitswes, na analogie van Rhodesië, na Louis Botha Land herdoop moes word.[7]

Terwyl mej. E. Stead 'n gedig The Empire's Prayer aan Hul Majesteite die Britse vorstepaar opgedra en voorgelê het, deur wie dit met dank ontvang is, is daar ook op ander wyses uiting gegee aan die Natallers se oorlogsgeesdrif. 'n Raps meer as 'n jaar na die uitbreek van die oorlog het die Witness met sy 51ste weeklikse lys bekend gemaak dat daar uit sy sjieling-per-week-fonds reeds die volgende vir Natalse troepe aan die front aangekoop is: 354 000 sigarette, 13 500 seroete, 9 080 sakkies tabak, 4 896 dosies vuurhoutjies, 510 pype, 152 blikkies tabak, 950 sigare, 204 skeerkwasse en 'n verskeidenheid tydskrifte. Voor die einde van die jaar sou dit die mikpunt wees om 1 000 bydraers per week tot hierdie fonds te hê, en sou daar binne 10 dae ná 'n beroep deur die Witness, oor die R434 tot 'n Kersgeskenk vir die troepe bygedra word.[8]

Tussendeur is daar R90 000 geïn vir verskeie noodlenigingsfondse, R13 000 binne enkele dae geskenk vir die aankoop van 56 masjiengewere vir Natalse soldate aan die

---

5. The Natal Witness, 14 Aug. 1915, hoofartikel. Sien ook ibid., 24 Junie 1915, hoofartikel.
6. Ibid., 6 Julie 1915, brief deur "Imperialist."
7. Ibid., 22 Mei 1915, brief deur "Interested One"; ibid., 31 Aug. 1915, berig. Sien ook lojaliteits- en lofbetuigings aan Botha uit Natal in PM 51/19B/14 en PM 51/59/15.
8. PM 150/3/15, Waarn. Sekr. Premier -- Prov. Sekr. Natal, 27 Maart 1915; The Natal Witness, 20 Aug. 1915, berig; ibid., 3,8,9 en 10 Des. 1915, voorbladberigte.

front, geesdriftige vergaderings gehou ter steun aan die Moederland se oorlogs=poging en het honderde Natallers, benewens die 3 500 wat reeds geveg het, hulle tydens 'n werwingsveldtog vir militêre diens aangemeld. Laasgenoemde is in Durban van stapel gestuur enkele ure na die onthulling van Dick King se ruiterstandbeeld, en daarin het die Mercury die boodskap gelees: "He being dead, yet speaketh."[9]

Meegevoer deur hul geesdrif, is dit te verstane dat die Natallers aanstoot sou neem indien hul aanbiedinge nie met gelykluidende dank aanvaar sou word nie. Dit is wat gebeur het toe lord Kitchener geweier het om die aangebode masjiengewere te aanvaar uit vrees dat dit van 'n swak gehalte sou wees. Die Natallers was afge=haal en die Witness het die weiering as 'n klap in die gesig beskou, want, het hy verklaar, dit beteken eintlik dat Kitchener gesê het: "We do not need your guns or want your money."[10]

Eienaardig genoeg, Hugh M. Meyler se soldaterol in Europa het hom nie van die politieke woestyn in sy kiesafdeling Weenen gevrywaar nie. Meyler, wat uit die Unionisteparty bedank het, in Frankryk vir dapperheid bekroon is en later gewond en deur Duitse gifgas oorweldig sou word, wou hom as Onafhanklike in sy ou kiesafdeling verkiesbaar stel, maar was ten spyte van pleidooie deur sir Thomas Smartt en die Witness op grond van sy diens aan die "Empire", totaal onaanvaarbaar vir sy vorige kiesers. Die Witness het dit betreur, want, het hy verklaar, dit was die geleent=heid om die Natallers as Onafhanklikes te laat saamstaan op 'n gemeenskaplike politieke platform: Botha. "We are not speaking of General Botha the party leader, but of General Botha the upholder of British Imperialism in South Africa."[11]

Dit was die gees wat die nie-amptelike samewerking tussen die Unionisteparty en die Suid-Afrikaanse Party onderlê het, maar daaroor later meer. Die Unioniste was hoofsaaklik in Durban gekonsentreer en volgens alle aanduidinge goed ge=organiseer en ywerig ondersteun deur die Mercury. Dieselfde kan nie van die Suid-Afrikaanse Party gesê word nie. Sterk individuele pogings is wel met goeie gevolg aangewend om die party se belange te behartig, maar van 'n deeglike party=masjinerie was daar weinig sprake. E.G. Jansen, sekretaris van die Suid-Afrikaan=se Party en reeds op die punt om hom by die Nasionale Party aan te sluit, het eind Mei 1915 die gebrek aan organisasievermoë van sy party onderstreep deur te ver=klaar: "Everything has been dead in that respect for some time otherwise I would have resigned long ago."[12]

---

9. The Natal Mercury, 16 Aug. 1915, berig en hoofartikel. Sien ook ibid.,25 en 29 Nov. 1915, voorbladberigte; The Natal Advertiser, 18 Jan.,9 en 20 Aug. 1915, hoofartikels; The Natal Witness, 5 en 10 Aug., 23, 26 en 30 Nov., 3 en 7 Des. 1915, voorbladberigte en -advertensies; Sir Marshall Campbellversameling, Letters 13664/6101, Nr. 7, N. Wagner -- Campbell, 20 Nov. 1915, en bylae.
10. The Natal Witness, 12 Aug. 1915, voorblad en hoofartikel.
11. Ibid., 21 Julie 1915, hoofartikel. Sien ook ibid., 6 Julie en 20 Julie 1915, hoofartikel en berig; ibid.,11 Aug. 1915, brief deur Hugh M. Meyler; The Times of Natal, 17 Julie 1915, verslag van Unionistevergadering op Estcourt.
12. E.G. Jansenversameling, Lêer 66, E.G. Jansen -- G.T. van Rooyen, 29 Mei 1915.

Van die provinsiale leier, sir William Beaumont, het daar nie kragtige leiding uitgegaan nie. Geen provinsiale kongres is gehou nie, want die uniale partyleiding het besluit om, weens die ontwrigting van sy partymasjinerie deur die bedanking van vele ampsdraers en hul aansluiting by die Nasionale Party, die provinsiale kongresse op te skort en het slegs 'n spesiale kongres op 19 Augustus in Bloemfontein gehou. Watter rol die Natallers op hierdie kongres gespeel het, is nie bekend nie; ook nie wat besluit is op die vergadering van die Natalse uitvoerende bestuur wat op 30 Augustus onder sir William se voorsitterskap in Pietermaritzburg gehou is nie. Sekere takke van die party in Natal was nietemin bedrywig, nuwe takke is gestig of beoog, en op 29 Mei het die Paulpietersburgse tak van die party die bedanking van sy vise-voorsitter, J.H. Labuschagne, en dié se aansluiting by die Nasionale Party betreur.[13]

Die vernaamste werk is egter deur die sittende Parlementslede binne hul onderskeie kiesafdelings verrig, en later ook deur nuwe kandidate van die party. Onder hulle was veral bedrywig sir George Leuchars, Frank U. Reynolds, sir Thomas Watt, genl. M.W. Myburgh en nuwelinge soos dr. R.A. Buntine en J.W. Moor. Sonder die persoonlike aanhang van genl. Botha onder die Afrikaners, kragtig aangevul deur die steun van "Empire"-gesindes en hierdie keer met die seën van Natal se oordonderende Engelse pers, sou die Suid-Afrikaanse Party gewis nie die welslae in die verkiesing behaal het wat hy wel behaal het nie.

Die toestand op die vooraand van die verkiesing sou seker nie veel verskil het van dié twee jaar later nie, en toe het Ella (Tinkie) van der Spuy uit Pietermaritzburg aan "My dear Boetie" genl. Smuts geskryf: "We have been here some time now, but like Natal less than ever. The majority of people here are extremists -- either Jingoes or Nationalists -- and we S.A.P. supporters (who are few and far between) get no sympathy anywhere."[14]

Dit bevat sekerlik ook 'n element van oordrywing, want wat nie uit die oog verloor mag word nie, is dat die afsplitsing van die Hertzoggroep en die daaropvolgende Rebellie, soos reeds verklaar, nie dieselfde giftige verbittering onder die Natalse Afrikaners as onder dié van die Vrystaat veroorsaak het nie.

'n Gees van versoening was vroeg reeds merkbaar onder lede van die Suid-Afrikaanse Party, Tak II, Newcastle, kiesafdeling Dundee, waarvan J.J. Müller die eerste Nasionale Partytak op 25 Julie 1914 afgestig het.[15] Op die vergadering van die ou

---

13. Vgl. Marais, Die Politieke Uitwerking....., pp. 566-567; De Afrikaner, 8 en 11 Junie en 31 Aug. 1915, berigte oor takbedrywighede en byeenkoms van uitvoerende bestuur.
14. Smuts Papers, Private 193, Vol. 18/V377A, Ella van der Spuy -- genl. Smuts, 14 Aug. 1917.
15. Sien hierbo Hoofstuk 6, besonderhede wat op voetnote 64-67 slaan.

SAP-tak op 29 Augustus 1914 op Doornpoort het die nuwe voorsitter, M.C. Adendorff, pas nadat hy die voorsitterstoel ingeneem het, die afskeiding van die Nasionaliste betreur, en die hoop uitgespreek dat, "hoewel de afgescheidene het ons in de laatste tijd op die vergaderingen wat onaangenaam hadden gemaakt", daar geen persoonlike gevoelens tussen hulle sou wees nie. Insonderheid het hy dit betreur dat J.J. Müller hulle verlaat het. Adendorff het die wens uitgespreek dat die breuk slegs tydelik sou wees. 'n Soortgelyke gesindheid is deur die sekretaris, J.H.F. Meyer, en David van Niekerk geopenbaar. Vir Meyer was daar geen rede waarom die SAP-tak en die NP-tak mekaar nie as gevestigde liggame kon beskou en respekteer nie, en vir van Niekerk was dit in die algemene belang dat hulle soos broers moes saamwerk, want "Doen wij zulks niet dan zal het slechts een groter scheuring veroorszaken."[16]

Dit kan wees dat die erns van die skeuring toe nog nie ten volle besef is nie, maar dit verklaar nie die latere pogings tot versoening nie. E.G. Jansen het tot in 'n laat stadium bly hoop op versoening en De Afrikaner het, natuurlik ook met die oog op sy lesertal, hereniging tot strydkreet verhef. Hierop word later uitgebrei. Wat veral opval, is dat vele lede van die Suid-Afrikaanse Party, selfs SAP-takke, hulle die lot van die rebelle ewe sterk as die Nasionaliste aangetrek het. Dit blyk duidelik uit versoeke om begenadiging aan die rebelle en dank vir verleende begenadiging wat genl. Botha tot eind 1916 uit Natal sou ontvang. Dit was afkomstig van sowel SAP- as NP-takke, openbare vergaderings wat deur lede van albei partye in 'n gees van eensgesindheid bygewoon is, van gesamentlike vergaderings van takke van albei partye en van "de Natalse Vroue Vereniging", wat uit lede van albei partye bestaan het.[17]

Een van die eerste gesamentlike byeenkomste wat so 'n eenparige beroep op genl. Botha gedoen het om die rebelle vry te laat, is op 15 Desember 1915 op Zwartwater, Helpmekaar, gehou en is deur die SAP-voorsitter, L.J. Nel, en die NP-sekretaris in die buurt belê. Dit was vir dr. J. Vrolik van De Afrikaner 'n heuglike gebeurtenis en 'n aanduiding van 'n begeerte tot hereniging. Volgens hom was dit die eerste keer sedert die droewige gebeurtenisse van die voorafgaande maande dat Sap en Nat op 'n gemeenskaplike verhoog verskyn het.[18] Dié versoenende houding lê sekerlik ook ten grondslag van die feit dat die Natalse vroue, ten spyte van druk

---

16. De Afrikaner, 11 Sept. 1914, notule ingestuur deur sekr. J.H.F. Meyer.
17. Vgl. o.a. PM 120/44/15, I, D.C. Uys en Johs. C. Vermaak -- genl. Botha, 15 Des. 1915, en bylae; ibid., F.J. Bester -- genl. Botha, 18 Jan. 1916; ibid., mev. A. Jansen, jr. -- genl. Botha, 7 Feb. en 18 April 1916, en bylaes; PM 120/44/15, II, M.W. Myburgh -- genl. Botha, 1 Des. 1916, en bylae.
18. De Afrikaner, 21 Des. 1915, berig en hoofartikel.

wat op hulle uitgeoefen is, geweier het om hulle in navolging van die Vrystaatse en Transvaalse vroue, in 'n politieke liggaam te organiseer. Pleks daarvan het hulle, soos nog sal blyk, "de Natalse Vroue Vereniging" as 'n liefdadigheidsorganisasie gestig waarby lede van albei politieke partye aangesluit het.

Terwyl die Rebellie in die Vrystaat Afrikanerhaat tot gevolg gehad het wat op wedersydse slegmakery en vuisgeveste op vergaderings uitgeloop het,[19] het dit geneig om die teenoorgestelde uitwerking op Natalse Afrikaners te hê, want hulle het nie aan die opstand deelgeneem nie en gevolglik is daar nie broederbloed tussen hulle vergiet nie. Die teendeel was waar van die Rebellie se uitwerking op die Natalse Engelse, soos aangetoon in die vorige hoofstuk. Niks openbaar die onversetlike houding van die gemiddelde Engelsman jeens die rebelle duideliker as Goewerneur-generaal Buxton se antwoord aan pres. Steyn op sy pleidooi om begenadiging nie. Buxton, wat hom toe juis in Durban bevind het, het in 'n uitvoerige brief aan Steyn verklaar dat begenadiging slegs tot 'n einde van die spanning, 'n heling van wonde en 'n voorkoming van 'n soortgelyke opstand kon lei, indien die verlening daarvan deur die rebelle as 'n begenadigende, helende en vriendskaplike daad beskou sou word. "This spirit appears, unfortunately, at present, to be totally lacking on the side which is demanding clemency; and must, I should imagine, make it de(s)pairingly difficult for the Government to attempt to act in a conciliatory spirit."[20]

Dit was 'n billike en gegronde siening, maar duisende Afrikaners het die saak nie so ingesien nie. Een van vele, ook in Natal, was E.G. Jansen. Vir hierdie gematigde politikus het die oorlog die keerpunt in sy politieke loopbaan gebring, maar dit sou nog etlike maande duur voordat hy van party sou verander. As iemand wat van die begin af samewerking tussen die taalgroepe voorgestaan het in die totstandbring van 'n verenigde volk, het daar reeds in die voorafgaande jare veel gebeur wat hom ontstig het, insonderheid die hatige uitinge van die Engelse pers en die onvermoë van die Engelse in die algemeen om die Afrikaner te begryp. "They are entirely out of touch with Dutch feeling and sentiment, and they cannot or will not make any endeavour to understand the Dutch view of things. And herein, I venture to say, is to be found the real fountain-head of all the trouble between the two races in South Africa."[21]

Hoewel Jansen hom nie kon vereenselwig met die uitsit van genl. Hertzog uit die Kabinet nie, het hy op die Roomkongres van November 1913 steeds vir genl. Botha

---

19. Marais, Die Politieke Uitwerking....., pp. 499-501, 616.
20. Steynversameling, 156/1/8, Buxton -- pres. Steyn, 18 Julie 1915.
21. The Natal Witness, 15 Julie 1915, brief deur E.G. Jansen. Sien ook hierbo Hoofstuk 7, besonderhede wat op voetnote 69-71 slaan.

gestem, want hy het nie van genl. Hertzog se bitsige reaksie gehou nie. Reeds toe was Botha se konsiliasiebeleid onder verdenking by hom en algaande het hy dit afgeskryf as van die begin af gedoem, "because the one-stream and conciliation requires that nothing should be done to frighten away our English friends, and they are so very easily frightened away -- witness the resignation of Sir George Leuchars in December 1912."[22]

Volgens sy eie erkenning was dit die gebeure sedert Augustus 1914 wat hom by die keerpunt gebring het. Dit het hom oortuig dat die Engelse die Afrikaner nie 'n nasionale bestaan gegun het nie, maar hulle wou verswelg. Boonop was Suid-Afrika, waar dit die minste verwag kon word, die enigste deel van die Britse ryk waar mense gedwing is om te gaan veg vir die ryk, en die wat geweier het, het hardepad gekry. Dan het daar dinge onder krygswet gebeur wat hy nooit kon glo in Suid-Afrika sou gebeur nie. Toestande het geheers wat hy hom altyd voorgestel het in Rusland gangbaar was. Geen vinger is verroer om die Brandrebellie te voorkom nie en die brandrebelle is nie onder krygswet vasgevat nie.[23]

Die teuellose geweld waaronder die Duitsers deurgeloop het, het die seël geplaas op Jansen se oplaaiende ergerlikheid jeens die party waarvan hy 'n hoofamptenaar was. Daarmee is vroeg reeds die voorspelling bevestig wat John X. Merriman teen= oor Smuts gemaak het, naamlik dat die Brandrebellie 'n erflating van bitterheid sou agterlaat omdat dit deur net sulke barbaarse metodes gekenmerk was as dié wat hy 14 jaar tevore veroordeel het.[24]

Merriman se voorspelling is ook bewaarheid deur die houding van manne soos Tielman Roos en F.E.T. Krause, wat in hul briewe in De Afrikaner net so ontstoke soos Jansen was. Krause was van mening dat die rebelle niks laakbaarders as die anti-Duitse "skorrie-morrie" gedoen het nie, en 'n gelyktydige briefskrywer uit Natal, "Verrekijker" van Vryheid, wou weet: "Wie het nou die meeste skade gedoen, die oproerlinge of die opstandelinge?" 'n Ander inwoner van Vryheid, C. Schoon, het in 'n brief aan De Volkstem gekla oor die ligte vonnisse, die straffelose optrede van F.S. Tatham en J.G. Maydon op die Uniedagvergadering in Pietermaritzburg en het die lot van die Afrikaneronderdane van Sy Majesteit beween: "Hebben wij dan geen rechten en voorrechten, die ons gewaarborgd zijn? Moeten wij dan door die 'hogere plichten', van de lagere politici vertrapt en vertreden worden?"[25]

---

22. E.G. Jansenversameling, Lêer 51, gedeelte van getikte brief deur E.G. Jansen, ongedateer, sy kursief; ibid., Lêer 274, stuk in E.G. Jansen se handskrif, on= gedateer, p.170; De Afrikaner, 10 Aug.1915, ope brief deur E.G. Jansen.
23. E.G. Jansenversameling, Lêer 274, stuk in E.G. Jansen se handskrif, ongedateer, pp. 171-182; De Afrikaner, 10 Aug. 1915, ope brief deur E.G. Jansen.
24. P. Lewsen, Selections from the Correspondence of John X. Merriman, 1905-1924, VRS 50, pp.272-273, Merriman-- genl. Smuts, 21 Junie 1915.
25. De Afrikaner, 25 Mei 1915, brief deur onderskeidelik Tielman Roos en "Verrekij= ker"; ibid., 4 Junie 1915, brief deur F.E.T. Krause; GG 9/64/179, knipsel uit De Volkstem, 22 Junie 1915, brief deur C. Schoon.

Adrian I.J. Nel van Greytown het hartgrondig saamgestem. Hy wou weet wie "voor die vrolikheid" sou betaal en waarom die Regering nie die burgers opgeroep het om die brand-gepeupel teë te gaan nie. Daarop het hyself geantwoord: Die twee taal=groepe word volgens verskillende maatstawwe beoordeel, want die een groep kom in kampongs tereg, die ander loop vry rond; wat vir die een 'n reg is, is vir die ander 'n onreg; die "Empire" eerste, dan Suid-Afrika. Hy sou graag meer hieroor wou skryf, "maar eendag als Martje Louw weer dood is zal ons schrijven en spreken".[26]

Onder die Afrikaners het dit ook nie by mor gebly nie. Volgens B.E.A. Rabe, eens een van Botha se trouste ondersteuners, en E.G. Jansen het "de brandstichters en plunderaars" en die algemene byval wat hul verwoestingswerk onder die Engelse ge=vind het, die veelgeroemde vryheid onder die Britse vlag en "British fairplay" so 'n pynlike verrassing vir die Afrikaners gemaak dat hulle liewer hul toevlug tot die Nasionale Party geneem het.[27]

Die vlamme van die Brandrebellie het menige Afrikaner se lojaliteit teenoor genl. Botha verteer, en dit was 'n langdurige proses, want die Engelse se hatigheid het voortgeleef. In 1918 sou genl. Botha hom nog soos volg teenoor genl. Smuts beklae: "... ik moet jou eerlik zeg dat die uiterste Engelsen in dit land zaken baje ernstig moeilik maak want hun politiek om maar met een doosje vuurhoutjes in die hand rond te loop en private eigendommen aan brand te steken is een gemene en bederfelike ding en maak baje meer Nationalisten, disloyalisten en rebellen."[28]

In hul stryd teen 'n oormag is dit natuurlik dat die Afrikaners van Natal na 'n bondgenoot sou smag -- vandaar Jansen se versugting reeds op 20 Desember 1914 na samewerking met die Arbeiderparty.[29] Maar hierdie party sou spoedig nie 'n skaduwee wees van wat dit nog op 4 Augustus 1914 was nie. Die Groot Oorlog het dié opkomende party aan stuk geslaan. Net soos in Europa en Amerika het die kwes=sie van oorlogsdeelname al dan nie, 'n skeuring tussen die Sosialiste en die arbeiders binne die Suid-Afrikaanse Arbeiderparty veroorsaak. Van die begin af was daar 'n groep onder leiding van F.H.P. Creswell wat 'n oorlogsbeleid voor=gestaan het. Daarteenoor was daar, streng ooreenkomstig internasionale Sosialis=tiese beginsels en uitsprake, 'n anti-oorlogsgroep, uit wie se geledere Sydney Bunting en P.R. Roux reeds in September 1914 die War on War League gestig het. Laasgenoemde groep het aanvanklik die oorwig in die partybestuur gehad en vanweë die tweespalt het die oorlogskwessie die eerste jaar lank onopgelos gebly. Eers

---

26. De Afrikaner, 4 Junie en 6 Julie 1915, briewe deur Adrian I.J. Nel.
27. Ibid., 27 Aug. 1915, B.E.A. Rabe se stelling op "Nationale Kongres"; E.G. Jansenversameling, Lêer 62, onvolledige en ongedateerde stuk in E.G. Jansen se handskrif.
28. Smuts Papers, Private 192, Vol. 19/B30A, genl. Botha - genl. Smuts, 26 Apr.1918.
29. Sien hierbo Hoofstuk 6, besonderhede wat op voetnoot 100 slaan.

op 'n spesiale konferensie van 22-23 Augustus 1915 het Creswell daarin geslaag om 'n beleid van oorlogsdeelname aanvaar te kry -- ten koste van die wegspat van die anti-oorlogsgroep, onder wie van die vernaamste partyleiers. Hierdie skeuring het die Arbeiderparty 'n knou toegedien waarvan hy nooit herstel het nie en wat hom in die algemene verkiesing van 1915 duur te staan gekom het.[30]

Die verswakking van die Arbeiders het egter nie samewerking met die Nasionale Party onmoontlik gemaak nie, dit miskien juis in die hand gewerk. Soos vroeër daarop gewys, is daar van tyd tot tyd aan anti-Afrikanerkant 'n bondgenootskap tussen die arbeiders en die Nasionaliste in die vooruitsig gestel. Dit is gedoen van voordat Hertzog nog sy party gestig het. Met die naderende verkiesing van 1915 is dit herhaal. Die samewerking tussen die Unioniste en Suid-Afrikaanse Party, waaroor later meer, was juis daarop gemik om te verhinder dat 'n enkele "Labour-Hertzog candidate"[31] verkies word. Geen formele samewerkingsooreenkoms is, sover vasgestel kon word, tussen die Arbeiders en die Nasionaliste gesluit nie, maar dat daar wel samewerking was, is gewis. In Natal het dit in een kiesafdeling vaste vorm aangeneem, maar die pas gestigte Nasionale Party van Natal het bedroë daarvan afgekom.

3. Ontstaan van die Nasionale Party[32]

Die uitbreek van die oorlog het partypolitieke bedrywighede dwarsdeur die land aan bande gelê. Dit is nie slegs deur die wanordelikhede belemmer nie, maar ook deur die afkondiging van krygswet, of die "hou-je-bek-wet", soos dit ook genoem is. In Mei 1915 het D.P. du Toit nog in 'n brief aan F.W. van Reenen gekla dat hy as redakteur van De Afrikaner voortdurend van owerheidsweë herinner is aan die bestaan van krygswet; in Junie het G.T. van Rooyen van Umvoti aan E.G. Jansen verklaar dat hulle in die wiele gery is deurdat die magistraat die hou van vergaderings belet het; in Julie kon die stigtingsvergadering van die Kranskoptak van die Nasionale Party in Umvoti eers gehou word nadat daar ingewillig was om 'n polisieman daar toe te laat, en op die stigtingsvergadering van die Greytowntak op 24 Julie

---

30. N. Weyl, Traitor's End, The Rise and Fall of the Communist Movement in Southern Africa, pp. 45-46; D. Ticktin, "The War Issue and the Collapse of the South African Labour Party, 1914-15", South African Historical Journal, No. 1, Nov. 1969, pp. 59-80.
31. The Natal Advertiser, 27 Mei 1915, berig.
32. F.J. van Heerden se 10½ bladsye oor die stigting van die Nasionale Party in Natal in O. Geyser en A.H. Marais (reds.), Die Nasionale Party, I, Agtergrond, Stigting en Konsolidasie, pp. 175-186, bevat vele brakkolle, onjuisthede, teenstrydighede en stellinge wat nadere toeligting verdien. Sien in dié verband At van Wyk, "NP se geskiedenis oor Natal wemel van die foute", Hoofstad, 17 Sept. 1975.

het P.R.N. Vermaak geklae: "Onze monden zijn gesloten en onze pen beteugeld door de krijgswet."[33]

Hoewel die partypolitiek gedurende veral die eerste maande van die oorlog nie sy normale gang kon gaan nie, het die oorlogsgebeure nie slegs die politieke aandag rondom die teenpole Afrikaner-Engelsman wakker gehou nie, maar dit sterk bevorder. Al wat nog kortgekom het, veral onder die Afrikaners van Natal, was dat hul gesindheid behoorlik gerig moes word. Dit kon slegs gedoen word indien daar 'n behoorlike partymasjinerie was, en dit het nie bestaan nie.

Soos vroeër aangetoon, is die stigting van die eerste Nasionale Partytak op 25 Julie 1914 deur J.J. Müller op Doornpoort, Newcastle, kiesafdeling Dundee, binne 'n maand gevolg deur die stigting van waarskynlik die tweede Nasionale Partytak in Natal, op Paulpietersburg, onder voorsitterskap van Christoffel Hofmeyr. Die sekretaris was J.L. van Reenen,[34] waarskynlik 'n broer van die reeds bekende F.W. van Reenen. Watter ander soortgelyke bedrywighede gedurende die volgende nege maande plaasgevind het, is nie bekend nie. Dit kom voor asof daar in hierdie tydperk weinig, indien enige, ander Nasionale Partytakke gestig is. Dit beteken nie dat die geesdrif doodgeloop het nie; inteendeel, dit is wakker gehou deur die oorlogsgebeure, die optrede van vuurwarm Nasionaliste soos Adriaan I.J. Nel en J.J. Müller en die landwye aandrang op begenadiging aan die rebelle.

Adrian Nel was toe reeds ver buite die kiesafdeling Umvoti bekend as 'n man wat nie geaarsel het om reguit te praat nie. Hy was ook 'n ywerige briefskrywer aan koerante. In sy eie kiesafdeling was Nel se pen so goed bekend dat die netjiese dorpskoerant, die Greytown Gazette, daarmee gespot het as Nel se "well-known weakness" en 'n hekeldiggie deur 'n leser geplaas het, waarvan die volgende strofes aangehaal word:[35]

"Dear Mr. Editor,
You're a stranger here,
So I wish to tell
Of our Local Patriot
A.J. Nel.

"Are you short of news
Your columns to swell
Just drop a line to
A.J. Nel.

---

33. PV 55, 1/5/2/G2/1, De Nationale Partij, Greytown, 24 Julie 1915; E.G. Jansenversameling, Leer 66, G.T. van Rooyen -- E.G. Jansen, 2 Junie 1915; De Afrikaner, 23 Julie 1915, berig.
34. The Vryheid Herald, 20 Aug. 1914, berig; De Afrikaner, 29 Junie 1915. Sien ook hierbo Hoofstuk 6, besonderhede wat op voetnoot 94 slaan.
35. The Greytown Gazette, 5 Maart 1915.

"Of the wicked English
and their tricks of Hell
you can ascertain all -- from
A.J. Nel.

"Of the 'Oprecht' Burghers
Whom we know so well
Nothing but praise from
A.J. Nel.

"In praising Hertzog's traitorous bark
A man you can safely 'trust in the
dark,'
There's no one in Heaven nor earth can
excel
Our only Patriot
A.J. Nel

"In conclusion, a dear old saying I'll tell
To Arm chair critics like A.J. Nel:
There's a mote in the eye of John B-l
There's a Beam in your own
Mr. A.J. Nel."

Müller se bedrywighede was meer prakties gerig as dié van Adrian Nel. Sy Tak I, Dundee, het op 27 Augustus sy tweede vergadering op Doornpoort gehou, by watter geleentheid die bestuursvakature wat met die stigtingsvergadering gelaat is,[36] gevul is deur die verkiesing van J.J. Grové. Twintig nuwe lede het aangesluit en daarmee die ledetal na 60 opgestoot; die bestuur se voorgestelde huishoudelike reglement van orde is goedgekeur; subskripsie is op 2/- per lid per jaar vasgestel, met vrystelling aan behoeftiges; en daar is besluit om voortaan om die beurt by Dannhauserstasie en op Doornpoort te vergader. Die tak was deeglik georganiseer "om de belangen van land en volk te behartigen langs christelik nationale weg ... (en) De toekoms word beslist ingegaan, bewust van die grote taak aanvaard onder die beginsels van de Nationale Partij."[37]

Intussen is die saak van die Nasionale Party bevorder deur die pleidooie om begenadiging aan die rebelle, want dit was veral dié party wat hom die lot van die rebelle aangetrek het. Verskeie petisies om begenadiging was in omloop in die land en van hulle het ook in Natal gesirkuleer. Een daarvan, die "Volks-petitie",[38] is versprei vir latere voorlegging aan die Goewerneur-generaal. Daarin is onder meer aangevoer dat die rebelle weens gemoedsbesware en nie uit willekeur nie in opstand gekom het; dat die landsverdediging nie op dwang berus het nie; dat die te swaar strawwe die volkskeuring sou bestendig; en dat die opsluit van rebelle

---

36. Sien hierbo Hoofstuk 6, teks tussen voetnote 66 en 67.
37. De Afrikaner, 25 Sept. 1914, berig ingestuur deur sekr. P.J. Fourie, jr.
38. PM/OG, o.a. Vol. A, "Volks-petitie", 202.

saam met gewone misdadigers, moreel skadelik was. In die lig hiervan is gevra dat begenadiging verleen moes word deur die opgelegde of te opgelegde strawwe of geheel en al op te hef, of aanmerklik te verlig. Oor die 800 Natallers, mans en vroue, was onder die 33 000 oral uit die land wat hierdie versoekskrif onderteken het en wat reeds in Mei 1915 aan die Goewerneur-generaal voorgelê was.[39]

Onder die Natallers wat dit onderteken het, was daar bekendes soos A.L. Jansen, vader van E.G. Jansen, ds. H.F. Schoon van Ladysmith en J.H.F. Meyer, wat waarskynlik niemand anders was nie as die reeds bekende sekretaris van die Suid-Afrikaanse Party, Tak II, Newcastle, kiesafdeling Dundee. Tot in die hartjie van Durban was daar Afrikaners wat dit onderteken het.[40] Hierdie versoekskrif is later deur 'n ander gevolg wat aan die Regering voorgelê is, maar daaroor later meer.

Die rondneem van die versoekskrifte, die bewustheid van die politieke gebeure elders in die land en die naderende algemene verkiesing het gesamentlik daartoe bygedra om die gees van nasionalisme, soos verteenwoordig deur die Nasionale Party, ook sterker in Natal te laat posvat. Ook die Brandrebellie van Mei 1915 het 'n rol gespeel, en dit is opmerklik dat die eintlike bedrywighede van die Natalse Nasionaliste van hierdie maand af dateer. Op 12 Mei, die dag waarop die Brandrebellie in Johannesburg uitgebreek het, was J.J. Müller en Adrian I.J. Nel juis in Bloemfontein waar hulle 'n vergadering van die Vrystaatse Sentrale Bestuur van die Nasionale Party bygewoon het.[41]

Müller en andere moet egter gewis voor Mei aan die werk gekom het, maar besonderhede hieroor ontbreek. In sy uitnodiging van vroeg Junie aan Natalse Afrikaners na die stigtingskonferensie van die Nasionale Party, het Müller verklaar dat hy die vorige twee maande reeds uit verskillende dele van Natal gevra is om, "als oprichter van de eerste Nationale Partij Tak in Natal", 'n kongres van vooraanstaande Natallers te belê om te beraadslaag "of de tijd niet aangebroken is om ook in deze Provincie de Nationale Partij te organiseren."[42] In sy voorsittersrede op die stigtingskonferensie van 17 Junie het hy verwys na 'n besoek deur hom aan Bloemfontein waar hy in aanraking met vooraanstaande Vrystaatse en Kaaplandse Nasionaliste was, en ook na reise wat hy na Transvaal onderneem en waar hy met invloedryke mense geskakel het.[43]

---

39. GG 9/59/87, Buxton se minute aan SA ministers, 19 Mei 915.
40. PM/OG, Vol. A, "Volks-petitie" 202-203, Vol. C, "Volks-petitie 5,6,9,35,76-78, 101, Vol. D., "Volks-petitie" 353-355.
41. PV 55,1/3/2/2/1/1, Nasionale Party van Natalversameling, Notuleboek van die Sentrale Bestuur van die N.P. van Natal, Bylae, J.A. Haarhoff - F.W.van Reenen, 18 Mei 1915. Daar word aangeneem dat die "Andries" Nel na wie in die brief verwys word, Adrian I.J. Nel van Greytonw is.
42. De Afrikaner, 22 Junie 1915, berig oor "Nacionale Kongres."
43. Ibid.

F.W. van Reenen was op sy beurt in Mei in korrespondensie met J.A. Haarhoff en H.S. Webb, sekretaris van onderskeidelik die Vrystaatse en Transvaalse Sentrale Bestuur van die Nasionale Party en het van albei konstitusieboekies van die party ontvang. Webb het in sy antwoord aan Van Reenen ook verwys na 'n brief deur J.H. Labuschagne aan A.D.W. Wolmarans waarin om besonderhede oor die Nasionale Party gevra is. Labuschagne en Van Reenen was albei verbonde aan "De Nationale Party Paulpietersburg-Vryheid kiesafdeling", wat reeds op 24 Mei 'n gedrukte briefhoof met dié naam gehad het. Dit blyk dat Van Reenen aansluiting by Transvaal gesoek het. Webb het egter aan hom verduidelik dat die Transvaalse party nie vir die opname van Natal voorsiening gemaak het nie en het hom aangeraai om eers afsonderlik in Natal te organiseer. Sou dit blyk dat Natal nie alleen kon staan nie, kon daar besluit word om óf by die Vrystaat óf Transvaal aansluiting te vind. Twee dae tevore het Haarhoff van die Vrystaat hom aangeraai om met Adrian Nel en J.J. Müller te skakel ten einde gesamentlike optrede moontlik te maak. Onmiddellik nadat hierdie korrespondensie gevoer was, het Van Reenen op 24 Mei 'n omsendbrief aan verskeie persone gerig en hulle opgeroep om 'n komitee saam te stel met die doel om die Nasionale Party te stig.[44]

Watter praktiese gevolg, indien enige, Van Reenen se oproep gehad het, is nie bekend nie. Bes moontlik het dit niks opgelewer nie, want intussen het Müller besluit om gehoor te gee aan die versoeke wat hy uit verskillende dele van Natal ontvang het om die party op 'n breë provinsiale basis gestig te kry. Müller het aanvanklik geaarsel, maar toe besluit om die bul by die horings te pak. In oorleg met enige vriende -- onder wie miskien F.W. van Reenen -- het hy 'n omsendbrief aan 'n sewentigtal vooraanstaandes in agt van die kiesafdeling gerig. Dit het so gelui:[45]

> "Wel. Ed. Heer,
>
> Met het oog op de naderende elektie, en de betreurenswaardige toestand waarin de Unie gedompel is -- vooral op Staatkundig en Financieel gebied -- is het hoog tijd dat de Nationale Partij, ook in de Provincie Natal zich behoorlik organiseerd.
>
> "En aangezien men mij uit verschillende delen van Natal gevraagd heeft om een Kongres van invloedrijke en belangstellende Natallers voor dit doel bijeen te roepen; zo heb ik, na rijp beraad besloten om een Konferentie te Dundee te bepalen ter bespreking van kwesties aangaande de volgende elektie, zo als Organisatie, Programma van Aktie, enz. enz.
>
> "U Ed. wordt dus beleefd doch dringend uitgenodigd om deel te nemen aan genoemde konferentie."

---

44. Geyser en Marais (reds.), Die Nasionale Party, I, pp. 178-180.
45. De Afrikaner, 22 Junie 1915, berig oor "Nationale Kongres ".

Die datum waarop hierdie omsendbrief uitgereik is, is onbekend, maar dit moet eind Mei of vroeg Junie gewees het, want 'n dienooreenkomstige uitnodiging na die konferensie, wat beloof het om "de grootste en invloedrijkste vergadering" in die geskiedenis van Natal te wees, is deur J.J. Müller in De Afrikaner van 4 Junie 1915 in die vorm van 'n nuusberig geplaas.

Hoewel die saak reeds so ver gevorder het, was daar steeds invloedrykes wat getwyfel het of dit die aangewese stap was. Een van hulle was E.G. Jansen. Hy het in antwoord op Van Reenen se vroeëre omsendbrief weliswaar te kenne gegee dat hy voornemens was om as lid en Natalse sekretaris van die Suid-Afrikaanse Party te bedank en vir die Nasionale Party te werk, maar hy was van oordeel dat Van Reenen oorhaastig was. As hulle te gou begin organiseer, het hy aangevoer, sou hulle die SAP-lede op hul hoede stel, en dié had in daardie stadium die hef in die hand.[46]

Daar was na regte ook ander redes vir Jansen se huiwering. Hy was bang dat hy as regsgeleerde in Pietermaritzburg op professionale vlak geviktimiseer sou word indien hy hom by die Nasionale Party sou aansluit, en volgens mev. M.M. Jansen het dit op die ou end gebeur.[47] Miskien nog belangriker was dat hy bly hoop het op 'n versoening tussen die Nasionaliste en die Sappe. Onmiddellik nadat F.E.T. Krause van Transvaal begin Junie deur middel van De Volkstem 'n oproep om versoening gedoen en 'n plan voorgestel het om dit te bereik, al sou dit moes geskied deur die uitskakeling van of Botha of Hertzog of albei,[48] het Jansen aan hom geskryf en die plan lof toegeswaai. Jansen het verklaar dat hy op die punt was om uit die Suid-Afrikaanse Party te bedank, maar dat Krause se brief hom laat besluit het om te wag en te kyk of die voorstel nie dalk tot versoening sou lei nie. "Wat sou dit 'n segen vir ons volk wees als daar 'n versoening kan kom! Als dit gebeur dan bly ik in die S.A.P. maar so nie dan sluit ik my by die Nationale Party aan ...."[49]

Hierdie versoeningspoging het ook reg in die smaak van D.P. du Toit, redakteur van De Afrikaner, geval. Die blad het, soos vroeër aangetoon, 'n onafhanklike standpunt in Afrikanerpolitiek gehandhaaf. Dit is uiteraard om finansiële oorweginge gedoen, want die blad het nie slegs lesers onder albei groepe gehad nie, maar kon ook nie die "plaatselike steun" van die Pietermaritzburgse sakemense ontbeer nie,

---

46. Geyser en Marais (reds.), Die Nasionale Party, I, p. 180.
47. E.G. Jansenversameling, Lêer 66, E.G. Jansen -- G.T. van Rooyen, 29 Mei 1915; Bandonderhoud met mev. M.M. Jansen, 9 Okt. 1975.
48. Krause se eerste brief is oorgedruk in o.a. De Afrikaner, 4 Junie 1915, en The Natal Advertiser, 5 Junie 1915. Sien ook Marais, Die Politieke Uitwerking..., p. 552, waarin na twee briewe deur Krause in De Volkstem van 11 en 18 Junie 1915 verwys word.
49. E.G. Jansenversameling, Lêer 1, konsepbrief E.G. Jansen -- F.E.T. Krause, 3 Junie 1915.

soos Du Toit in Mei aan Van Reenen te kenne gegee het. Dit was sy antwoord op vertoë deur Van Reenen dat De Afrikaner die belange van die Nasionale Party moes bepleit.[50] Hiertoe was Du Toit nie bereid nie, want ook hy het versoening voorgestaan. Hy het, hoewel hy nie vyandig jeens die Regering was nie, geglo dat 'n ander politieke orde geskep moes word en het op 28 Mei aangekondig dat hy sy siening in volgende uitgawes van sy blad uiteen sou sit. Op 1 Junie het hy sy belofte gestand gedoen en verklaar dat die voorafgaande vyf jaar getoon het dat daar 'n verandering in die politiek moes kom, want konsiliasie het meer kwaad as goed gedoen. Die Afrikaners het verdeeld geraak en van 'n versoening tussen die voormanne was daar nie sprake nie; ook sou dit nie deug om die een party deur die ander te laat oorneem nie. Tog was 'n versoening wenslik, en dit kon teweeggebring word deur 'n nuwe party te stig waarin albei groepe opgeneem kon word en wat tot die geleidelike versmelting van die Suid-Afrikaanse Party en die Nasionale Party sou lei.[51]

Voordat Du Toit sy siening in 'n volgende uitgawe kon hervat, het dr. Krause met sy plan ter versoening gekom: die hou van 'n konferensie van 12 afgevaardigdes uit die onderskeie partye met as oogmerk 'n versoening tussen die twee. Hiermee was Du Toit nie tevrede nie, want, het hy verklaar, enige sodanige poging was by voorbaat gedoem. Wat op Krause se beoogde konferensie gedoen behoort te word, was om 'n nuwe grondwet vir 'n nuwe party op te stel ooreenkomstig Hertzog se eenstroombeleid.[52]

'n Leser, "Een Nationalist", het die volgende interessante kommentaar gelewer: "Ja, het is alles goed en wel," het hy met verwysing na Krause se plan verklaar, "maar welke partij zal moeten afstand doen van de naam van zijn partij, toch niet weder de naam van Zuid Afrikaanze Partij, want het schijnt ons een ongelukkige naam en wij hebben veel zure vruchten onder de naam gesmaakt, waaronder wij ons niet zullen kunnen verenigen. Of als het zo gebeurd zo als voorgesteld door Dr. Krause, en als die partijen tot vereniging komen, laat dan beide partijen afstand doen van hunne tegenwoordige naam en doopt dan die nieuwe partij met de naam van Verenigde Partij."[53]

---

50. Geyser en Marais (reds.) Die Nasionale Party, I, pp. 180-181. E.J. van Heerden beweer op die aangeduide bladsye in hierdie werk dat Du Toit gehoor gegee het aan Van Reenen se versoek en dat laasgenoemde "'n belangrike deurbraak gemaak" het deur daarin te slaag "om De Afrikaner, 'n Afrikaanse dagblad in Natal, se steun vir die Nasionale saak te kry". Dit is onjuis. De Afrikaner, wat geen dagblad was nie, sou eers later, en slegs 'n maand lank, die Nasionale Party steun, soos later aangetoon word.
51. De Afrikaner, 28 Mei en 1 Junie 1915, hoofartikels.
52. Ibid, 4 Junie 1915, hoofartikel.
53. Ibid., 22 Junie 1915, brief deur "Een Nationalist."

Intussen het J.J. Müller, wat ook 'n byeenkoms van sy eie tak vir 8 Junie belê het,[54] reeds sy oproep gedoen vir die hou van 'n stigtingskonferensie van die Nasionale Party; trouens, sy oproep het in dieselfde uitgawe van De Afrikaner verskyn waarin Du Toit sy kommentaar op dr. Krause se voorstel gelewer het. Saam daarmee het 'n berig verskyn dat die Nasionale Partytak Papkuilsvlei in die distrik Paulpietersburg gestig is en het die insender verklaar: "Mooi zo! Onze zaak wordt hier warm opgevat ... De nationale geest wordt nu overal wakker." Op dieselfde bladsy het 'n berig verskyn dat verskillende Nasionaliste navraag gedoen het oor watter rigting De Afrikaner van plan was om in te slaan.[55]

Nou eers het Du Toit van die draad geklim, want hy het, tesame met die tekens van lewe wat die Nasionaliste verraai het, ook 'n amalgamasie van die Suid-Afrikaanse Party en die Unioniste op die verre horison bespeur -- en daarvoor was hy nie te vinde nie. Die uitwerking was dat hy in die volgende uitgawe van sy blad sy vroeëre beoogde nuwe party op die lange baan geskuif het. Dit kon later kom, het hy verklaar. "Intussen hebben wij een partij, bezield met de nationale beginselen waarnaar wij streven: De Nationale Partij." Ook het hy 'n beroep op sy lesers gedoen om hulle by die party te skaar en takke dwarsdeur Natal te stig.[56]

Met die stigtingskonferensie van die Nasionale Party, wat om 11-uur die oggend van 17 Junie 1915 op Dundee begin het, was die party dus reeds verseker van 'n mondstuk in Natal. Aan die perstafel was slegs De Afrikaner verteenwoordig, en aan die einde van die konferensie is die blad eenparig tot Natalse mondstuk verklaar. Die bestuurder, B.I. Vorster, wat teenwoordig was, het die konferensiegangers bedank en verklaar dat die blad alles in sy vermoë sou doen "om de heilige beginselen van de Nationale Partij te bevorderen".[57]

Hierdie beloofde samewerking sou egter slegs 'n maand duur.

Die stigtingsvergadering "was een van de meest welgeslaagde vergaderingen ooit in Natal gehouden." Benewens die 114 uitgenooides en afgevaardigdes was daar ook 70 besoekers, mans en vroue.[58] E.G. Jansen was, ten spyte van die feit dat hy op 8 Junie reeds 'n enigsins ontmoedigende antwoord van dr. Krause oor sy versoeningspoging ontvang het en deur G.T. van Rooyen van Umvoti verseker is dat hy na die konferensie uitgenooi sou word indien hy sou wou gaan,[59] nie teenwoordig nie.

---

54. Ibid., 28 Mei en 4 Junie 1915, kennisgewing by wyse van berig.
55. Ibid., 4 Junie 1915, berigte.
56. Ibid., 8 Junie 1915, hoofartikel.
57. Ibid., 22 Junie 1915, berig oor "Nationale Kongres."
58. Ibid., 18 Junie 1915, berig.
59. E.G. Jansenversameling, Lêer 66, G.T. van Rooyen -- E.G. Jansen, 2 Junie 1915; ibid., Lêer 1, F.E.T. Krause -- E.G. Jansen, 8 Junie 1915.

Die saal wat aanvanklik vir die konferensie[60] bespreek is, was te klein en daar moes inderhaas na die Vrymesselaarsaal oorgetrek word, wat byna te klein was. J.J. Müller, wat saam met Adrian I.J. Nel e.a. aan die tafel was, het begin deur die omsendbrief voor te lees wat hierbo aangehaal is, waarna F.W. van Reenen tot sekretaris verkies is. Müller het voortgegaan deur 'n uiteensetting te gee van sy skakeling met Vrystaatse en Kaaplandse Nasionaliste, sy reise na Transvaal, die versoeke wat hy die vorige twee maande uit verskillende dele van Natal ontvang het om so 'n konferensie te reël, sy aanvanklike aarseling en sy uiteindelike uitnodiging aan vooraanstaande Natallers, waarop oud en jonk so goed gereageer het dat "Natal nog nooit zo goed op een konferentie vertegenwoordigd is geweest als vandaag."

Met verwysing na sy skakeling met ander buite Natal het hy verklaar dat dit vir hom voorgekom het asof daar 'n Nasionale Partygees oor die Afrikaners van die Vrystaat, Kaapland en Transvaal vaardig geword het. Terwyl hy in Bloemfontein was, is daar aan hom gevra waarom daar nooit van Natal se Nasionaliste gehoor word nie, of sou daar dan nie Nasionaliste in Natal wees nie? "U kan zelf begrijpen hoe klein ik mij gevoeld heb bij het horen van zulke vragen." Dit het hom egter ook laat besef dat die Natalse Afrikaners te min van mekaar wis en bymekaar gebring moes word, want hoewel swakker as die ander provinsies, het hy tog voorsien dat die Natalse Nasionaliste 3-4 setels kon wen en 'n paar in 'n ander rigting kon laat omslaan.

Nadat Müller se welkomswoord tot B.I. Vorster van De Afrikaner, W. Olivier, organiserende sekretaris van die Nasionale Party in Transvaal, en J.L. Malan van Pretoria met toejuiging begroet was, is hy onder ewe luide toejuiging tot voorsitter van die vergadering verkies. Hyself het vir Adrian I.J. Nel voorgestel, wat slegs twee stemme gekry het -- dié van die voorsteller en sekondant. Ná die aanwys van twee kommissies, 'n agenda- en 'n presensiekommissie, het die vergadering tien minute verdaag om die kommissies die geleentheid te gee om hul werk te doen. Toe hulle weer byeenkom, het die sekretaris die presensielys voorgelees waaruit daar geblyk het dat daar 108[61] uitgenooides en verteenwoordigers van reeds bestaande takke in Noord-Natal was, en wel uit die distrikte Dundee, Ladysmith, Melmoth, Newcastle, Paulpietersburg, Umvoti, Utrecht, Vryheid en Weenen.

---

60. Behalwe waar anders vermeld, word die konferensie gerekonstrueer aan die hand van die volgende twee bronne: PV 55, 1/3/2/2/1/1, Nasionale Party van Natal=versameling, Notuleboek van die Sentrale Bestuur van die N.P. van Natal, Notuleboek van Stigtingsvergadering te Dundee, 17 Junie 1915; De Afrikaner, 22 Junie 1915, se uitvoerige verslag onder die opskrif "Nationale Kongres." Knipsels van dié verslag is later as die amptelike notule van die vergadering aanvaar - sien PV 55, 1/3/2/2/1/1.

61. Dit stem nie ooreen met die besonderhede wat op voetnoot 58 hierbo slaan nie, maar word duidelik uit 'n latere verklaring deur P.R.N. Vermaak op die stigtingsvergadering van die Greytowntak van die Nas. Party, dat daar op Dundee met 108 stemme uit 114 besluit is om die party in Natal te stig -- sien PV 55, 1/5/2/G2/1, De Nationale Partij, Greytown, 24 Julie 1915.

Die volledige lys was;[62]

Dundee: C.M. Vermaak, J.H.R. Joubert, A.C. Vermaak, N.J. Vermaak, sr., A. Jansen, jr., H.J. Cloete, A.C. Döhne, H. Vermaak, J.H.F. Boshoff, J.J. Grové, F.C. Vermaak, P.G. Joubert, J.J.G. Meyer, S.B.J. Botha, C.J. Pieters(e), jr., D.A. Maree, J.F. Mynhardt, Jurie de Villiers, W Lan(d)sberg, N.J. Nel, J.J. Kemp, N.J. van Rensburg, J.P. Grové, C.J. Laas, H.H. Laatz, P.J. Fourie, P.W. Jordaan, J.S. v.d. Berg, L.J. van Rooyen, D.C. Gunter, J.A. Landman, G. van Rooyen, G. Dannhauser, I.J. van Rooyen, J.S. Kemp, P.R. Vermaak, D.A. Cilliers, R.J. Ferreira, J.P. Hogg, J.C. du Preez, M.A. Muller, N.J. Hattingh, S.H. Bruwer, M.V. Bruwer, P. van der Westhuisen, J.H . Cronjé, P.C. Cronjé, J.H.L. van der Westhuyzen, David Degenaar, A.M. Cronjé, H.A. Muller, C. Vermaak, D. Gräbe, Gert Kemp, (?) van Rensburg, A. Potgieter.

Ladysmith: J.C. Buijs, P. Snyman, L.J. Muller; Melmoth: J. Dafel, W. Cor= nelius, J. van der Nest, P. Buijs, P.J. Meyer; Newcastle: T.J. van der West= huizen, J.C. Adendorff, C.J. Boshoff; Paulpietersburg: J.H. Labuschagne, C. Labuschagne, G. Combrink, J.L. van Reenen, P. Potgieter; Umvoti: F. Schroenn, F. Scheepers, H.D. Dinkelman, I.J. Nel, C.J. van Rooyen, J.J. van Rooyen, Franz Boshoff, G.T. van Rooyen, A.I.J. Nel; Utrecht: H.P. Breytenbach, A.T. Spies, P. Oosthuizen, P.J. Kemp, Fanie Maritz, Thys Uys, Karel Spies, P.R. Spies, W. Grobler, Adolf van Coller, I.J. Meyer, J.J. Schonken, H.J. van Rensburg; Vryheid: W. Birkenstock, A.J. Dafel, F.W. van Reenen, C. van Reenen, H. Dafel; Weenen: Chris van Rooyen, L.J. van Rooyen.

Ná die afhandeling van die presensielys is die Nasionale Party se Program van Be= ginsels punt vir punt bespreek en onder toejuiging aanvaar. Op 'n vraag van Adrian I.J. Nel in hoeverre uitvoering gegee is aan art. 7, wat die reg van ieder erken het om in sy eie taal in die staatsdiens bedien te word, het die heer Malan van Pretoria geantwoord dat van die 75 000 staatsamptenare slegs 7 000 tweetalig was.[63] Malan het, op versoek van die voorsitter, die vergaderdes toegespreek en dit beklemtoon dat die Nasionale Party van plan was om almal se regte te erken -- dié van Engelsman, Moor, Indiër en Bantoe --, maar dan moes die Afrikaners se regte ook erken word.

Die heer John Dafel[64] kon sy blydskap oor die gees van eensgesindheid op die kon= ferensie nie sterk genoeg uitdruk nie, en het daarin 'n bewys gevind dat Afrikaner= nasionalisme van die Kaap tot in Soutpansberg ontwaak het. Hy het daarop gewys dat

---

62. Vanne wat klaarblyklik verkeerd of in Hollands verskyn, word gekorrigeer.
63. Genl. Hertzog het by geleentheid verklaar, soos vervat in Marais, Die Politieke Uitwerking ..., p. 573, dat van die 7 000 staatsamptenare slegs 15% tweetalig was.
64. Sy van en dié van sy vangenote word om die beurt met 'n f en 'n v gespel. Die spelling Dafel word gebruik, want dit is, volgens 'n persoonlike mededeling deur mnr. Fransjohan Pretorius van die Departement Geskiedenis van Unisa, die korrekte spelling. Hy is 'n kleinseun van John Dafel.

die woord "Nationale" uit die naam van die Suid-Afrikaanse Party weggelaat is om diegene tevrede te stel wat onnasionaal was, daarom het hy as verkiesingskreet voorgestel "Nationalisme vs Imperialisme". Hy is luid toegejuig en ander sprekers het eweneens beswaar gemaak omdat genl. Botha indertyd die woord "Nationale" uit die naam van sy party weggelaat het om 'n Engelse minderheid tevrede te stel.

Nadat die sekretaris 'n telegram van gelukwense voorgelees het wat van H.E.S. Fremantle namens die Nasionale Party van Kaapland ontvang is, het John Dafel voorgestel dat die Nasionale Party van Natal gestig word. Die voorstel is gesekondeer deur A.T. Spies en deur een na die ander spreker met geesdrif ondersteun. F.W. van Reenen het verklaar dat hy 'n sterk en ywerige uitbouer van "de splitspolitiek van die Z.A. Partij" was, maar dat hy sy dwaling ingesien en tot bekering gekom het. Jan Adendorff van Newcastle het hom daarin verheug dat die fondament van 'n sierlike nasionale gebou gelê is wat as sieraad vir die volk tot in die verre nageslag sou dien.

Piet Meyer van Babanango was van mening dat manlikheid en dapperheid daarin te vind is dat, as jy vir een party of saak alles opgeoffer het en tot die ontdekking kom dat jou strewe verkeerd was, jy 'n ander weg moet inslaan. "Wij hadden alles voor onze voormanne veil; wij hebben hen door dik en dun ondersteund, en gebracht tot waar zij vandaag zijn, en wat was onze beloning?" Die tyd het aangebreek om te sê tot hiertoe en nie verder nie.

Toe niemand meer oor die voorstel wou praat nie, is dit tot stemming gebring en, volgens die koerantverslag, met dawerende toejuiging eenparig aangeneem. Nadat die heer Malan die nuwe party welkom geheet het, is die vergadering tot twee-uur verdaag. Met die hervatting is De Afrikaner op voorstel van John Dafel, gesekondeer deur A.T. Spies, tot amptelike mondstuk verklaar en is daar ten opsigte van party-organisasie besluit dat die verteenwoordigers van die verskillende kiesafdelings op die konferensie as Organisasiekommissie benoem word, met die mag van toevoeging tot hul getal, om sonder versuim takke van die Nasionale Party in die kiesafdelings te stig.

Om die werk te koördineer totdat die eerste kongres kragtens partygrondwet gehou kon word, is daar op voorstel van F.W. van Reenen -- W. Cornelius die volgende "Voorlopig Centraal Bestuur" saamgestel, bestaande uit twee lede uit elke kiesafdeling wat op die konferensie verteenwoordig was: P.R.N. Vermaak, Kingsley, voorsitter; John Dafel, Babanango, vise-voorsitter; F.W. van Reenen, Vryheid, sekretaris; en die volgende verteenwoordigers uit die kiesafdelings: Vryheid: J.H. (Jan) Labuschagne en P.R.N. Vermaak; Zoeloeland: John Dafel en W. Cornelius; Umvoti: T.R. van Rooyen en A.I.J. Nel; Dundee: P.R. Vermaak en J.J. Müller; Newcastle: P.R. Spies en H. van Rensburg; Weenen: H.E. Cadle en F. Boshoff; Kliprivier: C.J. Buys en L.W. Meyer.

NATAL SE EERSTE NASIONALISTE



J. Havemann

Adrian I.J. Nel



J.J. Müller

F.W. van Reenen

J.J. van Schalkwyk

A.T. Spies

J.C. Adendorff

P.R. Vermaak

J.J. Kemp

Die Nasionale Party het amptelik sy beslag in Natal gekry en die volgende telegram is aan Fremantle gestuur: "Uw telegram ontvangen; hartelik dank. Ons Leef. Honderd en acht tegenwoordig die aansluiten, behalve vele belangstellenden. Nationale eensgezindheid heerst. Algemeen besloten partij permanent in Natal te stichten. Leve de Nationale Partij, tot heil voor Land en Volk. Lang leve u en de andere leiders."

Die sukses van die konferensie het wel nie donderend weerklank gevind nie, maar tog vele Noord-Natalse Afrikaners op 'n besondere wyse aangegryp, soos blyk uit briewe in De Afrikaner en berigte in die blad oor die stigting van partytakke. Frik van Reenen het as sekretaris van die Voorlopige Sentrale Bestuur kennis aan die lede van die Organisasiekomitee gegee om so gou moontlik takke in die onderskeie kies= afdelings te stig, afgevaardigdes na die eerste jaarkongres te kies en takbesonder= hede aan hom te verstrek. Hy het ook verskeie vergaderings in die kiesafdeling Vryheid belê.[65]

Teen 20 Julie is daar in die kiesafdeling Vryheid binne sowat 'n week ses takke feitlik sonder teenstand gestig, het J.J. Müller se tak in die noordelike deel van die kiesafdeling Dundee reeds uit om en by 100 lede bestaan en was daar ook reeds twee ander gestig.[66] In die kiesafdeling Umvoti het twee takke ontstaan, t.w. Kranskop, wat omstreeks 23 Julie gestig is, en Greytown, wat op 24 Julie in die stadsaal gestig is en waar daar sowat 100 aanwesiges was. P.R.N. Vermaak, voor= sitter van die Voorlopige Sentrale Bestuur, en P. Schravesande, voorsitter van die Germistonse tak van die Nasionale Party, het spesiaal na Umvoti gegaan om Adrian I.J. Nel en G.T. van Rooyen met die organisasie te help. Die Greytowntak van die Nasionale Party is op voorstel van E. Stieger -- A.I.J. Nel sonder teenstem gestig en 54 aanwesiges het die lederegister geteken. H. van der Watt is as voorsitter verkies, met S.C. van Rooyen sekretaris, S. Martens, T. Martens, Jan Botha, Jan Havemann, J.J. van Rooyen, J.P. van Rooyen en V. van Rooyen lede.[67]

Openbaringe van geesdrif het nie ontbreek nie. P.J. Retief van Scheeperslaagte, Vryheid, het reeds voor die stigtingskonferensie die volgende half-Bybelse beroep gedoen: "Broeders wij hebben de goede strijd gestreden. Wij hebben de loop bijna ge-eindigd. Laten wij ingaan bij de poort van de Nationale Partij. Vivat, crescat, floreat. Wijd is de weg die tot andere plaatsen leidt." In 'n kommentaarberig

---

65. De Afrikaner, 29 Junie 1915, kennisgewings.
66. E.G. Jansenversameling, Lêer 66, J.J. Müller -- E.G. Jansen, 21 Julie 1915; De Afrikaner, 20 Julie 1915, berig.
67. De Afrikaner, 23 en 30 Julie en 3 Augustus 1915, berigte; The Greytown Gazette, 30 Julie 1915, berig; PV 55, 1/5/2/G2/1, De Nationale Partij, Greytown, 24 Julie 1915.

het "Houwitzer" in De Afrikaner met blydskap gewag gemaak van "De Nationale vlam" wat tot alle oorde in die land deurgeslaan het.[68]

Dit was ooroptimisme, want die aantal Nasionaliste het maar stadig gegroei en nie oral onder die Afrikaners kon takke sonder slag of stoot gestig word nie, want die Suid-Afrikaanse Party het sterk steun behou en ook georganiseer.[69] Op 1 Julie is daar byvoorbeeld 'n openbare vergadering op Kingsley gehou, gereël deur die Suid-Afrikaanse Partytak waarvan Karel Spies en A.T. Spies, wat pas tevore die stigtings-konferensie van die Nasionale Party bygewoon het, nog onderskeidelik voorsitter en sekretaris was. Daar was heelwat mense. Nadat Karel Spies die beginsels van die Nasionale Party uiteengesit het, het hy aangekondig dat hy as voorsitter van die SAP-tak bedank, en na 'n woordewisseling het A.T. Spies ook as sekretaris bedank. Jan de Jager en Alfred Friend, die latere Volksraadslid en Senator, het beswaar gemaak teen die handelwyse van die voorsitter en is ondersteun deur die SAP-lede, wat sterk verteenwoordig was. Die broers Spies wou toe dat die SAP-tak 'n nuwe voorsitter en sekretaris kies, maar die SAP-manne het geweier en verkies om hul nuwe ampsdraers op 'n meer geleë tydstip te kies. Intussen het P. Spies ook op-gedaag en voorgestel dat daar dadelik 'n tak van die Nasionale Party gestig moes word, waarop die SAP-manne die saal verlaat het. Die broers Spies en sowat sewe ondersteuners het alleen oorgebly. Die insender van die berig, W.H. Boshoff, het snedig opgemerk dat die broers Spies uit eie geledere 'n sterk partytak sou kon stig, want daar was 5-6 stoere landsburgers in die familie. Voorts het hy gespot: "A.T. Spies scheen bij uitnemendheid een autoriteit te zijn op Autokratie en demo-kratie en heel wellich nog meer 'n 'aties' met tradities inbegrepen."[70]

Op 8 Julie het A.T. Spies 'n soortgelyke ervaring gehad op die plaas Spitskop van ene Engelbrecht waar die SAP-tak Wyk 2, Utrecht, vergader het. Toe Spies voor-stel dat daar 'n tak van die Nasionale Party gestig moes word, het die SAP-manne uitgestap en het Engelbrecht die Nasionaliste die gebruik van die vergaderplek ont-sê. Hulle het daarop uitgestap en in die buitelug 'n Nasionale Partytak gestig wat met 23 lede weggespring het.[71]

Intussen het die Afrikanervroue, in hul aandrang op begenadiging aan die rebelle, op 'n indirekte wyse bygedra om die saak van die Nasionale Party te bevorder. In antwoord op 'n beroep deur mevv. P.J. Joubert en F.C. Eloff-Kruger[72] het ook die Natalse vroue komitees gestig en afgevaardigdes gekies vir 'n beoogde vroue-optog

68. De Afrikaner, 22 Junie en 2 Julie 1915.
69. Vgl. ibid., Junie tot eind Aug. 1915.
70. Ibid., 6 Julie 1915, berig; Bandonderhoud met wyle sen. Alfred Friend, 28 April 1977.
71. De Afrikaner, 20 Julie 1915, berig.
72. Ibid., 6 Julie 1915, brief deur mevv. P.J. Joubert en F.C. Eloff-Kruger.

na die Goewerneur-generaal in Pretoria om te pleit om die loslating van genl. De Wet en ander rebellegevangenes. Van eind Julie tot begin Augustus het die vroue vergaderings en/of optogte op Ladysmith, Greytown, Utrecht en Vryheid gehou, petisies om die vrylating van die rebelle laat onderteken en in telegramme aan die Regering soortgelyke versoeke gerig. Tot in Durban het 'n veertigtal vroue, onder wie besoeksters, aan die huis van mev. R. van Reenen en onder vooorsitterskap van mev. ds. W.P.J. Poën vergader, is daar reëlings getref vir 'n onderhoud met die magistraat, gekollekteer en handtekeninge vir 'n petisie verkry. Die reeds bekende J.J. Müller het sy motor tot die beskikking van die dames in die stad gestel. Op Ladysmith het 25 vroue en op Greytown 50 in 'n optog na die magistraatskantoor gestap.[73]

Op 4 Augustus was daar elf vroue, verteenwoordigend van honderde in Natal, onder die sowat 6 000 uit die hele land wat in 'n reuse-optog na die Goewerneur-generaal in Pretoria gestap en uit Natal die volgende telegram van die Voorlopige Sentrale Bestuur van die Nasionale Party ontvang het: "Ruste Gods zegen op de onderneming van onze moeders en zusters." Die elf Natalse vroue was mevv. W.P.J. Poën en R. van Reenen (Durban); P. van Rooyen en F. Stieger (Greytown); L.W. Meyer en Dorothea Kemp (Ladysmith); T. Uys, F. Maritz en A. Spies (Utrecht); M. Tredoux en L. Zietsman (Vryheid). In die afvaardiging wat deur die Goewerneur-generaal te woord gestaan is, het mevv. Poën en Kemp Natal verteenwoordig.[74]

Terwyl hierdie vrouebedrywighede aan die gang was, waaruit daar ook ander gevolge vir Natal sou spruit, het die Nasionale Party 'n kwaai knou gekry met die bedanking van D.P. du Toit as redakteur van De Afrikaner en sy vertrek na Kaapstad waar hy subredakteur van De Burger geword het. Ná een jaar en vier maande as redakteur van die Natalse blad het Du Toit in sy afskeidswoord verklaar dat hy, in die lig van die ontwaking onder die Natalse Afrikaners, nie sou wanhoop aan hul toekoms nie en het hy hulle toegeroep: "Afrikaners weest uzelven, en weest getrouw."[75]

Du Toit is opgevolg deur oud-redakteur dr. J. Vrolik, wat hom sommer met die wegspring by sowel die Afrikaners as Duitsers ongewild gemaak het deur nie slegs die Rebellie te verdoem en hom ten gunste van Britse bo Duitse baasskap uit te spreek nie, maar ook terug te val op die ou politieke draadsitbeleid van vroeër.[76] Ten

---

73. Ibid., 27 Julie, 3, 6 en 17 Aug. 1915, berigte; The Greytown Gazette, 6 Aug. 1915, berig.
74. PM120/44/15, Buxton se minute aan SA ministers, 9 Aug. 1915, en bylae; De Afrikaner, 10 Aug. 1915; PV 55,1/3/2/2/1/1, Notule van Bestuursvergadering van die NP in Natal, Dundee, 4 Aug. 1915; Volgens De Afrikaner en The Greytown Gazette, albei van 6 Aug. 1915, is mev. S. Martens gekies om met mev. F. Stieger die vroue van Greytown te verteenwoordig. Mev Kemp se voorletters word as J.J. verstrek, maar dit was seker haar man s'n. A.L. Jansen, wat haar geken het, het na haar as Dorothea Kemp verwys -- sien E.G. Jansenversameling, Lêer 66, A.L. Jansen -- E.G. Jansen, 1 Nov. 1915.
75. De Afrikaner, 13 Julie 1915, hoofartikel.
76. Vgl. o.a ibid., 30 Julie en 31 Aug. 1915, hoofartikels.

spyte hiervan het die Times of Natal dr. Vrolik en sy blad by die Suid-Afrikaanse Partylede verdag gemaak deur dit as 'n mondstuk van die Nasionale Party aan hulle voor te hou, wat heftig deur dr. Vrolik ontken is met die argument dat hy besig was om hom vir hereniging te beywer en nie van plan was om hom aan die een party tot uitsluiting van die ander te verbind nie.[77]

Dat die beleid van De Afrikaner, met dr. Vrolik in die stoel, die Nasionale Party stemme in die verkiesing van 1915 ontneem het, is gewis. Die heldere stem wat D.P. du Toit pas 'n maand tevore ten gunste van die Nasionale Party aangehef het, is vervang deur 'n soms bra wanklinkende gekloek na albei politieke kuikens. Stemme van protes het van ondersteuners van albei politieke partye opgeklink en die beleid van die blad sou 'n beskrywingspunt op die eerste kongres van die Nasionale Party word. Reeds op 4 Augustus 1915 het die politiek van De Afrikaner ter sprake gekom op die bestuursvergadering van die Voorlopige Sentrale Bestuur van die Nasionale Party op Dundee en is daar besluit om die saak per brief onder die aandag van die eienaar, die heer H.J. Martens, te bring aangesien die bestuurder, B.I. Vorster, hom op navraag magteloos verklaar het om iets te doen. Die volgende telegram is dadelik aan die heer Martens gestuur: "Politiek door de Afrikaner gevolgd sedert 30 Julie direkt tegen ons party. Wy verstaan dat Vorster machteloos is. Help hom haastig ons party zal in Natal achteruitgaan indien Afrikaner zo voortgaat."[78] Dit het geen uitwerking gehad nie. Dr. Vrolik en sy blad het nie met die Nasionale Party saamgewerk nie. Oubaas A.L. Jansen sou algaande ergerlik hieroor raak en J.J. Müller sou wil weet: "Wat voor een eigenaardige politicus is die Mijnheer Vrolik tog nie? Of makeert hy iets aan zyn brein -- of is het misschien een paar Poolse Joden die hem zoo rond plukken?"[79]

Hoewel dit maar 'n geringe lesertal gehad het, was die rigtingverandering van De Afrikaner in hierdie kritieke stadium 'n terugslag vir die Nasionale Party, want vele Afrikaners het juis nie geweet watter rigting hulle moes inslaan nie. 'n Briefskrywer het, na aanleiding van 'n vergadering op Newcastle waar alle Nasionaliste weggekeer en Engels hoogty gevier het, verklaar dat die lug gestink het van politiek, maar as jy die vraag sou stel wat politiek is, "dan zal men u zeggen, dat het een schaapram is die vele vlooien heeft." Andere het weer die teenoorgestelde gedoen deur ooroptimisties te raak en "de Nationale zaak" as van God ingegewe en daarom onstuitbaar te beskou.[80] Tussen hulle was daar diegene met hul

---

77. The Times of Natal, 16 Julie 1915, hoofartikel; ibid., 19 Julie 1915, brief deur dr. J. Vrolik; De Afrikaner, 10 Aug. 1915, hoofartikel.
78. PV 55, 1/3/2/2/1/1, Notule van Bestuursvergadering van die NP in Natal, Dundee, 4 Aug. 1915.
79. A.J. van Wyk, "E.G. Jansen en die verkiesing van 1915", Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, Nr. 6, Nov. 1974, p. 82.
80. De Afrikaner, 27 Julie 1915, brief deur "Voorhamer"; ibid., 30 Julie 1915, berig ingestuur deur 'n korrespondent.

voete op die grond wat die werk verrig het. Die kranskop- en die Greytowntak van die Nasionale Party is in dié stadium, 23-24 Julie, in Umvoti gestig, reëlings is getref vir die hou van die eerste partykongres op 19 Augustus op Dundee en sen. I.W.B. de Villiers van die Vrystaat is uitgenooi om van 12 tot 19 Augustus vergaderings op Greytown, Noodsberg, Kingsley, Vryheid, Utrecht en Dundee toe te spreek.[81]

Ook E.G. Jansen, wat nog die kat uit die boom gekyk het sedert hy hom reeds eind Mei bereid verklaar het om vir die Nasionale Party te werk of deur die party gebruik te word, het na vore getree, hom op 24 Julie as kandidaat in Umvoti laat nomineer en op 10 Augustus 'n lang ope brief in De Afrikaner gepubliseer.[82] In hierdie brief, wat ook deur ander koerante oorgeneem is, het Jansen sy bedanking as lid en sekretaris van die Suid-Afrikaanse Party in Natal aangekondig, bekend gemaak dat hy die beginsels van die Nasionale Party onderskryf en hom oor die mislukking van die konsiliasiebeleid, die hatigheid van die Engelse pers, die onverstandigheid van die Duitswesinval, die oorsake van die Rebellie, die vervolging van die rebelle en die teuellоosheid van die Brandrebellie uitgedruk soos reeds in voorafgaande hoofstukke uiteengesit is.[83]

Terwyl Jansen en ander kandidate in hul onderskeie kiesafdelings aan die werk was, is die toneel voorberei vir die eerste kongres van die Nasionale Party wat die oggend van 19 Augustus deur sen. I.W.B. de Villiers in die Vrymesselaarsaal op Dundee toegespreek is nadat P.R.N. (Skatjie) Vermaak dit geopen het. Sen. De Villiers het "de hachelike toestand waarin wy verkeren", gewyt aan genl. Botha se outokratiese optrede ten opsigte van die taalbeleid, Hertzog se uitsetting uit die Kabinet en die inval in Duitswes. Botha, het hy verklaar, het gesmag na die heerskappy en verheerliking van mense wat sy bloed en vlees verag het -- "alles wyst naar zucht naar despotisme en als volk moeten wy pogen die te stuiten. Wy willen niet voorbeeld van Meksiko volgen. Niemand wil zien dat dat macht aan een perzoon gegeven wordt." Hy het die Natallers aangemoedig om te volhard, want ook hul klein bende kon wonderdade verrig.[84]

Skatjie Vermaak het, volgens De Afrikaner, die aanwesiges verwelkom en verwys na die "Nationale plantje" wat twee maande tevore in Natal geplant is. "Dat plantje is tot een boom ontwikkel geworden in de schaduw van wier takken vandaag(,), mijn

---

81. The Greytown Gazette, 30 Julie 1915, berig; De Afrikaner, 30 Julie en 3 en 6 Aug. 1915, berigte; E.G. Jansenversameling, Lêer 80, F.W. van Reenen se kennisgewing van vergaderings.
82. E.G. Jansenversameling, Lêer 66, E.G. Jansen -- G.T. van Rooyen, 29 Mei 1915; ibid., uitnodiging aan E.G. Jansen na nominasievergadering in Umvoti, 24 Julie 1915; ibid., G.T. van Rooyen -- E.G. Jansen, 2 Aug. 1915. Sien ook PV 55, 1/5/2/G2/1, Nasionale Partyvergadering, Greytowntak, 18 Sept. 1915.
83. De Afrikaner, 10 Aug. 1915, ope brief deur E.G. Jansen. Sien ook The Greytown Gazette, 20 Aug. 1915, Engelse weergawe van Jansen se brief.
84. E.G. Jansenversameling, Lêer 80, anonieme handgeskrewe aantekeninge van sen. I.W.B. de Villiers se toespraak, Dundee, 19 Aug. 1915.

medebroeders Afrikaners (,) niet minder dan 2 367 echte nationalisten verkwikking vinden en zich kunnen verlustigen.[85]

Die "medebroeders" wat hy toegespreek het, was:

Kiesafdeling Vryheid-- Vryheid, E. Dalton, F.W. van Reenen; Paulpietersburg, J. van Reenen, B. Meyer; Leeuwnek, B.E.A. Rabe, C. van Rooyen; Hlobane, W. Birkenstock; Mkuze, I. Birkenstock, H.A. Meyer; Metzelfontein, J. Laas; Louwsburg, P. Swart en D. Coetzee.

Kiesafdeling Dundee-- Waschbank, P. Nel, D. Cilliers; Biggarsberg-Helpmekaar, C.T. Vermaak, G.J. Kemp; Malongeni, A. Potgieter, J. Boshoff; Tak Nr. I, J.J. Müller, J.J. Grové; Vantsdrift, J.H.R. Joubert.

Kiesafdeling Newcastle -- Slangrivier, H.J. van Rensburg, P.J. Kemp; Dipkraal, I. Bierman; Schurweberg, J. Dafel; Vredefontein, H. Breytenbach, S. van Heerden; Newcastle, J.C. Adendorff, J.J. van Schalkwijk; Waschbank, P. Breytenbach; Doornrand, L. van der Westhuizen; Doornberg, S. Grobler, A. T. Spies.

Kiesafdeling Kliprivier -- Overwint, J.J. Pienaar; Winterton, G.M. Rudolph, F.H. Scheffer; Ladysmith, S. Buys, P. Meyer.

Kiesafdeling Zoeloeland -- Babanango, W. Cornelius, J. van Deventer; Nhlazatsche J. Kruger; Nondweni, B. de Klerk, F. Zietsman.

Kiesafdeling Umvoti -- Greytown, C.S. van Rooyen, J. van Rooyen.

Kiesafdeling Weenen -- Twijfelfontein, H.E. Cadle.[86]

Die gedrukte verslag van die Voorlopige Sentrale Bestuur, onderteken deur P.R.N. Vermaak as voorsitter en F.W. van Reenen as sekretaris, is deur laasgenoemde voorgelees. Daarin is met groot lof verwys na wat bestempel is as die heilsame uitwerking wat die gesonde Nasionale beginsels reeds uitgeoefen het en is verklaar dat die ledetal van die Nasionale Party in Noord-Natal dié oortref het wat ooit onder die Suid-Afrikaanse Party ingeskryf was. In 'n ietwat oordrewe toon is daar beweer dat laasgenoemde party so goed as dood was in Noord-Natal en dat die werk wat die Nasionale Party in die bestek van twee maande verrig het, die verwagtinge van Nasionaliste in die ander provinsies oortref en sy politieke vyande se jaloesie opgewek het.

---

85. De Afrikaner, 24 Aug. 1915, berig. Sien ook PV 55, 1/3/2/2/1/1, "Notulen van't Eerste Nationale Kongres, van Natal", Dundee, 19 Aug. 1915.
86. Ibid. In die verslag word Ladysmith en Melmoth gebruik in plaas van Kliprivier en Zoeloeland, maar aangesien laasgenoemdes die name van die parlementêre kiesafdelings was, word dit hierbo dienooreenkomstig aangedui.

Voorts is verklaar dat die uitslag van die ophande synde verkiesing sou bepaal of die Afrikaners hul grondwetlike regte ten volle sou geniet, "dan of die zal worden opgeofferd aan de zucht naar een alomvattende maar ... alles vernietigende Imperialisme ".[87]

Saam met lede van die Voorlopige Sentrale Bestuur wat nie afgewaardigdes was nie, was daar sowat 50 aanwesiges -- meer as die helfte minder as op die stigtingskonferensie. Daar was ook 'n aantal belangstellendes, onder wie 'n twintigtal dames. E.G. Jansen het ook hierdie kongres nie bygewoon nie, maar het skriftelik om verskoning gevra. Hy is ook nie opgeneem in die eerste vaste"Centraal Bestuur van De Nationale Party in Natal" nie, wat deur De Afrikaner betreur is. Die bestuur is so gekies: J.J. Müller, voorsitter, P.R.N. Vermaak, vise-voorsitter, J.J. van Schalkwyk, sekretaris, met as lede: F.W. van Reenen, W. Cornelius, J. Dafel, Ph. Meyer, J.C. Adendorff, P.R. Vermaak, E.E. Dalton, A.I.J. Nel, H. van der Watt, J.J. Pienaar en A.T. Spies.[88]

Benewens 'n bespreking van voorgestelde wysiginge aan die grondwet en statute van die Nasionale Party, sake rakende nominasies, die aanstel van kiesbeamptes en die aksieprogram vir die verkiesing is daar besluit dat die kleure van die party in Natal oranje en wit sou wees. In die loop van die besprekings het A.T. Spies na genl. Hertzog as die oogappel van die volk verwys en verklaar dat daar vir hom en genl. Botha nie meer plek in een party was nie, want Botha is geweeg en te lig bevind. Spies het hom ten gunste van versoening tussen die twee partye uitgespreek, maar dan op voorwaarde dat die beginsels van die Nasionale Party as grondslag aanvaar moes word.[89]

'n Bewys van die mate waarin ook die Natalse Nasionaliste hulle met die Rebellie vereenselwig het, blyk daaruit dat die eerste punt van 'n program van aksie wat deur die Kongres goedgekeur is, die party verbind het om hom te beywer vir die verkryging van algehele amnestie vir die rebelle. Voorts is dit te vinde in die eenparige aanvaarding van twee mosies, albei voorgestel deur F.W. van Reenen en onderskeidelik gesekondeer deur J. van Deventer en P.R.N. Vermaak. In die eerste is dank en waardering teenoor die vroue uitgespreek vir hul pleidooie om begenadiging en is die hoop gekoester dat hul werk bekroon wou word. In die tweede, met geboë hoofde aanvaar, is simpatie betuig met die bittere verlies gely deur mev. genl. De la Rey, mev. genl. Beyers en mev kmdt. Jopie Fourie en hul gesinne, en is daar byge-

87. E.G. Jansenversameling, Lêer 80, Rapport van het Voorlopig Sentraal Bestuur Belast met die Oprichting van De Nationale Party in Natal...," 19 Aug. 1915.
88. Ibid., onder Nasionale Partystukke van Natal.
89. De Afrikaner, 27 Aug. 1915, berig.

voeg: "Dit Kongres vertrouwd dat de Nationale geest en daden van die mannen in ons nageslacht zullen leven."[90]

Die erns van die Nasionale Afrikaners in hul stryd teen verswelging deur die Engelse kultuurstroom, blyk uit die wyse waarop die kongresgangers gelyke taalregte en taal=handhawing bepleit het. S. van Heerden het 'n ernstige beroep op die moeders en dogters van die Afrikaners gedoen om te waak en te bid oor hul taal en nasionaliteit, want daar kon nie toegelaat word dat hul taal deur 'n vreemde in hul huise vervang word nie. Jan C. Adendorff het taal en godsdiens as die twee sterkste saambinden=de eienskappe van die Afrikanervolk bestempel; as een daarvan verlore sou gaan, sou dit klaarpraat met die Afrikaners wees.[91]

Een van die besprekingspunte was die houding van De Afrikaner in die voorafgaande maand, en ná behandeling daarvan het die kongres, op voorstel van F.W. van Reenen, besluit om die blad voortaan te vertrou. Later het die kongres agter geslote deure verder op die saak ingegaan en is daar voorgestel dat die party aandele in die drukkery moes opkoop om sodoende druk op die uitgewer ten behoewe van die Nasionale saak te kon uitoefen. Daar is egter geen besluit geneem nie en die on=vrede tussen party en blad het voortgeleef. Dr. Vrolik, wat nie op die kongres was nie, het later in 'n hoofartikel bra snedig geantwoord dat die enkele heethoof=de wat De Afrikaner op die kongres onder verdenking probeer bring het, spoedig tot die insig gekom het dat De Afrikaner meer vir die Nasionale Party beteken het as omgekeerd, en dat hy geen verdere aandag aan die saak sou gee nie.[92]

Dr. Vrolik het, ooreenkomstig sy draadsitpolitiek, stof uit die kongres trag te put om sowel hereniging te propageer as om die belangrikheid van die Nasionale by=eenkoms onder die aandag te bring -- twee sake wat glad nie te rym was nie. Ten opsigte van laasgenoemde het hy gewys op die geweldige vordering wat gemaak is sedert die dae van Het Kongres en selfs die eerste, en laaste, SAP-kongres in Augus=tus 1913 in Pietermaritzburg. "Daar -- in onze hoofdstad -- geen geesdrift, de moedertaal in een hoek vertrapt. Hier, te Dundee, opgewektheid en zelfvertrouwen, de moedertaal in volle eer! De 19de Augustus 1915 is een datum van belang in de geschiedenis van de Afrikaner herleving in Natal. Een dag om lang op terug te zien." Die teëparty, het hy verklaar, sou miskien neersien op die jong Natalse liggaam, want daar is geen skitterende vertoning gelewer nie -- "Alles geschiedde in volle eenvoud volgens ons nationaal volkskarakter -- eenvoudig en degelik. Er zullen echter met ons velen zijn, die liever op de stoep van oom Paul koffie dronken dan champagne in de weelderige kamers van onze tegenwoordige landvoogd."[93]

---

90. Ibid., PV 55, 1/3/2/2/1/1, "Notulen van't Eerste Nationale Kongres, van Natal", Dundee, 19 Aug. 1915.
91. Ibid.
92. Ibid., 24 Aug. 1915, berig; ibid., 27 Aug. 1915, berig en hoofartikel.
93. Ibid., 27 Aug. 1915, hoofartikel.

Indien daar Nasionaliste was wat hierdie woorde met genot gelees het, sou dr. Vrolik hulle spoedig opnuut rede gee om 'n renons in hom en sy blad te kry. Die pas gebore Nasionale Party van Natal het hom midde-in 'n algemene verkiesing teen 'n oormag bevind -- en sonder 'n persbondgenoot aan sy sy.

4. Die Verkiesingstryd

Op dieselfde dag waarop die Nasionale Party sy eerste kongres op Dundee gehou het, 19 Augustus, het die Suid-Afrikaanse Party op 'n Uniale grondslag in 'n spesiale kongres in Bloemfontein vergader. Daar moet die kwessie van samewerking met die Unioniste gewis aandag gekry het, want in daardie stadium is daar reeds 'n nie-amptelike ooreenkoms met hulle aangegaan. Dit het daarop neergekom dat hulle mekaar nie in driehoekstryde teen of Nasionale of Arbeiderkandidate sou dwing in gevalle waar dit daartoe kon lei dat een van laasgenoemdes die setel wen nie.[94]

In Natal was al drie die vernaamste dagblaaie, die Mercury, Advertiser en Witness, ten gunste van samewerking tussen die twee partye teen wat beskou is as 'n bondgenootskap tussen die Arbeider- en Nasionale Party. Hul aandrang op gemeenskaplike steun aan genl. Botha was ter wille van 'n voortsetting van sy oorlogsbeleid en daardeur die behoud van die "Empire", of soos dit by herhaling gestel is, al was dit nie altyd in die presiese woorde nie: wie nie vír Botha is nie, is teen hom en teen die"Empire." Die samewerking wat tussen die twee partye ontstaan het, is egter verskillend vertolk. Terwyl sommige dit betreur het dat daar nie 'n volkome wapenstilstand gekom het nie, het andere dit weer beklemtoon dat daar wel so 'n Britse wapenstilstand gesluit is en dat dit noodwendig na die verkiesing in 'n koalisie moes eindig.[95]

In Durban, waar die Unioniste hul vesting had, was daar besondere samewerking. In dié verband is 'n manifes wat die vyf Durbanse kandidate van die Unionisteparty vroeg in September uitgereik het, deur die Mercury as die belangrikste politieke uitspraak sedert uniewording beskou, want hy het daarin 'n poging gesien om die skeidsmuur tussen die twee partye af te breek. Die vyf kandidate, C.P. Robinson, James Henderson, Charlie Henwood, Walter Greenacre en J.G. Hunter, het naamlik onderneem om vriendskaplik saam te werk met enigeen binne of buite die Unioniste-

---

94. Marais, Die Politieke Uitwerking ....., pp. 561-562.
95. Vgl. o.a. The Natal Advertiser, 27 Mei 1915, berig; ibid., 20 Aug., 16 Sept. en 4 Okt. 1915, hoofartikels; The Natal Witness, 5 en 24 Julie en 14 Aug. 1915, hoofartikels; The Natal Mercury, 31 Mei en 13 en 16 Aug. 1915, hoofartikels.

party wat dieselfde oogmerke as hulle nagestreef het, naamlik die handhawing van openbare orde, die onderdrukking van alle pogings tot rebellie en die verlening van die volste steun en samewerking aan die imperiale regering.[96]

Die uitsteek van die olyftak is as bewys beskou dat daar geen grond vir politieke geskille tussen die Bothaïste en die Unioniste in die verkiesing bestaan het nie, en ter erkenning hiervan het die leiers van die Suid-Afrikaanse Party geweier om kandidate in Durban te stel, want dit sou op driehoeksgevegte uitloop. Slegs een SAP-man, J.E. Palmer, het hom as kandidaat in Durban gestel, en wel teen die Onafhanklike aartsimperialis maj. P.A. Silburn in Durban-Punt. Hy het dit egter teen die sin van sy partyleiding gedoen en hom later onttrek.[97]

Ook in Umvoti was daar stewige samewerking tussen die Suid-Afrikaanse Party en die Unioniste, wat die Sappe die setel laat wen het. Tydens 'n nominasiestryd tussen sir George Leuchars en W.A. (Bill) Deane, waaroor later meer, het die Unioniste gedreig om hul eie kandidaat te stel indien Leuchars, wat hul steun geniet het, gedwing sou word om hom te onttrek.[98] Op een van die vele twisvergaderings tussen Leuchars en Deane vroeg in September, het E.T. Hill diegene wat die stem wou verdeel, daaraan herinner dat die Unioniste onderneem het om die strydbyl te begrawe en vir die Bothakandidaat te stem. By 'n ander geleentheid het 'n Unionis, Harry Baker, as voorsitter opgetree op 'n gesamentlike vergadering van die drie kandidate, onder wie ook E.G. Jansen. Baker, wat die aanwesiges met 'n ysterhand regeer en selfs 'n wederstrewige spreker met die vuis wou bykom, het gesê: "I am a Unionist and we Unionists should have had something to say in this nomination ... in ... Umvoti ... There are a large number of Unionists in the division and we had no say in the matter."[99] Dit is ook insiggewend dat met die latere pogings tot koalisievorming tussen die twee partye in 1917, sir Thomas Watt aan genl. Smuts geskryf het: "Leuchars started it, some English papers took it up & Abe Bailey has given the movement ... his blessing."[100]

Waar daar nie 'n driehoekstryd was nie, het die twee partye mekaar met hand en tand beveg. Dit was in ooreenstemming met die siening van die uniale partyleiding en gewis ook dié van Frank Reynolds, wat vroeg reeds onbestrede vir die Suid-Afrikaanse party in Umzimkulu herkies is. Hy het, soos uiteengesit in 'n brief aan genl. Smuts

---

96. The Natal Mercury, 16 Sept. 1915, hoofartikel; The Natal Advertiser, 21 Sept. 1915, verkiesingsmanifes van Durbanse Unioniste op adventensieblad. J.G. Hunter was inderdaad van Victoria-graafskap, maar dit het aan Durban gegrens.
97. The Natal Mercury, 16 Sept. 1915, hoofartikel; ibid., 20 Okt 1915, lys van kandidate.
98. PM/OG, T. Watt -- genl. Botha, 16 Sept. 1915.
99. The Times of Natal, 6 Okt. 1915, berig. Sien ook ibid., 1 Okt. 1915, berig; The Greytown Gazette, 10 Sept. 1915, berig.
100. Smuts Papers, Private, 193, Vol. 18/W385, T. Watt - genl. Smuts, 5 Sept. 1917.

sy geld, invloed en tyd in die stryd gewerp "to fight those rotten Unionists ... that is if they are not prepared to agree to our terms, viz. stand as Bothaits (sic) unconditionally ..."[101]

Hierdie stryd tussen die twee partye was egter beperk tot slegs drie kiesafdelings, al drie op die platteland. Twee daarvan was driehoekstryde, naamlik in Dundee en Newcastle. Die feit dat Sap en Unionis bereid was om in hierdie twee kiesafdelings die imperiale stemkrag te verdeel en sodoende in die een geval 'n Arbeider en in die ander geval 'n Nasionalis te bevoordeel, moet daaraan toegeskryf word dat hulle nie een van laasgenoemdes as 'n bedreiging beskou het nie. Sir Thomas Watt het sterk gestaan in Dundee en min te vrees gehad van J. Dyson, wat in ieder geval 'n Onafhanklike Unionis was, en R.J. Hall, 'n ingevoerde en onbekende Arbeider. Daar is ook geglo dat H.J. Bosman, wat hom nie weer verkiesbaar gestel het nie, se ou setel Newcastle veilig sou wees in die hande van T.J. (Tol) Nel; daarom is daar toegelaat dat hy hom in 'n stryd begewe met die Unionis R.H. Struben en die Nasionalis A.T. Spies. Hier het die Sappe egter byna mis getas, want Struben sou net-net geklop word.

Die enigste kiesafdeling waarin Sap en Unionis mekaar alleen beveg het, was in Weenen, waar Hugh M. Meyler in 1910 'n opskudding verwek het deur dit vir die Unioniste te verower. Meyler het al voor die oorlog tekens van rebelsheid jeens die Unionistepartyleiding geopenbaar, en daar is selfs geglo dat hy met die Arbeiders geheul het. Ten spyte van sy voortreflike militêre diens aan die "Empire" sedert die uitbreek van die oorlog, was hy onaanvaarbaar toe hy hom in 1915 as Onafhanklike verkiesbaar wou stel. Dit is nogal lagwekkend dat Meyler, wat hom tevore so sterk teen die Natalse Onafhanklikes uitgespreek het, nou bereid was om hul voetspoor te volg. Maj. G.R. Richards, wat as Unionis genomineer is, kon dan ook met krag verklaar: "Public opinion is unanimous that there is no room to-day for the Independent candidate. We have known the Independent to our disadvantage -- he has no fixed opinions of his own, and generally says to-morrow what the public is saying to-day."[102]

Vir Engelssprekende Natal met sy voorkeur vir die "Empire" was die stryd in hoofsaak gemik teen die Nasionaliste en Arbeiders. Daarom is dit interessant dat, hoewel die Suid-Afrikaanse Party nie-amptelike samewerking in sy guns met die Unioniste

---

101. Ibid., Vol. 13/R114, R. Reynolds -- genl. Smuts, 16 Aug. 1915.
102. The Natal Witness, 20 Julie 1915, berig. Sien ook The Times of Natal, 17 Julie 1915.

kon verseker, hy nie kon verhinder dat Sap en Sap mekaar in dieselfde kiesafdeling opponeer en sodoende die gevaar skep dat die derde hond met die been wegloop nie. Terwyl die Unioniste hulle van Pietermaritzburg-Suid, Umvoti en Umlazi weerhou het, het SAP-kandidate mekaar hier beveg. Die Sapstryd in Umlazi was onbelangrik, maar in Pietermaritzburg-Suid het dr. R.A. Buntine, 'n nuweling, die sittende lid, W.H. (Bill) Griffin, met mening aangedurf. Aanvanklik sou adv. F.S. Tatham hom as Onafhanklike Bothaman hier genomineer het, tot groot vreugde van die Witness, maar lt.-kol. Tatham het hom by die staf van sir Ian Hamilton by die Dardanelle aangesluit en na die oorlogsfront vertrek. In sy plek het Buntine kandidaat geword. Selfs genl. Botha se voorspraak vir Griffin kon nie verhinder dat Buntine teen hom genomineer word nie. Die rusie tussen Griffin en Buntine, ook in die Witness bedryf, het so 'n omvang aangeneem dat genl. Botha afgeraai is om Pietermaritzburg te besoek, want hy sou verplig wees om Griffin as sittende lid te steun. Later het Griffin hom nog verder in onguns gebring deurdat hy briewe in sy eie guns en teen Buntine anoniem aan die Witness geskryf het. Van die briewe het verskyn, maar die Witness het dit agtergekom en die saak tot Griffin se skade en skande uitgelap.[103]

In Umvoti was die derde man 'n Nasionalis, E.G. Jansen, wat 'n bedreiging vir sowel Leuchars as Deane ingehou het, maar hieroor later meer.

Die Arbeiders was, soos reeds aangetoon en ten spyte van die feit dat daar sewe kandidate in die veld was, nie naastenby die politieke mag wat hulle op die voorgrond van die oorlogsverklaring was nie. Sir David Graaff het ná 'n besoek aan Natal omstreeks begin Augustus, die toestand raak opgesom en korrek aan genl. Botha voorspel dat slegs een Arbeider, Thomas Boydell, verkies sou word.[104] Boydell, wat self vroeër 'n spoorwerker was, het die mentaliteit van die arbeidsklas verstaan, sy kiesers in Greyville persoonlik geken, direk tot hul hart gespreek en groot invloed oor hulle gehad. So het onder andere hoofmagistraat Percy Binns verklaar wat tydens die Brandrebellie in Durban Boydell se hulp doelbewus ingeroep het om die brandstigters te beteuel.[105]

Boydell het boonop 'n helper gehad wat net so reguit tot die hart van die werker as hyself kon spreek, naamlik eerw. Francis Robinson. Laasgenoemde het op 'n dag in September in 'n stampvol Sint Mariasaal in Durban vir Boydell opgeweeg teen sy teenstander Walter Greeacre, lid van een van die mees gegoede families in Durban.

---

103. The Natal Witness, 24 Julie, 24 Aug., 9 Sept, 18 en 19 Okt. 1915, voorblad; PM/OG, T. Watt -- genl. Botha, 16 Sept. 1915; ibid., knipsel uit The Natal Witness, 20 Sept. 1915; ibid., W.J.O'Brien - genl. Botha, 20 Sept. 1915; ibid., Priv. Sekr. Premier - W.J.O'Brien, 24 Sept. 1915 (afskrif).
104. Marais, Die Politieke Uitwerking ....., p. 563.
105. S.C.7 - '16. Report of the Select Committee on Incendiarism, getuienis gelewer deur Percy Binns.

Hy het dit so gedoen:

> "Whatever good points Mr. Greenacre may possess he can never get over this fatal disability. He was born with a silver spoon in his mouth! He does'nt know the taste of tin, of wood, or pewter. Boydell does. He does'nt know what it is to work desperately hard for his daily bread. Boydell does.
>
> "However Mr. Greenacre may sympathize with us poor people, he does'nt know us.
>
> "He belongs to a class apart. He thinks the ideas of that class. There is not a single one of his class in Greyville, but there are thousands of Boydell's class. With all due respect to Mr. Greenacre, we want a man of our own worth. We want Boydell."[106]

In hierdie stadium het daar sekerlik 'n gejuig losgebars.

Die gevaar van samewerking tussen die Arbeiders en die Nasionaliste waarteen daar allerweë aan Brits-imperiale kant gewaarsku is, het in Dundee werklikheid geword. Die samewerking tussen Engelsman en Afrikaner wat die Times of Natal veral in Noord-Natal verkondig het as "the broad, the Drakensberg view",[107] het nie tot volle wasdom gekom nie. Ook sir Thomas Watt kon dit in Dundee nie verseker nie. Terwyl hy hom in sy verkiesingsmanifes van vroeg Augustus en daarna op verskeie vergaderings in sy kiesafdeling veral op die gematigde Afrikaners beroep het, het hy die Nasionaliste veroordeel as mense wat daarop afgestuur het "to tear up the Treaty of Vereeniging and the Act of Union, just as the Kaiser tore up the scrap of paper containing the guarantee of Belgium's neutrality."[108] Dit het uiteraard aanstoot aan talle Afrikaners gegee wat Watt graag deur 'n Nasionalis sou wou vervang, maar terwyl Watt reeds verkiesingsvergaderings gehou het, het hulle nog na 'n kandidaat gesoek.

J.J. Müller, wat in hierdie kiesafdeling die eerste tak van die Nasionale Party gestig het, is self deur verskillende Natalse en twee Vrystaatse kiesafdelings gevra om hom verkiesbaar te stel, maar hy het hom dit weens gesondheidsredes nie laat welgeval nie. Hy het vroeg reeds 'n beroep op E.G. Jansen gedoen om hom as Nasionale kandidaat in Dundee te laat nomineer en belooof dat hy geen steen "onaangeroerd zal laten om die Heer Watt een nek slag te geven zoo als hy nog nooit gehad heeft".[109]

Jansen het hom toe egter reeds teenoor G.T. van Rooyen van Umvoti verbind waar hy op 24 Julie die Nasionale Partykandidaat geword het.[110] In 'n stadium het dit gelyk

---

106. Boydellversameling, Band II, oorspronklike toespraak deur eerw.Francis Robinson.
107. The Times of Natal, 19 Julie 1915, hoofartikel.
108. The Natal Advertiser, 7 en 30 Aug. 1915, sir Thomas se verkiesingsmanifes en 'n verslag van 'n vergadering op 27 Aug. 1915, Dundee.
109. E.G. Jansenversameling, Lêer 66, J.J. Müller -- E.G. Jansen, 21 Julie en 31 Julie 1915; De Afrikaner, 17 Aug. 1915, brief deur J.J. Müller.
110. Ibid., E.G. Jansen -- G.T. van Rooyen, 29 Mei 1915; ibid., uitnodiging aan E.G. Jansen na nominasievergadering, Umvoti, 24 Julie 1915.

asof Jansen se broer Gus hom in Dundee sou laat nomineer. Gus was van mening dat 'n Nasionalis 'n beter kans in Dundee as in Umvoti had, maar hy was bra lugtig: on= vas in Engels en bang om uitgejou en deurmekaar gemaak te word, want "dan zal ik net een spot wees ". Hy het by Jansen om raad aangeklop en dié het hom blykbaar voorgelig. Gus het ook 'n plan aan die hand gedoen om 'n vertroueling van hom, ene Cross, as Unionis teen sir Thomas Watt gestel te kry om die Engelse stemkrag te verdeel, "(o)f lijk dit naar Knoeierij?" wou hy weet.[111]

Dit was alles vrugteloos. Die afdelingskomitee van die Nasionale Party was naamlik van oordeel dat 'n Nasionalis die paal nie sou haal nie en het besluit om 'n Arbei= der in te voer, wat, so is geglo, met die gesamentlike steun van die hoofsaaklik Engelssprekende steenkoolmynwerkers en die Nasionaliste vir Watt sou kon klop. Daar sou dus 'n politiek gevolg word "van geven aan en nemen van een ander party ", soos dit genoem is. Philip Vermaak het spesiaal na Johannesburg gegaan waar hy met die Arbeiders geskakel en van hul komiteevergaderings bygewoon het. Daar was hy veral in aanraking "met Andrews, die tegenstander van Creswell.".[112] Dit was ongetwyfeld W.H. (Bill) Andrews, een van die leiersfigure in die War on War League, waarna vroeër verwys is, en wat later 'n medestigter van die Kommunisteparty in Suid-Afrika geword het.

Uit Johannesburg is twee Arbeiders gestuur om die mynwerkers van Dundee te pols. Die uiteinde van die saak was dat eerw. R.J. Hall, 'n Ierse nasionalis wat 20 jaar tevore as prediker van die Presbiteriaanse Kerk na Suid-Afrika gekom het, as Arbei= derkandidaat genomineer is. Hieroor was Gus baie ontevrede, want hy het geglo hy= self had "net zoo een goeie kans als een van die andere. Ik had die ondersteuning van al die takke hierlangs buiten Helpmakaar, die slim kerels het anders gedink. Hulle het die zaak meer kwaad aangedaan dan hullie wel begrijp."[113] Sy woorde sou bewaarheid word.

Die Nasionaliste in die kiesafdeling is deur hul leiers, onder wie J.J. Müller, P.R. Vermaak en J.C. Vermaak, verbind om hul steun aan Hall toe te sê. Op 'n ver= gadering van Müller se Tak I, Dundee, op 27 September op Doornpoort is al drie kan= didate, sir Thomas Watt, J. Dyson, LPR, en eerw. Hall, die geleentheid gegee om hul saak te stel. Watt se toespraak is deur J.J. van Schalkwyk getolk. Dyson, die= selfde man wat in 1910 vrugteloos gepoog het om homself genomineer te kry,[114] het verklaar dat hoewel hy 'n Engelsman van geboorte was, sy hart reg was. Terwyl hier= die twee hulle teen amnestie aan die rebelle uitgespreek het, het Hall juis onderneem

---

111. Ibid.,Gus Jansen -- E.G. Jansen, 6 Sept. 1915. Sien ook ibid., Gus Jansen -- E.G. Jansen, 29 Aug. 1915.
112. PV 55, 1/3/2/2/1/1, Notule van Bestuursvergadering van die N.P. in Natal, Dundee, 4 Aug. 1915; E.G. Jansenversameling, Lêer 66, Gus Jansen -- E.G.Jansen, 6 Sept. 1915.
113. E.G. Jansenversameling, Lêer 66, Gus Jansen -- E.G. Jansen, 14 Sept. 1915.
114. Sien hierbo Hoofstuk 2, besonderhede wat op voetnote 85-87 slaan.

om dit te bepleit, want, het hy verklaar, reg en genade loop saam. Daarmee het hy hom gewild gemaak by sy toehoorders. Ná vraetyd het die nie-lede uitgestap en het die oorblywende 52 eenparig besluit om vir Hall te stem. 'n Soortgelyke vergadering is die volgende dag op Kalverfontein, Helpmekaar, ten huise van C.J.F. Vermaak gehou, waarheen E.G. Jansen en Jan Brand Wessels van die Vrystaat ook uitgenooi is,[115] maar dit is nie bekend of hulle dit bygewoon het nie.

Die Nasionaliste se beloofde steun aan die Arbeiderkandidaat was geensins eendragtig nie. Terwyl Gus Jansen teësinnig sy stem aan Hall toegesê het omdat "ik liever een van my skaapwachters in die Raad zou zien dan ou Watt ", het sy vader, A.L.Jansen, weer geglo dat Watt bo die ander twee te verkies was.[116] Die Nasionaliste was nie slegs onderling verdeel nie, maar het hulle ook laat mislei oor die steun wat Hall van die mynwerkers sou kry, onder wie daar aanhangers van sowel Watt as Dyson was. Laasgenoemde is vroeër selfs as 'n man beskou wat eerder in die Arbeiderparty tuis gehoort het.

Hoewel ook De Afrikaner sy steun aan Hall toegesê het as 'n gematigde Engelsman wat dit goed met die Afrikaners bedoel het,[117] het die Afrikaners van Dundee hul dwarstrekkery van vyf jaar tevore herhaal en sou die Nasionaliste kaal uit die stryd tree.

In Newcastle, Kliprivier en Vryheid het dieselfde neiging hom geopenbaar, maar besonderhede oor die Afrikaners se stryd in hierdie kiesafdelings is karig. Met H.J. Bosman se weiering om hom weer verkiesbaar te stel, het daar enigsins 'n geskarrel gevolg voordat T.J. (Tol) Nel as SAP-kandidaat aangewys is, met R.H.Struben en A.T. Spies as kandidate van onderskeidelik die Unioniste- en die Nasionale Party. Nel, LPR en oud-lid van die Natalse Parlement, is, volgens De Afrikaner, deur die Uniale partyleiding op die kiesers afgedwing. Die blad het verklaar dat Nel 'n treurige naam onder die Afrikaners verwerf het deurdat hy in 1899 'n soort bloedbroer van Joseph Baynes was en met die jingo's in die Natalse Parlement saamgewerk het om die Milnerpolitiek in die republieke te laat seëvier. Struben, seun van die ontdekker van die Witwatersrandse goudveld, H.W. Struben, was vir die blad nog minder aanvaarbaar as Nel en hy het sy lesers daarop gewys dat elke stem vir Nel 'n stem vir Struben sou wees.[118]

Die rede vir hierdie eienaardige stelling was dat 'n verdeling van die Afrikanerstem tussen Nel en Spies, vir Struben kon laat wen. Spies is deur De Afrikaner gesteun, maar, soos vroeër daarop gewys, het hy sterk teenstand van die SAP-

---

115. E.G. Jansenversameling, Lêer 66, J.C. Vermaak -- E.G. Jansen, 15 Sept. 1915; De Afrikaner, 8 Okt. 1915, berigte.
116. E.G. Jansenversameling; Lêer 66, Gus Jansen -- E.G. Jansen, 14 Sept. 1915; ibid., A.L. Jansen -- E.G. Jansen, 1 Nov. 1915.
117. De Afrikaner, 15 Okt. 1915, hoofartikel.
118. Ibid.; The Times of Natal, 23 Okt. 1915, grafskrif vir H.W. Struben.

Afrikaners ondervind.

'n Wildvreemde, A. Postma van Potchefstroom, het homself op 29 September per telegram as kandidaat van die Nasionale Party in Newcastle aanbeveel,[119] maar hy was bra laat, want nominasiedag was al op 25 September.

Die leiers van die Suid-Afrikaanse Party moet in die loop van die verkiesingstryd agtergekom het dat hulle hul in hierdie kiesafdeling met die krag van die Unioniste misreken het. Struben het sterk steun geniet, en met die Nasionale stemme wat A.T. Spies sou wegtrek, het De Afrikaner se waarskuwing gegrond blyk te wees. Dit is waarskynlik die rede waarom genl. Smuts gaan hand bysit het, want op 15 Oktober het hy 'n toespraak op Newcastle ter steun aan Nel gehou, wat die stryd teen Struben met slegs 78 stemme sou wen.[120]

De Afrikaner, steeds behep met hereniging, het 'n politiek eienaardige standpunt ten opsigte van die kiesafdelings Newcastle en Vryheid ingeneem. Hy het aangevoer dat daar uit hierdie twee kiesafdelings 'n beweging kon uitgegaan het wat 'n gunstige uitwerking op hereniging sou gehad het, en dit so gemotiveer: Indien die, soos hy dit genoem het, gestorwe Suid-Afrikaanse Party in Newcastle liewer besluit het om die setel aan die Nasionaliste af te staan, dan sou daar weinig moeite gewees het om die Nasionaliste van Vryheid te oorreed om nie 'n kandidaat teen genl. M.W. Myburgh te stel nie.[121] Dit getuig van die opperste naïwiteit.

Die blad het nietemin in Vryheid sy steun toegesê aan F.W. van Reenen, die skynende lig van die Nasionale Party wat vroeg reeds tereg verwag het dat hy as kandidaat van die party genomineer sou word. In Mei 1915 het Van Reenen aan E.G. Jansen geskryf: "Het is wonderlik hoe dat die wêreld kan draai want met onze beste vermogens kan ons in die distrikt nie meer als 47 Zuid Afrikaanse Party mense kry hoe dat ons ook al die stem lyst deur gegaan het."[122] Dit was 'n ooroptimistiese siening, maar Van Reenen was nog jonk en skep die indruk van jeugdige voortvarendheid. Genl. M.W. Myburgh, sittende lid van die SAP, was 'n kragtige figuur in hierdie kiesafdeling, maar daar was ook 'n aansienlike aantal Nasionaliste. Op 17 Augustus het sen. I.W.B. de Villiers 'n openbare vergadering, gereël deur die Vryheidtak van die Nasionale Party, in die saal van die Centralhotel toegespreek. Daar was sowat 200 mans en 50 vroue. Ná vraetyd het J.W. Dukes drie hoera's vir genl. Botha voorgestel, maar nie steun daarvoor gekry nie. 'n Mosie van

---

119. E.G. Jansenversameling, Lêer 66, tel. A. Postma -- E.G. Jansen, 29 Sept. 1915.
120. The Times of Natal, 16 Okt. 1915, berig.
121. De Afrikaner, 15 Okt. 1915, hoofartikel.
122. E.G. Jansenversameling, Lêer 66, F.W. van Reenen -- E.G. Jansen, 24 Mei 1915.

volle vertroue is in sen. De Villiers aanvaar.[123]

Min besonderhede oor Afrikanerbedrywighede in Vryheid is beskikbaar, want met Alexander von Levetzow se internering en sy dood in Desember 1914 in die krygsge= vangenekamp by Pietermaritzburg, het sy koerant, The Vryheid Herald, doodgeloop en het 'n belangrike bron vir die historikus opgedroog.[124]

In Kliprivier is Lucas Meyer as kandidaat van die Nasionale Party teen die sittende SAP-lid, Henry Wiltshire, genomineer. By geleentheid het P.J. Meijer van die Nasionale Partytak Ladysmith-Elandsjacht vir E.G. Jansen uitgenooi om hulle toe te spreek, want "ons wil hier iets vir die Engelse hê, anders sluk hulle ons in.", en Jansen sou hulle kon beskerm "tegen die Imperialisten."[125]

Daar was goeie rede vir die versoek, want Lucas Meyer, 'n boer van Meyersrust, Biggarsberg, het nie 'n besondere indruk gemaak nie. Op twee vergaderings op Ladysmith op die laaste dag van September het hy, bygestaan deur ene Raath van Kestell in die Vrystaat, die oggend en die aand dieselfde toespraak voorgelees en dit veral gehad oor die feit dat die Afrikanerkinders van Natal nie dieselfde voorregte as die Engelse kinders gehad het nie. Hy het in Afrikaans gepraat en is met vraetyd in Afrikaans deur J.G. Bester ondervra: "Dink u dat 'n party van wie sommige van sy lede optree soos wat hulle te Prince Albert, Newlands, en elders gedoen het, en sommige van sy lede openlik rebellie goedpraat en helde maak van mense wat hul land verraai en hul mede-burgers vermoor het, wat gesê het dat Engeland se moeilikheid 'n geleentheid vir Suid-Afrika is en wat hoop dat die dag sou aanbreek dat hulle hul eie vlag kan hê, 'n party is wat gerespekteerde wets= gehoorsames om steun durf vra? Glo u nie dat so 'n party ons geliefde volk en Suid-Afrika tot rampspoed sal lei nie?"[126]

Meyer het geantwoord dat die vraag so lank en in sulke hoë Hollands gestel was dat hy dit nie kon verstaan nie. Hierop was Bester se wederwoord dat dit 'n bra on= beholpe antwoord was vir 'n man wat hom as pleitbesorger van Hollands voorgedoen het.[127]

Dit was van die begin af duidelik dat die Nasionaliste van Kliprivier weinig sou uitrig. Hulle was swak georganiseer en hul kandidaat het 'n nog powerder figuur geslaan as Henry Wiltshire. De Afrikaner het verklaar dat daar vyf jaar tevore

---

123. De Afrikaner, 7 Sept. 1915, berig.
124. Sien hierbo Hoofstuk 7, besonderhede wat op voetnoot 69 slaan.
125. E.G. Jansenversameling, Lêer 66, P.J. Meijer -- E.G. Jansen, 4 Aug (?) 1915 en 15 Sept. (?) 1915. Die datums word as 4 Okt. en 15 Sept. aangegee, maar dit moet foutief wees.
126. The Natal Advertiser, 4 Okt. 1915, aanhaling vertaal uit Engels.
127. Ibid.

ná die verkiesing van Wiltshire gevra is: "Maar wie is mnr Wiltshire?" Vyf jaar later kon dieselfde vraag gevra word, het hy vervolg, want hy kon hom nie herinner dat hy in sy parlementêre berigte ooit die naam van Wiltshire hoef te vermeld het nie.[128]

Die blad het gelyk gehad, want as politikus was Wiltshire onindrukwekkend, maar hy was 'n beminlike mens met 'n fyn aanvoeling vir die diepere van die lewe. Jare na sy dood het J.H. Curle in herinnering geroep hoe hy in 1894, as mynverslaggewer van die Star, 'n kamer in Jeppe, Johannesburg, bewoon het en deur sy vriend Henry Wiltshire besoek is. Wiltshire, destyds in bevel van 'n steenmakery en betakel met klei, het na 'n rukkie 'n bundel gedigte van Swinburne uit sy sak gehaal en Dolores voorgedra. "Such music in words I had never heard before, nor so poetic and modulated a voice ... The wonderful voice ceased at last. But it was never going to be forgotten. Since that night I have read Dolores times without number -- but in my head it is always Wiltshire who reads."[129]

Van die Afrikaners se stryd in Zoeloeland, waar E.E. Dalton as kandidaat van die Nasionale Party genomineer is, is weinig bekend, behalwe dat De Afrikaner hom ge= opponeer en vir aspirant-kandidaat L.P. de Jager van die Suid-Afrikaanse Party voorbrand gemaak het; dog De Jager het hom later onttrek en die stryd aan Dalton en die sittende lid van die Suid-Afrikaanse Party, W.F. Clayton, oorgelaat. In die kiesafdeling Weenen, waar die Nasionale Party geen kandidaat gehad het nie, het die tak Twijfelfontein van H.E. Cadle naby Mooirivier vir E.G. Jansen uitge= nooi om hulle toe te spreek, "want velen hier tasten in 't duister rond". Jansen het die uitnodiging aanvaar, maar of die vergadering gehou is, is nie bekend nie. Cadle was maar lugtig om 'n openbare vergadering te hou, want hy het veel erger= nis van Engelse lawaaimakers verwag.[130]

So het Noord-Natal sy verkiesingstryd gevoer. Terwyl daar ook by die platte= landse Engelse 'n gees van eendrag rondom die "Empire" was wat hom, met uitsonde= ringe, by die stembus sou laat geld, was die Afrikaners verdeel, het vele in die duister rondgetas, was die leiding gebrekkig en kon die pas gebore Nasionale Party sy eie volgelinge nie eens almal in een kraal hou nie. Van hierdie verskynsels het hulle selfs herhaal in die enigste kiesafdeling in Natal waar die Nasionale Party met mening ingeklim het -- Umvoti.

---

128. De Afrikaner, 15 Okt. 1915, hoofartikel.
129. J.H. Curle, To-Day and To-Morrow, The Testing Period of the White Race, pp.1-2.
130. De Afrikaner, 28 Sept. 1915, hoofartikel; ibid.8 Okt. 1915, berig oor L.P. de Jager se onttrekking as kandidaat; E.G. Jansenversameling, Lêer 66, J.J. Boshoff -- E.G. Jansen, 16 Aug. 1915; ibid., H. Cadle -- E.G. Jansen, 4 Sept. 1915.

5. Die Stryd in Umvoti

Daar is verskeie redes waarom die verkiesingstryd in Umvoti spesiale aandag verdien. Dit was sy parlementêre verteenwoordiger, sir George Leuchars, wat die stryd tussen genls. Botha en Hertzog op die spits gedryf het; daarom was dit van opperbelang vir genl. Botha dat hy hierdie setel behou, en wel in die persoon van sir George. Ewe belangrik was dit vir genl. Hertzog dat die Nasionale Party die setel verower, want daardeur sou hy die billikheid van sy eie saak teen Botha dik onderstreep. Daar was sedert Hertzog se uitsetting uit die Kabinet 'n sterk gevoel, ten regte of ten onregte, dat hy ter wille van sir George opgeoffer is. 'n Neerlaag vir sir George by die stembus sou as "bewys" hiervoor gedien het; 'n oorwinning as "teenbewys". Die belangrikheid van die stryd in Umvoti vir die Suid-Afrikaanse Party blyk duidelik uit die aandag wat die Natalse mondstuk van die party, die Times of Natal, daaraan gegee het, asook De Afrikaner, wat in hierdie kiesafdeling as kampvegter van die Suid-Afrikaanse Party opgetree het. Laasgenoemde het verklaar: "Op Umvoti is de gespannen aandacht van geheel Natal, ja waarschijnlik zelfs van onze gehele Unie gevestigd."[131]

Die belangrikheid is verhoog deur die onverkwiklike partyrusie tussen sir George en W.A. (Bill) Deane, ook 'n kandidaat van die Suid-Afrikaanse Party. Die feit dat die Bothastem tussen hulle verdeel sou word, het die kanse versterk dat E.G. Jansen die setel vir die Nasionale Party sou wen. Vanweë hierdie enkele rede, maar ook vanweë die ywer wat deur Jansen en sy ondersteuners aan die dag gelê is, het Umvoti 'n grenssetel geword. Daar was vele wat verwag het dat Jansen sou wen, en die uitslag was in die weegskaal tot op die end. Die Nasionale Party sou hier nader aan 'n oorwinning kom as in enige ander Natalse kiesafdeling, en met eendragtige Afrikanersteun sou hy gewen het. Had Jansen gewen en had die Nasionale Party aan bewind gekom, dan sou hy bes moontlik 'n Kabinetspos gekry het.

Die stryd in Umvoti het, in die kleine, dít verteenwoordig waarom die ganse verkiesing gegaan het: nasionalisme vs. imperialisme, waarin Afrikanernasionalis en anti-Engelse Duitser teen Afrikaner-Sap, verengelste Duitser, Engelse Sap en Engelse Unionis te staan gekom het. Verdeeldheid onder die Sappe het Jansen se kanse versterk; dog verdeeldheid onder die Afrikaners het hom die setel gekos.

Soos vroeër daarop gewys, het Jansen vroeg reeds versoeke ontvang om hom by die Nasionale Party aan te sluit en hom te laat nomineer. Eind Mei het hy hom bereid

---

131. De Afrikaner, 8 Okt. 1915, hoofartikel. Marais, Die Politieke Uitwerking..., behandel in sy hoofstuk VIII, "Die Konstitusionele Afrekening," pp. 545-635, die hele verkiesing van 1915, dog noem skaars Natal se naam en gebruik nie een Natalse bron nie. Dieselfde geld Geyser en Marais (reds.), Die Nasionale Party, I, hoofstuk VII. Hierdie hoofstuk, onder die naam van F.J. van Heerden, is 'n effens verkorte weergawe van Marais se hoofstuk VIII in Die Politieke Uitwerking...., -- Marais se voetnote en in hoofsaak Marais se woorde, maar nóg sy naam, nóg sy proefskrif word vermeld. Een van die vele vrae wat ontstaan, is: Het Van Heerden die bronne geraadpleeg wat hy in die voetnote noem?

verklaar om kandidaat in Umvoti te word, maar toe eers aan dr. F.E.T. Krause se versoeningsplan geherkou. Intussen het hy reeds toestemming verleen dat die kiesers van Umvoti gepols kon word, want hy wou verseker wees dat hy die stemkrag in 'n groter mate sou konsolideer as enige alternatiewe Nasionale kandidaat. Hy kon nie 'n roekelose waagstuk aanpak nie, want sy regspraktyk sou geknou word, soos vroeër daarop gewys, en hy het dit nie te breed gehad nie. Hy het selfs by sy broer Gus om steun aangeklop, maar dié het ook gesukkel en het met 'n wedervoorstel gekom: "Ou Broer! zorg nou dat jy minister word, £3000 is baja, dan kan jy ons ook zo nu en dan 'n paar pond gooi!"[132]

Jansen is van die begin af onder die indruk gebring dat, hoewel daar sterk persoonlike gevoelens onder die Afrikaners van Umvoti was, hy beter as enigiemand anders daarin sou slaag om hul gesamentlike stemkrag te monster. G.T. (Tommie) van Rooyen het hom duidelik laat verstaan dat as hy net een opponent sou hê, die uitslag baie gelykop sou wees, terwyl hy in 'n driehoekstryd die paal sou haal. Van Rooyen en Adrian I.J. Nel was albei aspirant-kandidate, maar ten volle bereid om vir Jansen opsy te staan, want hy was hoog aangeskrewe dwarsdeur Natal en tot in die ander provinsies.[133]

Daar was 'n sterk konsentrasie Afrikaners en Duitsers in Umvoti, waar; soos vroeër aangetoon, veral die Hertzogiete van Kranskop van ná Hertzog se uitsetting uit die Kabinet sterk aan die werk gekom het. Daar was egter 'n ewe ywerige klomp Bothamanne onder die Afrikaners. Terwyl hierdie verdeeldheid onder die sowat 400 Afrikaners nie weg te redeneer was nie, het G.T. van Rooyen hom verseker: "The German vote will be solid."[134] Die wyse waarop Jansen hom die lot van die Duitsers aangetrek het, is tot jare daarna nog onthou. In die loop van die verkiesing en onmiddellik na die uitslag bekend geword het, het hy verskeie briewe van Duitsers ontvang waarin hy van die"Platvoete", soos een dit gestel het, se lojaliteit verseker is.[135]

In dieselfde uitgawe van De Afrikaner, 10 Augustus 1915, waarin Jansen se reeds vermelde ope brief verskyn het, het Carl Buchholz van Pietermaritzburg 'n ope brief "aan Duitse Afrikaners" gerig. Daarin het hy verwys na die behandeling wat die Duitsers van die Engelse pers gekry het; hoe hulle as verraaiers gebrandmerk en as

---

132. A.J. van Wyk, "E.G. Jansen en die verkiesing van 1915," Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, Nr. 6, Nov. 1974, pp. 78-79.
133. Ibid., pp. 75-76, 78-79.
134. E.G. Jansenversameling, Lêer 66, G.T. van Rooyen - E.G. Jansen, 26 Mei 1915.
135. Ibid., briewe deur A.Schütte, Fritz Reiche, H. Hohes en A. Wulfes aan E.G. Jansen, onderskeidelik gedateer 24 Aug., 21 Okt., 26 Okt en 28 Okt. 1915; ibid., Lêer 1, M.E. Piesold -- E.G. Jansen, 27 Sept. 1922.

vuilgoed uitgeskel is; hoe hul eiendomme verbrand en verwoes is; hoe die oortreders elk R2 boete gekry het teenoor genl. De Wet se ses jaar en R4 000; hoe die Duitsers op owerheidsbevel die Rebellie help onderdruk het, dog geen beskerming teen die vervolging en beswaddering van die Engelse kon kry nie; en het hy tot die gevolgtrekking gekom: stem soos een man vir die Nasionale Party.[136] Die Duitsers van Umvoti sou egter nie so eendragtig optree nie.

G.T. van Rooyen het Jansen uit die staanspoor verkeerdelik ingelig as sou die kiesers van Umvoti uit meer Afrikaners en Duitsers as Engelse bestaan het. Hy het die totaal op 1 780 gestel; dog 'n ondersoek wat Van Rooyen ná die verkiesing ingestel het, het aan die lig gebring dat die totaal 1 896 was -- 1 138 Engelse teenoor 758 Afrikaners en Duitsers.[137] Dit was steeds 'n geringe onderskatting, want volgens die amptelike syfers wat met die bekendmaking van die verkiesingsuitslae verstrek is, het Umvoti, soos hieronder aangetoon, 1 903 kiesers gehad.

Hierdie foutiewe inligting moet 'n groot rol gespeel het in Jansen se toetrede tot die stryd: sy nominering op 24 Julie, sy reeds vermelde en uitvoerige ope brief in De Afrikaner van 10 Augustus, sy verkiesingsmanifes. In laasgenoemde het hy die oortuiging uitgespreek dat die dinge wat hom uit die Suid-Afrikaanse Party gedryf het, deur die Nasionale Party reggestel sou word. Hy het Hertzog se tweestroombeleid vooropgestel, want hy het geglo dat 'n te spoedige amalgamasie van die taalgroepe tot die opswelging van óf die een of die ander sou lei. Hy sou hom desnieteenstaande beywer vir samewerking van die twee rasse en die behoud van die Duitsers se bestaande regte bepleit. Die beginsel Suid-Afrika eerste het by hom voorrang geniet en die armblankekwessie het dringend om 'n oplossing geroep ten einde iedereen in staat te stel om 'n gerespekteerde landsburger te word. Hy het 'n politiek van vrede voorgestaan, want hy het geglo dat dit 'n herhaling van die vorige twee jaar se stakings, oproer, rebellie en bloedvergieting sou voorkom. So 'n vredespolitiek, het hy verklaar, sou slegs bedryf kon word deur die gevoelens van alle seksies van die bevolking te respekteer, lyf en eiendom te beskerm, griewe te ondersoek en te verwyder, vertroue en simpatie tussen die arbeidsmag en die Regering aan te moedig en alle oorsake van ontevredenheid uit die weg te ruim.[138]

Daarmee was hy onmiddellik vierkant in die stryd en het gelukwensinge veroordelinge en navrae oor die Hertzogbeleid, wat so verdraaid deur die Engelse pers aangebied

---

136. De Afrikaner, 10 Aug. 1915, ope brief deur Carl Buchholz.
137. Van Wyk, "E.G. Jansen en die verkiesing van 1915," Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, Nr. 6, Nov. 1974, pp. 81-82, 84-85.
138. E.G. Jansenversameling, Lêer 66, E.G. Jansen se verkiesingsmanifes, ongedateer.

is, van oral uit die land op hom neergedaal. Die Times of Natal het sy stelling in sy ope brief, waarvan dit 'n vertaalde weergawe op 11 Augustus geplaas het, verwerp, en uit Bloemfontein het T. le Grange Lombard van De Vriend des Volks hom beskuldig dat hy en sy mede-Nasionaliste besig was om die Afrikanerkragte te verbrokkel en genl. Botha te dwing om steun te soek by elemente wat die Afrikaner ongunstig gesind was.[139]

Jansen het op 12 Augustus sy eerste verkiesingstoespraak in die Greytownse stadsaal gehou, waar hy bygestaan is deur sen. I.W.B. de Villiers van die Vrystaat. Op die lang aanklag van laasgenoemde teen die Regering, of, soos dit gestel is, "the jeremiads of the jaundiced gentleman from Jacobsdal", word nie hier ingegaan nie, maar wel op dié van Jansen, of soos dit gestel is, "the mournful utterances of the mild-mannered candidate".[140]

Jansen het ontken dat die Nasionale Party 'n rebelse party was wat Suid-Afrika van Engeland af wou lossny -- die oogmerk was bloot om vir die Afrikaners hul regmatige regte kragtens die Grondwet te verwerf. Hy het daarop gewys dat 'n Engelsman op enige plek in die land deur 'n staatsamptenaar in sy eie taal behandel kon word, maar nie die Afrikaner nie. Dit was noodsaaklik dat die twee taalgroepe op 'n gelyke voetstuk geplaas moes word, ook op skool, en daarvoor sou die Nasionale Party hom beywer, want daarsonder was konsiliasie onmoontlik. Genl. Botha het 'n gulde geleentheid gehad om sy eie mense op te help; pleks daarvan het hy hulle met vaste teuels gery om die Engelse tevrede te stel. Botha en die SAP-leiers het uit voeling met die Afrikaners geraak en die breuk in Afrikanergeledere veroorsaak.[141]

Jansen het 'n goeie indruk gemaak en sou end-uit die agting van sy opponente behou. Aan sy sy was mev.M.M. Jansen, wat in hierdie stryd ook haar politieke vuurdoop ondergaan het. Met die verkiesingskomitee wat teen die einde van die vergadering gekies is, t.w. H.J. Martens, G.T. van Rooyen, John Havemann, P.P. van Rooyen, J.J. van Rooyen, John Botha, J.P. van Rooyen, V. Stieger, H. van der Watt en S.C. van Rooyen,[142] kon hy aan die werk spring.

Vierkant in die stryd, maar hy het geen blad gehad wat sy kandidatuur bepleit het nie, want dr. J. Vrolik van De Afrikaner het Bill Deane aangehang. In antwoord

---

139. Ibid.,briewe en telegramme deur W.G. St Clair Moor, T. le Grange Lombard, G. Besselaar, mev. F.H. Kellie van der Hoven-Erasmus, B.F. van Wijk, Arnold F. Jansen, B. Cillie(?), Delange, Distriksbestuur NP Burgersdorp, onderskeidelik gedateer 12,13,17,22,23 en 29 Aug. 1915, 2,6 en 11 Sept. 1915; The Times of Natal, 11 Aug. 1915, hoofartikel.
140. The Times of Natal, 13 Aug. 1915, berig.
141. The Natal Advertiser, 17 Aug. 1915, berig; The Natal Witness, 17 Aug. 1915, berig.
142. The Times of Natal, 13 Aug. 1915, berig.

op beskuldiginge dat hy besig was om Jansen teë te werk, het Vrolik verklaar dat Jansen liewer vir sir Thomas Watt in Dundee moes gaan opponeer het, want daar sou De Afrikaner hom gesteun en sou hy van 'n oorwinning verseker gewees het. Hy het groot agting vir Jansen gehad en na hom verwys as iemand "in wie we eenmaal meer dan 'n parlementslid: in wie we eenmaal 'n minister van die kroon hopen te begroeten"; maar vir Umvoti was hy nie die man nie. "Hier is onze ware Z.A.P. man en trouwe Afrikaner de ed. heer W.A. Deane." In 'n ander kolom van dieselfde uitgawe van sy blad het hy 'n vereenvoudigde stembrief geplaas met die name van die kandidate daarop en 'n kruis teenoor Deane se naam.[143]

Waarom dr. Vrolik so 'n groot aanhanger van Deane was, is nie ten volle duidelik nie. Deane was geen besondere politikus nie; trouens, hy kom bra naïef voor. Mev. Jansen vertel: "Deane het gewoon op 'n plaas net buitekant (Greytown) en hy het tien seuns gehad. Sy plakkate oral was 'Vote for the father of ten sons." En ek sien nog my man ewe droog op die platform: 'If that is the only recommen= dation ...' Dit was 'n groot grap onder die Nasionaliste."[144]

Al wat afgelei kan word, is dat De Afrikaner se sterk propagering van Deane se kandidatuur verband gehou het met dr. Vrolik se herenigingsmanie. Nadat hy onder aanvalle van sowel Nasionaliste as Sappe oor sy politieke beleid deurgeloop het, het hy op die vooraand van die verkiesing verklaar dat hy 'n onpartydige stand= punt ingeneem het om as onpartydige regter tussen die SAP en die NP te kon oor= deel met die oog op hereniging. Laasgenoemde, het hy verklaar, kon slegs tot stand gebring word as die SAP en die NP op gelyke voet sou staan, en om daardie toestand te bereik, moes die SAP se aantal setels verminder word om die NP meer te laat wen. Hy het gehoop dat die verkiesingsuitslag genl. Botha sou dwing om na steun te soek en dat die twee partye mekaar weer die hand sou reik. Sou Botha egter 'n koalisie met die Unioniste vorm "dan en niet eerder zouden we liever de Z.A.P. verlaten ".[145]

Blykbaar was dit vanweë sy afkeer van die Unioniste dat dr. Vrolik 'n ewige renons in sir George Leuchars gekry het. Indien wel, het hy nie misgetas nie, want op die samewerking tussen sir George en die Unioniste is reeds gewys. In sy op= hemeling van Deane en sy aftakeling van sir George in die een hoofartikel na die ander sedert 23 Julie, het dr. Vrolik bygedra tot die skerpheid van die twis tussen hierdie twee ou politieke vyande, seker die interessantste nominasietwis in die verkiesing.

---

143. De Afrikaner, 8 Okt. 1915, hoofartikel, brief deur J.P. van Rooyen.
144. Bandonderhoud met mev. M.M, Jansen, 26 Maart 1975.
145. De Afrikaner, 19 Okt. 1915, hoofartikel, sy kursief. Sien o.a. ook ibid., 14, 24 en 28 Sept. en 1 Okt. 1915, hoofartikels.

Sir George het reeds op 4 Junie teenoor genl. Smuts geklae dat, as Deane hom ook sou laat nomineer en die stemkrag verdeel word, die Nasionale Party 'n goeie kans sou staan om die setel te wen. Sy siening van Deane was: ".... were he not such an absolute zottu(?) & quite unreliable I would not mind standing down to save the seat to us, but he D. being what he is I would not think of standing down for him. He would sell us, without die slightest hesitation should it be in his interest to do so."[146]

Die verkiesingstwis tussen hulle het gespruit uit 'n besluit wat die Suid-Afrikaanse Party op sy spesiale kongres van 19 Augustus in Bloemfontein geneem het. Die kongres het naamlik, in die lig van die ontwrigting van sy partymasjinerie, die grondwet van die party deels opgeskort deur te besluit dat die benoeming van kandidate in besondere kiesafdelings aan die Hoofkomitee, in oorleg met plaaslike voormanne, toevertrou moes word. Hierdeur is die gebruiklike nominasievergaderings, wat kragtens die statute gehou moes word, uitgeskakel. Deane wou hom nie hierby neerlê nie en het hom by die grondwet gehou; Leuchars het begin om uitvoering aan die kongresbesluit te gee, met genl. Botha se steun.[147]

Op 'n vergadering op 10 Augustus in Greytown wat Leuchars belê het om sy verkiesingskomitee te verkies, het Deane ook opgedaag en Leuchars beskuldig dat hy ongrondwetlik optree. Dit het op 'n driftige woordewisseling tussen die twee uitgeloop waaraan andere meegedoen het; dog Leuchars het sy komitee verkies gekry. Terwyl die geskil nog in sy beginstadium was, het Jansen op die toneel verskyn en het dit tyd geword, soos die gebruik destyds was, dat die kandidate saam op die verhoog verskyn. Die eerste sodanige vergadering -- die eintlike begin van die verkiesingstryd -- het op 21 Augustus op Kranskop plaasgevind. Na afloop daarvan het die Greytown Gazette, benewens sy lof aan Leuchars en Deane, die volgende van Jansen gesê: "His demeanor made an excellent impression and it may be said at once that he is as far removed as possible from the type of agitator who feeds on garbage ... it must be conceded that his sincerity of manner and aptness in retort will command for him a measure of popularity."[148]

Hierdie woorde, komend van 'n puik dorpskoerant wat 'n teenoorgestelde politiek as Jansen voorgestaan het, is 'n goeie getuigskrif.

---

146. Smuts Papers, Private, 190, Vol. 13/L71, G. Leuchars -- genl. Smuts, 4 Junie 1915, sy kursief.

147. De Afrikaner, 20 Aug. 1915, berig; ibid.,31 Aug. 1915, hoofartikel; ibid., 3 Sept. 1915, kennisgewing deur J.P. Jooste, sekr. Hoofkomitee, 25 Aug. 1915; The Times of Natal, 9 Aug. 1915, berig met tel. van Botha aan Leuchars waarin hy sy kandidatuur steun. Sien ook The Greytown Gazette, 13 Aug. 1915, berig met tel. Botha -- Leuchars.

148. The Greytown Gazette, 27 Aug. 1915, hoofartikel. Sien ook ibid., 11 Aug. 1915, berig.

Op die inhoud van die toesprake wat by hierdie en latere geleenthede gelewer is, hoef nie ingegaan te word nie. Dit is 'n herhaling van wat in hierdie en voorafgaande hoofstukke weergegee is: Aan Jansen se kant -- sy siening van konsiliasie, die Engelse pers en die Engelse, die onderdrukking van die Afrikaner en sy taal; aan Leuchars en Deane se kant -- die "Empire" of, soos Leuchars op 'n tweede gesamentlike vergadering op 27 Augustus die wens uitgespreek het dat almal nog saam met die Britte sou sê: "The Empire is my country, South Africa is my home."[149] Van al die vergaderings, en die ellelange verslae daaroor wat in veral die Greytown Gazette en die Times of Natal verskyn het, word slegs aan een besondere aandag gegee wat teen eind September op Camperdown gehou is -- eerstens omdat daar 'n vurige Unionis, Harry Baker, in die stoel was; tweedens omdat die vergadering as voorbeeld dien van die spêrvuur waaraan Jansen onderwerp is.

Baker het ten ene male geweier om iemand wat nie 'n stemgeregtigde in die kiesafdeling was nie, toe te laat om te praat. Toe een, wat op grond daarvan die swye opgelê is, Baker aansê om die stoel te verlaat en hy toegejuig word, het die volgende gebeur:

> Baker: "As die vergadering wil hê ek moet die stoel verlaat, sê dan so!" (Hoor,hoor!) "En kyk hier, mnr. -- , as jy moeilikheid soek, kan ons uitstap en jy sal dit kry -- (juigkrete) -- Ek het tevore al met jou astrantheid te doen gekry."
>
> John Moon, hoogs geamuseerd: "Boetie, dis nou 'n voorsitter dié!"
> Baker, skreeu-kwaad: "Wil julle hê ek moet loop! Sê dan dadelik so!"
> Uitroepe: "Nee! Nee! Aikôna! Bly waar jy is!"
> Baker bly in die stoel.
> Leuchars, met verwysing na 'n vraesteller wat buite orde gereël is:
> "Ek gee nie om om die vraag te beantwoord ..."
> Baker: "Ek gee om. Sit, sir George!"
> John Moon aan vriendin" "Dêssit, dis vir jou sports!"[150]

Met vraetyd is al drie die kandidate in kruisverhoor geneem, Jansen in die besonder. Hy is bestook met vrae oor die identiteit van sy partyleier; oor Hertzog se optrede in die verlede; die klagtes van die Afrikaners; die wenslikheid van 'n geldelike bydrae aan die Britse vloot; die verskil tussen die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party; die betekenis van Jansen se woorde "ons mense". Jansen het, te midde van uitroepe, op die punt af geantwoord. Toe dit kom by die "Empire" en militêre steun aan hom in sy oorlogstryd, is hy telkens deur 'n luide spotlag onderbreek, aangesê om te gaan sit en moes

---

149. The Natal Advertiser, 30 Aug. 1915, berig.
150. The Times of Natal, 1 Okt. 1915, berig, vertaal en effens herskryf.

hy die stryd gewonne gee.[151]

Teen die tyd dat hierdie vergadering gehou is, het die drie maande lange rusie tussen Leuchars en Deane op 'n dooiepunt geëindig. Ten spyte van die gevaar wat 'n verdeling van die stemkrag vir die Suid-Afrikaanse Party ingehou het, wou nóg Leuchars nóg Deane kopgee. Tussendeur het De Afrikaner en Joshua Herschensohnn so hardnekkig aan Deane se kant geveg en op grondwetlike optrede aangedring, dat die Times uitgeroep het: "Electors of Umvoti, are you going to obey the bidding of 'De Afrikaner' and Mr. Joshua Herschensohnn?"[152]

Voor- en teenstanders van grondwetlike optrede het hul saak met erns en drif op die een vergadering na die ander en in die pers gestel. Beledigings het nie uitgebly nie. Op 'n vergadering in die Landbousaal op New Hanover eind Augustus het Deane gesê: "Leuchars was made a tool of at the time of the exclusion of Hertzog. They say that otherwise he would have been asked to rejoin the Cabinet. Had he been a useful member of the Cabinet and the Cabinet had had a high opinion of him he would have been asked to rejoin".[153] Dit was 'n teer saak vir Leuchars, soos vroeër daarop gewys is.

Te midde van die gekyf en 'n briefwisseling tussen Leuchars en A.W. Smallie, voorsitter van die distrikskomitee van die party, het die Gazette voorgestel dat die dooiepunt by wyse van 'n referendum per pos opgelos moes word.[154] Dit kon kalmte gebring het, maar die plan is nie aanvaar nie. Pleks daarvan het 'n vergadering van die distrikskomitee, waarheen sir William Beaumont uitgenooi is, die reg opgeëis om nominasies kragtens die partygrondwet te maak. As uitvloeisel daarvan is besluit om 'n stemming onder taklede te hou om te beslis tussen Leuchars en Deane, maar Leuchars en sy ondersteuners het geweier om daaraan deel te neem. Met 'n raps meer as 'n maand oor voor stemdag het die nominasietwis so 'n warboel geskep dat die Greytown Gazette in radeloosheid verklaar het: " ... the continual twistings and turnings ... resemble a drunken frolic -- ..The whole affair is one to make angels weep."[155]

Die stemming is gehou, maar drie van die sewe takke, New Hanover, Dalton en Kranskop, het geweier om daaraan deel te neem, gevolglik het Deane ver gewen met 256 stemme teen Leuchars se 48. Die uitslag, wat deur die distrikskomitee as bindend

---

151. Ibid., The Natal Advertiser, 6 Okt. 1915, berig.
152. The Times of Natal, 14 Sept. 1915, hoofartikel. Sien ook The Natal Witness, 1 Sept. 1915, hoofartikel; De Afrikaner, 7, 10 en 14 Sept.1915, berig en hoofartikel.
153. The Greytown Gazette, 3 Sept. 1915, berig.
154. Ibid., 3 Sept. 1915, hoofartikel. Sien ook ibid., 10 Sept. 1915, briefwisseling tussen Leuchars en A.W. Smallie.
155. Ibid., 17 Sept. 1915, hoofartikel. Sien ook ibid., 10 Sept. 1915, berig en hoofartikel; De Afrikaner, 7 Sept. 1915, berig en hoofartikel.

beskou is, is die middag van 18 September plegtig van die trap van die stadsaal af deur A.W. Smallie aangekondig en Deane, wat die aanwesiges meegedeel het dat hy hulle as die amptelike kandidaat toespreek, het "this unseemly exhibition this afternoon" betreur.[156]

Leuchars het geweier om hom by die uitslag van die stemming neer te lê. Daardeur het hy, hoewel hy dit seker nie onthou het nie, presies gedoen wat hy twee jaar tevore in genl. Hertzog veroordeel het. Op 11 Oktober 1913 het hy naamlik op Kranskop verklaar dat 'n party nie kan voortbestaan as die minderheid hom nie by die beslissing van die meerderheid neerlê nie. "Supposing there was an election and two candidates were nominated by the South African Party, one got the majority of the votes and the other declared he would not take any notice of it, but go to the poll. A Unionist would probably come along, and the votes would be split and the Unionist get the seat."[157] As "Unionist" deur "Nationalist" vervang word, is dit 'n presiese weergawe van wat Leuchars in 1915 besig was om te doen.

Om die gemoedere te laat bedaar, was daar vir die partyleiding slegs een uitweg -- om die weg van die minste weerstand te volg. Sir Thomas Watt, wat saam met sir William Beaumont afgevaardig is om die geskil te probeer besleg, het genl. Botha nog op 16 September probeer oortuig dat daar ten gunste van Leuchars beslis behoort te word, want "it is our duty to assist a man who has assisted us in the past".[158]. Sir William wou egter dat die twee kandidate hul gang gaan en die saak met Jansen uitspook, en dit is die beslissing wat op die ou end geneem is. Nòg die een nòg die ander is as amptelike kandidaat verklaar, want die hoofkomitee het onderneem om nie in te meng in die kandidatuur van een van die kandidate nie.[159]

Vir dr. Vrolik was hierdie "Lafhartige Besluit" voldoende aanleiding om 'n grafskrif vir die Suid-Afrikaanse Party te skryf en te volstaan: "De doden bevelen niet meer." Die Greytown Gazette het die party aangeraai om voortaan sy "eselagtige kop" te verberg, of sy ondergrondse bedrywighede tot dié gebiede te beperk waar dit beter verstaan en waardeer sou word.[160]

Te midde van die opgewondenheid wat die dooiepunt voorafgegaan het, moes die twee strydende kandidate vir Jansen beveg, want dit sou, soos die Witness gewaarsku het, Natal in skande dompel as 'n Nasionalis verkies sou word.[161] Heel

---

156. The Times of Natal, 21 Sept. 1915, berig; The Greytown Gazette, 24 Sept. 1915, berig en hoofartikel.
157. The Greytown Gazette, 17 Okt. 1913. Sien ook hierbo Hoofstuk 5, besonderhede wat op voetnoot 151 slaan.
158. PM/OG, T. Watt -- genl. Botha, 16 Sept. 1915.
159. The Times of Natal, 25 Sept. 1915, berig; The Greytown Gazette, 1 Okt.1915, verklaring deur sir Thomas Watt en sir William Beaumont.
160. De Afrikaner, 28 Sept. 1915, berig en hoofartikel; The Greytown Gazette, 1 Okt. 1915, hoofartikel.
161. The Natal Witness, 12 Okt. 1915, hoofartikel.

anders was die siening van een van Jansen se ywerigste werkers, Adrian I.J.Nel, wat persoonlike "bekeringswerk" onder die kiesers gedoen en by geleentheid 'n eet= maal vir adv. en mev. Jansen en hul teenstanders op die plaas Doornhoek van P.J. Nel gereël het "als en (sic) liefde blijk voor u opoffering ter onzer wille.." Ook het hy aan Jansen geskryf: "... vir my gevoel ik de dreigende gevaar van ons Nationaal bestaan diep in my ziel ...", en by 'n ander geleentheid: "Geve de lieve Heer ons de overwinning is ons ernstige bede."[162]

Tussendeur was Adrian Nel onder diegene wat 'n aktiewe rol gespeel het in die saak van die rebelle. Reeds op die stigtingskonferensie van die Nasionale Party op 17 Junie het hy aangekondig dat daar in Greytown ook 'n tak van die Helpmekaar gestig en R300 ingesamel is.[163] Begin September het die weduwee P.J. Joubert die Natalse vroue uit Pretoria per ope brief bedank vir hul flinke ondersteuning van en deelname aan die vroue-optog in Pretoria en 'n beroep op hulle en die Natalse mans gedoen om takke van die "Helpmekaar Vereniging" te stig en geld vir die rebelle in te samel.[164] Die beroep het nie op dowe ore geval nie, soos nog sal blyk.

Terselfdertyd is 'n tweede petisie om begenadiging aan die rebelle ook in Natal gesirkuleer en deur meer as 1 000 mense onderteken. Die leidende figure hierin was J.W.G. Steyn en W.C. Brebner van die Vrystaat, onderskeidelik voorsitter en sekretaris van die Genl. De Wet-monsterpetisiekomitee. Dat daar 'n politieke oogmerk met hierdie petisie was, ly geen twyfel nie. Dit blyk duidelik uit 'n brief van bogemelde here aan genl. Botha op 12 Oktober 1915, waarin hulle hom verwittig het dat hulle onder aparte omslag 'n beswaarskrif gepos het, onderteken deur 64 615 mans en vroue, teen die volgehoue aanhouding van die rebelle. 'n Deputasie uit die vier provinsies,het hulle verklaar, wou Botha graag voor die verkiesing spreek en voor stemdag sy antwoord wêreldkundig maak. Aangesien Botha hulle egter in kennis gestel het dat hy hulle nie voor die verkiesing te woord kon staan nie, het hulle hul gedwonge geag om die loop van sake aan die publiek bekend te maak.[165]

Volgens die brief was die vier Natallers in die deputasie ds. H.F. Schoon, B.G. Brecher, A.T. Spies en A.I.J. Nel. Hulle sou by Botha protesteer "tegen de ver= nederende en voor het volksgevoel krenkende behandeling van Generaal C.R. de Wet en de andere volksleiders", soos dit in die petisie gestel is.[166] Dit is

---

162. E.G. Jansenversameling, Lêer 66, Adrian Nel -- E.G. Jansen, 20 Sept en 4 Okt. 1915.
163. De Afrikaner, 22 Junie 1915, berig.
164. Ibid., 28 Sept. 1915, ope brief deur wed. P.J. Joubert.
165. PM 150/28/15, J.W.G. Steyn en W.C. Brebner -- Eerste Minister, 12 Okt. 1915, en bylae.
166. PM/OG, Petitions, waarin daar 'n dertigtal petisievorms uit Natal vervat is met sowat 1 100 handtekeninge daarop, o.a. Petisie 487 met die handtekening van A.I.J. Nel en verskeie andere uit Greytown.

opvallend dat die vier here vier van die vyf kiesafdelings verteenwoordig het waar daar 'n Nasionale kandidaat was, naamlik Kliprivier, Vryheid, Newcastle en Umvoti. Zoeloeland was die vyfde. Dat die bepleiting van die belange van die rebelle die saak van die Nasionale Party bevorder het, behoef nie verdere beklemtoning nie; maar hoe groot, kan nie bepaal word nie. Die Rebellie het op Natalse verkiesingsvergaderings herhaaldelik ter sprake gekom. Jansen self is by herhaling daaroor ondervra.[167]

Jansen het, soos tevore daarop gewys, hom die Rebellie sterk aangetrek. Sy openbare uitsprake was egter altyd kalm. Trouens, hy het hom in sy verkiesingstryd deurgaans so onderskei dat sir George Leuchars hom onmiddellik na die bekendmaking van die uitslag gelukgewens het "on the gentlemanly and manful way in which he has fought this election" -- 'n uitspraak wat ten volle deur die Times of Natal se verteenwoordiger onderskryf is.[168]

Daar kan nie met dieselfde lof van sommige van sy politieke teenstanders onder die kiesers gepraat word nie. Op een van sy laaste vergaderings, op Albert Falls, is hy in bitterkoue weer met tamaties en eiers bestook. Hy het siek geword, maar die verkiesing end-uit geveg. Sowat veertien dae na stemdag was hy met water op die regterlong in die hospitaal. Hy is geopereer, het in 'n koma verval, pynlik stadig herstel en die res van sy lewe 'n gebrek aan sy regterskouer gehad. Ná sy siekte sou sy regspraktyk so deur sy politieke teenstanders geboikot word dat dit vir hom 'n uitkoms sou wees toe die redakteurskap van De Afrikaner hom aangebied is -- 'n pos wat hy 'n jaar of twee beklee het.[169]

Vir viktimisasie in sy regsberoep was hy van die begin af bang. Om die finansiële gevaar uit te skakel wat so iets sou meebring, moes hy die verkiesing wen. Hy het geglo hy sou wen. Op sy laaste vergadering saam met sy twee opponente, Saterdag, 16 Oktober, in die Greytownse stadsaal en onder voorsitterskap van sy strydmakker G.T. (Tommie) van Rooyen,[170] het hy nog rede gehad om so te glo. Sy broer Gus, "Mama, oom Auguste en anderen" het dit geglo -- net sy vader, oubaas A.L. Jansen, nie. Dié het getwyfel omdat hy die aard van die Afrikaner so goed geken het: net soos die weer, in die laat uur brandend, die volgende dag yskoud. "Dan speelt afgunst een groote rol onder hen, en worden sij ligt overgehaald door een mooi praatje."[171]

---

167. Vgl. The Times of Natal, 13 Okt. 1915, berig oor vergadering van 11 Okt. op Kranskop. Sien ook ibid.,16 Okt. 1915, berig oor vrae aan genl. Smuts op vergadering op Newcastle op 15 Okt.
168. The Times of Natal, 21 Okt. 1915, berig.
169. At van Wyk, "Twee SA premiers moes met riksja vlug", Hoofstad, 5 Nov. 1975.
170. Vgl. The Greytown Gazette, 22 Okt. 1915, berig.
171. E.G. Jansenversameling, Lêer 66, A.L. Jansen -- E.G. Jansen, 1 Nov 1915. Sien ook ibid., Gus Jansen -- E.G. Jansen, 31 Okt. 1915.

Toe stemdag aanbreek, was hy reeds siek.

6. Die Stembus en Daarna

Op stemdag, 20 Oktober, was daar by benadering 33 391 Natallers wat na die stem= bus kon gaan -- 3 451 meer as in 1910 -- en, sover vasgestel kon word, het die= selfde stemregkwalifikasies en stemprosedure as dié van vyf jaar tevore gegeld, insluitend die meervoudige stem.[172] Navraag is by Jansen gedoen of die meer= voudige stem nog geld. Dié sou hulle daarop kon wys dat die Voorlopige Sentrale Bestuur op 4 Augustus besluit het om by die kongres aan te beveel "dat leden die in twee afdelingen stemgerechtigd zyn trachten moeten in beide afdelingen te stemmen".[173] Hoewel 25 September as nominasiedag bepaal is, is die kandidate= lys, later effens gewysig, reeds op 26 Augustus deur die Witness aangekondig.

Ten spyte van die oorweldigende goedgesindheid jeens genl. Botha, moet daar op 20 Oktober nog vele verwarde kiesers gewees het. Dit was juis die sentrale plek wat Botha en die "Empire" beklee het, wat partypolitiek gesproke verwilderend moet gewees het. Hoe word daar gekies tussen die kandidate van verskillende partye wat, met uitsondering van die Nasionaliste, almal een oogmerk had: 'n suksesvolle voortsetting van die oorlog? Hoe word daar gekies tussen kandidate van partye wat mekaar in die een kiesafdeling beveg en in die ander saamwerk, met tussendeur onverkwiklike nominasietwiste soos in Umvoti en Pietermaritzburg-Suid? Hoe dit ook al sy, daar was vir die gemiddelde Natalse Engelsman 'n gemeenskaplike vyand, die anti-"Empire"-gesinde en dié wat met hom saamgewerk het of mog saam= werk: Nasionalis en Arbeider. Op die vooraand van die verkiesing het die Witness hulle die soveelste keer uitgesonder: "These are the two dangerous and disruptive forces which, if given the chance by deluded electorates, will combine to work ruin on the whole of South Africa."[174]

Woensdag, 20 Oktober 1915, het aangebreek en die gebruiklike verkiesingstonele opgelewer: plakkate op opsigtelike plekke; 'n bedrywigheid by die stemlokale; perdekarre met kiesers; motors -- meer as in 1910. Op Greytown was dit iets besonders dat meer as 'n dosyn motors heen en weer gesnor het. Op Ladysmith, waar die verkiesing oninteressant verloop het vanweë die sekerheid van die uit= slag, het 'n motor mankoliek op straat gestaan met vier vernielde bande. Dit was die streep wat Lucas Meyer se SAP-opponente hom getrek het. Al die ander be= skikbare motors is om hom aan die loop gehou.[175] Oral het vlae gepryk-- Union

---

172. Sien hierbo Hoofstuk 1, besonderhede wat op voetnoot 43-45 slaan, Hoofstuk 2, besonderhede wat op voetnote 115-117 en op voetnoot 130 slaan.
173. E.G. Jansenversameling, Lêer 66, J.J. van Schalkwyk en J.A. van der West= huisen aan E.G. Jansen, onderskeidelik 22 Sept. en 8 Okt. 1915; PV 55, 1/3/2/2/1/1, Notule van Bestuursvergadering van die NP in Natal, Dundee, 4 Aug. 1915.
174. The Natal Witness, 29 Okt. 1915, hoofartikel.
175. The Natal Mercury, 23 Okt. 1915, berig.

Jacks en andere. By Jansen se verkiesingslokaal op Greytown het daar 'n vlag gewapper wat vermoedelik dié van die Union-Castle Steamship Co. was, maar "its resemblance to the Union Jack was sufficiently close to deceive the uninitiated".[176]

Die opgewondenheid was daar, maar die spanning het ontbreek, want nooit was daar enige twyfel oor die uitslag nie. Selfs in Umvoti het dit hoe later, hoe duideliker geword in watter rigting die wind waai. Tog is die uitslag gretig afgewag en het die telegraafdrade na genl. Botha spoedig gegons: Lady Leuchars: "I rejoice ..."; John Moor: "Weenen County has presented you with this seat"; Leuchars: "Too delighted ..."; Beaumont: "Natal not done so badly..."; M.G.J. Ferreira: "... einde van die volgende vyf jaren ... geen Nationalist meer ..."; Bothafamilie, Greytown: "... de Here zegene u ..."; Zuster Sannie, Greytown: "Hartlike gelukwensen ..."[177]

Die oggendkoerante het die volgende dag reeds die meeste uitslae aangekondig. Hier volg 'n samegestelde lys, met die naam van die verkose kandidaat bo-aan, dié van die politieke party of groep tussen hakies, Suid-Afrikaanse Party (SAP), Unionisteparty (U), Arbeiderparty (A), Nasionale Party (NP), Onafhanklikes (O), en met die bedorwe stembrief (BB) in berekening gebring:[178]

NATAL SE VERKIESINGSUITSLAE VAN 1915

Dundee

1960 kiesers	
T. Watt (SAP)	823
R.J. Hall (A)	285
J. Dyson (Onaf.U)	166
BB	1
totaal	1 275
meerderh.	538
stem-%	65

Durban-Greyville

2 372 kiesers	
T. Boydell (A)	951
W.Greenacre (U)	839
BB	3
totaal	1 793
meerderh.	112
stem-%	75,6

Durban-Berea

2 214 kiesers (om en by)	
J. Henderson (U) onbestrede	

Durban-Punt

2 165 kiesers	
P.A. Silburn (O)	1 059
H. Humphrey (A)	498
J.E. Palmer (SAP)	5
BB	11
totaal	1 573
meerderh.	561
stem-%	72,7

176. The Greytown Gazette, 22 Okt. 1915, berig.
177. Prellerversameling, Band 89-91, enkele uit dosyne telegramme uit Natal.
178. Hierdie lys, saamgestel aan die hand van Natalse persgegewens tussen 21 en 25 Oktober 1915, klop op een na presies met dié van B.M. Schoeman, saamgestel aan die hand van gegewens in die staatskoerante en verwerk in sy Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976. Die enigste verskil is ten opsigte van Pietermaritzburg-Noord waar T. Orr se aantal stemme deur The Natal Witness, 21 Okt. 1915, as 808 aangegee word. Schoeman se syfer van 880 word aanvaar.

Durban-Sentraal

2 217 kiesers

C. Henwood (U)	966
M. Kentridge (A)	620
BB	8
totaal	1 594
meerderh.	346
stem-%	71,9

Kliprivier

1 854 kiesers

H. Wiltshire (SAP)	912
L.W. Meyer (NP)	276
BB	5
totaal	1 193
meerderh.	636
stem-%	64,3

Pietermaritzburg-Noord

1 979 kiesers

T. Orr (SAP)	880
F. Tilbury (A)	379
BB	8
totaal	1 267
meerderh.	429
stem-%	64

Umlazi

1 762 kiesers

A. Fawcus (SAP)	849
T. McCrystal (A)	219
D.St.J. Stephen (SAP)	32
BB	12
totaal	1 112
meerderh.	630
stem-%	63,1

Umzimkulu

1 739 kiesers (om en by)

F.U.Reynolds (SAP) onbestrede

Vryheid

1 704 kiesers

M.W. Myburgh (SAP)	606
F.W.v.Reenen (NP)	390
BB	11
totaal	1 007
meerderh.	216
stem-%	59,1

Durban-Umbilo

2 286 kiesers

C.P. Robinson (U)	969
N. Palmer (A)	592
BB	12
totaal	1 573
meerderh.	377
stem-%	68,8

Newcastle

1 837 kiesers

T.J. Nel (SAP)	473
R.H. Struben (U)	395
A.T. Spies (NP)	338
BB	9
totaal	1 215
meerderh.	78
stem-%	66,1

Pietermaritzburg-Suid

1 912 kiesers

R.A. Buntine (SAP)	868
W.H. Griffin (SAP)	424
BB	17
totaal	1 309
meerderh.	444
stem-%	68,5

Umvoti

1 903 kiesers

G. Leuchars (SAP)	636
E.G. Jansen (NP)	493
W.A. Deane (SAP)	378
BB	8
totaal	1 515
meerderh.	143
stem-%	79,6

Victoria-graafskap

1 805 kiesers (om en by)

J.G. Hunter (U) onbestrede

Weenen

1 552 kiesers

J.W. Moor (SAP)	536
G.R. Richards (U)	499
BB	6
totaal	1 041
meerderh.	37
stem-%	67,1

NUWE LV'S, SENATORE EN ANDER POLITICI



J.W. Moor, L.V.

T. Boydell, L.V.

J.G. Hunter, L.V.



Sen. J. Schofield



Sen. F.W.A. Sangmeister

Sir T. Hyslop



G.H. Hulett



W. Greenacre

Zoeloeland

2 130 kiesers	
W.F. Clayton (SAP)	991
E.E. Dalton (NP)	270
BB	13
totaal	1 274
meerderh.	721
stem-%	59,8

Altesame 18 741 kiesers uit 'n totaal van 27 633 in die 14 betwiste kiesafdelings het hul kruisies gaan trek, ofte wel 67,8%. As die drie onbestrede kiesafdelings, Durban-Berea, Umzimkulu en Victoria-graafskap, ook in berekening gebring word, stoot dit die aantal stemme wat uitgebring is, op na 22 645 uit 'n moontlike totaal van 33 391, wat ook 67,8% is.[179] Die Suid-Afrikaanse Party het 7 574, of 40,4% van die stemme op hom verenig en boonop Umzimkulu onbestrede verower. In albei kiesafdelings waar die Suid-Afrikaanse Party teen die Unioniste te staan gekom het, Newcastle en Weenen, het eersgenoemde gewen. Uit die 17 het die Suid-Afrikaanse Party 11 lede na die Parlement gestuur. Die party het een setel, Weenen, van die Unioniste verower,[180] maar dit was 'n taai stryd en sy kandidaat, J.W. Moor, is met 'n meerderheid van slegs 37 verkies.

Die Unioniste het hul totaal weer na vier opgestoot soos in 1910 deur die Arbeider Morris Kentridge in Durban-Sentraal te verslaan waar hy pas voor die uitbreek van die oorlog in 'n tussenverkiesing verkies is. Die agteruitgang van die Arbeiders was, soos elders in die land, 'n kenmerk van die verkiesing. Van hulle sewe kandidate, wat altesame 3 544 stemme gekry het, of 19% van die totaal, is slegs Thomas Boydell in Durban-Greyville verkies.

Die poging tot samewerking tussen die Arbeiders en die Nasionaliste in Dundee het op 'n fiasko uitgeloop, want min van die mynwerkers het vir R.J. Hall gestem. J.J. Müller het aan E.G. Jansen geskryf dat die "afgedankste" Arbeiders die Nasionale Party "een mooi poets gebak" het en self ook 'n les geleer is, "zulke Ezels! ze hebben zich door de Imperialisten met een 'Nationale spook?' laten afschrikken."[181] Gus Jansen wat, soos vroeër aangetoon, deur die distriksbestuur verhinder is om hom as kandidaat van die Nasionale Party te laat nomineer, was ontevrede oor die uitslag. Volgens hom het Rall hoofsaaklik steun van die Nasionaliste gekry en het daar op Dundee slegs sowat 40 mynwerkers vir hom gestem.

---

179. Juiste syfers vir die totale aantal kiesers in die drie onbestrede kiesafdelings kon nie verkry word nie, maar volgens 'n voorlopige lys wat op 26 Aug. 1915 deur die Witness gepubliseer is, was dit onderskeidelik 2 214, 1 739 en 1 805 = 5 758. Teen die gemiddelde stempersentasie van 67,8 beteken dit dat 3 904 van hulle sou gaan stem het. Dit stoot die totale aantal uitgebragte stemme op na 22 645.
180. Marais, Die Politieke Uitwerking ... pp. 619 en 625, se stellinge is foutief.
181. E.G. Jansenversameling, Leer 66, J.J. Müller - E.G. Jansen, 1 Nov. 1915.

Gus het steeds geglo dat 'n Nasionalis beter sou gevaar het en het verklaar: "Watt zeg hij had nog nooit beter elektie agenten dan P.R. Vermaak, J.C. Vermaak en Joe Muller gehad. Ik dink hij het gelijk." Sy vader, A.L. Jansen, het die eerste keer in sy lewe van die stembus af weggebly, want hy het nie kans gesien om vir een van die drie kandidate te stem nie, hoewel hy bly was dat Watt verkies is en nie een van die ander nie.[182]

Die Nasionale Party het die swakste van almal gevaar deur slegs 1 767 stemme in die vyf kiesafdelings te kry wat hy betwis het, of 9,4%. Vir 'n party wat maar pas vier maande tevore sy stigtingskongres gehou het, wat geen persmondstuk gehad het nie en wat slegs uit die klein klompie Afrikaners kon groei, was dit egter 'n nie te swak vertoning nie. Die Sentrale Bestuur het die party se neerlaag aan die volgende "onvermijdelike oorzaken" toegeskryf: "Dat onze Partij als 'n pasgeboren kind onder zeer ongunstige omstandigheden de elektie-strijd inging vóór dat het ontwaakte volks-gevoel en volks-bewustzijn overal doorgedrongen was; ten andere had ons Partij hier in NATAL te kampen tegen de zetel voor Imperialisten in Zuid-Afrika."[183]

Jansen se neerlaag in Umvoti was vir die Nasionaliste 'n groot teleurstelling. Daar het gebeur wat Jansen se vader voor bang was: die Afrikaners het hom in die steek gelaat, en ook die Duitsers. Toe die stembusse om vieruur sluit, was daar nog sowat 400 kiesers wat nie gestem het nie, en onder hulle was daar 160 Afrikaners en Duitsers. 'n Ondersoek wat agterna deur G.T. van Rooyen ingestel is, het aan die lig gebring dat 103 van Jansen se vermeende ondersteuners nie vir hom gestem het nie, maar hul stemme tussen die ander kandidate verdeel het. Dit het Jansen die setel gekos, en Van Rooyen het die saak so opgesom: "The return of Sir Geo. will ... prove a lesson to both Dutch & German not to misuse or neglect their votes."[184]

Jansen het die uitslag gelate aangehoor. Dit was kort na 12-uur die middag van 21 Oktober dat 'n klokkegelui op Greytown 'n groot klomp gespanne verkiesingsvegters na die hofsaal laat stroom het om die uitslag aan te hoor. Toe magistraat Adamson die naam van sir George Leuchars aankondig, het 'n gejuig losgebars. Nadat Leuchars gepraat en die aanwesiges "Rule Britannia" en die Britse volkslied gesing het, "Mr Jansen delivered a few observations in his well-known courteous style. He made a manly acknowledgement of defeat and said that though beaten they would fight again."[185] Hy sou sy belofte gestand doen en in die verkiesing

182. Ibid., Gus Jansen -- E.G. Jansen, 31 Okt. 1915, A.L.Jansen -- E.G. Jansen, 1 Nov. 1915.
183. PV 55, 1/3/2/2/1/1, Rapport van het Centraal Bestuur van de Nationale Partij, Natal Provincie, by de Twede Zitting van het Kongres, 25 April 1916.
184. Van Wyk, "E.G. Jansen en die verkiesing van 1915," Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, Nr. 6, Nov. 1976, p. 86.
185. The Greytown Gazette, 22 Okt. 1915, berig.

van 1921 met drie stemme in Vryheid verkies word.

Van sy plaas Strathearn, Dundee, af het sy vader aan hom geskryf: "Trekt het U maar niet aan(.) Ge sijt nog jong en wie weet wat de toekomst U nog sal geven."[186] Die toekoms hét hom veel gegee; maar daardie eerste verkiesing sou altyd as die aangenaamste in sy herinneringe lê, omdat dit sy eerste was -- aldus mev. Jansen.

Skaars was die verkiesing agter die rug of hernieude opgewondenheid het ontstaan. Henry Wiltshire het naamlik pas na sy herverkiesing in Kliprivier dodelik siek geword en die oggend van 22 Oktober beswyk.[187] 'n Tussenverkiesing het gedreig en daar het 'n geskarrel ontstaan. De Afrikaner het Bill Deane as kandidaat van die Suid-Afrikaanse Party aanbeveel. Die Arbeiders, met Thomas Boydell aan die spits, het voorbrand gemaak vir F.H.P. Creswell wat in Bezuidenhout verslaan is. Daar was sprake dat 'n Unionis sy kans daar sou waag, terwyl J.J. Müller en andere vir Jansen aangeraai het om hom daar verkiesbaar te stel ingeval daar 'n driehoek- of vierhoekstryd sou wees.[188] Die Klipriviersе Sappe en die Witness het egter die setel aan min. Henry Burton aangebied wat in Albert verslaan is. Burton het dadelik ingeklim en reeds op 30 Oktober twee vergaderings op Ladysmith gehou. Alles het gedui op 'n "Historic Election Fight in Siege Town", soos die Witness dit in die vooruitsig gestel het, maar Burton was so 'n gedugte opponent dat die ander partye hul onttrek het en ge= volglik is hy onbestrede verkies.[189]

Gelyktydig met hierdie gebeure het genl. M.W. Myburgh van Vryheid sy setel aan min. N.J. de Wet aangebied wat in Kroonstad verslaan is, en F.U. Reynolds van Umzimkulu syne aan enige van die verslane ministers. Genl. Botha was egter nie bereid om hulle op te offer nie,[190] en sodoende is Natal 'n tweede keer van 'n tussenverkiesingstryd gered.

Tussendeur is daar nabetragting gehou. Natal is geloof dat hy, trou aan sy beste tradisies, 'n span verteenwoordigers gekies het wat geswore ondersteuners van die imperiale saak was. Selfs die Arbeider Thomas Boydell het in dié op= sig nie te kort geskiet nie. Daar is gesê dat die weg voorberei is vir 'n

---

186. E.G. Jansenversameling, Lêer 66, A.L.Jansen -- E.G.Jansen, 1 Nov. 1915.
187. Prellerversameling, Band 91, tel. T. Watt -- genl. Botha, 22 Okt. 1915.
188. De Afrikaner, 22 en 26 Okt. 1915, hoofartikels; PM/OG, tel. Platt -- genl. Botha, 23 Okt. 1915; E.G. Jansenversameling, Lêer 66, G.M.Rudolph -- E.G. Jansen, 25 Okt. 1915; ibid.,tel. J.J.Müller--E.G.Jansen, 26 Okt. 1915.
189. Van Wyk, "E.G.Jansen en die verkiesing van 1915," Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, Nr. 6,Nov.1974, p.86, PM/OG,vier telegramme tussen Platt en genl. Botha, 22-23 Okt. 1915.
190. PM/OG, telegramme tussen M.W.Myburgh en genl. Botha, 22 Okt.1915, en briewe tussen F.U.Reynolds en genl. Botha, 24 Okt. en 3 Nov. 1915.

formele koalisie tussen die Suid-Afrikaanse Party en die Unioniste, want Botha was verplig om, soos die Witness hom daarop gewys het, te doen wat die blad van 1910 af bepleit het, naamlik om die Britte toe te laat om hom te help ten einde die twee bevolkingsgroepe byeen te bring teen die mal man Hertzog en sy bende.[191]

Die stand van die partye in Suid-Afrika na die verkiesing en die daaropvolgende tussenverkiesings was: Suid-Afrikaanse Party, 54; Unionisteparty, 40; Nasionale Party, 27; Onafhanklikes, 5; Arbeiderparty, 4 -- 'n totaal van 130.[192]

Die feit dat die Nasionale Party feitlik skoonskip in die Vrystaat gemaak het deur 16 uit die 17 setels te wen, het die Mercury op die leemtes in die kiesstelsel laat wys. Die blad het aangetoon dat die Hertzogiete rondom 16 600 stemme en die Bothaïete rondom 9 600 stemme in die Vrystaat gekry het, 'n verhouding van nagenoeg 60:40. As daar proporsionele verteenwoordiging was, het die blad aangevoer, sou die sterkte van die twee partye in die Parlement nie 16:1 gewees het nie, maar naastenby 10:7.[193]

Dit was 'n grondige argument, maar dit het weerskante toe geslaan. Die uitslae het byvoorbeeld getoon dat hoewel die Nasionale Party 5 stemme vir elke 6 van die Suid-Afrikaanse Party gekry het, die setelverhouding tussen die twee partye 27:54 was; die Unionisteparty het 4 stemme vir elke 6 van die Nasionale Party gekry, met 'n setelverhouding van 40:27; die Arbeiderparty het tweederde minder stemme as die Nasionale Party gekry, met 'n setelverhouding van 4:27.[194]

In 'n artikel in die Witness het "R.H.C." aan die hand van die verkiesingsuitslae verklaar dat, as daar proporsionele verteenwoordiging was, die stand van die partye naastenby soos volg sou gewees het -- naastenby, want daar was ook 'n aantal onbestrede uitslae:[195]

	SAP	NP	UNIONISTE	ARB.	ONAFH.
Tvl.	15	13	9	7	1
Kaap	19	15	11	3	3
Natal	8	1	4	3	1
OVS	5	11	1	0	0
	47	40	25	13	5 = 130

191. The Natal Witness, 23 Okt. 1915, hoofartikel; The Natal Mercury, 22 Okt.1915; The Natal Advertiser, 25 Okt. 1915, hoofartikel.
192. Schoeman, Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976, p.49; The Natal Witness, 27 Okt.1915, voorblad, wat die SAP se totaal op 52 stel, maar dit was voordat H.Burton en N.J. de Wet in tussenverkiesings in Kliprivier en Potchefstroom verkies is. Marais, Die Politieke Uitwerking...,p. 618, stel die totaal van die Unioniste op 39, dié van die Arbeiderparty op 6 en noem nie dié van die Onafhanklikes nie.
193. The Natal Mercury, 23 Okt. 1915, berig. Vgl. Schoeman, Parlementêre Verkiesings ...., p. 49.
194. Marais, Die Politieke Uitwerking ...., p. 623.
195. The Natal Witness, 30 Okt. 1915, artikel deur "R.H.C."

Die Mercury se pleidooi om proporsionele verteenwoordiging sou dus sterk tot voordeel van die Nasionaliste en Arbeiders gestrek het en tot nadeel van die Suid-Afrikaanse Party en die Unioniste. Tog sou selfs so 'n verdeling weinig afbreuk kon doen aan die feit dat die kiesers 'n oorweldigende mandaat aan genl. Botha gegee het ter voortsetting van sy oorlogsbeleid. Daarom kon die Mercury verklaar: "Never has the Premier of a self-governing country obtained a more explicit vote of confidence or a clearer mandate than are expressed in the response to General Botha's appeal to the country. The question at issue was his attitude towards the Empire, and this attitude has been endorsed..."[196]

Dit was waarom dit vir die Engelse van 1910 af gegaan het: die "Empire." In hul verbete najaging van die ideaal, dikwels gepaard met aanstote aan die teë-party, is daar kragte losgeruk wat uiteindelik die "Empire"-ideaal in Suid-Afrika sou vernietig. Dit was 'n proses wat ook in Natal aan die gang was, maar pynlik stadig vordering sou maak. Een van die vernaamste redes hiervoor was dat die Natalse Afrikaners, hoewel hulle die afgelope eeu lank hul eie koerant het, nog nooit 'n mondstuk gehad het wat hulle behoorlik bedien en saamgesnoer het nie. In die kritieke verkiesing van 1915 kon 'n sterk en gerespekteerde mondstuk minstens vir Jansen gehelp het om te wen en daarmee 'n slag vir Afrikanernasionalisme te slaan wat dwarsdeur die land sou weerklink en geslagte lank 'n uitwerking sou gehad het. De Afrikaner het egter op die draad gesit en na geen kant toe invloed uitgeoefen nie, "want", het A.L. Jansen die saak opgesom, "nergens is naar sijn raad geluisterd".[197]

Deur geen positiewe invloed uit te oefen nie, het die blad egter juis in die hand van die imperialiste gespeel wat hy graag wou beveg. Dr. Vrolik se herenigingsmanie het met hom op loop gesit en verhinder dat hy die tekens van die tyd reg lees. Daarom het die feit dat genl. Botha nie 'n volstrekte meerderheid by die stembus gekry het nie, die verblydende vooruitsig vir hom ingehou dat hy noodgedwonge sy hand na Hertzog sou moes uitsteek. "En hierin legt de heuglike zijde van deze algemene verkiezing, waarvoor 'De Afrikaner' in de Z.A.P. zo sterk geijverd heeft: Hereniging met de oude, tijdelik gescheiden vrienden." Die Suid-Afrikaanse Party, het hy voorsien, sou hom sterker op taalhandhawing toespits, van die ongewenste elemente in eie geledere bevry en begenadiging aan die rebelle voorop stel -- ter verwesentliking van wat genl. De Wet van die verkiesing verwag het: "'n Beter Zuid Afrika."[198]

Dat die blad hom totaal misreken het, is bekend, want die hek tussen Sap en Nat was reeds gesluit. Voortaan sou die Sappe slegs uit Engelse geledere nuwe steun

---

196. The Natal Mercury, 27 Okt. 1915, hoofartikel.
197. E.G. Jansenversameling, Lêer 66, A.L. Jansen -- E.G. Jansen, 1 Nov. 1915.
198. De Afrikaner, 26 Okt. 1915, hoofartikel.

kon put; die Nattes uit die totale en getalryker Afrikanerdom. Die gebeure tot 1915 sou nie slegs in die gedagtewêreld van die Afrikanernasionalis voort=leef nie, maar doelbewus deur hom gebruik word om sy partybelange te bevorder. Ook in Natal sou dit gebeur, maar daar sou dit, soos reeds daarop gewys, 'n ef=fens ander loop neem.[199]

Terwyl die vroue se pleidooie om begenadiging aan die rebelle, en hul reuse-optog in Pretoria, byvoorbeeld daartoe gelei het dat die Afrikanervroue van die ander provinsies politiek aktief begin raak het, is 'n soortgelyke ontwikkeling in Natal dermate teëgewerk dat die Natalse Afrikanervrou eers in 1923 politiek georganiseer sou raak met die stigting van die Vroue-Nasionale Party in daardie jaar deur mev. M.M.Jansen.[200] Dit kon in 1915 gestig gewees het, want mev. Dorothea Kemp van Eensgevonden; Helpmekaar, wat aan die Pretoriase vroue-optog deelgeneem het en 'n lid van die deputasie was wat 'n onderhoud met die Goewer=neur-generaal oor die rebelle gevoer het, het pas na haar tuiskoms in Natal gepoog om "een Vrouwen Nationale Vereniging" in haar omgewing te stig. 'n Briefskrywer, "Nationalist", van Vryheid het verklaar dat hierdie poging die goedkeuring van alle opreggesinde Afrikaners sou wegdra, want veel goeds is reeds uit sulke ver=eniginge in die Vrystaat en Transvaal gebore. Hy het mev. Kemp "en onze Natio=nale moeders en zusters" van Biggarsberg van harte gelukgewens.[201]

Hy was ooroptimisties. Mev. Kemp het slegs uitvoering probeer gee aan 'n ver=soek wat uit die ander provinsies tot haar gerig is. Op 'n vergadering wat sy omstreeks 4 September ten huise van C.M. Vermaak, Zuurfontein, gereël het, het sy die beslissing aan die vergadering oorgelaat. P.R.N. Vermaak het die dames toegespreek en hulle probeer oorreed om 'n "Vrouwe Nationale Vereniging" te stig, maar verskeie vroue was daarteen en is ondersteun deur A.L. Jansen, want vir hom was politiek die man se terrein en liefdadigheid die vrou s'n. Hy was ten gunste van 'n vroueverenigingsoos die "Oranje Vrouwe Vereniging" van die Vrystaat, waarvan die statute voorgelees is. Die vroue het egter so skerp verdeel geraak oor die saak, dat J.J. Kemp opgemerk het: "Ik dacht dat de vrouwen eenheid on=der de mans bewerken moesten." Nadat daar uiteindelik met 18-11 stemme besluit is om 'n vroueverenigingte stig, het die teenstanders uitgestap en het die agter=blywendes 'n tak van die "Natal Vrouwen Vereniging" met 'n ledetal van 22 gestig, met mevv. J.H. Potgieter, voorsitster, Dorothea Kemp, vise-voorsitster, A.Jansen, jr., sekretaresse en J.C. Vermaak, hulpsekretaresse. Op 16 Oktober is 'n soort=gelyke tak op Dundee gestig.[202]

---

199. Sien hierbo, besonderhede in teks tussen voetnoot 14 en 20.
200. At van Wyk, "Armblankes se onderwyseres," Hoofstad, 6 Nov. 1975.
201. De Afrikaner, 7 Sept. 1915, brief deur "Nationalist".
202. Ibid., 14 Sept. en 26 Okt. 1915, berigte; E.G. Jansenversameling, Lêer 66, A.L. Jansen -- E.G. Jansen, 1 Nov. 1915.

Die verdeeldheid onder die vroue het egter voortgeduur en van so 'n aard geword dat A.L Jansen eind Oktober 'n ganse Saterdag by die kerk, vermoedelik op Dundee, deurgebring het "om een saak uittemaken en vrede te stichten tusschen sommige dames die sich gegriefd voelde en beledigd ook" omdat Dorothea Kemp 'n vrouevereniging pleks van 'n politieke liggaam gestig het.[203]

Doelbewuste poginge deur mnr W. Olivier, sekretaris van die Nasionale Party van Transvaal, en mev. Melt Brink, organiserende sekretaresse van "de Vrouwen Nationale Partij" van Transvaal, om 'n tak van laasgenoemde op onderskeidelik Utrecht en Vryheid te stig, is teëgewerk en het misluk. In albei gevalle is 'n tak van die "Natal Vrouwen Vereniging" gestig met onderskeidelik 40 en 42 lede. Laasgenoemde het spoedig gegroei tot 'n ledetal van 57 en het as eerste bestuur gehad mevv. H. Tredoux, voorsitster, L. Zietsman, sekretaresse, E. Dalton, A.F. Dafel, A. Steenkamp, D. Nel, J. Schoon, J. Dafel, J. van de Venter, F. van Reenen en K. Potgieter, lede.[204]

Die beweging ter stigting van 'n vrouevereniging pleks van 'n politieke organisasie vir die vroue, het nie uit 'n anti-Nasionale gevoel gespruit nie, maar is geïnspireer deur die begeerte om, soos mev. Dorothea Kemp by geleentheid verklaar het, sover moontlik eenheid te bevorder[205] en barmhartigheidsdiens te verrig. Dit is hieruit dat die Natalse Christelike Vrouevereniging ontwikkel het wat pas daarna gestig is en wat steeds 'n besondere rol op Christelik-maatskaplike gebied in Natal vervul.

Een van die eerste groot take wat die "Natal Vrouwen Vereniging" aangepak het, soos besluit op die stigtingsvergadering van die Dundeetak op 16 Oktober, was om 'n groot Helpmekaarbasaar te reël om die rebelle geldelik by te staan.[206] Die vroue het dan ook 'n besondere rol gespeel in die latere totstandkoming van en werk deur die "Nationale Vrouwen Helpmekaar Vereniging Natalse Afdeling". Die Natallers het 'n bedrag van tussen R9 000 en R12 000 vir die Helpmekaar byeengebring, waaronder 31 skenkings van R200 elk.[207] Die Afrikaanse vrou van Natal het inderdaad "als 'n lichtende ster uitgeblonken" en die Sentrale Bestuur van die Nasionale Party was van oordeel "dat de Afrikaanse moeder, de Afrikaanse zuster met ons is en de Nationale belangen op 't hart draagt".[208]

---

203. E.G. Jansenversameling, Lêer 66, A.L. Jansen -- E.G. Jansen, 1 Nov. 1915.
204. De Afrikaner, 14 en 24 Des. 1915, berigte. Die voorletters is seker in alle gevalle dié van hul mans.
205. Ibid., 14 Des. 1915, berig.
206. Ibid., 26 Okt. 1915, berig.
207. In eie besit, Notuleboek N.V.H.V. Natalse Afdeling, verskeie briewe; Helpmekaar Gedenkboek, p. 262. Daar was 'n twis, waarvan die uitslag nie bekend is nie, tussen Natal en die ander provinsies oor die bedrag wat hy bygedra het. Natal het beweer dat hy R12 000 opgelewer het, die andere dat net R9 000 ontvang is.
208. PV 55, 1/3/2/2/1/1, Rapport van het Centraal Bestuur van de Nationale Partij; Natal Provincie, bij de Twede Zitting van het Kongres, 25 April 1916.

Die Natalse mans het intussen, soos vroeër daarop gewys, deur middel van sowel hul SAP- as NP-takke en -bestuurskomitees vertoë tot die Regering gerig om begenadiging aan die rebelle te verleen. Hiermee sou eind Desember 1916 nog volgehou word, en ook ds. G.M. Pellissier, scriba van die Natalse Sinodale Kommissie van die N.G. Kerk, sou sy stem laat hoor.[209]

'n Negedaagse debat oor begenadiging al dan nie aan die rebelle het op 30 November in die Volksraad begin na aanleiding van 'n mosie wat deur genl. Hertzog ingedien is. Slegs twee Natallers het hieraan deelgeneem, Thomas Boydell en C.P. Robinson. Boydell het met 'n amendement die skerpheid uit Hertzog se mosie geneem, maar hom origens vereenselwig met die pleidooi om begenadiging aan die rebelle, in soverre die veiligheid van die staat dit kon toelaat.[210] Robinson het egter aangevoer dat Boydell nie Natal se gevoel in die saak vertolk het nie; dat genl. Hertzog sy spyt moes uitspreek oor die gevolge van die Rebellie, byvoorbeeld oor die dood van 'n jong Nataller reg aan die begin van die opstand, en dat begenadiging slegs met die grootste diskresie uitgeoefen moes word, maar dat genl. De Wet sy vryheid moes kry. Robinson het sy steun toegesê aan 'n amendement deur Merriman, naamlik dat die Regering, sodra omstandighede dit sou regverdig, die rebellevonnisse in oorweging moes neem en, sou die landsveiligheid dit toelaat, begenadiging in besondere gevalle moes verleen.[211] Boydell het daarop sy amendement ten gunste van Merriman s'n teruggetrek, wat aanvaar is.[212]

As uitvloeisel hiervan, en in 'n poging om die gevoelens onder die Afrikaners te kalmeer, is genl. De Wet en nog 118 gevangenes op 20 Desember 1915 vrygelaat. "Botha's Christmas Present", soos die Times of Natal dit genoem het en veroordeel deur sowel die Mercury as Witness, het nie die eensgesindheid teweeggebring waarop genl. Botha gehoop het nie.[213] Van die vrygelate rebelle, genl. De Wet inkluis, het hul vryheid misbruik deur propaganda vir die Nasionale Party te maak. Intussen het die aandrang op die vrylating van alle rebelle voortgeduur totdat daar in Februarie 1917 nie meer een in die tronk sou wees nie. Toe het Hertzog egter nog steeds bly aandring op die opheffing van alle ander beperkinge wat aan die rebelle opgelê was[214] en het die Helpmekaar die rebellekwessie verder gevoer.

---

209. PM 120/44/15, G.M.Pellissier -- Eerste Minister, 6 Julie 1916; ibid., W.H. Grobler -- genl. Botha, 4 Des. 1916.
210. Hansard, 1915 (Cape Times) Vol.I, p.24, kol. 1-3, 30 Nov. 1915.
211. Ibid., p. 31, kol. 1, 1 Des. 1915, p.59, kol. 3, 8 Des. 1915.
212. Ibid., p. 66, kol. 3, 9 Des.1915, p.67, kol. 2-3, 9 Des. 1915. Marais, Die Politieke Uitwerking ..., p.524, verklaar verkeerdelik dat Boydell se amendement aanvaar is.
213. Vgl. The Times of Natal, 21 Des.1915, hoofartikel; The Natal Mercury, 21 Des. 1915, hoofartikel; The Natal Witness, 22 Des.1915, hoofartikel.
214. PM 1/1/498, pp. 145-146, knipsel uit The Cape Times, 23 Feb. 1917, berig.

Eweneens was daar ontevredenheid onder die Afrikaners oor die taalkwessie. Die ongelykheid wat Natal se taalbeleid op onderwysgebied teweeggebring het, blyk daaruit dat van die 15 900 leerlinge wat daar in 1915 aan provinsiale en onder= steunde skole was, slegs 5 677 onderrig in Hollands ontvang het. Van hulle was bykans die helfte, naamlik 2 180, Afrikanerkinders. Daar was wel geriewe vir die onderrig van Hollands aan 36 van die 74 provinsiale en 40 van die 91 onder= steunde skole, maar vanweë die ouerkeuse het die meeste Engelse leerlinge glad nie met die tweede amptelike taal van die land kennis gemaak nie. Dit moet ook die hoofrede wees, hoewel dit nie so gestel is nie, waarom die Superintendent van Onderwys verklaar het: "It is regrettable that so few English teachers have taken up the study of the (Dutch) Language."[215]

Eind 1915 was die posisie in Natal dus feitlik die omgekeerde van wat genl. Hertzog in 1908 met sy onderwyswet in die Vrystaat beoog het, en was die behan= deling van Afrikanerleerlinge in Natal heel swakker as dié van Engelse leerlinge in die Vrystaat. Van die "gelyke regte" wat in Natal gewaarborg sou word en waarop L.A. Laughton hom op 27 Maart 1912 beroem het toe hy in die Provinsiale Raad die verwerping van die Ontwerpwysigingsordonnansie op Onderwyswetgewing bepleit het, het weinig tereg gekom. Hiermee sou selfs van genl. Botha se trouste ondersteuners in Natal nie veel langer tevrede bly nie. Die agitasie om taalgelykheid sou gevolglik ten spyte van die oorlog voortduur, met as uit= vloeisel daarvan die aanvaarding deur die Natalse Provinsiale Raad van die On= derwystaalordonnansie wat op 29 Mei 1916 deur die Goewerneur-generaal-in-Rade goedgekeur sou word.[216]

Daarmee sou daar steeds nie uitvoering aan die meerderheidsverslag van die Gekose Komitee van 1911 gegee word nie, maar sou die medium van onderrig van elke kind in alle standerds van enige openbare skool aan die keuse van die ouers oorgelaat word - weer eens tot nadeel van die Afrikanerkind.[217]

So het die teenstelling in die Suid-Afrikaanse politiek sedert 1910 te midde van oorlogsrumoer skerper afgebaken geword. Terwyl Brittanje in 'n doodstryd was en elke Engelsman, as behorend tot die Britse kultuurgroep, met volle meelewing daarin opgegaan het, is die Afrikaners in al groter getalle deur hul eie klein en militêr lagwekkende Rebellie, met sy aanverwante kultuurbelange, saamgetrek; terwyl die plaaslike Britte hul martelare en helde in die Groot Oorlog gevind het

---

215. N.P. 7, 1916, p.14. Sien ook Province of Natal. Minutes of the Provincial Council, 1916, pp. 10, 41.
216. Province of Natal. Minutes of the Provincial Council, 1916, Ordinance No.13. Die Engelse titel van die ordonnansie is "Education Language Ordinance,1916".
217 Vgl. J.H. Stander, "Afrikaansmediumskool - deurbraak te Pietermaritzburg". Neon 18, Aug. 1975; en bydraes deur F.D. Heese, W.W. van Niekerk, P.Kay en J. van Biljon in dieselfde uitgawe van die blad.

en deur die Britse ryksgedagte meegevoer is, het die Afrikaners hulle s'n in die Rebellie gevind -- simbool vir hulle van 'n volksontwaking.

Die politieke gebeure sedert 1910 het twee konsentrasiepunte gevind, verteenwoordig deur twee persoonlikhede: Britse Imperialis en Afrikanernasionalis. Na aard en strewe was hulle so verskillend soos dag by nag. Dit is hulle wat genl. Botha vergeefs getrag het om byeen te bring. Hulle kon nie byeengebring word nie, want hulle het twee afsonderlike strome verteenwoordig met 'n groter wordende eiland tussenin, of soos Adrian I.J. Nel aan die einde van die vyf jaar verklaar het: "... if General Botha will acknowledge the two streams and give both streams whatever their dues are, he will have peace and prosperity in South Africa, but no success will ever crown his labours by his one stream policy".[218] Dit kon net eindig in die vernietiging van die een deur die ander.

Dit is die tragiek van die Suid-Afrikaanse politiek en van die geskiedenis van die land; dit is die tragiek van Louis Botha se politieke loopbaan -- dat die twee bevolkingsgroepe wat hy byeen wou bring, uiteengeskeur is en vandag nog apart staan. Dat daar egter veel in sy beleid was wat as lofwaardig beskou moet word, is gewis. As dit binne die Suid-Afrikaanse horison tot wasdom kon kom, sou dit 'n grootse prestasie van Botha en sy party gewees het. Byna 'n driekwarteeu na Botha se mislukking is sy ideaal nog nie verwesenlik nie. In hierdie jaar, 1977, is die naam van Botha se gestorwe party deur die Myburgh Streichergroep van die ou Verenigde Party uit die graf opgeroep om, bewus of onbewus, uiting te gee aan die hunkering na die Suid-Afrikaanse volkseenheid wat Botha vergeefs probeer skep het; dog in hierdie laat stadium is die gryp na dit wat was, of kon gewees het, eerder simbolies van die drenkeling wie se hand 'n grasspriet omklem.

---

218. The Greytown Gazette, 17 Des. 1915, brief deur Adrian I.J. Nel.

HOOFSTUK 9

WIT NATAL TEENOOR DIE SWARTES

1. Inleiding

Die Swartman is buite die kryt gelaat toe Engelsman en Afrikaner in 1910 deur die toue geklim het om hul ou rassestryd te hervat. Hy is uit beginsel nie saam met 'n Blanke in 'n bokskryt toegelaat nie, ook nie in die politieke kryt nie. Dit sou te vernederend vir die Witman gewees het om met hom kragte te meet -- vir niemand vernederender as vir die Natallers nie, wie se algemene geringskatting van die Swartman saamgevat kan word in die volgende woorde van een van hul mees invloedryke koerantskrywers, F.Horace Rose van die Witness: "The Asiatic, like the Kafir, the locust, East Coast fever, and other plagues, that make South Africa resemble Egypt in the time of the Pharoahs (sic), is always with us ..."[1]

Die Natallers het die Swartman gebruik, en wou hom aanhou gebruik, maar het op hom neergesien as, met uitsonderings, ongeletterd, onbeskaaf, onwelriekend, onnosel en onheilsaam -- as iemand wat slegs op 'n afstand geduld kon word en verwilder moes word as hy dit nader wou waag. Hieroor was die meerderheid politici, kerklikes, persmanne, ander hoë lui en gewone mense dit hartgrondig eens.

Dat die openbare mening van Natal selfs beledigend anti-Swart was, word duidelik weerkaats deur sy lewenskragtige pers van 'n sestigtal jare gelede. Openbare mening is 'n begrip wat nie maklik vasgevat kan word nie,[2] maar dit kan gerieflikheidshalwe omskryf word in die woorde van dr. W.J. de Klerk, redakteur van Die Transvaler: "Openbare mening is die gangbare aksente en opvattinge van 'n beduidende gedeelte van die deel van die publiek wat menings bepaal en wat invloed uitoefen op ander."[3] Dit is nie noodwendig net die meerderheidsmening nie, want in Suid-Afrika kan daar onderskei word tussen Wit, Swart en Bruin openbare mening oor 'n verskeidenheid van sake. Elk van hierdie drie kan onderverdeel word en so kan daar onder andere onderskei word tussen aan die een kant die Afrikaner-, en aan die ander kant die Engelse standpunt.

Aangesien Natal oorwegend Engels was en is, spreek dit vanself dat in 'n bepaling van Natal se openbare mening van die Swartes, die fokus op die Engelse meerderheid

---

1. The Natal Witness, 9 Okt. 1913, hoofartikel.
2. Vgl. o.a. J. J. Best, Public Opinion, Micro and Macro; B. C. Hennessy, Public Opinion; F. G. Wilson, A Theory of Public Opinion; B. Berelson & M. Janowitz (Eds.), Reader in Public Opinion and Communication; G. L. Bird & F. E. Merwin (Eds.), The Press and Society, A Book of Readings.
3. In 'n brief aan skrywer, 4 Junie 1975. Sien ook A. J. van Wyk, "Openbare Mening, Die Pers en die Historikus", Historia j/g 21(2), Sept. 1976, pp. 100-120.

moet val, en wel op sy pers, want die koerant was indertyd die vernaamste kom=munikasiemiddel. Die mening van die Blankes wat daaruit straal, kan in enkele woorde saamgevat word: Ek is baas, en sal baas bly; jy is swart en ek hou nie van swart nie.

2. "White Supremacy"

Die begrippe "Swart gevaar" en "Blanke baasskap" is in hul Engelse ekwivalente "Black peril" en "White supremacy" eie aan die geskiedenis van Brits-Natal, waar kleurvooroordeel geslagte lank gemoedere gaande gehou het. In die tagtigerjare van die vorige eeu het "Black peril" die Britte van Natal in so 'n onstuimige gemoedstoestand gehad dat daar by herhaling gedreig is dat die lynchwet op Swartes toegepas sou word. In een geval het 'n skare Durbaniete die Durbanse polisiestasie aangeval in 'n poging om 'n Bantoe te lynch wat 'n Blanke meisie aangerand het. Hy is gered deurdat die polisie hom haastig in 'n konstabels=uniform getooi en deur die skare gelei het.[4] In 'n ander geval het nagenoeg 1 000 mense op die Pietermaritzburgse markplein saamgedrom en vasgenael toegekyk terwyl 'n Bantoe 39 katshoue toegedien is omdat hy 'n Swart vrou aangerand het.[5] In die Natalse Wetgewende Raad het 'n lid aan die hand gedoen dat alle Bantoe-aanranders op Blanke vroue 100 houe elk moes kry en daarna met 'n vuurrooi yster gebrand en in die openbaar tereggestel moes word.[6] In 1911 is 'n soortgelyke optrede deur 'n briefskrywer aan 'n koerant bepleit.[7]

"Black peril" het die Natallers jare der jare lank driftig laat raak en groot aandag gekry in die verslae van die Natalse en Suid-Afrikaanse Naturellesake=kommissies van 1903 en daarna.[8] Na uniewording het dit tot 'n soort massahisteerie onder die Blankes gelei, met Natal aan die voortou deur middel van die Women and Children's Protection League van Pietermaritzburg, wat ywerig deur die koerante bygestaan is. Die veldtog het gelei tot 'n spesiale ondersoek deur 'n parlementêre ondersoekkommissie, algemeen bekend as die Black Peril Commission of Swart Gevaarkommissie.[9] Die uitdrukking "Black peril" was so algemeen in gebruik dat een koerant opgemerk het: "'Black peril', repulsive as the expression is, has become an ingredient of our South African terminology ..."[10] Dieselfde koerant

---

4. The Natal Mercury, 8 Des. 1886, berig.
5. The Natal Witness, 26 Okt. 1887, berig.
6. Debates of the Legislative Council of the Colony of Natal, Vol. ix, p. 391.
7. The Natal Witness, 23 Mei 1911, brief deur "Hot Stuff".
8. The Natal Mercury, 12 Junie 1913, hoofartikel.
9. U.G. 39-1913. Union of South Africa, Report of the Commission Appointed into Assaults on Women. Sien ook The Natal Mercury, 11 en 12 Junie 1913, berig en hoofartikel.
10. The Natal Mercury, 12 Junie 1913, hoofartikel.

het die ontmanning van alle seksmisdadigers aan die hand gedoen as die enigste oplossing van die probleem, want "desperate diseases require desperate remedies ..."[11]

Hierdie houding het uit 'n onmiskenbare kleurvooroordeel gespruit en het op een lyn geval met die toepassing van die kleurslagboom, die bestaan waarvan verdedig is as die enigste hoop vir die Witman in Suid-Afrika, 'n natuurwet waarteen dit vrugteloos sou wees om te skop, en wat deur die pro-Bantoegesinde R.C.A.Samuelson verdoem is as die "foulest, most venomous, and most fatal of diseases".[11] Volgens hom het dit soos die skaduwee van die dood oor die land gelê, selfs tot in die kerke, en het hy geril by die gedagte aan die onvermydelike gevolge wat dit vir die komende geslagte sou meebring.[12]

Kleurvooroordeel het ten grondslag gelê van die Natallers se vaste geloof in "White supremacy", soos dit herhaaldelik bely is in dosyne hoofartikels van al die koerante, hul briewekolomme, berigte van vergaderings, verklarings deur politici, kerklikes en ander vooraanstaandes. Natal se koerante wemel van uitsprake waarin die "superiority of the white race"[13] geroem is. Hier volg 'n seleksie van die vorme waarin dit voorgekom het: "white superiors";[14] "superior race(s)";[15] "the dominant race(s)";[16] "the whites are paramount in this country";[17] "European overlords; confirmed in their superior authority";[18] "the distance dividing them (Africans) from the superior race";[19] "superiority of the poorest, humblest and meanest of white men";[20] "the idea that the racial gulf between white and black could ever be closed or bridged over ... is a mere myth";[21] "superior intelligence of the white man";[22] "(t)he idea of the two races, one white, one black,

---

11. Ibid., 3 Julie 1911, hoofartikel. Sien ook ibid., 10 Junie 1911, hoofartikel.
12. The Natal Witness, 29 Julie 1910, rubriek "Inter Alia"; The Natal Mercury, 30 Junie 1913, artikel deur R.C. Samuelson. Sien ook ibid., 15 Mei 1914, hoofartikel; The Natal Advertiser, 13 Mei 1914, hoofartikel; The Times of Natal, 1 Sept. 1910, hoofartikel.
13. The Natal Advertiser, 17 Aug. 1910, hoofartikel.
14. The Natal Witness, 21 Nov. 1910, brief deur J.H. Garbers.
15. The Natal Advertiser , 19 Mei 1913, hoofartikel; The Natal Witness, 30 Nov. 1910, brief deur "A Mother".
16. The Times of Natal, 6 Julie 1910, hoofartikel; The Natal Mercury, 20 Maart 1912, verklaring deur F. Tilbury.
17. The Natal Advertiser, 1 Des. 1911, hoofartikel.
18. The Natal Witness, 29 Des. 1910, hoofartikel.
19. The Times of Natal, 1 Sept. 1910, hoofartikel.
20. The Natal Witness, 30 Okt. 1912, voorblad.
21. The Natal Advertiser, 5 Julie 1912, hoofartikel.
22. The Natal Mercury, 8 Maart 1910, hoofartikel.

rising to equal importance in South Africa, in separate portions of this Union, is fantastical";[23] "the dominant and ruling caste";[24] "the sacred principle ... of white supremacy";[25] "who cares a continental! The white man is boss in South Africa".[26]

Hierteenoor is daar 'n groot verskeidenheid uitsprake waarin die Natallers hul geloof bely het in die permanente ondergeskiktheid van die Swartman, "only just emerging from savagery".[27] Die volgende is verteenwoordigend daarvan: "The 'black brother' theory has always been regarded by colonists, British and Dutch alike, as a false theory, as unscriptural, as a standing menace to life and property, and as a danger to the existence of European civilisation";[28] "the Negro is the common labourer, at the base of the compound commonwealth (,) (l)et us put him there ...";[29] "the inferior races";[30] vir wie daar eeue moet verloop "before (they) can attain a degree of civilisation to entitle them to meddle in the business of the white man";[31] "the absolute subordination of the native",[32] "(who) can never be able to compete with the white",[33] en met wie bloedvermenging as "a racial crime"[34] beskou is; die Witman en die Bantoe is fisiek so verskillend soos 'n perd en 'n donkie "and of much the same kind";[35] "(t)here are no signs at present of any general ability on their part to rise above the level of the lower branches of white activities".[36] Om 'n Bantoe in 'n brief as "esquire" te betitel en jouself sy "dienswillige dienaar" te noem, was vir die Zoeloelandse korrespondent van 'n blad so vernederend dat hy verklaar het: "(it) leaves a bad taste in one's mouth. Fancy being the obedient servant of a native!"[37]

Vreemd soos dit ook al mag klink, hierdie Swart "lesser-breeds" het die stemreg in koloniale Natal gehad,want dit was nodig om,in ooreenstemming met die hoë ideale

---

23. The Natal Advertiser, 1 Des. 1911, hoofartikel.
24. The Natal Mercury, 19 Mei 1910, hoofartikel.
25. The Natal Witness, 29 Okt. 1912, hoofartikel.
26. The Times of Natal, 4 Maart 1913, brief deur D. Wainwright.
27. The Natal Advertiser, 22 Aug. 1910, hoofartikel.
28. The Times of Natal, 18 Okt. 1910, hoofartikel.
29. The Natal Witness, 10 Julie 1912, artikel deur Allan Reeth.
30. The Natal Mercury, 6 Sept. 1911, hoofartikel.
31. The Times of Natal, 1 Sept. 1910, hoofartikel.
32. The Natal Witness, 30 Okt. 1912, voorblad.
33. The Times of Natal, 16 Mei 1912, brief deur "W.B."
34. The Natal Advertiser, 1 April 1913, voorblad.
35. The Natal Witness, 10 Julie 1912, artikel deur Allan Reeth.
36. The Natal Advertiser, 1 Des. 1911, hoofartikel.
37. The Natal Mercury, 14 Sept. 1911, berig deur Zoeloelandse korrespondent.

van Britse imperialisme, "tegelyk verhewe en korrup",[38] die gevoel van reg en regverdigheid van die "uitverkore" Britse volk te streel.[39] Die koloniale Britte het egter sorg gedra dat die stemreg ekonomies en administratief so verskans was dat daar teen 1907 na raming nog slegs sowat 150 Indiërs, 50 Kleurlinge en 6 Bantoes was wat die stemreg verwerf het uit 'n totaal van 23 686 geregistreerde kiesers. So gesteld was Natal op die behoud van sy Wit stemreg dat sy vyf afgevaardigdes na die Nasionale Konvensie hand en tand geveg het, en met sukses, teen die dreigende uitbreiding van die Kaapse kombersstem na die res van Suid-Afrika.[40]

Hierdie houding is indertyd ten volle deur Natal se koerante en hul leserspubliek onderskryf. Hoewel uitdrukkinge soos "justice and freedom",[41] "a liberal Natal franchise"[42] en "fair treatment to all"[43] heel dikwels gebruik is, was dit blote suikerkorrels om die bitter pil, want die meerderheid Natallers was dit hartgrondig eens dat, ten einde die "supremacy of the European"[44] te bewaar, die stemreg die Witman se prerogatief moes bly. Van die menigvuldige uitsprake hieroor word daar met die volgende volstaan: "We are no advocates of making the coloured man a serf ... But while favouring fair treatment to all irrespective of race or colour, we maintain that the native, Indian or Cape boy is not fit to have the franchise, and that to grant it to them would be calculated to bring the country to ruin." En verder: ".... any relaxation of the qualifications for the franchise will not be tolerated."[45]

Wat hierdie uitspraak deur die Witness soveel interessanter maak, is dat dit gelewer is in 'n stadium toe die blad verkeerdelik gevrees het dat genl.Botha van plan was om die Kaapse kombersstem dwarsdeur die land uit te brei. Hy sou dit kwansuis wou doen om die Afrikaner se politieke greep op die land te verskerp, tot nadeel van die Engelse. Dit is as 'n gemene plan verdoem wat daarop gemik was om 'n horde Swart

---

38. D. K. Krüger, Die Ander Oorlog, Die Stryd om die Openbare Mening in Engeland gedurende die Tweede Vryheidsoorlog, p.31.
39. Vir meer besonderhede oor Britse imperialisme en sy skakeringe, sien ibid., pp. 22-29, en, deur dieselfde skrywer, Die Britse Imperialisme - Post Mortem van 'n Teenstander.
40. L. M. Thompson, The Unification of South Africa 1902-1910, pp. 110-111, 216-223.
41. Ibid., p. 216. Premier F. R. Moor van Natal se woorde in Nasionale Konvensie.
42. The Natal Witness, 23 Junie 1910, voorblad. Hierdie woorde was vervat in die grondwet van die doodgebore Natalse Party.
43. Ibid., 15 Junie 1911, hoofartikel.
44. Ibid., 27 Mei 1910, hoofartikel.
45. Ibid., 15 Junie 1911, hoofartikel. Vir verdere uitsprake van 'n soortgelyke aard, sien o.a. ibid., 26 Sept. 1911, 6 Des. 1912 en 5 Feb. 1912, hoofartikels; The Natal Mercury, 16 Junie 1910, P. A. Silburn se verkiesingsmanifes, 27 Aug. 1910, 3 April 1912, 3 Mei 1912, 20 Junie 1912, 11 April 1913, hoofartikels, 5 Maart 1913, verslag van lesing gelewer deur Maurice S. Evans; The Natal Advertiser, 22 Aug. 1910, 11 Nov. 1910, 8 Maart 1912 en 5 Julie 1912, hoofartikels; The Times of Natal, 18 Okt. 1910, hoofartikel.

kiesers na die stembus te jaag om daar volgens die opdrag van hul agtertangse base te stem.[46]

Hierdie vrees van die Witness dat die Engelse, benewens die Afrikaner, ook die Swartman as opponent in die partypolitieke kryt sou vind, was maar 'n afskaduwing van sy inherente gekantheid teen die verlening van die stemreg aan Swartes. Dit was vir hom 'n beginselsaak dat dit nie moes gebeur nie, anders was die ideaal van "white supremacy" gedoem -- en hierin is hy gesteun deur die Mercury, Advertiser, Times en die oorgrote gros van die Blanke lesers van hierdie blaaie. Die verste wat hulle bereid was om te gaan, was om, ooreenkomstig die Transkeistelsel, 'n "Native Franchise" in te stel vir die verkiesing van Swart verteenwoordigers in 'n "Native Parliament" met adviserende funksies oor hul eie sake. Die Witness het die gesindheid van die Natallers oor die saak mooi saamgevat. Hy het twee groepe onder die Blankes onderskei -- een wat die belange van die Swartes op die hart gedra het en 'n ander vir wie die Swartes min of meer ewigdurend slawe sou bly; maar, het die blad voortgegaan, selfs diegene wat goedgesind teenoor die Swartes was "are nevertheless purely convinced that it would be the acme of folly to grant them an equal political and social status with the Europeans".[47]

Die anti-Swart gesindheid van die Natallers moet egter, soos in hoofstuk 1 daarop gewys, nie in isolasie gesien word nie, want kleurvooroordeel was 'n internasionale verskynsel. In dié verband het John X.Merriman geglo dat die Britse arbeider pas uit Engeland die mees geswore vyand van die Swartman was,[48] en het sen.Willard Saulsbury van Amerika by genl.Botha lig opgesteek oor die hantering van die Swart vraagstuk "which is ever with us in America".[49] Dit was juis na aanleiding van 'n studie van die Amerikaanse Negervraagstuk dat Maurice S. Evans van Durban gedeeltelike skeiding van die rasse as oplossing vir Suid-Afrika aangebied het, soos nog aangetoon sal word. Terwyl hy en 'n klein groepie Durbaniete met die vraagstuk geworstel het, het die meerderheid van hul taalgenote hul Blanke meerderwaardigheid oor die hele spektrum van Wit-Swart verhoudinge laat geld.

Niks openbaar die Natallers se kleurvooroordeel op 'n treffender wyse as hul haas histeriese verset teen Wit-Swart sportmededinging nie. Die aanleiding daartoe was die boksgeveg om die swaargewigkroon van die wêreld op 4 Julie 1910 in Reno, Nevada, VSA. Nadat James J.Jeffries (Gentleman Jim) in 1906 onoorwonne uit die kryt getree

---

46. The Natal Witness, 26 Sept. 1911, hoofartikel.
47. Ibid., 6 Jan. 1912, hoofartikel. Sien ook ibid., 20 April 1910, voorblad, en The Natal Mercury, 16 Junie 1910, P. A. Silburn se voorstelle oor 'n "Native Franchise" en "Native Parliament".
48 P. Lewsen, Selections from the Correspondence of John X. Merriman, 1905-1924, VRS 50, p. 243, J. X. Merriman -- F. C. Mackarness, 25 Nov. 1913.
49. PM 155/11/14, sen. Willard Saulsbury -- genl. Botha, 3 Feb. 1914.

het, het die Neger Jack Johnson wêreldkampioen geword en is daar dwarsoor die wêreld na 'n bokser gesoek wat die Witman se eer kon herstel. Op 'n ingewing van die roman-skrywer Jack London is daar eensklaps van oraloor beroepe op oud-kampioen Jeffries gedoen om 'n hertoetrede tot die kryt te maak. Jeffries, 35 jaar oud, rustig boer-end op sy plaas, oorgewig en onfiks, het hom laat ompraat en oornag "the White Man's Hope" geword. Op die bloedige agtermiddag van 4 Julie het die twee mekaar voor 'n Blanke skare van 25 000 te lyf gegaan en het Jeffries 'n slaansak vir die groot Neger geword, wat hom sommer na die eerste paar rondes getart het: "We're not star-ted yet, Mistah Jeffries."[50]

Vyftien moordende rondes het Jeffries uitgehou voordat hy na 'n warrelwind van houe neergesak en uitgetel is -- tot die ontsteltenis van Blankes dwarsoor die wêreld. In Amerika het rasse-onluste ontbrand waarin 13 mense gedood en honderde gewond is terwyl die tronke oorvol geraak het. Dit was in hierdie rassehisterie dat Engelse koerante in Natal en Suid-Afrika stellinge gemaak het waaraan hulle vandag swaar sal sluk. Toe foto's van die geveg hul verskyning begin maak, het die gemoedere éérs op loop gesit. Op 15 Julie kla 'n briefskrywer aan 'n Natalse koerant dat die vertoning van sulke foto's niks anders is nie as "a lowering of the whole white race ... (a) sickening horror".[51]

In daardie stadium het Natal se koerante reeds in ondubbelsinnige taal op 'n alge-hele verbod op sulke gevegte en die vertoning van foto's daarvan aangedring, want dit was 'n verlaging van die Witman in die oë van die Swartes.[52] Dit was 'n kreet wat dwarsdeur die Engelssprekende wêreld opgeklink het, maar nêrens met groter heftigheid as in Natal nie. Daar het die koerante in hul verset sterk steun van Engelse kerk-likes gekry: die English Church Men's Society, die Church Council van Pietermaritz-burg, die YMCA, die PSA Brotherhood, eerwaardes A.Hodges en T. Chapman.[53] Een koe-rant het verklaar dat die vernederende uitslag van die geveg 'n veel groter slag vir die Witman was as die vernietiging van die militêre mag van enige Europese moondheid deur 'n barbaarse horde kon wees.[54]

Skaars het hierdie woorde in druk verskyn of "Black Coolie" skryf aan die blad dat die Witman maar kan sê en doen wat hy wil "but the fact remains branded in the hea-vens 'that the Black man is wearing the laurels of the ring of this world,' and may he always be".[55]

---

50. The Times of Natal, 6 Julie 1910, berig. Sien ook The Natal Advertiser, 4 Julie 1910, en Hoofstad, 31 Julie 1975, artikel deur At van Wyk.
51. The Natal Mercury, 15 Julie 1910, brief deur "For Right, Not Might".
52. Ibid., 11 Julie 1910, hoofartikel.
53. The Times of Natal, 6 en 11 Julie 1910, berigte.
54. Ibid., 6 Julie 1910, hoofartikel.
55. Ibid., 8 Julie 1910, brief deur "Black Coolie".

Nadat elk van die vier groot Natalse dagblaaie hulle teen sulke boksgevegte uitgespreek het, het die stilte algaande neergedaal, maar dit is in September 1911 opnuut versteur toe daar gepoog is om 'n geveg tussen die Britse kampioen Wells en Johnson in Engeland gereël te kry. 'n Luide protes het teen hierdie beoogde Wit-Swart geveg opgeklink, komend van Britse geestelikes en politici, met aan die spits koerante soos The London Times, Daily Telegraph, Daily Mail, Daily News en Daily Chronicle, terwyl die Britse minister van buitelandse sake, Winston Churchill, gedreig het dat as die geveg nie vrywillig afgelas sou word nie, hy maatreëls by die laerhuis sou indien om te verbied dat dit plaasvind.[56]

In Natal was dit veral die Witness wat weer die stryd aangebind het en op navraag deur die Londense Chronicle oor die Natallers se algemene gesindheid oor die geveg, sommer namens die hele Natal geantwoord het: "... that the general body of public opinion in Natal would emphatically endorse the protest which has arisen in England and elsewhere against the black and white duel .... This is a match which is repugnant to the better feelings of humanity .... The suggested encounter stands to be condemned, and legislative action should be taken to render such repulsive exhibition impossible."[57]

Die geveg het nie plaasgevind nie en Johnson het hom so vervies dat hy gedreig het om uit te tree. In Natal was daar tevredenheid, want 'n slag is geslaan vir "the sacred principle ... of white supremacy".

Die houding van die Natallers ten opsigte van bogemelde saak was 'n uiting van hul gevoel van rassemeerderwaardigheid en hul geloof in die ongelykheid van rasse, wat gelei het tot goedkeuring van die kleurslagboom in die myne deur byvoorbeeld die Advertiser en die Mercury; die afkeuring van bloedvermenging deur o.a. die Mercury, Witness en Maurice S. Evans as ongewens, 'n verlaging van die rasse en daarom 'n misdaad; die veroordeling van familiariteit met die Swartes deur 'n kerkman soos vader Hart van Pietermaritzburg.[58] Daar was 'n algemene aversie by die Natallers van liggaamlike kontak met die Swartes. Dit het verskeie briefskrywers hul verontwaardiging laat uitspreek omdat die Blankes tydens die amptelike opening van die Durbanse stadsaal in 1910 deur "coolies and kafirs" verdring is en het die spotprentteknaar van die Advertiser die "kraalbesoekers" aan die Durbanse kunsgalery bespotlik laat voorstel.[59]

---

56. The Natal Witness, 22 Sept. 1911, berig en hoofartikel, 27 Sept. 1911, voorblad.
57. Ibid., 22 Sept. 1911, berig en hoofartikel. Sien ook ibid., 27 Sept. 1911, hoofartikel.
58. The Natal Advertiser, 13 Mei 1914, hoofartikel; The Natal Mercury, 15 Mei 1914, hoofartikel; ibid., 2 Des. 1910, hoofartikel; The Natal Witness, 18 Aug. 1911, hoofartikel; The Natal Mercury, 1 April 1913, verslag van Maurice S. Evans se toespraak; The Times of Natal, 16 Jan. 1911, hoofartikel met verwysing na vader Hart se toespraak.
59. The Natal Mercury, 14 en 19 April 1910, verskeie briewe; The Natal Advertiser, 22 April 1910, spotprent.

Om dieselfde rede is daar 'n veldtog gevoer, met die voorbeeldige Mercury aan die spits, om die Swartes van die trems en sypaadjies af te verwilder en is daar in die proses beledigende uitlatinge gemaak oor die onwelriekendheid, onreinheid, smerigheid en lawaaierigheid van sekere Swart passasiers. Nog voordat die Mercury met sy veldtog begin het, het die Advertiser verklaar dat as die Bantoes toegelaat sou word om dag en nag op straat te lawaai en om hulle smerig en half-geklee astrant onder Blankes op trems en in geboue in te druk, dit 'n rebellie tot gevolg sou hê. Die Bantoes mog nie toegelaat word om verkeerde indrukke en menings te vorm nie, "and to allow them in their present stage of half-barbarism to regard themselves as the social equals of the whites is to deliberately encourage false views...."[60]

Dit was ook hierdie gesindheid wat tot kerklike onmin gelei het. Die Unionis Hugh M. Meyler het weliswaar in 'n parlementêre debat verklaar dat die Natallers nie konserwatief was oor kleur in kerklike sake nie,[61] maar sy stelling strook nie met die feite nie. Eerw. P. Blessing Dahle, 'n Noorweegse sendeling in Zoeloeland, het byvoorbeeld in Augustus 1910 in 'n koerantartikel verklaar dat dit maar pas tevore was dat 'n kennisgewing met die volgende woorde daarop van die deur van 'n Blanke kerk in Natal verdwyn het: "No Admittance for Dogs and Natives" -- in daardie woordorde.[62] Na uniewording het gemengde kerkdienste wat op sommige plekke gehou is, tot onmin in twee Engelse gemeentes gelei terwyl die Sint Cipruskerk in Durban met 'n aparte Sondagskooldiens vir Blanke kinders begin het omdat hulle geweier het om Sondagskoolklasse saam met Swart kinders by te woon.[63]

Ten spyte van hulle afkeer van die Swartes het die Natallers, ook in die dorpe en stede, op groot skaal van Swart arbeiders gebruik gemaak, maar teen 1910 het nog nie een munisipaliteit huisvesting aan hulle verskaf nie. Die meeste huis- en algemene bediendes, riksjatrekkers en tog-arbeiders is op of naby die persele van hul werkgewers gehuisves, terwyl die duisende besoekers en leeglêërs dikwels die smerigste hole denkbaar betrek het.[64] Vir hierdie mense het die Witness gegru, daarom het hy by herhaling te velde getrek teen Blanke ouers wat hul kinders deur umfaans laat grootmaak het. Wanneer, wou hy by geleentheid weet, sou ouers besef dat die

---

60. The Natal Advertiser, 18 Mei 1910, hoofartikel. Vgl. ook The Natal Mercury 19, 25 en 30 Maart 1910, 2, 4 en 8 April 1910, 25 Mei en 1 Junie 1910, 12 Feb. en 15 Junie 1914, verskeie briewe; ibid., 9 Feb., 12 Maart en 4 April 1914, hoofartikels; ibid., 3 Feb. 1914, verslag van onderhoude met 9 Durbanse stadsraadslede, 7 Feb. 1914, verslag van Durbanse stadsraadsvergadering; The Natal Witness, 8 Mei 1911 en 2 Feb. 1914, verskeie briewe.
61. Hansard, 1910-1911, kol. 1242, 15 Feb. 1911.
62. The Natal Witness, 10 Aug. 1910, artikel deur eerw. P. Blessing Dahle.
63. Ibid., 5 en 7 Sept. 1910, briewe deur "A Lover of Right" en "Cleric"; The Natal Mercury, 21 Aug. 1914, brief deur eerw. Morris O. Hodson.
64. The Natal Mercury, 20 Des. 1911, hoofartikel, 20 Okt. 1911, verslag van Charlie Henwood se toespraak op Durbanse stadsraadsvergadering.

ongerief om kinders self groot te maak, niks was in vergelyking met "the certain pollution of the child-mind which comes from contact with the lewd and undisciplined mind of the native?"[65]

In Durban het stadsraadslid Charlie Henwood, wat ook Volksraadslid van die Unionis=teparty in Victoria-graafskap was, in 1911 "a nice little village" vir Durban se Ban=toebevolking in Cato Manor in die vooruitsig gestel, maar sy plan is verwerp[66] en sou eers later in werking gestel word. Dit is bekend dat Cato Manor in minder as 'n half=eeu 'n siedende en gevaarlike krotbuurt geword het. Pleks van 'n Bantoedorp te bou, is 'n kampong in Depotstraat opgerig bestaande uit drie afsonderlike geboue met huis=vesting vir sowat 640 Bantoes. Dit is op 6 Maart 1915 geopen en die Durbaniete het geglo dat hulle daarmee die voortou gevat en 'n voorbeeld aan ander munisipaliteite in die land gestel het. Die kampong was van elektriese krag voorsien, water, toilet=te en 'n kombuis, met verblyfkoste teen 50c (5/-) per maand per Bantoe en 2½c (3d) per nag per besoeker. Drie maande na die opening daarvan het daar snags nog slegs 66 Bantoes geslaap.[67]

In Pietermaritzburg het die stadsvaders geweier om 'n dorpslokasie te bou, gevolglik het die Bantoewerkers van die akkommodasie gebruik gemaak wat hul werkgewers ver=skaf het en wat deur Harriette Colenso bestempel is as: "Too often horrible tin sheds, unsanitary, never so much as whitewashed, and really not a bit fit for human habi=tation."[68]

Nog 'n treffende voorbeeld van die Natallers se gesindheid teenoor die Swartes is te vinde in die skrale voorsiening wat daar vir hul onderwys gemaak is. Die gang=bare opvatting was "an educated nigger is a spoilt nigger",[69] en daarom is daar by her=haling op 'n andersoortige onderwysstelsel vir die Bantoes aangedring as die wat vir die Blanke leerlinge gegeld het. Dit moes meer prakties gerig wees om hulle die grondbeginsels van arbeidsaamheid, spaarsaamheid en goeie gedrag te leer en om hul=le sodoende te lei "to learn something of what self-respect means, and the distance dividing them from the superior race".[70] Die Natallers het egter nie so 'n prakties

---

65. The Natal Witness, 21 Julie 1910, hoofartikel.
66. Vgl. The Natal Mercury, 20 Okt., 16 Des. en 18 Des. 1911, 26 Jan. en 26 Maart 1912, berigte oor bespreking van lokasieplan deur stadsraad en die Native Af=fairs Reform Committee. Sien ook ibid., 10 Nov. 1911, briewe deur "West Riding" en "Prevention".
67. Ibid., 29 Okt. 1914, 7 en 8 Jan. 1915, 9 Maart en 15 Junie 1915, berigte en hoofartikels.
68. The Natal Witness, 2 Nov. 1912, voorblad, 4 Junie 1912, hoofartikel.
69. Ibid., 28 Jan. 1910, hoofartikel. Sien ook ibid., 17 April 1912, hoofartikel.
70. The Times of Natal, 1 Sept. 1910, hoofartikel. Sien ook ibid., 24 Jan. 1911, hoofartikel; The Natal Mercury, 8 Julie 1911, brief deur W. D. Cunningham.

gerigte stelsel in werking gestel nie, want hulle was maar te bly dat hulle hul Bantoe-onderwys in die hande van die sendinggenootskappe kon laat wat dit van die begin af behartig het. Sonder die werk wat deur die Sendinggenootskappe gedoen is, sou Natal se voorsiening van onderwysers en onderwysgeriewe vir die Bantoes nog hagliker daar uitgesien het as wat wel die geval was.

Reeds in 1856, dieselfde jaar waarin Natal 'n volwaardige Britse kolonie geword het, het hy die eerste ordonnansie aanvaar vir die bevordering van Bantoe-onderwys. Tien jaar later het die regering se jaarlikse bydrae aan sendinggenootskappe, sy enigste uitgawe aan Bantoe-onderwys, nog maar R3 476 (£1 738) beloop. In 1865 was die bedrag R3 818 (£1 909) aan 34 skole met 1 700 leerlinge. Daarna het dit geleidelik gestyg, maar steeds bedroewend klein gebly. Kragtens die grondwet wat Natal in 1893 ontvang het met sy verkryging van verantwoordelike bestuur, het hy op aandrang van die Britse regering onderneem om jaarliks 'n vaste bedrag van R20 000 (£10 000) aan Bantoe-onderwys te bestee. Desnieteenstaande het sy jaarlikse bydrae in 1897 en 1907 nog maar op onderskeidelik R9 706 (£4 853) en R14 636 (£7 318) te staan gekom.[71]

Dit is 'n bitter klein persentasie as in ag geneem word dat daar in 1906-1907 sowat R241 240 aan onderwys in die algemeen, Blankes en Indiërs inbegrepe, in Natal bestee is en dat die Natalse regering jaarliks sowat R600 000 aan regstreekse belasting uit die Bantoes ontvang het. Van die R600 000 is daar, benewens die vereiste R20 000 aan Bantoe-onderwys, jaarliks sowat R400 000 aan die Bantoesakedepartement, die bou en onderhoud van magistraatskantore en die salarisse van Bantoekonstabels bestee -- wat 'n aardige wins van rondom R180 000 gelaat het, waarvan die Bantoes nie 'n sent ontvang het nie. Tereg het eerw. P. Blessing Dahle opgemerk: "I cannot see how anyone who holds a high standard of ethics can say that this treatment of the native is fair."[72]

Daarteenoor het die Kaap, wie se jaarlikse inkomste aan regstreekse belasting uit die Bantoes in 1909-1910 maar R288 000 beloop het, R154 000 aan Bantoe-onderwys bestee.[73] Van 1910 af het die Unieregering die jaarlikse bydrae aan Bantoe-onderwys in Natal na R30 000 in 1915 opgestoot, wat steeds 'n druppel aan 'n emmer was as in ag geneem word dat daar die vorige jaar reeds sowat 200 000 Bantoekinders in Natal en Zoeloeland was, van wie 21 595 skoolgegaan het. Onderstaande tabel gee 'n uiteensetting van Regeringsbydrae aan Bantoe-onderwys in Natal teenoor die van die Bantoe-ouers self:

---

71. N.P. 5, 1915. Province of Natal, Report of the Superintendent of Education for the Year 1914, p. 8. Sien ook The Natal Mercury, 15 April 1914, hoofartikel.
72. The Natal Witness, 5 Aug. 1910, artikel deur eerw. P. Blessing Dahle. Volgens Maurice S. Evans was Natal se jaarlikse inkomste aan regstreekse belasting uit die Bantoes tussen R460 000 en R480 000 -- sien The Natal Mercury, 23 Aug. 1910, berig.
73. The Natal Mercury, 23 Aug. 1910, berig. Sien ook The Natal Advertiser, 17 Aug. 1910, hoofartikel.

Natal se besteding aan Bantoe-onderwys[74]

Jaar	skole	tot.bywoning	gemid.bywoning	regeringsbydrae	ouer-bydrae
1877	42	2 390	63%	£ 1 938	£ 173
1887	54	2 943	67%	£ 2 286	£ 488
1897	157	8 542	75%	£ 4 853	£ 710
1907	170	12 246	67%	£ 7 318	£2 247
1910	175	13 452	82%	£10 341	£3 293
1911	198	15 286	87%	£11 773	£3 504
1912	231	17 852	88%	£14 169	£5 308
1913	267	20 098	88%	£17 303	£4 729
1914	296	21 595	89%	£21 574	£6 138

In 1915 was daar 320 Bantoeskole wat 'n staatsubsidie van £21 587.6.1. ontvang het. Op een na was dit almal sendingskole. Die uitsondering was die nywerheidskool Ohlange wat deur eerw. John Langalibalele Dube gestig en onderhou is.[75] Die besteding aan onderwys per kind van die verskillende rassegroepe in daardie jaar blyk uit onderstaande tabel:

Besteding aan onderwys per kind[76]

Klassifikasie	Volgens gemid.skoolrol	Volgens gemid.bywoning
Alle skole	£3. 1. 4	£3.10. 7
" Blanke skole	£5.12. 9¾	£6.10. 2¾
" Indiërskole	£1.11. 9½	£1.19. 1¾
" Kleurlingskole	£4. 1. 9¾	£4.16. 7½
Bantoeskole	£0.19.10¾	£1. 2. 5¼

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die Natallers nie juis begaan was oor die opvoeding van die Bantoes nie; trouens, hulle was juis bekommerd omdat soveel Bantoeleerlinge onderwys ontvang het, vandaar die begeerte dat die Bantoes 'n andersoortige opleiding moes ontvang om te verhinder dat hulle 'n bedreiging vir die Blankes word. In 1913 was daar al 17 800 Bantoeskoliere teenoor 16 300 Blanke skoliere in Natal. Dit was sulke ontstellende syfers vir De Afrikaner dat hy die oorname van Bantoe-onderwys deur die Regering bepleit het "om de kaffer op zijn plek te houden".[77] Die leiers van die Swartes het egter die nood van hul mense aangevoel vir "Education ... better education... more education", soos J. Tengo Jabavu se boodskap tot die Universal Races Congress van 1911 in Londen gelui het.[78] En op 'n sendingkonferensie in

74. N.P. 5, 1915, p.8. Die bedrae van hierdie en die volgende tabel word gerieflikheidshalwe en ter wille van juistheid in sterling gehou.
75. N.P. 7, 1916. Province of Natal. Report of the Superintendent of Education for the Year 1915, p.8; De Afrikaner, 7 Maart 1910, berig.
76. N.P. 7, 1916, p.8.
77. De Afrikaner, 12 Junie 1913, hoofartikel.
78. P. Lewson, Selections from the Correspondence ...., p.211, voetnoot 21.

die YMCA-saal in Pietermaritzburg het biskop Roach gewaarsku dat die Swartes van Suid-Afrika net so aan die ontwaak was soos die laer stande voor die Franse Revolusie. Dit sou nutteloos wees, het hy vervolg, om die Swartes aan die slaap te probeer hou, want dan sou die Franse Revolusie hom dalk ook in Suid-Afrika herhaal. Sy boodskap aan die Blankes was dat dit hulle sou loon om die gedagtes en ideale van die Swartes te probeer peil en om te luister na wat hulle te sê had.[79]

Die oorheersende anti-Swart gesindheid van die Natallers was egter nie bevorderlik vir aandagtig luister na en diep dink oor die Swartes nie, of dit nou Bantoe, Indiër of Kleurling was. Hoewel hulle teenoor laasgenoemdes 'n veel gematigder toon aangeslaan het, kon hulle ook slegs tegemoet gekom word in soverre die Witman se posisie ongeskonde sou bly. Die Durbanse tak van die Arbeiderparty het hom welis=waar in 1910 in 'n verkiesingsmanifes ten gunste van die verlening van politieke, industriële en maatskaplike regte aan die Kleurlinge uitgespreek,[80] maar dit het nie gestrook met die party se Blanke arbeidsbeleid nie en gevolglik is daar ook nie weer daarvan gehoor nie. Die Witness was teen die verlening van die stemreg aan die "Cape boy"[81] en dit was oor hierdie einste "Cape boys", ofte wel Griekwas, se bywoning van kerkdienste dat daar die onenigheid in die Natalse gemeente ontstaan het waarna vroeër verwys is. Selfs 'n sterk Unionis soos C.P.Robinson was gekant teen gelykheid tussen Blankes en Kleurlinge in die arbeidsmark en het die steun geniet van sowel Hugh M.Meyler as die Witness.[82]

Verontwaardiging is onder die Natallers verwek deur dr.A.Abdurahman, president van die African Political Organisation, se skerp aanval op Blanke onderdrukkingsmaat=reëls in sy openingsrede op die 10e jaarkongres van die APO eind September 1913 in Kimberley. Hy is as 'n politieke demagoog en agitator aangesien, maar sy woorde het sterk aanklank gevind by 'n lewenskragtige tak van die APO in Pietermaritzburg wat by monde van sy sekretaris, Wm. Walthew, verklaar het dat die Kleurlinge die Blankes nie uit hul posisies wou dwing nie en bloot daarop aanspraak gemaak het om op dieselfde wyse as die Blankes 'n bestaan te maak.[83]

Die Natallers het nie raad geweet met die Kleurling nie. Hulle was nie ongeneë om hom tegemoet te kom nie, maar dan slegs binne perke, of soos die Mercury dit gestel het: "One of the problems to be solved is how to devise machinery whereby the

---

79. The Times of Natal, 10 Julie 1913, berig.
80. The Natal Mercury, 15 Aug. 1910, verkiesingsmanifes van Durbanse Arbeiders, onderteken deur Henry Ancketill, Thomas Boydell, Charles Henry Knowler en Frederick Thomas Powrie.
81. The Natal Witness, 15 Junie 1911, hoofartikel.
82. Ibid., 6 Maart, 22 Nov. en 4 Des. 1912, berigte en hoofartikel.
83. Ibid., 1, 4 en 7 Okt. 1913, voorblad en hoofartikel.

NATAL SE SIENING VAN DIE SWARTES

ROSES AND RUE!

In welcoming the Hon. G. K. Gokhale to Maritzburg, Mr. James Egner, as an old Colonist, expatiated on the beneficent presence of the Indians in South Africa.

Two wreaths of roses, richly wrought;
Two souls with but a single thought;
Two hearts that beat as one!

But what a battle to be fought,
When Indians all the trade have caught,
And Egner's day is done!

. . . THE THIN END OF THE WEDGE . . .

—— SAMMY.—"Now we shan't be long!" ——

"COMMON SENSE" HAS TWO PICTURES TO SHOW.

THE NATAL ADVERTISER, SATURDAY, APRIL 22, 1910.

DISTINGUISHED VISITORS AT THE ART GALLERY!

(Suggestion for Historical Painting commemorative of the opening of the New Town Hall, Durban, 1910).

coloured people of the country shall have a voice in the management of affairs specially concerning themselves, without impairing the necessary supremacy of the white man."[84]

Behoud van Blanke baasskap het die Natallers se denke oor die Swartes oorheers. Terwyl die Kleurlinge in hulle midde egter gering in getal was en nie 'n besondere probleem geskep het nie, was dit anders gesteld met die Bantoes en Indiërs. Dit is dus wenslik dat daar dieper ingegaan word op die Natallers se siening van en ervaring met elk van hierdie twee bevolkingsgroepe.

3. Natal en die Indiërs

Teen 1910 het Natal veel van sy finansiële voorspoed aan die werkkrag van die Indiërs te danke gehad. Slegs twee jaar tevore het die suikerbaron sir Liege Hulett verklaar dat dit die invoer van Indiërarbeid in die voorafgaande halfeeu was wat Natal uit 'n haglike posisie gered het. Durban, het hy verklaar, is deur die Indiërs opgebou.[85]

Ten spyte van hul bydrae tot veral Natal se florerende suikerbedryf, was hulle as 'n afsonderlike en groeiende bevolkingsgroep van sowat 130 000 onbemind by die meeste van Natal se 98 000 Blankes. Laasgenoemdes se houding jeens hulle kan saamgevat word in die woorde van 'n inwoner van Kaapstad, Vincent van der Byl, wat in die jaar van uniewording verklaar het dat "our country would suffer more damage from the influx of Asiatics than it had suffered from rinderpest, phylloxera, East Coast fever, and a number of other scourges combined".[86] Dieselfde gesindheid spreek uit 'n stelling deur die redakteur van die Witness drie jaar later,[87] terwyl die Times of Natal padlangs verklaar het dat die Blankes die Indiërs slegs as houthakkers en waterdraers beskou het wie se teenwoordigheid betreur is sodra hulle in kompetisie met die Witman getree het, en wat gevolglik nie regverdig behandel is nie.[88]

Die Indiërs was in Natal om vir die Blankes te werk, en basta verder, of soos H.J.Bosman, wat kort daarna tot Volksraadslid vir Newcastle verkies is, in 1910 onder toejuiging op 'n politieke vergadering verklaar het: Hy was ten volle ten gunste

---

84. The Natal Mercury, 4 Jan. 1912, hoofartikel.
85. G. H. Calpin, Indians in South Africa, p.10. Sien ook The Times of Natal, 4 Maart 1910, hoofartikel.
86. The Times of Natal, 5 Feb. 1910, hoofartikel.
87. Sien hierbo, besonderhede wat op voetnoot 1 slaan.
88. The Times of Natal, 4 Maart 1910, hoofartikel. Die Times was in hierdie stadium simpatiek teenoor die Indiërs en het geglo, soos hy op 28 Feb.1910 verklaar het, dat hulle "some very real and serious grievances" gehad het. Die gesindheid van die blad het egter geheel en al verander met die oorname van die redakteurskap deur Sydney H. Short in Feb.1912.

van die repatriasie van die Indiërs, "but in no circumstances would he vote for such a measure if it was going to kill their own industries".[89]

Die woorde "just" en "justice" is dikwels gebruik met verwysing na die behandeling wat Indiërs behoort te ontvang het, maar dit was net so holklinkend soos andere wat van tyd tot tyd gebruik is om 'n treurige prent van kleurvooroordeel wit te verf. Dit is wat die Witness by een van vele geleenthede te sê gehad het: "No fair minded man advocates unjust or harsh treatment of any section of the community, no matter its race or colour, but ... we shall certainly refuse one (the vote) to the Indian alien, who is only a parasite in the land."[90] Dit weerspieël 'n tweërlei gesindheid wat hoegenaamd nie te rym is nie. Dieselfde geld 'n uitspraak deur die Advertiser wat 'n verenigde Blanke front teen die Swartes bepleit het ten einde vanuit 'n posisie van krag aandag aan die ware behoeftes en wettige aansprake van die Swartes te kon gee -- op voorwaarde dat die Blanke baas bly.[91] Die dubbeltongigheid van die Natallers oor hierdie saak spreek ook uit die volgende: W. H. (Bill) Griffin, LV vir Pietermaritzburg-Suid, het op 'n politieke vergadering bepleit dat die Blankes "(should support) their own kith and kin first, but the coolie should by no means be oppressed. He had a place in the community, and justice was his due .... The Arab trader ... was a menace to the future prosperity of the country. Europeans should stand shoulder to shoulder, and give him no more support than was necessary."[92]

Die Witness het hom by verskeie geleenthede oor die "vryheid van die onderdaan" en die "regte en voorregte van die mensdom" uitgespreek. Op 'n keer, toe hy die Kaapstadse munisipaliteit gelukgewens het met sy onverbiddelike weiering om handelslisensies aan Asiate toe te staan, het die blad die hoop uitgespreek dat die Kapenaars hulle nie van die besluit sou laat afskrik deur enige drogredenasies oor die vryheid van handel en die vryheid van die onderdaan nie.[93] In 'n pleidooi om beperking op Indiërimmigrasie ter wille van Blanke selfbehoud, het hy verklaar dat

---

89. The Natal Witness, 6 Sept. 1910, voorblad.
90. Ibid., 27 Mei 1911, hoofartikel.
91. The Natal Advertiser, 1 Okt. 1913, hoofartikel.
92. The Natal Witness, 12 Des. 1912, berig. N. Khan van Noodsberg het in The Times of Natal, 7 April 1914, beswaar gemaak teen die gebruik van die term "coolie" en verduidelik dat dit "arbeider" of "portier" beteken, m.a.w. dat dit 'n algemene betekenis het. Arbeiders en portiers, het hy vervolg, kan uit enige nasionaliteit kom, maar "In Natal the term is knowingly, willingly, and indiscriminately applied to many Indians to insult them, who are well-educated and well-respected." Hy het wetlike stappe aan die hand gedoen teen "people who insult in such manner".
93. The Natal Witness, 5 Sept. 1910, hoofartikel.

abstrakte denke oor so 'n saak nie 'n oplossing kon bied nie en dat bloedvermenging vermy moes word, al sou dit indruis "against what we hold to be the rights and privileges of humanity".[94] Hierteenoor het die blad, toe hy dit in 1913 om politieke redes nodig geag het om die wetsontwerp op die binnekoms van Indiërs teen te staan, verklaar dat hy liewer die land deur Asiate oorstroom sou wou sien as om die vryheid van die onderdaan in gevaar te stel.[95] Dit was 'n politiek dienstige uitspraak wat die blad se ingeburgerde kleurvooroordeel nie kon verdoesel nie.

Die sleutelwoorde in die veldtog teen die Indiërs was "selfbehoud" en "Blanke baasskap", of soos dit by geleentheid gestel is: "...self-preservation is the first law of nature, and the supremacy of the European in South Africa must be maintained".[96] Ter wille van selfbehoud, so is verklaar, is daar magte in die werk gestel vir die bevryding van Suid-Afrika van die ernstige en ondraaglike Indiërnagmerrie,[97] wat tog nie verkeerdelik vir kleurvooroordeel aangesien moes word nie -- "... far from it! Racial prejudice simply does not come into the question, when self-preservation is an all-sufficient determinant."[98] Hoe jammer dus, is gesug, dat Natal die "rampspoedige beleid" gevolg het om Indiërs in te voer, pleks van hulle met die "wysheid en insig" van die Vrystaat uit sy landsgrense te geweer het.[99] Desnieteenstaande sou daar nie toegelaat word dat die aanwesigheid van die Asiaat die toekoms van die Blanke in gevaar stel nie, want "the dominant European", wat dit as rigsnoer vir homself gestel het "be just, and fear not", het vir hom die reg voorbehou "to enact and enforce such laws as shall prevent his being swamped by a rising tide of Asiatic incomers".[100]

Een van die stappe waarop aangedring is ten einde bogemelde te verwesenlik, was 'n beëindiging van verdere Indiërimmigrasie. Dit het saamgeval met die voorspel tot en die uiteindelike besluit deur die Indiese regering om die voorsiening van Indiërarbeid aan Natal te staak. Terwyl die Mercury net so bekommerd soos die suikerbaron sir Liege Hulett oor die ekonomiese implikasie van so 'n stap was, was hy oortuig daarvan dat 'n beëindiging van Indiërimmigrasie wenslik en onvermydelik

---

94. Ibid., 26 Junie 1911 en 12 Junie 1913, hoofartikels.
95. Ibid., 15 Mei 1913, hoofartikel.
96. Ibid., 27 Mei 1911, hoofartikel. Sien ook The Times of Natal, 5 Nov. 1912, hoofartikel.
97. The Natal Witness, 5 Sept. 1910, hoofartikel.
98. The Natal Advertiser, 13 Maart 1911, hoofartikel. Sien ook The Greytown Gazette, 22 Nov. 1912, hoofartikel.
99. The Natal Witness, 5 Sept. 1910, hoofartikel. Sien ook ibid., 1 Des. 1913, verslag van toespraak deur sir G. Leuchars.
100. The Natal Mercury, 30 Jan. 1911, hoofartikel. Dit was 'n regsomkeer nadat die blad op 19 Aug. 1910 verklaar het dat dit 'n fout sou wees om Indiërimmigrasie summier te staak.

was.[101] Vele ander het geglo dat dit 'n "daad van kranksinnigheid" sou wees om die land met 'n addisionele rassegroep te belas en sodoende die reeds ernstige rasse-kwessie te vererger.[102] Die Indiërs se bydrae tot die suiker- en steenkoolbedryf is wel erken, maar daar is geglo dat 'n te hoë prys vir 'n kommoditeit onwenslik was -- die land kon eerder sonder suiker en steenkool klaarkom as dat die Blankes deur Indiërs oorstoom sou word.[103] Dit sou op selfmoord neerkom om die Indiërs onbelemmerd die land te laat binnekom, want daardeur sou die toekoms van komende Blanke geslagte in gevaar gestel word en sou die groot beginsel verkrag word "that we are 'Daughter in our mother's house,

But mistress in our own'".[104]

Dit was 'n herhaling van die aandrang op Blanke baasskap, vir die behoud waarvan dit noodsaaklik was dat die Indiërs van die stemreg uitgesluit moes word. Indien te veel Indiërs in die land toegelaat sou word, sou dit onmoontlik word om hulle deelname aan die regering te ontsê; sodra die Indiërs daardie reg verkry het, sou die Bantoes dienooreenkomstig behandel moes word en uiteindelik sou Suid-Afrika 'n koffiebruin land wees soos Haïti of San Domingo.[105] So iets moes ten ene male voorkom word, daarom was dit noodsaaklik dat Blanke immigrante in hul duisendtalle na Suid-Afrika gelok moes word, want 'n getalkragtige Blanke Suid-Afrika sou "liberaler" en "tegemoetkomender" teenoor die Swartes kon optree. Blanke baasskap was die eerste prioriteit, want dit was die Blanke wat die Swart juk moes dra, gevolglik sou dit rampspoedig wees om gelyke regte aan die Indiërs toe te staan.[106]

Die vraagstuk van gelyke regte aan die Indiërs het hom na vore gedwing tydens prof. G.K.Gokhale se besoek aan Suid-Afrika en Natal in 1912. Hy het as lid van die Onderkoninklike Raad in Indië met die spesifieke oogmerk na Suid-Afrika gekom om diskriminerende wetgewing vervang te kry wat op die Indiërs van toepassing was. Hy het dit gehad teen wetgewing wat die Indiërs ten opsigte van handel en woonplek

---

101. The Natal Mercury, 4 Jan. 1911, hoofartikel. Sien ook The Times of Natal, 5 Jan. 1911.
102. The Natal Witness, 26 Junie 1911, hoofartikel. Sien ook The Natal Advertiser, 13 Maart 1911 en 5 Nov. 1912, hoofartikels; The Times of Natal, 5 Nov. 1912, hoofartikel.
103. The Natal Witness, 11 Des. 1912, hoofartikel.
104. The Times of Natal, 5 Nov. 1912, hoofartikel.
105. The Natal Witness, 11 Des. 1912, hoofartikel. Sien ook ibid., 27 Mei 1911, hoofartikel.
106. Vgl. ibid., 31 Okt. en 15 Nov. 1912, hoofartikels, 8 Nov. 1912, verslag van toespraak deur sir Thomas Orr; The Natal Mercury, 25 Okt. 1912, hoofartikel, 2 Des. 1912, verslag van toespraak deur sir George Leuchars; The Natal Advertiser, 28 Nov. 1913, hoofartikel; The Times of Natal, 8 Nov. 1912, hoofartikel.

aan bande gelê het en wat hulle in Natal onderhewig gemaak het aan wat beskou is as 'n "verderflike" R6-belasting, aan hulle opgelê deur 'n vorige Natalse regering in sy pogings om Blanke baasskap te handhaaf. Gokhale het 'n beroep op die Suid-Afrikaanse Regering gedoen om die Indiërs regverdig te behandel. Daar is egter geglo, deur niemand anders nie as genl.Botha, dat Gokhale te veeleisend en dreigend in sy houding was om toegewings van die Blankes te verkry, wat verenig was in hul standpunt teen die Indiërs in die algemeen.[107]

Botha se geloof dat Gokhale se optrede die Blankes hul nek oor die Indiërs laat verhard het, is bewys deur die houding van die Natallers. Dit was op 'n vergadering in die Pietermaritzburgse stadsaal op 7 November 1912 dat sir Thomas Orr, LV vir Pietermaritzburg-Noord, Gokhale padlangs meegedeel het dat die Blankes baas was in Suid-Afrika. Gokhale het saamgestem dat die Blankes baas sou bly vir so lank as wat voorsien kon word, maar gepleit dat die Indiërs op 'n gelyke basis met die Blankes behandel moes word -- dit sou 'n regverdige en menslike beleid wees, het hy verklaar.[108]

Gokhale se standpunt het 'n lewendige bespreking in en deur die pers en op openbare vergaderings tot gevolg gehad. Die hele gedagte van gelyke regte aan die Indiërs is net so summier verwerp soos tevore,[109] want daar is geglo dat gelykheid tot die ekonomiese nadeel van die Blankes sou strek, of soos daar twee jaar tevore reeds verklaar is: "It was on economic grounds that the Asiatic was imported...; it is on economic grounds that many want his prohibition to-day."[110]

In die openbare debat oor die saak is dit herbevestig dat vrye mededinging deur die Indiërs, met hul laer lewenstandaard, die Blanke handelaars, winkeliers, klerke, assistente, bodes en werktuigkundiges oor die ekonomiese afgrond sou jaag -- die slagoffers van onderverkoping. Hieroor het die Times die volgende advies aan Gokhale gegee: "Let him grasp all that is conveyed by the word 'undersell!' Let him find out the amount that is sent in bank drafts and money orders, from Natal to Bombay, and other Indian centres, each month, only a part of it for ordered goods, and let his secretary compile a list of all the small European storekeepers of South Africa who during the last ten years have, before the cheap-living Indian, been compelled

---

107. PM/OG, genl. Botha -- sir Richard Solomon, 4 Nov. 1912. Sien ook B. Pachai, The International Aspects of the South African Indian Question, 1860-1971, pp. 59-60.
108. The Natal Witness, 8 Nov. 1912, voorblad.
109. Vgl. The Natal Mercury, 8 Maart 1910, hoofartikel; The Natal Witness, 5 Sept. 1910, hoofartikel; The Times of Natal, 5 Jan. 1911, hoofartikel; The Natal Advertiser, 23 Junie 1911, hoofartikel.
110. The Natal Witness, 14 Jan. 1911, hoofartikel.

to retreat either into insolvency or a lower plane in life ... -- ... it will re= quire more than the eloquence of Mr. Gokhale to convince the white people of South Africa ... that self-preservation is not the first law of Nature."[111]

Nie slegs uit 'n ekonomiese nie, maar ook uit 'n politieke oogpunt, sou dit op self= moord vir die Blankes neerkom om gelyke handelsregte aan die Indiërs te verleen, is gewaarsku,[112] en in die aangesig van die gevaar het die Times verklaar dat die Blan= ke "will take warning ... that by no fault of his own, no blind policy of living in the present, will his children or his children's children unto the third or fourth -- or tenth generation -- ever be able to curse the memory of the dead".[113] Om die Indiërgevaar grafies te illustreer, het die blad die volgende dag, terwyl prof. Gokhale nog in Natal was, met 'n groot anti-Indiërspotprent op sy voorblad ver= duidelik op watter wyse die Blanke handelaars reeds deur die Indiërs verdring is.[114]

Die opvatting is vry algemeen gehuldig dat, hoewel die Indiërs sekere geregverdig= de griewe gehad het, hulle geneig was om dit te oordryf; dat watter rede hulle ook al gehad het om te kla, hul posisie oneindig beter was as in die land van hul her= koms.[115] Slegs die Mercury was van oordeel dat die behandeling van die Indiërs in Natal in vele opsigte 'n bespotting van reg en geregtigheid was;[116] dog in alle ander opsigte, byvoorbeeld in sy veroordeling van die Indiërstaking van 1913 en in sy veldtog om Indiërs en ander Swartes van die sypaadjies en trems af verwil= der te kry, was die blad net so skerp anti-Indiërgesind as enige van die ander koerante.

Tekenend vir die openbare mening in Natal teenoor die Indiërs is die houding van die boeregemeenskap. Op die jaarkongres van die Royal Natal Agricultural Union in 1911 het C.H. Mitchell, die afgevaardigde van Laer-Umzimkulu, voorgestel dat die Regering versoek moes word om die Vrystaatse wetgewing dwarsdeur Suid-Afrika van toepassing te maak, naamlik dat geen Asiaat toegelaat mog word om handel te dryf of grond te besit nie. Die mosie is verslaan en in die plek daarvan is een aanvaar waarin die owerheid versoek is om geen nuwe lisensies aan Natalse Indiërs uit te

---

111. The Times of Natal, 5 Nov. 1912, hoofartikel.
112. The Natal Advertiser, 23 Nov. 1912, hoofartikel. Sien ook The Times of Natal, 9 Nov. 1912, brief deur "Struggling Storekeeper"; The Greytown Gazette, 22 Nov. 1912, hoofartikel.
113. The Times of Natal, 8 Nov. 1912, hoofartikel.
114. Ibid., 9 Nov. 1912.
115. Ibid., 5 Nov. 1912, hoofartikel; The Natal Witness, 6 Feb. 1911, hoofar= tikel.
116. The Natal Mercury, 26 Feb. 1910, hoofartikel. Sien ook Pachai, The Inter= national Aspects ...., p. 5.

reik wat hulle in staat sou stel om handel te dryf of in besit van grond te kom nie.[117] Na afloop van die Indiërstaking, waaroor later uitgewei word, het die landbou-unie met slegs een teenstem 'n mosie aanvaar wat deur A.Townsend ingedien is en waarin gevra is dat Wet Nr.17 van 1895 van Natal van krag moes bly. Die wet het voorsiening gemaak vir 'n belasting van R6,00 op alle Indiërs wat hul inboekkontrakte in Natal voltooi het en, pleks van na die land van hul herkoms terug te keer, verkies het om in Natal agter te bly. Townsend het die mening van vele vertolk deur te verklaar: "The Indian in his place was quite all right, but as a fellow colonist -- well, he would be better away."[118]

Die Natallers het by herhaling bewys gelewer dat hoewel hulle graag van die Indiër se arbeid gebruik gemaak het, hulle nie bereid was om hom as medeburger te aanvaar nie. Die gebruik van die woord "justice" met verwysing na die behandeling wat die Indiërs behoort te geniet het, was, soos vroeër daarop gewys, niksseggend. Dieselfde geld "civil rights of citizenship"[119] aan hulle, want toe J.Herschensohnn op 14 Julie 1915 namens 41 Indiërhandelaars en 117 ander Indiërs om die munisipale stemreg in Pietermaritzburg aansoek gedoen het, het die stadstesourier, P.Stride, geantwoord dat dit die eerste aansoek in sy soort was wat ooit ontvang is "and that he knew of no precedent for placing the names of Indians on the Burgess Roll".[120] Hoewel, volgens wat by die geleentheid verklaar is, Wet Nr.19 van 1872 voorsiening vir munisipale stemreg aan die Indiërs gemaak het en al 158 van Herschensohnn se kliënte aan die vereistes daarvan voldoen het, is slegs die naam van F.Ramsammy op 'n daaropvolgende raadsvergadering op die munisipale kierserslys geplaas.[121] Dit was dus 'n historiese geleentheid vir die Indiërs van Pietermaritzburg.

Op die veldtog wat veral in Durban gevoer is om die Swartes van die sypaadjies en trems verdryf te kry, en wat net soseer teen die Indiërs as die Bantoes gemik was, is reeds gewys. Ongeletterd of geletterd, daar is teen hulle gediskrimineer, soos blyk uit die toespraak van skoolinspekteur Loram op die openingsplegtigheid van die Sint Aidanskool vir Indiërdogters in Durban in Augustus 1913. Loram het hom, in die teenwoordigheid van die Superintendent van Onderwys, C.J. Mudie, soos volg uitgelaat: "We have so many problems, as things are, and by immigrating Indians we have only complicated the position. But you are here, and, because we are British,

---

117. The Natal Witness, 27 April 1911; The Times of Natal, 1 Mei 1911, hoofartikel.
118. The Natal Advertiser, 23 April 1914,berig.
119. The Times of Natal, 11 Jan. 1910, voetskrif tot brief van "Colonial-Born".
120. Ibid., 14 Julie 1915, berig.
121. Ibid., 16 Julie 1915, berig.

it behoves us to see that you take a part in our social organisation. What is that part to be? I know what you want. All you boys want to go into office, and the girls want to do fancy work at home. But that will not do. We are to keep the offices for the white boys, and thus it will come about that you Indians will have to work by your hands -- go in for manual training, as the Superintendent put it. It is in that way that you will have to earn your living, and the sooner you realise that, and the sooner your education is directed in that way the better. We European people have taught you how to earn your living ... and now you must work."[122]

Hierdie toespraak, waarvoor Loram uiteraard geen toejuiging ontvang het nie, was verteenwoordigend van die algemene anti-Indiërgesindheid van die Natallers wat ene "Bhussmasoor" laat vra het: "Wanneer sal die Blankes besef dat die stryd hiierdie keer neerkom op òf die dood òf bevryding van die slawerny van persoonlike lyding?"[123]

Dié vraag is gestel op 'n tydstip dat die "etterende sweer",[124] soos genl.Smuts die Indiërvraagstuk gedoop het, in Natal tot bloedige geweldpleging onder Gandhi gelei het. Die Indiërs se agitasie het genl.Botha so omgekrap dat hy aan Smuts geskryf het: "Ik voelde zoo vererg over hen houding nu weder in Natal, dat men hen werklyk by de strot vatten kan ..."[125]

Die griewe wat in 1913 tot die geweldpleging deur Indiërs in Natal gelei het, was vervat in die Immigrant's Regulation Act, Wet Nr.22 van 1913, wat na die vertrek van prof Gokhale aanvaar is. Indiërs het beswaar gemaak teen die volgende hinderlikhede in die wet: die omskrywing van die woord "domisilie", wat oënskynlik sekere Indiërs in Suid-Afrika as verbode immigrante geklassifiseer het; die vereiste dat opgevoede Indiërs 'n verklaring moes aflê volgens 'n ou wet van die Oranje-Vrystaat, waar Indiërs verbode was; die verbod op vrye toegang tot die Kaapprovinsie, die onsekerheid oor die toelating en wetlike status van Indiërvroue wat ooreenkomstig hul gebruike en onderskeie godsdienste getroud is; die volharding met die R6-belasting in Natal.[126]

---

122. Ibid., 2 Aug. 1913, voorblad.
123. The Natal Witness, 7 Okt. 1913, voorblad.
124. Smuts Papers, Private 190, Vol. 12/JCS160, (genl. Smuts) -- A.B.G. (Arthur B. Gillett), 22 Jan. 1914 (afskrif).
125. Ibid., Private 189, Vol 11/B3, Louis (Botha) -- Jannie (Smuts), 23 Des. 1913. Dit is interessant dat Emily Hobhouse haar in hierdie stadium, op versoek van Gandhi, per brief aan genl. Smuts as vredemaakster tussen die twee aangebied het -- sien ibid., H37., Emily Hobhouse -- Oom Jannie (Smuts), 29 Des. 1913.
126. Pachai, The International Aspects ...., p. 61.

Ontevredenheid het spoedig hoog geloop, veral oor die behoud van die R6,00-belasting. Genl.Botha, asook 'n aantal invloedryke Natalse Blankes, gesteun deur sowel die Mercury as die Witness, was ten gunste van die herroeping van die belasting. Die Regering was bereid om dit te herroep indien die meerderheid van die Natalse Volksraadslede dit sou verkies, maar hulle was ten gunste van die behoud daarvan behalwe in soverre dit op vroue en kinders van toepassing was, en gevolglik het dit van krag gebly.[127]

Gandhi het daarop die Suid-Afrikaanse Regering gewaarsku dat hy 'n staking sou uitroep deur alle Indiërs wat die belasting na voltooiing van hul inboekkontrakte sou moes betaal. Dit was geen holle dreigement nie, want in Oktober 1913 het Indiërwerkers in die Natalse steenkoolmyne begin staak, spoedig gevolg deur andere op die suikerplantasies aan die Natalse kus. Daar is tot geweld oorgegaan wat, tydens die onderdrukking daarvan, die dood van 19 Indiërs en die verwonding van nog 25 tot gevolg gehad het. Een van die suikerplase wat deurgeloop het, was dié van sen. Marshall Campbell, 'n vriend van Gandhi en 'n kampvegter van die Indiërs. Dit het Campbell so verbitterd laat raak dat hy Gandhi ernstig aangespreek het oor sy leidende rol in "this carnival of violence" en hom gewaarsku het om sy posisie te heroorweeg "before you perpetuate your error beyond recall ... and ... inevitably bring ... (about) the complete alienation of the sympathy that matters, here and elsewhere ..."[128]

Die reaksie van hierdie bekende en geëerde pleitbesorger van die Indiërs verskaf 'n goeie aanduiding van wat die gesindheid van andere moet gewees het.

Hoewel die Natalse Blankes op die ou end groter bereidwilligheid geopenbaar het om die regmatige griewe van die Indiërs uit die weg geruim te kry, het hul algemene gesindheid jeens die Indiërs verhard. Reeds op die vooraand van die onluste het die Advertiser die Indiërs wat tot lydelike verset oorgegaan het, vergelyk met die Britse stemregjuffers en verklaar dat hulle met 'n verraderlike en gevaarlike speletjie begin het. Die Mercury het drastiese optrede bepleit en dit as ondenkbaar beskou dat die Regering hom deur Gandhi se dreigemente sou laat intimideer, want, het hy verklaar, toegewinge sou slegs as 'n gebaar van swakheid beskou word en die miljoene Bantoes aanmoedig om die voorbeeld van die Indiërs te volg.[129] Die Witness het beweringe oor die "ondraaglike toestande" waaronder

---

127. Sir Marshall Campbellversameling, Indian Strike, Letters from Gandhi, 6143, tel. Minister van Binnelandse Sake -- Voorsitter van Natalse Vereniging van Steenkooleienaars, 27 Okt. 1913 (afskrif).
128. Ibid., (Marshall Campbell) -- Gandhi, 30 Des. 1913 (afskrif).
129. The Natal Advertiser, 29 Sept. 1913, hoofartikel; The Natal Mercury, 17 en 20 Nov. 1913, hoofartikels, 2 Des. 1913, verslag van toespraak deur sir George Leuchars.

Indiërs in Natal gebuk gegaan het, as "the purest bunkum" verwerp, terwyl die Times Gandhi gedoop het tot "a misguided fanatic ...struggling (for) a selfish pecuniary advantage for his people which they would be the last to concede to others". Laasgenoemde blad het "the so-called 'sufferings' of the £3 people" bloot as 'n rookskerm beskou waaragter 'n groter oogmerk nagejaag is, naamlik die skepping van 'n Asiatiese Utopie waarin Wit, Swart en Bruin gelyk sou wees.[130]

Gemoedere in Natal is veral gaande gemaak deur wat beskou is as die "rioting" van die oorsese pers oor die Indiëropstand. Britse koerante het wilde gerugte geplaas oor "wreedhede" van die Suid-Afrikaanse Polisie in die onderdrukking van die onluste, en die Mercury het dit nodig geag om die Britse pers daarop te wys "that we are not barbarians".[131] Dit was ook die sienswyse van die Goewerneur-generaal lord Gladstone, wat op dieselfde dag waarop bogemelde woorde in die Mercury verskyn het, by genl.Botha verskoning aangeteken het vir die optrede van die Britse pers en 'n beroep op die Britse minister van binnelandse sake, lord Harcourt, gedoen het om 'n openbare verklaring te doen in die lig van wat hy bestempel het as 'n histeriese perskampanje.[132]

Eweneens is gramskap verwek deur die openbare aantyging wat die onderkoning van Indië, lord Hardinge, vier dae later gemaak het teen wat hy bestempel het as die barbaarse onderdrukking van die Indiëropstand.[133] Die aantygings teen die polisie kon nòg bevestig nòg weerlê word, want die Indiërs het geweier om voor die Geregtelike Kommissie van Ondersoek te getuig wat deur die Suid-Afrikaanse Regering aangestel is om ondersoek in te stel en verslag te doen. Terwyl die ondersoek nog aan die gang was,het Gladstone genl.Botha verwittig van Harcourt se groot bewondering en dankbaarheid vir sy waardige optrede in die aangesig van 'n histeriese tirade --[134] 'n uitspraak wat die meerderheid van Natal se Blankes ten volle sou onderskryf.

Die vernaamste gevolg wat uit die kommissie se verslag van 7 Maart 1914 voortgevloei het, was die aanvaarding van die Indiëronderstandswetsontwerp. Wet Nr.22 van 1914 het verskeie van die beperkinge op die Indiërs opgehef, insluitende die R6,00-belasting. Administratiewe sake waarvoor die wet nie voorsiening gemaak het nie, is besleg in korrespondensie tussen genl. Smuts en Gandhi, wat agterna bekend

---

130. The Natal Witness, 2 Des. 1913, hoofartikel; The Times of Natal, 20 Nov. en 23 Des. 1913, hoofartikels.
131. The Natal Mercury, 20 Nov. 1913, hoofartikel.
132. PM/OG, Gladstone -- genl. Botha, 20 Nov. 1913; ibid., tel.Goewerneur-generaal -- (Britse) Minister van Buitelandse Sake, 20 Nov. 1913 (afskrif).
133. Pachai, The International Aspects ..., p. 63.
134. PM/OG, Gladstone -- genl. Botha, 9 Jan. 1914.

geword het as die Smuts-Gandhi-ooreenkoms.[135]

So het die Indiërs se eerste lydelike versetbeweging ten einde geloop. Die Indiërs het verskeie toegewinge afgedwing -- teen die wense van die meerderheid van Natal se Blankes. Met die aanvaarding van die onderstandswetsontwerp het die Mercury verklaar dat watter griewe die Natalse Indiërs ook al mog hê, "he has none which did not leave him in preferable circumstances to those of his own class in India".[136] Die aanvaarding van die wetsontwerp is deur die meerderheid van die Natalse Volksraadslede tot die bitter einde beveg. In die finale stadium het slegs vier Natalse lede[137] daarvoor gestem, "the other Natal representatives taking up the attitude that they ardently desire the removal of the Indians, whilst the Bill tends to perpetuate their presence amongst us".[138]

Die herroeping van die R6,00-belasting is nie algemeen deur Natal se Blankes begeer nie. In 'n informele referendum wat die Witness pas voor die Indiëropstand gehou het, het die meerderheid van 20 Natalse Senatore, Volksraadslede en Provinsiale Raadslede vir die behoud van die belasting gestem.[139] Die latere reaksie van George en sir Liege Hulett, die suikerbaronne, verdien aandag. Eersgenoemde het verklaar dat hoewel hy aanvanklik teen die heffing van die belasting gekant was, die Indiërstakers deur hul gedrag die herroeping daarvan onmoontlik gemaak het.

Sir Liege het in sy getuienis voor die Geregtelike Kommissie van Ondersoek gepoog om die behoud van die belasting te regverdig. Hy het verduidelik dat as die belasting opgehef sou word, die Indiërs sou weier om hulle weer te laat inboek, en gevolglik sou alle Indiërs spoedig vry wees. "If all Indians became free, they would buy up land, and compete with the Europeans as farmers, and would not be open to the ordinary labour market."[140]

Dit is duidelik dat sir Liege, wat verklaar het dat sy firma van 3 000 tot 4 000 Indiërs in diens had,[141] gepoog het om 'n gevestigde belang te beskerm -- hy was primêr bekommerd oor die nodige Indiërarbeid vir die suikerbedryf. Sy poging om die behoud van die R6,00-belasting te regverdig, steek skerp af by sen. Marshall Campbell se verwerping daarvan op dieselfde sitting van die Geregtelike Kommissie

---

135. Pachai, The International Aspects ..., pp. 65-66. Sien ook The Times of Natal, 9 Julie 1914, korrespondensie tussen Departement van Binnelandse Sake en Gandhi: M. K. Gandhi -- E. M. Gorges, 30 Junie 1914.
136. The Natal Mercury, 2 Julie 1914, hoofartikel.
137. T. Watt, T. Orr, W. H. Griffin en H. M. Meyler.
138. The Times of Natal, 9 en 16 Junie 1914, berigte.
139. The Natal Witness, 27 Nov. 1913, voorblad. Sien ook ibid., 19 Nov. 1913, hoofartikel.
140. The Times of Natal, 29 Jan. 1914, berig; The Natal Witness, 10 Des. 1913, voorblad.
141. The Times of Natal, 29 Jan. 1914, berig.

van Ondersoek as irriterend en onregverdig.[142]

Met die eerste aanduidings van Indiëronstuimigheid teen die einde van 1913 het die Witness daarop gewys dat Natal die eerste Britse kolonie was wat die gevaar van 'n instroming van Indiërs besef het. Om die stroom te stuit, is die sogenaamde Undesirables Act voor die einde van die eeu deur die Natalse regering aanvaar en is die bepalinge van die wet later deur Australië en Kanada oorgeneem om teen die binnekoms van ongewenste immigrante te waak.[143] Ná die opstand van 1913 is daar met onverhole genot verwys na openbaringe van 'n anti-Indiërgesindheid elders in die Britse ryk. Dit was 'n speletjie waarin veral die Times hom verlustig het. Die blad het verwys na berigte oor 'n anti-Indiërveldtog in Nieu-Seeland waar die regering dit oorweeg het om wetgewing aanvaar te kry vir 'n verbod op die binnekoms van Asiate. Die Times se kommentaar hierop was: "The whole Press of New Zealand is now sounding the tocsin of alarm, for it realises at last that the Asiatic is strengthening his grip ..."[144]

Kanada het ook aan die beurt gekom met die nuus dat die Kanadese regering geweier het om die Komagata Maru toe te laat om sy 370 Indiërpassasiers uit die Ooste, wat hulle in Kanada wou vestig, aan wal te sit. Hulle is teruggeneem na hul plek van herkoms na 'n maand van besluiteloosheid waartyden's ryk Hindoes 'n bedrag van R400 000 in kontant en eiendom as borgtog aangebied het ingeval die Indiërpassasiers toegelaat sou word om voet aan wal te sit, hangende 'n beslissing deur 'n ondersoekhof.[145]

Die verhaal van "The Hapless Hindoo -- Not Wanted Anywhere" het, volgens die Times, bewys dat Suid-Afrika nie die enigste Blanke dominium binne die Britse ryk was wat met 'n rasseprobleem opgesaal was nie; trouens, dit was 'n probleem wat reeds die ander in belangrikheid verbygesteek het, insluitende die verdedigingsprobleem. Die "Chapter of Canadian History" het meer as voldoende bewys gelewer hoe ernstig die Asiatiese inval die Britse dominiums geraak het.[146]

As oplossing vir die vraagstuk van die Onbeminde Indiër het die blad met gretigheid 'n suggestie deur The Morning Post opgeraap dat ontevrede Indiërs na die Soedan

---

142. Ibid.
143. The Natal Witness, 9 Okt. 1913, hoofartikel.
144. The Times of Natal, 8 Junie 1914, hoofartikel. Sien ook ibid., 30 Mei 1914, voorblad.
145. Ibid., 30 Mei, 8 Junie en 24 Julie 1914, berigte en hoofartikels.
146. Ibid., 8 Junie 1914, hoofartikel, 9 Junie 1914, voorblad, 24 Julie 1914, hoofartikel.

gestuur moes word om die beskikbare grond aldaar te bewerk. 'n Ruk later is Brits-Guiana aanbeveel as oord waarheen die Indiërs gestuur kon word vir wie die Blanke bevolkings van verskillende lande nie plek in hul midde kon vind nie.[147]

Nuus oor die Suid-Afrikaanse Indiërs het skielik opgedroog met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog, want, soos prof.Bridge Pachai dit stel, die Indiërvraagstuk het op die agtergrond getree solank die wêreldverhoog deur die oorlogsgod beklee is.[148] Ironies genoeg het die gesmade Indiërs van Natal op 17 Augustus 1914 op 'n monstervergadering in Pietermaritzburg hul simpatie met Brittanje in sy oorlogsverknorsing uitgespreek en hulself bereid verklaar vir aktiewe oorlogsdiens, indien die owerheid daarvan gebruik sou wou maak.[149] Die Indiërgemeenskap van Klipriviердistrik het op 'n soortgelyke wyse opgetree, terwyl die skoliere van die Ladysmithse Indiërstaatskool £3.14.3 tot die Oorlogsnoodlenigingsfonds bygedra en die Unieregering en Britse ryk verseker het van "our warmest prayers to the Almighty for the successes of the British Army".[150]

Die laaste persberigte oor "The Hapless Hindoo" handel oor sy indiensneming in twee draerafdelings met die Geallieerde Magte in Oos-Afrika,[151] waarna oorlogsnuus die Indiërs uit die nuuskolomme verdring het.

So het die Indiër bewys gelewer van sy lojaliteit teenoor die "Empire", hoewel hy dit maar te duidelik geweet en ervaar het dat die Natalse Britte hom nie medeburgerskap wou of sou gun nie. Inderdaad was hy vir hulle, vanweë sy vreemdelingskap, minder aanvaarbaar as die Bantoe, aan wie self maar 'n geringe plek in die son gegun is.

4. Natal en die Bantoes

Op 2 Junie 1910 is genl. Louis Botha se Manifes op 'n openbare vergadering in Pretoria voorgelees, en die volgende dag het die Star dit gepubliseer. Daarin het hy onder punt 3 voorsiening gemaak vir: "The placing of the Native question above party politics, and the fair and sympathetic treatment of the Coloured races in a broad and liberal spirit."[152]

---

147. Ibid., 2 Des. 1913 en 24 Julie 1914, hoofartikels; The Natal Witness, 2 Des. 1913, hoofartikel.
148. Pachai, The International Aspects ..., p. 74.
149. PM 51/19B/14, Gaya Singh -- Premier, 17 Aug. 1914.
150. PM 51/27/14, Sekr. van Justisie -- Sekr.van Premier, 28 Sept. 1914, en bylaes. Die Indiërgemeenskap van Newcastle het ook hul lojaliteit betuig -- sien PM 51/19B/14, Waarn. Sekr. van Premier -- Chas. C. Ephrain, 13 Jan. 1915, en bylaes.
151. The Times of Natal, 24 Des. 1915, berig. Pachai, The International Aspects..., p. 74, maak melding van 'n oorlogsbydrae van meer as R1 800 (£931.6.6) deur Durban se Indiërgemeenskap en die oorbetaling daarvan aan die burgemeester van die stad op 5 Jan. 1917.
152. D. W. Krüger, South African Parties and Policies 1910-1960, p. 49.

Vyf weke nadat die Manifes openbaar gemaak was, het 'n Zoeloe wat nog 'n besondere politieke rol sou speel, hom per brief uit Nederland gelukgewens. Dit was Pixie ka Isake Seme van Inanda, Natal, wat hom pas as advokaat aan die Universiteit van Oxford bekwaam en hom sedert Desember van die vorige jaar in Nederland bevind het om, soos hy op Hollands aan genl. Botha geskryf het, die taal en letterkunde "van Uw volk" te bestudeer. As Zoeloe het hy hom verplig geag om Botha te bedank vir sy edelmoedige optrede teenoor Dinuzulu[153] en, het hy vervolg, "heden na Uw manifest gelezen te hebben inzonderheid ervan het gedeelte betreffende inborlingen (sic), kan ik niet nalaten op deze wijze min (sic) dankgevoel en onderdanige getrouwheid in U bestuur uit te drukken". Seme het die "onscheidbare algemene belangen"van alle rasse in die land beklemtoon en ten slotte verklaar dat Botha met grondbeginsels soos in sy Manifes uiteengesit, kon reken op die toenemende vertroue in en die toewyding en dankbaarheid van die Suid-Afrikaanse Swartes, al sou wat ook al gebeur.[154]

Al antwoord op hierdie uitvoerige en goed bedoelde skrywe van Seme, wat twee jaar later die dryfkrag agter die stigting van die South African Native National Congress (die latere ANC) sou wees, was 'n kort briefie in Hollands deur genl.Botha se private sekretaris waarin ontvangs van Seme se brief erken en belowe is dat dit onder Botha se aandag gebring sou word.[155]

Hierdie geringskatting van 'n opgevoede Swartman illustreer die algemene gesindheid van die Blankes teenoor die Swartes -- net soseer in Natal soos elders in die land. Engelsman en Afrikaner was so vasgevang in hul eie rassegestoei dat die Bantoe as 'n randeier uitgestoot is. Dat die Bantoe aandag moes kry, is besef, maar daar is selde anders aan hom gedink as in die raamwerk van 'n "vraagstuk"; trouens, dit is reeds deur sommiges as Suid-Afrika se grootste vraagstuk beskou, stekelig en verbysterend ingewikkeld -- 'n enorme nagmerrie.[156] Desnieteenstaande is dit nie met die aandag behandel wat dit verdien het nie en was daar, ook vanweë politieke en onvoorsiene omstandighede, nie die nodige kontinuïteit op Kabinetsvlak nie, want die portefeulje Naturellesake is in die eerste vyf jaar deur vier verskillende ministers behartig.

---

153. Dinuzulu is pas tevore deur genl. Botha begenadig nadat 'n spesiale Natalse hof hom vier jaar tronkstraf opgelê het weens sy rol in die Bhambadarebellie.
154. PM/OG, P. ka Isake Seme -- genl. Botha, 9 Julie 1910.
155. Ibid., Private Sekr. Premier -- P. ka Isake Seme, 17 Aug. 1910 (afskrif).
156. Vgl. o.a. The Natal Mercury, 3 Mei en 20 Junie 1912, 17 Mei 1913, hoofartikels; ibid., 23 Sept. 1912, artikel deur Lewis E. Hertslet; PM/OG, Joseph Baynes -- genl. Botha, 9 Maart 1913.

In Natal het die Witness en die Mercury gekla dat daar nog nie eens 'n begin gemaak is om 'n oplossing vir die hoogs gevaarlike vraagstuk te vind nie,[157] maar kon hulle self ook geen oplossing aan die hand doen nie. Natal se beleid uit sy koloniale dae het eweneens nie 'n oplossing gebied nie. Daardie beleid is soos volg deur D.C.Dick, voorsitter van die Royal Natal Agricultural Union, opgesom: "Ever since I was old enough to think intelligently we have been telling each other in Natal that something would have to be done about the native question. What we have done is practically nothing."[158]

Dick se uitspraak stem ooreen met dié van Natal se eie Bantoes, wat vroeg in 1912 saam met dié elders in die land politiek ontwaak het. Binne enkele weke nadat die dryfkrag van die reeds genoemde adv. Seme op 8 Januarie van daardie jaar in Bloemfontein tot die stigting van die South African Native National Congress onder die presidentskap van eerw. John L. Dube van Zoeloeland gelei het, het 700 Bantoes op 23 Februarie in Durban onder leiding van Dube die Natal Native Congress as tak van die moederliggaam gestig. In een van tien resolusies wat by die geleentheid aanvaar is, is daar skerp te velde getrek teen die ou koloniale Bantoebeleid van Natal: sy oorbelasting, sy verbod op vrye evangelisasie, sy arbeidsbeperkinge, sy ontsegging van politieke verteenwoordiging en vrye grondaankope, sy verwaarlosing van allerheiligste pligte soos onderwys en onderdrukking van barbaarse gebruike. Daardie beleid, so is verklaar, "(has) proven itself a fostering friend to barbarism, a hindrance to the spread of enlightenment and Christianity, a menace to public peace, and a cruel infliction on the native people -- in a word, has been barren of all good, productive of untold evil, an utter failure"; daarom is dit nodig geag om 'n beroep op die Suid-Afrikaanse regering te doen om die Natalse Bantoes te verlos van die ellende waarin die Bantoebeleide van die Natalse regerings hulle gedompel het.[159]

Die resolusie is tereg deur die Mercury, die Advertiser en die Durban Native Affairs Reform Committee as oordrewe kras bewoord beskou,[160] maar al sou dit van al sy bombasme gestroop word, toon dit nog dat 'n verteenwoordigende vergadering van Natal se Bantoes die Bantoebeleide van die koloniale regerings in hul geheel verwerp het.

Een van die angels daarin was die "isibalo"-stelsel wat na uniewording summier deur die Minister van Naturellesake, Henry Burton, afgeskaf is -- tot die vreugde van

---

157. The Natal Witness, 2 Feb. 1912, hoofartikel; The Natal Mercury, 25 Okt. 1912, hoofartikel.
158. The Natal Witness, 6 Nov. 1912, berig.
159. The Natal Mercury, 26 Feb. 1912, berig; The Natal Witness, 26 Feb. 1912, berig.
160. The Natal Mercury, 27 Feb. 1912, hoofartikel, 2 Mei 1912, berig; The Natal Advertiser, 9 April 1912, hoofartikel.

Natal se Bantoes, soos uitgedruk in nog 'n resolusie wat die Natal Native Congress op sy stigtingsvergadering van 23 Februarie in Durban aanvaar het.

Die "isibalo" of corvée, was 'n stelsel van gedwonge arbeid wat net in Natal bestaan het kragtens sy Native Code en wat in 1891 in Wet Nr.19 vasgelê is. Daarvolgens is Bantoes wat in plattelandse lokasies gewoon het, gedwing om openbare werk teen 'n loon te verrig wat normaalweg laer was as die heersende op die ope mark. Afgesien van die dwang, het die stelsel ook ongerymdhede laat ontstaan by die werwing van die arbeiders, want die verpligting het op die hoofman gerus om 'n sekere kwota aan arbeiders te lewer, by gebreke waarvan hy beboet is. Om die boete vry te spring, het die hoofman enige metode aangewend om die vereiste aantal werkers te bekom.[161]

Burton het hierdie vorm van slawerny afgeskaf sonder raadpleging van die Parlement of die Natalse verteenwoordigers, en daardeur het hy die geleentheid aan sommige Natallers gegee om hul verbolgenheid agter 'n aanval op sy outoritêre optrede te verberg. Andere was egter openlik in hulle veroordeling van die beginsel van die afskaffing. Op die jaarkongres van die Royal Natal Agricultural Union was die algemene mening dat dit beter was om 'n Bantoe gedwonge arbeid op die paaie te laat verrig as om hom by sy kraal te laat leeglê en planne bedink om skape te steel en ander diefstalle te pleeg. 'n Mosie is aanvaar waarin die afskaffing van "isibalo" betreur is.[162]

Op die eerste jaarkongres van die Natalse Unioniste het Alfred Henderson, G. Wynne, J. Reynolds-Tait en E.H. Langston hulle teen die afskaffing uitgespreek. Henderson het verklaar dat die hele Noord-Natal omgekrap was daaroor, want die Bantoes het goeie oeste gehad en verkies om tuis te bly, pleks van te werk. Langston wou dat die Bantoes die "evangelie van werk" geleer moes word. 'n Mosie is aanvaar waarin die afskaffing betreur en 'n beroep op die Suid-Afrikaanse Unionisteparty gedoen is om die saak verder te voer. Op die latere uniale kongres van die party in Durban wou die Natallers weer hul stem dik maak, maar is deur afgevaardigdes uit die ander provinsies oordonder. Gevolglik is daar 'n afgeweterde mosie aanvaar waarin die beginsel van dwangarbeid veroordeel, maar die arbitrêre optrede van die minister afgekeur is. Dit was ook die standpunt van die Mercury.[163]

---

161. Vgl. The Time of Natal, 10 Okt. 1910, verslag van onderhoud met H. Burton; De Afrikaner, 26 Des. 1910, hoofartikel; The Natal Mercury,25 Junie 1913, artikel deur R. C Samuelson.
162. The Times of Natal, 26 April 1911, berig; De Afrikaner, 27 April 1911, berig.
163. The Natal Mercury, 17 Okt. 1911, berig, 18 Okt. 1911, hoofartikel, 22 Nov. 1911 berig.

Op die jaarvergadering van die Dundee Political Association het sowel die voorsitter, A.J. Oldacre, as sir Thomas Watt, 'n medepartylid van Burton, oor die afskaffing gekla, want dit het, in die woorde van Oldacre, gelei tot 'n tekort aan huisbediendes en arbeiders by die steenwerwe. Sir George Leuchars, 'n kollega van Burton, het later die afskaffing van "isibalo" betreur as "a most suicidal act, and we are feeling the effects of it now".[164]

In die lig van die voorafgaande kon die Natallers nie trots wees op hul behandeling van die Bantoes in die meer as 'n halfeeu van Britse bewind nie; tog het vele van hulle hul van 1910 af geroepe gevoel om die Unieregering skerp te kritiseer oor sy formulering van Bantoebeleid. Daarvoor was daar vir hulle veral een goeie rede: dat dit 'n regering was wat uit Afrikaners bestaan het, en hulle was in die oë van die Witness "a race notoriously unsympathetic towards the natives and coloured people", 'n ras wat die Bantoe beskou het "as predestined by Providence to be their hewers of wood and drawers of water".[165]

Van die kritiek op die Regering was billik, byvoorbeeld dat die Naturellen Grond Wet van 1913 oorhaastig deurgevoer is sonder raadpleging van die Bantoes, wat deur die wet benadeel is, en voordat die segregasiebeleid behoorlik deurdink was. Daar was egter ook 'n aansienlike stem onder alle lae van die Natallers, veral die boeregemeenskap en die Natalse Parlementslede, wat heelhartig ten gunste van die wet was.[166] Selfs die Advertiser en die Mercury het in hul vroegste kommentaar op die maatreël heel gunstig gereageer deur te verklaar dat die Swartman nie ten onregte geraak sou word nie en dat sy sosiale en politieke betrekkinge met die Witman onversteur sou bly.[167]

Onverwagte gunstige kommentaar het gekom uit die oord van die Anti-Slavery and Aborigines' Protection Society van Londen, wat in sy bestaan soveel gal teen die Afrikaners gebraak het. Sy organiserende sekretaris, John H.Harris, het in 1915 op besoek in Durban verklaar dat die Naturellen Grond Wet hom geval het, want "it provides for large reserves, in which natives can live their own lives, and whence a plentiful labour supply can be drawn". Hy het namens die Society na eerlike kritiek op die wet gesoek en vervolg: "So far I have not found any reasoned

---

164. Ibid., 20 Okt. 1911, berig; The Times of Natal, 3 Jan. 1912, hoofartikel.
165. The Natal Witness, 22 Sept. 1910 en 26 Sept. 1911, hoofartikels. Sien ook ibid., 2 Aug. 1912, hoofartikel.
166. Vanweë die magdom getuienis word daar volstaan deur te verwys na berigte, briewe, artikels en hoofartikels in o.a. The Natal Witness, 19, 20 en 29 Mei 1913, 16 Junie 1913, 7, 13, 14, 17, 23, 24, 27 en 29 Okt. 1913, 25 Mei 1914, 15 en 29 Junie 1914, 2 en 17 Julie 1914; The Natal Mercury, 17, 19, 20, 21 en 28 Mei 1913, 4, 5, 7, 9, 11, 12 en 16 Junie 1913, 10 Julie 1913, 3 Sept. 1913 en 10 Nov. 1913.
167. The Natal Advertiser 3 Maart 1913, hoofartikel; The Natal Mercury, 12 Mei 1913, hoofartikel.

criticism of the Act itself, that is apart from its administration."[168]

Hoewel die Witness, Mercury, Advertiser en van hul aanhangers die Regering se Bantoebeleid verwerp en in hul bestryding van die Afrikanerregering selfs as pleitbesorgers vir die Bantoes geposeer het, was hul enigste alternatief: beperkte plaaslike verteenwoordiging op die Transkeilees vir die Bantoes en grootskeepse Blanke immigrasie om die Bantoes met getalle te verswelg -- 'n bekookte plan om Blanke baasskap met getalsmag af te dwing.

Reeds voor die uniewording het premier F. R. Moor gepleit dat Suid-Afrika 'n Witmansland gemaak moes word deur die binnebring van miljoene immigrante. Die Times of Natal het ewe sterk hieroor gevoel en sowel die Unionisteparty as die Arbeiders het hul hoop op Blanke immigrante gevestig.[169] Die Advertiser het 'n Blanke bevolking van 20 000 000 in die vooruitsig gestel, want dit was syns insiens die enigste wyse waarvolgens Suid-Afrika Blank gehou en die Bantoevraagstuk opgelos kon word -- "we must have immigration, and yet more immigration, and evermore immigration".[170]

Nadat die voor- en nadele van segregasie reeds vier jaar lank van alle kante af uitgepluis was en daar met reg verwag kon word dat die Mercury, 'n groot teenstander daarvan, met 'n alternatief vorendag sou kom, het die blad erken dat hy geen oplossing vir die Bantoevraagstuk kon aanbied nie, maar dat Blanke immigrasie dit aansienlik sou verlig. Dit sou die wanverhouding in Swart-Wit getalle minstens verklein "and the two races might live together without the one submerging the other".[171] Hy kon bygevoeg het: "happily forever after".

Segregasie is van 1910 af in Natal bespreek, want J. W. Shepstone was 'n groot voorstander daarvan en het sowel sy aanhangers as sy teenstanders gehad. Op 20 Februarie 1911 het maj. P. A. Silburn, LV vir Durban-Punt, die groep Natalse Volksraadslede verras deur kennis te gee van 'n mosie vir die segregasie van Bantoes en die skepping van reservate waarbinne hy die vestiging van Bantoerade beoog het. Hy het sy segregasieplan in sy vroeër vermelde artikel Why I Am An Independent herhaal, maar in die Volksraad is daar soveel druk op hom uitgeoefen dat hy sy mosie teruggetrek het.[172] Sy aanroer van die saak was die begin van 'n lewendige bespreking daarvan in die Natalse pers en op die openbare verhoog.

---

168. The Natal Mercury, 27 Jan. 1915, berig.
169. The Natal Witness, 15 April 1910, voorblad; The Times of Natal, 3 Maart 1911, hoofartikel; P.F. van der Schyff, Die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1910-1921, pp.79-81; The Natal Advertiser, 6 Jan. 1913, personderhoud met M. Kentridge.
170. The Natal Advertiser, 15 Oktober 1912, hoofartikel.
171. The Natal Mercury, 5 Junie 1914, hoofartikel.
172. The Natal Mercury, 21 Feb. 1911, berig; The Natal Witness, 27 Feb. 1911, berig, 2 Des. 1911, voorbladartikel deur P. A. Silburn, 11 Maart 1912, berig.

Die Mercury het segregasie onmiddellik as onprakties verwerp, al sou dit wenslik gewees het, wat vir hom nie 'n uitgemaakte saak was nie; J.W. Shepstone het dit met krag bepleit en sy verstomming uitgespreek dat die Britse regering nie van die begin af 'n segregasiebeleid gevolg het nie. Arthur C.Camp, David Taylor, dr.Lewis E. Hertslet en die Witness het hulle teen Shepstone se voorgestelde algehele segregasie geskaar omdat dit prakties onuitvoerbaar en reeds te laat was; die Bantoes kon slegs opgehef word deur hulle in kontak met die Blankes te hou, en die eise van die beskawing was, in die woorde van Camp: "'You must conform to my conditions or be swept from my path.'"[173]

Voor- en teenstanders het egter van die begin af by mekaar verbygepraat. Shepstone wou nie, soos sy kritici voorgegee het, die Bantoes aan hulself oorlaat om te versleg nie, maar hulle die geleentheid gee om hulself te regeer, waartoe hulle syns insiens uitstekend in staat was, en om hulle sodoende te bevry van wat vir hom na slawerny geruik het in hul permanente onderdanigheid aan die Witman. Van die teenstanders van sy segregasiegedagte kon hulle nie indink in 'n toestand waar hulle sonder die Bantoe sou moes klaarkom nie. Hulle was nie bereid om aan hom politieke en sosiale gelykheid te gun nie, maar wou hom in hul midde hê, of na genoeg aan hulle sonder om hinderlik te raak, ten einde sy arbeid en koopkrag te kon benut. Daarom was algehele segregasie vir hulle verwerplik, soos die Mercury dit gestel het, "simply because we cannot do without black labour in our industries and in our households; but this is not to say that we should not make it our object, as far as possible, to secure that the European and the native ... should live their social lives apart, in the interests of one race as much as of the other".[174]

Dr. Lewis E.Hertslet, 'n sendeling, het raak gesteek toe hy in 'n koerantartikel verklaar het dat die Natalse Bantoes, na sy berekening, jaarliks R3 340 000 aan eetware, plaasgereedskap, mediese diens, grond en ander benodigdhede bestee het -- "and mostly going into the pockets of Natal white people". Hertslet het wel algehele segregasie verwerp, maar was ten gunste van gedeeltelike segregasie, want dit sou Swart en Wit bevoordeel. Die aanwesigheid in die land van barbaarse, ontaarde, onnosele en lui Swart rasse kon, syns insiens, nie anders as om die Blankes te benadeel nie -- "the body politic cannot progress fully while weighted down and handicapped by this enormous incubus".[175]

---

173. The Natal Mercury, 22 Feb.1911, hoofartikel; The Natal Witness, 6 Junie en 26 Okt.1911, brief en artikel deur J.W.Shepstone; The Natal Witness, 30 Okt. 1911, briewe deur Arthur C. Camp en David Taylor, 1 Nov.1911, brief deur Lewis E.Hertslet, 9 Des. 1911 en 2 Feb.1912, hoofartikels.
174. The Natal Mercury, 29 Feb. 1912, hoofartikel.
175. Ibid., 23 Sept. 1912, artikel deur Lewis E. Hertslet.

Hertslet het hom vroeër die jaar reeds op 'n vergadering van 60 uitgelesenes onder beskerming van die Durban Native Affairs Reform Committee ten gunste van 'n doelgerigte, effektiewe en konstruktiewe beleid van gedeeltelike segregasie uitgespreek. Dit moes geleidelik ingevoer word, maar moes finaal wees; dit moes strook met die regte, tekortkominge, vermoëns, swakhede en kundighede van albei rasse; dit moes simpatiek, maar ferm wees, kragtig en tog ook buigsaam. Sy antwoord op die vraag waarom dit ingestel moes word, was: (1) omdat noue kontak tussen die twee rasse nie een kon bevoordeel nie; (2) omdat die Swartman maklik die ondeugde van die Witman ten prooi geval het; (3) omdat die Witman geneig was om te ontaard wanneer hy hom onder Swartes bevind het; (4) omdat die snelle bevolkingsaanwas van die Bantoes en Gekleurdes dit genoodsaak het; (5) omdat die bestaande stelsel onbevredigend was; (6) omdat administrasie, evangelisasie, onderwys, landboukundige en nywerheidsopleiding doeltreffender behartig kon word as onder 'n verspreide gemeenskap; (7) omdat die dag van die leeglêer verby was; (8) omdat die gevare van Ethiopisme en Islam dit vereis het; en (9) omdat die goeie resultate in die Transkei en Basoetoland dit wenslik gemaak het.[176]

Ook die Durban Native Affairs Reform Committee (later herdoop tot Reform Association) was soos nog aangetoon sal word, oorwegend ten gunste van gedeeltelike segregasie. Dit was die enigste openbare liggaam in Natal wat onvermoeid geworstel het om 'n oplossing vir die vraagstuk van Wit-Swart verhoudinge te vind. Hertslet het weliswaar 'n soortgelyke liggaam in Pietermaritzburg gestig,[177] maar dit was doodgebore. Die hooffiguur in die Durbanse liggaam was Maurice S. Evans, 'n vermoënde man wat op eie koste 'n studie van die Negerprobleem in die VSA gaan maak het en aan die hand daarvan tot die gevolgtrekking gekom het dat Swart en Wit apart behoort te ontwikkel. Hy het reeds in 1911 sy Black and White in South-East Africa: A Study in Sociology gepubliseer waarin hy gedeeltelike segregasie bepleit het, wat later deur die Mercury bestempel is "as a classic on this great subject, even (to) those who are not able to agree with him in all his views and conclusions".[178] Hy het dit in 1915 opgevolg met Black and White in the Southern States waarin hy sy betoog voortgesit het. Tussendeur het hy sy standpunt in reekse toesprake en koerantartikels gestel en is hy in Natal as die gesaghebbende beskou.

So het die Natallers van 1910 af 'n gesonde debat oor segregasie gevoer en was die een of ander vorm daarvan vir vele van hulle die enigste antwoord. Toe gebeur dit egter dat Henry Burton op 25 Junie 1912 deur genl. Hertzog as Minister van Naturellesake opgevolg word, en skielik het segregasie 'n sinistere betekenis gekry,

---

176. Ibid., 28 Feb. 1912. Sien ook The Natal Witness, 30 Okt. 1912, voorblad. Ethiopisme word omskryf as "Emansipasiestrewe van die Bantoe, veral op kerklike gebied".
177. The Natal Mercury, 31 Okt. 1912, berig.
178. Ibid., 27 Okt. 1915, hoofartikel.

want Hertzog het hom op 26 Augustus van daardie jaar op Pietersburg ten gunste van so 'n beleid uitgespreek, hoewel hy dit toe nog nie deurdink het nie. Die blote koppeling van Hertzog se naam aan segregasie het so 'n beleid verderflik gemaak, en die vraag durf wel gevra word of die Mercury, Witness en Advertiser so sterk teen segregasie te velde sou getrek het indien 'n minder omstrede figuur as Hertzog, of die Unionisteparty, dit sou propageer het.

Asof die Witness heilig besorg was oor die welsyn van die Bantoes, hoewel hy hulle nooit anders as onderdanige anderskleuriges kon sien nie, het hy dit reeds op 2 Augustus betreur dat Burton deur Hertzog vervang is, want, het hy aangevoer, hulle het twee uiterstes verteenwoordig en nêrens was daar 'n groter vasbeslotenheid om die Swartman te onderdruk as in die Vrystaat nie. Al dadelik het die blad hom op sy gebruiklike politiek venynige wyse gedra, bloot omdat hy Hertzog en die Afrikaner nie kon verdra nie, en het hy die Regering onbeskaamd beskuldig dat dié die Bantoevraagstuk die politieke arena binnesleep. Hy het 'n krisis sien kom.[179]

Die "krisis" het gekom, deurdat Hertzog hom ten gunste van segregasie uitgespreek en in sy omstrede toesprake op Nylstroom en Smithfield op 5 en 14 Oktober 1912 verder daarop uitgebrei het. Ná laasgenoemde toespraak het die blad die onsin verkondig dat Hertzog die uitvoering van sy segregasiebeleid slegs aan die "Afrikaanders" toevertrou het, want hulle moes die base wees; maar volgens die blad se eie verslag van die toespraak het Hertzog juis die Afrikanerboere voor stok gekry omdat hulle besig was om die land te ruïneer deur Swartes vir hulle te laat boer. Na sy verdraaide vertolking van Hertzog se nie-partypolitieke uitlating het die blad heengegaan en getrag om die Bantoekwessie die politieke arena binne te sleep, hoewel hy vroeër gepleit het dat dit daarbuite gehou moes word. Hy het naamlik verklaar dat die Britse deel van die bevolking net so diep in die Bantoevraagstuk belang gestel het as wat die Afrikaners kon wens om te doen. "What is more, the former must have at least an equal say with the Afrikaanders as to any native policy, and no statesman worthy of the name would deny them that right." Om die rassespyker dieper in te dryf, het hy Hertzog beskuldig dat hy op 'n beleid van half-slawerny afstuur soos die wat die verhoudinge tussen die Voortrekkers en die Swartes gekenmerk het -- "let the apologist of the former deny the statements of men like Moffat and Livingstone as mush as they like",[180]

Teenoor hierdie ongevraagde aanval op die Afrikaner spreek die hierbo aangehaalde uitsprake deur J.W.Shepstone, Hertslet en die Natal Native Congress oor Natal se Bantoebeleid vir hulself.

---

179. The Natal Witness, 2 Aug. en 12 Sept. 1912, hoofartikels.
180. Ibid., 15 Okt. 1912, berig, 16 Okt. 1912, hoofartikel.

Hoewel die blad met sy venyn sou voortgaan, het dit nie die Bantoevraagstuk tot partypolitieke strydpunt verhef nie, maar sy veroordeling en dié van sy aanhangers van "Hertzog-segregasie" het sekerlik 'n partypolitieke uitwerking gehad. Dat dit die geval moet gewees het, is ook te bespeur in die siening van die Mercury wat tevore aan die gesonde debat oor segregasie deelgeneem het, maar vir wie Hertzog se propagering daarvan in sy Smithfieldtoespraak "An Unsettling Utterance" was, want dit was te laat om Suid-Afrika in Wit en Swart gebiede op te kerf. As daar van meet af begin kon word, sou alles goed en wel gewees het, maar sake het so ver ontwikkel dat segregasie 'n hersinskim sou bly. "Although the social inter-mixture of the native and the European may be discouraged and legislated against, their economic association has become too close to permit of a wholesale separation."[181]

Hierin lê weer 'n misverstand opgesluit, te wyte aan die feit dat Hertzog hom oor segregasie uitgelaat het voordat hy die saak end-uit deurdink het. Het hy algehele segregasie beoog, of gedeeltelike segregasie soos deur sovele voorgestaan is en wat ook deur bogemelde woorde van die Mercury geïmpliseer word? Hieroor was daar onduidelikheid en gevolglik 'n verwarrende debat. Dat Hertzog segregasie van Wit en Swart soos in die Transkei as die enigste oplossing voorgehou het, is om die een of ander rede deur die Natallers misgekyk; tog was die Mercury onder die vele voorstanders van 'n verteenwoordigende stelsel vir die Bantoes soos die wat in die Transkei bestaan het. Hieroor het die blad hom tevore soos volg uitgelaat: "We have no wish to throw the Parliamentary franchise as wide open to the natives in Natal as at the Cape, but in the Transkeian Council we have a type of assembly which might be instituted in Natal and other parts of the Union with wholesome results."[182]

Hoe wou die blad en andere die Transkeistelsel in Natal toepas sonder om hulle aan politieke diskriminasie of politieke segregasie skuldig te maak?

Dat die meeste Natalse teenstanders van segregasie nie 'n morele voetstuk gehad het nie, blyk uit hul volgehoue aandrang op die behoud van Blanke baasskap. In die geval kan die Witness se uitspraak uitgesonder word. Nadat hy Hertzog as 'n bevooroordeelde rassis verdag gemaak en hom derhalwe as onbevoeg gebrandmerk het om met die Bantoebeleid vertrou te word, het hy die volgende kwytgeraak : "In handling this thorny subject the white races should be united, not in a spirit of antagonism towards the natives, but in the firm determination to deal justly with them, while at the same time maintaining as a sacred principle the doctrine

---

181. The Natal Mercury, 15 Okt. 1912, hoofartikel.
182. Ibid., 9 Mei 1912, hoofartikel.

of white supremacy."[183] Sowel die logika as die moraliteit van hierdie stelling ontglip 'n mens.

Om segregasie so onaantreklik moontlik voor te stel, het die blad verwys na Hertzog se "vague, empirical utterances" en het hy segregasie in sy uiterse konsekwensie aan die Bantoe voorgehou as 'n samehokking in reservate en algehele afsluiting van kontak met die Blanke -- iets wat Hertzog ontken het deur hom beoog is.[184] Hertzog se beleid was verderflik, maar die kleurvoordeel waaraan die oorgrote meerderheid van die Natallers hulle skuldig gemaak het, was nie; ewe min hul strewe om die Swartman met 'n ingevoerde getalsoorwig onder te ploeg. Laasgenoemde is juis in hierdie stadium opnuut deur die Mercury en Witness aangegryp as Suid-Afrika se redding nadat Patrick Duncan dit in 'n pamflet Suggestions for a Native Policy gepropageer het. In sy steun aan Duncan se siening het die Witness selfs die bestaande kleurvooroordeel as een van sy belangrikste argumente gebruik waarom daar met grootskeepse immigrasie begin moes word, want, het hy aangevoer, dit het onder 99 persent van die Blankes bestaan en sou nooit uitgewis word nie.[185]

Dit is te betwyfel of die drie genoemde Natalse koerante die gevoelens van die meerderheid Natallers oor segregasie vertolk het. Nog voordat genl.Hertzog Minister van Naturellesake geword het, het Chas. R. Skottowe van Mooirivier in 'n brief aan die Times verklaar dat hy al jare lank die mening toegedaan was dat die oplossing van die Bantoevraagstuk in een woord te vinde was: "segregasie".[186] Nadat die Witness hom herhaaldelik teen segregasie uitgespreek het, het hy eind Oktober 1912 sy lesers om hul mening gevra, en die uitslag daarvan was: 17-9 vir segregasie.[187] Die meerderheid van Natal se ware Bantoekenners was ook ondersteuners van segregasie, of gedeeltelike skeiding, soos hulle verkies het om dit te noem. Onder hulle was daar die reeds genoemde en ervare J.W. Shepstone, voormalige Sekretaris van Naturellesake in Natal se koloniale dae, Maurice S.Evans en eerw. Lewis E.Hertslet, asook eerw. A.T. Bryant[188] en kapt. James Stuart.[189]

---

183. The Natal Witness, 29 Okt. 1912, hoofartikel.
184. Ibid., 31 Okt. 1912, voorblad en hoofartikel, 10 Des. 1912, verslag van Hertzog se De Wildttoespraak.
185. The Natal Mercury, 25 Okt. 1912, hoofartikel; The Natal Witness, 31 Okt. 1912, hoofartikel.
186. The Times of Natal, 11 Maart 1912, brief deur Chas. R. Skottowe.
187. Vgl. The Natal Witness, 31 Okt. 1912, voorbladkommentaar en brief deur "T", 1 Nov. 1912, voorbladonderhoud met W.H. Griffin, LV, en eerw. Joseph Ward en briewe deur "Suburb", "Clericus" en "T", 2 Nov. 1912, briewe deur "Felix" en William Cox, 4 Nov. 1912, briewe deur "A.W.C." en "J.A.V.", 5 Nov. 1912, briewe deur J.W.Shepstone en F.W. Morgan, 6 Nov. 1912, briewe deur Lewis E.Hertslet, W.T.Woods, "W.T." en Albert D.J.Taylor, 8 Nov. 1912, brief deur "T", 11 Nov. 1912, brief deur Chas. L. Lund, 15 Nov. 1912, brief deur "T".
188. Skrywer van o.a. Olden Times in Zululand and Natal, London, 1929.
189. Skrywer van A History of the Zulu Rebellion, (1906) and Dinizulu's arrest, trial and expatriation, London, 1913.

Almal het hul siening van die saak by herhaling en klinkklaar gestel. Hertslet wou dat Wit en Swart, tussen wie daar duisend jaar beskawing was, langs mekaar en tog apart ontwikkel. Die Bantoes moes op hul eie vorder en nie uit 'n toestand van agterlikheid in 'n gevorderde Westerse beskawing ingesleep word nie.[190] Kapt. Stuart het die saak uit 'n biologiese oogpunt benader en sowel die Bantoe as die Witman as oorspronklik komend uit die diereryk betrag. Op grond daarvan het hy segregasie goedgekeur, want die Bantoe moes die geleentheid gegun word om op sy eie te ontwikkel. "Who ever heard of a policy for turning a tadpole into a frog, or a caterpillar into a butterfly sooner than they can transform themselves? The seat of growth is within -- not without, and the same is the case among natives, for they are animals."[191]

Eerw. Bryant het geglo[192] dat gedeeltelike segregasie reeds bestaan het en wou dat elke provinsie onder leiding van sy Provinsiale Raad daarop voortbou deur die bestaande lokasies in beskaaf-Christelike nedersettings om te skep; die hoofmanne betroubare regeringsamptenare te maak; die Bantoes van Natal te leer om nuttige en vooruitstrewende burgers te word; alles wat onregverdig en onderdrukkend aan die bestaande stelsel was, uit die weg te ruim -- en siedaar, die Bantoebeleid van Natal!

Om uitvoering daaraan te gee, het hy voorgestel: grondeienaarskap aan Bantoes in plattelandse lokasies, maar geen regte aan Blankes aldaar nie; erkenning van die status van hoofmanne; 'n skool vir die opleiding van seuns van hoofmanne en nie-verpligtende bekendstelling met die Christendom; die verskaffing van skole, winkels en ander geriewe; die besteding van die Bantoes se belasting in hul eie belang; verkose bestuursrade onder Blanke administrateurs; verkose verteenwoordigers van hierdie plaaslike bestuursrade, onder wie minstens een 'n Christen moes wees, in die bestaande Algemene Adviesraad oor Naturellesake in Pietermaritzburg.

Ook vir die dorpe en stede het hy lokasies voorsien waar die Witman nie mog woon of handel dryf nie. Omgekeerd kon die Swartman as 'n spesiale guns toegelaat word om onder die Blankes te gaan werk. Voorsiening moes gemaak word vir die uitsluiting van beskaafde Bantoes van kleurwetgewing, ook ten opsigte van die stemreg. Elke 1 000 beskaafde Bantoes moes toegelaat word om een Blanke verteenwoordiger na die Volksraad of Senaat te kies, maar die aantal sodanige verteenwoordigers moes nie 'n sekere kwota oorskry nie. Die stemlose Bantoes kon in voeling met die Regering bly deur middel

---

190. The Natal Mercury, 31 Okt. 1912, berig.
191. The Natal Witness, 17 Julie 1914, voorbladartikel deur James Stuart.
192. The Natal Mercury Souvenir Number Diamond Jubilee, 25 Nov. 1912, artikel deur eerw. A. T. Bryant.

van hul Algemene Adviesraad tot tyd en wyl hul aantal parlementêre verteenwoordigers die maksimumkerf bereik het, waarna die Algemene Adviesraad sou ontbind, hoewel die plaaslike rade van krag sou bly.

Dit was sy plan spesifiek vir Natal. En die res van Suid-Afrika? "Let Transvaal & Co. solve their own problem as they will."

Maurice S.Evans het by verskeie geleenthede verklaar dat sy ondersoek na die Negervraagstuk in die VSA hom tot die gevolgtekking laat kom het dat die verskille tussen die Swartman en die Witman so groot was dat enige poging tot amalgamasie of die verlening van gelyke geleenthede slegs in rampspoed kon eindig. Hy het geglo dat die Swartman nie oor die vermoë beskik om met die Witman mee te ding nie en daarom sou gelyke geleenthede met die Witman in 'n gemengde gemeenskap tot sy nadeel strek, soos in die VSA. Een van die lesse wat hy daar geleer en op Suid-Afrika van toepassing wou maak, was: "That the gift of self-government to a people unfitted for it may not be a boon, but a bane, and we cannot in South Africa solve the native question by giving the franchise to the native, and telling him to protect himself. They tried it in America, and it failed." Wanneer die stemreg van die Swartman weerhou word, rus daar 'n groter verantwoordelikheid op die Witman om die Swartman te beskerm en te ontwikkel, het hy betoog. Die Amerikaners het hierdie verantwoordelikheid opgesê deur die verlening van stemreg, vandaar die probleme waarmee hulle opgesaal was.[193]

Voortgaande het hy verklaar dat die groot verskille tussen Wit en Swart 'n skeiding van die rasse noodsaaklik gemaak het en het hy aan die hand gedoen: 'n openlike erkenning van daardie verskille en die noodsaak van verskillende behandeling; 'n aanvaarding van die permanente aard van Blanke ideale en Blanke bewind, met 'n ewe plegtige aanvaarding van verantwoordelikhede deur die Witman, wat in die beste belang van almal moes regeer. Op hierdie grondslae het Evans die volgende as vaste beleid voorgestel: gedeeltelike skeiding van die rasse; masjinerie vir die tap van Bantoemening en die voorlegging daarvan aan die Parlement; geleenthede vir die ontwikkeling en opheffing van die Bantoe op verstandige wyse. Hy het bygevoeg dat alle sake rakende die administrasie van en wetgewing vir die Bantoes uit die partypolitiek gehou moes word deur 'n permanente nie-politieke liggaam te skep wie se taak dit moes wees om beleid te formuleer en die Parlement en Regering voor te lig.[194]

Evans se plan was veel duideliker, minder omslagtig en eerliker as Bryant s'n omdat dit op 'n vaster grondslag berus het, hoewel nie almal met sy standpunt sou saamstem

193. The Natal Mercury, 5 Maart 1913, berig. Sien ook ibid., 12 Mei 1913, berig; The Natal Witness, 28 Nov. 1912, berig.
194. The Natal Mercury, 5 Maart 1913, berig.

nie, naamlik die onvermoë van die Bantoe om met die Witman mee te ding. Tog het selfs die Mercury die hoop uitgespreek dat Evans se plan, wat hy in vier lesings voor die Durban Native Affairs Reform Committee uiteengesit het, sou help om die openbare mening op te voed in die rigting van die formulering van 'n beleid ter ontwikkeling en opheffing van die Bantoe op 'n verstandige wyse.[195]

As voorsitter het Evans in Mei 1913 vyf ontwerp-resolusies aan die Native Affairs Reform Association (voorheen Committee) voorgelê om as handves te dien vir die opstel van 'n omvattende Bantoebeleid vir Suid-Afrika. In 'n grondige bespreking daarvan op 'n reeks vergaderings is algehele segregasie verwerp, maar gedeeltelike skeiding is aanvaar, soos blyk uit die eerste gedeelte van resolusie 5(a) wat na lang bespreking in die volgende vorm aanvaar is: "That any policy framed should include a measure of separation of the races, which shall provide separate areas for white and black, in which each race could live its own life..."[196] In dieselfde jaar het die hoofbestuur van die liggaam sy eenstemmigheid betuig met die beginsel van gebiedskeiding tussen Blankes en Bantoes, soos vervat in die Naturellen Grond Wet.[197]

So het die gesaghebbendste Blanke openbare liggaam in Natal oor Bantoesake daartoe meegehelp om die openbare mening ten gunste van segregasie te vorm, met aparte geleenthede vir die Bantoes "to make good black men, and not imitation-white men", soos Evans dit gestel het.[198]

Teenstand was daar ook. Benewens die kritiek van die genoemde koerante, het R. C. A. Samuelson[199] algehele segregasie verwerp, maar wel segregasie in dorpe en stede voorgestaan. Samuelson was 'n Nataller van geboorte wat sowat 50 jaar van noue kontak met die Zoeloes agter die rug gehad het en wat as lid van die Native Affairs Reform Association sy stem op vergaderings en in die pers verhef het. Hy wou egter veel verder gaan as wat enige van die Natalse koerante gedroom het om te oorweeg, naamlik die onmiddellike verlening van die stemreg aan die Bantoes.[200] Hy kom ietwat eksentriek voor, met 'n haas heilige aanbidding vir Britse reg en billikheid en

---

195. Ibid., 6 Maart 1913, hoofartikel.
196. Ibid., 28 Mei 1913, berig. Vir Evans se ontwerp-resolusies en sy betoog daaroor, sien ibid., 12 Mei 1913, berig.
197. Ibid., 8 April 1914, berig.
198. Ibid.,19 Sept. 1913, berig.
199. Skrywer van Long, Long Ago, Durban, 1929.
200. The Natal Mercury, 21 Mei, 20 en 30 Junie 1913, artikels en brief deur R.C.A. Samuelson.

en wie se Brits-verheerlikende taal by geleentheid deur 'n leser bestempel is as "sentimental twaddle ... suitable for a schoolgirl's magazine".[201]

Bantoeleiers het ook beswaar gemaak. 'n Anonieme, maar volgens die Witness erkende leier, het op uitnodiging van die blad sy sienswyse in 'n artikel verstrek en verklaar dat die Voorsienigheid self segregasie ingestel het; Skotland vir die Skotte, Engeland vir die Engelse, Basoetoland vir die Basoeto's, Pondoland vir die Pondo's. Wie moes dan in Suid-Afrika gesegregeer word, of moes almal na die Kalahari gestuur word? En as al die Zoeloes na Zoeloeland gestuur word, wie sou oor hulle regeer -- hul erkende leier Dinuzulu is dan van hulle af weggeneem?[202]

Onbegrip spreek hieruit, asook uit die kommentaar en kritiek van eerw. John L. Dube, president van die South African Native National Congress wat in 1923 die African National Congress sou word. Hy het onder segregasie verstaan algehele skeiding van Wit en Swart, en dit was vir die Bantoes onaanvaarbaar, het hy verklaar, want hulle het die bystand van die Witman net so nodig gehad om opgevoed en beskaaf te word as wat die Witman hul arbeid nodig gehad het. Waarheen wou die Witman die Swartes jaag -- hulle kon tog nie verder as die lokasies en reservate gaan waarin hulle hul reeds bevind het nie? "But more likely is it you would prefer to drive the native away into some barren, inhospitable wilderness, fever-stricken districts unwanted by yourselves; made an outcast in his own fatherland, presumably because you find him helpless and powerless to object."[203] In soortgelyke trant het hy enkele dae later 'n byeenkoms van sowat 300 Bantoes op Eshowe toegespreek in 'n poging om Swart solidariteit te verkry ten einde vertoë tot die Regering te rig.[204] Hy was lid van die Swart afvaardiging wat twee jaar later oorsee by Sy Britse Majesteit teen alle bepalings van die Naturellen Grond Wet, insluitende die beginsel van segregasie, beswaar aangeteken het.[205] Pas voor sy vertrek uit Suid-Afrika saam met die afvaardiging het hy egter, as president van die South African Native National Congress, 'n petisie aan genl.Botha voorgelê waarin teen die genoemde wet beswaar gemaak is, maar waarin ook verklaar is: "We make no protest against the principle of separation so far as it can be fairly and practically carried out. But we do not see how it is possible for this law to affect any greater separation between the races than obtains now."[206]

---

201. Ibid., 10 Nov.1913, brief deur "Student".
202. The Natal Witness,18 Nov. 1912, artikel deur "A Native".
203. The Natal Mercury Souvenir Number Diamond Jubilee, 25 Nov. 1912, artikel deur eerw. John L. Dube.
204. Sir Marshall Campbellversameling, Bantu 6142, afskrif van aantekeninge opgestel deur Carl Faye van J. L. Dube se byeenkoms met Bantoes op Eshowe, 30 Nov. 1912.
205. The Natal Mercury, 15 Julie 1914, volledige teks van Swart afvaardiging se petisie aan Sy Majesteit.
206. The Natal Witness, 10 Feb. 1914, teks van J.L. Dube se petisie.

So het die Natallers Wit en Swart, se menings van heel links na heel regs gewissel, afhangende van die kleurkamp waaruit dit beoordeel word. Indien dit as 'n uitgemaakte saak beskou sou word dat die meerderheid van die Bantoes in 'n referendum teen segregasie sou gestem het, is dit ewe seker dat die meerderheid van die Natalse Blankes dit in een of ander vorm sou onderskryf het. Voordat die beleid egter verder gevoer kon word, het die Eerste Wêreldoorlog uitgebreek en het die oorlogsgod verhinder dat die Bantoe die verhoog betree.

Dit was in hierdie stadium dat Maurice Evans se boek Black and White in the Southern States verskyn het waarin hy gepoog het om aan die hand van sy kennis van die Negervraagstuk lig op die Suid-Afrikaanse toneel te gooi. Die Mercury het die boek verwelkom vanweë sy bydrae ter oplossing van Suid-Afrika se allergrootste vraagstuk. Volgens die blad het dit op 'n gepaste tydstip verskyn, ondanks die oorlog, want sodra die openbare mening uit die oorlogsgreep sou kom, sou die Bantoevraagstuk die ernstigste aandag van almal verdien.[207]

5. Samevatting

Met uniewording het die Natallers meer as 'n halfeeu van baasskap oor die Swartes agter die rug gehad, en hulle was nie bereid om dit prys te gee nie. Die Swartman was in 'n posisie van knegskap en hulle was vasbeslote om hom daar te hou. Aan liefde teenoor jou Swart naaste het die Nataller net geglo solank sy verskanste heerskappy oor die Swartes nie aangetas sou word nie -- en sy ware motiewe het hy soms probeer verberg deur agter woorde soos "justice", "fairplay", "fair-mindedness" en soortgelykes skuil te gaan; dog meesal was hy skerp in sy siening van die Swartman , selfs beledigend.

Die Natallers was geensins enig hierin nie, want dit was internasionaal die tyd toe Wit spierwit was en Swart pikswart; daarom kon die Mercury Thomas Jefferson se woorde van 'n eeu tevore ten volle onderskryf: "'The two races will never live in a state of equal freedom under the same government, so insurmountable are the barriers which nature, habit, and opinion have established between them.'" Vir die blad was daar wel wetlike gelykheid vir almal wat hulle, waar ook al, onder die Britse vlag bevind het, maar: "Beyond this lies a hazy region of sentimentalism which is full of pitfalls; a region in which indulgence in Utopian fancies about social equality, on the grounds of a common Christianity, leads only to the deepening of prejudice and a fanning of the smouldering embers of religious bigotry. The sooner we digest the fact that assimilation between the whites and blacks is as impossible as it would be repulsive, the better will it be for the welfare of our common humanity. There are natural laws which revolt against social equality as strongly as they control

---

207. The Natal Mercury, 27 Okt. 1915, hoofartikel.

the physical co-mingly of one race with the other."[208]

Duideliker kon hy die algemene siening van die Natallers nie saamgevat het nie -- hy moes net hul afkeer van politieke gelykheid daarby betrek het. Op uitsonderinge na kon die dag nie voorsien word dat die Swartman hom anders as in 'n toestand van onderhorigheid aan die Witman sou bevind nie; dog intussen het die Swart kolos reeds uit sy eeuelange slaap ontwaak. Die stigtingsdatum van die (South) African (Native) National Congress, 8 Januarie 1912, is deur sy eerste president, John Langalibalele Dube, as die renaissance van die Swartman gesien.[209] Sowat veertien maande tevore het dr.W.B.Rubusana, die eerste Bantoe wat lid van die Kaapse Pro= vinsiale Raad geword het, vir die kiesafdeling Temboeland, in 'n onderhoud met 'n Durbanse koerantman gewag gemaak van die feit dat 4½ miljoen Bantoes onder die hiel van skaars 'n miljoen Blankes gestaan het, en gevra: "...don't you think that one day white South Africa may find that it has been sitting on the safety-valve?"[210]

Minstens een Witman het dit toe reeds besef, John X. Merriman van die Kaap, en dit op 21 Mei 1917 soos volg in 'n brief aan lord Bryce uitgedruk: "I wish that I did not think that the rest of this century will belong to the Coloured races, while we Europeans are tearing each other to pieces ..."[211]

Terwyl Afrikaner en Engelsman mekaar in die kryt beveg het, het die Swartman hom gereed gemaak om deur die toue te klim.

---

208. Ibid., 6 Jan. 1913, hoofartikel.
209. Ibid., 3 Feb. 1912, John L. Dube se manifes.
210. The Times of Natal, 18 Okt. 1910, hoofartikel.
211. P. Lewsen, Selections from the Correspondence ..., p. 297.

S L O T O P M E R K I N G E

Op 31 Mei 1910 het Afrikaner en Brit onderneem om te vergeet wat agter lê en mekaar die hand te reik. Die vredeslied Konsiliasie is aangehef en moes end-uit as stemmingstuk dien in die wordingsproses van 'n nuwe nasie. Wan= klanke het egter spoedig opgeklink, want nòg die een, nòg die ander taalgroep was bereid om sy identiteit prys te gee en volkome in 'n groter Suid-Afrikaanse geheel op te gaan. Gou het dit geblyk dat die vrede tussen hulle 'n papier= vrede was wat die ou vyandskap nie kon dig hou nie. Die oorlog van agt jaar tevore is hervat -- met die politieke terrein as slagveld.

In hierdie herontbranding van die stryd het Natal 'n diepgrypende rol gespeel wat totaal buite verhouding met sy onbelangrikheid in die Suid-Afrikaanse politieke konstellasie was. Dit was 'n rol waarin die Engelssprekende Nataller uitgemunt het, naamlik dié van trompetblaser van die "Empire". Die geskal het steurend op die oor van die Afrikaner geval en die militêre vernedering van Vereeniging opnuut vir hom 'n lewenswerklikheid gemaak.

Oorwinnaar en oorwonnene het teenoor mekaar stelling ingeneem. Terwyl die Afrikaner die nuwe Suid-Afrika as die begin van 'n nuwe volksbestaan gesien het, hoewel die beeld daarvan nog vaag en vervlietend was, was dit vir die Engelsman van veral Natal bloot 'n verlengstuk van die Britse ryk met sy Britse nasionaliteit, taal en tradisies. In dieselfde mate waarin die Afrikaner gepoog het om in sy enigste land 'n eie nasionaliteit te skep, het die Engelsman sy Brits-nasionale gees laat geld -- en hul stryd het hul afsonderlike nasionale gevoelens gevoed.

Vir die Natallers was die prysgawe van hul Brits-koloniale onafhanklikheid 'n pynlike saak. Nog pynliker, veral vir die luidrugtige minderheids= groep wat teen unifikasie was, was die reeds vroeë aanduidinge dat die politieke mag in die hande van die getalsterker Afrikaners sou wees. Daar= in het hulle nie slegs 'n bedreiging vir hulself nie, maar ook vir die "Empire" en Britse imperialisme, gesien. Om dit af te weer, het hulle 'n "best-men"-regering bepleit, wat, so het hulle gehoop, eers gelyke seggen= skap met die Afrikaners aan hulle sou besorg en uiteindelik politieke baasskap. Die mislukking van die plan het hulle in die geleentheid gestel om die Afrikaners as rassehaters te veroordeel -- 'n kreet wat deur hul invloedryke pers oor die wêreld uitbesuin is. Die Afrikaner is nie slegs as rassehatig veroordeel nie, maar ook as agterlik en nie bereid of in staat om met "ontwikkelinge van die tyd" tred te hou nie.

Om deur sulke agterlike wesens regeer te word, dieselfde "Boors" wat by Vereeniging militêr verslaan is, was vir die Engelse sielsvernederend. Om uit daardie posisie van vernedering te kom, moes die Afrikaner geneutraliseer word deur hom te verengels en met Engelse getalsoorwig onder te ploeg. Vandaar die druk op genl. Louis Botha, wat as "progressief" beskou is, om teen sy "reaksionêre" en "retrogressiewe" taalgenote op te tree; die luidrugtige veldtog teen gelyke taalregte wat in die Grondwet verskans is; die aandrang op grootskeepse immigrasie om Suid-Afrika 'n Witmansland te maak, met die uiteindelike politieke seggenskap in die hande van die Engelse -- in kort, die bestryding van Afrikanernasionalisme as 'n parasitiese groeisel aan die Imperiale Boom.

Vanselfsprekend wou die Afrikaner sy politieke spierkrag hierteenoor op die proef stel om aldus uit die vernedering te kom waarin Vereeniging hom gedompel het. Om daarin te slaag, moes hy noodwending in stryd met die wense en begeertes van sy Britsgesinde landgenoot optree. Vir hom was behoud van sy politieke mag, behoud en uitbouing van sy taal, en beperkte immigrasie om sy getalsoorwig te behou, lewensbelangrik. Sy stryd was teen die Britse imperialisme wat hom die ontluiking van sy nasionalisme ontsê het.

Tussen hierdie twee uiterstes was daar die konsiliasiesingers wat oor die taal- en nasionaliteitsgrense heen wou verbroeder, op die veronderstelling af dat dit die Afrikaners was wat die grootste tegemoetkomendheid aan die dag moes lê -- wat bereid moes wees om met konsiliasiepredikers soos sir George Leuchars en sy Natalse aanhangers saam te werk by wie die "Empire" en sy belange eerste gekom het en eers daarna Suid-Afrika en syne. Met ander woorde, die verbroedering binne hierdie konsiliasiegroep kon slegs op een ding uitloop -- 'n Engels georiënteerde broederskap.

Dít was die hoë ideaal by verreweg die meerderheid Engelse, in watter party-politieke verband hulle hul ook al bevind het. Die oogmerk was, soos E.C. Martyn op die eerste kwartaallikse vergadering van die Durbanse tak van die Overseas Club op 24 April 1911 verklaar het, om in Suid-Afrika 'n sterk lojaliteit van almal jeens Brittanje op te bou, ook van dié "vreemdelinge" wat nie onder die Britse vlag gebore is nie, en wat die hoop uitgespreek het dat "this intrusion ... of the Dutch element" tot voordeel van die Empire sou strek.[1]

---

1. The Natal Mercury, 3 Mei 1911, berig van E.C. Martyn se toespraak.

In hul najaag van Cecil Rhodes se grootse ideaal, het hulle die dag voorsien wanneer Suider-Afrika tot by die Groot Mere deel van die Britse ryk sou wees, soos die Advertiser dit uitgedruk en vervolg het: "South Africa will never occupy its due position in the world till its Union covers the whole of the States, Territories, and Protectorates included in the term British South Africa ... "[2] Hierdie gebiede moes egter nie Suid-Afrika met hul Swart kwessies belas nie. Rhodesië was byvoorbeeld welkom om tot die Unie toe te tree, maar dan moes hy eers sy eie huis in orde kry, want "burdened by the native franchise" sou hy onaanvaarbaar vir Natal, die Vrystaat en Transvaal wees.[3]

'n Groter Suid-Afrika, as permanente Witmansland, was die staatkundige ideaal wat die Natallers nagejaag het, maar dan as Britse "Empire"-bouers en nie as Suid-Afrikaanse nasiebouers nie. Terwyl sommige Rhodesië so spoedig moontlik by die Unie ingelyf wou kry om die Britse bevolkingsdeel te versterk en so-doende die uitskakeling van "rassisme" te verseker deur die inwerkingstel van 'n beleid van "non-racial, open politics",[4] het andere dit om byna dieselfde rede teengestaan, hoe paradoksaal dit ook al mag klink.

Die Witness wou dat Rhodesië buite die Unie bly om as saamtrekpunt vir die "magte van vooruitgang" te dien, soos hy van voor uniewording af bepleit het. Hy wou verseker dat minstens een stukkie eg Britse grondgebied teen die "magte van retrogressie" behoue bly, en het verklaar: "From the selfish point of view the British in South Africa, and especially in Natal, should be desirous of the Rhodesians entering the Union, and so joining forces with the British element in it and endeavouring to rid the country of the accursed racialism which will flourish in it so long as Dutch politicians hold the reins of power. From a wider standpoint, however, we find it in our hearts to rejoice that what e'er betide, there shall remain in South Africa at least one section of its vast territory in which British ideals may still be held up as a banner for the world to see."[5]

---

2. The Natal Advertiser, 12 Mei 1911, hoofartikel. Sien ook The Natal Mercury, 13 Julie 1912, hoofartikel.
3. The Natal Advertiser, 11 Nov. 1910, hoofartikel.
4. Ibid., 17 Sept. 1910, hoofartikel. Sien ook The Natal Mercury, 13 Julie en 31 Aug. 1912, hoofartikel.
5. The Natal Witness, 5 Des. 1913, hoofartikel. Sien ook ibid., 12 Maart 1910, 18 Des. 1911, 1 en 2 Aug. 1912, 21 Nov. 1913 en 30 Des. 1915, hoofartikels.

Dit is die gesindheid wat die Engelse van voor uniewording af meegevoer en heelhartige samewerking met die Afrikaners onmoontlik gemaak het. Hierdeur het hulle hul grootste politieke mistasting begaan -- rampspoedig vir die Britse ideaal wat hulle nagestreef het. Hulle gees van meerder= waardigheid, eiegeregtigheid en neerbuigendheid het vir hulle vyande geskep, terwyl hulle vriende nodig gehad het. Had hulle die konsiliasie teenoor die Afrikaner toegepas wat hulle gepredik het, kon hulle hom oortuig het van die Britse grootmoedigheid wat hulle bely het en sou genl. Botha se wekroep "vergewe en vergeet" teenoor die plaaslike Engelse en "eer en plig" teenoor Groot-Brittanje betekenis verkry het. Dan sou die Afrikaner minder bedreig gevoel het -- hoewel die bedreiging juis groter sou gewees het --; sou hy minder rede gehad het om op die behoud en uitbouing van sy eie aan te dring; sou die vlam van Afrikanernasionalisme nie deur 'n teenwind aan= geblaas word nie; sou die Afrikaner in die groter Britse geheel opgegaan het, en sou daar vandag bes moontlik 'n Engelstalige nasie aan die suid= punt van Afrika gewoon het, soos in Australië en Nieu-Seeland.

Die oordeelsfout wat die Engelse met uniewording begaan het, het hul eie toekoms en dié van Suid-Afrika onherroeplik geraak.

B R O N N E

I. LITERATUUR

Anoniem — *Die Afrikaner-Personeregister.* Johannesburg, 1942.

Anoniem — *Helpmekaar Gedenkboek, 'n Geskiedenis van die Grote Reddingsbeweging van die Afrikanervolk met Statistieke van die Helpmekaar-beweging.* Kaapstad & Bloemfontein, 1918.

Ballinger, M. — *From Union to Apartheid; a trek to isolation.* Cape Town, 1969.

Barnard, C.J. — *Generaal Louis Botha op die Natalse Front 1899-1910.* Kaapstad, 1970.

Barlow, A.G. — *Almost in Confidence.* Cape Town, 1960.

Barlow, A.G. — *That We May Tread Safely.* Cape Town, 1960.

Berelson, B., & Janowitz, M. (Eds.) — *Reader in Public Opinion and Communication,* 2nd. ed. New York, 1966.

Best, J.J. — *Public Opinion, Micro and Macro.* Georgetown, Ontario, 1973.

Bird, G.L., & Merwin, F.E. (Eds.) — *The Press and Society, A Book of Readings,* repr. Connecticut, 1971.

Boydell, T. — *My Luck Was In; with spotlights on General Smuts.* Cape Town, n.d.

Brand, R.H. — *The Union of South Africa.* London, 1909.

Buxton, S.C. — *General Botha.* London, 1924.

Calpin, G.H. — *There are no South Africans.* London, 1941.

Calpin, G.H. — *Indians in South Africa.* Pietermaritzburg, 1949.

Cloete, B. — *Die Lewe van Senator F.S. Malan (President van die Senaat).* Johannesburg, 1946.

Coetzee, D.J.J. — *Die Geskiedenis van die Nasionale Party, 1914-1921.* Ongepubliseerde MA-verhandeling, Bloemfontein, 1967.

Coetzee, P.H. — *Partypolitiek in Suid-Afrika sedert 1910: 'n histories-staatsfilosofiese studie.* Ongepubliseerde MA-verhandeling, Bloemfontein, 1952.

Coetzee, W.D. — *The Anti-German Campaign of May 1915 on the Witwatersrand Consequent upon the Sinking of the Lusitania.* Unpublished Honours Essay, UP, 1976.

Colquhoun, A.R. — *The Africander Land.* London, 1906.

Curle, J.H. — *To-Day and To-Morrow, The Testing Period of the White Races,* 7th ed. London, 1928.

Engelenburg, F.V. — *Genl. Louis Botha.* Pretoria, 1928.

Fisher J. — *The Afrikaners.* London, 1969.

Friedman, B. — *Smuts A Reappraisal.* Johannesburg, 1975.

Garson, N.G. — *Louis Botha or John X. Merriman: The Choice of South Africa's First Prime Minister.* University of London, Institute of Commonwealth Studies, Commonwealth Papers 12, Athlone Press, 1969.

Geyser, O., & Marais, A.H. (reds.) — *Die Nasionale Party, I, Agtergrond, Stigting en Konsolidasie.* Vir die Instituut vir Eietydse Geskiedenis, UOVS, uitgegee deur Academica, Pretoria & Kaapstad, 1975.

Goosen, D.P. (red.) — *Die Triomf van Nasionalisme in Suid-Afrika (1910-1953), insluitende 'n volksalbum van nasionale kampvegters in die algemene verkiesingstryd, 1953.* Johannesburg, 1953.

Gunning, N.R. — *Strydpunte tussen generaals L. Botha en J.B.M. Hertzog, 1910-1915.* Ongepubliseerde D. Phil. - proefskrif, UP, 1976.

Hancock, W.K. — *Smuts: the Sanguine Years 1870-1919.* Cambridge, 1962.

Hennessy, B.C. — *Public Opinion,* 2nd ed. USA, 1970.

Holtzhausen, L.C. — *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat en die Rebellie.* Ongepubliseerde MA-verhandeling, Unisa, 1950.

Jacobs, D.S. — *Abraham Fischer in sy Tydperk, 1850-1913* (Argief= jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1965, Deel II).

Jansen, E.G. — *Die Natalse Boerekongres 1906-1911.* Plek en datum onbekend.

Kentridge, M. — *I Recall, memoirs of ...* Johannesburg, 1944.

Krüger, D.W. — *South African Parties and Policies 1910-1960, A Select Source Book.* Cape Town, 1960.

Krüger, D.W. — *Die Britse Imperialisme -- Post Mortem van 'n Teenstander.* Genl. J.B.M. Hertzog-gedenklesing IV, Potchefstroom, 22 Maart 1974.

Krüger, D.W. — *Die Ander Oorlog, Die stryd om die openbare mening in Engeland gedurende die Tweede Vryheidsoorlog.* Publikasiereeks 49, uitgegee vir die RGN, Tafelberg, 1974.

Kunneke, M.H. — Hertzogisme: *Genl. J.B.M. Hertzog in die Engels= talige Pers 1908-1914.* Ongepubliseerde MA-ver= handeling, RAU, 1970.

Levi, N. — *Jan Smuts, being a character sketch of Gen. the Hon. J.C. Smuts, KC, MLA, Minister of Defence Union of South Africa.* Longmans Green & Co., 1917.

Lewsen, P. (Ed.) — *Selections from the Correspondence of John X. Merriman, 1905-1924.* VRS 50, Cape Town, 1969.

Long, B.K. — *In Smuts's Camp.* London, 1945.

Malan, M.P.A. — *Die Nasionale Party van Suid-Afrika, Sy Stryd en sy Prestasies 1914-1964.* Kaapstad, 1964.

Marais, A.H. (red.) — *Politieke Briewe 1909-1910,* I. Kaapstad, 1971.

Marais, A.H. (red.) — *Politieke Briewe 1911-1912,* II. Kaapstad, 1973.

Marais, A.H. — *Die Politieke Uitwerking van die Verhouding van die Afrikaanssprekende tot die Engelssprekende 1910-1915.* Ongepubliseerde D. Phil.-proefskrif, Bloemfontein, 1972.

Marks, S. — *Reluctant Rebellion, the 1906-8 disturbances in Natal.* Oxford, 1970.

Meiring, P. — *Tien Politieke Leiers, manne na aan ons premiers.* Kaapstad, 1973.

Millin, S.G. — *General Smuts,* I, 2nd ed., & II. London, MCMXXXVI.

Molteno, J.T. — *The Dominion of Afrikanderdom; recollections pleasant and otherwise.* London, 1923.

Molteno, J.T. — *Further South African Recollections.* London, 1926.

Naudé, J.D. — *Generaal J.B.M. Hertzog en die ontstaan van die Nasionale Party 1913-1914.* Voortrekkerpers, 1970.

Neame, L.E. — *Some South African Politicians.* Cape Town, 1929(?).

Neame, L.E. — *General Hertzog, Prime Minister of the Union of South Africa since 1924.* London, 1938.

Newton, A.P. (Ed.) — *Select Documents Relating to the Unification of South Africa.* London, 1968.

Nienaber, G.S. — *Honderd Jaar Hollands in Natal (tot 1928).* Pretoria, 1933.

Nienaber, P.J. (red.) — *Gedenkboek Generaal J.B.M. Hertzog.* Johannesburg, 1965.

Pachai, B. — *The International Aspects of the South African Indian Question, 1860-1971.* Cape Town, 1971.

Pirow, O. — *James Barry Munnik Hertzog.* Cape Town, n.d.

Ploeger, J., & Orban, H. — *Besonderhede in Verband met De Volksstem en Wallach's Drukkers- en Uitgewers Maatskappy Bpk., 1873-1960.* Pretoria, 1960.

Preller, J.F. (red.) — *Die Konvensie-Dagboek van Sy Edelagbare Francois Stephanus Malan 1908-1909.* VRV 32, Kaapstad, 1951.

Reitz, H., & Oost, H. (reds.) — *Die Nasionale Boek 'n Geskiedenis van die ontstaan en groei van die Nasionale Party van Suid-Afrika en wat dit bereik het, tesaam met belangwekkende artiekels in verband daarmee. Verder kort lewens-beskrywings van sy stigters, leiers en baie van sy ondersteuners in al die dele van die Unie.* Johannesburg, 1931.

Rhoodie, D.O. — *Suid-Afrika: van koloniale onderhorigheid tot soewereine onafhanklikheid.* Johannesburg, 1974.

Rosenthal, E. — *General de Wet; A biography.* Cape Town, 1968.

Schoeman, B.M. — *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976.* Pretoria, 1977.

Scholtz, G.D. — *Generaal Christiaan Frederik Beyers 1869-1914.* Johannesburg, 1941.

Scholtz, G.D. — *Die Rebellie, 1914-1915.* Johannesburg, 1942.

Trollip, A.E.G. — *The First Phase of Hertzogism.* Johannesburg, 1947.

Van den Heever, C.M. — *General J.B.M. Hertzog.* Johannesburg, 1946.

Van der Schyff, P.F. — *Die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1910-1921.* Ongepubliseerde MA-verhandeling, Potchefstroom, 1964.

Van der Walt, N.G.S. *Die Republikeinse Strewe, Dryfvere en Probleme binne die Suid-Afrikaanse Partypolitiek, 1902-1961.* Potchefstroom, 1969.

Van Tonder, J.J. *Die Naturellekwessie in die Suid-Afrikaanse Politiek vanaf Unifikasie tot 1915, met besondere verwysing na Beleids- en Partydifferensiasie.* Ongepubliseerde D. Phil.-proefskrif, Potchefstroom, 1976.

Weyl, N. *Traitor's End. The Rise and Fall of the Communist Movement in Southern Africa.* Cape Town, 1970.

Zinn, C. *Ons Kerk Album van Hollandsche Kerken en Leeraren, opgedragen aan de Moderaturen van de verscheidene Synoden, de Kerkeraden, en Gemeenten in Zuid Afrika.* Kaapstad, 1916.

II. PERIODIEKE PUBLIKASIES

i. Koerantreekse

De Afrikaner, 1910-1915

The Greytown Gazette, 1910-1915

The Natal Advertiser, 1910-1915

The Natal Mercury, 1910-1915

The Natal Witness, 1910-1915

The Newcastle Advertiser and Northern Post, 1910-1915

The Pictorial (Supplement to The Natal Mercury), 1910-1915

The Times of Natal, 1910-1915

The Vryheid Herald, 1910-Sept. 1914

The Zululand Times, 1910-1915

ii. Koerantknipsels

Special Supplement. The Illustrated Star: Town and Country Journal, 15 Mei 1915

Sunday Times, 9 Mei 1915

Rand Daily Mail, 8, 12 Mei 1915

Sunday Post, 9 Mei 1915

iii. Jaarboeke e.a. publikasies

Official South African Municipal Year Book, 1916.

Butterworths: *Statutes of the Republic of South Africa Classified & Annotated from 1910,* Vol. 24, Elections.

III. ARTIKELS

Du Plessis, A.J. "Die Geskiedenis van die Voortrekker-Hoërskool", *Voortrekker-Hoërskool 1927-1948, Gedenk-Jaarblad*, Nr. 11, Des. 1948.

Garson, N.G. " 'Het Volk': The Botha-Smuts Party in the Transvaal, 1904-11", *The Historical Journal*, IX,I,1966.

Heese, F.D. "Afrikaansmedium in die Hawestad", *Neon 18*, Aug. 1975.

Kriek, D.J. "Generaal Hertzog se opvattinge omtrent die verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekendes voor Uniewording (1890-1910)", *Tydskrif vir Geestes-wetenskappe*, 12 (2), Junie 1972.

Marais, A.H. "Aspekte van die 1915-verkiesing", *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 5 Nov. 1973.

Marais, A.H. "Die Kabinetskrisis van 1912 - 'n Bronnestudie", *Rondom die Eietydse Geskiedenis, Seminare 1971*, UOVS, Bloemfontein.

Smit, V. (*pseud.* vir A.J. van Wyk) "I'm English: eerder aanklag as verskoning", *Hoofstad*, 25 Junie 1976.

Spies, S.B. "The Outbreak of the First World War and the Botha Government", *South African Historical Journal*, 1, Nov. 1969.

Stander, J.H. "Afrikaansmediumskool -- deurbraak te Pietermaritzburg", *Neon 18*, Aug. 1975.

Ticktin, D. "The War Issue and the Collapse of the South African Labour Party, 1914-15", *South African Historical Journal*, 1, Nov. 1969.

Turner, B. "Lusitania", *History of the 20th Century*, No. 19, 1968.

Van Niekerk, W, Kay, P., en Van Biljon, J. "Sommige ander Skole: Opsommenderwys", *Neon 18*, Aug. 1975.

Van Wyk, A.J. "E.G. Jansen en die verkiesing van 1915", *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 6, Nov. 1974.

Van Wyk, A.J. "Public Opinion in Natal and the Non-Whites 1910-15", *Historia*, 18(3), Sept. 1973.

Van Wyk, A.J. "N.P. se Geskiedenis oor Natal wemel van die Foute", *Hoofstad*, 17 Sept. 1975.

Van Wyk, A.J. "Die eerste NOU -- In die Smeltkroes van 1910", *NOU-BLAD*, 6(1), Maart 1975.

Van Wyk, A.J. "Die Afrikaanse Koerantwese in Natal", *NEON 18*, Aug. 1975.

Van Wyk, A.J. "Openbare Mening, die Pers en die Historikus", *Historia*, 21(2), Sept. 1976.

Vermeulen, H.F. "Die Natalse Universieite", *NEON 18*, Aug. 1975.

Walshe, A.P. "The Origins of African Political Consciousness in S.A.", *The Journal of Modern African Studies*, 7(4), Des. 1969.

IV. OWERHEIDSPUBLIKASIES

i. Sentrale Regering

Union of South Africa. Debates of the First Session of the First Parliament of the House of Assembly, 1910-1911.

Union of South Africa. House of Assembly. Debates of the Second Session of the First Parliament, 1912.

Unie van Zuidafrika. Volksraad. Debatten in de Tweede Zitting van het Eerste Parlement, 1912.

Union of South Africa. House of Assembly. Debates of the Third Session of the First Parliament, 1913.

Union of South Africa. House of Assembly. Debates of the Fourth Session of the First Parliament, 1914.

Union of South Africa. House of Assembly. Debates of the Sixth Session of the First Parliament, 1915.

Debates of the House of Assembly of the Union of South Africa as Reported in the Cape Times, Vol.1, First Session, Second Parliament, 1915-1916.

Debates of the House of Assembly of the Union of South Africa as Reported in The Cape Times, Vol.II, Second Session, Second Parliament, 1917.

Union of South Africa. Votes and Proceedings of the House of Assembly. First Session, Second Parliament, 19th Nov., 1915, to 17th June, 1916.

Het Parlement van de Unie van Zuidafrika. Debatten van de Senaat, Eerste Zitting van het Eerste Parlement (Eerste Senaat) 1910-1911.

Union of South Africa. Debates of the Senate. Third Session of the First Parliament, 1913.

Union of South Africa. Debates of the Senate. Third Session of the First Parliament, 1914.

Unie van Zuidafrika. Debatten van de Senaat. Zesde Zitting van het Eerste Parlement, 1915.

The Union of South Africa Government Gazette Extraordinary, Vol. 1, 1st June 1910, No. 2.

Report of the Delimitation Commission under the South Africa Act, 1909. Pretoria, The Government Printing and Stationery Office, 1910.

The Union Statutes 1910-1947. Classified and Annotated Reprint, Vol. 5 (Elections).

Statutes of the Union of South Africa, 1918, Act. No. 12 of 1918 (Electoral Act).

U.G. 32 - 1911 : *Census, 1911. Preliminary Returns.*

U.G. 32 - 1912 : *Census of the Union of South Africa 1911. Report.*

U.G. 32b - 1912 : *Census, 1911. Annexures to General Report, Part III.*

U.G. 32e - 1912 : *Census, 1911. Annexures to General Report, Part VI.*

U.G. 32i - 1912 : *Census, 1911. Annexures to General Report, Part X.*

U.G. 39 - 1913 : *Union of South Africa. Report of the Commission Appointed into Assaults on Women.*

S.C. 1 - '15 : *Union of South Africa. Report of the Select Committee on Rebellion.*

S.C. 5 - '16 : *Union of South Africa. Report of the Select Committee on the Electoral Bill.*

S.C. 7 - '16 : *Union of South Africa. Report of the Select Committee on Incendiarism.*

Verslag van de Derde Census van de Unie-Bevolking, 3 Mei 1921.

Report on the Third Census of the Population of the Union, 3rd May, 1921, Part III.

Parlementêre Register 1910-1961. Uitgegee deur die Volksraad, Republiek van Suid-Afrika, g.d.

ii. Natal as Britse Kolonie

The Natal Government Gazette. Extraordinary. No. 414, November 6th, 1856. Vol. 8.

Debates of the Legislative Council of the Colony of Natal, Vols. ix - xiii, 1887 - 1889.

The Natal Civil Service List, 1910.

iii. Natal as Provinsie van die Unie

Union of South Africa. Province of Natal. Minutes of the Provincial Council. Third and Fourth Sessions First Council, 1912.

Union of South Africa. Province of Natal. Minutes of the Provincial Council. Third Session, Second Council, 1916.

Province of Natal. Education Department Directory, 1910.

N.P. 5, 1914 : *Province of Natal. Report of the Superintendent of Education for the Year 1913.*

N.P. 5, 1915 : *Province of Natal. Report of the Superintendent of Education for the Year 1914.*

N.P. 7, 1916 : *Province of Natal. Report of the Superintendent of Education for the Year 1915.*

N.P. 4, 1917 : *Province of Natal. Report of the Superintendent of Education for the Year 1916.*

N.P. 5, 1918 : *Province of Natal. Report of the Superintendent of Education for the Year 1917.*

The Province of Natal Official Gazette. No. 3, Thursday, 9th June, 1910.

The Province of Natal Official Gazette. No. 6, Thursday, 30th June, 1910.

Supplement No. 3 to The Province of Natal Official Gazette, No. 9A, Thursday, 21st July, 1910.

Supplement No. 4 to The Province of Natal Official Gazette, No. 9B, Thursday, 21st July, 1910.

Gazette Extraordinary. The Province of Natal Official Gazette, No. 10, Thursday, 26th July, 1910.

The Province of Natal Official Gazette. No. 11, Thursday, 28th July, 1910.

Supplement No. 5 to The Province of Natal Official Gazette, No. 10, Thursday, 28th July, 1910.

The Province of Natal Official Gazette. No. 13, Thursday, 11th Aug., 1910.

Supplement No. 10 to The Province of Natal Official Gazette, No. 15, Thursday, 18th Aug., 1910.

The Province of Natal Official Gazette, No. 18, Thursday, 1st Sept., 1910.

The Province of Natal Official Gazette, No. 20, Thursday, 8th Sept., 1910.

The Province of Natal Official Gazette, No. 26, Thursday, 20th Oct., 1910.

No. 11. *Supplement to The Province of Natal Official Gazette. No. 188A, Thursday, 21st Aug., 1913.*

No. 16. *Supplement to The Province of Natal Official Gazette. No. 190A, Thursday, 4th Sept., 1913.*

No. 8. *Supplement to The Province of Natal Official Gazette, No. 300G, Thursday, 8th July, 1915.*

iv. Britse Regering namens Natal

Cd. 5099 : *Correspondence Respecting an Act for a Referendum in Natal on the Draft South Africa Union Act.* Presented to Parliament by Command of His Majesty, March, 1910.

V. HISTORIESE MANUSKRIPTE

i. Argiefbiblioteek, Pretoria

P284, item 6396 : *Hier het jy dit! 'n Beknopte opsomming van Party-Politiek in Suidafrika gedurende die laatste Kwarteeu.* Gepubliseer deur die Hoofkantoor van die S.A. Party, g.d.

P284, item 6425 : *Konstitusie van de Zuid Afrikaanse Partij.* Volk=stem-drukkerij, Pretoria, 1915.

P284, item 6456 : *Agt Jaar s'n Politiek. Skoon Geskiedenis van die Suidafr. Nasionale Partij 1902-1910.* Volk= stem-drukkerij, Pretoria, 1910.

P285, item 6424 : *Nationale Leiders over Nationale Kwesties.* Gedruk en Uitgegeven door Wallach's Bepkt., Pretoria, g.d. (vermoedelik 1910).

P285, item 6441 : *Koos Kieser en die Nasionale Partij.* De Volk= stem, g.d. (vermoedelik in 1920 uit *De Volkstem* van 12 Julie 1918 herdruk).

P287, item 6454 : *Notulen 1ste Zuid-Afrik. Nationale Partij Kongres gehouden 24ste en 25ste November, 1911, te Pretoria.* Volkstem-drukkerij, Pretoria, 1911.

P287, item 6455 : *Notulen van het Nationale Kongres, gehouden in de Ramblers' Zaal, te Bloemfontein, op Dinsdag en Woensdag, 21 en 22 November 1911.* Pretoria, Volkstem-Drukkerij, 1912.

ii. In Eie Besit

Verkiesings 1910 tot 1970. Voortrekkerpers, 1970.

Oproeping aan de Leden v.d. Natal Volksvereniging Wees Getrouw aan uw Vereniging En Stem voor de Officiele Kandidaat Ernst Rabe, g.d. (vermoedelik 1910).

First Universal Races Congress. Printed by Watts and Co., London, Jan. 1911.

Draft Constitution of the South African Party. Volkstem Printing Works, Pretoria, 1912.

Konstitutie van de Zuid-Afrikaanse Partij. Volkstem-Drukkerij, Pretoria, 1912.

Agenda van het 2de Jaarlikse Kongres van de Zuid Afrikaanse Partij gehouden in de Stadszaal, Pretoria, op Woensdag, 20 November 1912, en volgende dagen. Volkstem, g.d.

Antwoord door Genl. Hertzog op De Open Brief van Generaal Botha. De Plantin Press, g.d. (vermoedelik 1913).

Notulen van het Derde Jaarlikse Kongres van de Zuid Afrikaanse Partij gehouden in de Hofmeyer- en Stadszaal, Kaapstad, op 20, 21, 22 en 24 November 1913. De Vriend Nieuwsbladen, Bpkt., Bloemfontein, 1914.

Reasons Why You Should Vote for Macfarlane. Times Printing & Publishing Co., Ltd., Printers, Maritzburg, n.d. (possibly 1914).

Memorandum. D.W. Wills, for Secretary for the Interior, Depart= ment of Interior, to Publishers "Vryheid Herald", Vryheid, 20th November 1914, plus an addressed official envelope with note.

Unionist Party of South Africa. Programme. South African Typo= graphical Union, n.d.

Die Nasionale Portret Boek van Wakers, Leiers, Stryers, en Lyers. Nasionaliste! „Geluk met die Nuwe Jaar 1917, en daarna." 'Verkrygbaar by A.B. de V. Pickard, Bus 1313, Pretoria, g.d.

The National Party of South Africa, Programme of Principles (1921). De Nationale Pers, Beperkt, Printers, 30 Keerom-street, Capetown -- 168.

VI. ARGIVALE BRONNE

A. Sentrale Argiefbewaarplek, Pretoria

1. Office of the Governor-General, 1910-1961.

i. Miscellaneous

GG 3/1008
GG 3/1892

ii. Great War 1914-1918

GG 9/27/39
GG 9/27/93
GG 9/31/8
GG 9/10/21
GG 9/59/46
GG 9/59/87
GG 9/64/127A
GG 9/64/128
GG 9/64/145
GG 9/64/149
GG 9/64/152
GG 9/64/179
GG 9/64/187
GG 9/64/210
GG 9/64/282
GG 9/112/6
GG 9/219/1
GG 853/25/58

2. Archives of the Secretary to the Department of the Prime Minister (1910-1922)

i. Correspondence

a. European War

PM 4/26/15
PM 4/28/15

b. Commissions

PM 36/4/12

c. Defence

PM 51/19B/14
PM 51/27/14
PM 51/37/14
PM 51/38/14
PM 51/39/14
PM 51/56/14
PM 51/3/15
PM 51/54/15
PM 51/59/15
PM 51/60/15

d. Governor-General's Minutes

PM 92/7/15

e. Justice

PM 120/44/15, I
PM 120/44/15, II
PM 120/44/15

f. Miscellaneous

PM 150/48/14
PM 150/50/14
PM 150/3/15
PM 150/28/15
PM 150/3/17
PM 150/5/17

g. Native Affairs

PM 155/7/14
PM 155/11/14

h. Parliament

PM 170/1/12
PM 170/2/14

i. Prime Minister's Office

PM 176/5/10

j. Provincial Council (Natal)

PM 181/2/16

k. Union, S.A. Party, Immigration

PM 220/2/10
PM 220/1/11
PM 221/1/14

ii. Semi-Official and Private Correspondence to Gen. Botha in his Capacity as Prime Minister

Dit is 'n ongeregistreerde afdeling waarvoor die afkorting OG saam met die reekskode PM gebruik is, bv. PM/OG. Die aansienlike aantal briewe wat uit hierdie afdeling gebruik is, word nie hier afsonderlik aangedui nie.

iii. Cuttings from Various Newspapers

Dit is ook 'n ongeregistreerde afdeling wat slegs met die reekskode PM gebruik is.

iv. Index Cards, Annexure F, Petitions

Ook hierdie ongeregistreerde afdeling is tot OG afgekort en saam met die reekskode PM gebruik. Dit slaan op die volgende bande:

Vols. A-B	Nos. 574-960
Vols. C-D	Nos. 961-1169
Nos. 1-330	Nos. 1170-1541
Nos. 331-573	Nos. 1542-1893

3. Archives of the Executice Council (URU)

Minutes of Executive Council 1915/1174
Executive Council Decision 1915/1746

4. Archives of the Secretaries to the Delimitation Commissions 1909 - 1929 (K.127)

File 9 : Statistics re Voters 1909-1913, Zululand, Durban

5. J.C. Smuts Papers (A1)

i. Semi-official

Vols. CX - CXIV, 1909 - 1917

ii. Private Papers

Vols. 7 - 23, 1909 - 1920

6. Thomas Boydellversameling (A75)

Files 8-11, 1910-1916
Files 24-25, 1912-1958
File 100(a), 1915

7. J.B.M. Hertzogversameling (A32)

i. Korrespondensie

Band 1, 1890-1938
Band 13-15, 1912-1915

ii. Adresse en Gedenkstukke

Band 99, 1909-1911

B. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria

1. F.V. Engelenburgversameling (A140)

i. Politieke Sake

Item 6-7

ii. Algemene en Persoonlike Sake

Item 18

2. G.S. Prellerversameling (A787)

i. Korrespondensie, Toesprake en Knipsels

Band 89-93, 1896-1919

ii. Plakboek oor Allerlei Sake

Band 102, 1910-1911

3. Geregtelike Stukke

i. Strafsake, Landdros, Johannesburg

Nr. A401/15 : Appeal No. 104
Rex vs. Daniel J. Erasmus

ii. Hooggeregshof van Suid-Afrika
Transvaalse Provinsiale Afdeling

TPD 5/77 : Orenstein-Arthur Koppel

vs

The Salamander Fire Insurance Co. Ltd.

C. Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein

1. M.T. Steynversameling

156/1/5 - 156/1/8

2. Abraham Fischerversameling

59/7/4 - 59/7/6

D. Instituut vir Eietydse Geskiedenis, UOVS, Bloemfontein

Van die onderstaande versamelings kon slegs sommige bande elk geraadpleeg word aangesien andere onttrek was vir ordening, of om ander redes ontoeganklik was.

1. E.G. Jansenversameling (PV 94)
2. M.M. Jansenversameling (PV 157)
3. Nasionale Party van Natalversameling (PV 55)

E. Killie Campbell-Africanabiblioteek, Durban

Sir Marshall Campbellversameling

F. Nieuwe Republiekmuseum, Vryheid

Enkele los stukke

OPSOMMING

Brits-Natal, wat verbete aan sy sogenaamde "picturesque individuality" en Britse identiteit vasgeklou het, het in 1910 met sterk openbaringe van teen=sin tot die Unie van Suid-Afrika toegetree. Uit vrees dat sy ware bestaan in 'n politieke eenheid met die Afrikaners van al vier provinsies bedreig sou word, het hy toegelaat dat sy Britsheid en imperiale hartstog sy politiek van die begin af bepaal. Suid-Afrika as die tuiste van 'n pas gebore nasie het slegs in soverre in sy denkpatroon gepas as wat dit gesien is as 'n verlengstuk van die "Empire", na gees en inhoud.

Hierdie houding het reeds in die beraadslaginge van die Nasionale Konvensie na vore gekom en is onderstreep deurdat Natal -- die enigste van die vier voormalige Britse kolonies -- die vraagstuk van aansluiting by die Unie in 'n referendum moes beslis. Hoewel die uitslag oorweldigend ten gunste van uniewording was, was daar 'n luidrugtige minderheidsgroep wat nie met die nuwe politieke bedeling te versoen was nie.

Om hul Britsheid te beveilig, het die Natallers in 1910 op 'n "best-men"-regering aangedring, want slegs op daardie wyse sou hulle vir hulself en hul taal- en kultuurgenote in die ander provinsies, politieke medeseggen=skap met die getalsterker Afrikaners kon verseker. Die verwerping van hul eise en hul eie partypolitieke onervarendheid het hulle wars gemaak van same=werking met die hoofpartye buite Natal, en in die proses het hulle 'n bra lagwekkende partypolitieke onbeholpenheid aan die dag gelê.

Nòg Natal se 17 Volksraadslede, nòg sy lewendige pers kon daarin slaag om onderlinge politieke eensgesindheid te skep, want hulle kon hulself nie red van die Bothaïste, Unioniste, Onafhanklikes en Arbeiders nie, wat almal 'n mate van steun geniet het. 'n Vyfde groep het in 1913 die Federal League gestig en daarmee uiting aan 'n afskeidingsdrang gegee wat Natal se politiek tot in die vroeë sestigerjare sou aankleef.

In hul politieke onmag het hulle, veral onder aanstigting van koerante soos The Natal Witness en The Natal Advertiser, hatig teen die Afrikaner te velde getrek, wat hulle as agterlik beskou en op wie se taal en kultuur hulle neer=gesien het. Genl. J.B.M. Hertzog was vir hulle die toonbeeld van dit wat hulle in die Afrikaner nie kon verdra nie -- sy hardnekkige aandrang op die behoud en uitbouing van sy eie, pleks van voor die almagtige Britse kultuur te buig. Op hom en "Hertzogisme" het hulle hul pyle afgeskiet in 'n poging om albei te vernietig.

Dit het die teenoorgestelde reaksie uitgelok, want Hertzog het vurige aan= hangers onder die Natalse Afrikaners gehad. Selfs leidende persoonlikhede, soos adv. E.G. Jansen, wat hart en siel ten gunste van die volkseenwording van Engelsman en Afrikaner was, het hom onder die Engelse aanslae by Hertzog geskaar. Saam met manne soos J.J. Müller en Adrian I.J. Nel het hy gehelp om die vaandel van die Nasionale Party in Natal te plant, en sodoende die eerste skote in die oplaaiende stryd tussen Afrikanernasionalisme en Britse imperialisme afgevuur.

Dit was 'n stryd waarvan die kiem voor uniewording aanwesig was en wat na die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog op sy felste gewoed het. Terwyl die Afrikanerminderheid nog onderling verdeel was in sy lojaliteit aan genl. Louis Botha en Hertzog, is die Engelse meerderheid van Natal die eerste keer sedert uniewording in 'n hegte imperiale bondgenootskap saamge= snoer wat 'n klinkende oorwinning in die algemene verkiesing van 1915 behaal het.

So het die eerste kragmeting tussen die twee botsende vorme van nasionalisme, soos verteenwoordig deur Afrikaner en Brit, in 'n neerlaag vir eersgenoemde geëindig. Die stryd sou egter voortduur.

Terwyl Engelsman en Afrikaner kragte gemeet het, het die Swartman buite die ligkring gestaan, en daar wou hulle hom hou; want, al het hulle onderling gestry oor wie die Blanke baas in die land sou bly, was hulle dit oor een ding hartgrondig eens: die Witman sou sy baasskap oor die Swartman behou. Nòg die een, nòg die ander het sy Swart buurman liefgehad.

U.O.V.S. - U.O.F.S.
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY

SUMMARY

British Natal, clinging desperately to her socalled "picturesque indivi= duality" and British identity, entered Union in 1910 with strong indications of reluctance. Fearing that her very existence might be endangered in a political union with the Afrikaners of all four provinces, she allowed her politics to be dictated by her Britishness and her imperial passions. South Africa as the home of a new-born nation entered into her frame of mind only in so far as it was seen as an extension of the Empire, in body and spirit.

This attitude already became evident at the time of the National Convention and was further stressed by Natal -- the only of the former British colonies -- having to put the question of entering Union to the vote in a referendum. Although the outcome was overwhelmingly in favour of Union, there remained a vociferous minority unreconciled to the new political developments.

To safeguard their Britishness in the Union the Natalians demanded a best-men form of government in 1910, for in that way alone would they secure for themselves and their compatriots in the other provinces political co-part= nership with the numerically stronger Afrikaners. The rejection of their demands, together with their political inexperience, made them reluctant to join the political parties formed outside Natal. Consequently they bungled along rather foolishly.

Neither Natal's 17 Members of Parliament, nor her lively Press, could succeed in creating some kind of local party political unity, for they failed to salvage themselves from the ranks of the Bothaists, Unionists, Independents and Labourites-- all of whom received a measure of support. To these four was added a fifth group with the formation of the Federal League in 1913, the outward expression of a desire to secede that was to haunt Natal politics until the early sixties.

Instigated by newspapers like The Natal Witness and The Natal Advertiser they compensated for their political incapacity by a malicious campaign against the Afrikaners, whom they regarded as backward and whose language and culture they despised. In Gen. J.B.M. Hertzog they recognised the living symbol of all that they found hateful in the Afrikaner: his strong-minded insistence on maintaining and developing his own heritage, rather than to submit to the all-powerful British culture. On him and "Hertzogism" they vented their wrath in an attempt to destroy both.

However, their attack had the opposite result, for Hertzog enjoyed strong support among the Natal Afrikaners. Even leading personalities, like Adv. E.G. Jansen, an enthusiastic supporter of the co-mingling of Afrikaner and Englishman, revolted under the constant attack and became an upholder of the Hertzog faith. Together with men like J.J. Müller and Adrian I.J. Nel he helped in hoisting the standard of the National Party in Natal, thereby firing the first shots in the erupting battle between Afrikaner nationalism and British imperialism.

Present in embryo form at the time of Union, this struggle became vicious at the outbreak of the Great War. While the Afrikaner minority remained divided in its loyalty to Gens. Louis Botha and Hertzog, the English majority of Natal found itself for the first time since Union forged into an imperial partnership that scored a resounding victory at the polls in 1915.

Thus the first trial of strength between the two different brands of nationalism, as represented by Afrikaner and Britisher, ended in a defeat of the former. But the struggle was to continue.

While Englishman and Afrikaner were having their tug-of-war, the Blacks were sitting on the sideline; for, although the two White sections were furiously fighting for political mastery among themselves, they were heartily in agreement that White supremacy was to be maintained at all cost. Neither of the two had any love for their Black neighbour.